

Afrikaans hoort by Nederlands

Ons Afrikaanse taalverdriet



Petrus van Eeden

DANKBETUIGING

Hiermee wil ek my opregte dank betuig aan die *Vrije Universiteit Brussel*, wat my in die geleentheid gestel het om in Vlaandere te kon studeer. Aan alle dosente van die departement Nederlands, my opregte dank vir hul bydrae tot my opleiding. Hul warm en entoesiastiese belangstelling in die heil van hul taalgenote in Suid-Afrika sal my altyd bybly.

Ook wil ek drs. G.A.J. Hoppenbrouwers bedank vir die gebruik van sy programmatuur, asook sy hulp en advies.

In die besonder wil ek professor R. Willemyns bedank vir sy professionele en wyse leiding as my promotor vir my Lisensiaatverhandeling. Sy warme, deeglike en onbaatsugtige hulp was my 'n onvergetlike bron van inspirasie. ('n Gedeelte van hierdie boek het hy dus onder oë gehad, as deel van my Lisensiaatverhandeling)

Laastens wil ek prof. J.C. Steyn ook bedank vir sy hartlike meelewing aan my werk asook sy besonder waardevolle positiewe kritiek en advies. Sonder sy advies sou die werk ongetwyfeld armer gewees het.

Ek dank u.

*Opgedra aan my vrou Emma
en ons seuns Kobus en Simon.*

*Hoe cond ick U mijn broeders oyt vergeten
daar wij toch zijn in eenen stronck gheplant.*

Marnix van Sint-Aldegonde

Voorwoord

Die vonk vir hierdie werk ontspring uit die taalverrassing wat my getref het met my aankoms in Vlaandere gedurende September 1991. Ek was op twee maniere verras: Ten eerste het ek die standaardtaal in Vlaandere ervaar as klinkende soos Afrikaans, maar wat Nederlands genoem word; ten tweede het ek 'tale' gehoor wat my soos Frans of Duits geklink het, maar wat ek later ook moes verneem, Nederlands heet.

Hierdie werk is dan ook 'n soort van weerspieëeling van my ervaring in Vlaandere, waar ek onherroeplik tot die besef gekom het dat ons volledige afskrywing van Nederlands en die opheffing van die sinonimiteit van Afrikaans en Nederlands ons in geen enkel oopsig tot voordeel gestrek het nie, intendeel. Tot hierdie besef sou ek nooit gekom het indien ek nie in Vlaandere sou gewoon het nie. So was ek onder andere die afgelope aantal jare, die meeste verras deur Afrikaners wat ek persoonlik en ook oor die televisie Nederlands hoor praat het. Ek het self ervaar, dat indien ek op versoek van vriende of familie in Suid-Afrika, 'n bietjie Nederlands moet praat sodat hulle van die andersheid kan geniet, die teleurstelling altyd duidelik op die toehoorders se gesigte af te lees was. Die Nederlands uit die mond van 'n Afrikaner, veral nog met Vlaamse Nederlands as model, klink soos Afrikaans. Dit is presies waaroor ek dit dan ook het. Nederlands uit die mond van 'n Afrikaner wil vir 'n mede-Afrikaner maar net nie soos Nederlands klink nie. Die gemiddelde Afrikaner meen dat Nederlands heel ver van Nederlands verwijder is. Die kloof tussen 'Afrikaans' en Nederlands was immers teen die einde van die vorige eeu al so groot dat daar 'duidelik' sprake was van 'n nuwe taal: Afrikaans. So het ek dit vir twaalf jaar op skool moes leer, en so het ek telkens wanneer ek die taalmonument in die Paarl met groot trots besoek het, gedink en geglo.

Nadat ek vir ongeveer een jaar in Vlaandere gewoon het, het die nuutheid van Afrikaans my nie meer so nuut voorgekom nie. Die taaldiversiteit in Vlaandere is enorm groot. Hier word geen betreklik eenvormige spreektaal gebruik soos in Suid-Afrika nie. Sommige dialekte is vir ander dialeksprekers **geheel onverstaanbaar**. My vraag was dan ook voortdurend, dat as die taalverskeidenheid so enorm is, of Afrikaans dan nie as een van hierdie talryke dialekte van Nederlands sou kon deurgaan nie.

In die eerste gedeelte van die werk spits ek my toe op die linguistiese terrein, meer bepaald die dialektologie, waar ek aantoon dat Afrikaans nie so ver van Nederlands afwyk as sommige Nederlandse dialekte nie, en daarom nie 'n aparte taal behoort te wees nie. In die res van die werk spits ek my toe op die sosiolinguistiese terrein, waarin ek aantoon dat die omstandighede wat aanleiding moes gee tot die ontstaan van Afrikaans, nie so uniek was as wat algemeen aanvaar word nie. In die laaste gedeelte dui ek op die verdriet wat ons onsself toegebring het met die volledige vervanging van Nederlands deur Standaardafrikaans as ons kultuurtaal.

Hierdie werk is geen dieptestudie nie, en dit was ook nooit die bedoeling gewees nie. Dit is bloot 'n terreinverkenning. Die uiteindelike bedoeling is eerder om die gemiddelde persoon bewus daarvan te maak dat taalskeiding tussen Nederlands en Afrikaans vir ons meer verdriet inhoud as enige heil.

Petrus Paulus van Eeden
Julie 1995,
Tervuren, Vlaandere.

INHOUDSOPGawe

DIE LINGUISTIESE AFSTAND TUSSEN NEDERLANDSE VARIËTEITE	1
Die Berekening van Linguistiese Afstand tussen Variëteite	6
DIE TAALPROBLEMATIEK UNIEK IN SUID-AFRIKA?	10
Nederlands in Suid-Afrika	10
Nederlands in België	31
Nederlands in Suriname	63
Quebek	67
Amerikaans	77
Brasiliaans	84
Duits in Amerika	87
Jamaika en Haïti	91
Noors	92
Luxemburg	94
Swahili	96
Gevolgtrekking	96
DIE AFRIKAANSE BEWEGING ONDER DIE LOEP	99
Die 'Kunsmatige' en 'Onnatuurlike' Nederlands	99
Die Kloof tussen Spreek- en Skryftaal	100
Nederlands te Moeilik?	109
Die Engelse Oorspoelingsgevaar	112
DIE MAAKPROSES VAN AFRIKAANS	115
Die Afrikaanse Beweging Buite Beheer?	126
REDES WAAROM AFRIKAANS AS STANDAARDTAAL VERRYS HET	133
Nasionalisme	133
Outonomie en Eie Identiteit	139
Geen Stedelike Bevolking en Klein Elite	143
Lae Skoling	144
Romantiek	147
DIE TWEE LESSE	149
Standaardtaal en Dialek	149
Eentalige Gebiede	158
TAAL EN KULTURELE BEDREIGING	168
Die Tweetaligheid van die Afrikaanstalige	168
Die Afrikaner Hoef Niks te Vrees Nie?	172
Amerikaanse Kultuur	173
DIE VERHOUDING TUSSEN NEDERLANDS- EN AFRIKAANSTALIGES	180
PLURISENTRISITEIT VAN TALE	189
DIE GEVOLGE VAN DIE AFSKRYWING VAN NEDERLANDS	191
SLOTOPMERKINGE	203
'N OMMESIENTJIE	210
BIBLIOGRAFIE	211

DIE LINGUISTIESE AFSTAND TUSSEN NEDERLANDSE VARIËTEITE

Inleiding

Brinkman en Uys (ongedateerd:7) het 'n boek geskryf waarin die verskille tussen Afrikaans en Nederlands aan die Nederlandse publiek uitgelê is. Die outeurs beweer daarin dat Afrikaans en Nederlands totaal los van mekaar staan, maar erken ten minste dat "(H)oewel Afrikaans voor vele Nederlanders begrijpelijker zal zijn dan sommige Nederlandse dialecten, kan het toch niet als een soort dialect, of als een variant van het Nederlands beschouwd worden. Het staat heel los van het Nederlands, is een zelfstandige cultuurtaal en fungeert in een geheel andere samenleving en cultuursituatie."

Bovermelde stelling is 100% juis. Maar dit is natuurlik nie uniek nie. Amerikaanse Engels fungeer ook in 'n heel ander kultuur as die taal in Brittanje. Tog praat die inwoners van beide lande 'n onderling verstaanbare taal, wat hulle Engels noem. So fungeer Engels, Frans en Portugees in Afrika ook in 'n heel ander kultuursituasie, maar dit maak steeds deel uit van die ruimer taalgebied. Brinkman & Uys (ongedateerd:7) skryf verder: "Omdat de verwantschap en overeenkomsten tussen het Nederlands en het Afrikaans zo groot zijn, hoeft een Nederlander maar weinig moeite te doen om over de drempel van de aanvankelijke vreemdheid die het Afrikaans oplevert, heen te komen en het in ieder geval gemakkelijk te kunnen lezen." As Afrikaans so maklik verstaanbaar vir die Nederlandstalige is, en Nederlands ook ewe goed verstaanbaar is vir die Afrikaner, kom die vraag natuurlik op wat die gewig van die waarde is wat geheg word aan begrippe soos dialek en standaardtaal. So beweer Francescato: "Dialects do not belong to a language, they are a language" (Goossens 1977:31). Amptelik is Afrikaans en Nederlands twee tale; twee standaardtale. Wanneer ek as Afrikaanstalige 'n Limburgse dialek en 'n Wesvlaamse dialek sou aanleer, het ek nie 'n drietalige persoon geword nie, al het die aanleerproses my hoeveel inspanning gekos. Hoe irrasioneel dit ook mag klink moet ek my as 'n tweetalige persoon beskou wanneer ek Standaardafricaans en Standaardnederlands ken. Irrasioneel, omdat 'n mens ook lank sal moet soek na 'n Afrikaanstalige wat Nederlands volmaak beheers, en die persoon hom/haarself dan as tweetalig sal gaan beskou.

Die belangrikste argument wat die voorstanders van die Afrikaanse standaardtaal aangevoer het, was dat Nederlands in Suid-Afrika so ver van Europese Nederlands begin afwyk het, dat dit duidelik was dat 'n nuwe taal in Suid-Afrika ontwikkel het. Hierdie taalkloof was dan as so groot beskou dat die omgangstaal van die Afrikaner nie eens as 'n dialek van Nederlands kon deurgaan nie. Was die kloof werklik so groot? Wanneer is taal taal en wanneer is hy dialek? Hoe staan Afrikaans in sy verhouding tot Nederlands, en sou 'n mens vandag kon beweer dat Afrikaans 'n dialek van Nederlands is? Hoe ver moet 'n bepaalde taalvariëteit nou eintlik van 'n bestaande standaardtaal begin afwyk, voordat die nodigheid ingesien word om die betrokke variëteit te standaardiseer? In die loop van die werk sal antwoorde op die vroeë duideliker word.

In Europa word daar in die gewone spreektaal duidelik onderskei tussen wat *taal* en wat *dialek* is. By taal word die standaardtaal bedoel, en by dialek die omgangstaal van 'n bepaalde streek. In die taalkunde is die begrippe iets moeiliker definieerbaar. Hoppenbrouwers (1990:13) laat hom soos volg oor die begrippe uit: "In Taalkundig opzicht blijkt dit een weinig verhelderende tegenstelling te zijn, die bovendien aanleiding geeft tot allerlei misverstanden. Nemen wij een bekend voorbeeld: terwyl het Fries een taal word genoemd, is het Gronings voor veel mensen 'maar' een dialect.

Vraag ze overigens niet om een min of meer samenhangende toelichting te geven bij dit verschil. Felle emotie zijn eerder te verwachten dan een evenwichtig betoog." Hierdie aanhaling bring ons uit by die belangrike aspek van verskil tussen taalvariëteite.

Volgens Hoppenbrouwers (1990) is Fries wat amptelik 'n standaardtaal is, nie so ver verwyder van Standaardnederlands as wat die Groningse dialek daarvan verwyder is nie. Dit hou dus in dat Gronings eerder 'n taal moes gewees het, en Fries dialek!¹ Van der Plank (1971:66) skryf: "Voor de sprekers van het Gronings dialekt is het Nederlands de kultuurtaal, hoewel deze kultuurtaal op een dialektenbasis is ontstaan waarvan het Gronings nauwelijks deel uitmaakte. Over de rijksgrens van de Groningse provincie spreekt men Oostfries, een dialekt dat weinig afwijk van het Gronings. Toch is de kultuurtaal voor de Oostfriezen niet Nederlands maar Hoogduits." Fries was volgens Heeroma (1963) gedurende die agste en negende eeu, ten noorde van die groot riviere² die heersende taal, asook die noorde van Duitsland tot aan die Deense en Wesslawiese grensgebied.³ Dit sou dus beteken dat die hele noordooste van Nederland Friestalig moes wees -in werklikheid byna die hele Nederland. Vandag word Fries alleen in die noorde van Nederland gebruik.⁴ As Fries dan nou so ver van Nederlands 'afwyk' dat dit nodig geag is om daarvan 'n kultuurtaal te maak, dan moes ten minste Gronings ook daarby behoort het. Groningen is immers verder van die Hollandse sentrum verwyder as Friesland, en dus minder deur Hollands bestraal, en lê Groningen tussen Wes- en Oos-Friesland. (Vergelyk die argumente van Heeroma (1963) en Hoppenbrouwers (1990) in hierdie verband.) Vandag egter is Gronings 'n Nederlandse dialek, en maak deel uit van die Nederlandse taalgebied.

Vir 'n leek is dialektiese taalgebruik dikwels verkeerde of foutiewe taal. Dit word dikwels as bloot afwykende taal van die standaardtaal beskou. Tot onlangs nog het Nederlanders dialektes beskou as 'sleg uitgesproke Hollands' (Daan 1991:565). Dit is egter onjuis. 'n Dialek is 'n volwaardige taalsisteem, en skryf Hoppenbrouwers (1990:15) dat dialektes dikwels eeue lank volwaardige en selfstandige taalsisteme was, waarvan die gebruik beperk was tot mondelinge kommunikasie van die geslote groep. Die dialek is dus die taal van die betrokke gemeenskap. Met die verbetering van kommunikasie en vervoer het al meer dialeksprekers met mekaar in aanraking gekom, en het die dialektes mekaar onderling begin beïnvloed. Met die verbetering van welvaart en die opkoms van nasionale state, het dialektes onder meer druk te staan gekom. Die welvarendste dialekgroepes het aansien in bepaalde gebiede begin kry, wat veroorsaak het, dat die daarnaasliggende dialekgroepes hul eie dialek daarmee laat assimileer het, en die dialek van die welvarende groep oorgeneem het. Nie net welvaart alleen nie, maar ook politieke en militêre mag het die assimilasie-proses aangehelp. Hierdie aanvaarding van een dialek, wat later kultuurtaal van die hele gemeenskap word, en is 'n ontwikkelingsproses wat oor 'n tydperk van eeue strek.

¹D.w.s. as linguistiese afstand, of die kloof tussen variëteite as norm moes dien

²Die Maas- en Rijnriviere.

³Fries van die 8ste en 9de eeu is dus ook gebruik in 'n gebied waar vandag 'Laagduits' of 'Platduits' gepraat word

⁴In Duitsland, teen die grens met Nederland word dus ook Fries gepraat, as 'n Duitse dialek, asook in die suide van Denemarke, as 'n Deense dialek. Wat die huidige Fries (standaardtaal) betref wil ek die standpunt van prof. C. Peeters (*Vrije Universiteit Brussel*), aanvaar, naamlik dat Fries geen Fries meer is nie, maar Hollands met Friese kenmerke.

Die skerpste verskille tussen dialekte is die duidelikste waar geografiese hindernisse kommunikasie-buffers gevorm het tussen bepaalde taalgemeenskappe. Maar nie net geografiese hindernisse lei tot taalverskille nie, soos blyk uit die volgende sitaat: "In fact, political and social, and to some degree literary, affiliation may create supposed language boundaries where no real ones exist" (Francis 1983:2). Francis verwys hier na taalverskille wat daar tussen Engeland, Ierland, Wallis en Skotland bestaan. Hy redeneer dat hooggeskoolde persone oral in Engeland 'n eensoortige taal praat, en as dit in Engeland so kon ontwikkel, waarom is hierdie eensoortigheid dan beperk tot Engeland? Waarom klink die Engels net oor die Engelse grens met Skotland, uit 'n hooggeskoolde Skotse mond anders, terwyl oral in Brittanje Engels as kultuurtaal gebruik word. As eenvormigheid in Engeland bereik kon word, kon die eenvormigheid dus ook oor die grense van Engeland gestrek het, maar dit het nie gebeur nie. Volgens Francis is dit omdat die Skotte en Walliesers presies nie soos die Engelse **wil** praat nie. Hierdie vrywillige begeerte om 'n afstand te skep met 'n verwante of dieselfde taal in 'n ander taalgemeenskap sal later helderder uitstaan.

Dialekte binne 'n bepaalde gebied is nie altyd onderling verstaanbaar nie. Dialekgroepe wat nie geografies aan mekaar grens nie, het probleme om mekaar te verstaan. 'n Wesvlaming verstaan 'n Limburger nie.⁵ Tog behoort beide die dialektes tot die Nederlandse kultuurtaal. Oor Nederlands in Frans-Vlaandere⁶ skryf Pée (1971:60): "Het dialect dat in Frans-Vlaanderen wordt gesproken is voor een Nederlander even vreemd als het Deens of het Spaans." Dat 'n Afrikaner 'n dialekspreker in Vlaandere of Nederland nie mag begryp nie, is normaal. Aangesien die Afrikaner nooit aan Standaardnederlands blootgestel word nie, mag hy selfs daarmee verstaansprobleme hê, wanneer hy dit die eerste keer hoor. Dit wil nog nie sê, dat as die Afrikaner 'n Nederlandstalige by die eerste ontmoeting nie goed begryp nie, hy nou by 'n 'ander' taal uitgekom het nie.

Die diversiteit onder Nederlandse dialektes is veel groter as wat menige Afrikaanstalige glo.⁷ Die sinnetjie *ons ou huis* klink in die gesproke taal volgens De Vries e.a. (1994:181) as volg:

Dorp/Stad	Provinsie	Ons ou huis
Edam	Noord-Holland	ons ouwe huis
Koudekerk	Suid-Holland	ons ouwe huis
Vlissingen	Zeeland	ons oud uus
Diksmuide	Wes-Vlaandere	uus oed uus
Ghyvelde	Frans-Vlaandere	nuus oed uus
Wetteren	Oos-Vlaandere	ons aaj eus
Turnhout	Antwerpen	ons aad oos
Vilvoorde	Brabant	ons aad òòës
Helvoirt	Noord-Brabant	ongs au huis

⁵So sit ek onlangs tussen 'n groepie Antwerpenare in die sitkamer van 'n boerewoning in Wes-Vlaandere. Een van die Antwerpenare sê toe aan 'n ander een, dat sy die Wesvlaminge wat daar in die kombuis onderling met mekaar staan en praat hoegenaamd nie verstaan nie, al span sy alle kragte in. Antwerpen lê maar ongeveer in die middel van Vlaandere en sal Limburgers in die weste, van Wesvlaams nog minder verstaan.

⁶Vlaandere het 'n deel van sy grondgebied in 1678 permanent afgestaan aan Frankryk, met die stede Hazebroek, Belle, Kassel, en Duinkerke (Vercoullie 1925:67), en is Nederlands vandag in die gebied aan 't uitsterf.

⁷Dit is om hierdie rede dan ook jammer dat so weinig Afrikaners in Vlaandere en Nederland studeer, terwyl die stroom na Angel-Saksië so groot is. Die bietjie Afrikaners wat nog in die Nederlande gaan studeer, kies dan universiteite uit in die Randstadomgewing, waar hulle nooit werklik 'n gevoel van taaldiversiteit ervaar nie. Die uithoek van die Nederlandse taalgebied bly ook vir selfs hierdie studente verborge.

Bree	Belgies-Limburg	oos aud oes
Heerlen	Nederlands-Limburg	oos ood hoes
Doorn	Utrecht	ons ouwe huis
Beekbergen	Gelderland	ons ouwe huus
Kampen	Overijssel	oos olde huus
Dalen	Drenthe	oes ole hoes
Bierum	Groningen	oons ool hoes
Westkapelle	Wes-Vlaandere	ons oed uus
Sluis	Zeeland	ons oed uus
Essen	Antwerpen	ons ouw eus
Nispenn	Noord-Brabant	ons ouw eus
Lommel	Belgies-Limburg	ons aut oes
Luik	Noord-Brabant	ons aut hoes

Wat is 'n Nederlandse dialek?

Volgens Daan (1992:158) is 'n dialek die volgende: "Een dialect is volgens taalkundige opvattingen een taalvariëteit die zich ontwikkeld heeft uit een taalvoorouder en een volledige taal is, en volgens sociale opvatting een taalvariant die op sociale gronden als minder bruikbaar of minder aanvaardbaar beschouwd wordt dan de officiële, algemene taal, die in het openbaar verkeer en in het onderwijs wordt gebruikt: het vroegere ABN, Algemeen Beschaafd Nederlands, of AN, Algemeen Nederlands, of tegenwoordig bij voorkeur genoemd Standaard-Nederlands."

'n Definisie van wat Nederlandse dialekte is, is op suiwer linguisties gebied nie haalbaar nie, maar op sosiolinguistiese gebied wel. Volgens Goossens (1968:21), is Nederlandse dialekte, dialekte wat aan die Nederlandse kultuurtaal verwant is, en gepraat word binne 'n gebied waar geen enger verwante taal die rol van kultuurtaal vervul nie, maar sluit ook aangrensende gebiede in, waar Nederlands-verwante dialekte gepraat word, sonder 'n méér verwante kultuurtaal. Volgens hierdie definisie is die Vlaamse dialekte wat in die noorde van Frankryk gepraat word, dus Nederlandse dialekte. Die Nederduitse dialekte wat binne die grense van Duitsland val, is dus ook Nederlandse dialekte. Om van hierdie glibberige terrein af te kom het Goossens (1977:26) sy definisie gewysig, en lui dit as volg: die Nederlandse dialekte, is die dialekte wat aan Nederlands verwant is en gepraat word waar Nederlands, *en geen ander verwante taal nie*, die rol van kultuurtaal vervul. Dit beteken nou dat die Nederduitse dialekte wat in Duitsland val, Duitse dialekte is, en die Vlaamse dialekte in Frankryk nie Nederlandse dialekte is nie, maar Franse dialekte. Volgens die definisie van Goossens (1977) beteken dit dat die huidige Afrikaans in Namibië nie as Afrikaanse dialekte bestempel kan word nie, maar as Engelse dialekte. Hoe dit ook sy, tot en met 1925 (of 1983?) was Nederlands 'n kultuurtaal in Suid Afrika, en die ander verwante variëteite, Nederlandse dialekte op grond van die definisie van Goossens.

Wanneer het 'n nuwe taal ontstaan?

Wanneer ons van twee aparte tale praat, moet die twee tale tog duidelik van mekaar onderskei kan word. Dit is maklik om Zoeloe en Portugees as twee tale te sien, maar is Amerikaans en Engels een of twee tale? Is Negerengels nog Engels, ten spyte van sy drastiese grammatikale vereenvoudiging? Wanneer mens wil beweer dat Amerikaans en Engels een of twee tale is, moet 'n

mens dit dan probeer bewys deur leksikale ooreenkomste of verskille? Moet 'n mens soek na sintaktiese, of morfologiese, of fonologiese ooreenkomste of verskille?

Fasold (1984) noem dat daar 'n glibberige stelling bestaan, dat 'n taal 'n standaardtaal is wanneer die sprekers van die taal oor 'n weermag en 'n vloot beskik. Daan (1991:563) skryf dat daar dikwels gesê word dat 'n taal oor 'n weermag en 'n regering beskik, en 'n dialek nie. Hiermee word egter volgens Daan bedoel, dat 'n taal 'meer' en ook 'ampteliker' funksies het as 'n dialek.

Die tydstip waarop 'n dialek 'n taal word is op linguistiese vlak nie haalbaar nie. Die enigste manier om so 'n tydstip aan te dui is 'n sosio-politieke besluit. Indien Vlaandere sou besluit dat Vlaminge vanaf 1 Januarie 2000, nie meer Nederlands praat nie maar Vlaams, dan is dit so. Al sou daar geen wesenlike taalonderskeid wees tussen die van Vlaminge en Nederlanders nie. Vanaf 1 Januarie 2000 sal Nederlands dan geen kultuurtaal in Vlaandere wees nie (as die nuwe standaard die vorige standaard vervang). Die definisie volgens die sosiolinguistiek is dus 'n onlogiese definisie, maar hierdie onlogiese definisie is juis die harde werklikheid.

Dit beteken dat Afrikaans op 7 mei 1925 'n dialek van Nederlands was en op 8 Mei 1925 geen dialek meer nie, maar 'n nuwe taal. Oranjerivierafrkaans en Kaaps-Afrikaans wat vroeër dialekte van Nederlands was, is nou dialekte van die Afrikaanse standaardtaal. Maar hiermee is ook nie alles gesê nie. Standaardafrikaans het Standaardnederlands nie gedurende 1925 vervang nie (dit sal later duideliker blyk). Afrikaans en Nederlands is gedurende 1925 bloot amptelik gelykgestel. Dit hou in dat die 'Afrikaanse' variëteite in Suid-Afrika ook as Nederlandse variëteite beskou sou kon word, na die invoering van die Afrikaanse standaardtaal. Hoe dan ook, 'n taal word 'n taal wanneer die inwoners van 'n bepaalde land so 'n besluit neem, ongeag of so 'n besluit logies of onlogies is.

Die taalkundige ooreenkomste tussen twee variëteite of tussen twee standaardtale is ook nie sommer weg te gooie nie. Tussen Afrikaans en Nederlands is die linguistiese ooreenkoms steeds enorm groot. Hierdie verwantskap tussen die twee tale word egter bepaal deur houdings en persepsies. In die verband skryf Geerts (1989:523) dat indien iemand twee taalvariëteite as een taal beskou, dit so is. Iemand wat twee variëteite as twee tale beskou is dan ewe korrek. As Afrikaners glo dat Afrikaans 'geen' verwantskap met Nederlands het nie, dan is dit die werklikheid. Hierdie geloof of persepsie word egter dikwels alleen op blindelingse emosie gebou. Wanneer ek die Nederlandse standaardtaal ken, maar ook Afrikaans magtig is, sien ek my hoegenaamd nie as tweetalig Afrikaans-Nederlands nie. Ek bly 'n eentalige iemand. Vir 'n ander Afrikaner is Nederlands egter net so goed Frans of Russies. 'n Groot rede vir die wangeloof is blootstelling. Die Afrikaner hoor nooit Nederlands nie. Maar elke Afrikaner wat ongeveer 'n maand in Vlaandere of Nederland is, verstaan Nederlands volledig sonder om 'n enkele taalles te gevog het. Die Afrikaner wat glo dat Nederlands en Afrikaans min ooreenkomste toon, se geloof word versterk wanneer hy nooit aan Nederlands blootgestel word nie, en hy die taal dan vir die eerste keer hoor. Die andersoortigheid val dan skerp op, afhangende van wie die Nederlandstalige is, en in hoe 'n mate die persoon die standaardtaal beheers. Hoe langer die Afrikaanstalige egter aan Nederlands blootgestel sou word, hoe minder val die verskille op, en hoe duideliker word die ooreenkomste.

Omdat die voorstanders van taalskeiding hul bewyse uit die linguistiek haal, (deur slegs klem te lê op die verskille tussen twee variëteite en die ooreenkomste te vergeet) wil ek, wat taaleenheid voorstaan, voorlopig ook op linguistiese terrein bly (en taalverskille sowel as taalooreenkomste in ag neem). Dit is nie onbegaanbare terrein nie. So 'n aanduiding kan meer ligwerp op die rasionaliteit, nodigheid en sinvolheid, rond taalskeiding. Vir 'n oomblik laat ek taalsosiologiese en taalpolitieke aspekte buite beskouing en vergelyk ek 40 variëteite met Standaardnederlands, op grond van hul taalhistoriese verbintenis.

Die Berekening van Linguistiese Afstand tussen Variëteite

Gedurende die einde van die vorige eeu het taalgeograwe hulle besig gehou met die klassifikasie van dialekte en die ontwerp van indelingskaarte, waar veral van tipologiese ooreenkomste en verskille uitgegaan is, waar ook aspekte van onderlinge verstaanbaarheid, taalbesef en taalwil in ag geneem is. Die berekening van linguistiese afstand tussen variëteite word volgens Hoppenbrouwers (1990:19) in die jongste tyd al meer gebruik. Hierdie tegniek kom dan ook die nouste ooreen met die struktuurgeografiese metode (vergelyk Goossens 1977:168). Die tegniek van Hoppenbrouwers is gebaseer op die frekwensie van fonologiese kenmerke in elke variëteit.

Die Featurefrekwensiemetode (FFM)

Die tegniek van Hoppenbrouwers (C. en G. 1988) sal ek kortliks skets, vir 'n meer en duidelik uiteengesette verduideliking van die werking van die program verwys ek u na die outeurs. 'n Rekenaarprogram⁸ vir die FFM berekening is deur dié outeurs ontwikkel. Die program bereken vir 'n willekeurige aantal variëteite, die relatiewe frekwensie van die fonologiese kenmerke. As invoer, word tekste gebruik in fonetiese skrif, een teks vir elke dialek wat betrek word, asook 'n matriks met kenmerkspesifikasies van alle gebruikte fonetiese tekens. Die berekende waarde word dan weergegee in die vorm van 'n FF histogram, met stawe vir elke kenmerk. Die hoogte van elke staaf is daarby eweredig aan die relatiewe frekwensie van die korresponderende kenmerk. So is byvoorbeeld, die lengte van die staaf vir die kenmerk (vokalies) in die featurefrekwensiehistogram gelyk aan die som van die frekwensies van alle fone wat positief gemarkeer is vir dié kenmerk (vokalies). Dit sal duidelik blyk dat die FFM, die paar *pater-vader* op grond van die aanwesige gemeenskaplike kenmerke, as meer verwant aantoon, as die paar *pater-maler*.

Die rekenaarprogram wat vir die gegewe tekste FF-histogramme bereken, vereis 'n kenmerkmatriks om die kenmerke van alle voorkomende foneme aan te meet. By die opstel van die matriks het Hoppenbrouwers gebruik gemaak van die SPE-sisteem van Chomsky & Halle (1968): *The sound pattern of English*. Uiteindelik word dus twee lysse gegewens ingevoer: 'n kenmerkmatriks en 'n lys met al die verskillende dialekte in fonetiese skrif.

By die ondersoek is gebruik gemaak van die gegewens uit die "Reeks Nederlandse Dialect-Atlassen" (RND), wat gegewens bevat, wat op byna 2000 plekke in Nederland en Vlaandere versamel is. Die items, wat veral bestaan het uit sinne in Standaardnederlands, moes deur informante in hulle plaaslike dialek vertaal word, waarna dit in fonetiese skrif vasgelê is.


⁸Die nodige programmatuur (op MS-DOS) kan van die outeur: Drs G.A.J. Hoppenbrouwers, verkry word te: Rijkshogeschool Maastricht, Postbus 964, NL - 6200 AZ Maastricht, Nederland.

Hoppenbrouwers het 'n eie transkripsie van Standaardnederlands as invoer gebruik, en het ek 'n transkripsie van Standaardafrikaans as invoer gebruik.

Nadat FF-histogramme bereken is vir elke variëteit, is 'n korrelasie bereken tussen alle moontlike pare. Deur een spesifieke dialek as uitgangsdialek te neem word die orige aantal dialekte georden, op grond van hul korrelasie met die uitgangsdialek. As vertrekpunt vir die doeleindeste van hierdie studie, het ek Standaardnederlands geneem.

In onderstaande figuur is aangetoon hoe 40 dialekte korreleer met Standaardnederlands as vertrekpunt. Elke ander dialek kan natuurlik ook as vertrekpunt gebruik word. So kan dan 41 lyste gegenereer word, met elke keer 'n ander dialek as vertrekpunt. Standaardafrikaans is 23 ste, en is dus digterby Standaardnederlands as 18 ander dialekte.

1	Nederlands	1.00000	22	Aalten	0.99170
2	Haarlem	0.99860	23	Afrikaans	0.99162
3	Bodegraven	0.99773	24	Geerardsbergen	0.99123
4	Barendrecht	0.99756	25	Tubbergen	0.99106
5	Heerhugowaard	0.99722	26	Hindeloopen	0.99068
6	Enkhuizen	0.99704	27	Genemuiden	0.99062
7	Houten	0.99620	28	Grouw	0.99001
8	Sprundel	0.99542	29	Holwerd	0.98958
9	Hulst	0.99478	30	Beilen	0.98942
10	Valkenswaard	0.99431	31	Schaffen	0.98942
11	Zoersel	0.99363	32	Oldeberkoop	0.98850
12	Arnemuiden	0.99355	33	Bree	0.98690
13	Zetten	0.99299	34	Muizen	0.98608
14	Oostakker	0.99288	35	Stadskanaal	0.98571
15	Barneveld	0.99284	36	Warfum	0.98478
16	Ingooigem	0.99276	37	Alveringem	0.98411
17	Westerhoven	0.99260	38	Venray	0.98348
18	Geffen	0.99254	39	Maastricht	0.97951
19	Damme	0.99243	40	Tienen	0.97722
20	Bolsward	0.99228	41	Kerkrade	0.97319
21	Markelo	0.99184			



KAART VAN VLAANDERE EN NEDERLAND

Van Hout & Münsterman (1981) het ook 'n interessante studie gedoen in verband met linguistiese afstand. Hierdie navorsers het aan 29 taalstudente, klankopnames van verskillende dialekte voorgespeel, waarop die proefpersone moes aandui, op 'n sewepuntskaal, hoe ver elke variëteit van Standaardnederlands verwyder is. Die uitslag van hierdie studie kom nou ooreen met die uitslag van 'n studie gemaak deur Diederen e.a. (Van Hout & Münsterman 1981:107). Diederen e.a. het linguistiese afstand bepaal deur klankopnames in dialek aan 18 proefpersone voor te speel, wat ook op 'n sewepuntskaal moes aandui hoe ver of naby 'n dialek aan Standaardnederlands is. Op die skaal word 'n 1 geassosieer met "so digby moontlik" en 'n 7 met "so ver moontlik" van Standaardnederlands. Dit is nie altyd moontlik om die verskillende studies direk met mekaar te vergelyk nie, omdat die navorsers telkens verskillende dialekte neem. Die werkswyse van Diederen e.a. kom op dieselfde neer as die van Van Hout & Münsterman. Omdat Diederen e.a. min of meer dieselfde dialekte as Hoppenbrouwers gebruik het, word die studies van Diederen e.a. vergelyk met die van Hoppenbrouwers. By die uitslag van Diederen e.a. word die gemiddeldes gegee, en by Hoppenbrouwers die uitslag tussen hakies, volgens die FFM.

	Streek	Diederden	Hoppenbrouwers
1	Utrechts	2.83	(7)
2	Amsterdams	3.50	
3	Oostbrabants (Liessel)	4.67	(10, 17, 18)
4	Twents (Haaksbergen)	5.94	(21, 25)
5	Gronings (Loppersum)	5.94	(35, 36)
6	Limburgs (Kerkrade)	6.72	(41)

Vergelyk ons die twee verskillende benaderingswyses, dan blyk dit dat beide goed korrespondeer. Die enigste verskil is waar Twents en Gronings volgens die werkswyse van Diederen e.a. saamval, en die benadering van Hoppenbrouwers groter verskille laat sien.

Bovermelde studies is ongetwyfeld insiggewend. Wanneer 'n mens die bevindinge met die kaart van Nederland en Vlaandere vergelyk, blyk dit dat linguistiese afstand ook min of meer met

geografiese afstand klop. Hoe verder van die Randstadsentrum⁹ verwyder, hoe groter dan ook die taalafwykings van Standaardnederlands. Omdat geografiese afstand met linguistiese afstand klop, maar in hierdie studie slegs linguistiese afstand gebruik word, is die uitslag na die toevoeging van Standaardafrikaans aan die studie, des te insiggewender.

Uit die vergelyking van vermelde dialekte met Standaardnederlands, is dit duidelik dat die betreklik eenvormige huidige Afrikaans nie so ver van Standaardnederlands awyk, as wat dikwels gereken word nie.

Die posisie van Afrikaans kan ook met die posisie van Fries (Bolswaard) vergelyk word. Fries is net soos Afrikaans amptelik 'n selfstandige taal, maar word ook deur wetenskappers (Van der Plank 1971) bloot as nog 'n dialek van Nederlands gesien. As Afrikaans as standaardtaal tot stand moes kom, omdat die taal so 'ver' van Standaardnederlands begin afgewyk het, dan was die argument onjuis. Daar is soos dit duidelik blyk, heelwat ander dialektes wat verder van Standaardnederlands verwyderd is, as Afrikaans en Fries, wat dus eerder standaardtale moes geword het, en dit tog nie gehaal het nie. Afrikaans sou dus ewe goed as dialek van Nederlands kon deurgaan. Die rede waarom Afrikaans as standaardtaal aanvaar is, moet dus op 'n ander terrein lê.

⁹Randstad = Gebied ongeveer tussen die stede van Den Haag, Amsterdam, Utrecht en Rotterdam.

DIE TAALPROBLEMATIEK UNIEK IN SUID-AFRIKA?

Deur die taalproblematiek van die Afrikaner met die taalproblematiek van 'n aantal ander lande onderling te vergelyk, kry 'n mens 'n veel beter perspektief op die waarde van die taalbeplanningsaksies wat vir die Afrikaner deurgevoer is, en kan 'n mens terugkykend op die pad wat Afrikaans gekom het, 'n veel beter oordeel vel oor besluite wat geneem is op taalgebied. As rede vir die totstandkoming van Afrikaans is dikwels aangevoer dat die unieke omstandighede aan die Kaap daarvoor verantwoordelik was dat 'n nuwe taal ontwikkel het. Die kommunikasieprobleem tussen die verskillende volkere in kontak aan die Kaap is veral aangegee as oorsaak van die verkaweling van Nederlands.

Nederlands in Suid-Afrika

"Het is een groot voorrecht, dat uwe Regeering en Wetgevend Macht de wet op Christelijke Onderwys hebben vasgesteld. Ook is het voor u een groot voorrecht dat de Regeering en Volksraad uwe taal als taal van den Staat aangenomen hebben. Houdt daaraan vast, aan de taal waarin uwe voorouders, die God uitgeleid heeft, geworsteld en God aangebeden en ze God hoe langer hoe liever gekregen hebben. De taal waarin uw Bijbel tot u komt en waarin uwe voorouders den Bijbel gelezen hebben, en die den Godsdienst uwer voorouders inhoudt. Indien gij dus onverschillig wordt jegens uwe taal, dan wordt gij dat ook jegens uwe voorouders en wordt gij onverschillig jegens uw Bijbel, dan ook jegens uwe godsdienst, en dan dwaalt gij spoedig geheel weg, en het nageslacht ontrooft gij van uwen Hollandsche Bijbel, en uw geloof, dat God met mirakelen en wonderen aan onze voorouders heeft bevestigd. Staat dan vast, opdat niet te vergeefs op u vertrouwd wordt, en houdt u vast aan uw taal, Bijbel, en godsdienst. Het is wel goed om vreemde talen te leeren, voornamelijk de taal van uwen buurman, waar gij het meest mee omgaat, doch laat eene vreemde taal u eene bijtaal zijn. Bidt den Heer, dat gij daarop moogt vast staan en niet afdwalen, opdat de Heer in het midden van u blijft, en dan zal het nageslacht u danken voor uw getrouwheid."

Toespraak deur Sy Edele die President S. J. Paul Kruger, by geleentheid van sy vierde inswering as Staatspresident van die ZAR. (De Villiers 1936:213)

Agtergrondgeskiedenis

Op 6 April 1652 het die eerste Nederlandse koloniste die Kaap begin bewoon, en het Nederlands gedien as die kultuurtaal van die inwoners. Brittanje sou die Kaap egter in 1795 beset, wat tot die verbreking van bande met Nederland sou lei. Cradock het gedurende 1813 verklaar dat hy dit noodsaaklik ag dat die koloniste Engels moes leer, dat die land eentalig in Engels geregeer moet word, en dat hy verplig voel om te sorg dat Engels onmisbaar in die land gemaak word. Met die kom van Somerset in 1820 sou die verengelsingsproses spoed kry. Skotse onderwysers en predikante is ingevoer om die koloniste Engels te leer. Gedurende 1822 het Somerset begin om Nederlands as bestuurstaal en regstaal te vervang met Engels. Op handelsgebied word die geldstelsel gedurende 1826 gewysig toe die riksdaler, skelling en stuiver of oulap vervang is met ponde, sjielings en pennies. Gedurende 1828 verloor Nederlands sy amptelike posisie toe Engels onder Somerset die enigste amptelike taal van die Kaapkolonie geword het. Toe die Kaapkolonie in 1853 'n verteenwoordigende regering gekry het, is bepaal in artikel 89 dat slegs Engels toegelaat sou word in die Parlement.

In die Oranje Vrystaat is in 1854 'n ordonnansie aanvaar, volgens Nienaber & Nienaber (1941:55), as teenreaksie op die besluit van die Kaapkolonie om slegs Engels daar te erken. Die Vrystaatse

ordonnansie "ter bepaling en vaststelling van de Nederduitsche of Hollandsche taal als de wettige hooftaal van den Oranjevrijstaat", het in sy aanhef as volg gelui: "Nademaal het gemak en de gereeldheid der publieke bezigheid vereischen; dat in alle Geregtshoven en Kantoren en dezen Staat eene officieele taal bepaald - en vastgesteld worde; en aangezien de groote meerderheid der bewoners van dit land van Hollandsche afkomst en weinig met andere talen bekend is, en dat het dus ongelegen zou zijn dat eenige andere dan de Hollandsche taal in regterlijke verrigtingen, zoowel als in de civiele dienst gebezigd zou worden [...]" Nademaal dit alles, sou Hollands vanaf 1 Junie 1854 "de hooftaal" in alle geregshowe, en staatskantore van die staat wees, en alle dagvaardings, vonnis, uitsprake, orders, lasskrifte, instruksies, ordonnansies, proklamasies, ensovoorts sou in die Hollandse taal uitgevaardig en gepubliseer moes word, en sou alle briewe, memories of ander kommunikasies, van 'n Hollandse vertaling vergesel moes wees, ingeval dit in 'n ander taal opgestel was (Eybers in Steyn 1993¹:32). Engels het nietemin diep spore in die Vrystaat getrap. 'n Wetsontwerp wat Nederlands die verpligte onderwysmedium sou maak in die Vrystaatse skole - wat sterk Engelstalig georiënteerd was - moes verwater word voor dit gedurende 1899 aangeneem is (Steyn 1993¹:33).

In die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transval) het wet 10 van 1888 bepaal: "De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen." Die wet het verder ook bepaal dat alle offisiële stukke, kennisgewings, diensbriewe "en andere schrifturen van ambtenaren" in Nederlands geskryf en opgestel sou moes wees, alhoewel gewaarmerkte vertalings daarvan in 'n vreemde taal dit sou mog vergesel. Verder is bepaal dat Nederlands in alle Howe gebruik sou moes word. Ook moes alle markmeesters alle veilings in Nederlands hou, alhoewel hulle die reg sou hê om dit wat gesê is, daarna ook in 'n ander taal te mog herhaal (Ameshoff in Steyn 1993¹:31).

Verder het die onderwyswet van 1866 bepaal dat sowel Nederlands as Engels op staatskole onderwys sou kon word. Die Onderwyswet van 1882 het wel bepaal dat Nederlands die enigste medium van onderwys sou wees, maar die wet is nie streng toegepas nie, aangesien veral onderwysers wat in die Kaapkolonie opgelei is, Engels gebruik het (Steyn 1993¹:31). Die Onderwyswet van 1892 het die volgende artikel bevat: "Alle onderwijs moet gegeven word in de Hollandsche taal." In dieselfde jaar het die Volksraad ook besluit dat skole wat nie Nederlands as voertaal gebruik nie, voortaan nie meer staatsubsidie sou ontvang nie. Die uitlanderkinders moes die geleentheid kry "zich zoo spoedig mogelijk de landstaal eigen te maken en daaroor in die voorrechten van het volgens Wet gesubsidiéerde onderwijs te kunnen deelen" (Steyn 1993¹:32).

In die Kaapkolonie is 'n kragtige verengelsingsbeleid gevolg, om die Afrikaner so spoedig as maar moontlik te verengels. Die Kaapse owerheid het sy greep op die skole voortdurend verstewig, en na 1865 was Nederlands as voertaal in die onderwys vir alle praktiese doeleindes verdwene. Die onderwyswet van 1865 het bepaal dat die onderrigmedium in alle eersteklas- en tweedeklasskole Engels moes wees en dat in derdeklasskole "the instruction during the school hours shall, as far as practicable, be given through the medium of the English language, within twelve months after the first establishment of the school (Scholtz in Steyn 1993¹:29). Langsamerhand het die verengelsingsbeleid in die Kaap tot verset begin lei en is aangedring op die erkenning van Nederlands in die Kaapse Parlement. In 1882 is Nederlands toegelaat tot die Kaapse Parlement naas Engels, en het die posisie van Nederlands in die skole ook effens verbeter. In 1884 het die taalstryders daarin geslaag om Nederlands in die laer en die hoër Howe toegelaat te kry, en is

Nederlands ook 'n verpligte vak gemaak in die laer staatsdienseksamen (Zietsman 1992:63). In die praktyk egter het weinig van hierdie wetlike voorskrifte tot volle reg gekom, en het die bekende J.H. Hofmeyr gemeen dat "de hooggeroemde gelijkheid", nooit in die Kaapkolonie bestaan het nie, en dat dit bloot "min of meer fiktie" was (Steyn 1993¹:29). Ook die *Patriot* van 2 Maart 1899 skryf: "En werkelik is di gelyke regte wel erkend *op papiir*, maar nog lank ni *in praktyk* ni" (Steyn 1987:45).

Ontwaking van Taalromantiek.

Engels het sedert die anneksasie van die Kaap deur Brittanje 'n groot bedreiging vir die voortbestaan van die identiteit van die Afrikaner en sy taal geword. Teen hierdie agtergrond het daar ook in Suid-Afrika sedert die sestigerjare van die negentiende eeu, 'n romantiese gevoel vir die volkstaal ontwaak. Die Afrikaner was nie uit pas met ontwikkelinge in Europa en Amerika nie, want rond die tyd het ook in dié lande 'n romantiese verering van die volkstaal ontwaak. Hierdie ontwaking van 'n 'gevoel' vir die volkstaal sou nie net tot 'n konflik met Engels geleei het nie, maar ook tot 'n onderlinge konflik tussen twee variëteite: 'n elitaire variëteit 'Hollands' en 'n omgangstaal 'Afrikaans'. Alle ander Nederlandse taalvariëteite in Suid-Afrika het nie by die taalkonflik betrokke geraak nie. Die ontwaking van taalromantiek sou 'n uiters waardevolle bydrae gelewer het in die koesterung van die 'moedertaal', maar dit het terselfdertyd ook die vernietiging van die elitevariëteit van die Afrikaner ingehou.

Hierdie ontwaking van die 'spesiale gevoel' vir die volkstaal lei daartoe dat Arnoldus Pannevis¹⁰ en C.P. Hoogenhout gedurende die sewentigerjare reeds gepleit vir die Bybel in Afrikaans. Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaanders (GRA) in die huis van Gideon Malherbe in die Paarl gestig, om die belang van die Afrikaanse omgangstaal te bevorder. Die stigters was verder ook van oordeel dat die tyd nog nie ryp was vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans nie. "(D)ie volk moet eers oortuig word dat hulle 'n eie taal het" en ook eers tot nasionale selfbewussyn opgewek word (Scholtz 1980:8). Die doel van die GRA was dus om die Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hul taal is, en "om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land" (Van der Merwe 1970:61). Gedurende die tyd moes die Afrikaners volgens Nienaber & Nienaber (1970:13) eers 'bewus' gemaak word van die 'eenvoudige waarheid' dat Afrikaans hul moedertaal is.

Tog was die weerstand volgens Scholtz (1980) teen 'n aanvaarding van Afrikaans as standaardtaal groot. Die invloedrykste Afrikaners was voorstanders van Nederlands as kultuurtaal vir die Afrikaner, en het nie veel waarde geheg aan die beweging ten gunste van Afrikaans as kultuurtaal nie. Vir die oorgrote meerderheid Afrikaners was 'n taalbesluit geen kwessie nie, sy oorgelewerde taal was Nederlands, wat hy van sy voorgeslagte geërft het, en waarmee hy nou verbonde gevoel het. Die ontwaking van taalromantiek het ook die Afrikaner-elitie aangevuur, en reeds in 1890 is De Zuid Afrikaansche Taalbond in Kaapstad gestig met as doel: "Bevordering van de kennis der Volkstaal en aankweking van een ontwikkeld nationaliteitsgevoel." Tydens die stigtingsvergadering is reeds gegis oor die moontlikheid van Afrikaans as taal in die plek van Nederlands. Die invloedrykste lede van die bond het egter die bevordering van Nederlands voorgestaan, en sou die bond 'n kampvechter vir Nederlands word. Deur die pers, taalfeeste en

¹⁰Op 4 November 1874 het Pannevis in die Zuid-Afrikaan 'n artikel geskryf; "Is die Afferkaans wesenlijk een taal?". Hierin meen hy het die Afrikaner "Un genootskap foor die befordering fan die Afferkaanse taal" nodig het (Van der Merwe 1970:54).

taalkonferensies, asook die instelling van Taalbondesamens in 1896 het die voorstanders van Nederlands die taal gepropageer. Professore op Stellenbosch, asook predikante, het groot invloed gehad, en hulle uitgespreek teen Afrikaans as standaardtaal.

Ook die kerk was nog teen Afrikaans as standaardtaal gekant. Gedurende 1885 het die Vrystaatse sinode, en ook die Kaapse sinode in 1886, van die N G Kerk hulle uitgespreek téén 'n Afrikaanse Bybelvertaling, en behoud van die Nederlandse Bybel (Scholtz 1980:12). Op 24 Augustus 1905 skryf ds. H.S. Bosman in *De Vereniging*: "De Kerk zal *nooit* het Afrikaansch kunnen aannemen. Het verste dat zij zal willen gaan is de vereenvoudigde taal, zooals door *Ons Land* en *De Volkstem* gebruik in die inleidingsarikelen..." (Pienaar 1943:350).

Die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS)

In die hele Nederlandse taalgebied (Suid-Afrika dus ingeslote) was die De Vries en Te Winkel spelling teen die einde van die vorige eeu in gebruik. R.A. Kollewijn publiseer gedurende 1891 'n boek: *Onze lastige spelling*, wat in Nederland en Vlaandere opslae verwek het, waarin hy 'n spelhervorming bepleit het. Veral uit akademiese kringe is sterk teen so 'n hervorming te velde getrek, en het dit tot hewige diskussies gelei. Hierdie voorstelle van Kollewijn was in Suid-Afrika besonder populêr. Op 19 Desember 1895 is op Stellenbosch 'n Taalbondkonferensie gehou om die saak te bespreek. 'n Komitee is opgestel om die aangeleentheid te ondersoek en met voorstelle te kom. Op 4 en 5 Januarie 1897 is die eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal in Kaapstad gehou, met prominente figure,¹¹ ook uit die Oranje-Vrystaat en Transvaal. Daar is besluit om 'n vereenvoudiging van Nederlands op basis van die Kollewijnvoorstelle van 1891 in Suid-Afrika in gebruik te neem. Aangesien die Kollewijnvoorstelle in Nederland en Vlaandere nog onder diskussie gestaan het oor die invoering aldaar, is 'n uitvoerende kommissie benoem om gesaghebbende taal- en letterkundige organisasies in Nederland te raadpleeg, om sodoende te verseker dat geen vereenvoudiging in Suid Afrika ingevoer sou word wat met die Nederlandse taaleie in stryd sou wees nie.

Op 20 Januarie 1903 het die leiers van die Nederlandse taalbeweging in die Kaapkolonie, 'n spesiale vergadering op Stellenbosch gehou. Hier is besluit om dr.W.J. Viljoen na België en Nederland te stuur om van gesaghebbende liggeme en persone op taal- en letterkundige gebied, goedkeuring te verkry vir die vereenvoudiging van Nederlands, soos deur die Taalbond vir Suid Afrika beoog. Op 19 September 1903 het die "Commissie voor Taal en Letterkunde bij de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden" 'n vergadering gehou waaraan twintig professore deelgeneem het en besluit is:

- "1. Dat de algemene beginselen volgens welke de Zuid-Afrikaansche Taalbond by het vereenvoudigen van de schrijftaal in Zuid-Afrika wil te werk gaan in overeenstemming zijn met de wetenschappelijke begrippen omtrent de eischen eener taal;
2. Dat de voorstellen tot vereenvoudiging van de spelling in Zuid-Afrika niet in strijd zijn met het karakter en de wetten der Nederlandsche Taal;

¹¹Onder andere proff. P.J.G. de Vos en N.J. Hofmeyr, beide van die Kweekskool, prof. Viljoen van Victoria College, Jan Hofmeyr, ds. Adriaan Moorrees, dr. Johannes Brill, die rektor van Grey College, ds. H.S. Bosman, bekende NG predikant van Pretoria, en Nico Hofmeyr en dr. Reinink, dosente aan die Staatsgimnasium Pretoria (Zietsman 1991:93).

3. Dat het alleszins gerechtvaardigd is om woorden en uitdrukkingen, die in Zuid-Afrika algemeen bekend zijn ook in de schrijftaal te gebruiken, en dat kleine wijzigingen in woordgebruik en taalvormen, zooals die welke de Zuid-Afrikaansche Taalbond voorstelt, geen afbreuk doen aan de hogere eenheid der Nederlandsche taal" (De Villiers 1936:172).

Dr. Viljoen slaag dus in sy sending, en op 30 Januarie 1904 doen hy verslag op 'n vergadering van die Taalbond. In September 1904 is 'n brosjure, "De Zuid Afrikaanse Taalbond en de Taalvereenvoudiging", uitgegee aan alle belangstellendes. Op 'n taalkongres in Kaapstad op 28 Desember 1904, waar ook die Transval, Vrystaat, en Natal verteenwoordig was, is die vereenvoudiging finaal goedgekeur en is besluit om amptelike erkenning daarvan in al die provinsies te verkry (Scholtz 1980:16).

Die uiteindelike en goedgekeurde vereenvoudiging van Nederlands aan die onderwys het op die volgende neergekom soos uiteengesit in *De Unie* van Oktober 1905:

"(I) De nieuwe spelling, zoals in de "Woordenlijst" samengesteld door dr. Salverda de Grave, dr. Buitenhuis Hettema en dr. R. A. Kollweijn, voor de 'Vereeniging tot Vereenvoudiging van ons Schrijftaal', en de vereenvoudiging in de grammatica door dezelve vereniging voorgestaan, zal bij al de examens van de Universiteit worden toegelaten.

N.B. - In al de examens moeten kandidaten, die zich van de nieuwe spelling bedienen, zulks duidelijk, bovenaan hun antwoorden melden. Het dooreenhaspelen van twee stelsels wordt niet toegelaten.

(II) Met betrekking tot woorden en uitdrukkingen, aan het Hollands van Zuid-Afrika eigen of die hier gebruikt worden in een andere betekenis dan ze tans in Nederland hebben, zal 't aan de beslissing van elke examinator gelaten worden om te bepalen in hoeverre het gebruik van zodanige woorden en uitdrukkingen toegelaten mag worden.

(III) De navolgende biezonderheden mogen niet beschouwd worden als nieuwigheden, aangezien ze reeds in Holland algemeen in gebruik zijn; en mogen derhalve, of in hun geheel of gedeeltelijk gebezigd worden, zoals 't de kandidaten belieft, ook door degenen, die zich wensen te houden aan de oude spelling:

1. De genitief eindigende op 's' (d.w.z. de 'verborgen genitief') behoort geschreven te worden alleen waar hij gebruikt wordt ook in de spreektaal, d.i. bij

(a) eigen zelfstandignaamwoorden en woorden als zodanig gebruikt; b.v. 'vader', 'moeder', enz., 'moeders boek', 'vaders hoed', enz., en

(b) het onzijdig enkelvoud van het bijvoeglik naamwoord na woorden als 'iets', 'niets', enz., b.v. 'niets kwaads', 'veel zoets', enz.

2. Het gebruik van de verouderde vormen van de genitief (als b.v. 'des goeden mans', enz.) behoort uitsluitend tot de verheven stijl, de taal van de kansel en der gebeden. De levende spreektaal bezigt de omschreven vormen van de genitief en datief. De verborgen vormen behoren derhalve alleen gebruikt te worden, waar de stijl zulks vereist.

3. De vormen 'een', 'geen', 'mijn', 'zijn', 'haar', 'uw', mogen gebruikt worden voor alle geslachten en alle naamvalen, enkel- en meervoud: b.v. 'de mijnen en de uwen', 'vele eersten zullen laatsten zijn', enz.

4. De zwakke of toonloze vormen van de voornaamwoorden worden steeds gebruikt, waar men geen nadruk wenst te leggen: 'me' naast 'mij'; 'ze' naast 'zij of haar'; 'we' naast 'wij'; 't' naast 'het', enz.

5. In het gebruik van verschillende vormen van het persoonlik voornaamwoord van de tweede persoon, enkel- en meervoud, richtte men zich naar het gebruik van de beschafde spreektaal: 'gij' en 'ge' worden nooit in de spreektaal gebruikt, ze behoren alleen tot de taal van 't gebed, de kansel of de publieke rede, en worden vervangen door 'u', 'jij', 'je', 'jelui', enz.

6. Het gebruik van uitdrukkingen als: 'Jan z'n hoed', moeder haar', 'wie z'n boek heb jij daar?' - d.i. de omschrijving van de genitief door middel van het zelfstandig naamwoord gevuld door het bezittelijk bnw. is niet af te keuren.

7. Zowel 'hun' als 'haar' kan gebruikt worden voor het bezittelijk vnw., waar de bezitter van 't vrouwelik geslacht is: 'gelijk de ogen der dienstmaagden zijn op de hand van haar (of 'hun') vrouwen', enz.

8. 'Hun' mag niet voor 'hen', maar 'ze' kan voor beide gebruikt worden: 'ik heb 't hun (of 'ze') gezegd'; 'ik heb hen (of 'ze') niet gezien'" (De Villiers 1936:176).

Die VNS Wen Veld

Teen die einde van 1906 het die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS) erkenning geniet aan die Kaapse Universiteit, die onderwysdepartemente van die Kaapkolonie, Transvaal en die Vrystaat asook die verskillende onderwysverenigings in die betrokke kolonies (Zietsman 1992:93-94). Die VNS het hierna vinnig aanhangers gevind in die skool, op universiteit en in die staatskantore (Nienaber & Nienaber 1970:41). Die nuwe spelling is deur *De Volkstem, Ons Land, De Vriend* en *De Unie* aanvaar, veral *De Unie*, die ZAOU-mondstuk, was 'n vurige pleitbesorger daarvan (Zietsman 1992:94). Ook verskyn in 1906 die Nieuwe Hollandse Spraakkunst deur Elffers in die VNS, en later ook die *Nederlands Woordenboek voor Zuid-Afrika*, opgestel deur Elffers en Viljoen (Zietsman 1992:94). Verreweg die meeste van die kandidate vir die Taalbondeksamens en openbare eksamens het die VNS begin gebruik (Zietsman 1992:94).

Die ingebruikneming van die VNS het ook 'n bitter geveg en verdeeldheid onder Afrikaners meegebring. Die anti-vereenvoudigers was dit eens dat daar nie aan die sierlike Nederlands getorring moes word nie, ten minste nie voordat Nederland en Vlaandere 'n soortgelyke taalhervorming amptelik aanvaar het nie, en het hulle die invoering van die VNS as 'n verbreking gesien van die taaleenheid tussen Suid-Afrika en die Nederlande (Zietsman 1992:96). Die Kaapse NG Kerk het ook nooit die VNS aanvaar in sy amptelike geskrifte en in *De Kerkbode* nie, ten spyte van talle oorredingspogings deur die Taalbond-hoofbestuur (Zietsman 1992:96). Aan die ander kant het voorstanders van 'n Afrikaanse skryftaal die VNS as onprakties gesien, omdat dit steeds Nederlands was. Die VNS was dus deur die Taalbond beskou as die veilige middeweg tussen die voorstanders van Afrikaans en diegene wat teen die vereenvoudiging van Nederlands gekant was (Zietsman 1992:94).

Die Nederlands-Afrikaanse konflik

Reeds voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die Afrikaanse beweging onder leiding van die GRA doodgelope. Die oorlog het ook die Nederlandse taalbeweging ontwrig, en na die oorlog was Nederlands uit verskeie van sy hoë funksies verdryf. Die Nederlandse beweging het egter vinnig op gang gekom. J.H. Hofmeyr het op 6 Maart 1905 in Stellenbosch 'n toespraak "Is 't ons ernst?" gehou, waarin hy 'n sterk pleidooi gelewer het vir Nederlands in die private en openbare lewe, in die onderwys en in die staatsdiens. Sy toespraak is in *Ons Land* gepubliseer en ook in pamflette uitgegee. Dit het oral in die land groot belangstelling gaande gemaak. 'n Belangrike mylpaal is op 4 April 1905 behaal met die stigting van die Zuid-Afrikaanse

Onderwijzers-unie (ZAOU), wat 'n groot bydrae sou lewer om die belang "van 't onderwys in 't algemeen en die van 't Hollands in 't biezonder te helpen bevorderen" (De Villiers 1936:175).

Terselfdertyd is deur Preller 'n pleidooi gelewer vir Afrikaans. Hy het in die Volkstem van 19 April tot 14 Junie 1905 'n reeks artikels geskryf onder die opskrif "Laat 't ons toch ernst wezen", en sy aksie teen Nederlands gerig met die leuse: "Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen" (De Villiers 1936:179). Die positiewe gevoel jeens Afrikaans het veral in die Noorde sterk gegroei, veral na die verskyning van die gedig van Eugène Marais: "Winterdag." Op 13 Desember 1905 is die Afrikaanse Taalgenootskap op 'n kongres in Pretoria gestig.

Die bedrywighede van Preller en sy medewerkers het groot beroeringe veroorsaak vir die voorstanders van Nederlands. Nog voor die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap, het prof. de Vos, voorsitter van die Taalbond, in *Ons Land* van 29 Augustus 1905 'n ope brief geplaas aan die voorstanders van die Afrikaanse Taalgenootskap, waarin hy dringend gevra het dat geen verwarring gestig moes word, nou dat alles so gunstig met die vereenvoudigde Nederlands verloop het nie.

Op 3 November 1906 is deur die voorstanders van Afrikaans, in Kaapstad, die Afrikaanse Taalvereniging gestig, onder leiding van J.H.H. de Waal. Daar is spoedig takke in 'n hele aantal dorpe in die Kaapkolonie gestig om die gedagte van 'n eie taal, Afrikaans, te propageer. Die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans was duidelik in twee kampe verdeel, en het 'n onaangename stryd tussen die groepe uitgebreek. Die stryd tussen Afrikaans en Nederlands was hewig en emosioneel. Midde in die "taalstryd" het die voorstanders van Nederlands, volgens De Villiers (1936:6), na die pen gegryp en op alle moontlike maniere probeer bewys hoe nadelig dit vir die volk sou wees, indien Afrikaans tot skryftaal verhef sou word. Die waarskuwinge het egter op dowe ore gevval. *Het Christelik Schoolblad*, mondstuk van die Christelijk Nationaal Onderwijs in Transvaal het teen die opkoms van Afrikaans in 1905 gewaarsku, dat die Afrikaanse skryftaal sou beteken dat Nederlands vir die Afrikaner 'n geslotte skatkamer sou word, en dat die babataal: Afrikaans, deur die volwasse reus: Engels, oorrompel sou word (Zietsman 1992:98).

Pogings is aangewend om die bewegings te versoen. Die voorstanders van Nederlands (Taalbond ondersteuners) en die voorstanders van Afrikaans (Afrikaanse Taalgenootskap en Afrikaanse Taalvereniging) sou, indien hulle hul kragte kon bundel, effektiwer teen Engels kon staan. Om die kragte van Nederlands en Afrikaans in een kamp te kry en 'n onderlinge stryd te beëindig, het dr. D.F. Malan, algemene voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV), op 13 Augustus 1908 op Stellenbosch 'n lesing gehou onder die titel "Het is ons ernst." Dié lesing was 'n kragtige pleidooi vir Afrikaans en vir samewerking tussen die Taalbond en die ATV. Die verskil tussen die twee organisasies het hy so saamgevat: "De Taalbond zegt: leer Nederlands, schryf Nederlands, en spreek Afrikaans. De ATV zegt: leer Nederlands, schryf Nederlands als ge kunt en wilt, maar als ge niet kunt of wilt, schryf dan niet Engels, maar Afrikaans" (Scholtz 1980:18).

Afrikaans het al hoe sterker aanklank gevind by die gewone publiek, en het die voorstanders van Nederlands al meer veld begin verloor. Prof. Mansvelt van die Victoria Kollege wat 'n vurige voorstander en liefhebber was van Nederlands, en hom beywer het vir die behoud van die taal vir

die Afrikaner, het later die hoop uitgespreek dat indien daar 'n nuwe taalstandaard ingevoer moes word, dit so na as moontlik aan Nederlands gehou moes word, "dat de opgevoede jonge Afrikaner in staat zal zijn , om zonder grote inspanning de geestesvruchten van Hollandse denkers naast die van Engelsche te genieten" (De Villiers 1936:129).

Op 5 Januarie 1909 het 'n byeenkoms in Kaapstad plaasgevind vir alle belangstellendes in die taalkwessie. Genl Hertzog het voorgestel "dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuid Afrika." Die voorstel is aanvaar en ook is besluit dat onder Hollands ook bedoel word Afrikaans. Op 2 Julie 1909 kon die eerste dertig lede van die liggaaam naamlik die "Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" vergader. Die doel van die Akademie is as volg geformuleer: "De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst", met 'n byvoeging: "Onder 't Hollands wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid Afrika" (Scholtz 1980:19).¹²

Gedurende 1909 is die Zuid Afrika-wet deur al vier die provinsies aangeneem, waardeur die Unie van Zuid Afrika tot stand sou kom. Art. 137 van die Unie-grondwet het so gelui: "De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten. Alle akten, verslagen en verrichtingen van 't Parlement worden in beide talen gehouden, en wetsontwerpen, wetten en kennisgevingen van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van de Unie uitgegeven, zijn en geschieden in beide talen."

Afrikaans het al meer die plek van Nederlands begin inneem. Op 18 September 1915 het die Zuid Afrikaanse Akademie die spelwyse van Afrikaans aanvaar soos voorgestel sy Spellingskommissie. Die grondslag vir 'n Afrikaanse spelling was gelê en in 1917 verskyn die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in opdrag van die Akademie.

'n Hoogtepunt vir die voorstanders van Afrikaans was ongetwyfeld die erkenning van Afrikaans as amptelike taal van Suid Afrika. Op 8 Mei 1925 is in 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat, die wet op de Officiële Talen van de Unie eenparig aangeneem. Wet nommer 9 van 1925 het gelees:

"Nademaal er twijfel ontstaan is aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in de Zuid-Afrika Wet, 1909; en nademaal het dienstig is die twijfel weg te nemen; zij het bepaald door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuid Afrika als volgt:

1. het woord "hollandse" in artikel honderd zeven en dertig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in de Wet waar dat woord voorkomt, word hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.
2. Deze Wet kan voor alle doeleinaden worden aangehaald als de Wet op de Officiële Talen van de Unie, 1925, en word geacht van kracht geweest te zijn vanaf die een en dertigste dag van Mei 1910."

¹²Die Akademie wat opgerig is om Nederlands te beskerm, sou dié taal later die rug toekeer, en slegs een variëteit: Standaardafrikaans, aktief bevorder.

Hierdie wet het dus terugwerkende krag gehad, wat beteken dat Afrikaans sedert Uniewording, naas Engels die amptelike taal van Suid Afrika was. Wat egter belangrik is, was dat Nederlands en Afrikaans as sinonieme deurgegaan het, en nie as twee afsonderlike tale nie. Dit blyk ewe duidelik uit die grondwet van 1961 van die Republiek van Suid Afrika. Wet nommer 32 van 1961 noem duidelik dat Afrikaans en Engels die amptelike tale van die land is, maar in 'n definisie-omskrywing word vermeld dat Afrikaans ook Hollands is. Die twee artikels uit wet no. 32 van 1961 lees:

"108. (1) Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Republiek en word op gelyke voet behandel en besit gelyke regte, vryheid en voorregte."

"119. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -
"Afrikaans" ook Hollands;....."¹³

Die 1961 Grondwet was in werking tot die einde van 1983. In die Grondwet van 1983 word geen woord meer van Hollands nóg Nederlands gerep nie. Sonder twyfel was Afrikaans en Nederlands sedert 1910 tot en met 1983 **amptelik** sinonieme.

Taalverskeidenheid

Gedurende die sewentiende en agtiende eeu, was die taalverskeidenheid aan die Kaap groot. Dit het gewissel van 'n kreoolse taal tot goeie Nederlands. Dit blyk onder andere uit die volgende aanhaling deur P. Kolb: "Dat is doen: Wat makom? Duijtsman altyd kallom: Icke Hottentots doot makom: Masky doot, Icke strack nae onse groote Kapiteyn toe, die man my soon witte Boeba geme" (Scholtz 1980:45).¹⁴ 'n Duitse soldaat, Otto F. Mentzel, wat tussen 1733 en 1741 aan die Kaap gewoon het, het aantekeninge van die taal gemaak, en geskryf dat die plattelandse vroue *ons* in plaas van *wij* gesê het (De Villiers 1936:2).¹⁵ Maar Mentzel het ook genoem dat die taal van die plattelanders in die Kaap net so min suwer Hollands was, as wat die Duitse boere suwer Duits in Duitsland praat (Scholtz 1980:43). Th. Hahn, die seun van 'n Duitse sendeling in Namakwaland, was weer van mening dat Afrikaans niks anders was, as Nederlands in die mond van Hottentotte nie (Boshoff 1959:27). Kruisinga meen dat Afrikaans "de zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialekt" is, en C.J. van Ryn meen dat Afrikaans, Nederlands is wat deur 'n bymengsel uit die Nederlandse dialektes verryk is (Boshoff 1959:29). Geerts (1992:71) skryf dat Afrikaans in 'n groot mate gewoon 'n voortsetting was van Hollandse en Zeelandse dialektes van die sestiede en sewentiende eeu. Changuion wat hom gedurende die middel van die vorige eeu vir die Nederlandse taal in die Kaap beywer het, skryf dat 'n Nederlander hom tog maklik met die Kaapse

¹³Die Engels bewoording van artikel 119 sluit 'n moontlike verwarring uit, van wat onder Hollands en wat onder Nederlands verstaan mag word. Dit het gelees:

"119. In this act, unless the context otherwise indicates-

"Afrikaans" includes Dutch;...."

¹⁴D.w.s. "Goed dan! Wat maak julle? Hollanders sê altyd: Ek sal Hottentots doodmaak. As ek dood is, gaan ek reguit na ons Groot Kaptein; hy sal my mooi wit osse gee." 1673.

¹⁵Die verskynsel waar die onderwerp nie in die nominatief staan nie, het ook in die VSA voorgekom, bv. "Us girls went....". Chartens (Mencken 1965:418) het gedurende 1914 nog gevind dat hierdie verskynsel, 4% van die taalfoute van Amerikaanse kinders uitmaak tussen die VIde en VIIde grade. Vandag nog word in Nederlandse en Vlaamse kerke deur die priesters en predikante gesê, 'laat ons bidden', naas 'laten wij bidden'. *Ons* i.p.v. *Wij* word ook in Zeeus geruik (Bosman 1962:140).

uitspraak kon vereenselwig, "want zij is zacht en vloeiend, en vergt weinig van de spraakorganen." Sy aanduiding van die sagte Nederlands was as volg: "Hoe loo(p) je dan zoo langzaam? Wat stoo(t) je mij? Bly(f) nog wat. Zi(t) je daar goed? Ik g(e)loo(f) da(t) je gek is. Ik wee(t) nie(t) wa(t) je betaal(t). Volgens Changuion is die harde letters verwijder, en "de tong glij(dt) zoo le(kk)er over de woerde heen" (Changuion 1844:22).

Dat die gesproke taal aan die Kaap ooreenkoms getoon het met variëteite in Nederland, blyk duidelik uit die werk van M.D. Teenstra, wat hy gedurende 1826 gepubliseer het,¹⁶ waarin hy noem dat die foute en gebreke van die spreektaal aan die Kaap, hom herinner het aan 'plat Groningsch', en dat hy die gesprekke steeds met gemak kon volg (Van der Merwe 1968:70).

Teen die begin van die vorige eeu was daar in Suid-Afrika geen eenvormige omgangstaal nie, soos blyk uit die indeling van G.S. Nienaber (Van der Merwe 1968:69):

1. Suiwer Nederlands.
2. Burger-Afrikaans of Kaaps-Nederlands, soos gebruik in die aristokratiese burgerkringe van die Kaap en wat nog as Nederlands wil deurgaan.
3. Boere-Afrikaans, die algemene taal op die platteland.
4. Hottentot-Afrikaans.
5. Slawe-Afrikaans, gebruik deur slawe en "common people"
6. Vreemdelinge-Afrikaans.

Teen die middel van die vorige eeu, was daar eweneens geen eenvormige 'Afrikaans' in Suid-Afrika as spreektaal gebruik nie. Changuion (1844) onderskei die volgende:

1. Suiwer Nederlands.
2. Hoog-Hollands, soos gebruik in die gegoede burgerkringe van die Kaap.
3. Plat-Kaaps van ander Blankes en Engelse.
4. Plat-Kaaps, gepraat deur die Hottentotte en ander 'gepeupel'.

Dat daar gedurende die tyd goed versorgde Nederlands aan die Kaap gebruik is, is duidelik uit die aanval van De Lima gedurende 1844 op Changuion in 'n brosjure: *De Taal der Kapenaren verdedigd tegen de schandelyke aanranding derzelve van Prof. Changuion*. De Lima het dit gehad teen die boek van Changuion: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*. Changuion het naamlik in sy "proeve van een Kaapsch Taaleigen" voorbeeld aangehaal van hoe Kapenaars hul taal gebruik, maar sonder om dit te noem, het hy ook voorbeeld gegee uit die taalgebruik van ongeskooldes. De Lima se aanval: "Wie spreekt zoo, professor?", dui duidelik daarop dat die gegoede Kapenaars beskaafde Nederlands gebruik het (vergelyk De Villiers 1936:54).

Die Binnelandse Afrikaners

As gevolg van die primitiewe lewensomstandighede, het die Afrikaner dit moeilik gevind om behoorlike aandag aan skolastiese taalopleiding te skenk. Nogtans het talle Afrikaners 'n volgehoud inspanning gelewer om hul taalgebruik op standaard te probeer hou. Dit was die taal

¹⁶*De vruchten mijner werkzaamheden gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden.*

van die kerk, van die hele godsdiensbeoefening. Op die platteland het moeders hul kinders self leer lees, uit die 'Trap der Jeugd' en die Bybel. Die Boere was niks anders as verknog aan die 'Boek der Boeke' nie. Die Bybel is met groot ontsag en respek bestudeer, en was die taal daarin net so gerespekteer. Met die Groot Trek, skryf Bosman (De Villiers 1936:77) was daar "in elke ossewa minstens een boek wat die Trekkers van ongeletterdheid sou vrywaar, en dit was die Hollandse Statebybel. Dat die voortrekkers g'n analfabete geword het nie, is hoofsaaklik aan die Bybel te danke." Indien die Statebybel nie beskikbaar was nie, sou Afrikaans vandag onherkenbaar ver van Nederlands gestaan het. Hierdie onmisbare Statebybel is as volksbesit van die Afrikaner beskou, en waar nakomelinge vandag so 'n Bybel as erflating in hul besit het, word dit as 'n kleinood bewaar.¹⁷ De Villiers (1936:77) skryf voorts: "Waar die spel en leesboeke meestal ontbreek het, het die moeders hul kinders aan hul knie uit die Bybel leer lees, en baie van die mense het hul hele lewe lank g'n ander boek as die Bybel vir lektuur gehad nie. Die streng Calvinistiese geloof en die diepe godsdienssin van die Voortrekkers is deur hierdie intieme omgang met Gods Woord bevorder, en die beskawingswaarde van die Bybellektuur kan moeilik te hoog geskat word." Daarby was die verbintenis tussen die Nederlandse taal en die Nederduitse Kerke besonder intiem. Daar is dikwels gesproke van 'de kerktaal' of 'de taal der kerk'. So skryf D.J.P. du Toit gedurende 1904: "De hoeksteen van die Kerk toch rust op de Hollandsche taal, de kerktaal onzer vaderen" (Zietsman 1992:46). Op die NG Sinode van 1903 het iemand gestel: "Gewis, ware het Hollandsch niet de taal van onze Kerk en onze Bijbel, en onze gebeden, het was reeds er mede gegaan als in Amerika" (Zietsman 1992:49).¹⁸

Ook skryf Nienaber & Nienaber (1941:16) dat die Afrikaner tot vroeg hierdie eeu, Nederlands beskou het as sy dierbare moedertaal, "die taalerfporsie wat met 'n mistieke eerbied bejeën is. Dit was nog die taalvorm van beskawing en verfyning vir die Boerekolonis. Daarby is dit aan hom gewy en geheilig as die medium waardeur en waarin hy tot die Heer der Heeren genader het. Met Nederlands in sy mond het hy om vergiffenis van oortredinge gesmeek, het hy sy verlange na die Paradys van die hiernamaals te kenne gegee. In Nederlands lees hy smôrens uit die Bybel en put so krag vir die taak van die dag, en uit dieselfde Nederlandse Statebybel haal hy vir die nagwaak weer troos en bemoediging. Nederlands was aan die Afrikanerboer se hart verdierbaar. Dit was vir hom 'n gevoelsaak. Hy hoef nie te dink oor die kwessie van Nederlands as moedertaal nie, hy voel dit is sy oorgelewerde moedertaal. Oor hierdie kwessie kan 'n mens nie met hom redeneer nie" (Nienaber & Nienaber (1941:16).

De Villiers (1936:78) noem dat "(d)ie Hollandse Statebybel nie alleen die vernaamste kultuurbron in die Voortrekkergemeenskap was nie, maar ook 'n middel om die Hollandse Bybeltaal gedurig in die oor en oog van die trekboer te laat leef. Verder was daar ook die Gesang- en Psalmboek wat gedurig in gebruik was. By elke godsdiensbeoefening, soggens en saans, en by elke kerkdiens was dit gebruiklik om 'n Hollandse gesang of psalm te sing; en die meeste Voortrekkers het talle gesang- en psalmverse uit die hoof geken, om van Bybeltekste en die katkisasieboek nie eens te praat nie." Zietsman (1992:31) skryf dat die boer saans met sy gesin in sy eie huislike taal gesels

¹⁷ In Nederland is daar vandag nog gemeentes wat die State vertaling gebruik. Van der Plank (1985:26) vermeld dat daar vandag nog (1985) gemeentes is wat die Statevertaling gebruik in Duitse grensgebiede soos Oos-Friesland, Bentheim en Kleef, al is Nederlands as onderwystaal in die gebiede al 50 jaar gelede afgeskaf, ten gunste van Duits.

¹⁸ Waar Nederlands onder die stof geloop is deur Engels.

het, maar as daar Boeke gevat is, het die spreektrant verander en het frase na frase van die Bybeltaal uit sy mond gevloei.

Die Waarde van die Nederlandse Taal

Voor die koms van kweekskole in Suid Afrika, het talle predikante uit Nederland na Suid Afrika gekom, of het Afrikaners in Nederland gaan studeer. Die Afrikaner was dus voortdurend in noue kontak met goedgeskoonde Nederlandstaliges, na wie se mond hulle ook sou gepraat het, want hierdie predikante het hoë aansien in die gemeenskap geniet. Hul spreektaal was dan ook niks anders as 'n begeerde model nie. Ook Skotse predikante wat deur Brittanje gestuur is om die Afrikaners te verengels, moes 'n deel van hul studie in Holland voltooi om met die Afrikaners in Nederlands te kon kommunikeer. Die Hollandse kerk was verder die sterkste vesting van die Nederlandse taal, en ook die mees beskermde, want die Kerkorde van De Mist het dit tot sekere mate onafhanklik van die staat gemaak (De Villiers 1936:38). Volledig selfstandig was die NG Kerk ook nie, en het die Engelse ook nog vroeg in die 19de eeu 'n groot invloed uitgeoefen op die aanstelling van predikante. Eers in 1875 sou die NG Kerk in die Kaap ophou om as staatskerk te bestaan.

Houding teenoor Afrikaans.

Nienaber & Nienaber (1970:2) skryf dat geleerde mense, tipiese Afrikaanse woorde en kenmerke as 'n "verkeerde" vorm van Nederlands beskou het: "Gevolglik het niemand omstreeks 1800 ernstig daaraan gedink om in die "verkeerde" vorm te skryf nie." Volgens De Villiers (1936:85) het die Afrikaners gedurende 1880 nie aanvaar dat hulle 'Afrikaans' praat nie en het hulle volgens haar werklik 'n taal gebruik wat as tussen Afrikaans en Nederlands bestempel kan word. Die Afrikaner het ook geglo dat dit moontlik sou wees om deur middel van deeglike onderwys in die Nederlandse taal, sy spreektaal op standaard te kon bring. Van Afrikaans as skryftaal, om van amptelike taal nie eens te praat nie, wou hulle niks hoor nie, en het vele dit as 'n 'barbaarsch patios' beskou, want "de Hollandsche Taal is de officiele Taal onzer kerk, en de moedertaal van een groot deel der bevolking" (De Villiers 1936:85). Teen die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal het die Afrikaner-intellektueles die hardste teenstand gebied, en was die voorstanders van Afrikaans as kultuurtaal hoofsaaklik plattelanders (Nienaber & Nienaber 1970:22). Afrikaans is deur die elite gesien as 'n Hottentotstaaltjie, 'n brabbeltaal, of 'n 'patios', wat indien dit skryftaal sou word, dit gewoon 'n stap agteruit sou beteken (Nienaber & Nienaber 1970:25).

Afrikaners het smalend opmerkinge oor Afrikaans gemaak soos: "Die Afrikaansche taal is belachelijk, want zij woont in de kombuis, op de straat, in de kantinen, in de woningen van onopgevoeden." Op 'n vergadering op Stellenbosch omstreeks 1906 het 'n spreker (F.P. Cillié) beweer Afrikaans is geen taal nie, "want het bezit maar tweehonderd woorden"; 'n ander spreker (G. Cillié) het gesê Afrikaans is geen taal nie, "maar slechts een dialekt dat door de niet-geleerde klassen gesproken wordt" (geneem uit Steyn 1980:213).

Ook het die opgevoede Afrikaners Afrikaans afgemaak as die taal van onopgevoede bediendes, Hottentotte en die laer klasse (Nienaber 1959:44). Gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu, toe die *Patriot*¹⁹ en die GRA voorbrand vir Afrikaans gemaak het, het in die pers minagtende

¹⁹Die juiste benaming van die blad was *Die Afrikaanse Patriot*, maar sal die term *Patriot* voortaan gebruik word. Hierdie blad het gedurende 1904 doodgekwyn (Nienaber & Nienaber 1941:95).

verwysings oor Afrikaans verskyn - 'n taal sonder grammatika, 'n Hottentotstaal, 'n wartaal, 'n mengelmoes vol onsin en dwaashede, die taal wat by skaapkrale en in die kombuise gepraat is (Nienaber in Zietsman 1992:9). Die openbare kritiek teen Afrikaans was so groot dat selfs koerantredakteurs onder skuilname geskryf het, en het diegene wat in Afrikaans probeer skryf het, heelwat miskenning en verkleinering verduur (Nienaber 1959:41). Nienaber & Nienaber (1941:17) skryf dat Afrikaans tot 1900 vir die meeste Afrikaners niks beteken het nie, en dat dit gewoon die stempel van onkunde gedra het. Hy skryf: "Dit pas net goed in die mond van iemand wat selfs by plegtige geleenthede te ongeleerd is om iets beters voort te bring, onmagtig is om 'n soort van Nederlands uit te kraam." Die Afrikaner was ongetwyfeld aan die einde van die vorige eeu nog sterk voorstanders van die gebruik van Nederlands en nie Afrikaans nie, en is Afrikaans deur dié Afrikaner-elite as 'n uiters inferieure taalvorm beskou (De Villiers 1936:95).

Die Prestige-taal

Nederlands was in die oë van die Afrikaner 'n prestige-taal. Dit het hoë aansien geniet in die samelewing. Van der Merwe (1968:89) noem ook dat die Afrikaner-elite, Afrikaans gesien het as bedreiging van "onze schone moedertaal Hollands", en het hierdie groep gewys na die mooi beheersing van Nederlands deur baie Afrikaners. In *Ons Land* van 23 Julie 1914 is die vrees dan ook uitgespreek dat "onze oude, schone en geliefde Hollandse taal" gewoon sou ondergaan, as dit vervang sou moes word deur 'n taal wat "door indiese en mosambiekse kindermeiden verbasterd en ontaard is" (Pienaar 1943:65). Nederlands is volgens prof. Viljoen, beskou as "de taal der vaderen" en ook as die Afrikaner se "heilig erfrecht" (Zietsman 1992:59). Ook skryf N.A.J. van Rensburg in *Ons Land* van 21 Maart en 29 Augustus 1905, dat Nederlands die taal was van 'n volk wat tagtig jaar lank vir sy geloof geveg het en waarin Afrikaners se ganse stryd opgesluit was; die taal wat hulle deur storms gedra het en wat hulle beskou het as hul 'hoogs verheven erfrecht" (Zietsman 1992:60). In *De Unie* van September 1905 skryf 'n taalliefhebber: "Wie is er onder ons, die geen snaar in zijn binneste voelt trillen bij 't horen van de woorden '*Onze Moedertaal?*' - geleerd aan moeders knie; gesproken door onze voorvaderen; de welluidende Hollandse taal" (Zietsman 1992:60).

Von Weilligh skryf dat aan die einde van die vorige eeu die Hollandssprekende publiek steeds meer gunstig gesind was teenoor Hollands as teenoor Afrikaans, wat deur 'n baie groot deel van die bevolking as 'n uiters inferieure taalvorm beskou is. Volgens Von Weilligh is hierdie opvallende standpunt dan ook veral deur die opgevoede klasse ingeneem (De Villiers 1936:95). Nederlands was die taal wat op skool geleer is, en as die beskaafde, eie moedertaal beskou is (Nienaber 1959:43). Prof. J.I. Marais, een gedurende 1905: "De kombuistaal, die in Pretoria verheerlykt word, is niet de taal van den ontwikkelden Afrikaner" (Pienaar 1943:351).

Baie intekenare van die *Patriot*²⁰ het die Afrikaanse taalvorm wat in die koerant gebruik is verafsku, maar die politieke sienswyse van die blad toegejuig (Nienaber & Nienaber 1970:24). Von Weilligh vertel dat hulle dikwels moes hoor: "Vrind, jy is welkom in my huis solank as jy daardie vuilgoed, die *Patriot*, nie met jou saambring om dit aan my kinders te wys nie. Ek is nog in staat om my kinders Hollands te laat leer" (Pienaar 1943:132). Verder het ook heelwat gesiene Bolandse families tipies Afrikaanse woorde uit hulle huise probeer weer, ten gunste van tipies Nederlandse woorde (Scholtz 1980:53). Nederlands was dus hoegenaamd geen 'vreemde' taal nie.

²⁰Die *Patriot* het as nuusblad voorspraak gemaak vir Afrikaanse as geskrewe taal, met 'n progressiewe spelling.

Hoofregter J.H. de Villiers het in 1876 gemeen het dat 'n Afrikaanse Bybel, soos voorgestaan deur die Patriotmanne, onvanpas is, omdat die Afrikanerbevolking Nederlands in elk geval verstaan (De Villiers 1936:97). Ds. de Wet skryf op 13 Januarie 1882 in die *Patriot*: "Ik ben zenuwachtig van gestel. Wanneer ik de *Patriot* lees dan worden myne zenuwen erg daardoor aangedaan. Wanneer ik echter iets in goed - al is het eenvoudig Hollandsch lees, dan kan myn geest zich verheffen, en dikwijs maak een aangedaan gevoel zich van mij meester" (Zietsman 1992:9).

'n Goeie voorbeeld van wat die gemiddelde Afrikaner van Patriotafrikaans gedink het, was die volgende woorde van die *Cradocksche Afrikaner*: "Dit blad kom ons gereeld ter hand. Daar het in een taal gescrewen is, geschikt voor halve barbaren, nemen wij zelden de moeite het te lezen. De hele geschiedenis van De Patriot is armzalig. Halfgeleerde Griquas zullen zeker smaak vinden in het blad" (Pienaar 1943:132).

In die pers het strome kritiek teen die *Patriot* verskyn, veral in die *Zuid-Afrikaan*; onderwysers het kinders verbied om die blad te lees, so nie moes hulle die skool verlaat; onderwysers is met afdanking gedreig indien hulle op die blad sou inteken; in 1882 het die Kaapse Sinode byna twee dae lank afkeurend gepraat oor die blad, en is duisende pamphlette daarteen versprei (Pienaar 1943:133). Ds. H.C. de Wet het die Genootskap gesmeek om die taal van die *Patriot* Nederlands te maak; 'n gesiene predikant het die patriottaal "het bespottelik patios" genoem; 'n ouderling van Noorder-Paarl het selfs teenoor sy predikant, ds. S.J. du Toit, gesê, dat as hy kon uitvind wie die redakteur van die *Patriot* was,²¹ hy die persoon persoonlik sou doodskiet (Nienaber & Nienaber 1941:82). Gevoelens het hoog geloop waar daar sprake was van 'n moontlike vertaling van die Bybel in Afrikaans, wat as 'n spotterny met heiligkennis beskou is (Nienaber & Nienaber 1970:25).

Na die Anglo-Boereoorlog was die Afrikaner verslae, en verward. So skryf 'n bedroefde en teleurgestelde Vrystater in *De Vriend Weekblad* van 7 April 1905 oor die oorgawe van die CNO²²-skole aan die Kroonkolonieregering, dat die Afrikaners swak en arm was, dat die Afrikaners deur water en vuur gegaan het, dat hulle 'n nuwe vlag aanvaar het, "maar ze konden niet hun tong uitsnijden. Die tong had Hollands gelispeld aan moeders knie en die tong had Hollands gebeden toen de afgond riep tot de afgond. Ze vroegen met gebogen knie, maar ze vroegen het met mannenernst, ...dat hun taal hun toch gelaten wierd in de opvoeding van hun kroost" (Zietsman 1992:191).

Tydens die taalfees van 24 en 25 Mei 1907 te Burgersdorp²³ is die gehegtheid van die Afrikaner aan sy Nederlandse taal sterk beklemtoon deur Oudpresident M.T. Steyn, genl J.B.M. Hertzog en F.S. Malan, waar Malan die voortbestaan van die Nederlandse taal in Suid-Afrika deur alle storms en onderdrukking heen vergelyk het met die Bybelse braambos wat nie uitgebrand geraak het nie (Zietsman 1992:70). 'n Onuitroeibare taal. Tot en met die eerste kwart van die twintigste eeu was Nederlands steeds in die formele situasies deur die Afrikaner gebruik as spreektaal. Gedurende

²¹Die redakteur was inderdaad ds. S.J. du Toit, en het onder die skuilnaam 'Oom Lokomotief' geskryf.

²²Christelike Nationaal Onderwijs.

²³Die taalmonument wat hier op 18 Januarie 1893 onthul is om die toelating van Nederlands tot die Kaapse Parlement te herdenk, is tydens die Anglo-Boereoorlog deur Milner verwyder en het hy dit ver van die kus in die see laat stort (De Villiers 1936:154 & Steyn 1987:40).

1905 het J.W. Sauer, Jameson²⁴ uitgenooi om op 'n plaasbiduur te kom luister hoe bywoners in Hollands bid (Zietsman 1992:65). Vroeg hierdie eeu was Nederlands nog so deel van die Afrikaner as biltong en boerewors. So meen M.J. Stucki in *De Unie* van Maart 1908 oor die regering van die Kaapkolonie: "We verwachten veel van dit echt afrikaanse ministerie: onze lagere scholen smachten naar hervorming; onze hogere scholen hebben grieven; onze eksamens eisen gelijkstelling van het Hollands met het Engels; we gevoelen ons aan de vooravond van grote veranderingen op het gebied van taal en onderwijs" (Zietsman 1992:72).

Die Nederlandse Beweging in Suid-Afrika

Van die belangrikste voorlopers van die Nederlandse beweging was volgens De Villiers (1936): De Lima en Changuion. Joseph Suasso De Lima wat die Nederlandse taal hartstogtelik liefgehad het, vestig hom gedurende 1818 aan die Kaap. Gedurende 1840 publiseer hy 'n bundel gedigte, waarvan een van sy gedigte: *De Hollandse Taal*, se eerste strofe as volg lui (De Villiers 1936:53):

O Heil'ge dierbare moedertaal,
Zoo rijk als wel verheven,
Geen vreemde of geleerde praal,
Behoef u kracht te geven;
Gij op u zelve dubbel schoon,
Zoo in nadruk als in woorden;
Kan nooit ontgaan aan Neerlands zoon,
Schoon verre of van Hollands boorden.

Lima het alles binne sy vermoë gedoen om die Nederlandse taal aan die Kaap te bevorder. Hy skryf en publiseer gedurende 1825 die eerste geskiedenisboek in Suid-Afrika: *Geschiedenis van de Kaap de Goeie Hoop* (De Villiers 1936:54). Hy het gedurende 1826 'n weekblad begin uitgee: *De Verzamelaar*²⁵, wat die eerste suiwer Nederlandse koerant aan die Kaap was. Op toneelgebied was hy ook aktief, en het 'n kindertoneelgeselskap gelei (De Villiers 1936:54).

Antoine Nicolas Changuion was die belangrikste voorloper van die Nederlandse beweging in Suid-Afrika. Hy is op 15 Desember 1803 in Den Haag gebore, uit 'n Hugenote familie. Hy is met die dogter van 'n Leidse Burgemeester getroud, en was ook Nederlandse gesant in Washington. In Leiden het hy gestudeer en ook les gegee.

Gedurende 1829 is die 'Zuid-Afrikaansche Athenaeum' opgerig en is 'n dosent gesoek in die klassieke tale, met Nederlands as medium van onderrig. Die pos is Changuion aangebied, en was hy elf jaar aan die instelling verbonde. Hy het talte werke in Nederlands en Engels geskryf, waarvan sy bekendste werk 'n Nederlandse spraakkuns was: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*, wat in 1844 verskyn het. Hy was 'n vurige kampvegter vir die Nederlandse taal in Suid-Afrika. Op opvoedkundige gebied was hy besonder aktief, ook later toe hy 'n privaatskool gehad

²⁴Jameson het beweer dat Hollands in die Kaapkolonie aan die uitsterf was.

²⁵Gedurende April 1830 is die naam gewysig na *De Zuid-Afrikaan*.

het, waar hy 'n aansienlike aantal leerlinge gehad het. Hy was 'n persoon van aansien, geleerd, geëerd deur almal en daarby 'n merkwaardige redenaar, en het sy ywer vir die saak van Nederlands hom bo sy tydgenote laat uitstyg (De Villiers 1936).

Organisasies ter Bevordering van die Moedertaal

Die Nederlandse beweging het eers in volle krag begin werk met die stigting van die Zuid-Afrikaansche Taalbond. Ook talle ander vereniginge en instellinge het die Nederlandse saak in Suid-Afrika moedig gesteun, waarvan die belangrikste genoem word.

De Zuid-Afrikaansche Taalbond

Die eerste en belangrikste kampvegter van die Nederlandse taal in Suid-Afrika, was die Z-A-Taalbond, met uit 1890 dateer. Die werksaamhede van die Taalbond, kan as 'n volksbeweging beskou word, omdat dit volgens De Villiers (1936:140) so 'n breë massa van die Afrikaners aangespreek het, soos blyk uit die woorde van P.G.J. de Vos in *De Volksbode* van 10 Desember 1891: "(N)iemand kan ontkennen dat het volk al geheel verklaard heeft: Wij willen onze taal behouden en de rechten daarvan handhaven" (De Villiers 1936:140). Daar is dan ook binne drie jaar na die stigting van die Taalbond, dertig takke gestig (De Villiers 1936:143).

Die bestuur van die Taalbond het uit prominente Afrikanerleiers bestaan, uit die opvoedkunde, kerklike en politieke organisasies. Na die Anglo-Boereoorlog het, volgens Zietsman (1992:52-53), mense soos proff. P.J.G de Vos en J.I. Marais van die Stellenbosse kweekskool, W.J. Viljoen van die Victoria College, ds. A. Moorrees, ds. L.P. Vorster, Jan Hofmeyr, F.S. Malan en dr. J.M. Hoffman, M.J. Stucki, ds. Geo Malan, dr. G.G. Cillié, ds. D.S. Botha, ensovoorts in die bestuur gedien. De Vos was ook raadslid van die Victoria College en lid van die NG kerk se Commissie van Waaksamheid in Zaken het Onderwijs. Marais was onder andere kweekskooldosent en hoogleraar in Hebreeus aan die Victoria College, president van die Collegeraad, mederedakteur van die *Gereformeerde Maandblad* en lid van die Kaapse Universiteitsraad. Viljoen was direkteur van Onderwys in die Vrystaat en later ook die eerste Afrikaner superintendent-generaal van onderwys in die Kaapprovincie. Jan Hofmeyr was koerantredakteur, en ook die vader van die Afrikanerbond. F.S. Malan was koerantredakteur en lid van die Kaapse Wetgewende vergadering. J. Hoffman was geneesheer, Parlementslid en spitsfiguur in die Afrikanerbond. Moorrees was assessor en daarna moderator van die NG Kerk en later hoogleraar aan die Kweekskool. Hy was ook eksaminator in Nederlands vir die Taalbond- en Kaapse Universiteitseksemens en digter in Nederlands. Botha was 'n leier op die gebied van die onderwys, en ook assessor en later moderator van die NG Kerk in die Kaapprovincie.

Die Taalbond was veral bekend weens sy leiding op die gebied van die hervorming van die Nederlandse skryftaal in Suid-Afrika (VNS). Verder was die Taalbond ook bekend vir sy jaarlikse eksamens in Nederlands en geskiedenis. Laer, Hoër, en Hoogste Taalbondeksamens kon afgelê word vir kandidate wat nog nie standerd 7, standerd 10 of BA geslaag het nie. Die eksamens moes vergoed vir die verwaeling van Nederlands en Suid-Afrikaanse geskiedenis in die skole en die Kaapse Universiteit (Zietsman 1992:54). Hierdie eksamens was ongetwyfeld suksesvol, en het die populariteit daarvan tot na Uniewording bly toeneem.

Vroue Vereniginge

Die Afrikaanse Christelike Vrouwen Vereniging (ACVV) is gestig om die Afrikaner, na die Anglo-Boereoorlog, op stoflike en geestelike gebied by te staan. Die vereniging het gedurende 1907 reeds 3,000 lede gehad. Gedurende die beginjare van die vereniging het die belang van die Nederlandse taal hoë prioriteit geniet. By die stigting van die Kaapstadse tak, waarmee die vereniging se opgang begin het, was die fokus skerp op die bedreiging van die Nederlandse taal: 'de ervenis der Vaderen'. Tydens die vergadering het Elizabeth Roos beklemtoon dat die vereniging nie teen Engels was nie, maar dat Nederlands in die verlede jammerlik verwaarloo is, en "als men Godsdienst, Volk en Taal wilden behouden, de Hollandsche Taal op den voorgrond moet gesteld worden" (Zietsman 1992:49). Gedurende die kongres van 1906, is heelwat tyd afgestaan aan die verwaarlosing en miskenning van Nederlands in die onderwys, die openbare dienste, in koshuise en Afrikanergesinne. Stapte is gedoen vir die bevordering en verspreiding van Nederlandse lektuur en is 'n kommissie aangestel om in oorleg met ander Afrikanerorganisasies maatreëls te tref vir die opstelling van 'n goeie Suid-Afrikaanse geskiedenisboek in Nederlands.²⁶ Verder is beurse uitgeloof vir Taalbondeksamens en die opleiding van 'n belowende dogter as onderwyseres in Nederlands. Ook het plaaslike takke hulle besig gehou met die inrigting van Nederlandse biblioteke. Die 1906 kongres het 'n voorstel eenparig aanvaar dat Nederlands in alle opsigte en spesifiek op alle onderwysterreine dieselfde regte moes hê as Engels, "ten einde onze kinderen in staat te stellen naast de taal van hun koning ook die van hun moeder machtig te worden" (Zietsman 1992:50).

Gedurende Februarie 1908 is in die Vrystaat onder voorsitsterskap van die vrou van pres. Steyn, besluit om 'n groot organisasie te stig, die Oranje-Vrouevereniging, met as doel om te werk vir alles wat die verheffing van die volk, veral die jeug, betref: "Door het vervullen met liefde en eerbied voor de Hollandse taal...." (Nienaber & Nienaber 1941:147).

De Zuid-Afrikaanse Onderwijzers Unie (ZAOU)

Die Onderwysersunie het 'n belangrike rol gespeel in die uitbouing van die Nederlandse taal in Suid-Afrika. Gedurende April 1905 het 'n kongres van Nederlandse onderwysers in Kaapstad byeengekom, om oor die vereenvoudiging van die Nederlandse skryftaal (VNS) te besin. Die kongres het die VNS aanvaar en besluit om 'n vereniging in die lewe te roep "die in overleg met reeds bestaande lichamen, zoals de 'South African Teachers' Association', en de 'Zuid-Afrikaansche Taalbond' waken zal voor de belangen van 't onderwijs in 't algemeen, en die van 't Nederlands in 't biezonder" (Zietsman 1992:51). Dit was dan ook die doel van die ZAOU ooreenkomsdig sy statute wat op 12 Desember 1905 goedgekeur is op die eerste kongres van die vereniging (Zietsman 1992:51). Zietsman (1992:52) skryf ook dat die ZAOU-kongresse 'n forum gebied het vir die uitwisseling van gedagtes oor die stand en onderrig van Nederlands in die openbare skole. Onderwysers kon met gesag praat oor die taal se verwaarlosing in die onderwys en die rampspoedige gebrek aan Nederlandse moedertaalonderwys. Verder het die ZAOU gehelp om Nederlandse boekery in die skoolbiblioteke op te bou, en ook Nederlandse lektuur bekendgestel en versprei, en 'n leeslus in die taal opgewek (Zietsman 1992:52).

Ons Spreekuur

²⁶Die boek het gedurende 1910 verskyn onder die naam *Geschiedenis van Zuid-Afrika voor schoolgebruik*, as 'n gesamentlike poging van die ACVV, die Taalbond, ZAOU en die skrywer Molsbergen (Zietsman 1991:61).

Onder die studente en oudstudente van die Victoria College en die Kweekskool is gedurende 1895 die bekende letterkundige vereniging: Ons Spreekuur gestig, onder leiding van prof. W.J. Viljoen. Die vereniging het hom beywer vir die bevordering van die Nederlandse taal en letterkunde, en was die doel van die vereniging, volgens Perold, om die jong geslag te besiel met die skone letterkunde en musikale produksie van hul moedertaal Nederlands, of volgens F.P. Cillié, om "ons volk, insonderheid ons Jong Zuid Afrika, met liefde te bezielen voor de taal onzer vaderen en onzer Kerk" (Zietsman 1992:54). Die vereniging het een keer per week byeengekom, om temas uit die Nederlandse letterkunde te bespreek, en is met Nederlandse liedere afgewissel, terwyl 'n toneelstuk een keer per jaar opgevoer is (Zietsman 1992:55).

Debatsvereniginge en die pers

Talle vereniginge het oor die land opgeskiet om die Nederlandse taal te bevorder. In talle van hierdie vereniginge was slegs Nederlands toegelaat en geen Engels nie. Dit was dan ook byna onvoorstelbaar "welk een groote verandering zoo 'n vereeniging onder de jonge menschen brengt, vooral onder de min bevoorrechten, die zelden of nooit in die kerk komen of naar het dorp gaan, behalve toen zij gedoopt en aangenomen werden" (Zietsman 1992:55).

Die pers, gedurende die tyd, het ook 'n groot bydrae gelewer in die uitbouing van die Nederlandse taal in die land. Zietsman (1992:56) skryf: "Deur die pers is die openbare mening oor die taal gevorm en het die strydkragte-die NG Kerk, die ACVV, die ZAOU, die Taalbond en die Afrikanerbond - hul invloed in groter Afrikanerkringe laat geld." Ook die Nederlandse tydskrifte in die Kaapprovincie het volgens Zietsman (1992:56) hand aan hand geveg om die Nederlandse taal uit te bou: "Daardeur het hulle bygedra tot die lees en skryf van Hollands in 'n tyd toe die magtige Engelse stroom steeds gedreig het om die Afrikaner en sy taal te verswelg."

Die Hollandse Kerke in SA

Die Hollandse kerke in Suid-Afrika was vurige voorstanders van die Nederlandse taal in Suid-Afrika. Taal en godsdiens was nou verweefd. So sterk was die binding met die Hollandse taal, dat die Kaapse NG Kerk ook nooit die VNS aanvaar het, in sy amptelike geskrifte en in *De Kerkbode* nie, ten spyte van talle oorredingspogings deur die Taalbond-hoofbestuur (Zietsman 1992:96). Die Hollandse kerk was verder die sterkste vesting van die Nederlandse taal, en ook die mees beskermde, want die Kerkorde van De Mist het dit tot sekere mate onafhanklik van die staat gemaak (De Villiers 1936:38). Sonder die Hollandse kerke in Suid-Afrika sou Nederlands 'n vroeë dood in die land gesterf het.

Daarby het die professore van die NG kerk se Kweekskool ook 'n sterk bolwerk gevorm ten gunste van Nederlands, maar in die loop van 1919 het ook hulle aanvaar dat Afrikaans die stryd teen Nederlandse sou wen. In November 1919 het die sinode dan 'n mosie aanvaar ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling (Scholtz 1980:23).

Die Griewe van die Hollandssprekendes

In die naoorlogse jare het die Kaapse Afrikaners onophoudelik geprotesteer teen die minderwaardige posisie van hul taal, en die miskenning en verontagsaming van Nederlands in die openbare dienste. Hierdie ontevredenheid is geuit op sinodesittings, in die Nederlandse pers, op die kongresse van die Taalbond en die ACVV. Ook is petisies aan die regering gestuur, waarin die

taaltoestand beklaag is (Zietsman 1992:50-63). Hierdie griewe het volgens Zietsman (1992:63) daarop neergekom dat daar dikwels niemand op spoorwegstasies en treine, en in pos-, magistraats-, en ander staatskantore was wat Afrikaners in hul eie taal kon bedien nie, en dat hulle dikwels ewe bars beveel is om Engels te praat deur amptenare wat nie Nederlands verstaan het nie; dat openbare kennisgewings in Engels en selfs Swarttale was, maar nie in Nederlands nie; en dat dokumente en vorms dikwels nie in Nederlands bestaan het nie; en dat die poskantoor nie Nederlandse telegramme korrek kon oorsein nie.

Ons Land van 23 Desember 1905 berig dat tydens die ZAOU-kongres van Desember 1905 prof. W.J. Viljoen gesê dat die Afrikaner nie om gunste bedel nie, maar 'n reg eis wat hom deur Gods beskikking toekom, en dat die Nederlandse taal in Suid-Afrika nie by die agterdeur ingesluip het nie, maar hier bestaan het lank voor die Engelsman op Suid-Afrikaanse bodem sou droom (Zietsman 1992:64).

Sukses van die Nederlandse beweging

Na die Anglo-Boereoorlog het die Nederlandse beweging in Suid-Afrika ongekende steun geniet, en ongekende bloei ervaar (De Villiers 1936:183). Die Nederlandse beweging wat uit 'n waaier van verenigings en die pers bestaan het, het ten spyte van die geweldige steun vir Engels vooruitgang geboek. W.J. Viljoen het as eksaminator aan die Kaapse Universiteit gedurende 1906 vermeld dat daar 'n groeiende belangstelling in die vak Nederlands was, selfs onder Engelstaliges en dat die kwaliteit van Nederlands verbeter het, want gedurende die 1905 eksamens het 61% van die kandidate vir skoolhoër, 67% vir matriek en 73% vir die BA die Nederlandse eksamen geskryf (Zietsman 1992:82). Ook het die *Gereformeerde Maandblad*, wat die taaltoestand krities gemonitor het, aangevoer dat die posisie van Nederlands drasties in die skole verbeter het vergeleke met dertig jaar tevore, en het talle NG-gemeentes in hul jaarverslae melding gemaak van die vordering en verbetering van Nederlands in die staatsondersteunde skole (Zietsman 1992:82).

Hierdie opbloei van Nederlands het tot na Uniewording voortgestuur, waarna dit begin gaan het. Veral nadat in 1918 'n ordonnansie uitgevaardig is, waardeur Afrikaans op skool die plek van Nederlands sou inneem (Scholtz 1980). Met die invoering van Afrikaanse eksamens op skool, veral op hoërskool vanaf 1919, moes Nederlands vir Afrikaans begin terugstaan. Dit blyk duidelik uit die aantal kandidate vir die Nederlandse Taalbondeksamens (De Villiers 1936:260, Zietsman 1992:54):

Jaar	Kandidate
1903	847
1907	2,305
1909	4,004
1910	4,451
1913	5,324
1918	7,339
1921	4,971
1923	3,739
1924	1,728

Die Bedreiging van Nederlands

Sedert die oorname van die Kaap deur die Britte, het Engels 'n groot aantrekking onder die Nederlandstalige publiek geniet. Aan die Nederlandssprekende publiek is ook 'n glansbeeld van Engels voorgehou, soos blyk uit die *Cape Argus* van 19 September 1857: "There are many things...which will advance the moral and social progress of the colony; but nothing will conduce more to these great ends than the substitution of the English language for the present Cape Dutch. Let then your language and your nationality go..." (Scholtz in Nienaber & Nienaber 1941:50). Teen die middel van die vorige eeu was Engels selfs op die platteland populêr. So skryf in 1856 *de Gereformeerde Kerkbode*, dat ouers daarop aandring dat hul kinders eerder Engels moet leer, want "het Hollandsch leeren de kinderen van zelven" (Zietsman 1992:3). Volgens Zietsman (1992:3) was dit die begin van die "Hollandsch-komt-vanzelf-gedagte wat daartoe bygedra het dat Afrikanerkinders tot in die eerste dekade van die twintigste eeu weinig Nederlands geleer het, maar eerder Engels.

Omdat talle Afrikaners Engels graag wou leer, en ook in die Engelse kultuurlewe opgeneem wou word, het dit tot vurige twiste gelei. Oor die Nederduitse taal herinner J.H.N. (ds.J.H. Neethling?) gedurende 1856 sy taalgenote: "(E)en kleinood u nagelaten door uwe ouderen, is een van groote waarde, geheilige als zij is door hare betrekking tot uwe gereformeerde godsdienst; door uwen staten-bijbel, dan welke er geene betere overzetting uit de oorspronkelijke talen is; door uwe Psalm berijmingen en gezangen, welke gij vergeefs in andere talen, zult zoeken" (Zietsman 1992:5-6).

Die drang om Engels te leer was groot, skryf iemand op 25 Januarie 1890 in *De Zuid-Afrikaan*: "Het is omdat wij, Afrikaanders, ons aan den eenen kant verbeelden dat de Hollandsche taal eene verachte en gedoemde is, en aan den anderen kant dat de Engelsche eene uitverkorene en heilige is" (Zietsman 1992:10). Teen die einde van die vorige eeu het Afrikaners, wanneer hulle maar 'n paar woorde Engels geken het, slegs Engels gebruik, en as hulle dit eers geken het, het Engels hul omgangs- en godsdienstaal geword. Daarbenewens was baie Afrikaners skaam vir hul taal en het hulle Engels makliker gevind as Nederlands (Zietsman 1992:15). Sargant skryf ook dat hy gedurende die Anglo-Boereoorlog hoogs beïndruk was met die sterk begeerte en gretigheid van Boerekinders en Boerekrygsgevangenes om Engels te leer (Zietsman 1992:30).

Daarby het die Engelse nie gras onder hul voete laat groei om die Afrikaners te verengels nie. So skryf Sargant gedurende 1903, as Transvaalse Direkteur van Onderwys aan lord Milner: "We must appeal to England and the brothers and sisters of those who have fought for the Empire, asking them to come over to carry out that part of the work which their kinsmen were not able to complete. Our military operations have resulted in the greater part of the boys now remaining in the camps, and I am convinced that we have no better opportunity than now to make them all English-speaking next year... What we now require here are women, highly capable teachers with strong patriotism who would be willing to come hither and face the hardships of the camp life, in order to teach the children of the burghers our language and our ideals. Gradually these children should also be taught our great Imperial ideals" (Kannemeyer ongedateerd:17). Joseph Chamberlain het ten tye van sy besoek aan Suid-Afrika gedurende 1903, gesê dat "any aspirations for a separate Dutch identity....are absurd and ridiculous" (Scholtz in Steyn 1987:49).

Na die Anglo-Boereoorlog was Nederlands uit verskeie van sy hoë funksies verdring. Milner het die Nederlandssprekende staatsdiensamptenare van die twee gewese republieke vervang met Engelse en in die onderwys is Engels ingevoer. In die vredesverdrag is reeds bepaal dat die medium van onderrig Engels sou wees, en Nederlands kon vir 'n maksimum van vyf uur per week onderrig word. In die Kaapkolonie het Nederlands verskeie van die regte verloor wat gedurende die vorige twee dekades so moeisaam verwerf is. Daar het Sir Gordon Sprigg die staatsdiens vol Engelse gestop. Hierdie eentalige amptenare het 'n minagtende houding ingeneem teenoor die Nederlandssprekende publiek. Veral Milner wou dan ook deur middel van Britse immigrasie die Engelssprekendes die getalsterkste groep maak. Volgens hom sou die "South African problem" nie opgelos kon word nie "until a large proportion of the farmers are British" (Steyn 1980:175). Ook was daar 'n vrees dat die Engelse later by die stembus verslaan sou word en was die oorlog wat hulle kom veg het, dan verniet gewees. Die gevolg was dat duisende Britte die land binnegestroom het en duisende Nederlanders uit die gewese Zuid Afrikaansche Republiek padgegee het.(Steyn 1980:174).

Talle Afrikaners het met die eeuwisseling Engels begin gebruik. So berig die *De Volkstem* van 19 September 1903, dat die voorsitter van die Transvaalse landboukongres in sy openingsrede gesê het, dat dit altyd die gebruik was om Hollands te praat, maar vanweë die veranderde omstandighede, na die oorlog, en omdat hy 'n getroue en lojale onderdaan is, sal hy in "'t Engels spreken" (Steyn 1980:177). Mansveld (1902:13) skryf: "Over één ding moet men zich bij dit alles verwonderen en dat is, dat, ondanks de stiefmoederlijke behandeling, die de Nederlandsche taal nu ongeveer een eeuw lang in de Kaap-Kolonie ondervinden heeft, deze zich tot nog zoo wèl heeft weten te handhaven. Men vindt, weliswaar, Afrikaner families van Hollandsche afkomst, waarin het Hollandsch niet meer als huistaal gehoord wordt en die zich daar zelfs op laten voorstaan met een dom hooghartig: "I don't understand Dutch"..."

Engels het sy wortels egter diep in die Afrikaanse gemeenskap gevestig soos blyk uit 'n verslag van 'n provinsiale kommissie in 1915 na die uitvoering van die 1912-taalordonansie. Toe was Engels die uitsluitlike voertaal van 40% van die Afrikanerkinders onder standerd 4, terwyl slegs 0.61% van die Engelse kinders se voertaal Nederlands was (Zietsman 1992:75). In veral die meisieskole gedurende die laaste dekades van die vorige eeu asook die eerste dekades van die eeu, was Engels besonder populêr. Hierdie skole was dikwels onder Afrikaner bestuur, het Afrikaans-Nederlandse hoofde gehad en is hoofsaaklik deur Afrikanerdogters besoek, maar Engels was die oorheersende onderwys-, omgangs- en godsdiensstaal. In die klaskamer was alles net Engels gebruik, die kinders het na skool met mekaar Engels gepraat en het die koshuisbestuur gesorg vir Engelse godsdiensbeoefening. Tydens die skoolure en ook na ure was dit 'n oortreding gewees indien die meisies met mekaar Nederlands gepraat het (Zietsman 1992:81). In talle skole is gebruik gemaak van 'n blokkie, of 'n plankie waarop die woorde "I am a donkey" geskryf was. Hierdie "Dutch Mark" is om die nek gehang van elke kind wat Nederlands gepraat het. Ontdek die draer van die "Dutch Mark" 'n ander kind wat Nederlands praat, het die nuutgevonde kind die draer van die "Dutch Mark" geword. So is die "Dutch Mark" van kind tot kind aangegee, en wie die dit teen die einde van die dag in sy besit had, is gestraf. Een van die strawwe was om honderde keer die reël uit te skryf: "I must not speak Dutch and ought to know it by now" (Nienaber & Nienaber 1941:59).

Dale, 'n skoolinspekteur het gedurende 1859 by 'n staatskool 'n prominente kennisgewing opgemerk wat gelees het: "It is forbidden to speak Dutch" (Nienaber & Nienaber 1941:58). Nienaber & Nienaber (1941:29) skryf dat die staatskole hard geywer het om die kinders, die volk van more, te vang vir die drome van die Britse imperialisme: "Die skole was nie in die eerste plaas bedoel om die jeug kennis by te bring nie, maar om hulle te denasionaliseer en te verengels." Kinders het skaam begin kry om Afrikaners te wees en het daarvan gedroom om Engels te word. Talle kindername is verengels en veral dogters het *Polly, Joey, Fanny, Lizzy, Baby, Girlie, Kitty, Dolly*, ensovoorts geword. Die welgestelde boer het ook die name van sy landgoed, sy honde, katte en perde na Engels verander. Die Afrikaner het sy eie geestesgoedere, sy volk, sy taal Nederlands, geringskat of begin verag. 'Dutch' het 'n onaangename bybetekenis gekry as 'plat', 'minderwaardig' of 'ongelearerd'. Selfs familiename soos *Van der Bijl* en *Van der Merwe* is uitgespreek as *Wenderbaail* en *Wendermurwie* (Nienaber & Nienaber 1941:61).

Opmerking.

Uit gemelde bespreking is dit duidelik dat die Afrikaner Nederlands as sy moedertaal beskou het. Dit was aanvanklik die standpunt van alle Afrikaners, en opmerklik was dat met die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal, dit die Afrikaner-elite was wat aan die Nederlandse kultuurtaal bly vashou het.²⁷ Afrikaners het hoë agting en respek gehad vir hul taal, en dit met liefde en trots gekoester. Verder is dit duidelik dat die Afrikaner voor 'n enorme Engelse bedreiging gestaan het, waarmee hy geen raad geweet het nie.

Nederlands in België

Mijn Vlaanderen spreekt een eigen taal;
God gaf elk land de zijne,
en, laat ze rijk zijn, laat ze kaal;
Ze is Vlaams en ze is de mijne!

Studio Gezelle

Die staat België bestaan sedert 6 Februarie 1993 uit vier regios, tewete: 'n Vlaamse regio met byna ses miljoen inwoners; 'n Waalse regio met ruim drie miljoen inwoners; 'n Duitse regio met byna 70,000 inwoners; en tweetalige Brussel met byna een miljoen inwoners. Dan bestaan die land ook uit tien provinsies, waarvan Wes-Vlaandere, Oos-Vlaandere, Limburg, Antwerpen en Vlaams-Brabant, Nederlandstalig is. Luik,²⁸ Luxemburg, Henegouwen, Namen en Waals-Brabant is Franstalig.

²⁷Nie net gegoede Afrikaners het Nederlands as hul moedertaal beskou nie, maar ook talle laaggeskoolde mense. My eie oorgrootvader aan vaders syde (PPvE °1874 - †1944) was 'n eenvoudige boer, maar was 'n vurige voorstander van Nederlands. Vir hom was Afrikaans gewoon geen taal nie, en het hy veral die gebruik van Afrikaans in die kerk en tydens godsdiensbeoefening beveg. Die Afrikaanse Bybel het hy nooit aanvaar nie.

²⁸Luik is Frans- en Duitstalig.

Historiese Agtergrond

Gedurende die Middeleeue was Wes-Vlaandere 'n ekonomiese sowel as kulturele welvarende sentrum. Die ontwikkeling was veral rond die stede Brugge, Gent en Ieper, wat 'n skat aan Middelnederlandse tekste opgelewer het. Hierdie taalinvoed vanuit Wes-Vlaandere het alle streektale in die lae lande beïnvloed (Van Loey 1945:26). Brabant sou hierna, dus sedert die vyftiende eeu die brandpunt word van 'n ekonomiese en kulturele oplewing en in 1425 word die eerste Nederlandse universiteit te Leuven gestig. Die ekonomiese oplewing lei tot die groei van die stad Antwerpen, en gedurende die begin van die 16de eeu was Antwerpen die grootste handelstad en die belangrikste finansiële sentrum van Wes-Europa (Van Haver 1989:12). Hierdie hoë welvaartsvlak het dan ook daartoe gelei dat die taal in Brabant, model gedien het vir al die ander streektale in die Nederlande, tot die tweede helfte van die sesde eeu.

Die Brabantse leiersrol word versteur met die val van Antwerpen, in Spaanse hande tydens die tagtigjarige oorlog in 1585, en was dit die begin van die skeiding tussen die Noordelike en Suidelike Nederlande. Gedurende die tweede helfte van die 16de eeu, het duisende Vlaminge na Noord-Nederland verhuis.²⁹ Die tweede universiteit op Nederlandse bodem is gedurende 1575 te Leiden opgerig. Dit was die einde van die leidende rol van Brabant op taalgebied, en sou die provinsies Holland (Noord en Suid) sedert die sewentiende eeu, die Goue Eeu, die leidende rol speel. As gevolg van die bloeiende oorsese handel, die verowering van koloniale gebiede, en deur 'n buitengewone ontwikkeling op letterkundige en wetenskaplike gebied, het die ondernemende intellektuele die provinsies Holland tot 'n hoë peil van beskawing en welvaart gelei. Hierdie hoë vlak van ekonomiese en intellektuele ontwikkeling, was in 'n groot mate te danke aan die invloei van Vlaamse intellektuele na Hollandse stede, as gevolg van die tagtigjarige oorlog. So het Amsterdam in 1622 uit 33% Vlaminge bestaan, en Leiden uit 67% Vlaminge (Hagen & Giesbers 1988:31).

Die Spaanse tyd (1648 - 1713)

Sedert die instelling van die Grote Raad in 1445 het die Nederlande 'n eenheid gevorm (Walgrave 1949:93). Maar gedurende 1648 vind die definitiewe politieke skeiding plaas tussen Noord- en Suid-Nederland, nadat Nederland sy onafhanklikheid van Spanje verkry het. Die twee gebiede sou van mekaar geskei bly, tot en met die val van Napoleon in 1814, toe Noord- en Suid-Nederland weer verenig kon word onder koning Willem I, as *Het Verenigd Koninkrijk der Nederlanden*. As gevolg van die emigrasie van Vlaamse intellektuele na Nederland, het Vlaandere op intellektuele sowel as ekonomiese terreine, swak begin presteer. Nadat Spanje Antwerpen in 1585 verower het, van die Nederland die Schelde gesluit. Die groot handelstad Antwerpen, wat die brandpunt van die ekonomiese en kulturele lewe van die Nederlande was, het as gevolg daarvan 'n ekonomiese dooie stad geword. Hawens soos Rotterdam en Amsterdam het egter ongekende bloei begin ervaar, en Suid-Nederland het op kulturele, ekonomiese en intellektuele gebied begin stagneer.

Die Oostenrykse tyd (1713 - 1794)

In 1715 neem Oostenryk die Suidelike Nederlande oor, van Spaanse beheer. Oostenryk en Spanje het beide nooit daarin belanggestel om die taal van die Suidelike Nederlande te wysig nie. Frans het ongetwyfeld 'n enorme belangrike rol gespeel in die tyd in die gebied. Dit was die taal van die adellikes en ook die amptenary. Alhoewel Frans die taal van die adel was, en dus 'n prominente rol

²⁹Die stad Antwerpen alleen het 70,000 van sy inwoners verloor, uit 'n totaal van 150,000.

gespeel het, is 'Vlaams' gebruik in die plaaslike besture van Vlaandere en Brabant. Dit is ook in die Hoge Raad, dus die Parlement gebruik, en ook in die justisie (Picard 1963:53). 'Vlaams' was ook die onderwystaal. Tydens die periode sou Jan des Roches 'n belangrike rol speel op die gebied van die Nederduitse taal in Vlaandere. Hy skryf onder andere gedurende 1761 sy *Nieuwe nederduytsche Spraek-konst*, en in 1769 'n woordeboek: *Nouveau dictionnaire françois-flamand et flamand-françois*, wat tot in 1830 herdruk is (Vercoullie 1925:70). In al sy werke gebruik hy volgens Vercoullie (1925:70) die Antwerpse dialek as norm, en sedert 1777 word ook die onderwys in Vlaandere gebaseer op die norme van Des Roches, wat spelling en spraakkuns betref. Des Roches sou dan ook bekend staan as die grondlegger van die "Nieuwe-Belgisch-Vlaemsche" spelling (Couvreur 1971:69).

Die Franse tyd (1794 - 1814)

In 1794 word die Suidelike Nederlande deel van Frankryk onder Napoleon. Die Franse oorheersing van Suid-Nederland sou twintig jaar duur, vanaf 1794 tot 1814. Napoleon sou 'n kragtige verfransingspolitiek toepas, en gedurende die tyd het Vlaandere vinnig verfrans. Franse amptenare, onderwysers, regters en advokate het die land binnegestroom, en Nederlands was verbode verklaar. Alle moontlike maatreëls is getref om Nederlands in Vlaandere uit te roei. Nederlands is uit die stadsbestuur, gereg en die leer verban, en "zelfs de verrichtingen van het privaat leven moesten om rechtsgeldig te zijn, in het Fransch gebeuren" (Vercoullie 1925:72). Daarby is die Nederlandstalige pers ook vervolg (Picard 1963:87). Selfs in die groot stede Gent, Antwerpen en Brussel, waar die stadsbesture Nederlands gebruik het, was verplig om slegs Frans te gebruik (Vercoullie 1925:73). Tog was daar ten minste een ligguntjie: Die laer onderwys kon in 'Vlaams' gegee word, maar die gehalte van die onderwys was beroerd, en die meeste van die onderwysers kon hul eie taal slegs met groot moeite onderrig (Picard 1963:87).

Die Hollandse tyd (1814 - 1830)

Nadat Napoleon verslaan is, is die Suidelike Nederlande met die Noordelike Nederlande verenig onder koning Willem I, onder *Het Verenigd Koninkrijk der Nederlanden*.³⁰ Hy sou dieselfde beleid as die Franse volg, naamlik, één land, één taal (De Jonghe 1967:44). Vir dié Verenigde Koninkryk moes die taal Nederlands wees, en het hy ook gehoop om mettertyd die Waalse en Duitse gebiede vir die Nederlandse taal te wen, deur die invoering van Nederlands as vak in alle skole van die Ryk (De Jonghe 1967:155). Die vreugde oor die verwerping van Franse gesag in veral Vlaandere was groot. Baie Vlaminge het die eenmaking met Nederland verwelkom.

Die koning het nie op hom laat wag nie, reeds op die 1ste Oktober 1814 is besluit dat alle openbare aktes in Nederlands moes wees in die Nederlandstalige provinsies van België. Vanaf 15 September 1819 is deur die regering besluit dat Nederlands die *landstaal* sou wees in die provinsies, betreffende die openbare bestuur, die gereg, die bankwese en die krygwese. Op 26 Oktober 1822 word dit ook op Brussel en Leuven van toepassing gemaak. Vanaf 1 Januarie 1823 was Nederlands die enigste taal wat in vermelde funksies gebruik kon word. Bitter min staatsamptenare was toe in staat om Nederlands te gebruik. Hierdie besluit lei egter tot groot ontevredenheid, veral aangevuur deur Walloniërs wat oral in Vlaandere die staatsdiensposte gevul het, maar ook Vlaminge self. Vele Vlaminge het die Nederlands van Noord-Nederland nie geken

³⁰Die nuwe Staat moes 'n nuwe naam kry. Van die voorstelle was: België, Neérlande en Pays-Bas (Picard 1963:103).

nie, en het selfs voorstanders van die aansluiting by die Noordnederlandse taal, die gesproke taal van die Noorde nog nooit eens gehoor nie (Van de Craen & Willemyns 1988:51). Daar was baie Vlaminge wat graag weer die twee Nederlande verenig wou sien en baie het ook geglo dat hulle die Nederlandse taal "magtig" was, maar "bij het eerste contact met de Hollanders al voelden, dat zij de taal toch eigenlijk maar zeer slecht kenden" (Picard 1963:101). Talle diskussies is op hoëvlak afgesteeek. Een van die vele stemme wat opgegaan het ten gunste van die éénheidstaal in die nuwe koninkryk, was die van priester Leo de Foere. Gedurende 1815 laat hy hom heftig uit teen Frans, en bepleit hy noue aansluiting by die taal van die Noorde, want "beyde die taelen hebben in hunne natuer niets verschillig en koomen onder de gemeene benaeming van Nederduytsche Tael" (De Vooys 1970:167). L. de Foere het die eenheid tussen Vlaams en Hollands beklemtoon, en gemeen dat dit twee dialektes van dieselfde taal: Nederduits, was. Oor die verskille tussen Vlaams en Hollands meen hy, dit is "geen wezenlyke maer toevallige verscheydenheden" (Suffeleers 1979:18). Maar daar was ook teenstand. Die oppositionele advokaat, P.J. Barafin het in 1815 betoog dat Vlaams en Hollands twee verskillende tale geword het, wat uitspraak, spelling, woordeskat en styl betref (Suffeleers 1979:18). Volgens Behaegel was daar diepgewortelde verskille (paard i.p.v. peird, staart i.p.v. steirt, vaardig i.p.v. veirdig...), wat "gevestigd op den hollandschen en vlaemschen tongval, de uytspraek der beschaefdste en geoefendste van elke landstreek zynde, voor het tegenwoordig, een geene vereeniging onderhevig zyn" (Suffeleers 1979:19). 'n Samesmelting tussen die twee 'tale' was vir Behaegel onhaalbaar. J.F. Willems wat 'n vurige voorstander was van taaleenheid tussen Noord en Suid, was bewus daarvan dat daar groot verskille in die taalgebruik tussen Noord en Suid was. Hy meen dat veral die onderontwikkelde plattelanders in die Suide daarvan oortuig was dat Hollands werlik 'n ander taal, 'n vreemde taal was, ewe onverstaanbaar as Hoogduits (Suffeleers 1979:23). Willems was aanvanklik nie gelukkig daarmee dat die Hollandse taal huidjie en muidjie deur die Suide oorgeneem moes word nie, want die glorieryke verlede toe Wesvlaams 'n dominerende rol in die Nederlande gespeel het, het nog vars in die geheue gelê. Hy skryf gedurende 1820: "Het oude Vlaemsch, dat eertyds evenzeer in de noordelyke als in de zuidelyke Provincien de wet gaf, moet onderdoen voor een dialect, hetwelk nu pas vyftig jaren den naem van Hollandsch heeft mogen dragen" (Suffeleers 1979:25). 'n Eie taal vir Vlaandere was egter vir Willems onaanvaarbaar. Hy het aanhoudend gewaarsku teen pogings om in Vlaandere 'een byzonder taeltjen' te probeer skep, wat volgens hom nie bestand sou wees teen Frans nie (Suffeleers 1979:29).

Dat die Vlaminge geglo het dat Hollands 'n gans ander taal was, was geen verrassing nie, so meen ook *De Eendragt* gedurende 1851: "Vóór 1830 beweerden de vlaemsche boeren dit ook, en dachten sy selfs dat Brugsch, Gentsch, Antwerpsch en Brusselsch vier verskillende talen zyn" (Suffeleers 1979:27).

Na die stigting van Het Verenigd Koninkrijk der Nederlanden, was die geestelike vervreemding veroorsaak deur die eeue lange skeiding tussen Noord en Suid duidelik. Die lewende besef van vroeëre eenheid was daarmee heen. Die Noorde het vir die Roomse Suide 'n vreemde, Calvinistiese, ekonomiese-vyandige land geword, "waarvan ze de taal bijna niet meer verstanden" (De Jonghe 1967:32). G.K. van Hogendorp, voorsitter van die *Gemengde Grondwetcommissie* in 1815 maak gedurende 1817 'n reis na die Suide en skryf hieroor: "Zij verstaan ons niet, als wij ons zuiver uitdrukken, de stijl van ons goede schrijvers is voor hun eene studie" (De Jonghe 1967:26).

Om die onkunde en weerstand teen Nederlands te breek, is deur die nuwe regering besef dat deeglike volksonderwys onontbeerlik was. Die regering span alle kragte in om die onderwys in Vlaandere te vernederlands. Aan die universiteite word Noordnederlanders ingevoer, en te Lier word 'n opleidingsentrum vir onderwysers gevestig. Vanuit Leuven word 'n brosjure versprei, getiteld: *Over het Herstel en de Invoering der Nederlandsche taal*. By die orige onderwyskolleges, en ook op die gebied van laer onderwys word ingrypende maatreëls ter vernederlandsing getref (De Vooys 1970:166). Die uitkoms was voorlopig teleurstellend: "(B)ijna overal stuitten de goed bedoelde besluite op tegenstand" (De Vooys 1970:166).

Die voorstanders van Frans het Nederlands as 'n minderwaardige taal gesien, en wou Frans as kultuurtaal ten alle koste probeer behou het. So skryf M Sabbe dat "elke poging om hun die taal te ontnemen en de armere Nederlandse in de plaats te stellen, als een misdaad dient beschouwd te worden" (De Vooys 1970:167). Die elite het hewig weerstand gebied teen die invoering van Nederlands, maar daar was ook teenstand in sommige volkskringe, "waar men het stijke, boekachtige Hollands niet gelijk wenste te stellen met de inheemse Vlaamse omgangstaal" (De Vooys 1970:166). Die gewone Vlaming was arm, en sy spreektaal het geen statuswaarde gehad nie. "Zij voelde zich tegenover de Hollandse ambtenaren van Willem I gelijkwaardiger wanneer zij de Franse standaardtaal gebruikte" (Van der Plank 1985:160). Daarby het talle Vlaamse priesters Hollands beskou as 'gevaarlijk werktuig der ketterij'.

'n Probleem op die gebied van die onderwys, was dat gedurende 1814 die spelling van Des Roches³¹ nog in Vlaandere gegeld het. Met die samesmelting tussen Noord- en Suid-Nederland, is die Noordnederlandse spelling (Siegenbeek) en spraakkuns, in die onderwys in Suid-Nederland ingevoer. Die Vlaamse leerlinge en studente moes dus van een norm na 'n ander oorskakel (Vercoullie 1925:74). Aanvanklik het dit nie op noemenswaardige verset gestuit nie, omdat gemeen is dat daar voordele steek in die navolging van 'n enkele taalnorm. Om die kulturele agterstand in Vlaandere weg te werk, is deur die nuwe regering heelwat aan onderwys bestee, soos ruim duisend kosteloze laerskole, sewe athenea, die onderwyskollege te Lier en die drie ryksuniversiteite te Gent, Leuven en Luik (Beelen e.a. 1993:12). Die vrees het egter al groter geword, met die verandering op onderwysgebied, dat Protestantisme die Katolisme sou bedreig. Veral geestelike leiers het geglo dat die drastiese verandering op onderwysgebied ook die insluiping van Protestantisme in Vlaandere sou beteken. Sodra daar dan ook verset kom, "vond men in die twee schrijfwijzen een aanleiding om te beweren dat het Hollandsh en het Vlaamsch twee verschillende talen waren, en dat de Koning aan de Vlaamsche bevolking het Hollandsch wilde opdringen" (Vercoullie 1925:74). Nog 'n probleem op die gebied van onderwys, was dat die onderwysers die geykte, amptelik gespelde 'schrijftaal' as die enigste behoorlike taal beskou het, en daardeur aanstoot gegee het deur hul afkeuring van die 'slegte uitspraak' van die Vlaamse volkstale (De Vooys 1970:167).

Die verset teen die invoering van Nederlands het bly toeneem. Die ontevredenheid het so groot geword, dat daar gedurende 1829 selfs 'n petisie, teen die gebruik van Nederlands in Vlaandere, aan die regering voorgelê is. As gevolg van toenemende druk, is op 4 Julie 1830 deur 'n

³¹Des Roches het *straeten* en *mueren* geskryf en Siegenbeek *straten* en *muren*. Des Roches het 'n *ey* en 'n *uy* gebruik waar Siegenbeek 'n *ei* en 'n *ui* gebruik het. Des Roches het 'n eenvormige *den* gebruik in die manlike enkelvoud, in plaas van die nominatief *de* met die akkusatief *den* (Vercoullie 1925:78).

Koninklike Besluit die taalreëling ongedaan gemaak, maar 'n Belgiese volksopstand was reeds op hande. Koning Willem I het militêr probeer ingryp, maar die kleiner Noord-Nederland kon die groter Suid-Nederland nie meer onder beheer hou nie.³² Nie alle Vlaminge was teen die Nederlandse 'oorheersing' gekant nie. In 1825 nog loof die digter Bilderdijk, die eenwording van die Nederlande:

*"Geen Holland meer braveert, geen Vlaanderen heft den schedel;
't Is Néerland. Vaderland, in glorie onverdeeld!
Door afkomst, heldenmoed en zwaard en dichters edel,
Is 't één, één zelfde vlam, die beider borst doorspeelt."* (Picard 1963:103).

Die rede waarom die Suide nie graag deel van die Noorde wou wees nie, was dus diepgeworteld. Die Vlaminge kon die hereniging met Noord-Nederland nie verwerk nie, die wantroue was te groot. Hulle het gevoel dat Nederland hulle in die steek gelaat het tydens die Tagtigjarige oorlog, deur hulself as onafhanklike staat uit te roep, terwyl die Suide nog onder Spaanse beheer gestaan het. Daarby het hulle ook gesien hoe hul intellektuele die Suide verlaat het vir die Noorde, en het hulle hul ekonomiese verval gesien as veroorsaak deur Nederland wat die Schelde gesluit het. Daarby het die Katolieke Vlaminge 'n wrewel gehad in alles wat Protestants was, en die Hollanders wat nou as oorheersers gesien is, was Protestante. Sedert die begin van die nuutgestigte koninkryk wou dinge tussen Willem I en sy onderdane maar net nie vlot nie. By sy inhuldiging in Brussel kom sy Hollands-suunigheid na vore toe hy koper sente gestrooi het in plaas van silwergeld. Sy troon was nie van goud nie, maar van vergulde hout. Daarbenewens praat die 'Nederlandse kampioen' ook in Brussel met die Franstalige aristokrasie Frans (De Vries e.a. 1994:115).

Na 1830

Die Franse rewolusie, wat vryheid, gelykheid en broederskap voorgestaan het, het 'n groot invloed uitgeoefen op die denke van die Belgiese rewolusionêres (Walgrave 1949:121). Veral die towerwoord 'vryheid', wat die afwerping van Hollandse gesag sou beteken, is goed gepropageer, deur die Franstalige elite. Na 1830 was daar volgens Van Loey (1945:45) in Vlaandere 'n "vrij hevige reactie tegen alles wat Hollands was." Taalvryheid was op die nuwe staat van toepassing, wat in die praktyk beteken het dat Frans die oorheersende taal was. Gedurende die tyd het Frans ook 'n hoogtepunt as elitêre taal beleef. Dit was tydens die 18de en 19de eeu die taal van die elite, nie net in Frankryk nie, maar oor die hele Europa (Bourhis 1982:41), en dus ook populêr in die Nederlande.

Op die oog af mag blyk dat die korte hereniging (1814-1830) tussen Noord en Suid, en 'n anti-Hollandse houding die verhouding tussen die twee lande drasties sou versuur het, maar in werklikheid was die hereniging, enórm belangrik vir die taal. 'n Aantal Vlaamse intellektuele en

³²Die aantal inwoners in Het Verenigd Koninkrijk gedurende 1829 was in totaal 6,235,169 inwoners. Hiervan het 2,314,087 in Noord-Nederland gewoon, dus die huidige Nederland, en 3,921,082 in Suid-Nederland. In Suid-Nederland het 2,351,233 in Vlaamse gebiede gewoon, en 1,402,645 in die Waalse gebied, asook 151;317 in die Waalse deel van Luxemburg, wat tans 'n Waalse provinsie is. In die hele Ryk het 4,665,310 of ongeveer 75% van die bevolking deel van die Nederlandse taalgebied uitgemaak (De Jonghe 1967).

kulturele leiers het gedurende die tydperk die waarde van Nederlands vir Vlaandere besef, en sou dit ongetwyfeld later gelei het tot die permanente aanvaarding van Nederlands deur Vlaandere. "Hoe kort die periode van hereniging ook is geweest, en hoezeer de taalpolitiek van Willem I ook is mislukt, toch werd in die vijftien jaar die kiem gelegd voor die verheffing van het Nederlands in Vlaanderen." Sonder hierdie kortstondige familiereünie, sou België waarskynlik 'n Franstalige staat geword het, soos wat Frans-Vlaandere³³ in Frankryk verfrans het. (De Vries e.a. 1994:116)

In België het dus sedert 1830 taalvryheid geheers. Dit het daarop neergekom dat iedereen vry was om die taal van sy keuse te gebruik, en dit het geen verpligting op die staat gelê om 'n bepaalde taal te gebruik nie. Franstaliges het van dié taalvryheid gebruik gemaak om Nederlands maar so ver moontlik op alle terreine, te verban (Beelen 1993:19). Nog 'n towerwoord uit die Franse gedagtegoed was gelykheid. Daarom het die nuwe grondwet ook bepaal dat alle burgers gelyk was, maar stemreg was in die praktyk alleen beskore vir die ryk verfranse elite, of 1% van die totale bevolking (Walgrave 1949:123). Dit het dus beteken dat die regering 'n 'clubje van economiese en culturele machtigen' was, wat vir die Nederlandse taal min (of geen) oog gehad het nie (Beelen 1993:19). Van die betoverende vryheid het dus niets gekom nie, want die heerskappy van koning Willem I, is vervang deur ewe vervreemde klasse in Brussel (Walgrave 1949:123).

Die sogenaamde spellingsoorlog

Na die politieke breuk tussen Noord en Suid van 1830, was die eenheidsspelling tussen Noord en Suid daarmee heen. Die Suide het met 'n probleem gesit: Welke spellingsnorm moet in die Suide geld? Dit het aanleiding gegee tot die sogenaamde spellingsoorlog. In wese het dit volgens De Vooy (1931:164) meer dan bloot spelling gegaan, en was die dieperliggende meningsverskil eerder: "(Z)al men aansluiting bij Holland zoeken, door de hegemonie van de Noordelijke taal te erkennen, of moet men, aansluiting bij achttiende-eeuws Zuid-Nederlands en bij de dialecten, eigen Zuidelijke normen zoeken."

Op aanbeveling van Jan Frans Willems en die Leuvense hoogleraar David, skryf die Minister van Binne- en Buitelandse Sake 'n prysvraag uit, om voorstelle vir 'n nuwe spelling van die publiek te ontvang. 'n Kommissie van sewe lede (drie Vlaminge, drie Brabanders, en een Limburger), onder leiding van Willems, sou die aangeleentheid op hande neem. 'n Aantal voorstelle is deur die kommissie ontvang. P. Behaegel, wat ook aan die prysvraag meegedoen het, wag egter nie op 'n uitslag van die kommissie nie, maar publiseer sy 'vlaemsche spelkunst'. Behaegel het die kommissie gewantrou, en was die bedoeling van die kommissie volgens hom, "geheel ons vlaemsch allengskens naer het Hollandsch te vervormen" (Suffeleers 1979:29). Die prysvraag het volgens die kommissie geen heldere antwoord opgelewer nie, waarop die kommissie toe self 'n spellingsreeëling uitwerk en is dit bekend gemaak in 1839.³⁴ Hierdie spelling het egter vir alle praktiese doeleindes

³³Tot voor die aanhegting by Frankryk was die taaltoestand in Frans-Vlaandere nie anders as in die res van die Nederlandse taalgebied nie (Duvoskeldt 1994). Wanneer 'n mens vandag in Frans-Vlaandere rondbeweeg, merk jy nêrens iets in Nederlands nie, behalwe die familiename wat op sommige onderneminge pryk. Die taal wat jy op straat hoor is Frans, dit is die reklametaal in die winkelvensters en op die markte, die taal op alle kennisgewings en die name van strate. Probeer 'n mens met die inwoners in Nederlands kommunikeer, besef jy dat Nederlands vir hierdie mense 'n vreemde taal geword het; hulle verstaan daar geen snars van nie.

³⁴Die voorstel was as volg: 1 Die lang klinkers, behalwe die skerplange *e* en *o*, word in 'n oop lettergreep enkel gespel; dus *straten* en *muren* in plaas van *straeten* en *mueren*. 2. Die aksenttekens word wegelaat. 3. Die

nie wesenlik van die Noordnederlandse norm afgewyk nie. Tydens 'n byeenkoms van letterkundiges en onderwysers op 11 Oktober 1841 word die nuwe spellingsnorm aanvaar, met enkele wysigings ten opsigte van die tweeklanke.³⁵ In Gent besluit die *Taalkongres* op die 23ste Oktober 1841 om die spellingswysiging te aanvaar. Jan Frans Willems, leier van die Vlaamse beweging, het heelwat inspanning op talentvolle wyse gelewer, ten einde sy opponente te oortuig van die voordele van die nuwe spelling. Hy het maar al te goed besef "dat alleen een algemeen beschaafd-Nederlands, als kultuurtaal, zich met gezag tegenover het Frans zou kunnen doen gelden" (De Vooys 1931:164), en hy wou die taal van Vlaandere maar so na aan Nederlands hou, as wat maar moontlik kon.

Aanvaarde en gangbare taalverskille wat ten 1815 as normaal beskou is, is teen 1830 as buitengewoon groot beskou, as synde 'n aanduiding dat daar werklik 'n Vlaamse en 'n Hollandse taal bestaan het: "(D)e mythe van de Vlaamse taal is geboren, de staatsgrens is voor de omwentelingsgezinden ook taalgrens geworden" (Suffeleers 1979:28). Teenoor J.F. Willems het die ekstreme separatiste gestaan onder leiding van L. de Foere en P. Behaegel, wat Noord-Suid-verskille so sterk moontlik probeer beklemtoon het, en 'n 'Vlaamse taal' wou konstrueer veral deur middel van 'n sogenaamde 'nationaal Vlaams spellingsysteem'. Volgens hulle ideaal sou geen enkele streek dominerend wees nie, maar sou 'n simbiose van die streektale moes ontstaan (Suffeleers 1979:113). Te Brussel is selfs 'n onderneming gestig onder die naam: *Vaderlands liefde*, wat 'n blad uitgegee het - *De Waeren Belg* - om die Hollandse spelling te bestry.

Willems het dit egter nie maklik gehad nie. Die Belgiese regering is veral deur voorstanders van 'n eie taal gedagte geadviseer, wat die voorgestelde spellingsreëling afgekeur wou sien. Couvreur (1971:69) skryf: "Tegen deze spel- en taalregeling, die het verschil tussen 'Vlaams' en 'Hollands' grotendeels ophief, kwam het Vlaamse taalparticularisme, dat sinds 1830 in Vlaams-België hoogtij vierde, openlijk in verzet." Die stryd was egter kort. Op 1 Januarie 1844 is die voorgestelde kommissiespelling dan ook deur 'n Koninklike Besluit amptelik bekratig vir gebruik by die vertaling van die *Bulletin officiel des lois et arrêtés*, maar nie nadat Priester De Foere heftig daarteen beswaar gehad het nie. Dieselfde man wat gedurende 1815 slegs toevallige verskille tussen Hollands en Vlaams gesien het, beskou die 'tale' nou as essensieel verskillend (Suffeleers 1979:34, Vercoullie 1925:79). Hierdie amptelike spellingsaanvaarding was 'n triomfantlike oorwinning vir Willems, en was die gedagte van 'n eie 'Vlaams' grotendeels van die baan.

Omdat hierdie spelling dus so min afgewyk het van Noordnederlandse norm (van Siegenbeek), het die teenstanders van die verhollandsing van Vlaams, onder leiding van De Foere, Behaegel, en Bônen met hernieuwe krag, maar sonder sukses, die eenheidstaal-gedagte tussen Noord en Suid, probeer verongeluk (De Vooys 1931:164). In Wes-Vlaandere was die sterkste teenkanting: Daar "bleef men zich nog gedurende eenige jaren na 1844 stelselmatig en opzettelijk van de spelling van Des

tweeklanke *ei* en *ui* word met 'n *i*, en die tweeklank *aey*, *oey* en *ooy* met 'n *y* gespel. 4. Die *g* voor 'n *t* word *ch*, oral waar die *g* nie oorspronklik was nie. 5. Die Hollandse verskil tussen die manlike nominatif en akkusatif word ingevoer. Die selfstandige gebruikte byvoeglike naamwoorde kry 'n *n* in die meervoud. 6. Die werkwoorde waarvan die stam op 'n *d* eindig, word *dt* in die tweede en derde persoon enkelvoud: bv. *hij wordt*. 7. Die stoflike byvoeglike naamwoorde kry 'n *n* in die auslaut. 8. Die keuse tussen *paerd*, *waerd*, *haerd*, *hart*, *smart* en *peerd*, *weerd*, *heerd*, *hert*, *smert*, ensovoorts is vry (Vercoullie 1925:78).

³⁵Die tweeklanke *ei*, *ui*, *aei*, *ooi*, *oei*, sou almal met 'n *i* gespel word, en nie met 'n *y* by *aei*, *ooi* en *oei* nie (Vercoullie 1925:79).

Roshes bedienen" (Vercoullie 1925:79). Die uitslag van die sogenaamde spellingsoorlog is in veral Wes-Vlaandere, onder leiding van Gezelle en sy volgelinge Duclos en De Bo, nie aanvaar nie. Die gevoel van De Bo gedurende 1873 was: "De Westvlamingen hebben wel in de 'schrijvende tael' hun spelling en spraakkunst geslachtofferd, maar ze spreken nog het voorvaderlike West-vlaams, ten onrechte beticht als 'platte taal'. Alle aangewonnen rijkdom haalt niet bij vaderlijk erfgoed. Die zuivere Vlaamse taal heeft twee vijanden: de een, het Frans, wil ze vernielen, de ander, het Hoogduits, waarvan het Hollands doortrokken is, wil ze verbasteren" (De Vooys 1931:166). Die beroemde *Almanach van Snoeck* te Gent, het volgens Vercoullie (1925:81), tot 1880 nog in die Des Roches spelling verskyn, as teken van weerstand teen die 'Hollandse' spelling.

Dit moet in gedagte gehou word dat die hele spellingsreëling hoofsaaklik gelei is deur slegs één man J.F. Willems. Willems het reeds gedurende die dertigerjare van die negentiende eeu, die belang van eenheid met Noord-Nederland bepleit, onder andere in sy artikel *Oorsprong en aard der Nederduitsche tael*, wat gedurende 1837 in die *Belgisch Museum* verskyn het. In 'n daaropvolgende artikel in die *Belgisch Museum*, skryf hy onder die titel, *Waerom wij door de tael met de Hollanders behooren vereenigd te blijven*, die volgende: "(H)et Nederlands is geen Hollands, maar een gemeenschappelik oud bezit, waarbij het oudste kapitaal door de Vlamingen versterk was. Door de aanvaarding van dat Nederlands hernemen wij ons eigendom!" (De Vooys 1931:165).³⁶

Na 1844

Sedert die totstandkoming van die staat België in 1830, is Nederlands steeds deur Franstaliges geminag, en het die verfransingsproses gewoon voortgeduur. Dit het die Vlaminge verbitter en die groei van die Vlaamse bewussyn aangevuur. Eise om erkenning van hul taal het al luider geklink, en in 1856 verskyn te Antwerpen die *Manifest van het Nederlandsch Kunstverbond* wat petisies en versoekskrifte nog krag bygesit het:

"Sinds vijfentwintig jaar zijt Gij, Vlamingen, miskend verdrukt en vernederd. Sinds vijfentwintig jaar wordt Gij in een vreemde taal aangesproken, gehoord, gevonnist en gerecht. Sinds vijfentwintig jaar hebt gij Frans geld, een Frans hof, een Franse wetgeving, een Frans bestuur, een Frans leger, een Frans gerecht. Sinds vijfentwintig jaar heeft de regering alles aangewend om, onder de steeds groeiende Franse invloed, dat enige te versmoren wat U nog als Nederlander overbleef; Uw taal het vaderland der ziel....Weest Frans, roept men ons toe, en alles zal gedaan zijn. Ha! weest Frans! Verbaster U! Verbrandt uw geschiedenis. Verloochedt uw voorgeslacht. Laat U van uw wortel rukken, waarop Gij voor eeuwen gegroeid zijt. Verliest al wat de Nederlander kenmerkt. Verkoop het Vaderland uwer ziel. Vergeet uw afkomst, de roem die Gij in vorige eeuwen als Vlaming gewonnen hebt, en alles zal gedaan zijn!" (Beelen e.a. 1993:23). Hierdie "Vlaamse Hulde", aan sy taal en kultuur was onsmoorbaar.

In die Belgiese Parlement is sedert 1830 alleen Frans as taal gebruik. Eers in 1869 het 'n Parlementslid dit gewaag om Vlaams te praat, maar toe gedurende die 80erjare meer Vlaamse afgevaardigdes Vlaams begin praat het, het dit op verset begin afstuur. Die Waalse afgevaardigdes

³⁶Hierdie invloed op Hollands, is veroorsaak deur die invloei van tienduisende Vlaminge (meestal hooggeskoolde en intellektuele) tydens, en veral na die tagtigjarige oorlog teen Spanje.

het gedreig dat hulle as teenreaksie dan Waalse dialekte sou begin gebruik sodat die Vlaminge dit dan ook nie sou verstaan nie (Van der Plank 1985:54).

Beide die twee staatsuniversiteite in België was Franstalig, en beide Vlaminge en Franstaliges het Nederlands as sosiaal en intellektueel minderwaardig beskou en die blote gedagte aan Nederlands as voertaal het hulle met afgryste vervul. Maar die gedagte van Nederlands (of Vlaams) as taal van die Vlaming, en nie Frans nie, het langsaam begin posvat. As gevolg van die sukses van die Vlaamse beweging word Antwerpen in 1866 die eerste Belgiese stad wat Frans vervang het met "Vlaams" as bestuurstaal (Van Haver 1989:14).

Gedurende die tyd is daar wel 'n aantal taalwette aangeneem, maar dit was van weinig belang, omdat dit nooit deurgevoer is nie. Vanaf 1873 is Nederlands in straf sake toegelaat, en in 1878 kon dit deur die owerheid gebruik word. Nederlands is eers weer in 1883 in die onderwys toegelaat. Die Vlaamse beweging, wat inderdaad 'n waaier was van talle taal en kulturele organisasies sou in toenemende mate druk op die regering uitoefen, om die gelykberegtiging van die Nederlandse taal.

1890

De Vooys (1931:179) skryf oor die periode na 1890: "Eerst langzamerhand drong het besef door, van hoeveel belang een beschaafd gesproken taal is, als basis voor een algemene, ook schriftelike taaleenheid." Toenemend is besef dat taaleenheid met Nederland die enigste uitweg is. Gedurende 1893 is in België algemene stemreg ingevoer, en van toe af kon die Vlaamse beweging vuis maak. Gedurende 1898 is daar ook toegegee aan die Vlaamse eis om erkenning van sy taal, toe die gelykheidswet aanvaar was, wat amptelike erkenning vir die Nederlandse taal ingehou het.

Frans is nog vroeg hierdie eeu beskou as 'n taal waarmee die Belge saamgebond kon word in 'n eenheidstaat. Die Belgiese Biskoppe het Frans toe nog vereenselwig met patriotisme, en vaderlands liefde, en was hulle van mening dat Nederlands nie 'n universiteitstaal mog word nie, en ook nie die onderwystaal in Vlaandere nie (Lindemans e.a. 1981:134). Sedert die begin van die twintigste eeu het daar 'n meer selfbewuste middelklas entrepreneurs in Vlaandere begin ontstaan, wat voortgebou het op die suksesse van hul voorgeslagte, en toenemend tot die besef gekom het dat die vernederlandsing van hul taal ook vordering op sosiale gebied sou meebring (Van de Craen & Willemyns 1988:52). Nederlands het ongetwyfeld 'n status-simbool in Vlaandere geword, 'n taal waardeur 'n mens opgang kon maak in die samelewing, met 'n belangrike funksie en gebruikswaarde.

Afgesien daarvan dat die taalwette wat gedurende die negentiende eeu tot stand gekom nie nageleef is nie, was dit net op Vlaandere van toepassing, en het dit van Vlaandere 'n tweetalige gebied gemaak. Eers gedurende 1910 is Nederlands in die onderwys afgedwing. Sedert 1930 nadat die Vlaminge skoonskip begin maak het by die stembus, het die Vlaamse beweging werklik krag begin toon. Die Vlaming was nou onstuitbaar in opmars en die taal was een van die simbole wat hom aangevuur het. Die Parlement het ook besluit om 'n aantal lede na Switserland af te vaardig om die taalreëling en taalwetgewing daar te gaan bestudeer (Lindemans e. a. 1981:13).

In 1930 is 'n aantal taalwette aangeneem wat vir die eerste keer behoorlik toegepas is. Die universiteit van Gent is ook vervlaams na vele vorige mislukte poginge. In 1932 het die laer- en

hoërskool onderwys vir Vlaminge in Vlaandere eentalig Nederlands geword³⁷ en in 1935 is 'n taalwet aangeneem wat bepaal het dat die Howe die Vlaminge in hul eie taal moes verhoor en vonnis, anders kan die vonnis nietig verklaar word. Na die tweede Wêreldoorlog het die Vlaamse beweging meer militant geword en is daar al gepraat van 'n federale staatsvorm vir België, wat gedurende 1993 verwesenlik sou word. Verder is daar ook geëis dat die taalgrens vasgelê moes word en nie telkens noordwaarts verskuif kan word ten gunste van Frans nie. Tweetaligheid moes ook wetlik vasgelê word in die stad Brussel en Vlaandere moes eentalig Nederlands word. In 1962 is die taalgrens wetlik vasgelê en in 1963 is besluit dat die streektaal die onderwystaal sou word en dat Franssprekendes hulle taalfasiliteite in laer- en hoërskole in Vlaandere sou verloor. Brussel sou 'n tweetalige stad word en waar moedertaalonderrig verpligtend gemaak is. Vanaf 1963 is België dus definitief in vier taalgebiede verdeel, naamlik: 'n Nederlandse, Franse, Duitse en tweetalige Brussel. Die universiteite van Brussel en Leuven was nog onopgelos. Die Franse gedeelte van die *Katolieke Universiteit Leuven* het selfs aan uitbreiding gedink, maar na 'n tydperk van gewelddadige betogings het die Franstalige deel in 1968 na Wallonië verhuis. Die *Université Libre de Bruxelles* is gedurende 1969 in twee outonome universiteite verdeel, met die *Vrije Universiteit Brussel* as Nederlandstalige kampus.

Die taalwette wat tussen die dertiger en sestigerjare van die twintigste eeu aanvaar is, sou België drasties verander het, as 'n tweetalige land. Daar is gedurende die tyd, afgestap van die personaliteitsprinsiepe, met die aanvaarding van die territoriteitsprinsiepe volgens die Switserse model (De Vries e.a. 1994:124).³⁸

Samewerking tussen Noord en Suid

Die einde van die spellingsoorlog het Noord- en Suid-Nederland op taalgebied weer digby mekaar uitgebring, maar van eenheid op taalgebied was daar nog nie sprake nie. Vanaf 1849 sou verskillende taalkongresse tussen Noord- en Suid-Nederland die laaste struikelblokke ten opsigte van 'n spellingsverskil uit die weg ruim. Op 21 November 1864 word die spelling van De Vries en Te Winkel in België amptelik aanvaar, en in Nederland gedurende 1883 (Vercoullie 1925:80). Heelwat kontroversie het steeds rond die De Vries-Te Winkel spelling bestaan, maar amptelik het die twee lande nou één spelnorm gehad. Hierdie laaste, "beslissende hollandiseering van onze spelling gebeurde ook niet zonder verzet. Maar het was minder luidruchtig dan in 1844" (Vercoullie 1925:81). Sedert 1883 was daar dus 'n spellingseenheid tussen Noord en Suid. Die protes van Kollewijn gedurende 1891 met sy *Onze lastige spelling* lei daartoe dat in Nederland gedurende 1934 'n eensydige spellingsvereenvoudiging ingevoer is, sonder dat België in die saak geken is, wat daarop neerkom dat die spellingseenheid verbreek was. 'n Besluit van die Belgiese Prins-Regent op 9 Maart 1946 en die Nederlandse spellingswet van 1947 wat die stelsel van De

³⁷Nie ten volle nie, want daar was nog skuiwergate in die wet, wat gedurende die sestiger jare gedig sou word.

³⁸Grofweg kan meertalige lande ingedeel word volgens die personaliteitsprinsiepe en die territoriteitsprinsiepe. 'n Voorbeeld van waar die personaliteitsprinsiepe geld, is Luxemburg en in 'n sekere sin ook Suid-Afrika. Hier geld dat meer as een taal amptelike erkenning geniet, en dat 'n inwoner van die land, self kan besluit in welke taal hy/sy met die owerheid wil kommunikeer en onderwys wil geniet (in Luxemburg wel 'n soort van vaste onderwysprogram). By die territoriteitsprinsiepe, dien Switserland, gedeeltes van België, en sommige provinsiale owerhede in Kanada as voorbeeld. Hier geld dat die land in streke verdeel word, en binne elke streek slegs een taal amptelike erkenning geniet, en slegs hierdie taal in die staatsbestuur en onderwys kan dien (verwys De Vries e.a. 1994:124 & Willemyns 1991:284).

Vries en Te Winkel (wel gewysig) amptelik aanvaar het, het die spellingseenheid tussen die twee lande herstel (Suffeleers 1979:36).

Vlaandere het in toenemende mate kontak begin soek met Noord-Nederland, soos wat taal in belangrikheid toegeneem het. 'n Aantal samewerkingskommissies het tussen die twee lande tot stand gekom. Wat spelling betref is in 1935 'n gesamentlike Noord-Suid-kommissie opgerig. Omdat die owerheid besorg was oor die kwaliteit van Nederlands in België, veral op die gebied van plaaslike bestuur en die reg, het in 1954 'n kommissie tot stand gekom onder gesag van die minister van justisie, om eenvormige registerme vir Noord en Suid te bevorder (Van Haver 1989:16). Ook het die kommissie 'n vertaling gemaak van die Belgiese Grondwet en die wetboeke, en is die woord *Vlaams* dan ook vervang deur die woord *Nederlands*. Die vertaling van die wette sou na goedkeuring van die Parlement dan dieselfde regskrag hê as die Franstalige wette. Die kommissie was dan ook belas met die opdrag om eenheid in terminologie binne die Nederlandse taalgebied te bevorder (Van Haver 1989:17).

In 1970 kom in België die *Raad voor Taaladvies* tot stand onder die ministerie van Nederlandse kultuur wat dan adviserend sou optree by die bevordering van die kennis en goeie gebruik van die Nederlandse taal. Van Haver (1987:19) meld ook dat daar toe besef is dat die Nederlandse taal op internasionale gebied as 'n eenheidstaal 'n belangrike rol het om te speel en dat "wij met 20 miljoen Nederlandstaligen in Europa sterker staan dan met twee gescheiden blokken." Vir beide lande was Nederlands 'n gemeenskaplike kultuurtaal.

'n Hoogtepunt in die taalgeskiedenis van Nederlands was die oprigting van die Nederlandse Taalunie. Op 9 April 1980 het Nederland en België, in die Egmontpaleis in Brussel die verdrag, insake die Taalunie, onderteken waarna die verdrag op 1 April 1982 in werking getree het. Die doel van die Taalunie was die integrasie van die Nederlandse taal en lettere in die ruimste sin van die woord, tussen Nederland en Vlaandere.

Die Groot Kloof tussen Spreektaal en Skryftaal

Die kloof tussen spreektaal en skryftaal was gedurende die sewentiende eeu³⁹ nog nie so groot nie, maar sou gedurende die agtiende eeu drasties groter word. Die beskaafde spreektaal het gegroeи uit die dialekte van die Hollandse stede, terwyl die skryftaal, wat ongekende gesag geniet het, 'n Suidnederlandse karakter gehad het (Van Loey 1945:29). Tot voor die middel van die negentiende eeu, skryf De Vries e.a.(1994:103), is die kloof tussen spreektaal en skryftaal nie as hinderlik ervaar nie, omdat dit as oorkoepelende eenheidstaal gesien is, met die dialek as spreektaal en Standaardnederlands die geskrewe taal. Aan die einde van die negentiende eeu meer onderwysvernuwers dat "de geschreven taal haar normen behoorde te ontlenen aan de gesproken taal, en niet anders om" (De Vries e.a. 1994:104). Ook Van Loey skryf in hierdie verband, dat veral sedert 1880 "zullen critische stemmen opgaan tegen de wanverhouding die er bestaat tussen de natuurlijke, beweeglijke, levende gesproke taal en de deftige, stijve, conventionele schrijftaal" (Van Loey 1945:34).

Noord-Nederland

³⁹In Nederland en Vlaandere.

Om die kloof tussen spreektaal en skryftaal goed te begryp moet 'n mens eers na Noord-Nederland kyk. In Nederland is en was nog nooit 'n eenvormige spreektaal gebruik nie. Hierdie toestand was gedurende die vorige eeu ook veel meer uiteenlopend as wat tans die geval is. Met die totstandkoming van die Bataafse Republiek in 1795 het 'n strenger eenheidstaal des te noodsaakliker geword. Daarby het die dialek van die provinsies Holland prestige-waarde gekry as gevolg van die opbloei op handelsgebied. De Geldersman Staring skryf in 1800: "Het Hollandsch is ons Parijsch Dialect, het Dialect van de Schrijvers, die door de geheele Republiek willen gelezen en verstaan worden" (De Vooys 1970:153). Hierdie prestige-dialek is dan ook met groot begeerte aangeleer. Wat vandag as die standaardtaal of 'beskaafde' omgangstaal bekend staan, was selfs in die welvarende provinsies Holland, aan die begin van die vorige eeu maar tot 'n klein groepie beperk, maar sou die situasie veral deur middel van die onderwys verbeter word (De Vooys 1970:154).

De Vooys (1931:171) noem dat die kloof wat daar tussen die 'spreektaal' en die 'skryftaal' in Noord-Nederland bestaan het, besonder groot was gedurende die middel van die vorige eeu, en was daar voortdurend klages oor die kloof wat daar tussen 'spreek-' en 'skryftaal' bestaan het. As gevolg van die invoering van leerplig is die meeste van die probleme oorbrug. Gedurende 1891 het J.W. Muller 'n belangwekkende artikel geskryf oor die *twoe tale* in omloop: Die 'spreektaal' en 'skryftaal'. Maar skryf De Vooys (1931:172), dat die voorbeeld van taalgebruik wat Muller aangehaal het, "als typerend voor toenmalige 'spreektaal' en 'schrijftaal', worden nu⁽⁴⁰⁾ meestal niet meer gevoeld als behorend tot tweeërlei, elkaar uitsluitend taalgebruik" (De Vooys 1931:172). Dit is belangrik om kennis daarvan te neem dat dié befaamde kloof oorbrug is deur middel van behoorlike onderwys.

Die Nieuwe-Gids beweging, aan die einde van die vorige eeu, het groot beroeringe in Nederland te weeg gebring. Die skrywers en digters het naamlik die gewone omgangstaal in hul werke begin gebruik, met dikwels radikaal afwykende taalgebruik, om 'n beter gevoelsuiting aan die leser oor te dra. Hieroor skryf De Vooys (1931:172): "In geen periode van onze taalgeschiedenis hebben dichters en schrijvers zo radikaal gebroken met traditie en conventie als in de Nieuwe-Gids-tijd. De tijdgenote hebben dat dan ook gevoeld als een revolutie in de taal." Hierdie invloed van die digters en skrywers het dan ook spoedig aanklank gevind by die jonger taalkundiges, wat hulle dan ook begin verset het teen die "overwicht van een conventionele 'schrijftaal' bij het taalonderwijs en in de taalwetenschap" (De Vooys 1931:176). Die universiteite het nog sterk klem gelê op historiese taalkunde, waarteen die opkomende geslag onverskillig gestaan het. Die gevestigde orde was omgekrap: "Vernieuwingen, als de Nieuwe-Gidstaal, de partikularistische dichtertaal van Gezelle, het Afrikaans, werden veroordeeld als ondermijning van de 'schrijftaal'-eenheid" (De Vooys 1931:176).

Hierby kom dan ook die artikel van R.A. Kollewijn in 1891: *Onze lastige spelling*, wat aanleiding gee tot die stigting van die *Vereniging tot vereenvoudiging van onze schrijftaal* in 1893. Ook die stigting van die *Taal en Letteren* het baie daartoe bygedra dat menigeen sy taalbeskouinge hersien het. Dieselfde beleid is verder gevoer toe die tydskrif opgevolg is deur *De Nieuwe Taalgids* in 1907. Die vereenvoudigde spelling van Kollewijn het egter groot byval gevind, al was die teenkanting van die Regering, die pers en 'n groot aantal letterkundiges daarteen. Eers in 1918

⁴⁰Die laat twintiger jare van die huidige eeu.

is daar deur 'n Staatsdienskommissie 'n bemiddelende reëling voorgestel, maar wat min steun geniet het (De Vooys 1931:178). Tog was die invloed van die Nieuwe-Gids-beweging op die standaardtaal aan die einde van die vorige eeu, en aan die begin van die huidige eeu, om die minste te sê, groot.

Suid-Nederland

Volgens De Vries e.a.(1994:98) was die negentiende eeu oorheers deur die kloof tussen skryf- en spreektaal. De Vries e.a. skryf dat gedurende die agtiende eeu in die meeste gevalle die standaardspreektaal, 'n voorgelese skryftaal was, soms egter was spontane spreektaal gebruik, maar wat dan 'n slaafse nabootsing was van die grammatika en woordeskata van die geskrewe standaardtaal. Algaande het die algemene spreektaal in Holland vorm aangeneem, na die res van Nederland versprei, en nog later na Vlaandere. Gedurende 1851 tydens 'n Nederlandse taal- en letterkundige kongres betreur M. de Vries die bestaan van 'n stywe eentonige boeketaal, wat ver van die gesproke taal verwynnerd was (Suffeleers 1979:156).

Teen die einde van die vorige eeu, en die begin van die huidige eeu, het veral jong kunstenaars hulle beywer vir vernuwing op taalkundige gebied. Tydskrifte soos *Van Nu en Straks* (1893) en later *Vlaandere*, (1903) het merkbare invloed uitgeoefen, en is die woelinge op taalgebied vergelykbaar met die Nieuwe-Gids-beweging in Noord-Nederland. Die leier van die jonger generasie in Vlaandere, August Vermeylen, skryf in 1903: "De jongeren hebben, hier als elders, besef dat ze alle boektaal van zich moesten afschudden: dat er geen te breede kloof mocht gapen tusschen geschreven en gesproken woord, en dat groeien uit de levende taal een eerste vereischte is van een gezonde en echt nationale literatuur" (De Vooys 1931:180). Hierdie invloed van jonger skrywers en digters het dieselfde revolusionêre invloed uitgeoefen op taalgebied, as wat in Nederland die geval was. In Vlaandere wel 'n groot verskil, want Gezelle was 'n groot en invloedryke kunstenaar, wat al lank gelede met die 'boeketaal' gebreek het, en 'n eie oorspronklike taal in sy werke gebruik het.

Die opkoms van die beweging van Vermeylen, was volgens De Vooys in Vlaandere nie oral ewe populêr nie, omdat dit gesien was as 'n bedreiging van die Nederlandse taaleenheid. Nogtans het dit nie tot 'n breuk in die Nederlandse taaleenheid geleei nie, al gebruik skrywers soos Streuvels, Teirlinck en Timmermans talle woorde en uitdrukkinge uit die dialektes waarmee hulle van kindsbeen af vertroud is. En ook Vermeylen en Van de Woestijne skryf lewendige prosa, wat merkbaar Suidelik getint is (De Vooys 1931:181).

Taalpartikularisme

Alhoewel taalpartikularisme sedert die ontstaan van die staat België 'n sterk bloei geken het, was daar al vroeër tekens van taalpartikularisme. In die suide van Wes-Vlaandere het die Ieperse dokter, Van Daele, gedurende 1805-1806 'n tydskrif: die *Tyd-Verdryf* uitgegee, waarin hy sy voorkeur gegee het aan Wesvlaams as die werklike moedertaal van die streek, want "het Hollandsch en Brabantsch zijn te ver afgeweken van de rechtschapene Tael-wetten" (De Vooys 1970:164). Van die Hollands taal het hy nie veel gedink nie: "Der Hollanderen uytspraek gelykt meer aan een jammerende gesang, als aan een mannetael." Verder wou hy die taal uit Amsterdam nie sien "als den hoeksteen van 't gebauw" nie. 'n Eenheidstaal was vir hom niks anders as wensdenkery nie: "(H)oe sullen wy tot eene gelykvormige Tael geraeken met die lieden van andere

stréken? Sullen wy tot hunne uytspreek overgaende onse schoone korte *y*, onse schoone *ou* veranderen in die mondvolle diphthongen *ey* en *au*, tegen alle goed ondersoek?" Dat sommige Vlaminge die Amsterdamse taal probeer napraat het, was vir Van Daele 'n bitter ervaring: "Mijn oor-vlies wordt aan stukken gesaegd, als ik hier van sommige het Vlaemsch hoor verscheuren, ende het Hollandsch belachelyk vermartelen" (De Vooys 1970:165).

Nadat die nuwe staat België tot stand gekom het, het die gedagte van 'n eie taal sterk opgevlam. Blommaert skryf in 1832: "Niets staet zoo naew met de eigene grondbeginseleener natie in verband, als de volktael. Het is de tael, die dezelfde denkwijzen door al de rangen der maatschappij verspreid; die de verscheidenheid der volken doet onderkennen, en gevlogenlyk de nationaliteit vormt. Derhalve is het een een vaderlandsch Bestuur, als plicht, opgelegd de volkstael byzonderlyk voor te staen" (De Vooys 1970:189). Frans het egter die oorheersende rol as bestuurstaal van die land geword. Gedurende die tydperk na 1830 het die Vlaamse filosowe en kunstenaars begin worstel met die idee van 'n eie Vlaamse identiteit. Gudio Gezelle, die groot Vlaamse digter en skrywer wou Vlaams, en meer in die besonder dan Wesvlaams, skei van Hollands. Omdat hy die prominentste taalpartikularis was, meer dan oor hom en Wes-Vlaandere.

Wes-Vlaandere

*Hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hic enda thu wat unbidan we nu.*⁴¹ Hierdie bekende sin is gedurende die elfde eeu in Engeland opgeteken deur 'n Wesvlamming (Van Haver 1989:11). Gedurende die Middeleeue staan Wes-Vlaandere in sy kleur. So lewer die graafskap van Vlaandere gedurende die dertiende eeu, driekwart van alle Nederlandstalige amptelike tekste (Van Haver 1989:11). Wes-Vlaandere het model gestaan op taal, kulturele en ekonomiese gebied, maar dié leiersposisie moes later aan Brabant afgestaan word, en Brabant sou dit weer aan Holland moes afstaan. Hierdie nostalgiese 'ou Vlaamse taal', wat so 'n roemryke rol in die verlede gespeel het, is deur talle Wesvlaminge liefderik gekoester, onder die hooffiguur Gudio Gezelle.

Gudio Gezelle (°1830 - †1899)

Gezelle was begeesterd met die bewaring en handhawing van die nostalgiese eeuue oue taal, soos duidelik in talle van sy skryfwerk na vore kom: "In Westvl. spreekt en *schrifft* men selfs nog, die oude Vlaamsche tale, zoo die eertjids overal geschreven wierd. Zij was eens de heerschende algemene tale, zoo wel tot Amsterdam als te Leuven en te Brugge" (Van der Plas 1990:361). Hierdie ou Vlaamse taal wat dus eens die kultuurtaal van die Nederlande was, het nou 'n streektaal geword, maar skryf Van der Plas dat Gezelle waarskynlik heimlik gehoop het dat Wesvlaams weer die belangrike rol wat hy in die verlede gespeel het, sou kon herverower: "(H)ij moet de droom gekoesterd hebben dat die taal de nieuwe algemeen aanvaarde taal van de Nederlanden zou worden, 'van vreemde smetten vrij'" (Van der Plas 1990:361).

Gezelle se afkeer van Holland was oral bekend, en alles wat na Hollands mog klink, was vir hom 'n gruwel. Oor die inbring van Hollandse woorde in Vlaandere skryf Gezelle: "Waarom zou nu een schrijver of dichter *moeten* zeggen 'vaak' voor 'dikwijls', 'ettelijke' voor 'sommige', 'rechtvaardig' voor 'rechtveerdig'?... Waarom is 'de van honger en gebrek stervende grijzaard' beter als 'de oude man, die van honger en gebrek om sterven ligt'?" (Van der Plas 1990:361).

⁴¹Hebben alle vogels hun nesten begonnen behalve ik en jij; waarop wachten we nog?

Hy het dit moeilik verwerk dat 'n nuwe taalnorm in die plek moes kom van die nostalgiestige eeuue oue Vlaams. Daarby het die Hollandse taal ook 'n Protestantse, en dus 'n ketterse beeld uitgestraal, wat as 'n bedreiging vir die Katolisme gesien is. So skryf hy onder andere: "Ik ben geheel zeker dat de tijd allengskens gekomen is dat wijlieden, al te maal katholieke nederlanders, behooren op malkaar te steunen, liever als voortdurend naar het half joodsch, half heidensch Hoog-Holland te gaan om steun en goedkeuring!" (Van Sint-Jan 1929:18). Hollands het Gezelle gesien as 'n wangeskape 'bastaardtaal'. Ook die oorname van Franse leenwoorde in Hollands was vir hom 'n gruwel, want ook Frans het hy as 'n ontaarde taal gesien (Van Sint-Jan 1929:20). Vir Gezelle was Vlaams die ware Nederduitse taal, die Katolieke taal van de Katolieke Vlaminge, en het "West-Vlaamsch, zooals het in het dialect voortleef, onverbasterd gebleven; het bezit nog de zeggingskracht der oude, zuivere natuurtalen" (Van Sint-Jan 1929:20).

Nadat die nuwe Koninkryk der Nederlande tot stand gekom het, is 'beschaafde Hollands' in die staatsadministrasie en skole ingevoer, deur koning Willem I, van wie Gezelle skryf: "(B)ij de Vlamingen beter bekend onder den name van Jantje Kaas" (Van der Plas 1990:364). Vir Gezelle was die poging om taaleenheid in die Nederlande te bewerkstellig tot mislukking gedoem. Dié taaleenheid het hy 'n "groot ongeluk en besmettelijke kanker" genoem, wat "taalkundig, volks-, en zielkundig gesproken, eene dwaasheid" sou wees, indien dit deurgevoer sou word, maar dit sou egter op niks anders neergekom het nie, as 'n "schijneenheid der papieren taal." (Van Sint-Jan 1929:21). Hierdie sogenaaamde beskaafde Hollands het vir Gezelle geen teken van beskawing gedra nie. Dit was gewoon 'n 'papiertaal'. 'n Taal wat by dokumente en amptelike stukke tuishoort, en "geen onmiddellijke verbinding meer had met het volk" (Van der Plas 1990:364). Daarom het hy ook as jongeling dapper meegeveg in die berugte spellingsoorlog wat tussen 1836 en 1844 "heel Vlaanderen in beroering gebracht had" (Van Sint-Jan 1929:30), en het hy hom in ieder geval nie by die uitslag van stryd neergelê nie.

Soos wat Gezelle ouer geword het, het die werklikheid van die "verhollandsing van het volk" al duideliker geword, soos wat meer en meer taalkongresse gehou is tussen Noord en Suid ten einde taaleenheid te bewerkstellig. Vir Gezelle was die antwoord teen toenemende verhollandsing 'n eie Vlaamse taal, en skryf Van der Plas (1990:378): "De eigen Vlaamse taal moest dus een verdedigingswal zijn waartegen het protestantse noorden tevergeefs storm zou lopen." Gezelle het alles in die stryd gewerp vir die afskerming van Wesvlaams, en skets hy sy gelewerde inspanning teen die toenemende verhollandsing, op 20 Augustus 1874 as volg: "Ik heb de overstroomende en overweldigende macht van het Hollandsche dialect tegengewrocht met ons dialect mond en sprake te verleenen en, door den druk, de nederduitsche wereld kenbaar te maken" (Van der Plas 1990:378).

Sedert 1860 het partikularisme in Wes-Vlaandere weer sterk begin bloei, onder skrywers, digters en geestelike leiers, soos Gezelle, Duclos, Deken, De Bo en Hugo Verriest (Van Loey 1945:63). Selfs teen die einde van die negentiende eeu kon Gezelle en sy ondersteuners die koms van 'n eenheidstaal nie verwerk nie. Die 'Algemeen Nederduitsch' het vir Gezelle 'n gruwel gebly, en so ook vir sy getroue vriend, die Friese taalpartikularis, Johan Winkler wat Gezelle in 1882 as volg aangehaal het: "De hedendaagsche N-Nederlandsche geleerden bekennen dat de eigentlike hollandsche tongval zoo min tot de saksische als tot de zuiver frankische tongvallen van het nederduitsch behoort. Het is geen zuivere tongval, maar een mengelmoes van friesch en

nederduitsch, van brabantsch, vlaamsch, nederrijnsch, saxensch, ja tot joodsch, indisch en maleisch toe" (Van der Plas 1990:364). Om hierdie mengelmoestaal op die Vlaminge af te forseer, wat hul taal suiwer probeer hou het, en daarmee gehoop is om taaleenheid te bereik, was gewoon 'n stap vir Gezelle te ver (Van der Plas 1990:364).

Oor die taal in Wes-Vlaandere wat deur De Bo en Gezelle gepropageer is skryf Vercoullie (1925:93:): "Zij schreven echter geen West-vlaamsch maar Nederlandsch doorspekt met 'hunne eigen woorden en wendingen die den toetssteen eener gezonde taalkunde niet vreezen', alsook met 'schoone woorden' die ze bij het doorbladeren van oude boeken, vooral seventiende-eeuwsche woordenboeken opgetekend hadden. Ze schreven dus een taal die niet bestaat, die ze zelf niet konden spreken, maar die ontstond naarmate ze uit hun pen vloeide."

Die Wesvlaminge het die minste gevoel vir die Nederlandse taal gehad. Gedurende 1906 skryf Delpire dat die priesters 'n slegte voorbeeld gestel het deur slegs dialek tydens die eredienste te gebruik. Delpire meen dat die priesters onder gesag van die biskop van Brugge, Mgr. G.J. Waffelaert, verplig was om op die preekstoel en tydens die kategismuslesse slegs Wesvlaams te praat (Suffeleers 1936:71). Verriest meen gedurende 1913 dat daar twee beskaafde uitspraaknorme in Nederlands bestaan, tewete Vlaams en Hollands. Hollands beskou hy egter as 'n dialek, "slechter nog, (dit) is 'patios'", bedorwe, verminkte, verknoeide en gemaakte taal. Sy sogenaamde beskaafde Vlaams,⁴² is steeds dieselfde taal soos wat dit eeue gelede gepraat en geskryf is: "Wij hebben alle letters, en spreken ze voorvaderlijk uit" (Suffeleers 1979:101). Die partikulariste wou dus vashou aan 'n eeue oue taal wat hulle met nostalgie en trots vervul het. H. Verriest was van oordeel dat die Vlaamse outentisiteit deur "het Hollandsch toontje" beïnvloed sou kon word, deurdat Hollandse woorde en gebrauke op die manier vaste voet in Vlaandere kon kry. Hy wys daarom die noordelike beskaafde taalgebruik as "Hollands patios" af, en pleit vir "het Vlaams" (Suffeleers 1979:67).

Van Sint-Jan skryf dat die poging van Gezelle om 'n algemene Vlaamse skryftaal te propageer, meer 'n romantiese gedagte was, want hyself kon nie die Nederlandse spelling summier oorboord gooi nie. "In werkelijkheid is hij er nooit in geslaagd West-Vlaamsch te schrijven, wel een kunstmatig, soms tamelijk dialectisch gekleurde Nederlandsch" (Van Sint-Jan 1929:6). Wat sy gesproke taal betref skryf die taalkundige Willem de Vreese (wat gedurende die laaste lewensjare van Gezelle, 'n studie van die gesproke taal van Gezelle gedoen het): "In zijn mond was dat geen straattaal, geen Kortrijks, geen Poperings, geen Brugs, maar een soort algemene oud-Vlaamsche tale, zoals Van Maerlant en Ruusbroeck die schreven en de doorsnee-Westvlaming ze thans nog spreekt" (Van der Plas 1990:362).

'n Eie Taal vir Vlaandere

Na 1830 was die gevoel van 'n eie taal vir Vlaandere besonder sterk. Baie Vlaminge het gevoel dat Vlaandere 'n eie taal moet hê. Baie Vlaminge het gevoel dat so 'n eie taal vir Vlaandere, volkstrots en identiteit sou waarborg. De Ram, die rektor van die Vlaamse universiteit in Leuven, byvoorbeeld, "verdedigt in de hoogste kringen vrijmoedig en zelfs met drift (1840) dat de volledige erkenning van het Vlaams het krachtigste zo niet het enige element is dat België zijn eigen nationaliteit schenken kan" (Walgrave 1949:165).

⁴²Die ou kultuurtaal.

Vercoullie (1925:93) skryf dat daar nie net uit Wes-Vlaandere verset was teen die verhollandsing van die taal nie, maar dat uit alle provinsies verset gekom het. Die uitslag van die spellingsoorlog is nie oral aanvaar nie, veral nie in Wes-Vlaandere nie. Veral gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu kry taalpartikularisme weer nuwe asem, toe die kloof tussen spreektaal en skryftaal beskou was as rede vir die propagering en gebruik van die gesproke taal as geskrewe taal.

'n Eie taal vir Vlaandere kon nog nooit gesmoor word nie. A. Joos meen gedurende 1910 dat die meeste Vlaminge nie in staat is om in Standaardnederlands te kan dink nie, omdat hulle nagenoeg slegs dialek praat. Hulle sogenaamde beskaafde omgangstaal is volgens hom dus "een aanhouwend vertalen uit het dialect" (Suffeleers 1979:104). Gedurende die twintigste eeu was taalpartikularisme nog nie dood nie, maar skryf De Vooys (1931:179) dat die eie taal gedagte in die eerste kwart van die twintigste eeu, nog slegs by die ouer geslag voorgekom het, by onder andere skrywers soos Muyldermans en Hugo Verriest. Dit was egter nie die geval nie. So konstateer Willemyns (1971:8) gedurende 1969, dat partikularisme onder studente in die Germaanse Filologie, aan die *Vrije Universiteit Brussel*, nog bestaan.

Ook Emmerman (1970) meen dat die Vlaming nie in staat is om Nederlands oor te neem nie: "(D)e hoofdreden waarom het de Vlaming niet lukt het Hollands in zijn geheel over te nemen is, dat hij opgegroeid is in een dialektsprekende omgeving,...". Die gebruik van Noordnederlands deur 'n Vlaming sou dan, volgens Emmerman (1970), spontaneïteit demper, want lenigheid en spontaneïteit sou dan alleen verankerd wees in die gebruik van die dialek. Emmerman sien nie in, dat wanneer 'n mens 'n nuwe variëteit of taal wil aanleer, in die leerproses foute gemaak, stotterend gepraat, en dat die leerder dikwels presies moet nadink oor hoe hy die woorde uit sy mond gaan laat rol nie. Soos wat die aanleerproses vorder neem spontaneïteit toe, en uit 'n student selfs die aanvanklik vreemdste taal later met die gemaklike spontaneïteit. Buitendien was en is die Groninger en die Limburger, wat Nederlands vandag met die grootste spontaneïteit beheers, nie in 'n ander posisie as die Vlaming nie. Verder beheers 'n groot persentasie Vlaminge, Nederlands vandag net so goed as enige Nederlander. Wat meer is, die persentasie Vlaminge wat Nederlands oorneem groei jaar na jaar.

Taalpartikularisme was gedurende die sewentigerjare steeds nie dood nie. So skryf Emmerman (1974:78) dat die skeiding tussen Noord en Suid nou al 400 jaar duur en dat gedurende die tyd in Vlaandere 'n algemene kommunikasie-taal verrys het, wat nou al eeue lank Vlaams genoem word. Verder meen Emmerman dat die reg op 'n eie taal, 'n fundamentele menslike reg is, en "dit fundamenteel recht wordt ons, Vlamingen, door een eenzijdig op de Noordnederlandse norm gerichte propaganda, ontnomen. Geen enkel Vlaams woord, geen enkele Vlaamse uitdrukking, geen enkel Vlaams gezegde of spreekwoord wordt in die algemene kultuurtaal - het Nederlands - toegelaten" (Emmerman 1974:80).

Alhoewel Van Loey (1945:65) 'n plek vir partikularistiese taal in die letterkunde gegun het, het hy dit andersins sterk afgekeur: "Aanhangers en verdedigers van het taalparticularisme kunnen slechts diegenen zijn, die bewust als ze zich zijn van hun onmacht het Nederlands correct aan te leren, hun onkunde, ja hun inferioriteit zoeken te verbergen of te verontschuldigen door een voorgewende

liefde voor hun dialect, die niet anders is dan een kinderachtig behoud van plaatselijk beperkte uitdrukkingsmiddelen." Ook Geerts (1989:532) wys op die konsekvensies van partikularisme indien dit ooit tot uitvoer gebring sou word. Volgens hom is daar dan die "gevolgen van het isolement" en dan ook speel "de macht van het getal" 'n rol. Die getalselement beteken die verskil tussen ses miljoen en twintig miljoen, en die verskil tussen klein- en grootskalige begeleiding, kritiek, evaluasie en appresiasie, en die gevolge daarvan vir die aantal boeke, toneelstukke, instellinge en kulturele prestasies van formaat. Oor die rol wat isolasie kan speel skryf Geerts (1989:532): "Het isolement is soms een kracht, vaker echter een bron van zelfgenoegzaamheid, complexen, en frustrasies, waarvan het water troebel wordt en brak." (Waar ten opsigte van Afrikaans?)

Die voorstanders van 'n eie taal vir Vlaandere is in 1994 nog nie dood nie. So meen Charles Vanderhaegen in sy tydskrif *De Vlaamse Taal*, dat Vlaams van Nederlands geskei behoort te word: "Er zijn duizenden woorden en uitdrukkingen die verschillend zijn, en toch zegt men dat Nederlands en Vlaams één taal zijn. Het zijn twee talen. Er zijn woorden die alleen in Vlaanderen gebruikt worden en niet in Nederland. En andersom: geen Vlaming zal woorden als heus en sneu gebruiken", en van die Nederlands wat op die Vlaamse radio en televisie gebruik word skryf hy: "(D)at BRT-Nederlands is noch Vlaams noch Nederlands, noch mossel noch vis. Dikwijls gebruiken ze Nederlandse termen op een verkeerde wijze" (Burger 1994:12).⁽⁴³⁾

Die Vlaamse intellektuele voel egter dat daar geen ander keuse is, as 'n eenheidstaal nie. 'n Splitsing van die taal in twee tale sou vir Nederland en vir Vlaandere rampsalige gevolge hê. Dit sou Vlaandere verder enorm veel geld kos om 'n nuwe taalstandaard in te voer. Die opstelling van 'n woordeboek, aparte handleidings vir alle artikels wat ingevoer word, aparte vertaling of ondertiteling van televisie programme, veel meer boeke sal dan in Vlaams vertaal moet word, en die literêre wêrelde vir die Vlaming sal klein word. Daar is tans 246 buitenlandse universiteite in 37 lande wat Nederlands as vak aanbied (Janssens 1993:70). Indien daar 'n splitsing van Nederlands, tussen Noord en Suid moes kom, sou daar heelwat minder buitenlandse universiteite wees wat Nederlands as vak sal aanbied, omdat Nederlands sy status as internasionale taal sal inboet. Van Haver (1989:19) skryf dat "wij met ongeveer 20 miljoen Nederlandstaligen in Europa sterker staan dan met twee gescheiden blokken."

Die Taal

Die taalverskeidenheid in Vlaandere is groot, maar die groot aantal taal variëteite kan volgens Vercoullie (1925:21) in drie hoofgroep ingedeel word, naamlik in die weste van Vlaandere, Vlaams, in die ooste Limburgs en in die middel Brabants. Oor die taal van die Vlaming is al heelwat geskryf, en stip ek slegs enkele punte aan.

In Vlaandere het nooit 'n eie taal tot stand gekom, soos wat deur vele gehoop is nie. Van Haver (1989:13) meen dat indien Vlaandere gedurende die 17de of die 18de eeu oor 'n ekonomiese en kulturele sentrum sou beskik het, daar 'n groei sou gewees het na 'n eie standaardtaal, maar die opeenvolgende oorloë en oorheersing,⁴⁴ en veral die feit dat Frans die kultuurtaal van die

⁴³BRT-Nederlands: die taal soos gebruik deur die joernaliste en programmaanbieders op die Belgiese radio en televisie.

⁴⁴Spanje (1648-1713), Oostenryk (1713-1794), Frankryk (1794-1814) en Nederland (1914-1930).

heersende klasse geword het, het in die weg gestaan van sodanige taalontwikkeling. Tot aan die einde van die 19de eeu het daar in Vlaandere, so te sê, geen Nederlandse standaardtaal bestaan nie (Van Haver 1989:19). Ook was daar geen behoefte aan nie, aangesien Frans die rol van kultuurtaal vervul het en die plaaslike dialektes as huistaal gedien het. Die geskrewe taal soos deur Nederland gestandaardiseer en geskaaf is, oor 'n tydperk van eeue, is in Vlaandere gewoon oorgeneem.

Vir die meeste Vlaminge was Standaardnederlands, 'n derde taal, wat weens gebrekkige onderwys, swak beheers was. Die gevolg was ook dat Vlaamse intellektuele, wanneer hulle Nederlands probeer skryf het, dit op niks anders as vertaalde Frans neergekom het nie; 'n verknoeide en bespotlike taal (De Vooys: 1931:169). Meert meer verder dat Nederlands as 'n dooie taal, net soos Grieks en Latyn, aan die kinders geleer was, 'n taal wat die leerlinge nooit in klank gehoor het nie, wat selfs onderwysers nie eens kon praat nie (Suffeleers 1979:137). De Vries e.a. (1994:169) skryf dat Standaardnederlands vir vele Nederlanders, en vir byna alle Vlaminge eintlik 'n vreemde taal is, "niet eigen, maar eigen gemáákt. Hun ware moedertaal die ze met de moedermelk hebben ingedronken, is het dialect", en verder: "Voor Nederlanders en Vlamingen is het Nederlands de taal die ze op school leren, de taal van krant en televisie, van de regering en van de kerk."

Nie almal was so oortuig daarvan dat Noordnederlands en Suidnederlands een en dieselfde taal was nie. Van Haver vermeld 'n byeenkoms van 25 vooraanstaande Nederlandse en Belgiese professore enkele jare gelede, waartydens Nederlands as eenheidstaal verdedig is. Hulle uitgangspunt was: "Er bestaat noch een Vlaamse, noch een Hollandse taal; er is maar één Nederlandse cultuurtaal, voor Vlamingen én voor Nederlanders" (Van Haver 1989:25). Met die uitspraak is sterk geprotesteer teen die stelling van 'n Duitse vertaler van hoofsaaklik Vlaamse literêre werke. Die vertaler het beweer "dat er wel degelijk een verschil bestond tussen het Nederlands van Nederland en dat van Vlaanderen en dat het Vlaamse Nederlands zich van het zogenoemde Algemeen Beschaafde Nederlands (ABN) onderscheidde in dezelfde mate als het Zuidafrikaans dat deed" (Van Haver 1989:26).

Goossens (1977:24-5) merk die volgende op: "De officiële taal in de noordelijke helft van België is het Nederlands. Dat slechts een uiterst geringe minderheid van Vlaamse intellectuelen de Nederlandse cultuurtaal werkelijk beheerst, verandert aan dat feit niets. Het zeer gebrekkige Nederlands dat door een heel wat groter aantal Vlamingen gesproken wordt, is geen Vlaamse cultuurtaal, maar een amalgaam van dialect en Frans, Nederlands en gallicismen, bedenksels en ouderwetsigheden." Volgens Goossens is daar nie sprake van twee kultuurtale in Vlaandere en Nederland nie, al word hierdie kultuurtaal in Nederland goed beheers, teenoor Vlaandere waar "slechts enkelen dezelfde cultuurtaal werkelijk machtig zijn." Volgens Goossens bly die kultuurtaal in Vlaandere Standaardnederlands, al word die taal 'maar' deur 'n geringe aantal Vlaminge gesproat, of al is die taalbeheersing daarvan dan nou ook hoe gebrekkig. Hy skryf: "De deugdelijkheid van het Nederlands in Vlaanderen zal in de toekomst ongetwijfeld groeien, dank zij de inspanning van de Vereniging voor Beschaafde Omgangstaal en van heel wat verdienstelike onderwijsmensen" (Goossens 1977:25). 'n Noordnederlandse, Smits, het gedurende 1868 op 'n taalkongres gesê dat in Nederland twee tale gesproat word: 'n Streektaal in die huislike kringe en 'n algemene spreektaal "op het groote forum der samenleving." Smits spoor daarom die Vlaminge aan om hierdie

Noordnederlandse voorbeeld na te volg (Suffeleers 1979:75). Hierdie aanbeveling was op 'n tydstip gedoen toe die meeste Vlaminge eentalig was, eentalig dialeksprekend.

Wat die huidige situasie betref, skryf Van der Plank (1985:14) dat die standaardtaal in Nederland in werklikheid onderskei kan word tussen 'n Noordnederlandse en Suidnederlandse substandaard. Dit is volgens hom nie ongewoon nie, want subvariëteite binne die standaardtaal kom ook in ander taalgemeenskappe van groter omvang voor. In Engels is daar heelwat: Die Ierse, Skotse, Amerikaanse, Kanadese, Australiese, Indiese, ensovoorts.

Waar die Amerikaners die tipe Engels wat hulle praat as hul standaardtaal beskou, beskou die Vlaminge, Belgiese Nederlands, egter nie altyd as hul standaard spreektaal nie. Van der Plank (1985:50) noem dat die Vlaming in formele situasies 'n algemene Vlaamse tussentaal kies, dit wil sê, 'n variëteit tussen die Nederlandse standaardtaal en hul eie streektaal. Hierdie "tussentaal" voldoen volgens Van de Craen & Willemyns (1988:53) nie aan die vereistes van 'n standaardtaal nie: "There is no real codification; there is no real authority to turn to in case of doubt, since there are neither authoritative dictionaries nor grammars; there is no leading group of speakers and no real center of gravity, and finally interference from less-prestigious language varieties exceeds the point considered by most to be acceptable in a standard language. The origin of the code is clearly a written one, and the characteristics of a written language are present even when it is used in speech." Hierdie tussentaal leun dus swaar op die geskrewe standaardtaal, maar is hierdie tussentaal 'n stap in die rigting van die volledige oornname van die standaardtaal.

Volgens Debrabandere (1971:88) leer 'n kind Nederlands aan in drie stadia. In die eerste stadium leer hy "bij moeder dialek praten." Die dialek is die 'moedertaal' van die meeste Vlaminge, maar die 'moedertaal' wat op skool geleer word is didakties gesien, volgens Debrabandere, 'n vreemde taal. Die tweede fase is dan wanneer die kind op skool, 'schoon Vlaams' of 'n 'gesuiwerde dialek' leer. Talle Vlaminge, skryf Debrabandere, steek dan in dié stadium vas. Net 'n kleinerige groep haal die derde fase, en dit is die volkomme beheersing van Standaardnederlands. Debrabandere (1971:89) meen dus dat die Vlaamse kind vandag drie keer Nederlands leer, of drie verwante tussentale: dialek, Suidnederlands, en Standaardnederlands. Tog meen hy dat die gebruik van Standaardnederlands toeneem, en dat al meer kinders deurdruk tot die derde fase, waar hul ouers op die tweede fase bly vassteek het. De Vries e.a. (1994:187) onderskei vier fases. 'n Kind leer dialek by sy moeder, dan bemeester hy die algemene omgangstaal van sy regio, daarna word Belgiese Nederlands aangeleer en in die finale fase Standaardnederlands.

Vercoullie (1925:90) skryf: "Om nu in twee woorden het uitzicht van de taal van den Vlaming in het België van 1830 te schetsen, zullen we bekennen dat de Vlaming in den wandel zijn dialect spreekt en in plechtige omstandigheden een vergelijk maakt tusschen zijn dialect en de kunstmatige taal dat hij uit de boeken kent." Dit was die situasie gedurende die dertigerjare van die vorige eeu, want intussen het die situasie merklik verbeter. Gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu het die beheersing van die kultuurtaal wel verbeter, maar dis nog geen algemene omgangstaal nie. Willemyns (1971:5) vergelyk die gebruik van Nederlands in Vlaandere in die tyd, met kleredrag: gedurende die week, werksklere of dialek, maar Sondag word die Nederlandse pak aangetrek. Die onderwysers gebruik die standaardtaal volgens hom hoofsaaklik tydens klasonderrig en miskien met kollegas. In die werksituasie word dit ook gebruik waar werknemers

in aanraking kom met persone uit verskillende dialekstreke. Word daar met die publiek gewerk van die streek, sal die streektaal gebruik word. Volgens Willemyns (1971:6) sal die persoon wat Standaardnederlands gebruik by die werk, dit in baie gevalle tuis nie gebruik nie: "In één woord: de intellektuele Vlaming spreekt over het algemeen slechts A.B.N. waar het echt niet anders kan." Hierdie toestand het in toenemende mate bly verbeter, en veral in Brussel en omstreke word tans meer Standaardnederlands gepraat as ooit voorheen. Janssens (De Vriend & Willemyns 1987:225) het ook gevind dat die jeug in Overijse ('n gebied waar heelwat rykes woon) in toenemende mate Standaardnederlands gebruik en nie meer die dialek nie, en dat die eens so aanloklike Frans, sy aantreklikheid onder die jeug verloor het.

'n Probleem wat nog altyd voorgekom het, maar in toenemende mate kleiner word, is die feit dat in Vlaandere nie 'n Nederlandstalige elite bestaan het nie: "(W)e missen nog steeds gedeeltelijk een ekonomiesch-sterke bovenlaag die de toon aangeeft, onder alle omstandigheden behoorlijk Nederlands spreekt en, zodoende de andere klassen van de bevolking ertoe kan aanzetten dat ook te doen" (Willemyns 1971:6). Oor die Nederlandse taalmodel vir die Suide, skryf Willemyns (1971:14): "(H)et ABN van de Vlaming is jarenlang een boektaal geweest, omdat wij eenvoudig geen andere keuze hadden. Nu wij echter steeds meer in kontakt komen met het gesproken Noordnederlands,⁽⁴⁵⁾ mogen wij de gelegenheid niet verloren laten gaan: we hebben een gesproken ABN-norm gemist, nu hebben we er gelukkig een."

De Vooys (1970:214) skryf dat Standaardnederlands op gesproke sowel as geskrewe gebied toenemend in Vlaandere verbeter het sedert 1890, en dat dit al minder boekagtig voorgekom het gedurende die eerste kwart van die twintigste eeu. Maar gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu, skryf Van Loey (1945:43), het in Nederland iedere beskaafde mens Nederlands gepraat en geskryf, maar in Vlaandere was die aantal persone wat Nederlands vloeind en sonder foute kon gebruik het, "nog vrij gering." Nogtans het Nederlands in Vlaandere gedurende die tyd merkbare vooruitgang geboek, wat grammatika, woordeskat en uitspraak betref (Van Loey 1945:53). Tog het Hollands sy invloed al sterker laat geld. Gedurende die einde van die vorige eeu, en veral gedurende die begin van die twintigste eeu, het die aantal jongmense wat Nederlands as omgangstaal op skool en universiteit begin gebruik het, volgens Vercoullie (1925:90), daagliks sigbaar aangegroeи. Vercoullie (1925:90) skryf dat hy en sy kollegas dikwels, gedurende die tyd, verras was oor die "keurige taal der jonge sprekers", terwyl sy tydgenote selfs op taalkongresse nog dialek gebruik het. Ten spyte van die hoë tempo waarteen die Vlaminge die Nederlandse standaardtaal nagepraat het, het die aantal Vlaminge wat die standaardtaal, gedurende die sestigerjare as spreektaal gebruik het, nog nie 3% van die Vlaamse bevolking gehaal nie (Willemyns 1971:7). Volgens Botha (1976:6) gebruik minder as 1% van die Vlaminge die Nederlandse standaardtaal (gedurende die sewentigerjare?), en het hy waarskynlik slegs na die gesproke taal verwys.

Die Nederlander Jeroen Brouwers, wat lank in België gewerk het, en redakteur was by Manteau, (wat homself ook herskrywer genoem het⁴⁶), skryf: "Het Vlaams van de negentiende-eeuwse Vlamingen was een sprokkeltaaltje, dat op een modderig manier was samengesteld uit het

⁴⁵Deur middel van die Nederlandse televisie.

⁴⁶Omdat hy soveel Vlaminge se skryfwerk moes vernederlands.

grondwater van eigen dialecten, en allerlei aanbindsels uit het Frans, het Duits en nog andere talen, waarvan de klanken met de wind naar Vlaanderen waren gedreven" (Rombouts 1990:14).

Die diversiteit van taalvariëteite in Vlaandere, is en was groot, en die stryd om Nederlands aan te geleer het, ewe groot. So skryf die outeur Walter van den Broeck (1980:17): "Mijn echte moedertaal is echter een amalgaan van enkele Kempense dialecten. Het Nederlands heb ik later als een vreemde taal geduldig moeten aanleren. Daar was ik grotendeels op mijzelf voor aangewezen, want helaas, het kreukele Nederlands waarvan mijn leraars zich plachten te bedienen droeg de littekens van het verminkte Frans waarin zijzelf nog waren onderwezen." Met verwysing na sy kindertyd en die groot dialekverskeidenheid, skryf hy dat alleen die woord koud op talle maniere uitgespreek is: "Zo zegt Walters vader koud en zijn moeder kalt. Hun overbuur zegt kuit, hun overbuur kaat. En diens nevenbuur zegt dan weer kijt. Maar er is natuurlik veel meer....Op school kreeg je les in Nederlands, voorzover de meesters die taal zelf machting waren. Les in moedertaal heette dat. Moedertaal... Iedereen in Vlaanderen ervoer Nederlands as een vreemde taal. Kreeg je les, dan was bijna alles wat je zei fout" (Van den Broeck 1980:105).

Dat die aanleer en selfs gebruik van die Nederlandse standaardtaal nie eensklaps plaasgevind het nie, en dat aan die aanleerproses steeds gewerk word, is duidelik uit talle navorsingsresultate. Winnen (1974:128) skryf dat gedurende die laat vyftigerjare, op enkele uitsonderinge na, niemand in die stad Tienen Standaardnederlands praat nie. Ook Billen (1974:138) skryf gedurende dié tyd dat Standaardnederlands in die stad St. Truiden "zeer weinig word gesproken" en dat dit alleen deur die skool versprei word, waar dit die dialek van kinders deeglik beïnvloed. Om die aanleerproses, of dan vernederlandsing van Vlaandere te bevorder, is in 1913 die *Vereeniging voor beschaafde Nederlandsche uitspraak* gestig, en later ook die *Vereniging voor Beschaafde Omgangstaal*, wat 'n groot rol gespeel het in die bevordering van Nederlands in Vlaandere.

Die oorname-stryd was nooit maklik nie: "Duidelijk is ook, dat de Vlaming het om allerlei redenen moeilijk hebben (gehad) met dat Nederlands, met dat ABN, met dat AN" (Rombouts 1990:14). Verder het probleme in die onderwys, waar Nederlands eintlik as stiefkind behandel is, nadelige gevolge gehad vir die Vlaamse outeurs (Rombouts 1990:14). Nogtans het die Vlaming nie handdoek ingegooi nie, maar met die stryd volgehou tot en met vandag.

Die Noordelike beskouing van die Suidelike taal.

Die Noordnederlandse outeur W.F. Hermans, skryf die volgende oor die Nederlands van Vlaminge: "(E)r bestaat eigenlijk haast geen Belg die in staat is meer dan vijf regels Nederlands op te schrijven, sonder dat een Nederlander die het leest, bij zichself denkt: Hier is een Zuiderbuur aan het woord. Het Algemeen Beschaafd dat de Belgen schrijven bezit een eigenschap die alle andere overheerst: hun Nederlands is veel gemakkelijker in het Frans te vertalen dan het onze" (Hermans 1979:107-8). Ook wat die gesproke taal betref is daar 'n verskil tussen Noord en Suid. Van Haver (1989:33) skryf dat 'n Nederlander 'n Vlaming herken, selfs ook wanneer hy versorgde taal praat, na één enkele sin. Die verskil in uitspraak, verklaar hy soos volg: "Voor de Zuidnederlandse uitspraak kan een verklaring worden gevonden. De Vlamingen hebben de Nederlandse cultuurtaal in haar geschreven vorm leren kennen...Daarvoor is in Vlaandere een uitspraak gegroeid die uitging van de schrijftaal, in zekere mate een soort van spellinguitspraak, die in die volkstaal werd aangeduid met 'op de letter spreken'."

Hermans (1979:93-94) skryf oor die Nederlands wat in Vlaandere gebruik word: "De bevolking spreekt een taal waarin heel wat Nederlanders maar geringe overeenkomsten met hun eigen taal ontdekken....Wat de Vlamingen in het Nederlands zeiden, verschilt van wat de Nederlanders erin zeggen."

Volgens Van Haver, beskou sommige Nederlanders die Vlaamse dialektes, as behorende tot 'n ander taal. Vir hierdie Nederlanders is die Nederlandse staatsgrens, dan ook die Nederlandse taalgrens. Dan sien sommige Noorderlinge ook neer op die Vlaminge se taalgebruik. Van Haver (1989:27) skryf dat wanneer 'n Nederlander in Vlaandere kom "is de omgangstaal heel anders gekleurd dan de zijne en wanneer hij by toeval een Vlaamse televisie-uitzending beluistert of de grollen van ene Urbanus,⁽⁴⁷⁾ versterkt dat zijn neiging om de taal van de Vlaming als een minderwaardige vorm van Nederlands te beschouwen." Volgens Van Haver bring die Nederlanders wat die grense van Nederland as taalgrens van Nederland sien, hulself in verwarring wanneer hulle op besoek in die Suide kom, en dan teleurgesteld is wanneer hulle iemand hoor wat Nederlands spontaan en versorgd hanteer. Hulle twyfel dan daaraan of die persoon werklik 'n Vlaming is, want hulle het 'n paar 'plezante' sinne uit Vlaamse mond verwag. Verder beskou die Nederlander 'Vlaams' ook dikwels as 'n sappige taal, 'n grappige kindertaaltjie waarmee jy jou kostelik kan amuseer (Rombouts 1990:8, Daan 1991:565).

Moet Vlaandere Nederland Volg?

Soos reeds vermeld, het Wes-Vlaandere gedurende die Middeleeue, die res van die Nederlande gelei op taalgebied, Brabant het sedert die 15de eeu die rol oorgeneem, en sedert die sewentiende eeu het die Randstad hierdie rol vervul, tot en met die dag van vandag. Die instroming van intellektuele vanuit veral Brabant na Hollandse stede, gedurende die sestiente eeu, het 'n duidelike stempel op veral die geskrewe taal van Noordnederlands afgedruk. So skryf Van Loey (1945:29) dat by die lees van Statebybel van 1637, 'n mens sal merk dat dit "in zijn geheel nog duidelijk Zuidnederlands is, d.i. Vlaams-Brabants." Met die omruiling van rolle, waar taaldominansie en taalleiding nou vanuit die Noorde kom, met die Randstad as sentrum, was wel die afgelope anderhalf eeu 'n kontroversiële vraag gewees: Moet die Nederlandse leiding volledig of binne perke aanvaar word?

Willemyns skryf hieroor: "Toen wij weer normaal contact kregen met het Noorden ontstond er bij ons een gevoel van vervreemding: alles was anders geworden, de Nederlanders hadden hun stempel gedrukt op een taal die tot de 16de - 17de eeuw duidelijk onder Zuidnederlandse invloed had gestaan. Dit alles is volkomen normaal: ook de taalontwikkeling wordt hoofdzakelijk beïnvloed door sociaal-economische factoren. Het was en het is de taal van het sociaal-economisch (en derhalve cultureel) sterkste gewest die de bovenhand haalt, de cultuur volgt de economische machtsverhoudingen. Dat dominerende gewest is voor het Nederlands Holland, daar moeten wij ons kompas op richten. Het heeft dus weinig zin te jammeren over de kwalijke dingen die ons in zoveel voorbije eeuwen allemaal overkomen zijn. Willen wij o.m. het strijdobject van de Vlaamse Beweging afronden, te weten het Nederlands in onze gewesten tot een volwaardige, moderne cultuurtaal maken, dan moeten wij bij het Noorden aansluiten, een andere keuze is er niet" (Willemyns 1976:783).

⁴⁷'n Vlaamse komediant.

In alle stede in Vlaandere, gedurende die vorige eeu en vroeg die huidige eeu, het Franstaliges die boonste laag van die bevolking uitgemaak, met Vlaminge in die laer klasse. Van Belle en Jaspaeert (Van de Craen & Willemyns 1988:51) meen dat die lae sosiale status van die Vlaming 'n belangrike rol gespeel het in die taalbesluite. Die behoeftes volgens Van Belle en Jaspaeert, aan 'n standaardtaal was groot, en omdat so 'n standaardtaal in Vlaandere nie bestaan het nie, is na Nederlands opgekyk as taalmodel, aangesien dit die enigste manier was om 'n Franse oorspoeling teen te werk.

Die waarde van 'n eenheidstaal is lankal besef. Gedurende 1788 pleit die Brusselse advokaat, J.B. Verlooy, vir nouer samewerking tussen Noord en Suid: "Voorders, wy zyn inderdaed het zelve volk, 't zelve in tael, imborft, zeden en gebruyken. Daerom, laet ons gezamentlyke Nederlanders, fchoon wy van ftaet gefchyden zyn, ons ten minften in de Nederlandiche konfeten aenziens als gevaderlanders en gebroeders. Laet-ons gezamender-hand ons gevoegzaem Nederduytfch handhaven, eeran en verfieren: en dat eyndelyk DE Tael VAN DEN VRYDOM ook eens de tael der konfeten zy" (Smeyers & Van den Broeck 1979:140).

Reeds gedurende die middel van die negentiende eeu konstateer J.F.J. Heremans dat die Noordnederlandse skryftaal in Vlaandere bestudeer en nagevolg word, selfs ten koste van die losse en duidelike Vlaams, maar dat die lewende Hollandse volkstaal in Vlaandere onbekend is. Verder was hy ook ontsteld oor die feit dat Noordnederlanders 'n gebrek aan inskiklikheid toon, omdat sommige uitdrukkinge en woorde wat nog in die Vlaamse volksmond leef, nie deur die Noordelike norm erken word nie, omdat dit daar as verouderd en onbruikbaar beskou word (Suffeleers 1979:121).

Dan was daar die kloof tussen Nederlands en die gesproke taal van die Vlaming, wat die Vlaming dikwels moeite mee gehad het soos blyk uit die woorde van A. Gittée gedurende 1886: "Doordat de gesproken taal in het Zuiden zo ver verwijderd is van het toonaangevende dialect in het Nederlands, ondervinden wij talrijke moeilikheden" (Suffeleers 1979:44). Nogtans het die Vlaming nie week geword nie, hy het volhard in die stryd om die Nederlandse taal eie te maak.

Die taalgedrag van die Nederlanders en Vlaminge gedurende 1892 word ironies maar treffend deur H. Meert verwoord: 'n mens noem Nederlanders taalverarmers omdat hulle skryf soos hulle praat, maar ons in Vlaandere intendeel, is geen taalverarmers nie omdat ons praat soos die Nederlanders skryf (Suffeleers 1979:45).

Gedurende 1852 oordeel ook M. van der Voort, "dat wy vlamingen (er zyn eervolle uitzonderingen,) by de Hollanders onze tael moeten gaen leeren", veral dan deur die lees van Hollandse boeke (Suffeleers 1979:189). Ook J. Mac Leod wys gedurende 1891 op die behoeftes aan Nederlandse vakterminologie en wetenskaplike werke in Vlaandere, en was sy raad: "(L)aten wij die boeken, bij honderden en duizenden, in ons land verspreiden", en was sy verdere advies: "Laat ons bij Holland in die leer gaan!" (Suffeleers 1979:196).

Gedurende die midde negentiende eeu waarsku J.J.M. Micheels dat daar 'n einde moet kom aan die terme 'Vlaamse taal' en 'Hollandse taal' omdat dit al tot soveel dwaashedede en 'ongerijmdheden'

aanleiding gegee het. Micheels ken ook geen ander oplossing nie, as om "in de geschreven taal vooral, zoo dicht mogelijk aan onze Noorderbroeders aan te sluiten" (Suffeleers 1979:124). Dit ten spyte van die feit dat Micheels meen dat "NERGENS in België ZUIVER gesproken wordt", aangesien nog maar weinig Vlaminge die geleentheid gehad het om hul moedertaal behoorlik te kon leer (Suffeleers 1979:124).

Veering (1974:188) skryf gedurende die laat vyftigerjare die volgende: "Met verrassende eenstemmigheid zei ieder dat de Nederlanders geen enkel Vlaams woord zouden kunnen gebruiken of liever zouden willen gebruiken. Wanneer de Vlamingen Nederlands nodig hebben als steun tegen de verfransing op taalgebied, moeten ze geen compromis sluiten. Ze moeten het Nederlands helemaal overnemen of niet." Maar nie almal ondersteun die redenering nie. Van Haver (1989) skryf dat Nederlanders nie van Vlaminge verwag om die Noordelike norm slaafs na te aap nie, en ook Willemyns (1971:15) skryf: "(D)e Nederlanders self verlangen helemaal niet dat wij hun taal volledig zouden overnemen."

Die sukses van Nederlands in Vlaandere het hoogte en laagtepunte deurgemaak. Tot en met die sestigerjare van die huidige eeu, was daar van taaleenheid tussen Noord- en Suid-Nederland maar eintlik nog weinig sprake. Dit was dan ook weer gedurende die sestigerjare dat die debat rondom die gebruik van Nederlands sterk opgevlam het, en meer bepaald dan die gesproke taal. Moes Nederlands soos dit in Nederland gepraat word, bloot oorgeneem word, of moes Vlaandere sy eie soort Nederlands praat? Daar is ook besef dat die bereidheid van talle Vlaminge om Noordnederlands na te praat, maar bloot lippetaal was, want in die praktyk het daar maar min van gekom. Baie Vlaminge wou ook nie die taal van die Noorde slaafs volg nie. Diegene wat dit wel doen, of probeer doen het, moes soms negatiewe aanmerkinge daaroor hoor. Willemyns (1971) noem dat daar dikwels uit die koor van 'we-willen-geen-Hollands-praters', allerlei rare redes opgeduij het, waarom Noord-Nederland nie gevold moet word nie.

'n Studie gedoen deur Geerts e. a. (1977:123), illustreer die rol wat Noordnederlands gedurende die sewentigerjare as gesproke taalmodel in Vlaandere gespeel het. Die studie is gedoen na aanleiding van 'n populêre televisie-program waarin Nederlandse- en Vlaamse pare opgetree het. Aan Vlaminge wat die program gesien het, is gevra wie die 'beste Nederlands' gebruik het. Die antwoord was as volg:

- 55% 'die Vlaamse pare'
- 42% 'die Nederlandse pare'
- 2% 'beide'
- 0,9% het nie geweet nie, 0,3% het geen antwoord gegee nie.

Op die vraag aan Vlaminge of hulle graag soos die Nederlanders sou wou praat, indien hulle persoonlik op televisie sou kon verskyn het, was die antwoord:

- 35% 'ja'
- 64% 'nee'
- 0,5% het geen antwoord gegee nie.

Die studie van Geerts e.a. duï daarop dat 'n groot persentasie van die Vlaminge nie die gesproke Nederlands van die Nederlanders as model beskou nie. Hierdie was natuurlik 'n moment-studie, en

dui hoegenaamd geen tendens aan nie. Oor die taalleiding vanuit die Noorde, skryf Van de Craen & Willemyns (1988:55) dat wat uitspraak betref, vele Vlaminge spelling ag as rigsnoer vir uitspraak. Veral sedert die sestigerjare het die uitspraak van die taal die noordelike norm meer nougeset begin volg, en is die "kwaliteit" van uitspraak vandag baie naby aan die van Nederlands. Wat die leksikale aspekte betref, word 'n groot hoeveelheid van die woordeskat uit die Noorde oorgeneem, alhoewel daar dikwels konflik is tussen wat uit die Noorde en wat uit die Suide opgeneem moet word in die standaardtaal. Die Suide word verval deur drie faktore beïnvloed, naamlik: die vinnige vordering van noordelike invloed, taalkundige onsekerheid ten opsigte van die gebruik van streeksinvloed, en die verwering van die Franse invloed op hul taal. Ook wat morfologie en sintaktiese eienskappe betref, word daar nog rondgeval, maar daar bestaan geen twyfel nie, dat ook hier die noordelike sisteem sal seëvier (Van de Craen & Willemyns 1988:56).

Dat die Nederlands van die Vlaminge gedurende die sestigerjare nog nie op standaard was nie, was oorbekend. Willemyns (1971:13) skryf: "De weinig schitterende toestand van het A.B.N. in België wordt door iedereen toegegeven. Willen wij daar iets aan doen dan moeten wij een eenheidstaal kunnen propageren, een kultuurtaal. Onze kultuurtaal, het Nederlands, is by ons niet, in Nederland wel, op normale wijze geëvolueerd. Wij moeten dus de draad weer opnemen, wij moeten onze taal zoals die voor ons in het noorden werd bewaard, weer overnemen." Willemyns meen dat daar nie 'n ander alternatief is nie. Indien daar vanuit die Vlaamse dialekte, wel 'n standaardtaal sou moes ontwikkel, meen hy dat niemand daarby sou baat nie, nie die Nederlanders nie, en ook nie die Vlaminge nie. Voorts skryf hy: "(D)e Vlaamse intellektuelen richten zich, wanneer ze beschaafd spreken, gewild of ongewild grotendeels toch naar de taal die in het Noorden wordt gesproken. Ons beschaafd is voor 80 a 90 % hetzelfde als hun beschaafd en dat zowel wat uitspraak, woordenschat als zinsbouw betreft. Indien we ook dit nu nog konden bereiken door de resterende 10 à 20% over te nemen, zou dat dan niet aanbevelenswaardig zijn?" (Willemyns 1971:15). Vir Willemyns is dit duidelik, die Noorde is die model, omdat daar nie 'n ander beter uitweg is nie, en dat chauvinisme, sentimentaliteit, gekrenkte trots en nasionalisme die Vlaming nêrens sal bring nie, maar alleen suiwer realiteit. Aan diegene wat twyfel oor wie die rigting in Vlaandere op taalgebied bepaal, skryf (Van Loey 1945:49): "De correcte algemene taal der Vlamingen is het *Algemeen Beschaafd Nederlands*, zoals het in Nederland in gebruik is."

Alhoewel die taallig uit die Noorde skyn, bly daar steeds die behoefte om wat eie is, nie bloot net alles weg te gooい, en te vervang met Noordnederlandse ekwivalente nie. Die behoefte om Suidnederlandse woorde en uitdrukkinge te bewaar en selfs vir gebruik in die standaardtaal erkenning te kry, is groot. Van de Craen & Willemyns skryf in hierdie verband dat die meeste Vlaminge in werklikheid die noordelike taalgebruik verwerp, maar ook die suidelike dialektiese taalgebruik is dan onaanvaarbaar. Volgens die skrywers is die mees aanvaarbare vorm van Nederlands in Vlaandere, die taal soos dit gebruik word deur die joernaliste van die nasionale radio- en televisie-net. Hier word 'n duidelik herkenbare suidelike taalvariëteit gebruik, met (byna) geen spore van streeksinvloed op fonologiese of leksikale vlak nie, en sonder spesifieke noordelike kenmerke (Van de Craen & Willemyns 1988:56). Die taal word deur iedereen in Vlaandere verstaan en sal mettertyd ongetwyfeld invloed uitoefen op die taalgebruik van alle Vlaminge, alhoewel die gebruik van dialek beslis nie gou sal verdwyn nie.

Geerts e.a. (1977:99) onderskei twee strominge in Vlaandere, en hieroor skryf hy: "Het is bekend dat die taal in België officieel wel 'Nederlands' heet, maar ook dat er over de inhoud van deze term niet zo 'n overweldigende eensgezindheid bestaat. Er zijn in dit verband twee tegenstrijdige tendensen gesignaleerd: een partikularistische en een algemeen-Nederlandse. Volgens de eerste is de standaardtaal in Vlaanderen niet dezelfde als in Nederland; volgens de tweede heeft het hele Nederlandse taalgebied één enkele standaardtaal: 'het Nederlands'. Terwijl de eerste het standaardiseringsproces van de formele taal in Vlaanderen als een beweging van 'het Nederlands' weg ziet en stimuleert, moet het volgens de tweede juist naar 'het Nederlands' toe gaan." Ook Van Haver (1989) vermeld dat daar gedurende die laat twintigerjare van die twintigste eeuw, in Vlaandere twee strominge bestaan, maar meen hy dat daar tog eensgesindheid is wat die volgende twee stellinge betref, naamlik: dat Nederland en Vlaandere tog één taalgemeenskap vorm en ten tweede, dat die taalgebruik in Nederland vir Vlaandere die rigtinggewende voorbeeld is. Vandag word daar in Vlaandere drie strominge onderskei volgens Geerts (1989:525). Die eerste groep meen dat daar in Vlaandere hoegenaamd geen Nederlands gepraat word nie, maar 'n eie Vlaamse taal. Die tweede groep meen dat daar in Vlaandere 'n soort of 'n vorm van Nederlands gebruik word, en die derde groep definieer Nederlands as die taal wat deur twintig miljoen inwoners in Nederland en Vlaandere gebruik word.

'n Onaangename probleem is dat die evolusie van Noordnederlands rasend snel is, sodanig so "dat wij dat, als leerlingen in het vak, niet kunnen bijhouden" (Willemyns 1971:15). Die gevolg hiervan is dat Vlaminge, omdat hulle die Noordnederlanders in spraakgebruik volg, die persepsie kan ontwikkel dat hulle altyd agter in die ry bly, en dat hul taal in die ore van Nederlanders altyd afwykend, argaïes, of aardig mag klink, en dit werk ongetwyfeld demotiverend (Van der Plank 1985:111). Tans wek die vraag of Nederland gevvolg moet word of nie, minder emosies op. Nederland word ongetwyfeld gevvolg, maar met mate. Volgens De Vries e.a. (1994:197) is die toekoms van Nederlands in Vlaandere kristalhelder. Die Nederlands soos op die Vlaamse radio en televisie gebruik, word deur Vlaminge as beskaafd en korrek beskou en dus aanvaar as standaardtaal. Noord bly dus Noord en Suid bly Suid, maar hulle ontmoet mekaar in die Nederlandse standaardtaal.

Suidnederlands 'n Boeketaal?

In Vlaandere het die spellingsvoorstelle van Kollewijn nie soveel aftrek gekry soos in Nederland en Suid-Afrika nie, en was die propagering van die gesproke taal as model vir die geskrewe taal veel minder op die voorgrond. Dat die geskrewe taal van belang geag is blyk uit die woorde van J. Salsmans gedurende 1909. Hy meen dat die gesproke taal wel as basis moet dien vir die geskrewe taal, maar dat die geskrewe taal tog die funksie het om die grillige wispelturigheid van die gesproke taal in toom te hou (Suffeleers 1979:47).

Oor die uitspraak van Nederlands in die Suide skryf Suffeleers (1979:55) dat die beschouing, dat die spelling normatief moet wees vir 'n beskaafde uitspraak, 'n misopvatting is. Hy skryf dat iedereen wat Nederlands wou leer en veral 'n versorgde uitspraak wou bemeester, deur die skrifbeeld laat lei is: "Dode letter en levende klank, spelling en taal, werden op die manier met elkaар geïdentificeerd. Deze misvatting is ook vandaag aan die dag nog niet verdwenen." Die desrochiste was juis teen die spellingsvoorstelle van 1839 gekant omdat die 'verhollandsing' van

die skrifbeeld, die Vlaminge Hollands sou leer praat het (Suffeleers 1979:58). Nietemin het 'n uitspraak volgens die spelling sterk aanklank gevind.

De School-en Letterbode het die beginsel van 'n beskaafde uitspraak gedurende 1844 as volg geformuleer:

- "1. Elke letter moet duidelyk naer haren klank uitgedrukt worden.
2. Geene letter mag in de uitspraak wegbleven, noch bygevoegd noch met eene andere verwisseld worden" (Suffeleers 1979:58). Duidelik was letteruitspraak vroeg reeds ingeburger in die opvoedingsisteem van die Suide.

Persoonlike taalkontak tussen Nederlanders en Vlaminge teen die einde van die vorige eeu, was uitsonderlik. Die kontak wat die Vlaming met die Nederlandse taal gehad het was hoofsaaklik deur middel van die geskrewe beeld; visueel-passiewe kontak en dus geen ouditief-aktiewe kommunikasie nie (Suffeleers 1979:66).

Tydens die eerste kongres van die *Davidsfonds* in 1905, is 'n voorstel van priester H. Theunissen aanvaar dat daar by die bevoegde instansies aangedring moes word dat "GOED-VLAAMSCH-SPREKEN of liever het VLAAMSCH SPREKEN OP DE LETTER" in laerskole verplig gemaak moes word, as mede-faktor in die opvoedingsproses.

Omdat in Vlaandere geen beskaafde spreektaal bestaan het nie, meen P. Tack dat die Vlaminge daarom by Nederland 'in die leer moes gaan', en omdat Vlaandere nie oor 'n toonaangewende elite beskik nie, is die Vlaming op die geskrewe taal aangewese om behoorlik te leer praat. Presies daarom meen hy dat dit belangrik is dat die spelling moes dien as norm vir die beskaafde uitspraak (Suffeleers 1979:72). Talle argumente is gedurende die tyd gewissel in verband met die uitspraak van Nederlands in Vlaandere. 'n Letteruitspraak, so is dikwels gewaarsku, sou van die Vlaminge 'slaafsche navolgers der Hollanders' maak. Hierdie probleem was vir die Afrikaner teen die huidige eeu-wisseling wel kleiner. Hy het betreklik goed geweet hoe Nederlands geklink het, want hy was voortdurend in aanraking met predikante wat in Nederland opgelei is of aan die Nederlandstalige kweekskole in Suid-Afrika. Honderde onderwysers het ook vanuit Nederland naveral Transvaal gestroom. Onderwysers in Nederlands in Suid-Afrika was dus geen probleem nie, die probleem om Afrikaanse onderwysers te vind, nadat van Nederlands na Afrikaans oorgestap is, was waarskynlik groter. Suffeleers (1979:87) skryf dat die gebrek aan onderwysers wat Nederlands behoorlik magtig was, 'n enorme struikelblok was by die aanleer van Nederlands in Vlaandere.

Die Tweetalige Stad Brussel

Gedurende 1846 het die Vlaamse element nog 60.2% van die Brusselse bevolking uitgemaak; gedurende 1910 was dit 44.7% en in 1947 maar 24.2% (Van Velthoven 1987:23). Eentalige Nederlandstaliges het van 46.2% in 1866 tot 9% in 1947 gedaal, terwyl eentalige Franstaliges respektiewelik van 19.3% tot 37% toegeneem het. Talle gemeentes wat vir meer as 90% Nederlandstalig was, het tot minder as 20% teruggeloop tussen die periodes 1846 en 1947, soos uit die volgende blyk (Van Velthoven 1987:25):

Gemeente	1846	1947
St. Agatha Berchem	97.8%	19.3%

Etterbeek	96.1%	4.5%
Evere	99.5%	21.8%
Vorst	92.1%	5.6%
Ganshorn	100%	20.1%
Koekelberg	97.0%	13.9%
Ukkel	94.8%	6.6%
Waterm.-Bosvoorde	98.1%	6.7%
St. Pieters Woluwe	98.8%	11.3%
Haren	99.9%	±0%
Neder-over-Heembeek	99.0%	±0%

In 1860 het die Franse digter Charles Baudelaire Brussel besoek en skryf hy dat niemand Frans geken het nie, maar was dit as goeie smaak beskou, indien 'n persoon sou voorgee dat hy Nederlands nie ken nie, maar slegs Frans (Van de Craen & Willemyns 1988:57). Gedurende die laat agtiende eeu, bestraf Verlooy, 'n Brusselse advokaat, die Brusselse bevolking wat toe volgens hom 95% Vlaamstalig was, maar waarvan $\frac{3}{4}$ Frans 'beproef' het (Walgrave 1949:97).⁴⁸ Verlooy skryf ook verder "dat het frans hier te Bruffel maer een' vremde ingeëntte en reeds verbafterde fpraek is; dat het Nederduyts d' oorfronkelyke moederlyke taal is; dat ook tot den dag van heden toe alle zaken van jufticie en policie in 't nederduyts alleen verhandelt wordent." (Smeyers & Van den Broeck 1979:74). 'n Groot probleem volgens Verlooy was dat die Vlaminge ontsettend skaam was vir hul taal, en op straat so ver moontlik Frans probeer praat het. Hy skryf: "Onze joeffrouwen zalmen nooit met eenen vlaemfchen kerkboek zien: en gebeurde dit, het fehaemrood zou haef daer zyn" (Smeyers & Van den Broeck 1979:79). In Brussel was die taalsituasie gedurende die vroeë negentiende eeu, nie anders as in die ander Vlaamse stede nie. Tans is Brussel seker goed 80% Franstalig, terwyl Frans in die ander Vlaamse stede nie meer gebruik word nie. Die agteruitgang van Nederlands in Brussel, word daaraan toegeskryf dat Brussel as hoofstad van België, duisende Franstaliges na die stad gelok het in 'n tyd toe Frans die enigste amptelike taal van die land was. Van de Craen & Willemyns (1988:57) wys ook daarop dat Brussel geen industrie-stad was soos die ander Vlaamse stede nie, en dat die laer klasse dus makliker beïnvloed was deur die Franse middelklas.

In Brussel is Nederlands vandag egter besig om 'n prestigetaal te word (vergelyk De Vriendt & Willemyns 1987). Dit het ongetwyfeld te make met die feit dat Vlaandere sedert die dertigerjare 'n ekonomiese opbloei ken, terwyl Wallonië op ekonomiese gebied agteruitgaan. Van de Craen & Willemyns vermeld ook dat in Brussel 'n afname van die gebruik van dialek voorkom ten gunste van Standaardnederlands en ook dat die Franstaliges se houding van negatief staan teenoor Nederlands verskuif na 'n positiewe siening van Nederlands. Selfs Franstalige kinders word na

⁴⁸Verlooy skryf in sy verhandeling wat handel oor die verontagsaming van Nederlands, die volgende gedurende 1788 oor Brussel: "Want wel ontrent de helligt der huyfgezinnen zyn daer nog Nederduytſch, en vele van d'andere helligt hebben byde de talen famen. Dit geweet kan nae giffing op de kaert, en anderfints, ontrent een vyfde of zefde van Bruffel maken, zonder de voorfteden: dus zou ontrent een vyfde of zefde van Bruffel half frans zyn: zoo nogtans dat dit half vyfde of zefde, of dit tiende of twelfde deel nog zeer gemengelt is met Nederduytſch: zoo dat dus maer een achtende of twintigste deel van Bruffel voor frans te rekenen is" (Smeyers & Van den Broeck 1979:73).

Nederlandstalige skole gestuur. Iets wat 'n aantal dekades gelede ongekend was. Ook kom dit algemeen voor dat Franstaliges die belangrikheid van tweetaligheid beklemtoon (Van de Craen & Willemyns 1988:59,60). Ook dit was 'n aantal dekades gelede ongekend. Toe was Frans die dominante prestigetaal.

Sedert die sestigerjare, word Brussel as 'n tweetalige stad erken, volgens die personaliteitsprinsiepe, dus dieselfde taalsituasie as in Suid Afrika, waar elke kind geregtig is op moedertaalonderwys, en elke inwoner die taal van sy keuse kan gebruik in sy kommunikasie met die owerheid. Hier bestaan geen afgebakende eentalige gebiede soos in Vlaandere en Wallonië nie. Die gebruik van die standaardtaal Nederlands in Brussel is egter belangrik. Hieroor skryf Willemyns die volgende: "Inquiries gave evidence for the fact that, as compared to the total Dutch-speaking population, standard Dutch is used considerably more in Brussels and surroundings than it is in the remaining part of Flanders. Dutch speaking people seem to be aware of the fact that the prestige of the (French) standard language can only be neutralized by another (Dutch) standard language" (De Vriend en Willemyns 1987:224). Die Vlaminge het nie gekies vir 'n eie variëteit nie, maar vir 'n prestige taal, omdat een prestige-taal alleen behoorlik teëgehou kan word deur 'n ander prestige-taal.

Willemyns (De Vriend en Willemyns 1987:224-5) wat 'n studie gedoen het oor die gebruik van dialek aan die Vlaamse universiteite het gevind dat 30.32% van die studente uit Brussel geen dialek meer ken nie. Vir studente uit die ander provinsies was die syfer:

Wes-Vlaandere	2.04%
Antwerpen	8.72%
Oos-Vlaandere	13.57%
Limburg	16.07%

In dié tweetalige stad word die elite-taal Nederlands 'n behoefté, as buffer teen die elite-taal Frans. Uit die syfers is dit duidelik dat in Wes-Vlaandere weinig Standaardnederlands gebruik word. Dit is dan ook in die gebied waar taalpartikularisme op sy aktiefste was. Die gevoel daar vir Standaardnederlands is dus steeds klein (Geerts e.a. 1977:108). Alhoewel die Wesvlaaming vandag steeds nie van partikularisme verlos is nie, toon hy tog met sy dialek 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor Standaardnederlands, of vir wat hy as Standaardnederlands beskou, sodat hy in sy gebruik hiervan "liefst zoveel mogelijk dialektgoed vervangt" (Debrabandere 1971:92). Dit is ook interessant om daarop te let dat in Limburg ook heelwat Standaardnederlands gebruik word. Limburg is die gebied waar die dialek die meeste afwyk van Standaardnederlands, volgens Hoppenbrouwers (1990). Waarskynlik voel die Limburgers dat hul dialek so ver van die Standaardnederlands afwyk, dat dit beter is om die standaardtaal te leer, aangesien dit sou beteken dat hulle werklik twee tale moet aanleer.

Die prestige wat Nederlands vir die Vlaming gebring het, het geleid tot 'n gedragsverandering wat duidelik weerspieël word in die verklaring van Vilrokx (De Vriend & Willemyns 1987:227): "Members of these high socio-economic strata are rather conscious of their being Flemish....The readiness to actively affirm one's Flemish identity in social contacts is widespread and shows determination, some even say intolerance." Die verskynsel was 20 jaar gelede nog ondenkbaar in

Brussel. Toe het die sprekers van die Vlaamse dialek nog duidelik tot die lae klasse behoort, en sy identiteit probeer verdoesel in die hoër kringe, deur goeie Frans te gebruik.

In die Hitte van die Taalstryd

Die taalgriewe van die Vlaminge is voortdurend afgemaak deur die regering as iets nietigs, waarvoor die tyd ontbreek om daar aandag aan te skenk. Die belangrikste taalwetgewing is stuk vir stuk en met groot moeite tussen die dertigerjare en die sestigerjare deurgevoer. Dit het tweetalige Vlaandere, na 'n eentalige gebied omvorm (met uitsondering van 'n aantal gemeentes op die taalgrens en die hoofstad Brussel). Hierdeur is Frans letterlik uit die Vlaamse stede en universiteite gedwing.

Die wet van 14 Julie 1932, betreffende die taalreëling in die onderwys het bepaal dat Nederlands in die Vlaamse streek, Frans in die Waalse streek, en Duits in die Duitstalige gebied die onderwystaal sou wees, volgens artikel 1 van die wet. Artikel 2, egter het bepaal dat: "De kinderen wier moedertaal of gebruiklike taal niet de taal is van de streek hebben het recht het onderwijs in hun moedertaal te ontvangen. Echter zullen de gemeenten en de besturen van aangenomen of aanneembare scholen oordelen over de wezenlijkheid van die behoefté of taalgebied en over de gepastheid daaraan tegemoet te komen" (Lindemans e.a. 1981:187). Hierdie reg wat Franstaliges in Vlaandere gehad het, het hulle goed gebruik, met die gevolg dat Vlaandere gewoon 'n tweetalige gebied gebly het. Gedurende die dertigerjare het daar nog talle kinders Franstalige onderwys in Vlaandere geniet. Dit blyk uit 'n senaatsverslag van 1931, dat 18% van die jeug toe Franstalige onderwys gevolg het in Vlaandere, dus byna een op 5 leerlinge (Lindemans e.a. 1981:143).

Hieraan kom verandering, deur middel van die wet van 30 Julie 1963, betreffende die taalreëling in die onderwys, nadat die wet van 8 November 1962 die taalgrens vasgelê het (Lindemans e.a. 1981:16,23). 'n Aantal gemeentes op die taalgrens in Vlaandere, mag wel Franstalige onderwys aanbied, en dieselfde het gegeld vir 'n aantal gemeentes in Wallonië, waar Nederlandstalige onderwys toegestaan is. Die Duitstalige gebied sou 'n uitsondering wees. Ook in Brussel, en omgewing, is 'n uitsondering gemaak. In die res van Vlaandere, verloor die Franstaliges alle taalregte. Artikel 4 bepaal: "De onderwystaal is het Nederlands in het Nederlandse taalgebied, het Frans in het Franse taalgebied en het Duits in het Duitse taalgebied, behoudens in de gevallen bepaald bij de artikelen 6 tot 8" (Lindemans e.a. 1981:196). Artikels 6 tot 8 het vir alle praktiese doeleindes slegs betrekking gehad op die randgemeentes van die taalgrens en die Brusselse geweste. Hierdie wet het verreikende gevolge gehad, want dit het eentaligheid in die Vlaamse onderwys verseker.

In hierdie randgemeentes kon daar dan vir die ander taal onderwysfasiliteite geskep word, maar dan ook slegs indien die getalle dit regverdig. Fasiliteite sou ook slegs geskep word, indien daar nie binne 'n redelike afstand in ander gemeentes fasiliteite bestaan nie (Lindemans e.a. 1981:196). Ons tweede tuisdorp, Tervuren, is onder andere 'n randgemeente. Dit lê in Vlaandere, maar Franstaliges sou taalregte kon hê, indien getalle dit sou regverdig, én indien Franstaliges nie binne trefafstand Franstalige onderwys sou kon volg nie. Tervuren is ongeveer 10 km vanuit Brussel. Dit is 'naby genoeg', en bestaan hier geen Franstalige onderwysfasiliteite vir Franstaliges nie. Trouens voor aan die ingang van die gemeentehuis staan die volgende woorde op 'n groot kennisgewing:

"TERVUREN IS EENTALIG NEDERLANDS Een wijze raad; volg de Nederlandse taalcursussen." Die boodskap van die owerheid aan die publiek is duidelik; as jy in Tervuren woon, sorg dat jy Nederlands ken.

Die taalstryd in Vlaandere is met passie en vuur aangepak. Gedurende die sestigerjare was in Vlaandere seëls beskikbaar wat op inkomende Franstalige pos geplak is en teruggestuur is, met die volgende woorde (De Vries e.a. 1994:127):

Voor Vlaanderen
Nederlands eentalig!

Terug aan afsender!
In 't Nederlands a.u.b.!

Op Franstalige rekeninge wat onbetaald teruggestuur is, die woorde:

GEEN VLAAMS!
GEEN CENTEN!

GEEN VLAAMS!
GEEN ZAKEN!

België het nog in 1932 daaraan gedink om die land tweetalig te maak volgens die personaliteitsprinsipe (Rombouts 1991:19), maar is uiteindelik eentalige gebiede geskep, met uitsondering van Brussel. In België,⁴⁹ bestaan vandag geen dubbelmedium onderwys nie. Nie eens in die tweetalige stad Brussel nie. 'n Skool is of Nederlandstalig, of Franstalig. Dieselfde geld vir tersiêre onderwys. Die *Université Libre de Bruxelles* in Brussel is gedurende 1969 bloot in twee verdeel. Die Nederlandstalige *Vrije Universiteit Brussel* het hieruit ontstaan. Vandag funksioneer die twee universiteite wat dus teenmekaar grens, absoluut onafhanklik van mekaar, elk met sy eie taal, identiteit, administrasie, ens. Die radio en televisie in België is of eentalig Frans of eentalig Nederlands. Tweetalige uitsendings bestaan nie. Die strewe na tweetaligheid by die Vlaming is veel kleiner as die strewe van die Afrikaner na tweetaligheid. Die Vlaming sny homself nie af van die wêreld wanneer hy nie Frans ken nie, want sy eie taal Nederlands is 'n internasionale statustaal (binne perke natuurlik). Die Afrikaner sny homself letterlik van die wêreld af indien hy nie Engels ken nie.

Opmerking

Die Nederlandse taal in Vlaandere was duidelik nie in 'n ander posisie as die Nederlands in Suid Afrika nie. In beide lande was die Dietssprekende bevolking arm en swak geletterd (Die Vlaminge was egter veel meer verstedelik as die Afrikaners), wat beteken het dat hul omgangstaal, 'n lae status gehad het. In beide lande was daar 'n groot behoefte aan 'n groter Nederlandstalige elite, en in beide lande was Nederlands amptelik die kultuurtaal. In beide lande het stemme opgegaan ten gunste van 'n eie selfstandige taal, los van Nederlands. Beide volkere het hulle begreigd gevoel deur 'n ander vreemde taal en kultuur, en het beide volkere stappe onderneem om hul identiteit teen die oorspoeling teen te werk. In Vlaandere en in Suid Afrika was maar weinig mense wat Nederlands vlot kon gebruik het. In Vlaandere is die agterstand uitgewis, deur die taal van die Noorde aan te leer. In Suid Afrika is 'n nuwe standaard geskep.

⁴⁹België het drie amptelike tale: Nederlands, Frans en Duits.

Die doel van die Vlaamse beweging (en seker ook die Afrikaanse beweging) was volgens Fredericq as volg: "De Vlaamsche Beweging is de poging om dat jammerlijk verval der Vlamingen te stuiten en hen terug te brengen in den stroom der moderne beschaving door middel van het eenig natuurlik voertuig der gedachten: de moedertaal" (Nienaber & Nienaber 1941:74). Vir beide die bewegings was 'moedertaal' die kern van die aandrywing. Die enigste verskil is dat 'moedertaal' vir die Afrikaner Afrikaans beteken het (alhoewel dit aanvanklik Nederlands beteken het), terwyl 'moedertaal' vir die Vlaminge Nederlands beteken het.

Uit die behandelde gedeelte is dit duidelik dat die Vlaminge dit nooit maklik gehad het nie, maar dat hulle nogtans die nodige moeite en inspanning gelewer het om eenheid van die Nederlandse taal kragdadig te behou, en nie 'n eie rigting ingeslaan het nie. Die behoud van 'n eenheidspelling tussen Noord en Suid, het volgens Picard (1963:117), 'n belangrike rol gespeel in die eenwording van die taal, en skryf hy dat dit wat in Suid-Afrika gebeur het, net so goed in Vlaandere moontlik was. Duidelik is dat die aanvaarding van 'n ander spelling in Suid-Afrika ook die klowing van die Nederlandse taal ingehou het.

Wat die stryd teen 'n Franse oorspoeling betref, het dit die Vlaminge sedert 1830, byna 'n anderhalf eeu geneem om 'n eentalige gebied te skep, waar die Nederlandse taal gekoester kon word, en tot statustaal uitgebou kon word. Hierdie verwerwing van status het hy dan veral behaal deur die eksklusiewe uitoefening van Vlaamse beheer oor veral die Vlaamse ekonomie.

Nederlands in Suriname

Die Surinaamse bevolking bestaan tans uit ongeveer 400 000 inwoners, waarvan ongeveer die helfte in en om die hoofstad Paramaribo woon. Suriname was vroeër bekend as Nederlands-Guyana, en is geleë in die noord-ooste van Suid Amerika. Suriname was eeu lank aan Nederland verbonde. In 1613 het 50 Nederlandse gesinne in Suriname aangekom om tabak te kweek, maar hulle is spoedig deur die Spanjaarde verdryf. Blywende kontak het ontstaan toe 'n Zeeuwse eskader, gedurende die tweede Engelse oorlog (Nederland-Engeland), Suriname binneval wat toe 'n Engelse gebied was. By die vrede van Breda (1667) is Suriname aan die Nederlanders afgestaan, in ruil vir die Nederlandse kolonie Nieuw-Amsterdam (huidige New York). Gedurende 1683 kry die land ook definitief sy naam, vernoem na 'n Indiaanstam: die Surinen. Nabij die fort Zeelandia het die stad Paramaribo ontstaan, wat later die hoofstad sou word. Met twee betreklike kort onderbrekings in die Napoleontiese tyd, 1799-1802 en 1804-1816 (onder Engelse bestuur), bly Suriname Nederlandse gebied tot 1975 met onafhanklikwording.

Gedurende die periode 1683-1863 produseer Suriname hoofsaaklik rietsuiker, tabak, katoen, kakao en koffie vir die Europese mark. Duisende slawe is ingevoer vanuit Wes-Afrika om op die plantasies te werk. Alhoewel die slawehandel in 1808 verbied is, het dit op onwettige wyse voortgeduur. Op 1 Julie 1863 is slawerny afgeskaf in Suriname, maar reeds sedert 1853 is begin om Chinese immigrante te werf as arbeiders op die plantasies. Dan het daar ook groot groepe immigrante gekom uit Java, Madeira in 1853, Portugese in 1854, Chinese in 1853, en Indiërs in 1873, asook Libanese. Die kolonie maak stormagtige tye deur en op 15 Desember 1954 tree die Statuut van die Koninkryk der Nederlande in werking, waarby Nederland, Suriname, en die Nederlandse Antille as gelykwaardige deelnemers, die Nederlandse Koninkryk vorm. Op 25 November 1975 word Suriname onafhanklik en tree uit die Koninkryk.

Multikulturele Bevolking

Volgens Ferrier (1985:34-58) bestaan Suriname tans uit 'n multikulturele, multi-etniese, multirassige samelewing. Afgesien van die inheemse Indiane word die volgende groepe tans onderskei:

Die Hindostanen

Die groep vorm die grootste etniese groep in die land, en is afstammelinge van die tussen 1873 en 1918 uit Brits-Indië ingevoerde kontrakarbeiders. Die kinders van die immigrante kon tot 1907 onderwys in hul eie taal kry waarna Nederlands egter verpligtend was. Die groep kom ook in alle sosio-ekonomiese lae van die bevolking voor en is ingedeel in drie godsdiensgroepe: Hindoes, Moslems en Christene, maar die Hindoes is by verre die grootste groep.

Die Kreole

In Suriname staan die Kreole bekend as die groep wat as geheel of gedeeltelik afstam van die Negerslawe. Hulle vorm die tweede grootste groep in die land en het na die afskaffing van slawerny in groot getalle na die hoofstad verhuis. Hulle kom in alle sosio-ekonomiese lae van die samelewing voor, en bestaan uit verskillende groepe. Vroeg in die koloniale tyd het blankes en swartes vermeng, waar 'n aparte groep ontstaan het wat in noue kontak met die blankes geleef het. Hierdie gemengde groep vorm vandag die Kreoolse elite.

Die Javane

Die eerste Javane kom op 9 Augustus 1890 vanuit die toenmalige Nederlands Oos-Indië in Suriname aan, as arbeiders op die suikerplantasies. In 1939 kom die laaste groep van 1000 Javane aan. Hulle kom in die stede sowel as op die platteland voor, waar hulle op die platteland hulle tradisionele lewenswyse voortsit. Omdat die Javane Moslems is, het hulle hulself lank afgesonder, maar Ferrier (1985:47) vind dat daar ook vandag meer openheid voorkom. Op die platteland word ook nog 'n eie taal gepraat.

Die Indiane

Die oorspronklike bewoners van Suriname, is die Indiane, verdeel in die benedelandse Indiane, die Karaïbe en die Arowakke. Die bovenlandse Indiane is die Akoerio's, Trio's en die Wajanas. Die bovenlandse Indiane lei 'n nomadiese of half-nomadiese bestaan, waar hulle 'n bestaan maak uit jag, visvang en die landbou. Hulle lewe dikwels in groot armoede. Die benedelandse Indiane bly hoofsaaklik in dorpe. Die Indiane groepe praat dan ook verskillende tale.

Die Boslandkreole

Die Boslandkreole is afstammelinge van die slawe wat die bosse in gevlug het. Hulle was van die beskawing afgesny en vorm ook mettertyd nuwe groepe of stamme wat tans bekend staan as die Djoeka's of Aucaners, die Saramaccaners, die Matoearis, die Paramaccaners, die Bonis en die Kwintis. Hul gemeenskappe toon 'n geordende struktuur, waarvan die trekke ontleed is aan hul Wesafrikaanse stamgewoontes en godsdienste. Hulle leef afgesonderd van die landbou, jag en vissery. In die laaste jare verhuis vele van die mense ook na die hoofstad, waar hulle onder moeilike omstandighede woon.

Die Chinese

Die eerste Chinese is in 1853 ingevoer, vanuit Java en ook Suid-China. Die grootste aantal Chinese het in die handel betrokke geraak, en selfs in afgeloë gebiede het Chinese winkels verryss. Hulle leef in 'n sterk geslote gemeenskap, waar hul eie taal en kultuur bewaar word. Verder vorm hulle belangrike werkgewers, werk in die banke, versekeringsmaatskappye, die owerheid en die onderwys. Die belangrike Chinese feeste word dikwels deur die ander bevolkingsgroepe saam gevier. Hulle kinders word dikwels na Nederland of Amerika gestuur vir opleiding, waar hulle na hul terugkeer professionele beroepe beoefen. Hulle gebruik Nederlands deurgaans as omgangstaal, al praat hulle soms met hul ouers of grootouers Hakka of Sranan Tongo.

Die Libanese

Die Libanese kom aan die eind van die vorige eeu in Suriname aan op vrywillige basis. Hulle kom almal uit een Libanese dorp Bahzoun, 'n maronitiese dorp (Christelike volksgroep van Siriese oorsprong). Die meeste persone is dus aan mekaar verwant. Hulle is ook vandag sterk in die handel betrokke en vorm 'n sterk ekonomiese groep. Hulle probeer om nog bande met Libanon te behou, maar vorm 'n klein groepie in Suriname, waar die meeste huwelike gemeng is en hulle opgaan in die Surinaamse samelewing.

Die Europeërs

Vanuit Europa het verskillende groepe na Suriname verhuis, maar die meeste het nie lank daar gebly nie, as gevolg van die tropiese klimaat. Nederlandse boere rond 1845, Jode 1632, Labadiste 1683, Paltsers 1750, Wurtembergers 1853 en ook ander Duitsers en Oos-Europeërs. Die Nederlandsegebore blankes vorm tans die grootste groep Europeërs. Hulle staan hoofsaaklik in die owerheidsektor en meer bepaald in die onderwys. Die kinders van die groep volg meestal privaat onderwys of gaan na skole in Nederland of Amerika.

Die Taal

Daar moet in gedagte gehou word dat die diverse groeperinge in Suriname, diverse invloede op die gesproke taal uitgeoefen het. Essed-Fruin (1990:55) skryf dat gedurende die sewentiende en agtiende eeu selfs talle blankes in Suriname nie Nederlandstalig was nie. Die meeste mense verwag vandag ook, dat aangesien Nederlands in Suriname die amptelike taal is, en aangesien Suriname vir 300 jaar onder Nederlandse bestuur gestaan het, die land deur en deur Nederlandstalig moet wees. Dit is egter nie die geval nie. Volgens Essed-Fruin (1990:54) kan die ontwikkeldes en die jonger generasie in en om Paramaribo hulself goed tot redelik in Nederlands uitdruk, maar in die binneland kom 'n mens met Nederlands nie ver nie.

Van der Horst (1989:627) skryf dat in Suriname nie 'n eenvormige Nederlands gepraat word nie, en dat Surinaamse Nederlands dus nie duidelik afgegrens kan word nie. Dit wissel van 'n soort taal wat vrywel dieselfde is as Europese Nederlands, en deur die ontwikkelde Surinamers gebruik word, tot 'n taal wat deur talle eie woorde en skeppinge gekenmerk word. Van der Horst skryf dan ook dat in formele situasies die taal nie veel afwyk van Standaardnederlands nie, maar wel in die omgangstaal. Van Wel & Vervoorn (ongedateerd:14) skryf dat Nederlands as 'n elite-taal deur die Surinamers beskou word, veral onder die opgevoede klasse, waar die taal veel minder gekleur word, as onder die onderontwikkelde klasse. Ferrier (1985:99) skryf van die Nederlands in Suriname dat "deze taal zich in klank, klemtonen, en bepaalde grammaticale regels onderscheideit

van het A.B.N. Veel Nederlanders weten niet dat deze verschillen bestaan en beschouwen de andere zinsconstructies niet als een andere, maar als een verkeerde zinsconstructie of uitspraak." Essed-Fruin (1990:57) skryf: "Het Nederlands dat in Suriname gesproken wordt is niet identiek aan het Standaard of Algemeen Nederlands in Europa", en dat Surinamers probleme het om 'n snel sprekende (of swak artikulerende) Nederlander te verstaan. Versorgsprekende Vlaminge daarenteen verstaan hulle dikwels, volgens Essed-Fruin, beter as die Nederlands van Nederlanders.

Waar egter mee rekening gehou moet word, is die feit dat die algemene omgangstaal in Suriname nie 'n Nederlandse variëteit is nie, maar Sranan (Neger-Engels).⁵⁰ Essed-Fruin (1990:55) skryf dat Sranan ook in die onderwys gebruik is tot 1876. Nederlands was as amptelike taal verplig gewees sedert 1876 toe skoolplig ingevoer is vir alle kinders tussen 7 en 12 jaar. Vir Nederlandstaliges was dit geen probleem nie, maar vir baie etniese groepe was dit problematies. Die onderwyssisteem was gebaseerd op die Nederlandse sisteem wat vir sommige etniese groepe onbekend was. Daar is egter met die onderwys in Sranan in sommige skole volgehou tot en met 1890, met uitsondering van skole in die binneland, waar Sranan as onderwystaal toegelaat was (Essel-Fruin 1990:55). Die Sranaanse omgangstaal, word vandag nie as medium van onderrig gebruik nie, maar uitsluitlik Nederlands (De Vries e.a. 1994:289).

Binne 'n betreklike kort periode, het Nederlands inslag in Suriname gevind, en skryf Van Wel (1975:43): "Al in 1939 viel vrij gemakkelijk te onderkennen, dat zich een plurale samenleving in Suriname had gevormd, waarin het gebruik van het Nederlands maar een beperkte plaats innam. Bovendien was dit Nederlands afgegroeid van de oorspronkelijke stam. Het was een Surinaams Nederlands geworden, gekleurd door de inbreng uit de vele talen, die de verschillende groepen van de bevolking onder elkaar spraken en van het takki-takki, later Negerengels genoemd en weer later officieel Sranan tongo." Essed-Fruin (1990:57) skryf dat daar soveel nie-Europees-Nederlandse woorde in die taal opgeneem is, en soveel woordes van betekenis verander het, dat mens met reg van 'n Surinaams-Nederlands kan praat. Essed-Fruin meen dat die 6,600 eie woordes wat in die Surinaams-Nederlands woordeboek opgeneem is, 'n groot deel eintlik eerder Sranan is. Maar selfs afgesien van die Sranaanse woordes, het Surinaams-Nederlands **duisende** eie woordes, ontleen en geskep. Volgens De Vries e.a. (1994:289) het Surinaamse Nederlands byna 2,000 afwykinge van Standaardnederlands in sy woordeskat, alhoewel heelwat hiervan ook eie skeppinge is, en nie ontlenings nie.

Sedert die tweede wêreldoorlog het die gebruik van Nederlands volgens Van Wel & Vervoorn (ongedateerd:22, 3) veral onder die Hindostanen toegeneem, alhoewel alleen 15% van die Hindostanen, en 9% van die Javane Nederlands as huistaal gebruik het gedurende die sewentigerjare. Die Kreole is grootliks tweetalig. Hulle praat Sranan en ook in verskillende grade Nederlands. Tagtig persent van die Kreoolse jeug gebruik Nederlands as huistaal of hoor dit ten minste dikwels tuis. Op die platteland gebruik egter slegs 23.7% van die kreoolse jeug Nederlands as huistaal (Van Wel & Vervoorn ongedateerd:22, 23).

Wat Nederlands in Suriname merkwaardig maak, is die feit dat Nederlands tot in die negentiende eeu, byna geen invloed in Suriname gehad het nie (De Vries e.a. 1994:288). Vandag is Nederlands ongetwyfeld 'n prestige-taal in Suriname. Dit is die amptelike taal van die land. Dit is die taal in

⁵⁰Hierdie mengtaal het ontstaan voor die komste van die Nederlanders, toe die gebied 'n Engelse besitting was.

alle formele situasies, die onderwys, die reg, die Parlement, die taal van die media, lettere, wetenskap en tegniek. Dit is die taal waarin die land se skrywers hul uitdruk, dit is die taal wat iedereen graag wil beheers. Die elite, en die jeug van Suriname praat Nederlands, en as jy opgang in die samelewing wil maak, dan moet jy Nederlands ken.

Opmerking

Die Nederlanders neem van Suriname besit in ongeveer dieselfde tyd as die Kaap. Daar het egter nooit groot getalle Nederlanders na die gebied verhuis nie, wat die situasie in Suriname veel slechter vir die taal daar maak, as aan die Kaap. Soos reeds gesien, is en was die samevloeiing van talle volke en tale in Suriname veel omvangryker as wat dit ooit aan die Kaap was. Verder het Nederlands in Suriname die probleem gehad dat Sranan die algemene omgangstaal was van die bevolking nog voor die Nederlanders besit geneem het van Suriname, en dat dit die omgangstaal gebly het tot en met vandag. Dit was in die Kaap nie die geval nie.

Meer as 'n anderhalf eeu na die kom van die Nederlanders in Suid-Afrika, was die taalsituasie in Suriname benarder as in die Kaap. So vermeld J.G. Swaving, wat dikwels gereis het en talle Nederlandse kolonies besoek het, en wat in 1828 'n tolk aan die Kaap was, dat die Hollands aan die Kaap vir die nuut aangekome Nederlander nie half so vreemd was as die Hollands van onder andere Suriname nie (Scholtz 1980: 44).

Terwyl Nederlands vir die Kapenaar nooit 'n vreemde taal was nie, was dit wel in Suriname die geval. Tog het Suriname by hierdie 'vreemde' Nederlandse taal gehou, tot vandag toe. Die Surinamer het duidelik moeite om die Nederlandse taal oral ingeburger te kry, en dit ook behoorlik onder die knie te kry, daarom word die taal vandag nie oral, altyd ewe goed beheers nie. Nogtans bestaan die behoeftie nie, om die algemene omgangstaal wat almal ken, naamlik Sranan, te standaardiseer en dit dan met Nederlands te vervang nie. So 'n standaardisering, volgens die Afrikaanse voorbeeld, sou ook die lot inhoud wat die Afrikaner getref het, naamlik afsnyding en isolasie. Ten spyte van die moeilike omstandighede in die land, en ten spyte van sy diverse bevolkingsamestelling, word aan Nederlands vasgehou, al is die algemene spreektaal en die standaardtaal wérklik twee totaal aparte tale.

Die Surinamer besef, wat die Afrikaner nie kon nie!

Quebek

Kanada bestaan uit tien provinsies, waarvan nege hoofsaaklik Engelstalig is, en alleen die provinsie Quebec hoofsaaklik Franstalig is. Volgens Joy (1992:122) het Kanada in 1986 uit 'n bevolking van ongeveer 25 miljoen inwoners bestaan, waarvan ongeveer 6 miljoen Franssprekend was. In Quebec woon 5.3 miljoen Franstaliges met 0.5 miljoen aan die aangrensende New Brunswick en Ontario. Minder as 4% van die Franstaliges woon in die res van Kanada.

Agtergrond

In 1534 het Jacques Cartier die Sint Laurens rivier opgevaar, en die landsgedeelte geannekseer namens koning Frans I van Frankryk. Dit sou die begin wees van 'n latere lewendige handel in pelse, wat in Europa in aanvraag was. Dit was egter eers in 1605 dat onder leiding van 'n

Hugenoot Pierre du Gua, werklik oorgegaan is tot kolonisering, toe Royal Port gevëstig is in die baai van Fundy, wat Frankryk se eerste vestiging in die nuwe wêrld was. Ook word onder sy inisiatief die hoofstad van die kolonie Acadia opgerig, wat uiteindelik Nova Scotia, New Brunswick, Prins Edward eiland en 'n deel van die staat Maine sou insluit.

In 1608 stig Samuel de Champlain die stad Quebec, waarna duisende Franse in die volgende dekades hulle in die gebied sou vestig. Die meeste van die immigrante het uit die Franse provinsies Normandië en Perche gekom. Volgens Willemyns (1989:108) was 20% van die koloniste Normandiërs. In 1642 word so 300km suid van Quebec die stad Montreal gestig, wat later die hoofstad sou word van die Quebecse provinsie. Gedurende 1642 het Kardinaal Richelieu ook begin besef dat die Franse welvaart sou moes skep as hulle nie ingehaal wil word deur Nederland en Spanje nie, en lei dit tot uitbreiding van die Franse vloot om koloniale handel op dreef te kry. Gedurende 1663 het die Franse koning ook hier 'n regering in die gebied gevëstig wat toe bekend sou staan as *Nouvelle-France*, en in dieselfde jaar word die *Séminaire de Québec* opgerig wat die voorloper was van die huidige *L'université Laval*.

Intussen het die Britte begerig na die Franse besitting begin kyk, en al hoe meer skermutselinge het uitgebreek. In 1759 was daar egter 'n beslissende slag in Quebec, en die Franse ly die nederlaag. 'n Jaar later val ook Montreal. Drie jaar later in 1763, staan Frankryk sy Amerikaanse grondgebied amptelik af aan Engeland. Talle Engelstaliges het hulle hierna in die gebied gevëstig. Ook het heelwat Amerikaanse koloniste wat trou wou bly aan die Britse kroon, hulle tydens en na die Amerikaanse Burgeroorlog in Quebec gevëstig.

In 1791 word Kanada in twee gebiede verdeel, naamlik *Upper Canada* (Ontario) en *Lower Canada* (Quebek), en in 1813 word in Montreal die *McGill College* gestig wat tot 'n prestige Engelstalige universiteit sou uitgroei. Die Franstalige bevolking kom egter langsamerhand in verset, en dit lei tot ooproer. In 1838 roep Robert Nelson *La république du Bas-Canada* uit, maar die Britte smoer die opstand. Die Engelse Koning stuur Lord Durham na die kolonie om hom te vergewis van die omstandighede. Hy kom tot die konklusie dat die Franssprekende Kanadese kultureel en intellektueel 'inferieur' was en dat die ongeletterde en agterlike volkie so gou moontlik met die Engelse meerderheid geassimileer moes word. In 1841 word die staatkundige struktuur van Kanada gewysig met die *Act of the Union*, en word Quebec gedegradeer tot 'n provinsie binne die groter Kanada. Engels word tot die enigste amptelike taal van die hele gebied verklaar.

Die Franstaliges het die ontwikkelinge moeilik verwerk. Om iets te doen aan hul 'agterlikheid' word in Montreal naas die *Université Laval*, ook nog die *Institut Canadien de Montréal* opgerig in 1844. In 1849 word Frans egter weer as amptelike taal erken, wat gepaard gegaan het met 'n skugtere oplewing op kulturele vlak. Terselfdertyd egter het 'n ekonomiese resessie Quebec swaar begin tref. Die gevolg was dat gedurende die tweede helfte van die 19de eeu, 'n halfmiljoen inwoners van Quebec verhuis het na die Verenigde State.

In 1867 is in Londen 'n nuwe konstitutionele hervorming uitgevaardig, naamlik die *British North America Act*, wat vir die volgende 115 jaar as grondwet in Kanada diens sou doen. Dit het die oprigting van *The Dominion of Canada* beteken waarvan Quebec een van vier provinsies sou wees (later sou daar nog ses bykom). Frans word erken as voertaal in die nasionale Parlement, en

ook in die Parlement van die deelstaat Quebec. In die konstitusie is geen verdere woord gerep in verband met taal (amptelike taal) van die land nie, maar kan aangeneem word dat Frans hier amptelike erkenning verwerf het in Kanada as geheel (Joy 1972:9). Op dié tydstip het 32% van die inwoners van Kanada en 85% van die inwoners van Quebec Frans gepraat. Die provinsies kry groter outonomie, en veral die Engelstalige provinsies gebruik die outonomie om van Frans ontslae te probeer raak. Tog is 'n aantal suksesse in Kanada behaal ten gunste van Frans. In 1927 word tweetalige posseëls uitgereik en in 1936 tweetalige banknote. Die rol van Frans in die regering en administrasie, justisie en onderwys is uitgebou, maar die sosiale en ekonomiese lewe het gebly in die hande van die Engelstaliges.

Die Quebecse bevolking het ook vinnig begin verstedelik; in 1871 woon 70% van die bevolking op die platteland; in 1950 woon 70% in die stede. Gedurende 1960 begin 'n revolucionêre ommeswaai plaasvind in Quebec, wat bekend sou staan as die *la révolution tranquille*. Alhoewel die bevolking verstedelik was, was hulle nog steeds onderontwikkeld, maar skielik is begin om alles te moderniseer. Die totale uitsig van Quebec het in die jare daarna drasties verander, wat natuurlik ook op linguistiese gebied enorme gevolge sou hê. Maar ook op taalpolitiese vlak sou daar verandering kom.

Baie mense het ook verwag dat die modernisering van Quebec daartoe sou lei dat Frans eerder nadelig as voordelig getref sou word, maar dit was nie die geval nie. Frans het aangepas. Deur middel van die radio en die televisie, het die gebruik van provinsialismes, gaandeweg begin verdwyn en het die taal meer onder die invloed van kontinentale Frans begin kom. Alhoewel dit natuurlik met wisselende sukses gepaard gegaan het. Daar was voortdurend 'n vermenging van linguistiese style en kodes, wat 'n mens volgens Willemyns (1989:115) linguistiese onsekerheid kan noem.

Na die sestigerjare

Frans in Kanada was altyd deur Engels gedomineer. Sedert 1867 was Frans en Engels die amptelike tale van Kanada, op basis van die personaliteitsprinsipe.⁵¹ Waar die Franstaliges toe 32% van die Kanadese bevolking uitgemaak het, sou Frans egter gedurende die volgende eeu geleidelik terrein verloor ten gunste van Engels. Met die volkstelling van 1951 het die Franstaliges 29% van die Kanadese bevolking uitgemaak, maar met die volkstelling van 1986 daal die Franstaliges tot 25% van die bevolking (Willemyns 1991:277). Die grootste terreinverlies was in gebiede waar die Franstaliges yl verspreid tussen Engelstaliges gewoon het.

Gedurende die 19de eeu en ook die eerste helfte van die 20ste eeu was die Franstaliges hoofsaaklik landbouers en bosbouers. Die Engelstaliges was sterker in die stede gekonsentreerd. Teen die middel van die twintigste eeu het al hoe meer Franstaliges in diens getree by Engelstalige werkgewers in die stede, veral in Montreal, wat vereis het dat die Franstaliges goed tweetalig moes word (Hellar 1991:58). As gevolg van die ekonomiese (en politieke) magsposisie van die Engelstalige, het Engels dan ook 'n hoër waarde gehad as Frans (en is Standaardfrans dan ook hoër gewaardeer as die Kanadese omgangsvariëteite) (Hellar 1991:60). Engels was die dominerende taal, die taal wat elkeen moes ken indien hy opgang in lewe wou maak. Hiervolgens

⁵¹'n Situasie soortgelyk aan die in Suid-Afrika, waar geen eentalige gebied bestaan nie, en elke inwoner die reg het om die taal van sy keuse te gebruik in sy kommunikasie met die owerheid.

skryf Hellar (1991:61) dat die Franstalige nasionaliste besef het dat Franstaliges beheer moes verkry oor ekonomiese bronne in die hande van die Engelstaliges. Tot en met 1960 het Franstaliges wat in beheerposisie gekom het, dit deur 'n assimilasieproses met Engels moes doen. Hierdie Franstaliges het gewoon vir Frans verlore geraak. Gedurende die sestigerjare is besef dat die Franstaliges as 'n groep beheer oor die ekonomiese sektor sou moes verkry (Hellar 1991:61).

Waar Franstaliges 'n minderheid binne 'n Engelstalige gebied uitgemaak het, moes toegekyk word hoe Franstaliges in hul omgang met Engelstaliges, die Engelse taal al beter leer bemeester het. Die Franstaliges het Engelstalige vriende gemaak, met Engelstaliges in die huwelik getree, en uiteindelik die Franse taal vaarwel toegeroep (Joy 1972:34). Volgens sensusopnames, het teen 1931 reeds 20% van die Kanadese van Franse oorsprong, woonagtig buite Quebec, verengels; teen 1941 was dit 23%; teen 1951 was dit 38% en teen 1961 het reeds 49% van persone van Franse oorsprong, buite die provinsie Quebec verengels (Joy 1972:35). Wanneer die grensgebiede Ontario en New Brunswick,⁵² waar 'n sterk konsentrasie Franstaliges voorkom, van bovemelde statistiek verwyder word, blyk dit dat teen 1961 reeds 73% van die Kanadese van Franse oorsprong, woonagtig binne Engelstalige gebiede, verengels het. Dit beteken dat drie uit elke vier persone van Franse oorsprong verengels het; gedurende 1931 was dit nog maar een uit elke drie (Joy 1972:35).

'n Nadelige gevolg van die verstedelikingsproses, was die feit dat die beter geskoolde Franstalige na Engelstalige stede verhuis het, wat tot gevolg gehad het dat die oorblywende Franstalige gemeenskap 'n voortdurende degradering van hul gemiddelde opvoedingspeil moes aanskou. Verder het die komste van die radio, televisie en snelweë die kontak en kommunikasie met Engelstaliges verbeter. Weinig stede kon aan die Franstalige 'n volledige sosiale lewe in Frans bied, met die gevolg dat generasie na generasie, die Franstalige verder weg beweeg het van sy taal (Joy 1972:38). Hierdie assimilasieproses was die sterkste in gebiede waar Franstaliges yl verspreid gewoon het. In Quebec en die grensgebiede in Ontario en die noorde van New Brunswick, was die proses langsaam, maar het dit ook plaasgevind. Maar skryf Joy (1972:43): "Quebec is the only province in which full economic opportunity is available to those who prefer to work in French. Only in Quebec, or in the border regions of Ontario and New Brunswick, will a full cultural and social life be available in French and only within these restricted limits will the young French-Canadian be certain of finding a wife of his own language group."

Teen hierdie agtergrond, wat 'n nimmereindigende terreinverlies vir Frans beteken het, het die ontevredenheid onder Franstaliges bly toeneem. Die feit dat Franstaliges ook minder verdien het as Engelstaliges vir dieselfde soort werk, was kole op die vuur van die *Front de Libération du Québec*. As gevolg van die werksaamhede van die organisasie, word die eerste lewens geëis, as gevolg van bomaanslae gedurende 1963. Die onrus neem toe, en gedurende 1968 en 1969 moes die weermag ingryp om gewelddadige ooproer in Montreal te bedaar (Willemyns 1989:115). Franstaliges het al hardhandiger begin optree. Belasting is op beide die taalgroep gehef, deur Premier Lesage, maar is uitsluitlik aangewend tot voordeel van die Franstalige gemeenskap alleen (Joy 1972:90).

⁵²Provinsies waar die meerderheid van die inwoners Engelstalig is, maar aangrensend is aan Quebec.

Die aanhang van die Parti Québécois het bly toeneem, en met die verkiesing van 1976 kom die Parti Québécois in Quebec aan die mag. Die party was 'n vurige voorstander van die bevordering van Frans in Quebec, en selfs afskeiding van Kanada. Die nuwe premier René Lévecques en sy regering wou Quebec tot in die diepte verfrans en wou dit doen deur die vernaamste bolwerk van Engels, naamlik die Engelstalige finansiële en ekonomiese wêreld aan te pak. Al was meer as 80% van die inwoners van Quebec Franstalig, was die ekonomiese mag in die hande van Engelstaliges.

Gedurende 1977 word die bekende wet 101 of die *Charte de la langue française*, deur die Quebecse Parlement aanvaar. Hierdeur het Frans die enigste amptelike taal van Quebec geword (Willemyns 1991:275). Met hierdie wet is in werklikheid 'oorlog' teen Engels verklaar. Die bedoeling was om van Frans wat nie veel prestigewaarde gehad het nie, deur middel van ekstralinguistiese faktore, meer prestige te gee (Willemyns 1991:276). Die Quebecse intellektuele het ongetwyfeld besef dat ekonomiese voorspoed, die instrument is waardeur Frans weer verhef kon word tot elitaire taal, en wet 101 moes as werktuig dien. Deur middel van wet 101, is vyf basisregte aan Franstaliges verseker. Hierdie regte het die volgende ingehou:

1. Iedereen het die reg om met die owerheid en alle publieke en privaat instansies in Frans te kommunikeer;
2. Iedereen het die reg om in openbare vergaderinge Frans te praat;
3. Alle arbeiders het die reg om hul aktiwiteite in Frans te beoefen;
4. Alle inligting in verband met verbruikersgoedere en dienste moet in Frans gelewer word;
5. Iedereen het die reg op Franstalige onderwys (Willemyns 1991:276).

Alhoewel dit op die oog af lyk asof hierdie 'regte' betreklik onskuldig is, was die uitvoering daarvan in die praktyk 'n veel kragdadiger aangeleentheid. Vir die behoorlike funksionering, evaluasie en kontrole van wet 101, is onder meer die *Conseil de la langue française*, opgerig om die evolusie van die Franse taal in Quebec te monitor en die regering in hierdie verband te adviseer. Ook is die *Office de la langue française* opgerig om die verfransing van die staatsbestuur en die bedryfslewe te kontroleer, en ook betrokke sou wees by wetenskaplike ondersoeke en terminologie. Beide die organe het in 'n kort tyd 'n aantal wetenskaplike werke die lig laat sien, en linguistiese navorsing gestimuleer (Willemyns 1991:276).

Die verfransing van die bedryfslewe

Om Engels, met sy enorme status in die sakewêreld aan te vat, het veel gevra. Die Franstaliges het hierdie terrein dan ook hardhandig aangepak. Om Frans in die sakewêreld te bevorder, moes elke bedryf, wat meer as 50 personeelslede in diens gehad het, toesien dat 'n *certificat de francisation* verwerf word: uitgereik deur *l'Office de la langue française*. Wet 101, het voorsien dat so 'n sertifikaat uitgereik word kon word, indien aangetoon kon word, dat 'n bedryf 'n verfransingspolitiek voer, wat daarop gerig is om te verseker dat:

- die bestuurslede van die bedryf die amptelik taal ken;
- op alle vlakke in die onderneming 'n aansienlike verhoging moes kom van die aantal persone wat Frans goed magtig is;
- Frans die werktaal van die bedryf moes word en dat alle interne dokumente in Frans opgestel moes word;

- die kommunikasie met die buitewêreld (klante, leveransiers, die publiek in die algemeen) in Frans moes geskied, en dat die reklametaal van die bedryf ook Frans moes wees.

Groter bedrywe (met meer as 100 personeelslede) moes bowendien 'n *comité de francisation* in die lewe roep, wat die bedryf dan op taalgebied sou adviseer en verslag moes uitbring aan die direksie, wat die rapport weer op sy beurt sou deurstuur na die *Office de la langue française*. Daar sou dan beslis word of die bedryf 'n *programme de francisation* moes deurvoer, al dan nie (Willemyns 1991:282).

Vir alle bedrywe het besonder strenge voorskrifte gegeld, om te kon voldoen aan die derde basiese 'reg' van wet 101. Een van die hoofstukke in die wet, *Le français: langue de travail*, het bepaal dat mondelinge, sowel as skriftelike kommunikasie tussen die bestuurslede en die personeellede van 'n onderneming in Frans moes geskied, en dat alle werkbaarheid in die taal opgestel moes word. Alle ooreenkoms en kontrakte tussen werknemer en werkgever, moes in Frans opgestel word. Belangrik is ook die gedeelte wat bepaal het dat geen enkele werknemer gedegradeer, oorgeplaas, geskors of ontslaan mag word op grond van die feit dat hy slegs Frans ken nie (Willemyns 1991:282).

In nog 'n hoofstuk in wet 101, *Le français: langue du commerce et des affaires*, het een van die bepalinge gelui dat kommersiële mededeling aan die publiek (reklame, uithangbord, winkelvenstertaal, ens.) in Frans moes geskied. In bepaalde gevalle kon daarnaas wel 'n anderstalige teks gebruik word, maar die lettertipe in die ander taal, moes dan kleiner wees as die Franse weergawe. Alhoewel die bepaling onbenullig blyk, het reklametaal 'n belangrike simboolwaarde (Willemyns 1991:285). Dit verander die straatbeeld, sodat selfs die vreemdste vreemdeling duidelik aan die omgewing kan sien in watter taalgebied hy hom bevind.⁵³

Toe die wet van krag word, het talle onderneminge, veral Kanadese onderneminge, hul bedrywe verskuif na Engelstalige Kanada. Buitelandse bedrywe, waaronder talle Amerikaanse bedrywe, het hulle egter by die bepalings van die wet neergelê. Die gevolg van die taalbeleid was dat in 1990, 63,1% van die groter onderneminge en 76,4% van die klein- en middelgroot onderneminge 'n *certificat de francisation* verkry het. Bowendien was nog 30,5% van die groter onderneminge en 10,7% van die klein- en middelgroot onderneminge besig met die program ter behaling van die *certificat de francisation* (Willemyns 1991:283). Die volgende verbetering het voortgevloeи uit wet 101 (Willemyns 1991:283):

1. Die aantal werknemers in diens van bedrywe met Franstalige eienaars styg van 47% in 1961 tot 60% in 1987. Die meeste Franstaliges was betrokke in die landbou, die boubedryf, en diensverlening. Die kleinste aantal Franstaliges het voorgekom in die finansiële sektor, die (groot)handel en die myne.

⁵³Dit is ewe opmerklik en van belang in Europa. Wanneer 'n reisiger oor die Nederlands-Franse taalgrens in België reis, verander die straatbeeld opmerklik. Die wegwyzers aan weerskante van die taalgrens is eentalig, die straatname en reklametaal eentalig. Dit hou 'n belangrike psigologiese waarde in, vir die sprekers van die taal van daardie gebied.

2. Die aantal Franstalige bestuurslede in bedrywe styg van 30.8% in 1959 tot 58% in 1988. Die persentasie bly steeds laag, wat moontlik ook te doen het met die swakker opleiding van Franstaliges op tersi re vlak. Die tendens is wel in die positiewe rigting.
3. Die Franstalige aandeel in die totale inkome van Quebec styg egter tot 80.1%, maar eentalige Engelssprekendes verdien nog meer as die eentalige Franssprekendes.
4. Die gemiddelde salaris van die Franstalige bevolking (sowel een- as tweetaliges) het heelwat gestyg, sodat daar nie meer van 'n werklike agterstand sprake was nie.

Die volgende syfers dui al daarop dat die taalwetgewing iets bereik het, en dit in 'n korte tydsbestek (Willemyns 1991:278):

	1971	1981
Eentalige Franstaliges	74.3%	70.3%
Tweetalige Franstaliges	25.7%	29.6%
Eentalige Engelstaliges	63.3%	44.8%
Tweetalige Engelstaliges	36.7%	53.7%

Verbasend is om te sien dat 70% van die Quebeckers gedurende 1981 geen Engels geken het nie. Die meeste eentalige Franstaliges woon egter op die Quebecse platteland. Ewe verbasend is om te sien dat die aantal eentalige Engelstaliges sterk verminder het en die aantal tweetalige Engelstaliges sterk toegeneem het.

Die verfransing van die Allofone

Gedurende die sewentigerjare het jaarliks ongeveer 150,000 immigrante Kanada binnegekom, wat ongetwyfeld 'n effek gehad het op die Franstalige bevolking. Frans het bitter weinig van hierdie immigrante aangetrek, en het ongeveer 95% van die immigrante Engels as huistaal aangeneem (Joy 1972:57-8). Die immigrante wat Engels bo Frans verkieë het, was 'n ewige doring in die vlees van die Franstaliges. Wet 101 moes hier orde op sake stel, en is kinders van Allofone na Franstalige onderwys gekanaliseer. Uit die vyfde basiese reg, wat ingehou het dat iedereen die 'reg' het op Franstalige onderwys, is 'n hoofstuk (hoofstuk VIII) gewy aan Franstalige onderwys. Die 'reg' het op 'n verpligting neergekom. Alle kinders woonagtig in Quebec moes Franstalige onderwys volg. 'n Uitsondering is gemaak, saamgevat in klousule 72, wat bepaal het onder watter omstandighede iemand nog Engelstalige onderwys sou kon volg in Quebec. Dit het die volgende ingehou (Mallea 1989:70):

Die volgende kinders kon, op versoek van die vader en die moeder, Engelstalige onderwys volg:

1. 'n kind waarvan die vader of die moeder Engelstalige prim re onderwys ontvang het, in Quebec;
2. 'n kind waarvan die vader of die moeder, woonagtig in Quebec op die datum waarop die wet in werking getree het, sy of haar prim re onderwys in Engels geniet het, buite Quebec;
3. 'n kind wat gedurende sy laaste skooljaar in Quebec, voordat die wet van krag geword het, wettiglik Engelstalige onderwys ontvang het, in 'n pre-prim re-, prim re-, of sekond re skool;
4. 'n jonger broer en suster van 'n ouer kind wat Engelstalige onderwys volg (onder bepaalde omstandighede).

Hierdie hoofstuk het ook, soos die ander heftige reaksie uitgelok. Dit het ingehou dat Engelstaliges uit die ander provinsies, wat hulle in Quebec wou vestig (selfs tydelik), hulle kinders na Franstalige skole moes stuur (Mallea 1989:71). Alle immigrante na Quebec het dus geen keuse gehad as om hul kinders na Franstalige skole te stuur nie. Die gevolg was dat tussen 1980 en 1989 die persentasie van Allofone kinders in voorskoolse-, laer-, en middelbare onderwys van 38.7% tot 72.7% gestyg het (Willemyns 1991:280).

Die opleidingsvlak van Franstaliges is egter steeds 'n probleem. Franstaliges het steeds 'n agterstand wat tersi re skoling betref, wat weer konsekwensies inhou vir die status van die Franstalige elite (en dus die status van Frans). Een uit elke vyf inwoners van Quebec beskik oor 'n universiteitskwalifikasie, waarvan 34% Engelstalig is, 20% Allofone, en 18% Franstaliges is. Wanneer na na-graadse kwalifikasies gekyk word, blyk die skoling van die Franstaliges nog ongunstiger te wees (Willemyns 1991:281).

Grondwetlike posisie

Die federale regering van Kanada wil tweetaligheid bevorder in alle provinsies van Kanada, volgens die personaliteitsprinsiepe, maar in teenstelling daarmee gee Quebec en ook die ander provinsiale owerhede voorkeur aan die territoriteitsprinsiepe (Willemyns 1991:284). As gevolg van hierdie botsing sit Kanada tans in 'n grondwetlike krisis. Die Meech Lake-akkoord, wat die krisis moes ontlont het skipbreuk gely, en is intussen nog tot geen vergelyk gekom nie.

Quebekse sukses

Uit die behandelde gedeelte is dit duidelik dat die genome aksies tog vrugte vir die Franse taal afgewerp het, en steeds afwerp. Die grootste probleem vir Frans, en elke ander taal ter wêreld in kontak met Engels, is die status van Engels. Geen taal in kompetisie met Engels het dit maklik nie. Nietemin boek Frans vooruitgang, hoofsaaklik vanweë 'n doelgerigte taalbeplanningsaksie. Appel & Muysken (1987:32) skryf dat "in the last decades French has strengthened its position in Quebec at the expense of English." Cooper (1989:110) vermeld ook dat as gevolg van die taalwetgewing in Quebec, Engelstaliges aanvaar het dat die kennis van Frans in toenemende mate belangrik word in Quebec. Alhoewel Quebekse Engelstaliges die reg om hul kinders in Engels op te voed behou het, het die aantal van huis uit Engelstalige kinders in Franstalige skole gestyg van 16% na 19.1%, tussen 1980 en 1989 (Willemyns 1991:280). Die wins is sonder twyfel aan die gevolge van taalwetgewing toe te skryf, wat die waarde van die Franse taal opgegradeer het.

Vandag is 'n proses aan die gang waar taalsegregasie of taalkonsentrasie teen 'n verhoogde tempo vorm aanneem. In die westelike Engelstalig provinsies verdwyn Frans vinnig - 'n verhoogde konsentrasie Engelstaliges, terwyl inveral Quebec, Engelstaliges verdwyn (met uitsondering van die stad Montreal) - 'n verhoogde konsentrasie Franstaliges (Joy 1972:4).

Hellar (1991:63-5) het aangetoon dat die Franstalige wat nou in 'n groot mate, waardevolle bronne in Quebec beheer, tans Frans (slegs Frans) gebruik in situasies waar vroe r Engels (slegs Engels) gebruik is. Sy skryf: "French has become valuable, and the source of that value has to do with the creation of resources which francophones exclusively control" (Hellar 1991:64). Die Franstaliges het in 'n magsposisie gekom, in 'n dominante posisie waar hy regverdiging voel vir die afdwinging van sy taal, 'n posisie wat Engels enkele jare gelede nog geniet het. Hellar (1991:63) skryf ook dat

as gevolg van hierdie prestasie, Franstaliges buite Quebec, naamlik in Ontario, vandag 'n trotser taalhouding inneem, deur meer as vroeër slegs Frans te gebruik in hul kontak met Engelstaliges. As gevolg van die magsposisie waarin Frans in Quebec gekom het, het talle Engelstaliges die wyk geneem en na ander provinsies verhuis, sommiges het besluit om vir Engels te veg deur die *Association for the Preservation of English in Canada*, terwyl die res besluit het om aan te pas. Veral Engelstaliges wat belangrike poste beklee het, en dit graag wou behou, het alles gedoen binne hul vermoë om Frans goed baas te raak (Hellar 1991:65). Hierdie Engelstaliges wat besluit het om nie te vlug of te veg nie, maar aan te pas, dra vandag heelwat by tot die uitbouing van die simboliese waarde van Frans; die markwaarde en die kulturele waarde van die taal.

Die Taal

Quebek was volgens Barbeau (Bourhis 1982:57) vir 200 jaar, sedert 1759 van die huidige standaardtaal in Frankryk afgesny. Dit moes 'n invloed op die Franse taal in Quebec gehad het, soos wat Spilka (Bourhis 1982:57) gedurende die sewentigerjare opgemerk het: "The French spoken in Quebec today by all but a small academic and professional elite differs at all levels of linguistic analysis from the accepted prestige form spoken in France." Die Quebekkers praat volgens Bourhis (1982:58) 'n eie taal, waarop veral die Franstalige elite in Kanada, asook die Engelstalige Kanadese neersien. Die taalaspek was dan gedurende dié eeu ook problematies. Veral nasionalistiesgeïnspireerde groepe het gevoel dat die Quebekkers 'n eie taal praat, wat 'n eie identiteit weerspieël, en dat Parys nie as taalmodel moes dien nie.

Volgens Gendron (Willemyns 1989:118) kan iemand wat vandag in Quebec Frans praat of skryf, steeds kies tussen twee modelle. Enersyds is daar die sogenaamde *modèle populaire*, wat gebaseer is op die gesproke taal, soos dit uit die taal van die vroeëre immigrante ontwikkel het, en daarom veral deur argaïese kenmerke gekarakteriseer word. Andersyds is daar die *modèle élitaire*, wat veral op kontinentale Frans gerig is, waarvoor Parys model staan. Hier word dan ook duidelik 'n partikularistiese stroming gesien, wat 'n eie taal voorstaan en 'n integrasionistiese stroming wat taaleenheid met Parys voorstaan (Willemyns 1989:118).

Veral sedert die begin van die twintigste eeu, was daar sistematies poginge gewees om die Paryse model te propageer. Onder leiding van *La société du parler français au Canada* was kampanjes veral in skole georganiseer, om kinders te inspireer vir die standaardtaal, maar weinig sukses is behaal. Die toestand verander egter drasties gedurende die sestigerjare, toe onderwysers, Parlementslede, sakelui en amptenare begin besef het dat die Paryse model daadwerklik gepropageer en nagestreef moet word (Willemyns 1989:119).

In 1961 het die *Office de la langue française* opdrag gekry van die regering om werk te maak van die gesproke taal in Quebec. Die opdrag was duidelik: "It was to revitalise the low prestige variety of French spoken in Quebec by bringing it closer to a more standard European or International variety of French" (d'Anglejan 1984:31). Die *Office de la langue française* moes die spreektaal van die Quebekkers stuur in die rigting van Europese Frans. "Radio Canada" sou dan ook 'n waardevolle bydra gelewer het in die propagering van die Paryse model (Willemyns 19789:120).

Ten opsigte van hierdie ingeslane beleid kom daar verandering sedert 1974. 'n Tweede taalraad kom tot stand. Waar die eerste taalraad die verskil tussen standaard Europese Frans en Quebecse

Frans tot 'n minimum wou beperk ten opsigte van die alledaagse taalgebruik, volg die nuwe taalraad 'n gewysigde beleid. Die taalraad het verklaar dat die Franstalige Quebeckers en Frankryk gelyke vennote is, ongeag die rigting waarin die Franse taal mag evolueer. Die hoofdoel van die nuwe taalraad was nie meer alledaagse taalgebruik nie, maar die 'amptelike taal' soos gebruik deur die staat en die media. Ten spyte van die gelyke venootskap, sou die geskrewe en gesproke taalgebruik van Quebec, die taal van Frankryk op die voet volg, soos Daoust (1984:83) dit stel: "This form of French was to be 'as close as possible to the French spoken in France', every single difference having to be justified."

Sedert die sestigerjare het alle tipiese Quebecse uitdrukkinge begin verdwyn, ten gunste van die Paryse model. Die taalgebruik in die staatsdiens en die media het later die Paryse model so goed moontlik as model probeer nastreef. Die navolging van die Paryse model het egter onderveral die lae sosiale vlakke stadig gevorder, in teenstelling tot die intellektuele. Verder is dit vandag nog so dat die omgangstaal nog skerp verskil van die taal wat deur die intellektueles gepropageer word (Willemyns 1989:120). Volgens Willemyns (1989:120) is die situasie in Quebec dan ook tipies van 'n oorgangsfase, waar die bereidheid om die nuwe model te aanvaar, groter is as die werklike oornname en gebruik van die model.

Gedurende die sewentigerjare het die stryd, tussen ou en nuwe taalgebruik, en tussen eie en ingevoerde taalgebruik voortgewoed. Die evolusie was steeds in die rigting van die oornname van die buitelandse standaardmodel (Geerts, e.a. 1977). Nogtans het Daoust (Bouhris 1982:58) gevind dat baie Quebeckers voel dat die Europese Frans wat hulle as model moet volg, nie tot die letter gevold moet word nie. Tog meen Hellar (1991:71) dat daar tans in Quebec 'n gesproke standaard aanvaar word, wat van Europese Frans verskil. Hierdie variëteit simboliseer 'n duidelike Quebecse identiteit. Die feit dat hier 'n aanvaarde Kanadese variëteit ontwikkel het, hou egter geen taalskeuring met Europese Frans in nie. Frans is dus 'n plurisentriese taal, met Kanadese Frans as 'n aanvaarde standaard binne die Franse taalgebied.

Opmerking

Dit was vir Frans in die noorde van Amerika nooit maklik nie. Wat geografiese afstand van die stamland betref, het Afrikaanse Nederlands en Quebecse Frans dieselfde probleem gehad. Verder het Quebec al sedert 1759 in Britse hande gevall terwyl die Kaap eers teen 1795 in Britse hande gevall het, en beide taalgroepe van hul stamlande afgesny was.

Die taal wat die Quebeckers gepraat het, was heel verskillend van die in Frankryk. Bourhis (1982:34) bevestig dat daar heelwat taalverandering in Frankryk self was, wat dit vir Quebec moeiliker gemaak het om Frankryk te bly volg as taalmodel: "Through vigorous and sometimes brutal language planning programmes, multilingual France emerged in this century as a unilingual French state." Daarby het die Parysenaars⁵⁴ 'n groot deel van die Franse volk uitgemaak, terwyl die inwoners van Quebec vir 'n groot deel uit Normandiërs bestaan het. Die Franse rewolusie het onder andere ook 'n groot veranderinge gebring ten opsigte van die taal in Frankryk.

Die taalproblematiek in Quebec was slechter af as dié aan die Kaap. Die Kaapse koloniste het hoofsaaklik bestaan uit emigrante uit die Weste van Nederland (tans die provinsies Noord- en

⁵⁴Die Paryse dialek is aanvaar as standaardtaal vir Frankryk.

Suid- Holland).⁵⁵ Bowendien was 80% van die Duitse immigrante Nederduitssprekend en nie Hoogduitssprekend nie (Kloeke 1950:341). Indien die meerderheid van die Kaapse koloniste uit Limburgers of Vlaminge bestaan het, sou taaltoestand meer vergelykbaar gewees met die Quebecse situasie.

Die probleem vir Quebec is groter wat sy ligging betref as vir Suid Afrika. Quebec is nie net 'n Franssprekende eiland in Kanada nie, maar 'n kolletjie in 'n groot Engelstalige kontinent, terwyl die ekonomiese krag van Amerika as supermoondheid 'n groot invloed op alle tale in die nabijheid het. Dink maar aan die enorme verskeidenheid televisie-programme wat daar opgevang kan word. Die suigkrag van Engels op Afrikaans in Suid Afrika, is dus kleiner as die suigkrag van Engels op Frans in Quebec.

Die Franse taalstryd in Kanada, was om die minste te sê, hardhandig, maar ongetwyfeld suksesvol. Of dieselfde sukses in afwesigheid van die hardhandigheid, vurigheid en taalpassie sou kon plaasvind, is te betwyfel. Die taalprobleem is in Quebec net so driftig en hardhandig aangepak soos wat die Vlaminge hul taalstryd aangepak het. Ten tweede is ook in Quebec die territoriteitsprinsiepe toegepas. As gevolg van die toepassing hiervan, bestaan Frans in Kanada steeds. Sou die Franstaliges verspreid gewoon het oor die totale grondgebied van Kanada, dan het Frans waarskynlik vandag, daar nie meer bestaan nie. Ten derde is dit ook belangrik om daarop te let dat, alhoewel daar steun was vir 'n eie taal, dit nie tot stand gekom het nie. Die Quebeckers het trouens alles in die stryd gewerpt, en werp vandag nog steeds alles in die stryd, om hul taalgebruik, dus spreektaal en kultuurtaal, min of meer in lyn te hou met Parys. Indien 'n eie Quebecse taal tot stand sou gekom het, sou die taalstryd vir so 'n taal waarskynlik ongunstiger verloop het, as wat tans die geval is. Die sukses wat die Quebeckers behaal het, is dus deels toe te skryf aan die feit dat die internasjonale statustaaf Engels aangevat is met die internasjonale statustaaf Frans, wat 'n wenresep was.

Amerikaans

Vir die gemiddelde persoon word in Amerika en in Brittanje één taal gebruik: Engels. Ten minste gebruik die inwoners van hierdie lande 'n enkele term, naamlik Engels, as die naam vir hul taal. Dit was egter nie altyd die geval nie. Die instroming van miljoene immigrante na die VSA, móés egter 'n impak op die taal gehad het, net soos aan die Kaap. Dit was inderdaad so. Menken noem dat daar duidelik 'n aparte taal aan die ontwikkel was, wat 'n hoogtepunt gedurende 1923 bereik het. Maar in plaas daarvan dat elke taal sy eie koers gekies het, het Amerikaans Britse Engels op sleeptou geneem, as gevolg van die enorme suigkrag van die Amerikaanse taal, en dat die verskille wat daar eens was, begin verdwyn het (Mencken 1965:vi). Daarby het die spellingswysigings wat in Amerika gepropageer is, nie werklik inslag gevind nie, alhoewel dit menige Amerikaner aangespreek het.

Afwykings in die Taal

⁵⁵De Villiers (1936:1) skryf dat ook die meeste Franse Hugenote, voor hul komst na die Kaap, enkele jare in Nederland gewoon het, waar hulle Nederlands leer praat het.

Waar Afrikaanse taalnavorsers graag verwys na vroeëre buitelandse aanmerkinge oor die Nederlandse taalgebruik in die Kaap,⁵⁶ bestaan daar 'n oorvloed soortgelyke verslae oor die gebruik van Engels in Amerika, gedurende die vorige eeu. Ek haal hier slegs 'n paar voorbeelde aan, uit die tientalle wat Mencken (1965) in sy omvattende werk "The American Language" opgeneem het.

Engelse Reaksie

In 1781 skryf Witherspoon oor die Amerikaanse Engels: "I have heard in this country, in the senate, at the bar, and from the pulpit, and see daily in dissertations from the press, errors in grammar, improprieties and vulgarisms, which hardly any person of the same class in point of rank and literature would have fallen into in Great Britain" (Mencken 1965:5). Gedurende April 1808 skryf die *British Critic* dat die taalskade reeds ver gevorder het in Amerika: "(T)he common speech of the United States has departed very considerably from the standard adopted in England" (p.15). Ook die *Edinburgh* het die tyd gevind dat "a great multitude of words which are radically and entirely new, and as utterly foreign as if they had been adopted from the Hebrew or Chinese" en ook "perversion of a still greater number of English words from their proper use or signification, by employing nouns substantive for verbs, adjectives for substantives, &c" (p.15).

Vele Engelse reisigers na Amerika het geskryf oor die afwykende taal van die Amerikaners, wat as swak en plat beskryf is. So skryf Mencken oor die reaksie van die skryfster Trollope, na haar besoek in 1832 aan Amerika: "(S)he seldom heard a sentence elegantly turned and correctly pronounced from the lips of an American." Daar was "always something either in the expression or the accent" wat haar geskok het (p.25). Kaptein F. Marryet skryf in sy "A Dairy in America" in 1839 dat: "It is remarkable how based the language has become in a short period in America" (p.25). Gedurende 1863 skryf Eerw. H. Alford uit Canterbury: "Look at the process of deterioration which our Queens English has undergone in the hands of the Americans" (p.27).

Oor die algemeen was die Britte teleurgesteld oor die Engels wat in Amerika gebruik was. So het Coleridge gevoel: "The Americans had abandoned English altogether and set up a barbarous jargon in its place" (p.28). Gedurende 1908 skrif Whibley: "To the English traveler in America, the language which he hears spoken about him, is at once a puzzle and a surprise. It is his own, yet not his own. It seems to him a caricature of English, a phantom speech, ghostly yet familiar, such as he might hear in a land of dreams....These words, if words they may be called, are hideous to the eye, offensive to the ear, meaningless to the brain" (p.31).

Die weerstand van die Engelse teen die Amerikaanse Engels het veral 'n hoogtepunt begin bereik met die verspreiding van klankrolprente, omdat die "plat-taal" nou in woord en beeld Engeland begin binnekomb het. Gedurende 1930 het Knox in die House of Commons geëis dat stappe geneem moes word om die Engelse taal te beskerm: "I don't go to the cinema often, but I had to be present at one a few days ago, when an American talkie film was shown. The words and accent were perfectly disgusting, and there can be no doubt that such films are an evil influence on our language. It is said that 30 000 000 (British) people visit the cinemas every week. What is the use of spending millions on education if our young people listen to falsified English spoken every night" (Mencken 1965:32).

⁵⁶As bewys vir die ontstaan van Afrikaans.

Die wrewel teen die Amerikaanse taalgebruik in Engeland was groot. Gedurende 1927 was 'n internasionale konferensie in Londen oor die Engelse taal. Die versoek vir die hou van so 'n konferensie het van Amerikaanse kant gekom. Op die konferensie is onder andere voorgestel dat 'n Engelse taalraad tot stand moes kom, met 50 Amerikaners en 50 Britte, maar dit het hewige reaksie van die *New Statesman* ontlok. Die koerant skryf in sy reaksie op 25 Junie 1927 onder ander: "Why should we offer to discuss the subject at all with America? We do not want to interfere with there language; why should they seek to interfere with ours? That their huge hybrid population of which only a small minority are even racially Anglo-Saxons should use English as their chief medium of intercommunication is our misfortune, not our fault. They certainly threaten our language, but the only way in which we can effectively meet that threat is by assuming - in the words of the authors of 'The Kings English' - that Americanisms are foreign words and should be so treated" (p.33). Op die voorstel van die instelling van 'n taalraad reageer die *New Statesman* positief, maar "it ought not to include more than one Scotsman and one Irishman, and should certainly not include even a single American.....The American language is the American language, and the English language is the English language.....The only way to preserve the purity of the English language is to present a steadily hostile resistance to every American innovation. From time to time we may adopt this word or that, or sometimes a whole vivid phrase. But for all serious lovers of the English tongue, it is America that is the only dangerous enemy. She must develop her own language and allow us to develop ours" (Mencken 1965:33).

Baie Amerikaners het ook geglo dat hulle steeds goeie Engels gebruik, maar volgens George Ade, was dit in 1906 nie die geval nie: "The American must go to England in order to learn for a dead certainty that he does not speak the English language...This pitiful fact comes home to every American when he arrives in London - that there are two languages, the English and the American. One is correct; the other is incorrect. One is a pure and limpid stream; the other is a stagnant pool, swarming with bacilli" (Mencken 1965:73).

Die Amerikaanse kant

Baie Engelse het ook geglo dat die Amerikaners wel nog op standaard sou kom, en dat daar eendag 'n eenvormige Engels gesprek sou word in die twee lande, waarvan die Engels van Suid-Engeland die standaard sou wees. Dit het egter nie gebeur nie. So skryf die *Daily Express* gedurende 1922: "The Englishman, whether he knows it or not, is talking and writing more and more American. He becomes so accustomed to it, that he grows unconscious of it. Things that would set his teeth on edge ten years ago, or even five years ago, are now integral parts of his daily speech... In a few years it will probably be impossible for an Englishman to speak, or even to write, without using Americanisms, whether consciously or unconsciously" (Mencken 1965:31).

Gedurende 1789 het Webster (Mencken 1965:10) voorgestel dat die Engelse taal laat daar moet word en dat 'n nuwe standaard vir die Amerikaners opgestel moes word, onafhanklik van Engels en wat in alle skole in die VSA in gebruik geneem moes word: "As an independent nation our honor requires us to have a system of our own, in language as well as government. Great Britain, whose children we are, and whose language we speak, should no longer be our standard, for the taste of her writers is already corrupted, and her language on the decline. But if it were not so, she is at too great a distance to be our model, and to instruct us in the principles of our own tongue...Several circumstances render a future separation of the American tongue from the

English necessary and unavoidable.. Numerous local causes, such as a new country, new associations of people, new combinations of ideas in arts and sciences, and some intercourse with tribes wholly unknown in Europe, will introduce new words into the American tongue. These causes will produce, in a course of time, a language in North America as different from the future language of England as the modern Dutch, Danish and Swedish are from German...We have therefore the fairest opportunity of establishing a national language and of giving it uniformity and perspicuity, in North America, that ever presented itself to mankind. Now is the time to begin the plan" (Mencken 1965:10).

Gedurende 1880 skryf Mark: "I could pile up differences until not only convinced you that English and American are separate languages, but that when I speak my native tongue in its utmost purity an Englishman can't understand me at all" (Mencken 1965:72). Die *Harper's Magazine* van Mei 1920 skryf: "Americans who try to write like Englishmen are not only committed to unnatural pose, but doomed as well to failure, above all among the English,...Let us sign a Declaration of Literary Independence and formally begin to write, not British, but Unitedstatish. For there is such a language, a brilliant, growing, glowing, vivacious, elastic language for which we have no specific name...Whatever we call it, let us cease to consider it a vulgar dialect of English, to be used only with deprecation. Let us study it in its splendid efflorescence, be proud of it, and true to it. Let us put off livery, cease to be the butlers of another people's language, and try to be the masters and the creators of our own" (Mencken 1965:77).

Die digter R. Addington wat vir 'n Amerikaanse linguistiese onafhanklikheid gepleit het, skryf: "Are Americans to write the language which they speak, which is slowly but inevitably separating itself from the language of England, or are they to write a devitalized idiom learned painfully from books or from discreet frequentation of London literary cliques" (Mencken 1965:46). Nie alle Amerikaners was ten gunste van 'n spellingsverandering nie. Baie Amerikaners het selfs gevoel dat hulle 'n beter Engels praat as die Britte, maar dan het ook vele gevoel dat daar twee tale gepraat word, en omdat dit te moeilik sou wees om korrekte Engels aan te leer sou dit beter wees om die geskrewe taal by die gesproke taal aan te pas. Hierdie opbloeiende taalpatriotisme het volgens Mencken 'n hoogtepunt bereik gedurende 1923, toe daar in 'n aantal state gepoog is om, 'Amerikaans' die amptelike taal van die staat te maak. Die bekendste pogings was die in Illinois, North Dakota en Minnesota, alhoewel die term Amerikaans nog ongedefinieerd was.

Jay McCormick, 'n republikein en lid van die Huis van Afgevaardigdes het 'n wetsontwerp (soortgelyk aan die pogings van Illinois, North Dakota en Minnesota) by die Amerikaanse kongres ingedien, wat egter nie aanvaar is nie. Sy voorstel het so gelui:

"A BILL

To define the national and official language of the Government and people of the United States of America, including the territories and dependencies thereof.

Be it enacted by the senate and House of Representatives of the United States of America in Congress assembled. That the national and official language of the Government and people of the United States of America, including Territories and dependencies thereof, is hereby defined as and declared to be the American Language.

Sec. 2. That all Acts and parts of Acts of Congress, including regulations of the departments of Government, wherein the speaking, reading, writing, or knowledge of the English language is set forth as a requirement for purposes of naturalization, immigration, official, legal, or other like use, shall be deemed emended to the extent of substituting in the text for the word *English* the word *American*.

Sec. 3. That, until Congress shall make specific provision for the official and more particular standardization of the American language, words and phrases generally accepted as being in good use by the people of the United States of America shall constitute a part of the American language for all legal purposes" (Mencken 1965:82).

In die staat Illinois is op 10 Januarie 1923 die volgende wetsontwerp ingedien waar die nasieskap van die Amerikaners beklemtoon moes word sowel as die erkenning van 'n eie taal. Die wetsontwerp het as volg gelees:

"Whereas, Since the creation of the American Republic there have been certain Tory elements in our country who have never become reconciled to our republican institutions and have ever clung to the tradition of King and Empire; and

Whereas, The assumed dominance of this Tory element in the social business and political life of America tends to force the other racial units, in self-defence, to organize on racial lines, thus creating nations without a nation and fostering those racial and religious differences which lead to disunion and disintegration; and

Whereas, The supreme problem of American statesmen, and supreme desire of American patriots, is to weld the racial units into a solid American nation in the sense that England, France and Germany are nations; and

Whereas, The name of the language of a country has a powerful influence in stimulating and preserving the national ideal; and

Whereas, The languages of other countries bear the name of the countries to which they belong, the language of Germany being called German; of France, French; of England, English; and so on; and

Whereas, Our government, laws and ideals as well as our language differ materially from those of England, now therefor;

Sec. 1. Be it enacted by the people of the State of Illinois, represented in the General Assembly: The official language of the State of Illinois shall be known hereafter as the 'American' language, and not as the 'English' language" (Mencken 1965:83).

Die wet het van krag geword op 19 Junie 1923, maar in 'n gewysigde vorm. Van die 'Whereases' is die tweede, derde en sesde geskrap. In die plek van die tweede en derde 'Whereas' is die volgende wysigings ingebring:

"Whereas, America has been a haven of liberty and place of opportunity for the common of all nations; and

Whereas, The strangers within our gates who seek economic betterment, political freedom, larger opportunities for their children and citizenship for themselves, come to think of our institutions as American and our language as the American language" (Mencken 1965:83).

Die aanvanklike wetsontwerp is tot 'n meer diplomatiiese verander. Nogtans is die aanvaarding van 'Amerikaans' as amptelike taal van Illinois veelseggend. Die doel van die voorstanders van die Amerikaanse beweging was om eers amptelike goedkeuring vir hul nuwe taal te verwerf, en daarna norme vir die taal te ontwikkel.

Amerikanismes

Daar is heelwat leenwoorde, asook eie skeppinge, wat hul weg in die 'Amerikaanse taal' gevind het. Mencken (1965:36) noem heelwat, waarvan ek die volgende uitsonder: John Russel Barlett se "Glossary of words and Phrases Usually Regarded as Peculiar to the United States" (ongeveer 3,725 terme) in 1848, Maximilien Scèle de Vere se "Americanisms" (ongeveer 4,000) in 1872, John S. Farmer se "Americanisms Old and New" (ongeveer 5,000 terme) in 1889, Sylva Clapin se "New Dictionary of Americanisms" (ongeveer 5,250 terme) in 1902, en R.H. Thornton se "American Glossary" (ongeveer 3,700 terme) in 1912.

Talle onlenings wat in die Amerikaanse taal opgeneem is, sal die onlenings wat ons in Afrikaans opgeneem het klein laat lyk. Om al die onlenings te bespreek is egter 'n boek op sy eie, ek noem bloot die tale waaruit ontleen is. 'n Uitstekende beskrywing van vreemde invloed op die 'Amerikaanse taal' kan nagelees word in Mencken(1965:617-697). Die tale wat 'Amerikaans' help vorm het was die volgende: Duits, Nederlands, Sweeds, Deens-Noorweegs, Yslands, Yiddish, Frans, Italiaans, Spaans, Portugees, Roemeens, Tjeggies, Slowaaks, Russies, Ukraiëns, Serwo-Kroaties, Letlands, Pools, Fins, Hongaars, Gaelies, Arabies, Grieks, Chinees, Japannees, Armeens, Hawais en ten slotte Sigeuners.

Die Spelhervorming

Daar was in Amerika 'n hele aantal persone wat idees vir 'n spelnorm vir die 'Independent Federal Language' voorgestel het (vergelyk Mencken 1965:379-415). Die bekende Benjamin Franklin het in 1768 sy voorstel gepubliseer in "A Scheme for a New Alphabet and a Reform Mode of Spelling." Hy wou onder andere ses nuwe letters tot die alfabet toevoeg en die *c*, *w*, *y* en *j* uit die alfabet skrap. Noah Webster, wat uiteindelik daarin sou slaag om 'n breuk tussen 'n Amerikaanse en 'n Engelse ortografie te bewerkstellig, het in 1789 voorgestel alle 'silent letters' moes wegval, en dat klanke beter verteenwoordig moes word deur bepaalde letters: Dus *bread*, *head*, *give*, *breast*, *built*, *meant*, *realm*, *friend*, moes gespel word; *bred*, *hed*, *giv*, *brest*, *bilt*, *ment*, *relm*, *frend*. En die woorde; *mean*, *near*, *speak*, *grieve*, *zeal*, sou verander na; *meen*, *neer*, *speek*, *greev*, *zeel*. Ook *laf* i.p.v *laugh*, *dawter* i.p.v *daughter*, *tuf* i.p.v *tough*, *blud* i.p.v *blood*, ensovoorts.

Hierdie spelhervorming het Webster gemeen, "with a few other inconsiderable alterations, would answer every purpose, and render the orthography sufficiently correct and regular." Die nuwe spelling sou 'n taalkloof uit die weg ruim: "(R)ender the pronunciation of the language as uniform

as the spelling in books," en sou die aanleerproses vergemaklik; en "facilitate the learning of the language." Die sterkste argument was egter patriopies van aard: "A Capital advantage of this reform in these States would be that it would make a difference between the English orthography and the American....Besides this, a national language is a bond of national union. Every engine should be employed to render the people of this country national; to call their attachments home to their own country; and to inspire them with the pride of national character" (Mencken 1965:382). Die voorstelle van Webster was in Amerika besonder populêr. Sodanig so, dat daar teen 1889 reeds 62 000 000 kopieë van Webster se 'Elementary Spelling Book' verkoop is (Mencken 1965:385).

Amerikaanse Neger Engels

In Amerika het ook 'n ander vorm van Engels tot stand gekom soos gebruik deur die Negergemeenskap. Die taal is nooit gestandaardiseer nie. Todd & Hancock (1986:81) wat 'n uiteensetting gee van al die verskillende soorte Engels in gebruik in die wêreld, skryf die volgende oor Neger Engels: "Black English is a nonstandard variety spoken by the majority of the USA's 26.5 million Blacks. It is regarded by many linguists as having evolved from a creole once widely spoken in the USA and related to West Indian creols and West African pidgins. The language of Blacks in South Carolina and the Sea Islands, locally called 'Gullah', is the most creole-like of all varieties of Black English and differs sharply from the speech of the upward mobile Blacks, especially in the North and on the West Coast. Yet, in spite of better education and conditions for US Blacks since the 1960's most still speak a variety of English which differs from other varieties of US English."

Hierdie taalvariëteit is stadig maar seker besig om in Amerika te verdwyn ten gunste van die standaardtaal. Labov (Whatley 1981:99) het ook aangetoon dat die Negerbevolking van Amerika 'n eie taal gepraat het met reëls en norme en dat dit nie 'n "mass of random errors committed by Blacks trying to speak English" was nie, soos wat sommiges geglo het. Alhoewel onder die Negerbevolking van Amerika 'n aantal omgangsvariëteite ontstaan het (Whatley 1981:92), het 'n eie kultuurtaal nie verrys nie, omdat dit afsnyding en isolasie sou beteken. Negerengels met sy 26.5 miljoen sprekers sou nogtans, as getalle as norm moes dien, 'n veel beter kans op oorlewing gehad het as Afrikaans met sy byna 6 miljoen sprekers.

Opmerking

Van die Amerikaanse taaldroom het minder gekom as waarop so vele gehoop het. Baie Amerikaners was in twee kampe verdeel. Een kamp wou bly by die 'Queens English' en die ander kamp wou 'n nuwe taal vir die nuwe land hê. Dan moet daar ook bygesê word dat die Amerikaners nie oorbehep was met taal nie. Vir hulle was Amerika 'n vrye land waar almal vry moet wees om die taal van hul keuse te gebruik. Hierdie vryheidsidee was besonder sterk geworteld in die Amerikaanse gees. Vir die Amerikaners moet 'n taal gewoon maar sy eie gang gaan, en selfs vandag kan baie Amerikaners hulle nie indink dat jy vir 'n taal moet stry nie, of dit probeer beskerm nie.

Alhoewel sommige woorde vandag in Amerika anders gespel word as in Brittanje, het daar maar weinig gekom van die spelwysigings wat deur die spelhervormers voorgestel is.⁵⁷ Aan die ander kant het baie onderwysers, alhoewel van hulle die taalwysigings ondersteun het, bloot voortgegaan om 'korrekte' Engels aan die kinders te leer. Van die hele taalbeweging het daar ook nie heeltemal niks gekom nie. Amerika het ongetwyfeld 'n eie koers ingeslaan, en sou Brittanje nie daarby ingeval het nie sou die twee tale ongetwyfeld op 'n skeuring afgestuur het (Mencken 1965:vi). Die 'twee tale' het dus sedert die 20erjare, in werklikheid na mekaar toe gegroei, volgens Mencken, en was 'n skeiding nie nodig nie, soos die pro Engelse *New York Times* dit in 1923 gestel het: "So long as the novelists and the newspaper men on both sides of the ocean continue to eschew Criticisms an Americanisms, and so long as they indulge in these localisms only in question marks, there is no danger that English will ever halve itself into a British language and an American language" (Mencken 1965:65).

Wat in Amerika nie geslaag het nie, of slegs in 'n geringe mate geslaag het, het in Suid-Afrika volledig geslaag. Amerikaans het nie werklik verrys nie, Afrikaans wel. Daarby was die manier waarop die taalbeweging gevoer was, verskillend. Die Amerikaners wou eers amptelik goedkeuring van die staat verkry het vir hul taal, sonder om eers vooraf presies te bepaal, wat 'Amerikaans' is (Mencken 1965:81). In Suid-Afrika het die Afrikaner eers taalnorme opgestel en toe grondwetlike goedkeuring verwerf.

Uit die behandelde gedeelte is dit duidelik dat die Afrikaner met Nederlands nie in 'n vreemder situasie was as die Amerikaner met Engels nie. Miljoene immigrante, wat dikwels lank in taaleilande geskuil het, is in die Amerikaanse smeltkroes opgeneem. Hierdie groeperinge uit Europa, Asië, Afrika en die inheemse bevolking het 'n veel groter en problematieser assimilasieproses deurgaan as wat die Afrikaner ondergaan het. As gevolg van die assimilasieproses het ook talle nuwe taalvariëteite ontstaan, maar wat verdwyn het, of in 'n proses is om te verdwyn. Die 'unieke probleem' aan die Kaap, wat talle taalkundiges wil toedig as die oorsaak vir die ontstaan van Afrikaans, was in Amerika in werklikheid veel groter.

Brasiliaans

Agtergrond

Brasilië is in 1500 deur die Portugees Cabral ontdek, toe daar na skatting sowat 2.5 miljoen Indiane in die huidige Brasilië woonagtig was. Die afgelope eeue, het die bevolkingsamestelling drasties verander. Na skatting is daar ook tot en met 1852 ongeveer 3.5 miljoen negerslawe na Brasilië verskeep. Miljoene Europese immigrante het ook verhuis na die gebied en staan die inwonertal tans op ongeveer 140 miljoen. Brasilië het sedert sy onafhanklikheid in 1822 van Portugal verkry, en noue bande met die stamland bly behou.

Vir die eerste twee honderd jaar na kolonisasie, het die Portugese taal weinig ingang gevind in Brasilië. Die vernaamste kommunikasie-instrument was toe *língua geral*, 'n *tupi* gebaseerde lingua franca (Baxter 1992:19). Om die Brasiliane op een taalstandaard te bring het veel moeite gekos, en

⁵⁷Die spelling wat uiteindelik deur die Amerikaanse publiek aanvaar is, was: Die weglatting van *u* in woorde soos *colour*; gebruik van *-ize* i.p.v. *-ise* in woorde soos *organize*; gebruik van *-ice* i.p.v. *-ise* in woorde soos *practice*; *ct* i.p.v. *x* in *connection*; *er* i.p.v. *re* in *theater* en *center*; weglatting van dubbel *ll* tot woorde soos *traveled* en *labeled* (Cooper 1989:148).

het die proses oor eeue gestrek. Portugal het op verskillende maniere gepoog om Portugees uit te bou in die koloniale gebiede. Bortoni-Ricardo (1985:18) skryf dat 'n Portugese Eerste Minister in 1770 'n dekreet uitgevaardig het, waarvolgens in alle skole, in alle Portugese gebiede, aan één amptelike grammatale norm voldoen moes word. Dit was volgens Bortoni-Ricardo nodig om die groeiende invloed van heelwat grammatale vereenvoudiginge, wat in die koloniale dialektes voorgekom het, teen te werk.

Gedurende 1757-1758 is in Brasilië volgens die dekreet van Marques van Pombal, die *língua geral* verbied, en die Portugese taal amptelik begin bevorder in die onderwys op basis van die Lobato-grammatika (Baxter 1992:19). Vandag is Brasilië amptelik eentalig, maar word daar ongeveer 170 inheemse tale in die land gesproke (Baxter 1992:21).

Eie Taal Gedagte

Teen die einde van die vorige eeu, ontsnap Brasilië nie aan die opkomende taalromantisering van die omgangstaal, wat in talle lande gewoon was nie. Die *Academia Brasileira de Letras* is gestig gedurende 1896/7, met as doel die herkodifisering van Portugees vir die Brasiliërs. Hierdie taalhervorming was in hoofsaak beperk tot 'n spelhervorming (Baxter 1992:19). Die begeerte onder Brasiliërs om 'n eie standaardtaal te skep was brandend groot. Die opkoms van hierdie nasionalisme onder die Brasiliërs, het tot gevolg gehad dat selfs 'n woord soos 'Portugees' vermy is. Nuwe terme is gebruik, soos *o idioma nacional* of *a língua nacional*: die nasionale taal, of *a língua Brasileira*: die Brasiliaanse taal. Hierdie taalaspirasie was volgens Baxter 'n duidelike sinjaal van 'n strewe na linguistiese en sosio-ekonomiese onafhanklikheid van Portugal (Baxter 1992:21).

Gedurende 1922 kom modernisme in Brasilië tot bloei, onder die musici, historici, digters, skrywers en skilders. Hierdie beweging wou die volk losmaak van Europa en die Europese kultuur. Skrywers en digters het begin om vele woorde in die algemene spreektaal, wat aan Indiaans ontleen is, op te neem in hul werke. Met hierdie poging is gerebelde teen die gewoonte in Brasilië, om korrekte Portugees te gebruik. Die Brasiliaanse spreektaal en volksmusiek is deur die kunstenaars aangeprys in teenstelling tot die Portugese skryftaal (De Groot 1991:70). Brasilië was op soek na 'n eie identiteit, en taal het ook hier 'n belangrike simbolies waarde vervul.

Baxter (1992:19) skryf dat ten spyte van die tale taalinnovasies deur kreatiewe skrywers en kunstenaars, die formele geskrewe taal in Brasilië vandag nie wesenswyk van Europese Portugees nie. Die rede hiervoor skryf hy is dat "in the nineteenth century and for a good part of this century the Portuguese standard has been closely followed in education through prescriptive grammars based on a Portuguese model." Baxter skryf egter dat slegs in die laaste drie dekades, van hierdie praktyk afgewyk word, waar sommige Brasiliaanse kenmerke in Brasiliaanse grammatikas erken word. Die behoeftte vandag om steeds terme te gebruik soos *o idioma nacional*, *a língua nacional*, of *a língua Brasileira* is verdwyn. Vir elke Brasiliaan is sy moedertaal gewoon Portugees (Baxter 1992:21).

Die Taal

Die spreektaal in Brasilië verskil natuurlik soos ook te verwagte is, van die Portugese spreektaal. Die invloei van miljoene anderstalige immigrante moes 'n invloed op die taal laat, en is die spreektaal net soos in die geval van Afrikaans vereenvoudig, soos blyk uit die volgende aanhaling

van Bortoni-Ricardo (1985:246): "When Brazilian Portuguese is compared with European Portuguese a striking difference is the tendency in the former towards simplification of the inflectional system in the number agreement rule within the noun phrase and in subject-verb agreement. In both cases redundant plural markers are simply deleted." Hierdie getalsooreenkoms wat na die enklevoud neig is verskillend verklaar deur verskillende navorsers. Naro (Bortoni-Ricardo 1985:246) meen dat die vereenvoudigde Portugees van Brasilië 'n neiging toon wat alle tale toon: "There is a slow drift in the language towards elimination of redundant number agreement from the grammar." 'n Ander navorser Guy (Bortoni- Ricardo 1985:246) verklaar die taalvereenvoudiging in Brasilië as volg: "An earlier period of decreolization in which the most salient features of the standard language were required first."

Guy (Bortoni-Ricardo 1985:26) meen dus dat die Brasiliaanse omgangstaal 'n dekreoliseringsproses ondergaan het, in 'n poging om by die Portugese standaardtaal aan te pas. Hierdie dekreoliseringsproses is egter nooit in sy totaliteit volvoer nie: "People in the isolated areas have less contact with the standard and have decreolized less than the urban masses." Die dekreoliseringsproses het 'n stilstand bereik gedurende die sestigerjare van dié eeu, toe die Brasiliane nie Lissabon meer as model gevvolg het nie, maar Rio de Janeiro. Volgens Bortoni-Ricardo (1985:18) het skrywers nou 'n taal begin gebruik wat sintakties afwyk van die standaard in Portugal.

Die Portugees in Brasilië is volgens Bortoni-Ricardo (1985) betreklik eenvormig, maar voeg hy by dat daar 'n groot kloof bestaan tussen die spreektaal van die plattelandse ongeletterde bevolking en die standaardtaal. Met die migrasie van plattelanders na die stede moet die plattelanders heelwat veranderings aan hul spreektaal maak, om aan die vereistes van die stedelike standaardtaal te kan voldoen. Volgens Bortoni-Ricardo (1985) vervoeg die plattelanders nie hul werkwoorde nie, maar word hierdie vervoeging wel aangeleer in die stede, waar die bevolking formele onderwys ontvang. Die standaardtaal wat in die stede gebruik word het dan uiteraard ook prestige-waarde. Migrante uit die platteland staan in die stede onder druk om by die standaardtaal aan te pas en moet vervolgens addisionele onderwys volg om hul taalgebruik op standaard te bring. Bortoni-Ricardo skryf verder dat die vervoeging van die werkwoord dan langsamerhand aangeleer word. By die aanleerproses word aanvanklik eers aandag geskenk aan die taalafwykings wat die verste van die standaardtaal afwyk.

Brasiliaanse Portugees is dan ook 'n stuk makliker vir 'n vreemdeling om aan te leer, as Europese Portugees, soos uit navrae onder studente in ander nie-Portugeessprekende lande dui, wat die taal aanleer (Baxter 1992:15). Dit is bloot omdat die taalstandaard van Brasilië vereenvoudig is, vergeleke met die Portugese standaard.

Die Belang van Portugees

In Brasilië word vandag deur die gemiddelde Brasiliaan min kennis geneem van Europese Portugees, en het sommige Brasiliane dit nog nooit eens gehoor nie. Die geskoolede Brasiliaan het egter groter kontak met Europese Portugees, veral in sy geskrewe vorm, en het Europese Portugees ook vir die hoër geskooldes 'n sekere kulturele prestige (Baxter 1992:14). In die ander Portugeessprekende lande, is Europese Portugees 'n prestige-variëteit.

In die Portugeessprekende Afrikalande word Europese Portugees as amptelike standaard aanvaar, maar Brasiliaanse Portugese en Europese Portugese televisie-programme vertoon. In hierdie lande geniet Europese Portugees hoë aansien as prestige-taal (Baxter 1992:18). Die variëteite wat in Brasilië vandag die meeste prestige geniet, is die stedelike variëteite van Rio de Janeiro en São Paulo, en dien hierdie variëteite dan ook as televisietaal (Baxter 1992:21).

Brasiliaanse televisiereekse vloei na alle Portugeessprekende lande, en selfs na gebiede waar Portugeessprekendes 'n minderheid in 'n vreemde land uitmaak. Hierdie programme geniet hoë populariteit, en word 'n groot deel van die sendtyd in alle Portugeessprekende lande met Brasiliaanse programme gevul, selfs in Portugal (Baxter 1992:21,35). In Lissabon is daar selfs 'n radiosender, wat uitsluitlik van Brasiliaanse Portugees gebruik maak in sy uitsendings. Hierdie radiosender, *Radio Cidade*, geniet hoë aansien en populariteit onder veral die Portugese jeug (Baxter 1992:22). Verder skryf Baxter (1992) dat die populariteit van Brasiliaanse Portugees in alle Portugeessprekende lande toeneem.

Brasiliaanse Portugees en Europese Portugees verskil vandag wat fonologie, morfologie, sintaksis, leksikon; spelling en pragmatika betref (Baxter 1992:35). Nietemin bly die variëteite onderling verstaanbaar, en probeer die *Academia das Ciências de Lisboa* en die *Academia Brasileira de Letras* taaleenheid so ver moontlik bewerkstellig. Talle spellingkonfensies is die afgelope eeu deur die regerings en taalkademies van Portugal en Brasilië onderteken, in 'n poging om die status en eenheid van die Portugese taal so ver moontlik te handhaaf en uit te bou (Baxter 1992:31). Verder skryf Baxter (1992:32): "There has been a growth of awareness of the significance of linguistic unity and of the reality of pluricentricity in certain circles, in all of the Portuguese speaking countries."

Opmerking

Portugal was en is 'n klein land wat inwonertal betref, selfs kleiner as die huidige Nederland, en kon nooit veel immigrante oplewer nie. Vele immigrante het uit Spanje en Italië na Brasilië geïmmigreer. São Paulo het alleen tussen 1890 en 1900 sowat 340,000 Italiaanse immigrante opgeneem (De Groot 1991:49). Ten spyte van die groot toeloop van immigrante uit vreemde lande, kon die Brasiliëane Portugees baasraak. Die kultuurtaal in Brasilië wyk vandag nie drasties af van die kultuurtaal in Portugal nie. Omdat Brasilië ekonomies vooruitstrewend is en die agste grootste nywerheidsland is, is dit te verstan dat Lissabon nie meer taalmodel kan staan vir Brasilië nie. Plurisentriese spanning sal tot die minimum beperk moet word indien taaleenheid behou wil word. Dit hou in dat Lissabon die hegemonie van Rio de Janeiro sal moet aanvaar as die invloedrykste en leidende sentrum van die Portugese taalgebied.

Wat die taalgeschiedenis van Brasilië interessant maak, is die taalvereenvoudiging wat daar plaasgevind het, veral wat die vervoeging van die werkwoord betref. Hierdie vereenvoudiging het veral voorgekom onder die laagsgeskooldes, 'n proses wat ook in Suid-Afrika met Nederlands gebeur het. Wat verder interessant is, is die dekreolisering wat die taal ondergaan het, 'n proses wat ook in Nederlands in Suid-Afrika plaasgevind het, tot die twintigerjare van die huidige eeu, waar die Afrikaner in 'n proses was om Standaardnederlands stelselmatig baas te raak.

Wat verder interessant is, is die feit dat alhoewel die Brasilië warm was vir 'n eie taal, die onderwys gewoon voortgegaan het om 'korrekte' Portugees aan die kinders te leer. 'n Drastiese taalhervorming, soos deur die Afrikaner aangepak, is nie in Brasilië deurgevoer nie. Alhoewel Rio de Janeiro eers gedurende die sestigerjare, die leidende taalsentrum van Brasilië geword het, het dit nie taalskeuring ingehou nie.

Duits in Amerika

Miljoene Duitstalige immigrante het hulle die afgelope eeu in die VSA gevestig. Reeds in 1655 was daar al in Nieuw Amsterdam genoeg Lutherane dat 'n Duitstalige predikant aangevra is, en gedurende 1657 arriveer dan ook 'n prediker, Gutwasser in Nieuw Amsterdam. Tog het hierdie Duitsers binne twee dekades vernederlands (Kloss 1966:215). 'n Verslag van die American Council of Learned Societies bereken dat daar teen 1790 goed 279,200 Duitstaliges op die grondgebied was, van die huidige Amerika (Kloss 1966:213). In 1683 is Germantown, 'n Duitstalige sentrum gestig, van waar Duitstaliges wes- en noordwaarts begin verhuis het. Duitstaliges was veral sterk gekonsentreerd in die huidige Pennsilvanië, Maryland en Virginia.

Reeds gedurende die koloniale tyd, dus voor 1800 het 'n vyfde van die bevolking van die destydse Amerika, dus dertien state, uit Duitstaliges bestaan, veral afkomstig uit die streke van die Palts, die Elzas, Württemberg, en Switzerland (Van der Plank 1971:50). Na die rewolusie van 1848 vlug baie nasionalisties demokraties liberale Duitsers uit hul reaksionêre vaderland na Amerika. Die invloed hiervan op die ontwikkeling van die wetenskap in Amerika was besonder groot gewees, aangesien die onderwys en die wetenskap toe nog in Amerika op 'n lae peil was, en dié Duitse immigrante goed geskoold was. Alleen tussen 1850 en 1910 het meer as drie miljoen Duitsers by hulle volksgenote in Amerika aangesluit. Stede soos Chicago, Cincinnati, Cleveland, Detroit, St. Louis, Buffalo, Newark, Pittsburg en Rochester het volgens van der Plank 'n Duitse bevolkingsaantal van ongeveer 40% gehad. Milwaukee was die mees Duitse stad van Amerika, waar twee derdes van die bevolking Duitstalig was. Gedurende die 18de eeu het die leiers van die staat Pennsilvanië dit ook oorweeg om van die staat 'n Duitstalige staat te maak binne die federasie, maar ter wille van die behoud van eenheid binne die konfederasie is later van die plan afgesien. Alhoewel die bevolking van Pennsilvanië toe uit drie kwart Duitstaliges bestaan het (Van der Plank 1971:48).

In 1828 is 'n voorstel om Duits tot amptelike taal te verhef in Pennsilvanië, met slegs 'n meerderheid van één stem deur die Kongres van die staat Pennsilvanië afgekeur (Arndt 1980:35, Kloss 1977:143). Arndt (1980:38) skryf dat indien die amptelike taal kwessie deur middel van 'n referendum getoets was, so 'n uitslag ten gunste van Duits as amptelike taal sou wees. Dit nie alleen in Pennsilvanië nie, maar ook in ander state in die middel weste van Amerika. Die rede waarom Duits nie as amptelike taal in Pennsilvanië gekies is nie, lê volgens Arndt (1980:39) in die feit dat die Duitstalige Amerikaners tot voor 1848 weinig of geen belangstelling in politieke sake getoon het nie. Hulle was hardwerkende, eerlike, stabiele en streng godsdienstige boere, wat die Engelse en Ierse handelaars en politici verafsku het. Die politieke besluite is geneem deur die Engelstalige elite, wat grotendeels uit sakelui bestaan het. Die gevolg was dat Duits op konstitusionele gebied nie die nodige beskerming verkry het wat nodig was vir taalhandhawing nie.

Met die 19de eeuse invloei van miljoene Duitstalige immigrante het die blanke bevolking van Amerika vir 25% bestaan uit persone van Duitse oorsprong (Mannhardt in Van der Plank 1971:50). In die assimilasieproses sou talle Duitstaliges hul taal verloor het, want gedurende 1910 praat nog maar 10% van die bevolking (byna 10 miljoen mense) Duits. Hierdie groep het toe nog 10 000 verenigings in stand gehou. Die verkoopsyfers van dagblaaie het toe byna één miljoen eksemplare per dag beloop en die weekblad oplaag was ruim twee miljoen eksemplare (Van der Plank 1971:50). Volgens Wittke (1980:741) het daar nog gedurende 1917 vyftig daagliks publikasie op straat verskyn, met 'n totale daagliks oplaag van 950,000 eksemplare. Gedurende 1900 was daar ook nog 243 Duitse openbare skole met 231,700 leerlinge en 3,984 privaat skole met 318,100 leerlinge (Van der Plank 1971:50). In Pennsilvanië alleen was daar gedurende 1926 volgens Arndt (1976 35) nie minder nie as 28 Duitstalige koerante in omloop.

Die twee wêreldoorloë, sou die begin van die einde van Duits wees. Die Duitstaliges is deur hul Engelssprekende volksgenote gebrandmerk as nazies, en die taal as 'n nazietaal. Duitstaliges is gemolesteer, hul huise geel geverf, hulle is met ontslag bedreig uit hul werk, en uit die verenigingslewe geweer. Volgens van der Plank (1971:51) het tienduisende Duitstaliges hul familiename verander deur dit direk in Engels te vertaal of 'n Engelse spelling aan te neem. Volgens Wittke (1980:770) het talle Duitstalige koerante en tydskrifte reeds na die eerste Wêreldoorlog, óf tweetalig geword óf Engelstalig geword. Wittke (1980:770) noem ook dat daar in 1920 nog maar 278 Duitstalige publikasies verskyn het, waaronder maar nog 26 daagliks publikasies met 'n oplaag van minder dan 250,000 eksemplare. Duits het van die toneel af begin verdwyn en in 1960 praat nog maar 2% (van die Amerikaners) Duits. Van die reusagtige Duitstalige pers bly toe in 1960, slegs 'n oplaag van 74 000 dagblad-, en 13 000 weekbladeksemplare oor.

Die anti-Duitse gevoel was wêreldwyd groot. In Australië is 'n spesiale wet aanvaar in 1917, waarvolgens 'n vyftigtal amptelike Duitstalige name na Engels verander is. Die gevolge, om talle redes, vir die Duitse taal in Amerika was rampspoedig. Gilbert (1981:267) het onder andere bereken, dat indien die Amerikaanse immigrante van Duitse oorsprong hul taal kon behou het, daar in 1975 ongeveer 50 miljoen Duitstaliges in die VSA sou gewees het. Die totale bevolking van die VSA, het gedurende 1975 op 216 miljoen gestaan (UN World Population Prospectus 1993).⁵⁸

'n Nuwe Taalvariëteit

Talle Duitstalige immigrante het hulle in taaleilande gevestig waar hulle 'n gevoel van selfversekerdheid ervaar het. Binne die taaleilande kon hulle hul taal, kultuur en godsdiens handhaaf en uitbou. Hierdie gevoel van sekuriteit, het dan ook verdere immigrasie uit Duitstalige Europa gestimuleer (Kloss 1966:215).

In Pennsilvanië het een van die grootste taaleilande tot stand gekom, sowat 15,000 vierkant myl groot, en was dit groot genoeg om Duits vir 'n lang tyd te beskerm sonder enige spesifieke

⁵⁸Dus 23,15% van die totale Amerikaanse bevolking. Sou die bevolkingsgroei, onder die Duitstaliges dieselfde mate van toename getoon het as die res van die Amerikaanse bevolking, beteken dit dat die 263 miljoentellende Amerikaanse bevolking van 1995, sowat 61 miljoen Duitstaliges sou bevat het.

taalbeskermingsaksie. Hierdie invloeiende immigrante was verder ook hoofsaaklik dialeksprekers, want Standaardduits was nog nie so verbreid as wat dit vandag is nie.

Die vermenging van Duitse dialekte, en die kontak van Duitstaliges met andertaliges, het aanleiding gegee tot die vorming van nuwe dialekte. Hierdie samevloeiing van verskillende Duitstalige dialeksprekers het volgens Seifert (1971:18) geleid tot 'dialect levelling': "(A) process in which each dialect group gradually eliminated those features that made a particular dialect distinct and different from all other dialects." Die bekendste en grootste nuwe omgangstaal het in Pennsilvanië ontstaan, bekend as *Pennsylfawnish Deitsch* of gewoon *Deitsch*, of '*Pensilvania Dutch*' in Engelstalige mond. Volgens Seifert (1971:19) was hierdie dialek al in 1800 'n betreklik eenvormige omgangstaal. Seifert (1971:17) noem verder ook dat daar gedurende 1870-1890 sowat 750,000⁵⁹ sprekers van *Pennsylfawnish Deitsch* was, waarvan 600,000 in die staat Pennsilvanië gewoon het. Gedurende 1920 het 600,000 tot 800,000 mense *Pennsylfawnish Deitsch* gepraat, en gedurende 1960 nog 200,000 tot 300,000 persone (Kloss 1977:140). Volgens Seifert was daar in 1971 nog ongeveer 300,000 sprekers van hierdie dialek oor. Seifert meen dat alhoewel Standaardduits bekend was aan die vroeë immigrante, deur middel van die Bybel en gesangeboek, byna niemand dit kon praat nie. Die algemene omgangstaal was die nuut gevormde dialek.

Teen 1860 was daar dan ook begin om hierdie omgangstaal op skrif te sit. Die gebruik van die nuwe taal in koerante was veral in die ooste van Pennsilvanië later 'n algemene verskynsel, en is dikwels gebruik om 'n komiese effek (Kloss 1966:220). Kurath (1972:113) skryf dat selfs hooggeskooldes toe *Pennsylfawnish Deitsch* gebruik het, by die skryf van verse en verhaaltjies, om 'n komiese of 'n nostalgiese effek te verkry. Daar is toe ook bespiegel dat *Pennsylfawnish Deitsch* die plek van Standaardduits sou kon inneem in die joernalistiek (Kloss 1966:220). Die taal het egter eers na 1930 groot belangstelling begin wek. Talle teaterstukke is daarin geskryf en opgevoer, en is dit in talle koerante gebruik en selfs oor die radio. Gedurende 1933 en 1934 is twee verenigings gestig, die *Fersomlinge* en die *Grundsw* respektiewelik, met die uitsluitlike doel die bevordering van die 'nuwe taal'.

Nie almal was vuurwarm ondersteuners vir die bevordering van die 'nuwe taal' nie. Die gesaghebbende Pennsilvaniës-Duitse vereniging het die 'nuwe taal' nie ondersteun nie, en gevoel dat die taal van die Pennsilvaniërs Standaardduits is en niks anders nie. Gedurende 1935 is egter 'n Pennsilvaniës-Duitse volkskundige vereniging gestig, wat meer aandag sou gee aan die linguistiese erfenis, welke variëteit dan ook. Gedurende 1938 is daar ook 'n konferensie gehou, in Hershey, Pennsilvanië, waar op 'n standaardspelling besluit is. Slegs een belangrike wysiging is ingevoer: 'n y in plek van die Standaardduitse j. Gedurende 1946 het die staatsuniversiteit van Pennsilvanië begin om kursusse in *Pennsylfawnish Deitsch* aan te bied, in sy Duitse departement, 'n gebeurtenis wat Mario Pei beskou het as die totstandkoming van 'n 'gloed nuwe Germaanse taal'. Nog 'n hoogtepunt was die publikasie van 'n moderne *Pennsylfawnish Deitsch* grammatika gedurende 1954, vir gebruik by skole en kolleges (Kloss 1966:221).

⁵⁹Volgens Scholtz was daar omstreeks 1881 sowat 300,000 Afrikaners in Suid Afrika (Steyn 1980:124), wat beteken dat *Pennsylfawnish Deitsch* getalsgewys 'n veel sterker kans gestaan het om te gely, as Afrikaans.

'n Probleem was dat die nuwe taal nie oral ewe goedgunstig aanvaar is nie. Sommiges het die spellingsverandering verwerp, en die gebruik van dié variëteit tydens eredienste het nie werklik byval gevind nie. Daarby het weinig skole en kolleges die nuwe grammatika aanvaar en gebruik. Die taal is ook nooit in laer skole ingevoer nie (Kloss 1977:151). Verder het die verenigings wat gestig is om die taal te bevorder, hul taak nooit ernstig aangepak nie (Kloss 1966:221).

Nietemin kon *Pennsylfawnish Deitsch* as akademiese vak bestudeer word aan die einde van die sestigerjare, aan die Muhlenberg College, Franklin en Marshall College, sowel as aan die Pennsylvania State University (Seifert 1971:42). Heelwat navorsing is ook al in verband met die variëteit gedoen. So vermeld Viereck (Eichhoff 1971:43) dat daar tot 1967 reeds meer as 150 boeke en artikels verskyn het, wat *Pennsylfawnish Deitsch* as onderwerpstudie behandel het. In die dialek self is ook 'n aantal boek gedruk, maar volgens Kloss (1966:221) was dit hoofsaaklik duur en luukse uitgawes, en is selde goedkoop, populêre boeke in die dialek (taal) uitgegee.

Pennsylfawnish Deitsch, skryf Kurath (1972:105), "differs markedly from standard German in its phonology. In the lexicon and in morphology the differences are less striking, but still rather considerable. This divergence between Pennsylvania German and Standard German would tend to keep the two apart." 'n Opmerklike taalverskynsel was ook die samesmelting van die nominatief en die akkusatief tot 'n enkele naamval (Gilbert 1981:260). Tog was daar nooit 'n werklike skeiding tussen die twee variëteite nie. Duitstalige Pennsilvaniërs het in voortdurende kontak met Standaardduits gebly, deur middel van hul Bybel en die pers.

Die twee wêreld-oorloë het dit moeilik vir Duits, en al sy variëteite in Amerika gemaak. Talle Duitstaliges wou hul bande met die verlede, en dus ook met hul taal en kulturele erfenis verbreek. Eers gedurende die sestigerjare het die toestand effens begin verbeter (Kloss 1966:222). Alle Duitse taalvariëteite het egter voortdurend terrein verloor ten gunste van Engels. Veral gedurende die vyftigerjare van die eeu het die verengeling van die Duitstaliges vinnig plaasgevind (Kloss 1977:142). Vir alle praktiese doeleinades het Duits uit die skole verdwyn rond 1860, uit die pers rond 1910, en teen ongeveer 1940 uit die kerke (Kloss 1977:141).

Die positiewe verwagtinge by talle Duitstalige immigrante, dat hul taal en kultuur gehandhaaf sou kon word in Amerika, het soos mis voor die son verdwyn. Kloss (1966:227) skryf dat dit gedurende 1850 nog geen uitgemaakte saak was dat Engels die enigste taal in Amerika sou word nie, maar teen 1900 was dit wel duidelik, dat die ander immigrante tale geen regte sou verwerf nie. Die Duitstalige gemeenskap het nooit 'n hegte band gevorm nie, en was onderling verdeeld in Protestantse, Katolieke en liberale groeperinge. Daarby is weinig aan Duitstalige onderwys, en ander Duitstalige instellings bestee. Die vryheid van die individu het ook vir talle Duitstalige Amerikaners swaar geweeg, wat daarom neergekom het dat elke individu die taal en kultuur moet naleef, soos hy of sy dit goed vind, sonder enige beskermingsmaatreëls (Kloss 1966:232).

Opmerking

Duits in Amerika en Nederlands (Afrikaans) in Suid Afrika toon talle parallelle. Beide tale was (is) in sterke kompetisie met Engels. In beide lande was daar gebiede of eilande waar die taal min of meer gekoester kon word, maar wat mettertyd opgeruim is deur Engels, omdat dit in beide lande nooit konstitusioneel beskerm is binne eentalige gebiede nie. In beide lande het taalvryheid (of

taalerkenning op basis van die personaliteitsprinsiepe) gegeld, of geld hierdie taalvryheid tans. Beide tale het hul omgangsvariëteite gestandaardiseer of dit probeer doen. Beide die tale is of was gestigmatisieerd.

'n Verdere probleem vir Duits was, dat hy altyd 'n sterk minderheid in Amerika was, nooit meer as 25% van die bevolking nie. Afrikaans het altyd 'n meerderheid gehad bo die Engelstaliges in Suid-Afrika, wat die Blanke-Indiërs-Kleurling gemeenskap betref. Het Afrikaans die 25% of minder posisie beklee, sou die taal die presiese Duitse voorbeeld in Amerika gevolg het. Die probleem is met die huidige sosio-politieke ontwikkeling in Suid-Afrika, waar die swart gemeenskappe resoluut Engels verkieks, Afrikaans in selfs 'n swakker posisie sit as Duits op sy beste in Amerika.

Die hoofrede waarom groot tale soos Duits en Frans in Amerika verdwyn het, is omdat in Amerika taalvryheid geheers het. Elke inwoner kon die taal van sy keuse gebruik. Die wet van die oerwoud het gegeld, naamlik dat die sterkste wen. Die sterkste taal is die een met die meeste prestige. Sou in Pennsilvanië die Duitse taal amptelike erkenning kon verkry het, sou die taal daar konstitusioneel beskerm kon word, wat sou beteken het dat die taal vandag daar in 'n veel beter posisie sou gewees het. Sou Duits in Pennsilvanië die enigste amptelike taal kon word, sou Pennsilvanië vandag waarskynlik net so Duitstalig gewees het, as die Duitstalige state in Europa. Die afwesigheid van die toepassing van die territoriale prinsiepe ten opsigte van amptelike erkenning en beskerming vir Duits het nie gegeld nie, en is dit die vernaamste rede waarom die taal daar op sterwe na dood lê.

Die stigmatisering van Duits het veral buite die amptelike Duitstalige lande, na die tweede wêreldoorlog nadelige gevolge gehad vir die taal, veral in Oos-Europa. Binne die Duitstalige state was Duits beskerm, en kon die taal sy aansien herwin deur die ekonomiese prestasie van sy sprekers binne daardie gebiede. In Amerika kon die Duitstaliges nie prestige inwin nie, gewoon omdat eentalige gebiede nie bestaan het nie. Alle presterende Duitstaliges in Amerika het onder die Engelse sambrel presteer, met permanente verlies van Duits. Die Duitstalige Amerikaners het waarskynlik net so goed presteer as Duitstaliges in Europa, maar kon Duits in Amerika nie red nie. Die huidige oproep van Afrikaanse taalkundiges dat Afrikaans gered sal word deur 'n ekonomiese kragprestasie van Afrikaners, in die afwesigheid van eentalige gebiede, is 'n dooie saak. Die huidige presterende Afrikaner, presteer onder 'n Engelse sambrel - en hy sal daar bly presteer, omdat hy in prestasie belangstel, en nie in taal nie.

Jamaika en Haïti

Eersel (Van Wel & Vervoorn ongedateerd:19) stel die taalsituasie in Jamaika soos volg: "De linguïsten noemen de taal van Jamaica een continuüm, met aan het ene einde wat men Creools zou willen noemen en aan het andere einde het standaard-Engels van Jamaica. De meeste gebruikers bevinden zich ergens tussen die twee uitersten en zijn bovendien niet consistent in hun taalgedrag. De meesten bewegen zich vrij langs het continuüm, waarbij hun taalgebruik hun sociale positie reflecteert." Hier word dus geen standaard gesproke taal aangetref nie. Engels word as standaardtaal beskou, alhoewel weinig mense dit voldoende beheers. Hierdie taaltoestand kan ook vergelyk word met die taaltoestand in Suid Afrika vroeg hierdie eeu. Om egter in Jamaika 'n nuwe taal te probeer vestig naas Engels, omdat byna niemand Engels daar korrek gebruik nie, in die

hoop om orde in die chaos te skep, sou onwys wees, omdat dit die inwoners van die land van die buitewêreld sou afsny.

In Haïti is Frans die amptelike taal, en volgens Van Wel & Vervoorn (ongedateerd:19) praat die oorgrote meerderheid van die bevolking éénstaalig Haïtiaans Kreools. Daar bestaan geen kontinuum nie, die taal is eenvormig. Dit sou maklik wees om hier 'n besluit te neem, naamlik om onmiddellik die onderwystaal na 'n gestandaardiseerde Kreools te verander. "Maar het Creools heeft geen prestige. Wie iets wil zijn, leert Frans." Om Frans dus hier te verruil vir die Kreoolse taal beteken 'n verlies van 'n venster op die wêreld.

Volgens Valdman (1988:67) word Kreools deur 90% van die bevolking as omgangstaal gebruik. Die grondwet van 1926 het bepaal dat die enigste amptelike taal van die land Frans is. In 1979 is die gebruik van Kreools toegelaat in die skole, slegs as medium van onderrig. Die voorkeur-onderwystaal in Haïti is Frans, en val dit die besoeker aan die land op, dat die taal styf en boekerig voorkom, in vergelyking met die Franse Frans. Hierdie boekaangeleerde taal beskou die Haïtiane as suiwerder dan Franse Frans (Steward in Fasold 1984:51).

Die grondwet van 1983 bepaal dat Frans dien as amptelike taal, en dat Frans en Kreools as nasionale tale van die land dien. Volgens Valdman (1988:76) verkeer Haïti in 'n taalkonfliktsituasie, en die konflik kan opgelos word, deur óf substitusie, óf normalisasie. Substitusie hou in dat die massa opgevoed word tot die behoorlike beheersing van Frans. Normalisasie hou in die opradering van Kreools tot hoër funksies wat moet lei tot die standaardisering van die taal. Volgens Valdman (1988:76) bied die elite sterk weerstand teen enige poging tot normalisasie van Kreools, maar nietemin is daar taalbeplanners wat 'n spelling vir Kreools probeer uitwerk.

Opmerking

Is normalisasie werklik die antwoord op die taalproblematiek van die Haïtiane? Die Kreoolse taal is klein. Deur die Kreoolse taal te normaliseer en dit in die plek van Frans in te voer, sou die taalproblematiek van Haïti eerder vergroot as verklein. Tans leer die Haïtiane 'n enkele taal op skool: Frans. 'n Normalisasie, indien dit ooit deurgevoer sou word, sou betekenis dat twee tale op skool geleer sou moes word - 'n bykomende akademiese belasting, sonder om hierdeur 'n ekstra venster op die wêreld by te haal.

Noors

Sedert die einde van die veertiende eeu het die huidige Noorweë, Swede, Finland en Denemarke 'n eenheid gevorm, wat heelwat daartoe bygedra het dat die huidige standaardtale in die lande vandag onderling betreklik goed verstaanbaar is. Die Skandinawiese lande is vanuit Denemarke bestuur, wat betekenis het dat Deens 'n groot invloed op die taalontwikkeling van die hele gebied gehad het, in so 'n mate dat Deens die standaardtaal van Noorweë geword het en byna ook van Swede (Haugen 1987:73). Vroeg in die sesentiende eeu het die Sweedse elite nog prominent verklaar dat Deens en Sweeds één taal was, maar met die afskeiding van Swede in 1523 het die Swede groot verskille tussen Sweeds en Deens ontdek. Die Swede het 'n eie geskrewe norm vir Sweeds ontwikkel, wat so ver moontlik van Deens moes awyk. In een generasie is van geskrewe Deens na Sweeds in talle provinsies oorgeskakel, sonder dat die gesproke taal verander het. Teen die begin van die agtiende eeu, was die nuwe standaard al goed ingeburger (Haugen 1987:73).

Gedurende 1809 breek Finland weg van Swede, en gedurende 1814 verkry Noorweë sy onafhanklikheid van Denemarke. Dieselfde denkstroom vir 'n eie taal in die nuwe onafhanklike state kom op gang soos wat Sweeds in Swede tot stand gekom het. In Finland was Fins 'n minderheidstaal, wat geografie en funksie betref, maar het dit 'n nasionale simbool geword, en Sweeds uitgedruk. Gedurende 1980 was daar in Finland nie meer as 6.4% Sweedstaliges oor nie (Haugen 1987:74).

Gedurende 1840 is in Noorweë deur Knudsen 'n eie spelling opgestel. Deens was egter teen hierdie tyd 'n gevestigde taal onder die elite en stedelike bevolking. Hierdie norm van Knudsen het derhalwe weinig van Deens afgewyk, sodat gepraat is van Deens-Noors of Bokmål (boektaal), of deur sommige Riksmål (Staatstaal) genoem is. Nasionaliste, uit die dialeksprekende platteland was nie hiermee gediend nie, en onder leiding van Ivar Aasen, wat op sy eie 'n norm uit die Noorse dialektes opgestel het, en Landsmål genoem is, is geveg vir 'n eie Noorse taal wat veel meer van Deens moes afwyk as Bokmål. 'n Stryd tussen die twee tale het losgebars, wat in hewigheid toegeneem het teen die einde van die vorige eeu. Gedurende 1885 is Bokmål en Landsmål as amptelike tale van Noorweë erken (Haugen 1987:75). Tot vandag is Noorweë dus 'n tweetalige land.

Gedurende 1892 is 'n wet aanvaar wat bepaal het dat skooldistrikte self kon kies welke taal aan die kinders geleer moes word. Landsmål het ook in populariteit toegeneem, veral na die eerste wêreldoorlog (Hallaråker 1983:14). Gedurende 1944 het die taal 'n hoogtepunt in sy populariteit bereik toe 34.1% van die skole die taal gebruik het. Daarna het die populariteit begin taan. Volgens Hallaråker (1983:12) het 20% van die skole die taal nog gedurende die vroeë tagtigerjare gebruik. Volgens Haugen (1987:75) het nog slegs 16% van die skole die taal gedurende die tagtigerjare gebruik. Haugen (1972:137) is van mening dat Landsmål veld verloor, omdat dit nie 'n prestigevariëteit is nie, en skryf hy gedurende die sewentigerjare dat minder as 15% van alle Noorse boeke in die taal gepubliseer word, en ook dat geen enkele daaglikse nuusblad in die taal verskyn nie.

Landsmål staan vandag bekend as Nynorsk (Nieuw Noors), en maak daarop aanspraak dat dit 'n meer nasionalistiese taal is. Bokmål word daarenteen, weer meer as 'n gekultiveerde, elitêre taal beskou (Haugen 1972:133). Die stryd tussen die twee tale is nog nooit bygelê nie, maar Landsmål blaas die aftog. Bokmål is die stedelike taal, die taal van die jeug en die elite, die taal wat oorheers in die kerk, die pers, die radio en televisie. Nynorsk kry volgens Hallaråker (1983:12) tans ongeveer 20% van die sendtyd op televisie en die radio, alhoewel daar 'n wet is wat bepaal dat die ten minste 25% van die sendtyd in Nynorsk moet wees. Daar was in die verlede pogings gewees om die twee tale te verenig onder die naam Samnorsk, maar dit is volgens Hallaråker laat vaar.

As gevolg van die lange periode wat Deens sy invloed kon laat geld het in Skandinawië, is die drie standaardtale: Sweeds, Deens en die Noorse Bokmål onderling verstaanbaar. Talle informante uit die lande het aan my bevestig dat selfs kleuters die radio en televisietaal van die ander taalgroepe volg. Ook die geskrewe taal is onderling verstaanbaar, wat die voordeel inhoud dat die taalgroepe mekaar se boeke en tydskrifte kan deel. Alhoewel elke land sy eie taalliggaam het, is een van die hoofdoelwitte die bevordering van onderlinge samewerking (Haugen 1987:78). As gevolg van 'n behoefte aan nouer samewerking is gedurende die sewentigerjare 'n Skandinawiese taalliggaam in die lewe geroep met die uitsluitlike doel: Die koördinasie van die verskillende taalkommissies en

die bevordering van onderlinge verstaanbaarheid tussen die tale. Die gedagte van 'n enkele Skandinawiese norm is al dikwels geopper, en is geen nuwigheid nie, want dit is gedurende die Middeleeue al gepropageer. Haugen (1987:80) noem dat as iemand aan 'n Yslander sou vra of hy Deens ken,⁶⁰ so 'n persoon dan dikwels verklaar dat hy Skandinawies ken. Skandinawies beteken dan gewoon Deens uit 'n Yslandse mond. Oor die toekoms van die Skandinawiese tale, waarsku Haugen (1987:81) dat indien die Skandinawiërs nie hul kragte gaan bundel nie, op lang termyn nie net hul tale gaan verdwyn nie, maar ook hul eie kulture.

Opmerking

Die Nore wat die graagste ontslae wou raak van die Deense standaardtaal was die plattelanders. Die stedelike elite wou daar nijs van weet nie. Het die Noorse samelewing uit 'n nog groter persentasie stedelike inwoners bestaan, sou daar waarskynlik nooit 'n Nynorsk (Landsmål) gewees het nie. Het die Nore hoofsaaklik uit plattelanders bestaan, sou die Deens-gebaseerde standaardtaal sou gou moontlik die deur uitgeskop gewees het. Tussen Bokmål en Nederlands andersyds en Landsmål en Afrikaans andersyds, is daar dus duidelike parallelle te trek.

Luxemburg

Luxemburg is ongeveer 1000 vierkante kilometer groot, en huisves 'n bevolking van ongeveer 365,000. Die Luxemburgers geniet van die hoogste per capita inkomste in die Europese Unie, en van die laagste werkloosheid- en inflasie-syfers.

Luxemburg het as onafhanklike staat in 1839 tot stand gekom met die finale uiteenval van Het Verenigd Koninkrijk der Nederlanden. Luxemburg is al eerder in twee verdeel, waarvan die Franstalige gedeelte 'n provinsie van België geword het, en Duitstalige Luxemburg dus in 1839 sy onafhanklikheid van Nederland verkry het.

Die inheemse bevolking is vandag nagenoeg 100% drietalig, maar is by geboorte eentalig *Lëtzebuergesch*. Drietaligheid word deur middel van onderwys behaal (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:102). Die kwessie van taal is vir die Luxemburgers netelig. Na die tweede wêreldoorlog het die Luxemburgers 'n nasionale weerstand ontwikkel teen Duitse taalinvloed op hul eie dialek. Die gevolg was volgens Newton (1990:146), dat Frans takties die dominante amptelike taal van die land geword het, met Duits as 'n wyd gebruikte werktaal. Luxemburgs het volgens Newton, die funksie gedien van ondergeskikte geskrewe nasionale taal, maar ook 'n prestige gesproke taal.

In 1984 word grondwetlike veranderinge die land ingevoer, wat bepaal het, dat waar inwoners in geskrewe *Lëtzebuergesch* met die owerhede kommunikeer, staatsamptenare in geskrewe *Lëtzebuergesch* moes antwoord. *Lëtzebuergesch* het nou die status gekry van derde amptelike taal in die land (Newton 1990:146). Deur middel van *Lëtzebuergesch* het die inwoners ook gevoel, dat die taal as enigste simbool dien waarvolgens die inwoners hulle van hul bure kon onderskei. Die nasionale motto: "Mir welle bleiwe wat mir sin",⁶¹ reflekteer dan ook die behoefté om 'n eiesoortige identiteit in stand te hou (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:102).

⁶⁰Deens word soms as die Skandinawiese kontaktaal beskou.

⁶¹Wij willen blijven wat wij zijn.

Volgens Lebrun & Baetens Beardsmore (1993:102-3) is dit moeilik om die werklike status van Luxemburgs te bepaal, omdat dit as 'n gedeeltelik gestandaardiseerde taal beskou kan word, maar ook as 'n lokale omgangstaal. Die taal vertoon eienskappe van 'n ongestandaardiseerde taal, naamlik 'n gebrek aan woordeskat en style wat nodig is in bepaalde tegnologiese areas. Wat opvoeding betref, word die Luxemburgse taal egter slegs gedurende die eerste skooljaar as medium van onderrig gebruik. In die hele skoolloopbaan maak *Lëtzebuergesch* in totaal 125 uur van die leerplan uit. Vanaf die tweede skooljaar word na Duits as medium van onderrig oorgeskakel vir die res van die skoolloopbaan, behalwe vir die twee laaste skooljare, wanneer Frans die onderrigmedium word. Frans word wel al eerder gebruik as onderrigmedium van wiskunde (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:103-5). *Lëtzebuergesch* word as die enigste medium van onderrig gebruik tydens die pre-primêre onderwys. Die taal kan wel later as vak op primêre en sekondêre skool geneem word. Bitter weinig leerlinge neem *Lëtzebuergesch* egter as vak op skool (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:107-9).

Lëtzebuergesch is die belangrikste omgangstaal. Volgens 'n ondersoek gedurende 1983, is aangetoon dat 71% van die ondervraagdes die taal in hul gesproke daaglikse omgang gebruik. Verder het 53% van die ondervraagdes aangetoon dat hulle uitsluitlik *Lëtzebuergesch* as gesproke taal gebruik met vriende en kennisse. Die ondersoek het aangetoon dat al drie tale daagliks gebruik word, in mondeline kommunikasie, met die volgorde van voorkeur: Luxemburgs, Frans, Duits. Die voorkeur van geskrewe taal was Duits, Frans, Luxemburgs (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:103).

Volgens Newton (1990:147) word televisie- en radio-nuus in Duits en in Frans opgestel. Duitstalig nuus word dan tot *Lëtzebuergesch* gekleur deur die nuusleser of program-aankondiger tydens die uitsending. Alle Parlementêre debatte mag in die drie tale gevoer word, maar word in Duits op skrif gesit.

Die twee nasionale nuusblaaie is hoofsaaklik tweetalig Duits-Frans, maar oorheersend Duitstalig. Soms verskyn daar ook gedeeltes in *Lëtzebuergesch*. Die nasionale televisie is beskikbaar in Duits of Frans (met elke Sondag namiddag vir twee uur uitsendings in *Lëtzebuergesch*), en daarby is uitsendings ook vanuit Duitsland, Frankryk en België beskikbaar (Lebrun & Baetens Beardsmore 1993:103).

Opmerking

Die moedertaal van die Luxemburger is *Lëtzebuergesch*. Die Luxemburger sou die 'maklike' weg kon inslaan volgens die Afrikaanse model, deur van 'moeilike' en 'onnatuurlike' Duits en Frans ontslae te raak, maar hy doen dit nie. Die Luxemburger besef maar al te goed dat hy nie die getalle het nie, en dat indien hy die Afrikaanse weg sou opgaan, hy homself met die probleme gaan opsaal, waarmee die Afrikaner hom opgesaal het.

Swahili

Swahili het byvoorbeeld met die probleem gesit dat die taal gedurende 1930 nog ongekodifiseerd was. Die taal was as spreektaal in 'n aantal lande gebruik, maar 'n geskrewe taal het nog nie bestaan nie. Appel & Muysken (1987:52) skryf dat in 1930 die Inter-Territoriale Taal (Swahili)

Komitee, later genoem die Oos Afrikaanse Swahili Komitee, 'n vorm van Swahili moes uitwerk, wat kon voldoen aan al die sprekers se behoeftes in Kenia, Uganda en Tanzanië. Hulle het besluit om dit maklik te maak en Kiungaia, die dialek wat gepraat word in Zanzibar Town, as Standaardnorm te gebruik, wat woordeskat en grammatika betref en dié dialek is gekodifiseer vir gebruik in die hele taalgebied. Die gevolg hiervan was volgens Appel & Muysken (1987:52), dat byna alle Swahilisprekers hulle moes aanpas by die standaard wat aan hulle opgedra is as norm.

Volgens Fasold (1984:267) was Swahili vroeër in Arabiese alfabet geskryf. Die huidige standaardtaal is in die Latynse alfabet. Die besluit dat die dialek van Zanzibar Town geneem is, terwyl 'n ander dialek, of 'n vermenging van dialekte gebruik kon gewees het is van belang. Hierdie besluit was dus suiwer sosio-polities van aard. Standaard Swahili sou net so wel heel anders kon gelyk het, selfs in 'n Arabiese alfabet, en die bevolking sou daarmee waarskynlik net so tevrede gewees het.

'n Interessante besluit is deur die Tanzaniese regering in 1967 geneem op die gebied van taalbeplanning. Swahili wat toe reeds die nasionale taal van die land was, het ook die amptelike taal van die land geword. Om te verhoed dat Swahili ouers hul kinders na Engels-medium skole stuur, is volgens Fasold (1984:271) 'n wet uitgevaardig wat dit verbied het. Dit was alleen op primêre skole van toepassing, waar Engels as vak wel geneem kon word, maar Engels nie die medium van onderrig kon wees nie. Die behoeftte bestaan om Swahili ook in sekondêre skole as medium van onderrig te gebruik, maar kortwiek die gebrek aan lektuur in Swahili hierdie behoeftte.

Opmerking

Wat Swahili interessant maak, is die feit dat daar op 'n enkele dialek besluit is, en alle ander variëteite hierop moes inskakel. Ewegoed kon die taalbeplanners 'n heel ander dialek gebruik het as model, en die Swahili's sou daarmee waarskynlik ewe tevrede gewees het. Of die Afrikaner Standaardnederlands sou moes leer, of Standaardafrikaans, iets sou hy moes leer. Die een sou hom nie meer moeite gekos het as die ander nie, maar met Nederlands, sou hy veel meer kon doen, en veel ryker gewees het.

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat Afrikaans nie verder van Standaardnederlands awyk, as talle Nederlandse dialekte nie. Dit is ewe duidelik dat die Afrikaner nie die enigste was wat 'n nuwe taal vir sy nuwe vaderland wou skep nie, dit het in talle lande voorgekom. Dit is duidelik dat die Afrikaner aan die Kaap, in die assimilasieproses, nie in 'n unieke posisie gesit het, wat aanleiding sou moes gee tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal nie.

Uit die voorafgaande stukke kan heelwat vergelykings getref word tussen Afrikaans en ander tale. Nie net die Afrikaner was van sy stamland afgesny nie. Selfs Suid-Nederland wat aan Noord-Nederland grens, het psigologies gesien, ver uitmekaar gelê. In hierdie verband skryf Willemyns (1976:782) dat die intensiewe kontak tussen die twee dele van die Nederlandse taalgebied resent is. Hy noem dat die taalkontak gedurende sowat drie en 'n halwe eeue nouliks of nie bestaan het

nie, en dat dit vir die ontwikkeling van die moedertaal in Vlaandere nadelige gevolge gehad het.⁶² Wat geografies skeiding betref, wat aanleiding moes help gee tot die ontwikkeling van Afrikaans, was die Afrikaner nie in 'n unieke posisie nie.

Ook is dit duidelik dat die Vlaming, wat in dieselfde posisie as die Afrikaners gesit het, kans gesien het om die Nederlandse standaardtaal eie te maak. Veral die Wesvlaminge het dit die moeilikste verwerk, want hulle ou gevestigde kultuurtaal, moes hulle opgee ten gunste van 'n ander (Hollandse) kultuurtaal. Veral gesien teen die lig van die betreklike noue ooreenkoms tussen die geskrewe en gesproke ou Vlaamse taal (verwys Suffeleers 1979:64). Om van hierdie betreklike eenvormige taal, waar geen noemenswaardige kloof tussen die gesproke en geskrewe beeld was nie, te moes oorstap na 'n ander standaardtaal het veel gevra, en dus veel weerstand uitgelok. Daar was volgens J.F.J. Heremans egter geen ander uitweg as 'n onderwerping van die Wesvlaamse en Brabantse uitspraak aan hul Noordnederlandse suster nie (Suffeleers 1979:65). Die Afrikaner kon hom ook aan sy Noordnederlandse suster onderwerp het, maar hy wou nie, of kon nie.

Die Vlaamse en Quebekse bewegings was relatief tot die Afrikaanse beweging, suksesvol. Die Vlaming, Quebekker en Afrikaner het as arm arbeider 'n stryd moes voer teen 'n vreemde prestigetaal. Die Vlaming en Quebekker het die territoriteitsprinsiepe ingevoer, volgens die Switserse model, om 'n oorspoeling teen te werk, en hul tale binne 'n afgebakende gebied konstitusioneel te beskerm. Vlaandere en Quebek het die taalproblematiek hardhandig aangepak, en is dit met groot moeite deurgevoer, in aanwesigheid van 'n vurige passie vir die moedertaal. Die Afrikaner se stryd daarenteen was maar floutjies. Die Afrikaner het bloot na 'n tweetalige land gestreef waar die amptelike tale 'gelykberegtig' moes word, al het die Afrikaner in bepaalde gebiede 'n sterk meerderheid gevorm. Die Afrikaanse beweging het nooit 'n werkbare wal teen Engelse oorspoeling kon opwerp nie, met die gevolg dat die bedreiging altyd groeiend was.

'n Tweede rede vir die sukses van die Vlaamse en Quebekse bewegings, is die feit dat die taalstryd binnegegaan is met 'n reeds bestaande statustaaltal. Die Vlaming het die statustaaltal Frans, met die statustaaltal Nederlands aangevat. Die Quebekker het die Engelse statustaaltal aangevat met die Franse statustaaltal. Dit was sonder meer 'n wenresep. Die Afrikaner daarenteen het die taalstryd wel met die hoë statustaaltal Nederlands binnegegaan, waarmee hy wel sukses behaal het, maar na lae status Afrikaans oorgeskakel, op 'n tydstip waarop hy gemeen het, hy daarmee meer sukses mee sou behaal.

Nederlands was ongetwyfeld in Suid Afrika 'n statussimbool, en ook 'n handelstaal, wat op 'n paar plekke in die wêreld in gebruik was. Dit kon die Afrikaner handig te pas gekom het. Die Vlaming het die voordele van die gebruik van 'n statustaaltal besef, net soos wat die Quebekkers dit besef het. Die prentjie sou daar heel anders uitgesien het, indien die Vlaming Vlaams as kultuurtaal aangeneem het, en die Quebekker Quebeks. Dit sou veel meer inspanning gekos het om 'n prestigebeeld van hierdie volkstale te probeer uitbou het. Selfs vandag is die Vlaming nie op dieselfde welvaartsvlak as die Nederlander nie. Sy taal sou dan ook tot vandag toe nie die status

⁶²In hierdie verband skryf die Nederlandse outeur F.W. Hermans die volgende: "Door eeuwenlang gescheiden te zijn en maar zelden korte tijd verenigd, vertonen het in België geschreven Nederlands en de taal die daar te lande wel eens als Hollands wordt aangeduid, zo ongeveer dezelfde verschillen en overeenkomsten als twee dochters van een moeder, die in verschillende gezinnen zijn grootgebracht (Hermans 1979:114).

van Nederlands of Frans gehad het nie. Daarby het die Vlaminge en Quebekkers ongetwyfeld besef dat 'n eie taal, met net 'n paar miljoen sprekers, die wind van voor sou hê, maar dat 'n inskakeling by die bestaande standaardtale 'n redding inhoud. Sonder dat hulle dit vermeld het, het hulle geglo aan 'eendrag maak mag'.

Uit die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat Standaardafrikaans om ander redes ingevoer is, as wat algemeen geglo en aanvaar word in Suid-Afrika.

DIE AFRIKAANSE BEWEGING ONDER DIE LOEP

Die Vlaamse Partikularisme as Model vir die Afrikaanse Beweging

Die voorstanders van Afrikaans het die partikularistiese taalbeweging in Vlaandere as model beskou. Daar is dikwels uit die geestesgoedere van die Wesvlaminge aangehaal, en het die Afrikaner dit jammer gevind dat die Vlaminge nie ook 'n eie taal uit die grond kon stamp nie. So skryf Botha (1976:1): "Wat hulle kultuurtaalbehoeftes betref, is slegs twee van die drie Dietse volke selfversorgend: die Nederlanders en die Afrikaners; die Vlaminge nog nie." So 'n stelling duï op suur druiwe en is bowendien onvanpas. Die sou moes beteken dat sommige volkere wat 'n enkele kultuurtaal deel, soos Engels, Duits, Spaans, ensovoorts, ook nie 'selfversorgend' sou moes wees nie. Welke volkere? Botha het dit dan ook teen die feit dat weinig Vlaminge gedurende die sestiger en sewentigerjare Standaardnederlands as omgangstaal gebruik het. Hoe goed of hoe swak die Vlaming die standaardtaal beheers, is egter geen kwessie nie. Sommige groepe in die Afrikaanse taalgebied beheers Afrikaans op primitiewe wyse, maar hul kultuurtaal is en bly Afrikaans. Nietemin erken Botha (1976:13) in sy slotopmerking dat die Vlaminge Nederlands suksesvol oorneem: "Die Vlaamse gemeenskap begin in toenemende mate die vertikale stratifikasie van 'n tipiese Wes-Europese volk te vertoon, met aan die kruin 'n sterk ontwikkelende intellektuele en ekonomiese bolaag wat die volledige oorname, bewaring en nasionale verspreiding van die kultuurtaal waarborg."

Ook haal G.S. Preller in 1905 in sy betoog vir Afrikaans, vir Gezelle aan, en verwys uitvoerig na die Vlaamse Beweging: "Zolang de Vlamingen getracht hebben om Nederlands te schrijven....zolang bleef hun literatuur stijf en gemaakt; zodra zij hun eigen taal op schrift gingen stellen, kwam er leven en ziel in de taal, leverden zij tal van beroemd geworden schrijvers op...En hier bij ons moet 't net zo gaan" (Antonissen 1975:2106). Wat Preller alles as beroemd beskou is onduidelik. Ons skrywers sou werklik bekend (of dan nou beroemd) gewees het in Vlaandere en Nederland, indien hulle by die Nederlandse standaardtaal sou gehou het. Ons Afrikaanse skrywers is met uitsondering van een of twee, in Nederland en Vlaandere totaal onbekend.

Die 'Kunsmatige' en 'Onnatuurlike' Nederlands

Die hoofargument waarom Afrikaans standaardtaal moes word, was dat Afrikaans die spreektaal van die Afrikaner was, en dat Nederlands dus kunsmatig aangeleer sou moes word. Dit is as onnatuurlik beskou, want 'n mens praat nie een taal en skryf 'n ander nie. Tog was daar in Suid-Afrika nie 'n eenvormige spreektaal gewees nie, en was die Afrikaners met wisselende sukses besig om die Nederlandse standaardtaal oor te neem. Dit blyk uit die woorde van Davids (1994:50) dat die momentum waarteen die Afrikaner Nederlands oorgeneem het, selfs na die invoering van die Afrikaanse kultuurtaal nie onmiddellik tot stilstand gedwing kon word nie: "Standard Afrikaans has become so Dutchified that for many Cape Muslim Afrikaans speakers, it is virtually a foreign language." Hierdie proses was sedert 1652 voortdurend algemeen aanvaarde praktyk, 'n proses wat hom ook in Nederland en Vlaandere op dieselfde tydstip afgespeel het. So meen Kloeké (1950:335) ook dat die 18de eeuse verhollandsingsproses in Suid-Afrika op dieselfde wyse plaasgevind het, as met die verhollandsing van die Noordoostelike en Oostelike dele van Nederland.

Dit wat ons vandag Standaardafrikaans noem, stam uit Oosgrensafrkaans. Die voorstanders van Afrikaans as standaardtaal, het nie 'n oplossing gebied nie. Die 'onnatuurlike' situasie wou hulle in

die ban doen deur die spreektaal ook skryftaal te maak. Die sprekers van die ander variëteite (tans Kaapse Afrikaans en Oranjerivieraafrikaans, en vroeër was daar nog meer variëteite) sou nie opgelos word nie en sit hulle tot vandag toe steeds met die 'onnatuurlikheid' dat hul spreektaal nie hul skryftaal is nie. Hulle 'taalprobleem' is dus nie opgelos nie! Waarom sou net die Oosgrensafrikaners 'n taalprobleem gehad het en die sprekers van die ander variëteite nie?

Die 'kunsmatigheid' is gewoon oordryf. Nederlands kon nie 'n kunsmatige taal gewees het nie, hy was vir 95% of meer Afrikaans. Die orige 5% 'kunsmatigheid' wat dus aangeleer moes word, is normaal vir elke dialekspreker, selfs die huidige sprekers van Kaapse-Afrikaans en Oranjerivieraafrikaans moet in Standaardafrikaans 'n bepaalde persentasie kunsmatigheid aanleer. In elk geval het die Franse Hugenote Nederlands ('n geheel ander taal) aan die Kaap 'kunsmatig' aangeleer, met sukses, soos ook alle ander immigrante en die inheemse bevolking dit gedoen het. Die Afrikaner het veral gedurende die vorige eeu, maar ook vroeg hierdie eeu, en selfs vandag nog Engels 'kunsmatig' aangeleer, en gebruik hy hierdie 'kunsmatig' aangeleerde taal besonder goed as moedertaal - by taalverskuiwing na Engels. Die argument dat die 'kunsmatige' aanleer van Nederlands nie suksesvol kon wees nie, gaan nie op nie.

Alle kultuurtale word kunsmatig aangeleer. In hierdie verband skryf Ponelis (1992:76): "'n Kultuurvariëteit moet immers veral deur middel van die skool aan alle Afrikaanssprekendes en nie-Afrikaanssprekendes oorgedra word. Niemand verwerf hierdie variëteit in die eerste plek tuis nie." Net soos wat Standaardafrikaans deur talle Afrikaners 'kunsmatig' aangeleer is op skool, so kon Standaardafrikaans ewe goed Standaardnederlands gewees het. Die keurig versorgde Nederlands wat 'n mens daagliks in Vlaandere hoor, is nie by moeder geleer nie, maar op skool.

Die Kloof tussen Spreek- en Skryftaal.

Aan die Afrikaner is voorgehou dat sy nuwe taal, 'n mengsel was van 'n hele aantal tale. Die menggedigte moes duidelik die kloof tussen omgangstaal (Afrikaans) en skryftaal (Nederlands) vergestalt. Wanneer 'n mens egter vandag 'n Afrikaanse koerant of 'n boek op enige bepaalde plek sou oopmaak, en begin lees, neem dit 'n hele tyd voordat mens 'n nie-Nederlandse woord vind, uitgesonderd die woord *baie*. Wanneer mens vandag, veral 'n Nederlandstalige koerant begin lees, kom jy heel gou op 'n nie-Nederlandse woord af. Dat Afrikaans die groot vermenging was, is ongegrond. In hierdie verband skryf Bosman (1962:70): "Ek kan gerus en seker beweer dat alle vreemde woorde tesaam in Afrikaans geen 1% van die Afrikaanse woordeskat bedra nie - Engelse ontleninge uit die laaste tyd uitgesluit. Kan op grond van sy woordeskat Afrikaans 'n mengtaal genoem word?"

Oor die sogenaamde kloof wat daar tussen die Afrikaner se omgangstaal en geskrewe taal ontstaan het is heelwat geskryf. Nienaber & Nienaber (1970:20) skryf dat Hollands onder die boerende bevolking in die loop van die agtiende eeu sover afgewyk het van die vorm wat in Nederland in gebruik was, dat dit skerp begin opval het. De Villiers (1961:11) skryf dat die grensboere vanaf 1750 nie meer Nederlands kon skryf nie, al wou hulle. Nienaber & Nienaber (1970:13) en ook Nienaber (1959:39) skryf dat alhoewel die Afrikaners teen die einde van die negentiende eeu Nederlands nie meer met gemak kon praat of skryf nie, hulle Nederlands steeds aanvaar het as hul moedertaal. Die *Cape Argus* van 19 September 1857 het ook gemeen dat Nederlands soos dit in Holland gepraat is, toe aan die Kaap feitlik 'n onbekende taal geword het

(Zietsman 1992:4). Zietsman skryf dat daar aan die begin van die huidige eeu Afrikaners was wat skaam was vir hul eie taal en eerder Engels in die Parlement gepraat het. Hierdie Afrikaners skryf hy, was klaarblyklik 'n groep "wat nie meer vloeiend in Hollands was nie" (Zietsman 1992:85). Verder skryf Zietsman (1992:92) van die Afrikaner gedurende die begin van die twintigste eeu: "Die meeste Afrikaners het die sogenaamde Hooghollands nie meer beheer nie, maar dit was nog hul tradisionele skryftaal, die taal van hul kerk en Bybel en toegangspoort tot 'n nie-Britse kultuurwêreld" (Zietsman 1992:92). Botha (1989:142) skryf dat die swakheid van Nederlands die feit was dat dit nie meer die spreektaal van die Afrikaner was nie. Ook Raidt (1989:97) skryf dat die omgangstaal aan die Kaap tussen 1740 en 1775 nie meer gelyk was aan die Europese Nederlands nie.

Verder skryf Zietsman (1992:96) dat die kloof tussen die Afrikaner se spreek- en skryftaal aan die begin van die huidige eeu nie meer oorbrug kon word nie: "Nederlands was nie meer die Afrikaner se taal nie en met Holland meer as 6 000 myl ver sou hy dit ook nooit weer kon word nie."⁶³ Ook Preller het in sy propagering vir Afrikaans as skryftaal, gemeen dat die Afrikaners nie meer Nederlands gepraat het nie, en dat dit vir hulle 'n dooie taal geword het, terwyl Afrikaans onuitroeibaar in die Afrikaner gewortel was, en waarmee die Afrikaners met die meeste krag uiting kon gee aan gewaarwordinge, innerlike gedagtes en diepste gevoelens (Zietsman 1992:97). Zietsman (1992:124) meen selfs die president van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger, "kon hom nie meer vlot in Hollands behelp nie." Verder skryf Pienaar (1943:233) dat "Hollands 'n boeketaal was wat sedert geslagte nie meer in die volksmond geleef het nie."

Bogemelde stellings duis daarop dat Nederlands in Suid-Afrika drasties begin afwyk het van Europese Nederlands, en dat daar 'n groot taalkloof ontstaan het. Duidelik word gesinspeel op die gedagte dat die Afrikaner eens Nederlands magtig was, en toe later sy vermoë om die taal te beheers kwyt geraak het. Die vraag wat dan verder verrys is, na welke Nederlands in Europa word verwys waarvan Afrikaanse Nederlands so drasties kon afwyk? Die Standaardtaal?

Die Situasie in Nederland en Vlaandere

Vanaf die sesde eeu word al minder in dialek geskryf ten gunste van die geskrewe standaardtaal, maar was daar gedurende die sewentiende en agtiende eeu in Nederland nog geen standaard spreektaal nie (De Vries e.a. 1994:89). Verder skryf De Vries e.a. (1994:89) dat hierdie geskrewe taal teen die agtiende eeu betreklik goed verstaanbaar was, en is begin om die geskrewe taal ook as gesproke taal veral vanaf die kansel, in redevoering en by amptelike geleenthede te gebruik. Dit was dus plegtige formele taal wat nooit in huislike kringe gebruik is nie. Oor die negentiende eeu skryf De Vries e.a. (1994:89): "De uitspraak van de gegoede stand uit de Hollandse steden had in de negentiende eeuw gemeenschappelijke kenmerken, maar van een algemeen gesproken Nederlands was nog geen sprake." Langsamerhand het 'n gesproke taal standaardtaal vorm begin aanneem. Dit het in Holland begin, na die res van Nederland versprei en

⁶³Ironies is dat die taal van Engeland, wat nog verder van Suid-Afrika verwyder is as Nederland, goeie kandidaat gestaan het om die spreektaal en kultuurtaal van die Afrikaner te word (trouens Engels staan vandag steeds goeie kandidaat).

daarna na Vlaandere versprei. Dieselfde natuurlike verspreiding van Nederlands het ook in Suid-Afrika vorm aangeneem, maar is na Uniewording in sy natuurlike evolusie versteur.⁶⁴

Waar in Nederland volgens H. Meert teen die einde van negentiende eeu reeds 'n vaste beskaafde omgangstaal bestaan het, was 'n dergelike omgangstaal in Vlaandere bloot 'n mite, en meer hy dat in Vlaandere 'n afskuwelike Nederlands gepraat is. Toe is oral in Vlaandere slegs dialek gepraat, en dat selfs die onderwysers nie eens die Nederlands wat hulle aan die kinders leer, behoorlik kon praat nie (Suffeleers 1979:68). Volgens De Vries e.a. (1994:89) was die negentiende eeu veral kenmerkend deur die kloof wat daar tussen die spreektaal en die geskrewe taal bestaan het. Moderne Nederlands het eers in die negentiende eeu sterk vorm aangeneem, wat gedurende die twintigste eeu afgerond is (De Vries e.a. 1994:99).

De Vries e.a. (1994:103) skryf dat die kloof tussen spreek en skryftaal nooit hinderlik was solank daar 'n bowengewestelike eenheidstaal was nie: 'n Eie dialek as spreektaal, maar Standaardnederlands as skryftaal. Die kloof het eers hinderlik begin word toe die gesproke standaard wat in die Hollandse stede begin vorm aanneem het, na die res van die Nederlandse taalgebied begin versprei het. Sedert die tweede helfte van die negentiende eeu, het volgens De Vries e.a. (1994:103), twee bewegings op gang gekom wat die gang van moderne Nederlands help bepaal het. In die eerste plek brei die groep wat algemene versorgde Hollands gepraat het, met sy norme vir uitspraak, woordeskatalogus, woordvorm en sinsbou, vinnig uit. Hierdie taal het die meeste prestige besit en was uitstekend geskik vir die onderwys. "Wie leerde lezen en schrijven, leerde die algemene verzorgde taal, en bijna iedereen leerde lezen en schrijven" (De Vries e.a. 1994:103). In die tweede plek het die skryftaal self van karakter begin verander, en dus ook die daarvan aangeleide formele spreektaal wat op skool aangeleer is. Die geskrewe taal begin hom dus op die gesproke taal rig. De Vries e.a. (1994:104) skryf dat as gevolg van die twee strominge die kloof tussen die geskrewe en gesproke taal teen die einde van die negentiende eeu, heelwat smaller geword het.

Vandag word in Vlaandere en Nederland steeds oorwegend dialek gepraat. Dit is alleen die Randstadomgewing in Nederland wat dialekvry is (De Vries e.a. 1994:171). Daan (1993:8) skryf dat 'n homogene Nederlands nog nooit bestaan het nie. Die talle beweringe van Afrikaanse taalkundiges dat Nederlands in Suid-Afrika sterk van Europese Nederlands begin afwyk het, is dus 'n vreemde stelling. By Europese Nederlands word uiteraard Standaardnederlands bedoel. Die Suid-Afrikaanse toestand was egter op Vlaandere en Nederland geen uitsondering nie. Die taal wat talle Nederlanders en die meeste Vlaminge vandag in formele situasies praat, is nie hul 'moedertaal' nie, maar 'n taal wat op skool aangeleer is. Dialek in die informele situasies en die standaardtaal (of wat daarvoor aangesien word) in die formele situasies.

Suid-Afrika was geen uitsondering op Vlaandere en Nederland nie. Die omgangstaal (omgangstale) van die Afrikaner het nie eers in die agtiende eeu skerp begin afwyk van Standaardnederlands nie, dit het al in 1652 afgewyk. Dialeksprekers het na Suid-Afrika gekom, nie standaardtaalsprekers (wat toe hul taal verloor het) nie. Stellings soos dat Nederlands (Standaardnederlands) al vir 'n paar geslagte lank, nie meer in die Afrikanervolksmond geleef het

⁶⁴ Pienaar (1943:331) skryf datveral Stellenbosse studente "hulle in die eerste Uniejare kragtig beywer het vir die handhawing van Hollands ingevolge Artikel 137 van die Uniegrondwet."

nie, is gewoon vals, want dit het nog nooit in die algemene volksmond geleef nie, nie voor 1652 nie en ook nie daarna nie. Wel het in Suid-Afrika nuwe Nederlandse dialektes verry, en was ons omgangstaal-kultuurtaalverhouding nie anders dan in Vlaandere en Nederland nie. In Nederland was die standaardtaal voor die negentiende eeu vernaamlik skryftaal, en die aantal mense wat die standaardtaal as omgangstaal kon beheers, was uiters gering (Van der Plank 1985:100). Verder het Kloek gedurende 1930 bereken dat in Nederland maar ongeveer 3% van die bevolking die standaardtaal as omgangstaal behoorlik beheers (De Vries e.a. 1994:131). Willemyns (1971:7) het gedurende die sestigerjare geskryf dat nog nie 3% van die Vlaminge die Nederlandse standaardtaal as omgangstaal gebruik nie. Daar moet egter onthou word dat sedert die dertigerjare, en veral na die tweede wêreldoorlog, heelwat water die see in is, en dat die toestand vandag drasties verbeter het.⁶⁵ Veral die radio en televisie het 'n enorme bydrae gelewer in die verspreiding van die standaardtaal. Standaardnederlands wen vandag vinnig veld in Vlaandere, en die kwaliteit en suiwerheid daarvan verbeter daagliks. Feit is dat Nederland, Vlaandere en Suid-Afrika wat die gebruik van die standaardtaal teenoor die dialektes betref, op mekaar geen uitsondering was nie.

Selfs die huidige Standaardafrikaans wyk nie verder af van Standaardnederlands, as talle van die Nederlandse dialektes nie. Die feit dat Afrikaners in hul taalgebruik 'foute' gemaak het, het alles met 'n gebrek aan opvoeding te make. Afrikaners wat op 'n bepaalde tydstip 'nie meer Hollands kon skryf nie, al wou hulle' (volgens De Villiers 1961:11), kon in geen taal skryf nie, al wou hulle, want hulle was ongeskoold. Die bietjie wat Engels op skool geleer het, het dan ook daarin geskryf, en die bietjie wat Nederlands geleer het, het daarin geskryf. Die Afrikaner was tot aan die einde van die 19de eeu 'n mens van die veld. Boekgeleerdheid was wel belangrik, maar nie die hoogste prioriteit nie. Baie Afrikaners was tevreden met hul akademiese opleiding indien hulle ten minste die Bybel kon lees en hul naam kon skryf. Geen laaggeskoolde is meester van sy taal nie.

Laaggeskoolde Nederlandstaliges skryf selfs vandag nog in Vlaandere en Nederland 'n taal wat volgens sommige Afrikaanse taalkundiges nie Nederlands kan wees nie, omdat hulle gewoon hul spreektaal op skrif sit. Die toestand verbeter egter jaar na jaar en die dialek verloor al hoe meer veld, ten gunste van 'n regionaal gekleurde Nederlands "waarin nog heel wat gallicismen, archaïsme en eigenaardige bedenksels voorkomen", of die Nederlandse standaardtaal (Goossens in Botha 1976:12).

Die klem op die taalverskil

Die voorstanders van Afrikaans as standaardtaal het letterlik op jag gegaan na taalfoute van laaggeskoolde Afrikaners uit die geskiedenis, waarmee hulle wou aandui dat 'Afrikaans' lankal 'ontstaan' het, en is die taalafwykings as rede genoeg beskou waarom 'n nuwe kultuurtaal die lig moes sien. Waar sommige van ons voorouers goeie Standaardnederlands gebruik het, is hiervoor oë toegemaak. Van der Merwe (1968) skryf dat hy in sy 'navorsing' alle goed gebruikte Nederlands uit die verlede, links laat lê het en hom toegespits op die gevallen waar afwykende Nederlands (dus van ongeskooldes) gebruik is. Die dagboek van die voortrekkerleier Trigardt, wie

⁶⁵Ek was die afgelope vier jaar by talle Vlaminge aan huis, van die Ooste tot die Weste van die land, en dit het my altyd opgeval dat ek moeite gehad het om die ouer generasie te verstaan. Middeljariges is veel makliker verstaanbaar, maar die jeug is ten volle verstaanbaar, omdat hulle digterby die standaardtaal kom as hul voorgeslagte, al woon al drie hierdie generasies in één huis - 'n duidelike evolusie in die rigting van die standaardtaal, geslag na geslag. Ons radio staan heeldag aan, en is dit opvallend dat by inbelprogramme, 'n mens moeite het om ouer mense te begryp, terwyl die jeug 'n klokheldere verstaanbare taal besig.

nooit formele onderwys geniet het nie, het heelwat aandag van taalnavorsers geniet. Erasmus Smit wat ook in die trek was, en versorgde Nederlands gebruik het in sy dagboek, het geen aandag van taalnavorsers getrek nie. Volgens, Ryan e.a.(1982:3) speel historiese agtergrond 'n belangrike rol by taalstandaardisering. Hier word klem gelê op die erkenning en gebruik van die variëteit deur die voorgeslagte. Daar word na geskrewe tekste uit die verlede verwys as aanduiding van die vroeë gebruik van die variëteit. Hierdie 'bewys' van afwykings in die taalgebruik uit die verlede word gepropageer as rede waarom 'n nuwe taalstaard ingevoer moet word. In hierdie verband skryf Van der Plank (1971:128) dat in Europa selfs middeleeuse handskrifte 'ontdek' is - wat later geblyk het vervalsings te wees - wat die bestaan van 'n eie taal moes help bewys, of moes mee help aan die "glorifiëring van het nationale verleden en de erkenning van het bestaan van een traditie."

Le Roux (1965:349) neem die volgende brief van Trigardt aan die Portugese owerheid in Delagoabaai, om aan te toon dat die taal eerder Afrikaans as Nederlands was, en skryf hy dat selfs 'n Nederlander sal toegee dat dit nie Nederlands is nie:

"Souijt Pans Bergh, den 7 den Maart 1837.

Aan de WelEd. Heeren en Vrienden tot Relegoa of Delgoa Baaij.

WelE. Heeren en Vrienden,-

Met de beste respeck neemt wij de vrijheid UwEd. te invormeerden dat in de maand Julij 1.1. agt huishoudende menschen van ons getrokken ben met oogmerk reg na Uwe vooroemde Baaij, om aldaar met UwEd. guns te handelen. Nu verstaan hebbende door de Knopneusen aan de Groote Rivier, dat de menschen alle vermoord ben - negen en veertig sielen behalven diensbodens, die wij niet weet op te noemen, door een natie die zij Blootkaffers noemt - en nu groot gevaar ziet bij UwEd. te komen handelen met UwEd. gunste, is bij deze, als wij mag, onse ootmoedige versoek, ons met UwEd. raad te begunstigen hoedanig ons te gedragen bij UwEd. te komen.

Wij ben met zeven huishoudings en zeven en veertig sielen, en niet meer als negen weerbare schuts. En daar wij groot gebrek lij aan negosie goederen en amenietie ons tegen zulke aanslagen te verdedigen, versoek wij gunstiglyk ons met een brief te melden of wij voor produk mag bringen slag osse, kouiken, hamels, olivants tanden, wol, beeste en wilt huyten. De volk van de captijn Sakana, aan de Groote Rievier, beloof de antwoord aan ons te bezorgen.

Ik ben UwEd. onbekende vriend en dw. dienaar.

L. Tregardt.

Geboren in de Colonie de Kaap de Goede Hoop, in Zuit Affrica."

Van iemand wat sy naam en die naam van die land waarin hy woon nie kan spel nie, moet 'n mens seker nie eersteklas taalgebruik verwag nie. Hierdie taal van Trigardt was niks anders as Nederlands nie. Die 'taalfoute' was gewoon normaal vir 'n persoon wat weinig skoling geniet het. Trigardt het in die veld grootgeword waar hy min in aanraking kon gekom het met Nederlandssprekende amptenare, en het hy verder geen formele onderwys ontvang nie, maar moontlik elementêre onderrig van 'n rondtrekkende meester (Smuts ongedateerd:1).

Afrikaanse taalkundiges het talle 'bewyse' gevind vir die ontstaan van Afrikaans. In die verband skryf Scholtz (1980:43) dat 'n jong Kapenaar in 1775 in Amsterdam gespot is omdat hy Nederlands 'krom' gebruik. Vir Scholtz is dit 'n bewys dat 'n taal gebruik is aan die Kaap wat van Nederlands afwyk. Die ironie is egter dat selfs vandag alle dialeksprekers in Vlaandere en Nederland, Nederlands 'krom' praat, en dit dui nie op die koms van nuwe tale nie.

Venter (1959:16) dui selfs met die volgende sin uit *Die Kaapse taalargief*, aan hoe daar gedurende 1776 gepoog is om Nederlands te skryf, maar dat die poging volgens hom 'eintlik Afrikaans' was: "(E)n als dat soo gaan dan sal weij genoot saak weese om weer weg te trekke van die sneeuw berg af want Jacob Noude trek weer weg na die roggeveld van weegens dat die boesemans soo plaagt." Hierdie Nederlands dui egter eerder op ongeskooldheid, as iets anders, wat onder die omstandighede te verwagte is.

Pienaar (1943:253) skryf dat Preller, by geleentheid van 'n Sinodesitting in Pretoria (vroeg hierdie eeu), 'n tiental preke uit die mond van verskillende predikante in snelskrif laat afneem het, en tot die konklusie gekom het, dat die resultaat geen Nederlands was nie. Preller sou, indien hy sy studie ook in Vlaandere en Nederland uitgevoer het, tot presies dieselfde konklusie gekom het. Selfs teen die sewentigerjare sou Preller in Vlaandere en Nederland dieselfde resultate behaal het as wat hy in Suid-Afrika verkry het.

Die talle 'bewyse' wat in Suid-Afrika gevind is, en wat moes dui op 'n taalkloof, was gewoon normaal, soos dit in alle lande voorkom. Die gevonde 'bewyse' het verder ook gedui op die vorming van nuwe Nederlandse omgangsvariëteite op Afrikaanse bodem, wat trouens normaal is, gesien die afstand in ruimte tussen Suid-Afrika en Europa, 'n verskynsel wat hom in **alle** Nuwe Wêreldlande afgespeel het.

Die Taalkloof

Dit is uit die behandelde gedeelte duidelik dat daar in die Nederlandse taalgebied 'n taalkloofprobleem tussen die spreek- en skryftaal was. Hierdie fenomeen was nie tot Vlaandere, Nederland en Suid-Afrika beperk nie. In hierdie verband skryf Van der Horst (1979:27) dat die opkoms van die spreektaal, 'n internasionale tendens was teen die einde van die negentiende eeu, veral rond 1870. Daar is toe, in toenemende mate begin om die skryftaal op die agtergrond te druk. Hy skryf: "Als de schrijftaal niet langer het voorbeeld is voor het spreken, maar de rollen omgedraaid worden en het spreken model komt te staan voor het schrijven, dan heeft dat consequenties voor de spelling. Het wordt vanzelfsprekend de spelling in te richten naar de spraak. En inderdaad gaan juist na 1870 stemmen op die pleiten voor spellinghervorming in de richting van de uitspraak" (Van der Horst 1979:28). Dit het dan ook volgens Van der Horst gepaard gegaan met 'n aantal ander ontwikkelinge op die gebied van kommunikasie. Edison vind die fonograaf uit, 'n apparaat waarmee geluid vasgelê kon word. Die telefoon word deur Bell in 1876 uitgevind. Die mikrofoon in 1877 en 1878 deur Edison en Hughes, en die tikmasjien herontdek sedert 1870. Hierdie nuwe houding rond spelling was nie net tot Nederland, onder leiding van J.P.N Land (1870) en R.A. Kollewijn (1891) beperk nie, maar ook in Engeland onder aanvoering van Sweet, Ellis en D.P. Fry sedert 1876. Die British Spelling Reform Association dateer 1879, en in die V.S.A. is die American Spelling Reform Association in 1876 opgerig. In Duitsland kom Karl

Hoffman (1875), W. Fricke (1877) en Von Raumer (1876) op vir spellinghervorming, en in Frankryk was dit Ch. Lebaigne (1889). Dan is die Société de réforme orthographique ook gestig gedurende 1887 (Van der Horst 1979:28). En in Suid-Afrika pleit die GRA vir 'n spel- en taalhervorming in 1875.

Vir hierdie spelhervormers het dit nie bloot net om 'n spelhervorming gegaan nie. Dit het gegaan om die gebruik van die gesproke taal, in geskrewe vorm (Van der Horst 1979:28). Die gevolg hiervan in Suid-Afrika is bekend: Die hervorming is deurgevoer. In die ander lande het dit veel moeiliker gegaan. Die elite het steeds sterk weerstand gebied, en alhoewel die kloof tussen spreektaal en geskrewe taal drasties vernou het, het dit nie beteken dat elke dialek nou sy eie koers ingeslaan het nie. Dit het gewoon ingehou dat die standaardtaal nou soepeler aangewend kon word, as vantevore, maar dat steeds beweeg is in die rigting van 'n eenheidstaal binne die hele taalgebied. Dit het ook nie ingehou dat die spelling daar en dan vereenvoudig is nie, daarvoor was die elite nie te vinde nie. Eers gedurende die middel van die twintigste eeu was die kloof tussen omgangstaal en skryftaal drasties vernou (Van Loey 1945:37). Spelhervorming het egter veel langsamer plaasgevind as waarop talle spelhervormers gehoop het. In Suid-Afrika was die elite, egter te klein, in getal, om die hervormingspoging teen te hou. Feit is egter dat die voorstanders van die Afrikaanse taalgedagte voorgegee het, dat slegs in Suid-Afrika daar 'n kloof tussen die spreek- en skryftaal bestaan het. Hierdie toestand is aan die Afrikaner voorgehou as 'n 'abnormale' situasie, wat slegs reggestel sou kon word deur 'n nuwe taalstandaard.

'n Kloof tussen spreektaal en skryftaal is nie ongewoon nie, intendeel, dit is normaal. Selfs die groot taalpartikularis Gezelle, wat sy hele lewe lank geveg het vir 'Vlaams', het 'n kloof tussen gesproke en geskrewe taal gesien. Hy skryf: "Natuurlijk zal een Vlaming geen ruw en ongezuiverd Vlaamsch gaan schrijven, zoo als hij 't op straat hoort; even zo min zou hij met ongemeulend kooren durven naar de mart gaan, zoo schrijft hij niet: 'ten è chee waa', maar 't en is geen waar'; ("⁶⁶) niet 'mettak weg was kwaempi', maar 'met dat ik weg was kwam hij'..." (Van der Plas 1990:361).

Dat Afrikaans vroeg hierdie eeu 'n eenvormige taal was, soos ons dit min of meer vandag ken, en dat dit net bloot op skrif moes kom, is 'n wanpersepsie. Dit blyk duidelik uit die verkreë tekste, van sowel uit die vorige eeu, as tot vroeg hierdie eeu. Raidt (1992) het in haar studie van meer as 500 tekste uit Suid Afrikaanse koerante, gedurende die periode tussen 1860 en 1875 gevind dat Afrikaans in die prestandaardiseringsfase inderdaad 'n enorme taalverskeidenheid getoon het: "Dit wemel van linguistiese variëteite, en hulle is meestal oor die hele taalgebied verbreed. Besonder opvallend is die groot aantal relikte uit Nederlandse dialekste, veral op fonologiese gebied. Dit is verbasend hoe sterk en hoe lank hierdie dialekvorme hulle hier kon handhaaf. 'n Uiters vitale substraat van oorgeërfde dialekrelakte het klaarblyklik in die spreektaal van die Unterschicht bly voortbestaan. En al vind 'n mens hier en daar kreolismes, is hulle na verhouding minimaal in vergelyking met die massa dialekvorme, veral op fonologiese en leksikale vlak. Ook die taai voortleef van so veel idiomatiese uitdrukkings sluit by die ononderbroke oordrag van dialektiese Kaaps-Nederlands aan. Die kwantiteit en kwaliteit van hierdie niestandaardvorme kom byna as 'n soort verrassing na vore. Die vinnige verdwyning van talle van hierdie dialek- en /of

⁶⁶Die woord *en* is geen voegwoord, maar 'n negasie partikel. In Afrikaans dus: *dit is nie waar nie*.

streektaalverskynsels met die komste van standaardisering wys op die uitskakelingseffek wat taalnorme t.o.v. variëteite uitoefen" (Raidt 1992:254).

Wanneer 'n mens die uitgawes van *Patriot* lees wat gedurende die eerste lewensjaar van die blad verskyn het, naamlik 1876, dan blyk dit dat elke briefskrywer se taal uniek was, en dat elkeen ook 'n taal gebruik het wat weer van die Patriottaal verskil het. Van 'n eenvormige skryftaal (dus ook spreektaal) was daar soos blyk uit hierdie Patriotartikels en briewe, ook geen sprake nie. Die Afrikaner moes hom of haar mettertyd aanpas aan 'n standaardtaal, of die standaardtaal Afrikaans of Nederlands was, sou dus geen verskil gemaak het nie. Dit veral teen die agtergrond van die stelling van De Villiers (1936:85) dat die Afrikaners (hoe die groep dan ook gelyk het) teen die einde van die vorige eeu werklik 'n taal gepraat wat as tussen Afrikaans en Nederlands bestempel kan word.

Verder duï die 'Afrikaanse' briewe en artikels wat gedurende die vorige eeu en vroeg die eeu in die koerante verskyn het, nie op die 'totstandkoming' van Afrikaans nie. Dit was ook in Vlaandere en Nederland gebruiklik om dialek in nuusblaie te gebruik. Die gebruik van dialek in die Vlaamse pers het eers gedurende dié eeu begin verdwyn met die opkoms van 'n behoorlike moderne perswese (De Vooys 1931:180); dus gedurende 'n tydperk toe die reeds gevestigde Nederlandstalige pers in Suid-Afrika al daaraan begin dink het om die volkstaal in die plek van Nederlands te begin gebruik. Tot vandaag is die intieme skryftaal van die laaggeskoonde Vlaming nie dialekvry nie. Hermans (1979:94) skryf: "Zij hielden hun taal in stand, door haar niet alleen als dialect te spreken, maar er ook in te schrijven."

Sou Afrikaans in Suid Afrika dan so 'anders' ontwikkel het, dat Nederlands werklik 'n 'vreemde taal' geword het? Die koerante was, gedurende die vorige eeu en aan die begin van die huidige eeu in Nederlands gedruk en so ook die Bybel en gesangeboek. Indien die taal 'onverstaanbaar' was, sou niemand 'n koerant, 'n tydskrif, of 'n boek kon koop nie. Verder was Nederlands die gebruikstaal in die kerk, en ook was dit die onderwystaal van die Afrikaner. Dit was die algemene aanvaarde kultuurtaal. Die Afrikaner verstaan selfs vandaag Nederlands,⁶⁷ sonder om ooit skoling daarin te deurloop het, en ons voorgeslagte het dit veel beter as ons verstaan.

Duidelik is egter dat Afrikaans nie tot stand gekom het weens die kloof tussen die spreektaal en skryftaal nie, alles duï daarop dat die twee variëteite eerder sinonieme was.

Die Sinonimiteit van Afrikaans en Nederlands

Die voorstanders van Afrikaans het graag klem gelê het op die verskille tussen die 'Afrikaans' en Nederlands, maar van die sinonimiteit van die twee variëteite kon hulle nie wegkom nie. By die behandeling van Nederlands in Suid-Afrika, het ek duidelik aangetoon, dat die Nederlandse en Afrikaanse standaardtale amptelik as sinonieme beskou is tussen die periode 1910 en 1983. As Afrikaans en Nederlands twee afsonderlike tale was, dan beteken dit dat Suid Afrika sedert 1925,⁶⁸ tot en met 1983, drie amptelike tale gehad het, wat die bedoeling nie was nie. Die feit dat hierdie amptelike sinonimiteit bestaan het, is veelseggend. Hierdie sinonimiteit bestaan vandaag nie,

⁶⁷na 'n blootstellingsperiode van ongeveer twee weke.

⁶⁸terugwerkend tot 1910.

en het dit meer met taalwil en politiek te doen, as met die taal self. As die sinonimiteit toe kon bestaan het, kan dit vandag steeds bestaan.

Kloeke (1950:280) skryf die volgende na aanleiding van sy studies oor Afrikaans: "Uit alles blijkt dat het Hollands aan de Kaap, ondanks die vreemde overmacht zich krachtig - men kan zeggen: met een zekere intolerantie - handhaafde. Al heeft die oude spreektaal in de meer en meer ongelijk wordende strijd menige veer moeten laten, het overwegend Hollands karakter is gehandhaafd tot op de huidige dag." Verder skryf hy "dat het Afrikaans in sommige opzichten zelfs 'Hollandser' is dan onze huidige Hollandse omgangstaal" (Kloeke 1950:280). Geerts (1992:72) skryf ook dat Afrikaans 'n pragtige en suiwer vorm is van Nederlands. Le Roux (1921:3) skryf "dat het Afrikaans in die kern dezelfde taal is als 't Nederlands, waaruit 't sedert die zeventiende eeuw gesproten is."

Of ons nou Vlaams, Nederlands, Surinaams of Afrikaans praat, ons hoort in een en dieselfde stal. Afrikaans is en hoort by Nederlands, soos duidelik uit die gedagtegoed van W.J. Viljoen blyk gedurende 'n toespraak op 19 Oktober 1905 te Wellington. Toe het Viljoen gesê dat Hooghollands, Vereenvoudigde Hollands en Afrikaans eintlik maar verskillende fases van dieselfde voorwerp is, of verskillende name vir dieselfde saak (Zietsman 1992:101). Mansvelt skryf reeds gedurende 1890 van Afrikaans: "Deze taal nu, hoezeer ook in vele opzigten van de Nederlandsche schrijftaal afwijkende, is in haren zinsbouw, zoowel als woordenschat, suiwer Hollandsch" (De Villiers 1936:128). Van der Merwe (1970:92 & 1968:112) verwys selfs na Middelnederlands en 17de eeuse Nederlands as "ouer Afrikaans." Posthumus (1976:65) noem die taal van die Afrikaner wat dié gedurende 1652 gebesig het Afrikaans, en skryf hy verder: "Natuurlik is Middelnederlands en alle vroeë vorme van ons taalvoorgeslag ook Afrikaans." Ook Nienaber & Nienaber (1941:40) skryf: "Maar Nederlands is so na verwant aan ons taal dat dit in woordeskata prakties nagenoeg dieselfde taal is, asook in idioom."

Raidt (1989:98) skryf dat die Afrikaanse woordeskata vir meer as 95% van Nederlandse herkoms is, dat die kenmerke van die klankvorm van Afrikaanse woorde in die allermeeste gevalle die voortsetting van die Nederlandse dialekforme is, en dat die Afrikaanse sinsbou geen afwykings van die Nederlandse toon nie. As Afrikaans uit so 'n groot stuk Nederlands bestaan, is dit onmoontlik dat hy 'n ander taal kan wil wees, al wil hy. As Afrikaans en Nederlands in woordeskata en idioom nagenoeg dieselfde taal is, waarom is dit twee? Afrikaans en Nederlands is en bly immers vinkel en koljander, tot op die dag van vandag.

Dat Nederlands en Afrikaans vennote was in die stryd teen Engels, blyk duidelik uit die *Patriot* van 6 Mei 1880: "Net een ding, die Boerewinkels moet deur en deur Hollans of Afrikaans wees, nie Engels nie. Gen Engelse uithangborde nie: gen Engelse advertensies in Engelse koerante nie; gen Engelse boekhouers nie; gen Engelse rekenings nie; né, alles Hollans of Afrikaans. Net soos die Engelse winkels help om Engelse koerante, Engelse skole, en 'n Engelse samenlewing op die dorpe op te hou, so moet onse Boerewinkels omgekeerd werk om die Engelse element op die dorpe te belet om te heers" (Pienaar 1943:143). Hierdie vennootskap is nie deur taal verwoes nie, maar deur politiek. Die skade wat gely word, is egter op taalgebied.

J. Combrink het in 1987 op 'n FAK kongres gesê: "Mense wat dink dat dit met Afrikaans voor die wind gaan, leef in 'n gekkeparadys. Hulle moet net 'n uur in 'n afdelingswinkel gaan luister na die Afrikaans wat gepraat word....Die skrif is aan die muur. Afrikaans is in 'n vrotter toestand as vyftig jaar gelede" (Steyn 1980:331). Praat ons nog Afrikaans? Het die kloof tussen die omgangstaal en die geskrewe taal nie al weer so ver uitmekaar beweeg dat ons nou weer by dieselfde situasie as 'n eeu gelede staan nie? Praat ons nie veel eerder Angels en skryf Afrikaans nie? Indien die antwoord ja is,⁶⁹ is die vraag dan of ons werklik iets gebaat het by die invoering van 'n ander taalstandaard. Ons kon gewoon gehou het by die standaardtaal wat ons gehad het! Het ons maar gehou by dit wat ons gehad het, sou Engels nie die enigste absolute model vir Afrikaans geword het nie, en sou Europese Nederlands vandag 'n belangrike taalmodelrol kon gespeel het.

Die bestaan van 'n taalkloof tussen die omgangstaal en die kultuurtaal, is aan die Afrikaner voorgehou as 'n onhoudbare toestand (Pienaar 1943:253). Onhoudbaar sou dan houbaar word deur die standaardisering van Afrikaans, want dit sou taalfoute beperk. In Vlaandere en Nederland hoef 'n mens nie in die uithoek van die taalgebied na taalfout te loop soek nie, jy kan gewoon die televisie aanskakel, om te hoor dat 'n onhoudbare toestand in Suid-Afrika gedurende die begin van die eeu, in 1995 in Vlaandere en Nederland houbaar is. Talle 'taalfoute' word selfs in joernaalprogramme en die nuus gemaak (wat seker as Afrikaans beskou kan word), soos: die *d* of *t* in die auslaut van die voltooide deelwoord: *ze hebben veel geleerd* (*ze hebben veel geleerd*), *de dieren zijn verkool* (*de dieren zijn verkoold*); die *t* in die auslaut van die persoonsvorm, by die tweede en derde persoon enkelvoud: *hij kom morgen* (*hij komt morgen*); die infinitief word nie altyd gebruik nie: *kunt u morgen weer belt* (*kunt u morgen weer bellen*), *kan ik u help* (*kan ik u helpen*), *ze moeten klop* (*ze moeten kloppen*); werkwoordkongruensie klop nie altyd nie: *dat doe wij niet* (*dat doen wij niet*), *mijn moeder bent niet thuis* (*mijn moeder is niet thuis*); en ook genusfoute: *de kind* (*het kind*), *diese jaar* (*dit jaar*).

Nederlands te Moeilik?

Nog 'n irrasionele argument wat uit die lug gegryp was, was dat Nederlands te moeilik vir die Afrikaner was. Dit is louter onsin. Was die Afrikaners dan dom, vergeleke met die Vlaminge en Nederlanders? Die argument dat Nederlands moeilik was, en dat ons om hierdie rede 'n makliker taalstandaard moes invoer, stoel op onbegrip. Die moeilikheid met Nederlands word egter deur talle taalgeskiedskrywers aangehaal.

De Villiers (1936) meen dat die feit dat sommige Boere tydens die Anglo-Boereoorlog hul notules in Engels gehou het, daarop dui dat Nederlands 'te moeilik' vir hulle was. Die feit dat sommige Boere hul notules in Engels gehou het dui eerder daarop dat hulle slegs Engels op skool geleer

⁶⁹Die antwoord kan kwalik anders wees, soos uit die volgende Afrikaans blyk: "Van everywhere kry ek nog invitations om personal appearances te maak en fighters te help train. En elke jaar invite hulle my om by Sonderwater met hulle tournament te gaan ref. Daar fight hulle rough en tumble, amper soos in rugby" (Ponelis 1993:115). Of die volgende Afrikaans van die hoofkarakter uit 'n werk van Theunis Engelbrecht *Om 'n laaitie te maak*: "Dis vir my vreeslik way-out as twee karre met 'n helse spoed 'n smash van 'n crash strike en die windscreens so in duisend stukke breek en die lanies soos wurms by die wrakke uitpeul. Mind you, dat lanies so skielik so heeltemal boggerôl kan word, het my nog altyd getriger.

"Toe ons by die kerk inmarch het daar moerse sêd musiek gespeel. Dit was rêrigwaar out of this world daai musiek, want dit het my laat dink aan die nagte in die winter as die wind so deur die bome waai en al sulke crap" (aangehaal uit *Insig Mei* 1995:48).

het. Die taal wat 'n persoon op skool leer as vak, maar veral ook as medium van onderrig, is die taal wat hy ook skryf, omdat hy meer vertroud met die spelling en sinsgebruik van daardie taal is, al gebruik hy 'n ander taal as spreektaal.⁷⁰

Die argument dat Nederlands te moeilik was, moet gesien word as propaganda wat goed geval het op die ore van mense wat laaggeskoold was. Smith (1914:27) het gemeen dat 'maklike' Afrikaans beter sou vaar in kompetisie met Engels as 'moeilike' Nederlands. Ook die *Patriot* het hierdie mening gehuldig. Ook Pienaar (1943) het moeite gehad met 'moeilike' Nederlands. Hierdie gedagtegoed het ongetwyfeld indruk gemaak. Dis so goed om aan skoolkinders te vra of matriekwiskunde nie liefs 'makliker' gemaak moet word deur die matriekstandaard te vervang met die st 6 standaard nie: Daar sal weinig teenstemme wees. Wiskunde sal moontlik liefhebbers bykry, maar die vak se waarde, toepassingsmoontlikhede en prestige sal taan. Dieselfde kinkel sit in die taalkabel. Die vereenvoudiging van taal werk immers taalverarmend. As die moeilikhedsgraad van 'n taal soveel gewig gedra het, sou Franstalige Belge 'maklike' Nederlands met oorgawe bestudeer het; Duitstaliges sou eerder die reeds versoepelde Nederduits, hul kultuurtaal gemaak het as Hoogduits; en Fanakalô in Suid-Afrika moes gedy het, terwyl tans van dié maklike taal afgestap word, verby maklike Afrikaans na moeilike Engels - met sukses.

Ook meen S.J. du Toit in sy *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* van 1897 dat Afrikaans die stryd teen Nederlands sou wen: "In di stryd om di bestaan tussen tale win di maklikste taal dit altyd" (Louiser 1980:iii). Du Toit was dus van oordeel dat die maklike Afrikaans beter sou vaar teen Engels, as wat Nederlands dit sou doen, bloot omdat Afrikaans so maklik is, en selfs daarop gesinspeel dat as tussen maklike Afrikaans en Engels gekies moes word, die keuse op maklike Afrikaans sou val. Hy skryf: "Ons skryf nes ons praat, in Afrikaans. Mar fer di Engelse spelling is gen reels te gé nie; dit moet deur oefening geleer, of in 'n woordeboek opgesoek worde" (Loubser 198:06). Hierdie 'reëellose' en 'moeilike' Engels geniet vandag ongekende populariteit.

Dat die argument dat Nederlands moeilik was, nie klop nie, blyk duidelik uit die feit dat daar 'n algemene gesegde onder Afrikanerouers teen die eeuwending was, wat gelui het: "t Hollandsch komt vanself, leer Engels" (De Villiers 1936:178, 193). As Hollands so vanself sou kom, kon dit seer sekerlik nie 'n moeilike taal gewees het nie, wat dit inderdaad nie is nie. Die feit dat

⁷⁰Ek het dikwels by Engelstalige Suid-Afrikaners wat tans in Hulshout, Vlaandere, woon aan huis gekom. Hierdie egpaar het 'n drieling, in hulle vierde skooljaar (hul medium van onderrig was Nederlands vanaf die eerste skooljaar). Hulle het Suid-Afrika gedurende 1989 verlaat, 'n tyd in Engeland gewoon en daarna na Vlaandere verhuis. Hul huistaal is Engels. Hierdie kinders gebruik slegs Nederlands wanneer hulle skryf. Hulle spreektaal, Engels kan hulle nie op skrif hanteer nie, omdat hulle daar geen raad mee het nie. Selfs die briefies en verjaardagkaartjies aan hul ouers word in Nederlands geskryf. Nederlands is duidelik vir hierdie Engelstalige kinders nie so moeilik soos wat gemeen word dit vir sommige Boere was nie.

Gedurende 1994 woon ek 'n lesing by aan die Vrije Universiteit Brussel, as deel van 'n MBA program, met Engels as medium van onderrig. Langs my sit 'n student uit een van die Baltiese state, en ek merk dat die taal waarin sy haar aantekeninge afneem nogal vreemd voorkom. Toe ek haar daaroor uitvra, blyk dit dat sy in Russies skryf. Dit is die taal wat sy op skool geleer het. Haar moedertaal, haar spreektaal kan sy nie in geskrewe vorm hanteer nie. Een van my medestudente het bepaalde aspekte van 'n Limburgse dialek as onderwerp vir haar Lisensiaatverhandeling behandel. Sy wou die hele verhandeling ook in dié bepaalde dialek skryf, maar kon nie, omdat sy die geskrewe norme vir die dialek, haar moedertaal, nie geken het nie. Sy moes haar dus verlaat op die taal wat sy op skool geleer het - Nederlands.

Nederlands as moeilik gesien was, moet in taalwil gesoek word. 'n Vak, welke dan ook, is moeilik wanneer 'n mens dit nie wil leer nie, maar maklik wanneer dieselfde mens dit graag wil leer. Daarby is onbekend ook onbemind. Blootstelling wek beminning, en daarom moet die moeilikhed met Nederlands ook voor die voete van die onderwys gelê word. Elke taal op aarde, selfs 'n mens se moedertaal, is moeilik as mens daar nooit in onderwys word nie, want onderwys is die enigste manier waarvolgens taalnorme bemeester kan word. Deur middel van onderwys word ook 'n liefde vir die moedertaal gekweek, omdat dit 'n deeglike blootstelling aan die taal en kultuurprodukte inhoud.

Die gevolg van gebrekkige taalonderwys was duidelik in ons kerke sigbaar. Die Hollandse kerke in Suid-Afrika het 'n belangrike rol gespeel in die stryd om die Nederlandse taal. Dit blyk uit 'n sinode van 1903 dat die grieve teen die miskenning van die Nederlandse taal in die onderwys groot was, waar dit as vak en voertaal stiefmoederlik behandel is, by inspeksies verontagsaam en in die openbare eksamens geminag is. Volgens die afgevaardigdes het Engels 'n absolute oorwig in die onderwys gehad, wat beteken het dat Afrikanerkinders hul taal sodanig verleer het, dat hulle die Engelse Bybel beter leer verstaan het as die Nederlandse Bybel, en Engelse kerkdienste beter kon volg as die Nederlandse dienste. Die gevolg was volgens die sinode dat honderde Afrikaners na die Engelse kerke oorgeloop het en op die wyse vir kerk en volk verlore geraak het (Zietsman 1992:45). Die blootstelling aan Engels op skool, het Engels vir die Afrikaner maklik gemaak. Hy sou Nederlands net so maklik gevind het, as hy ook in dié taal, sy moedertaal, behoorlik onderrig was.

Die feit dat die kultuurtaal miskien nie volmaak beheers was nie, was geen rede om dit met 'n ander standaard te probeer vervang nie. In vergelyking met alle ander Europese lande was Suid-Afrika geen uitsondering nie. In hierdie verband noem Eichhoff dat "(a) large part of the population in Germany never spoke High German; nevertheless, such speakers are educated exclusively in High German, never in Low German" (Kloss 1971:173). Ook Ferguson (1971:42) skryf in hierdie verband: "(W)e find High German used as a standard by many speakers whose native dialects are much closer to Dutch." Hierdie sprekers het met die selfde 'moeilikhede' as die Afrikaner gesit, trouens hulle sit vandag nog daarmee, maar hulle ervaar die 'moeilikhede' as gewoon normaal.

Nog 'n argument was dat dit unrealisties sou wees om te dink dat die Afrikaner van 'Afrikaans' (wat dit ook mog beteken het) te moes 'oorstap' na Nederlands, met ander woorde dat die Afrikaner sy omgangstaal summier sou moes verwerp ten gunste van Nederlands. Dit was geen argument nie. Daar was ook geen eenvormige omgangstaal was, waarvandaan oorgestap moes word nie. Die credo van die Taalbond was, praat Afrikaans, leer, lees, en skryf Nederlands, met ander woorde hou by die situasie soos in Vlaandere en Nederland, waar dialek in die informele situasies gebruik word en die standaardtaal in die formele situasies. Taaleenheid binne die Nederlandse taalgebied is immers nie realiseerbaar binne 'n enkele geslag nie. Dit is trouens 'n proses wat oor eeue strek, en in die praktyk nooit volledig haalbaar is nie, omdat die taalsentrum, die model waarop die ander streke hul taalgebruik rig, voortdurend evolueer.

Al die 'moeilikhede' wat die Afrikaner gehad het met sy eie taal was bloot emosionele propaganda deur die voorstanders van die Afrikaanse gedagte. Die Afrikaner het geen moeite gehad met die

kloof tussen sy eie omgangstaal en Standaardengels nie - met Nederlands wel.⁷¹ Die Afrikaner het geen moeite gehad met die moeilike Engelse spelling en grammatika nie - met Nederlands wel. Die Afrikaner het nie daarop aangedring dat Engels vir hom 'n bietjie makliker gemaak moes word nie - met Nederlands wel. Hierdie fenomeen laat sien dat die sogenaamde taalkloof tussen die twee variëteite van die Afrikaner irrelevant was. Dit het gegaan om **taalwil**. Die Afrikaner **wou** huis die nietige klofie tussen sy omgangstaal en sy kultuurtaal driftig raaksien, maar die enorme kloof wat gegaap het tussen sy omgangstaal en Engels **wou** hy huis **nie** raaksien **nie**.

Die Engelse Oorspoelingsgevaar

Zietsman (1992:92) skryf dat die vrees vroeg hierdie eeu bestaan het dat Engels heeltemal sou oorneem, indien die Nederlandse taal nie eenvoudiger gemaak en dus toegankliker vir Afrikaners gemaak word nie. Hierdie stelling is natuurlik onwaar. Engels het met die vereenvoudiging van Nederlands absoluut niks te make gehad nie, want die vereenvoudiging het ook in Nederland en Vlaandere byval gevind. Ten tweede word beweer dat Nederlands deur 'n vereenvoudiging meer aanvaarbaar sou wees vir die Afrikaner. Dit is ewe onwaar, maar hierdie stelling refrein ook soos 'n vloedgolf deur ons taalgeskiedenisboeke. Nederlands was die taal van die Afrikaner, en deur die spellingsverandering het dit die taal van die Afrikaner gebly. Die beweging ten gunste van 'n spelhervorming (onder leiding van veral Kollewijn), het sy ontstaan nie in Suid-Afrika gehad nie, maar in Nederland. Dit was ongetwyfeld nie om Nederlands vir die Nederlander meer aanvaarbaar te maak nie (uit die vrees dat hy dalk na 'n ander taal sou oorstap nie). Die idees van Kollewijn was ook in Nederland en Vlaandere populêr, maar ook kontroversieel. Die vereenvoudiging van Nederlands wat eventueel in Suid-Afrika aanvaar was, was ook nie rewolusionêr nie, soos blyk uit 'n voorbeeld van Nico Hofmeyr, 'n lid van die Vereenvoudigingskommissie:

*Nederlands:*⁷²

"Ik heb het venster wijd open gezet, om den heerlijken blauwen hemel te zien en de lente komt binnen met zachten frisschen morgenwind, met warmen, gouden zonneschijn en zij kijkt mij zoo vriendelijk aan"

Vereenvoudigde Nederlands:

"Ik heb het venster wijd open gezet, om de heerlike blauwe hemel te zien en de lente komt binnen met zachte frisse morgenwind, met warme, goude zonneschijn en het kijkt mij zo vriendelik aan" (Zietsman 1992:65-96).

Volgens 'n vorige premier van Suid-Afrika, D.F. Malan, sou Nederlands wat in Suid-Afrika op 'n 'gedwonge' en 'onnatuurlike' manier bestaan het, maklik uitgeroei kon word, maar was Afrikaans (die volkstaal) onuitroeibaar (Zietsman 1992:102). Volgens Malan moes die Afrikaner kies tussen Afrikaans en Nederlands. Daar moes dus uitgemaak word, welke taalvorm die meeste sukses as buffer teen die verengelsingsproses sou hê. Hy was van mening dat die onuitroeibare volkstaal, Afrikaans, die beste verskansing vir die Afrikaner teen Engels sou bied. Nederlands as 'onnatuurlike' taal in Suid-Afrika sou swakker vaar as 'natuurlike' Afrikaans. Totius het in sy propagande vir Afrikaans daarop gewys dat die volkstaal (Afrikaans) net so onuitroeibaar is as die

⁷¹Zietsman (1992:5) vermeld verder ook dat die kloof tussen spreektaal en skryftaal so groot geword het dat *De Gereformeerde Kerkbode* van 1856 aanvaar het dat dit beter sou wees om ook kerkdienste in Engels aan te bied, om die uittog van Afrikaners na die Engelse kerke te verhoed. Hiervolgens was 'n vreemde taal soos Engels meer verstaanbaar was as Nederlands!

⁷²Volgens die spelling van De Vries en Te Winkel.

volkstale in Wallis, Skotland en Kanadese Frans (Antonissen 1975:2103). Tog is die 'onnatuurlike' taal Standaardnederlands in Vlaandere vandag in bloei, en 'onnatuurlike' Standaardfrans in Quebec eweneens. Die manifes van die Genootskap van Regte Afrikaners wat op 15 Januarie 1876 in die *Patriot* verskyn het, het onder ander die volgende oor die volkstaal te sê gehad: "En die geskiedenis het dit oek al genoeg getoon dat dit onmo'entlik is om een volk syn moedertaal te ontnem. Kyk in Wallis, dit leg in die middel van die Engelse rijk, en daar het hulle tot vandag toe nog nie die volkstaal kan uitroeи nie, ofskoon dit al eeuwe lank onder Engeland is. En kyk watter moeite het die Russe al gedaan om die Pole hulle moedertaal af te neem; mar di's verniet, tot vandag toe praat hulle nog Pools. En so oek in Vlaanderen, Friesland, Ierland en ander lande" (Nienaber 1974:61). (Die *Patriot* het toe nog waarskynlik geglo en gehoop dat 'Vlaams' in Vlaandere die 'onnatuurlike' Nederlands sou verwerp.)

Die volkstale in Wallis en Skotland lê vandag egter op sterwe na dood. In Skotland was daar in 1891 nog 254 415 mense ouer as drie jaar wat Gaelies kon praat. In 1931 was daar 136 135, en in 1951 was daar 95 447, en in 1960 nog 80 978. Persentasiegewys was dit 'n daling van 6.8% na 3%, na 2% na 1.7% van die Skotse bevolking. In Walles het die aantal eentalige Walliessprekendes in 1891 nog 30.4% van Wallis uitgemaak. In 1961 het die aantal eentalige Walliessprekendes gedaal tot 1% van die bevolking van Wallis (Steyn 1980:22).⁷³ Twee dinge het teen die tale getel. Hulle was klein en alleen op die wêreld. Was Skots en Wallies 'n standaardtaal in 'n ander land, was die oorlewingskans in Skotland en Wallis groter, omdat hulle op taal en kulturele gebied gevoed sou kon word. Ten tweede, en dit is die belangrikste, het die personaliteitsprinsiepe in Skotland en Wallis gegeld. In Kanada het Frans ook byna dieselfde pad geloop, as die volkstale in Wallis en Skotland. Maar omdat Frans 'n standaardtaal in 'n ander land was, en by hierdie standaardtaal gehou is, en vanweë die feit dat daar van die personaliteitsprinsiepe na die territoriale prinsiepe oorgeskakel is, is Frans in Quebec gered. Hierdie reddingsoperasie het hom ook in Vlaandere afgespeel, anders was Vlaandere vandag waarskynlik Franstalig soos die noorde van Frankryk.

In hierdie opsig het die voorstanders van Afrikaans as kultuurtaal misgetas. Hulle wou 'n internasionale statustaals Engels aanvat met 'n volkstaaltjie, in plaas van die Nederlandse statustaal. Dit is so goed 'n weermag ruil sy skaflike wapentuig in vir 'n paar stukkies primitiewe skietgoed, en sê dat 'n honderdmiljoentellende goeddraaiende opponent die stryd aan. Duidelik was hierdie geen rasionele besluit nie, want die Afrikaanse volkstaal het oor so te sê geen letterkunde beskik nie, wat tot vandag toe maar beskeie is, en verder het dit geen status gehad waarmee 'n Afrikaner-elite hom sou kon identifiseer nie. Die Afrikaner-elite het gewaarsku teen 'n standaardiseringspoging van Afrikaans, en het hoofregter J.H. De Villiers, op 13 Mei 1875 al in Kaapstad hom uitgelaat oor die moontlikheid van 'n Standaardafrikaans: "Mar as die nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde ten doel het, om die verspreiding van Engels te'en te hou, en die invoer van Hollanse letterkunde te belet glo ek dat dit 'n misslag is, en op die end sal blyk 'n mislukking te wees. Dit is ydel om te verwag dat Kaaps-Hollans gou, indien ooit, 'n letterkundige taal sal worde, in die hoogste sin van die woord, bekwaam om in 'n wedywer vol te hou met Hollans of Engels" (De Villiers 1936:97). Tans is die eeu oue voorspelling van die Regter besig om bewaarheid te

⁷³Gedurende 1800 het ook nog 50% van die Iere Iers gepraat, teen 1900 was dit 15% en tans minder dan 5% (Steyn 1980:75)

word. In plaas daarvan dat Afrikaans binne die Nederlandse stal probeer bly het om hom in sy stryd teen Engels te sterk, staan hy vandag in wedywering met Nederlands en Engels.

Ook die volgende ontstoke waarskuwing van 'n briefskrywer in *De Volkstem* gedurende Julie 1905 het betrekking. Die persoon het gemeen dat Afrikaans gewoon slordig is en dat dit "verfijnde gemakzucht" is om te wil probeer skryf soos mens praat; ook sal geen mens oor 'n honderd jaar Afrikaans bo Engels verkieς nie, bloot omdat daar geen "lezenswaardige literatuur" in Afrikaans sal wees nie; word Afrikaans skryftaal, dan sal Hollands spoedig in Suid-Afrika 'n vreemde taal word; Afrikaans sal teruggedring word na die kombuis; Engels sal spreek- en skryftaal word (Pienaar 1943:263). Talle van hierdie versiende briewe het in die pers verskyn. Ons nader die honderdjaar waarvan die skrywer melding gemaak het en ons nader ook die vervulling van dié profesie.

Op 3 November 1906 berig *Ons Land* dat prof. W.J. Viljoen gemeen het dat dit onwys sou wees om Afrikaans skryftaal te wil probeer maak. Hy was van mening ons klein volkie "nog niet eens het bevolkingscijfer uitmaakt van een kleine europese stad, en also koren op de molen te brengen van een wereldreus, die tegenover ons staat, gereed om met de ijzeren voetzool ons te verpletteren?" (Pienaar 1943:281). Ook het Viljoen sy vrees uitgespreek dat indien Afrikaans tot kultuurtaal verhef moes word, sal Afrikaners "in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelik de voorkeur geven aan het Engels" (Nienaber & Nienaber 1970:41). Inderdaad wat met vele van die Afrikaner-elitie gebeur het, en selfs met 'n prominente instelling, soos Nedbank wat sy werkstaal van Nederlands na Engels gewysig het - 'n groot slag vir ons taal as handelstaal in Suid-Afrika.

Op 15 Augustus 1907, vermeld *Ons Land* dat prof. Viljoen uitgenooi is om na 'n bespreking van die moontlikheid dat Afrikaans kultuurtaal kan word, in Kaapstad geantwoord: "Ik zal van de uitnodiging geen gebruik maken, omdat ik het nut en de noodzakelikheid van uw beweging niet inzie. Ik heb mijn taal veel te lief dan ik een beweging steunen kan, die berekend is de band van geestes- en taaleenheid met de bakermat onzer vaderen te verstoren. Wat onze taal tans nodig heeft, is m.i. niet beweging - we hebben reeds te veel te veel beweging - maar rust en verpleging, m.a.w. het Hollands kome onder ons tot zijn recht in huis en school, in het maatschappelike verkeer en het ambtelike bestuur van het land. Door telkens te tornen aan de vorm van onze taal, maken we ons slechts belachelik in de ogen van hen, die over een gevestigde taalvorm beschikken, alsof we zelven niet wisten wat onze taal eigenlik is" (Pienaar 1943:307).

Dat talle Afrikaners nie besef het dat kleine Afrikaans, ten spyte van die waarskuwings van versiende mede-Afrikaners, teen grote Engels opgewasse sou wees nie, kan hulle gedeeltelik vergewe word. Met die invoering van Afrikaans as standaardtaal, was daar nog geen radio of televisie nie. Die Engelstalige massa-media kon die Afrikaner dus nog nie so begrawe, dat hy daardeur tot die besef sou kom dat hy met 'n eie taal 'n enorme agterstand sou hê op kulturele gebied nie. Met die radio en televisie afwesig,⁷⁴ het die speelveld destyds heelwat anders gelyk as wat die geval vandag is. Kleine Afrikaans het toe nie so klein gelyk nie.

⁷⁴Die S.A.U.K het gedurende 1936 met radio uitsending begin, en gedurende 1975 met televisie uitsending.

DIE MAAKPROSES VAN AFRIKAANS

Die Stuurproses

Die gedagte van 'n Afrikaanse kultuurtaal moes eers verkoop word. Die volk het nie geweet dat 'Nederlands' en 'Afrikaans' twee tale beteken het nie. Vir hulle was dit gewoon een en dieselfde ding, soos wat die dialeksprekende Vlaming en Nederlander dit vandag nog sien. Tydens die stigtingsvergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875, het die stigters gevoel dat die tyd nog nie 'ryp' was vir 'n Afrikaanse Bybel nie, en het S.J. du Toit ook gevoel dat die tyd nog nie 'ryp' was vir die saamstel van 'n Afrikaanse grammatika nie (Scholtz 1980:8). Waarom wou hulle die tyd rypkry? Feit is egter dat indien die omgangstaal (omgangtale, want daar was geen eenvormige 'Afrikaans' nie) en die geskrewe taal werklik verskillende tale was, die volk dit sou geweet het, sonder dat hulle daarvan oortuig moes word. Die rypmaak van die tyd het gewoon betekenis dat Afrikaans nog uit Nederlands gehaal moes word, hy was nie daar nie.

Die vader van die Afrikaanse beweging, S.J. du Toit, spreek die wens uit gedurende 1875 in *De Zuid-Afrikaan*, dat hy graag 'n boekie sou wil skryf oor die "Eerste beginsels van die Afrikaanse taal." Oor wat hy as Afrikaans beskou, skryf hy: "Ek het laas een man hore seh: 'Daar is drie soorte van Afrikaans: Heere-, Boere-, en Hottentot-Afrikaans.' Mar dis geen beswaar nie. Want in watter taal is dit dan anders?....Dat daar een klein verskil is, is natuurlik....En as ons een boekie skryf, dan denk ek is dit die beste om die middelkoers te hou en die Boere-taal te neem.

Buitendien is die regte bevolking van ons land toch mar Boere. En die Geskiedenis het ek my aan die Boere-taal gehou" (Raidt 1992:241). Du Toit kon dus kies wat Afrikaans moes wees: die middelkoers, hy kon ewe goed anders gekies het, en skryf Raidt (1992:241) dat dit as bewys dien dat die Genootskappers *doelbewus* 'n bepaalde variëteit gekies het vir die uitbouing van Afrikaans.

Uit die notules van vergaderings van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) gedurende 1875 tot 1878 (Nienaber 1974), asook die *Patriot* uitgawes van 1876 (Nienaber 1974¹): mondstuk van die GRA, tref 'n mens die onderstaande 'Afrikaans' aan. Dit is belangrik om daarop te let dat die 'Afrikaans' van die GRA en die *Patriot*, die taalgebruik van die kampioene van Afrikaans was.

Werkwoordkongruensie het nie werklik meer voorgekom in die GRA en Patriottaal nie. Werkwoorde is in die teenswoordige tyd, in die meeste gevalle gebruik soos van toepassing op die derde persoon enkelvoud, met 'n paar uitsonderinge: *Die sekretaris wort versogt; Die kommissie doet verslag; Die President doet verslag; De Vol'ende Leden syn gekose; Hy belooft; o'ertui'e gaan net so moeilik; die Turkse regering gaan; as hy kans siet; dan gaan die sneeu;* ensovoorts. Bovermelde sinne was in terme van die Nederlandse sinsbou korrek, maar die onderstaande sinne nie: *en wat gaan ons dan maak; Dit siet ons; as ons nagaat; ons siet hoe hulle; Hulle gaan; Daardeur doet hulle ons nik as skade an;* ensovoorts. Dit is nogtans duidelik dat dié modeltaal digterby Nederlands gestaan het as die huidige Afrikaans, ten opsigte van die persoonsvorm.

In alle gevalle is werkwoorde soos: *siet, staat, gaan, word, skryf, ens.*, as persoonsvorm gebruik, en is woorde soos: *sien, gaan, staan, worre, skrywe, ens.*, as infinitief aangewend. Voorbeeld van die infinitief is: *kan sien; kan nie opgege worre nie; Iets daarvan kan julle sien; sal worre; ons mot opgehelp worre; nou kan hulle sien; sal staan; te gaan; te blywe; te bidde; te sien; sal worde; kan verstaan; sal gen koste ontsien; kon weggelaat worde; kan hulle skrywe; moet weggeneem worre; moet gestuur worre; om nagesien te worre;* ensovoorts. Die feit dat die

infinitief korrek gebruik is sê heelwut, want die huidige Afrikaanstalige het daar geen begrip meer van nie. Interessant is dat die infinitief in die gesproke taal in Vlaandere en Nederlands ook soms gelaat word.

Die imperfektum is eweneens dikwels gebruik, soos: *ondersog* (onderzocht), *sloot*, *kog* (kocht), *versog*, *spelde*.

Ook die plusquamperfektum is gebruik, *was mense omgekomen*.

Die gebruik van die partisipium is ook interessant omdat dit dikwels gebruik is soos dit met die huidige Nederlands ooreenkoms: *is begonne*; *is gestorwe*; *gewaarschuwd wort*; *gevonde wort*; *gesproken wort*; *word voorgesteld*; *is ingekomen*; *erkend wort*; *gedaan het*; *gegaan is*; *vervolgd is*; *is verworpe*; *is genome*.

Die wederkerende voornaamwoord *sig* (zich) is eweneens dikwels gebruik, soos: *Die Genootskap verenig sig daar hartelik me*; *Nimand laat sig hierdeur afskrik nie*. Die gebruik van die woordjie *sig*, duï duidelik daarop dat die Afrikaner met die oornameproses van Standaardnederlands besig was, want die woord *zich*, kom in geen enkel Nederlandse dialek voor nie, maar is 'n Duitse leenwoord, wat goed in Standaardnederlands gevestig geraak het, en selfs in GRA-Partriotafrikaans.

Die demonstratief is dikwels korrek gebruik,⁷⁵ *deze maand*, *dees keer* (deze keer), *deus somer* (deze somer), *deze brief*, *deuse regering*, *deuze daa'e*, *dese eeuw*, *ditmaal*, maar ook dikwels ewe foutief as wat huidige dialekspreekers in Vlaandere dit gebruik, soos in *deus jaar*, *deuse jaar* (dit jaar). Wat verder interessant was, was dat die huidige demonstratiewe, *hierdie* en *daardie*, in die eerste lewensjaar van die *Patriot* nie gebruik is nie, en *dese* vollop in gebruik was.

Die genitief is op twee maniere gebruik, soos in *Sauls wapenuitrusting*; *tros syn steeltjie*; *hele jaar syn werk*.

Uit die notules blyk ook dat die dubbel ontkenning nie altyd gebruik is nie: *Dit is nie meer als reg; het sal nimmermeer wankel of wyk*.

Daar was egter vele maaksels, soos: *Ek het regte spyt dat ek soo ver woon; waar ons regte bly om is; wans hier is nog bai'ang Afrikaanders wat regte dom is; uit die Perel uit wort gesê; Want waarheid maakt altyd vry; Ek doet myn bes so veul als in my vermoge; mar nou sien ons dat julle an bouw is van ons taal; ons sal dankie bly wees; ons hoop hy sal nou al weer gesond wees al; ensovoorts.*

Die woorde *plaas* of *plase* (selfs *sitplase*) is gebruik eerder as *plek* en *plekke*, en die voorsetsel *vir* (Nederlands *voor*) wat toe *ver* gespel is, is dikwels oordadig gebruik, veral ook in die plek van ander voorsetsels.

⁷⁵Die korrektheid al dan nie van die adjektiwiese gebruik van die demonstratief in attributiewe posisie, hier buite rekkening gelaat.

As dit die taalgebruik van die kampioene van Afrikaans was, terwyl daar soveel Nederlandse kenmerke ingesteek het, moes die taal van talle nie-kampioene nog digterby Nederlands gestaan het. Duidelik was, dat daar nie reëls vir die 'taal' bestaan het nie. Wat alles uit Nederlands gehaal moes word en onder die benaming Afrikaans staan gemaak moes word, was onduidelik.

Ongetwyfeld het die leserspubliek van die *Patriot*, Patriotafrikaans as model beskou. Hierdie model moes al heelwat bygedra het tot die 'maak' van Afrikaans. Duidelik is dat die taalgebruik van elke briefskrywer waarvan die brief in die blad verskyn het, afgewyk het van mede-briefskrywers, en ook van die Patriottaal. Daarbenewens het talle lesers taalvoorstelle en ook spellingsvoorstelle gedoen. Sommige woorde wou hulle in Afrikaans toegelaat sien en ander weer beslis nie. Al hierdie voorstelle dui op die 'maakproses' waaraan Afrikaans onderworpe was.

Interessant is die talle 'Afrikaanse' woorde wat in die *Patriot* gebruik is, maar wat uit die huidige Afrikaans uitgestandaardiseer is, ten gunste van die Nederlandse model - Nederlands tussen hakies: vort (voort), veul (veel), oek (ook), makaar, makander (mekaar), danksigging (danksegging), vrouws (vroue), Perl (Paarl), Saturdag (Saterdag), bestier (bestuur), vollende (volgende), Jannewari (Januarie), perbeer (probeer), verda'ê, (verdaag), gevole (gevolge), stour (stuur), juds of juts (regter), teunswoordig (teenswoordig), hoening (heuning in Afr., honing in Ned.), waën (wa in Afr., wagen in Ned.), konstawels (konstabels), teun (teen), maskie (miskien), soemaar (somaar), vollens (volgens), navolle (navolgens), vervollens (vervolgens), iwerige (ywerige), tevré (tevrede), hoeveul (hoeveel), broeders (broers), pilsier (plesier), selwers (self), teun (teen), miskie (miskien), gan (geen), mot (moet), Snese (Chinese), gewend (gewoond) sorre (sorg) zel, sel (sal), vervoeïng (vervoeging), sofeul (soveel), bedrie (bedrieg), dem (demp), giemynte (gemeente), gespeul (gespeel), voorge (vorige), moe (moet), soldade (soldate), sulwer (silwer), ouste (oudste), ensovoorts. Wat bogenoemde woorde betref, en daar was nog heelwat meer, praat ons vandag Nederlands. Hierdie woorde was in die spreektaal gebruik, en is dit vandag duidelik dat ons nie geskryf soos ons gepraat het nie, eerder was die spreektaal geskoei op die geskrewe taal, en die geskrewe taal was aanvanklik die werk van GRA (informeel)⁷⁶ en later van die Taalkommissie van die Akademie (formeel).

Onderstaande woorde was ook in die Patriot gebruik: Geskrewe taal gebaseer op die gesproke taal. Hier is dit duidelik dat ons vandag die 'Nederlandse' vorme nie meer op Nederlands uitspreek soos vroeër nie, maar soos gebaseer op die geskepte geskrewe taal: ower (oor), owertuig (oortuig), hem (hom), kogel (koeël), nagels (naels), dagelijks (daagliks), voorgeleg (voorgelê), breng (bring), denk (dink), soon (seun), zeg, seg (sê), toren (toring), worme (wurms), kryg (kry), gedaan (gedoen), awond (aand), draag (dra), vraag (vra), arme (arms), Gouverneur (goewerneur), versog (versoek), ergens (êrens), ingesoge (ingesuig), leugen (leun), gebonde (gebond), vermoë (vermoë), jullie (julle), vlees (vleis). Ook talle ander argaïsmes, neologismes of wisselvorme het deur die standaardiseringsproses verdwyn, of moes in uitspraak die geskrewe taal volg, soos: kasta (kastig), korant, kourant, (koerant), zullie (hulle), Afferkaanders, boel (bottel) ensovoorts.

⁷⁶Scholtz (1980:13) skryf oor die swaar stempel wat S.J. du Toit op die maakproses van Afrikaans afgedruk het, die volgende: "Die beweging ten gunste van Afrikaans was van die einde van 1874 af in hoë mate aan die persoon van S.J. du Toit gebind. Hy was die man met die sterkste intellek, die hoogste algemene ontwikkeling en die meeste dryfkrag. In alles het hy die voortou geneem, op alles het hy sy stempel afgedruk." Standaardafrikaans het dus ook heelwat aan hom te danke.

Wanneer 'n mens die *Patriot* lees, kom dit duidelik na vore dat die taalgebruik tekenend is van laag geskooldheid, en is daar talle voorbeelde in van taalgebruik wat vandag soms onder laaggeskoolde mense in die Weskaap gehoor word. Verder het die taalgebruik in dié koerant ook as begerenswaardige model gedien vir sy lesers, wat heelwat sou moes bygedra het tot die skepping van groter eenvormigheid. So het 'n Bolander in die April 1876 uitgawe van die *Patriot*, gemeen: "Meneer, - Jou koerant begin die mense lekker te leer praat. Hulle het eers baiang daarme gespot, mar hulle begin nou te sien dat jy beter praat as hulle. Want hulle seg ver een mysiemens *hy* en *hom* en jy seg *sy* en *haar*" (Nienaber 1974¹:54). Vir hierdie leser, en hy was seer sekerlik nie die enigste nie, was Patriotafrikaans 'n navolgenswaardige model, wat nagepraat en nageskryf moes word.

Die Genootskap van Regte Afrikaanders het in 1876 sy *Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal* uitgegee. Hierin het S.J. du Toit, die woord *sulle*, vir die derde persoon meervoud gekies, en skryf hy: "Party seg *hulle*, en ander seg *sulle*. Ons kies hier die laaste om dit te onderskei van die Besittelikke Voornaamwoord, meervoud *hulle*" (Loubser 1980:17). Die voorstelle het nie voorkeur by de Taalkommissie geniet nie.

Le Roux (1965:35) skryf dat in die maakproses van Afrikaans, daar talle mense was wat *wy* in die nominatief wou gehad het in plaas van die huidige *ons*. Ook is daar mense wat *gy* in die nominatief wou sien by die formele gebruik van Afrikaans, of dat daar 'n onderskeid gemaak moes word tussen *hul* en *hulle*. Die groot voorstander van Afrikaans; Gustav Preller, het lank bly vashou aan 'Nederlandse' taalvorme soos *slegt*, *kragt*, *geleefd*, *geskreeuwd*; hy het die 'Afrikaanse' *veul* en *teun* gebruik bo die 'Nederlandse' *veel* en *teen*; ook gebruik hy die 'Nederlandse' *breng* en *denk* in plaas van die 'Afrikaanse' *bring* en *dink*; ook het hy lank vasgehou aan die 'Nederlandse' sterk preteritum, soos *gaf*, *liet*, *stond*, ensovoorts; verder was hy 'n vurige voorstander vir die gebruik van die 'Nederlandse' *sig* en *werd* (Le Roux 1965:321). Die soort taal het nie die Taalkommissie se goedkeuring gekry nie.

In die maakproses van Afrikaans is talle wisselvorme gewoon uit die Afrikaanse woordelys en spelreëls weggelaat ten gunste van Nederlandse vorme (Botha 1989:150). Oor hierdie vernederlandsing van Afrikaans skryf Botha (1989:150): "Deur die insluiting van die vernederlandsingsfaktor in die spelling is 'n groot aantal kenmerkend Afrikaanse wisselvorme uit Afrikaans uitgestandaardiseer, met die gevolg dat Afrikaans in die rigting van Nederlands teruggebuiig is." Afrikaans kon dus gebuiig word na welke rigting die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dit ook wou doen. Die kommissie kon Afrikaans dus ewegoed tot by Nederlandse 'gebuiig' het of totaal daarvan weg. In hierdie verband skryf Odendaal (1989:169) dat die Taalkommissie gedurende die twintigerjare nie net moes besluit *hoe* gespel moes word nie, maar ook *wat* gespel moes word - 'n keuse tussen die talle wisselvorme; ook wat uitspraak betref. Hierdie beslissings is dan oorgedra deur die pers, die SAUK,⁷⁷ die universiteite, kolleges, en skole, asook woordeboeke en grammaticas. Oor die manier waarop die Taalkommissie Afrikaans kon buig, skryf Le Roux (1965:212) gedurende 1945 die volgende: "Die

⁷⁷Die poging om 'n eenvormige spreektaal te skep, was nie sonder kritiek nie. So reageer 'n luisterraar gedurende die beginjare van Afrikaans oor die radio (gedurende 1937), as volg in die *Mail*: Afrikaans "is often dragged down to the standard of what an illiterate mother talks to her baby" (Steyn 1987:114).

laaste paar jaar het dit 'n taamlik verbreide gewoonte geword om op papier *d*, *t* te skrywe op die end na *f*, *g*, *s*; *bedroefd*, *begaafd*, *beproefd*, *berugt*, *besadigd*, *besorgd*, *geneigd*, *geslaagd*, *bedeesd*, *onverpoosd*, *ens.*, soos in Nederlands, hoewel dit in direkte stryd is met die bou van die Afrikaanse woord,...Dis waar, die "woordelys" het herto toe meegehelp, maar gelukkig is van daardie fout teruggekom deur die Taalkommissie van die Akademie in sy besluit van Julie 1944." Wat die Taalkommissie dus ook besluit het, dit het Afrikaans geword. Aan die Taalkommissie is alle mag opgedra om Afrikaans te skep na begeerte, want die volk wat honger was na 'n eie taal sou dié beslissinge gedienstig aanvaar.

Dat Afrikaans op kunsmatige wyse 'voorgeskryf' is, blyk duidelik uit die sitaat van Le Roux (1921:4) waar hy hom uitspreek teen die 'bedenklike verskynsel', soos hy dit genoem het, wat hom gedurende die tyd afgespeel het, naamlik: "(D)at men in uitgebreide Afrikaanse kringen gaan doen aan een kunsmatige reglementering van die taal, die een leger van taaldespoten in het leven heeft geroepen in een eeuw, waarin het despotisme heet uitgediend te zijn. Deze despoten vindt men in honderdtallen op de scholen, waar de voorlichters der jeugd zich niet afvragen: "Wat zegt men in beschaafd Afrikaans?" maar: "Wat schrijft de Akademie voor?" Men vind ze in de redaktiekantoren van nieuwsbladen en tijdschriften, die zelfs in ondertekende bijdragen niet de taal van de schrijver maar van de redakteur geven. Men vindt ze, helaas! ook (en dan met veel gezag bekleed) in de rangen der taalonderzoekers." Hierdie despote soos Le Roux hulle noem, moes toesien dat die besluite van die taalkommissie so deeglik as maar moontlik op alle gebiede, soos die onderwys, radio, pers ens., aan die volk gevoer word. Le Roux skryf verder oor die weg van "willekeur en despotisme" wat die Akademie ingeslaan het, dat uit die talle wisselvorme wat in die omgangstaal gebruiklik was, slegs één vorm gekies is. Hierdie vorm is dan deur dié instansie "gewoonlik" as die mees gebruiklike beskou, waarna alle ander vorme verwerp is "en dat nog wel zonder het publiek in te lichten over de redenen voor die keuze" (Le Roux 1921:4-5).

Dat ons huidige spreektaal op die geskrewe taal geskoei is, is duidelik uit die woord *baie* te sien. Die woord *baie*, is tans absoluut eenvormig in die spreektaal. 'n Eeu gelede is talte vorme in die omgangstaal gebruik soos, *bajang*, *banjang*, *banje*, *banja*, *baijan*, *bajan*, *baain*, *baing* en *baija*. Die vorm sonder die nasaal was seldsaam (Raidt 1992:249). Die demonstratiewe: *die*, *dese*, *deuse*, *duise*, het veel meer voorgekom as *hierdie* en *daardie* (Raidt 1992:249). Vandag kan die woord *dese* hoofsaaklik nog in deiktiese verband gebruik word.⁷⁸ Die huidige ingeburgerde dubbele ontkenning was volgens Raidt (1992:251) 'n eeu gelede nog nie so vas en sonder uitsondering gebruik nie. Dit was dus geen kwessie van omgangstaal op skrif sit nie, maar welke vorm die Akademie gaan voorskryf. Die voorskrif het ons spreektaal geword. Die voorskrif kon ewe goed Nederlands gewees het.

Sommige individue het enorme bydraes gelewer in die maak van Afrikaans. Wat die vorme *gaat* en *gaan*, *staat* en *staan*, ensovoorts, betref het Malherbe gemeen: "Met die oog op die onderwijs sou 'n normalisering in die rigting van *n*-vorme aan te beveel wees" (Le Roux 1921:4). Die Akademie het dit goed gedink om ons nie te leer hoe om die vorme *staat* en *staan*, *gaat* en *gaan*, *ensovoorts*, korrek te gebruik nie, maar slegs één vorm te 'erken', en die spreektaal het die 'erkennings' gevvolg. Selfs die tikmasjien het Afrikaans help maak. Die *ij* is gewoon deur die *y* vervang, omdat die

⁷⁸Byvoorbeeld: "Na dese sal hy nie meer hierheen kom nie". Ook het *deze* nog bewaar gebly in woorde soos *duskant*, *vandeesmaand*, *vandeesweek*, *deesdae*, andersyds ook in die uitroep "Op dees aarde".

meeste tikmasjiene nie oor 'n *ij* teken beskik het nie - aldus die Akademiebesluit van 1920 (Le Roux 1921:10).

Le Roux skryf ook verder dat geen Afrikaner gedurende die twintigerjare 'n behoorlike Afrikaanse brief kon skryf, sonder raadpleging van die "woordelys" nie. Die spelling moes nog eers "geleer" word. 'n Vertroude norm moes plek maak vir 'n ander norm, en iets moes geleer word, wat dit dan ook was.

Preller wat later ontnugter was oor die rigting waarin Afrikaans beweeg het, het tydens die algemene jaarvergadering op 24 September 1927 te Pretoria, saam met dr. S.P. Engelbrecht en Jochem van Bruggen die opdrag gekry om as 'n kommissie die kwessie van taalaspekte "waaroor daar nog onsekerheid bestaan", te ondersoek en verslag uit te bring, wat gedurende April 1928 by die Akademie ingedien is (Steyn 1987:216). In hierdie verslag staan dat daar tot in 1920 "oor die algemeen 'n toestand van gebenedyde geluksaligheid op taalgebied geheers" het. Volgens die verslag was die spelling wat in 1915 gereël was, 'n soort van 'n goue middeweg gewees, tussen 'n "te grote radikalisme aan die een kant, en te grote konserwatisme aan die ander." Maar die 1920-spelreëling was volgens die verslag in 'n radikale rigting: "Sonder takt, werd uitgange en buigingsvorme afgekap, sodat 'n mens 'takloos as 'n bloekompaal' kon word, en deur middel van die skool werd die nuwe toestand met geweld in die keel afgedruk van iedereen, sodat die skoolgaande jeug, wat skaars 'nwoordjie Nederlands ooit te sien gekry het weldra vreemd gestaan het teenoor die taal van die State-Bybel" (Steyn 1987:209,210).

Steyn (1987:210) skryf dat in Augustus 1920, die nuwe 'radikale' spelling aanleiding gegee het tot 'n beswaarskrif van talle Transvaalse koerante en tydskrifte en een Vrystaatse blad, *De Volkstem*, *Ons Vaderland*, *Die Spectator*, *Die Brandwag*, *Die Landbouer*, *Die Boer*, *Die Kristelike Skoolblad*, *Die Banier*, *Jong Suid Afrika* en *De Vriend des Volks*, asook die Afrikaanse Studentebond, aan die Akademie. Hieroor skryf die Preller-verslag, dat alhoewel die spelling as gevolg van die beswaarskrif "by besluit van die Akademie" op die volgende sitting, gedurende Desember 1920, verander is, het die Spellingskommissie hom daar niks van aangetrek nie (Steyn 1987:210).

Wat het ons bereik met ons nuwe spelling? Daar is talle voorbeelde waar die Afrikaanse uitspraak met die Nederlandse uitspraak klop,⁷⁹ maar die spelling verskil. In Afrikaans word *nasionaal* en *polisie* anders gespel as die Nederlandse *nationaal* en *politie*. Dieselfde vir *skrander*, *skool* en *skaal*, teenoor die Nederlandse *schrander*, *school*⁸⁰ en *schaal*.⁸¹ Ook *militêre* of *literêre*, klink soos die Nederlandse vorm *militaire* en *literaire*? Die sinkopee van die intervokaliiese *d*, *v* of *g* in die spreektaal in Vlaandere en Nederland hoor mens dikwels, maar in die geskrewe taal is hierdie klanke aanwesig. In Afrikaans klink *my* nie anders as die Nederlandse *mij* nie. Het Afrikaans werklik 'n probleem opgelos?

⁷⁹wisselend van streek tot streek.

⁸⁰Gedurende die sestigerjare kon kinders nog sing: slangetjie krulletjie he, wieletjie wieletjie le. Dit het *school* gespel wat toe nog Afrikaans-Nederlands was, maar nou nie meer gesing kan word nie, want dit is Engels.

⁸¹Die BRT-uitspraak van *ch* in vermelde woorde, staan veel nader aan ons *k*, as aan die Hollandse uitspraak daarvan.

Die goue reël in Afrikaans was dat ons moes 'skryf soos ons praat', maar die reël bestaan ook in die Nederlande. Buitendien, wie is die 'ons'? Die inwoners van die Bo-Kaap, of die Bolandse platteland, of Namakwaland, of Transvaal, of die lede van die Taalkommissie van die Akademie? Selfs die lede van die Taalkommissie het dekades lank vurige diskussies gehou, oor hoe Afrikaans moes lyk. Selfs hierdie lede het nie 'n eenvormige taal gepraat nie, maar uit hul gesamentlike pen het 'n taal gevloeи wat ons vandag as Standaardafrikaans skryf en praat. Die res van ons taalgemeenskap moes maar gewoon aanvaar dat hulle nie volledig korrek praat nie, maar het nietemin in die 'skryf-soos- jy-praat-koor' bly sing. Selfs huidige sprekers van Standaardafrikaans skryf nie altyd soos hulle praat nie. Ons sê *e man*, maar ons skryf *'n man*. Skryf *daardie*, maar sê *daai*; skryf *ander* en *hoender*, maar sê *anner* en *hoener*. So ook word *nodig* en *middag*, *norig* en *mirrag*. Ons het geen uitspraakverskil tussen die *ei* en *y* nie, en ook geen verskil in uitspraak tussen 'n *v* en 'n *f* nie, en tussen die *i* (in *tipies*) en *ie* (in *lied*) nie.⁸² Verder is daar ook geen verskil in die *k* klanke van *kersten* en *christen*⁸³ nie. Ons skryf *chemie*, maar sê *gemie*, skryf *Paarl*, maar sê *Pêrel*, skryf *universiteit*, maar sê *uniwersiteit*, skryf *variasie*, maar sê *wariasie*. Daarbenewens klink *swaer* en *swaar* nie verskillend nie en *maar* en *maer* ook nie.⁸⁴ Moes ons nie 'n skryfverskil gemaak het tussen *pers* (kleur) en *pers* (pars) en *kopie* (winskoop) en *kopie* (fotokopie) nie, want die woorde word verskillend uitgespreek. Duidelik volg die geskrewe taal nie die gesproke taal op die voet nie. Afrikaans kon ewe goed gehou het by die Nederlandse spelling, want die spelling wat uiteindelik aanvaar is vir Afrikaans, het nie werklik van Nederlands afgewyk nie. Daar is aan die spelling verander waar dit nooit nodig was nie. Die Nederlandse spelwyse is in geen oopsig moeiliker of makliker as die Afrikaanse spelling nie. As Nederlands werklik 'n moeilike spelling gehad het, sou die Nederlander en Vlaming daarmee probleme gehad het, wat nie die geval is nie. In hierdie verband skryf Le Roux (1965:82) dat dit om kulturele en opvoedkundige redes nie goed was om van die Nederlandse spelling af te wyk nie.

Die geskrewe taal speel in elk geval 'n veel groter rol in die rigting van die gesproke taal as wat menige sal erken. Die Afrikaner het hom as dialekspreker sedert sy aankoms aan die Kaap, voortdurend laat lei deur die geskrewe Nederlandse standaardtaal. Hierdie geskrewe taal moes ongetwyfeld sterk model gestaal het vir die gesproke taal. Cooper (1989:143) skryf dat 'n taalstandaard normaalweg eers in die geskrewe vorm aanvaar word deur die bevolking, en eers later deur formele opvoeding en kommunikasie, die gesproke taal by die standaard aangepas word. De Vries e.a. (1994:104) skryf dat alle nasionale Europese tale, en dus ook Nederlands, eers in die geskrewe vorm tot ontplooiing gekom het. Dit hou dus in dat of Nederlands, of Afrikaans in elk

⁸²As ons in die geskrewe taal 'n onderskeid kon maak tussen die *v* en *f*, en die *ei* en *y*, dan kon ons gehou het by die onderskeid tussen die *s* en *z* en die *ch* en *k/g*. As die rede vir die spellingsonderskeid die feit was dat ons die herkoms van bepaalde woorde in die spelling wou bewaar, was dit flou. As ons die herkoms van woorde in ons spelling bewaar wou sien, moes ons by die volledige Nederlandse spelling gebly het! Trouens as gevolg van ons nuwe spelling, ken die gemiddelde Afrikaner nie die *oom* in *oombliek* nie (moes eerder *oënbliek* gewees het, vergelyk *oënskynlik*, as ons *oombliek* kon skep, moes ons seker ook *aambod* (*aanbod*) gehad het); ook nie die *kierig* in *nuuskierig* nie (moes *nuusgierig* gewees het); ook *bakkies* (*gesig*) moes eerder *bakkes* gewees het (*bakkebaard*). As gevolg van ons huidige spelling sit ons tans met onaangename homonieme soos: *swael* (*zwaluw* & *zwavel*); *nael* (*nagel* & *navel*); *knie* (*kneden* & *knie*); *oor* (*oor* & *over*); *leer* (*leder* (*of leer*) & *leger*); *slurp* (*slurpen* & *slurf*); *kers* (*kaars* & *kers* (*vrug*)).

⁸³*Kristelike* of *kristene* is vroeër die eeu dikwels gebruik.

⁸⁴Wou ons die herkoms van dié woorde in die spelling bewaar (*mager* > *maer*, *zwager* > *swaer*)? Waarom dan van *over*, *oor* gemaak? Van *hoge* het ons *hoë*, maar van *bove(n)* nie *boë* nie?

geval eers deur die Afrikaner in sy geskrewe vorm bemeester sou word, waarna die gesproke taal tot sy reg sou moes kom. Duidelik is dit wat met Afrikaans gebeur het, en ewe duidelik is dat dit ook die pad sou gewees waarvolgens Nederlands in Suid-Afrika bemeester sou word.

Die geskrewe beeld het in Afrikaans ongetwyfeld 'n enorme rol gespeel in die uitbouing van die gestandaardiseerde spreektaal. In die onderwys is gepoog om Afrikaans maar so eenvormig as moontlik te kry, wat die geskrewe en die gesproke vorm betref. Om hierdie eenvormigheidsideaal te verwesenlik moes die geskrewe beeld model staan vir die gesproke taal. Die gevolg hiervan is dat die Afrikaanse gesproke taal vandag op 'n letteruitspraak gebaseer is. Teen hierdie letteruitspraak waarsku Carstens (1989:229): "Daar moet onthou word dat die gesproke taal primêr is en nie die geskrewe taal nie. Ons praat dus nie soos ons skryf nie, maar probeer wel om met behulp van ons skrifstelsel so 'n getrou moontlike weergawe van ons spraak te gee." As dit die geval was sou ons ons huidige spelling moes wysig, en dit sal nie so maklik gaan as gedurende die twintigerjare nie.

Ook Le Roux (1965:32) skryf: "Laat ons tog waak teen letteruitspraak, waarmee hier bedoel word 'n uitspraak volgens die spelling,...." Le Roux (1965:136) skryf verder: "Letteruitspraak is sterk af te keur en wie sy taal korrek wil uitspreek, moet sorgdra dat hy nie op 'n dwaalspoor geleei word deur die spelling nie,...." Hy skryf gedurende 1947: "Uitsprake volgens die letter, maar in stryd met die lewende taal kom die laaste tyd baie voor in die geval van Afrikaans" (Le Roux 1965:228). Waarom bestaan hierdie waarskuwings? Het ons in die Afrikaanse standaardtaal nie huis 'n taal ontwerp geskoei op die gesproke taal nie? Ons skrifstelsel is tog op die klankvorm van Afrikaans gebaseer (Ponelis 1989:10). Ons het dan huis van Nederlands afgestap omdat die geskrewe- en gesproke taal van mekaar afgewyk het! Nou word daar gewaarsku dat die omgangstaal en die geskrewe taal nie dieselfde is nie. Ons sê nie meer *jan-ne-wa-rie* en *fe-ber-wa-rie* nie (volgens Le Roux (1965:38) is dit die korrekte uitspraak), maar ons sê *jan-nu-a-rie* en *fe-bru-a-rie*, 'n letteruitspraak volgens Le Roux. Volgens Le Roux (1965:91) moes ons die woord *pasiënt* eerder *pasjent* gespel het, omdat *pasjent* die korrekte uitspraak van die woord is, aangesien dit met die Nederlandse uitspraak klop. Die spelling van *pasiënt* het volgens Le Roux die gevolg gehad dat die woord vandag in Afrikaans nie korrek uitgespreek word nie, as gevolg van letteruitspraak.⁸⁵ Hierdie en honderde ander wisselvorme is uit die taal verban ten gunste van 'n 'korrekte' uitspraak volgens die 'goedgekeurde' spelling. Hierdie manipulering van Afrikaans, weg-van-Nederlands-af, of na-Nederlands-toe, was dus gewoon die maakproses van Afrikaans. Waarskuwings teen 'n letteruitspraak behoort dus irrelevant te gewees het, want ons kon Jannewarie en Feberwarie geskryf het in plaas van die huidige Januarie en Februarie. Van 'n letteruitspraak kon ons egter nie wegkom nie, want dit was die enigste manier waarvolgens ons 'n eenvormige spreektaal kon skep. Die Afrikaanse omgangstaal is dus in wese 'n boeketaal, 'n taal gebaseer op die skrifbeeld. Omdat Afrikaans en Nederlands so naby aan mekaar staan wat die geskrewe beeld betref, verskil ook gesproke Standaardafrikaans en BRT-Nederlands nouliks: Dit is beide boektale.

Daar bestaan in elk geval nie 'n ideale spelling nie. So het die spellinghervormer en skrywer Bernard Shaw op die onlogiese Engelse spelling gewys; *fish* kan net so goed *ghoti* gespel word: met die *gh* van *enough*, die *o* in *women* en die *ti* in *nation*. Ten spyte van die irrasionele Engelse

⁸⁵Die argumentasie van Le Roux klop nie. Of hy moes deurgaans gewaarsku het teen 'n letteruitspraak, of hy moes deurgaans gepleit het vir die spelling: *pasjent*, *jannewarie* en *feberwarie*.

spelling, is dit nie gewysig nie. Geen wesenlike spelhervorming is in die Engelse taalgebied ingevoer nie. Gedurende 1953 is wel deur die Britse Laerhuis 'dhe introdhukshon ov anudher speling' aangeneem, maar later weer ingetrek (De Vries e.a. 1994:154). Daarbenewens word die geskrewe taal in selfs groot kultuurtale soos Engels en veral Frans, nie direk op die gesproke taal gebaseer nie, terwyl dit in Afrikaans as besonder belangrik beskou word.

'n Standaardtaal kom tot stand binne 'n bepaalde taalgebied, waar die inwoners van 'n bepaalde regio (sentrum) meer welvarend word as die res van die inwoners binne die betrokke gebied. Die welvarende regio lok die talent en elite van omliggende regios aan, en die gesproke- en geskrewe taal wat in die sentrum vorm aanneem, verbrei later oor die hele taalgebied. Vir die Nederlandse taalgebied is dit die provinsies Holland (meer bepaald die Randstad), sedert die sewentiende eeu die taalsentrum. Die regios naaste aan Holland het eerste die Hollandse taal oorgeneem, en die regios die verste daarvan, worstel vandag nog met die oornameproses. Die oornameproses in Suid-Afrika, van die Hollandse standaard, is teen die einde van die vorige eeu verongeluk. Die ongeluk het die 'bou' van 'n nuwe taal ingehou. Daar was geen leidende elite in 'n 'Amsterdam' wat 'n normale kreëring en verbreiding van 'n nuwe standaardtaal kon bewerkstellig nie. In hierdie verband skryf Hoogenhout in *De Zuid-Afrikaan* van 24 Oktober 1874 die volgende: "Daar moet tog 'n taalkunde gemaak word, en vaste reëls hoe 'n mens moet spel, sodat ons nie somaar hot en haar skrywe nie" (Nienaber & Nienaber 1970: 16). Standaardafricaans is dus 'n "skepping" of produk van 'n aantal "taalmense". Sou dieselfde taak aan 'n ander groep "taalmense" met dieselfde opdrag gegee gewees het, om norme vir die taal op te stel, sou hul eindproduk anders gelyk het. Indien opdrag gegee sou gewees het aan voorstanders van die Patriotspelling,⁸⁶ sou Afrikaans vandag heel anders gelyk het, en ook onleesbaar vir die Nederlandstalige gewees het. Van der Plank (1985:131) skryf in verband met invoering van die Friese standaardtaal in Friesland: "Het Standaard-Fries was dan een kunstmatig wrochtsel, 'maakwerk' van onverantwoordelike maar maatschappelijk geïsoleerde intellektuele hobbyisten." Sou 'n mens hiervolgens kon beweer dat die Afrikaanse- en Friese standaardtale produkte is van stokperdjie-ryers?

'n Groot voorstander van die vertaling van die Bybel in Afrikaans, ds. W. Postma, het nog in 1912 gemeen dat daar nog gewag moes word met die vertaling van die Bybel in Afrikaans totdat daar groter eenstemmigheid sou heers oor die taalvorm, want toe was hy van mening dat "Afrikaans nog in die maak" was (Nienaber & Nienaber 1970:67). Daar was dus weereens, vroeg hierdie eeu nog geen sprake van 'n eenvormige spreek- of skryftaal in Suid-Afrika nie, dit was nog 'in die

⁸⁶Gedurende 1874 is die "vaste regels, hoe een mens mot spel" deur S.J. du Toit in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer:

1. Ons skryf soos ons praat.
2. Eiename en vreemde woorde behou hulle spelling.
3. Die *z* word vervang deur *s*, behalwe in gevalle onder 2.
4. In oop lettergrepe word 'n klinker nooit verdubbel nie.
5. Die wegval van 'n medeklinker word met 'n apostroof aangedui.
6. Daar word 4 *e*'s erken: i) en ii) die gewone *e* en skerp *é*, soos respektiewelik in die twee lettergrepe van *gegé*; iii) die lang oop *ê* soos in *wêreld*, *perd* en *hê*; iv) die kort oop *ê* soos in *nê*.
7. Die *sch* word vervang deur *sk*.

Bovermelde spelreëls is later deur die *Patriot* gewysig:

1. Die *ie*-klank word voorgestel deur *ii* in die gesloten en *i* in oop lettergrepe: *briif* - *briwe*.
2. Die *v* word vervang deur *f*: *fan*, *fer*, *foor*.
3. Die *y* neem die plek van *ei*: *waarhyd* (Van der Merwe 1970:81-82).

maak'. Ook Nienaber (1959:41) skryf dat daar na vaste spelreëls gesoek word, en die jong taal in goeie bane gelei moes word. Die 'vaste reëls' dui daarop dat Afrikaans nog nie daar was nie, hy moes nog uit Nederlands gehaal word. Die 'goeie bane' is veelseggend, want dit dui daarop dat die Afrikaner en sy taal 'n baan moes in; 'n baan wat deur iemand gerig sou moes word; 'n baan waaroor iemand (instansie of despoot) sou moes beslis of dit 'n goeie of ongroeie baan is; 'n baan wat tot binne in Nederlands sou kon lei, of 180° daarvan weg. Hierdie rigting waarin Afrikaans moes evolueer, is op subtiese wyse aan die volk gesinjaleer, deur taaldespote wat voortdurend aangedui het welke taalkenmerke as tipies Afrikaans en welke as 'onafrikaans' beskou moes word.

Die koers waarin Afrikaans gestuur moes word was ook nog onseker, en die stuurwerk het tot talle vurige debatte en rusies gelei, want iedereen wou stuur. So wou die groot kampvegter vir Afrikaans, J.H.H. de Waal, twee vorme van die betreklike voornaamwoord hê, *wat* sowel as *die*, wat dan onder verskillende omstandighede gebruik moes word (Steyn 1989¹:26).⁸⁷ Gedurende 1905 doen prof. J.I. Marais, 'n aanval op die Noorderlinge wat Afrikaans in 'n bepaalde koers wou dwing: "De kombuistaal, die in Pretoria verheerlykt wordt, is niet de taal van den ontwikkelden Afrikaner" (Pienaar 1943:351). Die aanval was gemik op die beweging van Preller. Twintig jaar later blyk dit uit die woorde van Preller, in *Ons Vaderland* van 16 Februarie 1926, dat die Suide die leiding oorgeneem het, en skryf hy dat "ons hier in Transvaal byna ons hele lewe deur onder die kragtige regstreekse invloed gestaan het van 'n grote Hollander element, wat ons taal behoed het teen die ontaarding wat 't elders ondergaan het." (Steyn 1987:211). Preller skryf ook op 31 Desember 1926 in dieselfde blad: "Die hele Unie moet nou vir 75 persent Afrikaans skryf soos 'n enkele Kaapse provinsie dit praat." Hy betreur die feit dat die Suiderlinge nou die taal van die Noorderlinge sou afskryf as "Nederlands, en as sodanig uit die Bose!" Hy skryf verder dat die "here Spellingindoena's" geen aandag vir die meer konserwatiewe taalgebruik van die Noorde het nie, "want dit is Hollands; en Afrikaans - dit is wat die mense van die westelike provinsie in Kaapland praat" (Steyn 1987:211).

Die oorgang van die Nederlandse- na die Afrikaanse standaardtaal, was volgens Posthumus (1968:93) niks anders as 'n skokoorgang nie. Nienaber & Nienaber (1970:64) skryf dat onderwysers aanvanklik vyandiggesind was teenoor Afrikaans, en baie 'laks' was om Afrikaans op skool te gebruik. Hierdie onderwysers het gehou by die grondwet wat bepaal dat Afrikaans en Nederlands sinonieme is. Dan was daar ook praktiese struikelblokke, soos die tekort aan Afrikaanse boeke en Afrikaans-opgeleide onderwysers. Daarby het die aanvanklike gebruik van Afrikaans as skryftaal, volgens Steyn (1987:73), talle probleme opgelewer. Wat die skryftaal betref, het die Nasionale Party lank by Nederlands gehou, en is berigte oor takvergaderings lank in Nederlands in *De Burger* gepubliseer. So berig *De Burger* van 11 Julie 1916 dat in die Noorder-Paarltak (S.J. du Toit was hier 35 jaar gelede nog predikant) 'n voorstel ingedien is dat die notule in Afrikaans gehou sou word, maar dit is teruggetrek nadat die sekretaris "zijn onbekwaamheid hiertoe te kennen gegeven had" (Steyn 1987:73).

⁸⁷Tot selfs gedurende die sestiger jare, meen Van der Merwe (1968:103) dat Afrikaans 'n 'gesonde' rigting moes inslaan. 'Gesond' het syns insiens beteken: 'n vorm (veral spelvorm) wat hom nie aan Nederlands gebonde moes voel nie. Volgens Van der Merwe (1968:106) moes die 'Afrikaanse' vorme voorkeur geniet. Sy Afrikaanse vorme moet beskou word as vorme wat van Nederlands afwyk - dit gaan dan nie meer oor die mees gebruiklikste vorm nie, maar die 'Afrikaanse' vorm.

Gedurende 1916 het Gordon Tomlinson van Vredefort 'n voorstel ingedien dat Afrikaans as amptelike taal erken moes word van die Vrystaatse Nasionale Party. Genl. Hertzog het hierop teëgestribbel en gemeen dat sy Afrikaans so sleg is dat hy miskien sou moes aftree as voorsitter van die hoofbestuur, want "in de Grondwet wordt gesproken van Hollands en niet van Afrikaans" (Steyn 1987:73-4). C.G. Murray, die hoofvertaler van die Volksraad, het ook 'swarigheid' gesien met die invoering van Afrikaans as ampstaal gedurende 1925. Na sy mening het Afrikaans toe nog nie die nodige vastigheid bereik nie, en het hy verder getwyfel of sy personeel ooit in staat sou wees om Afrikaans net so vloeind as Nederlands te beheers (Posthumus 1968:92). In een van die Volksraadsdebatte van 1925 het Joël Krige betoog dat Afrikaans nie 'n 'ten volle selfstandige taal' is nie. Daarby meen hy, het die Akademie, "elke maal die behoeft gevoel om die taal- en spelreëls en die woordelys te verander. Hulle het erken dat daar nog nie die regte sekerheid is nie" (Steyn 1987:207).

Afrikaans het hom vroeg hierdie eeu in 'n 'owergangstijdperk' bevind, waarvolgens besluit moes word hoe en wat Afrikaans is (vergelyk Steyn 1989¹:20-29). Veral die gebruik van die imperfektum en die spelling het tot vurige debatte geleid. Sommige prominente intellektuele wou die imperfektum behoue sien in Afrikaans, ander (soos J.H.H. de Waal) het dit weer gesien as 'n 'invoering' in Afrikaans. Langenhoven het eers geveeg vir die behoud daarvan en dit later weer 'malligheid' genoem (Steyn 1989:223). Preller het nie kans gesien om in Afrikaans te skryf as hy nie die imperfektum kon gebruik nie (Steyn 1987:216). Eugène Marais was daar eweneens 'n voorstander van, en sou dit nie in Afrikaans gebruik word nie, sou Afrikaans syns insiens die enigste beskaafde skryftaal in die hele wêreld wees wat nie oor 'n imperfektum beskik nie (Steyn 1987:214). Ander voorstanders van die imperfektum was N.J. Brümmer, Totius, die digter Jan F.E. Celliers, die skrywer Jochem van Bruggen, maar ook talle ander prominente figure (vergelyk Steyn 1987:207-224, & 1989¹:20-29). H.S. van Zijl, lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering was van mening dat daar geen kwessie was van 'n sogenaamde invoering van die imperfektum in Afrikaans nie, maar dat dit gewoon gegaan het om die behoud daarvan in Afrikaans (1989¹:21). Op die 1908 jaarkongres van die Afrikaanse Taalvereniging in Kaapstad kon daar nie 'n beslissing geneem word oor die gebruik van die imperfektum in Afrikaans nie. Op 'n voorstel van die voorsitter, D.F. Malan, is wel uiteindelik besluit: "Die vergadering ag die tijd nog nie gekome om 'n besluit te neem, ten opsigte van die gebruik van die imperfectum" (Steyn 1989¹:21). Die voorstanders van Afrikaans het dus nog nie presies geweet hoe die taal wat hulle voorstaan moes lyk nie. Die imperfektum sou in die maak van Afrikaans deur die Akademie, eers 20 jaar later geskrap word. Steyn (1989¹:22) skryf immers verder dat die imperfektum in die eerste twee dekades van die eeu nogal betreklik baie gebruik is, en nie slegs in die poësie nie.

Die besluit om van Afrikaans 'n amptelike taal te maak, was dat 'n "wordende taal"⁸⁸ nou vir amptelik sake gebruik moes word, en was Afrikaans nog onvas en nie heeltemal gestandaardiseer nie (Steyn 1993¹:51). Uit die dertig staatsamptenare wat gedurende 1925 as vertalers diens moes doen (nog sowat 500 was indirek daarby betrokke), was daar "geen eenheid in die werk" wat deur hulle gedoen was nie (volgens *Die Burger* van 4 Maart 1925), want elkeen het sy eie mening gehad oor Afrikaans uitdrukings (Steyn 1993¹:51). Talle koerante uit die tyd het kritiek gehad op die Afrikaans van die staat. So meen *Die Burger* van 20 Augustus 1928 dat "daardie vreemde taal, die 'Afrikaans' van die regeringskantore", maar swak verstaanbaar was, en *Die Burger* van 13

⁸⁸So genoem deur *Die Burger* van 27 Desember 1927.

Augustus 1929: "Hele paragrawe is in so 'n onbeholpe taal gestel, dat 'n mens maar na die Engelse verslag moet gryp om dit met gemak te lees" (Steyn 1993¹:52).

Dat Afrikaans nie die nodige 'vastigheid' bereik het nie, dui bloot daarop dat die nuwe norme nie ingeburger was nie, omdat daar van 'n nuwe eenvormige spreek- en skryftaal geen sprake was nie. Posthumus (1976:67) skryf: "Die eenheidstaal is in 1970 nog in wording." 'n Eenvormige eenheidstaal het ons in werklikheid nog nooit gehad nie, en sal ons ook nooit hê nie, want taaldiversiteit kom in alle taalgebiede voor. Die situasie in Suid-Afrika ten opsigte van taaldiversiteit sou nie anders gewees het indien ons by Nederlands as kultuurtaal gebly het nie. Dit was nie vir ons nodig om 'n nuwe taal te maak nie, ons kon gewoon by 'n klaargemaakte taal gehou het.

Nienaber & Nienaber (1970:46) skryf dat G. Preller 'n Afrikaanse skryftaal wou hê, wat 'gezond leeft' in die volk, maar dat die Patriotspelling vir Preller nie aanvaarbaar was nie, en wou hy 'n spelling hê, 'so na as maar prakties moontlik' aan die VNS. Ook Van der Merwe (1970:83) skryf dat in die praktyk uitgegaan is van die standpunt dat daar nie onnodig afgewyk moet word van die VNS nie. Daar moes dus so na as maar prakties moontlik aan die VNS gehou word, maar net nie die Nederlandse spelling self nie. Die spelling van die *Patriot* was volgens Van der Merwe (1970:83) te radikaal (moes die geskrewe beeld nie die gesproke variant volg nie?) en boonop het die *Patriot* in onguns geraak vanweë sy leier⁸⁹ se politieke standpunt. Kannemeyer (ongedateerd:15) skryf dat een van die redes waarom die eerste pogings van die Bybelvertaling nie deur die publiek aanvaar is nie, is omdat S.J. du Toit in sy vertalings, so na as moontlik aan die spreektaal probeer kom het. Die probleem wat die voorstanders van Afrikaans gehad het, was dat hulle nie by die Nederlandse spelling sou kon bly nie, want Afrikaans sou dan bloot Nederlands gewees het. Om verwarring onder die leiers en volgelinge van die Afrikaanse beweging te voorkom, moes 'n eie spelling duidelik die 'kloof' simboliseer tussen die 'twee tale'. Afrikaans moes dus 'n 'eie' gesig kry, 'n eie identiteit, wat in die geskrewe taal weerspieël moes word.⁹⁰ Die spelling wat die Afrikaner ingevoer het, was nie om 'n verbetering aan te bring nie, maar om 'anders' te wees. Die invoering van Standaardafrikaans was nie om dit makliker te maak vir die Afrikaner nie, maar om hom 'n eie identiteit te gee. Hierdie behoefté aan 'n eie identiteit, was 'n uiting van nasionalisme.

Die Afrikaanse Beweging Buite Beheer?

'n Mens kan jou vandag afvra wat die doel was van die credo van die Afrikaanse Taalgenootskap onder Preller: 'Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen'? Dit was die leuse waarmee Preller die stryd teen die voorstanders van Nederlands aangevat het. Die voorstanders van Nederlands (Taalbond) se leuse, uit die mond van D.F. Malan was: 'Leer Nederlands, schrijf

⁸⁹S.J. du Toit het die Jameson-inval in Transvaal goedgepraat.

⁹⁰Oor hoe die skrifbeeld van Afrikaans moes lyk, skryf J.H.H. de Waal in *Ons Land* van 3 September 1904: "Als wij toch van de erkende Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, waerom moet die afwijking net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebrekkig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder, die een zin in onze taal leest, dadelijk zal zeggen: Dat is geen quasi-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch - dat is het zuiver Afrikaansch? In dat geval zouden wij zoowel de taal van Holland als die van Zuid-Afrika zuiver houden, in plaats van een mengelmoes van beide te maken" (Pienaar 1943:242).

Nederlands, en spreek Afrikaans', en die credo van die Afrikaanse Taalvereniging: 'Leer Nederlands, schryf Nederlands als ge kunt en wilt, maar als ge niet kunt of wilt, schryf dan niet Engels, maar Afrikaans.' Was enige van hierdie credo's in Suid Afrika vandag realiteit, dan sou dit reeds 'n groot redding vir Afrikaans gewees het. Die oorspronklike bedoeling daarvan was op die realiteit gemik, maar die proses is verongeluk. Trouens Malan het aanvanklik huis hierdie strominge probeer verenig (alhoewel hy 'n vurige voorstander van Afrikaans was), en moes ons vandag so ongeveer tussen die denkriktings gestaan het. Indien enige van die taalverenigings 'n credo gehad het soos 'leer, lees, praat en skryf Afrikaans en vergeet Nederlands', sou sodanige vereniging se steun vroeg hierdie eeu, 'n ronde nul gewees het. Tog is dit presies waar ons vandag staan. Ds. S.J. du Toit skryf immers in 1981: "Deur Afrikaans te beoefen as skryftaal, goi ons di Hollanse letterkunde ni weg ni; di Afrikaner wat goed syn eie taal kan lees en skrywe, sal met meer vrug Hollans lees as di wat ni kan ni" (Pienaar 1943:175). Ook Preller was van mening dat die mense wat die meeste geheg was aan Afrikaans, ook die warmste ondersteuners van Nederlands was (Pienaar 1943:273-4). Ook die *Patriot* van 13 Junie 1879 het 'n pleidooi van *Het Volksblad* vir die regte van Nederlands gesteun en gemeen dat "die voorstanders van Afrikaans nog altoos die warmste voorstanders was van Hollans oek", en verder "dat ons oek verder die langs mogelike behoud van Hollans sal help bevorder, as 'n dam teen Engelse o'erheersing, wetende dat die toekoms ons toebehoort" (Steyn 1987:27). Steyn (1987:27) skryf ook dat die *Patriot* Nederlands gebruik het as bondgenoot om vir Afrikaans 'n plek te help verower. Verder het die *Patriot* ook die erkenning van Nederlands in die Kaapse Parlement ondersteun, en het die *Patriot* van 27 Mei 1881 selfs gemeen dat hy "eintlik die enige is wat werk ver Hollans" (Steyn 1987:39). Hierdie noue taalbondgenootskap sou in 'n taalvyandskap ontaard het. Was die rigting waarin die Afrikaanse beweging moes evolueer in lyn met die vooropgestelde visie van die leiers van die beweging? Was die evolusie van Afrikaans in ooreenstemming met die drome, hoop, verwagtinge en wense van die mense wat die Afrikaanse beweging begin en aangevuur het?

Gustav Preller, wat saam met J.H.H. de Waal die voorste aktieverders van die Afrikaanse beweging was (tweede beweging), was kennelik nie tevreden met die rigting waarin die taalbeweging evolueer het nie. Hy sou twintig jaar nadat hy so vurig vir Afrikaans geveg het, kritiek teen die beweging uit. Hy skryf onder andere op 14 Junie 1927 in *Ons Vaderland*, dat Afrikaans volgens sy beskeie oordeel, ongeveer vyftig jaar te vroeg as voertaal in die onderwys aanvaar is (Steyn 1987:208). Op 26 November 1926 in *Ons Vaderland* skryf hy verder: "Wat ons self betref, het ons ons nog nooit kon warmmaak oor die vertaling van onse Bybel in Afrikaans nie; en wel omdat ons dit sowel as die verheffing, tot offisiële landstaal, in die grond verkeerd beskou, d.w.s. teen die belang van onse taal. Vir ons Afrikaanse taal sou dit na ons beskeie oordeel 'n seën gewees het as ons die Bybel nog 'n halwe eeu lang in die mooie hoog-Hollands kon gelees het. Aan die anderkant gaan ons deur die vertaling Afrikaans vaslê in 'n spelling wat in allerlei opsigte ongeskik, rudimentêr en gewestelik is, d.w.s. nie algemeen nie, en 'n vormleer daarvoor yk wat die taal lelik stram en stroef moet maak.

"Dieselfde kan gesê word van die erkenning van Afrikaans as offisiële taal, waardeur dit in dieselfde onstuitbare skoolmeesterlike keurslyf gewring word; en ook van die groot Afrikaanse Woordeboek, waaraan tans hard gewerk word, wat eweneens bereken is om aan die taal 'n strakke

en onbuigsame gedaante te gee lang vóordat 't deur die praktiese gebruik sy beslag ontvang het" (Steyn 1987:208).⁹¹

Die voorstel van C.J. Langenhoven in 1914 om Afrikaans in die Kaapse skole te erken, het Preller in *Ons Vaderland* van 16 Februarie 1926 as 'voortvarend' beskou (Steyn 1987:208). Verder skryf Preller ook op 14 Junie 1927 in dieselfde koerant, of ons Afrikaans moet aanvul vanuit Nederlands, 'die stamtaal' of uit Engels? Verder meen hy dat Afrikaans as uitdrukingsmiddel vir die Afrikaner verlore kan raak "hoe verder ons van die stamtaal ons verwijder, deur ook die Bybel in Afrikaans oor te set, en deur Hollands selfs as leervak uit die skool te verban.

"Ons taal word deurtrek van Engels net soos 'n goue ring deur die kwiksilver, sodat dit bros en nikswêrd word nie. As ons g'n Hollands leer nie, dan verloor ons binne enkele jare die vermoege om te sê wat ons taal-eige is en wat vreemd is, - nie in woordkeus alleen nie, maar veral in die sinsbou, woordvorming en idioom." Sy taalhervormingsgedagte blyk verder duidelik: "Die regte, ja die enigste manier om daarteen te stry, is om die geskrewe beeld van onse taal nie meer so na as mogelijk aan die spreektaal te breng nie, maar so na as mogelijk aan die stamtaal, aan die klassieke Nederlands" (Steyn 1987:210). Preller was 'n ongelukkige mens, maar die proses wat hy met soveel vuur begin het, kon hy nie meer stuur nie.

Preller wou die beweging bystuur, en het hy en 'n paar ander Transvaalse joernaliste propaganda begin gemaak vir 'n skryftaal wat meer in die rigting van Nederlands sou moes neig, na 'n raadsvergadering van die Akademie gedurende Junie 1927 te Bloemfontein. Oor dié vergadering vermeld *Ons Vaderland*, dat verskeie lede van die vergadering gevoel het dat 'n meer konserwatiewe koers uitgevaar moes word, "want feitlik is ons met Afrikaans vandag weer teruggekeer tot dieselfde onmogelike toestand wat die 'skryf soos jy praat'-rigting van 1875 doodgemaak het" (Steyn 1987:211).

Veral die gebruik van die imperfektum in Afrikaans (maar ook die spelling) was in die spervuur (vergelyk Steyn 1987:207-224). Steyn skryf verder dat ook die digter Eugène Marais ongelukkig was daaroor dat die imperfektum in Afrikaans die agterdeur gewys is. In *Ons Vaderland* het op 6 Augustus 1927 'n reeks artikels verskyn uit die pen van dié digter onder die titel "Afrikaans by die kruispad", en hierin skryf hy ondermeer: "Ik verklaar, dat ons aangename vorm hopeloos in poësie is; dat die afwesigheid bittere en onnodige moeilikhede veroorsaak; dat die groot saak by Afrikaanse versiemakers, - in hierdie opsig, - nie is om mooi woorde en sinne uit te soek en tot skoonheid te verwerk nie; die groot saak is om die belemmerende omslagtigheid van ons onvolmaakte tydbepaling te vermy; om vorms en sinne so in te rig en te besig, dat die aanduiding van onvolmaakt-verledene onnodig is." Hy skryf ook verder: "Afrikaans is die enigste beskaafde skryftaal in die gehele wêrld wat geen onvolmaakt verledene tyd besit nie" (Steyn 1987:214). Eugène Marais wat Afrikaans so 'n kragtige stootjie gegee het met sy gedig 'Winternag', staan hier duidelik verwonderd oor die koers wat Afrikaans ingeslaan het. Onder andere skryf hy op 20 September 1927 in dieselfde blad: "Daar is geen mens, van vrou gebore, wat die volgende sinnetjie in ons bestaande Afrikaans kan omset en die werklike betekenis behou: 'Hy gaan en ging, altyd netjes gekleed op straat'" (Steyn 1987:214).

⁹¹Afrikaans het eintlik gaan ander keuse gehad as om in 'n keurslyf gedwing te word nie. Hy was reeds vir so 'n groot stuk Nederlands, en as te veel vryhede toegelaat sou word, hy steeds Nederlands sou wees.

Preller het moedig probeer om die Afrikaanse skryftaal in die rigting van Nederlands te du, en noem die Preller-verslag (wat die behoud van die imperfektum in Afrikaans bepleit het, en gedurende April 1928 by die Akademie ingedien is), dat die gulde middeweg van twintig jaar gelede verlaat is ten gunste van 'n radikale weg; 'n radikalisme wat die oorsaak was van die ondergang van die eerste taalbeweging. Hierdie 'radikalisme' waarna die verslag gewys het, was 'n evolusie in die rigting van dit wat S.J. du Toit in die eerste taalbeweging voorgestaan het. Volgens die Preller-verslag het Du Toit ook erken "dat een van die redes vir die mislukking van die eerste beweging gelege was in die fonetiese rigting wat hy gevolg het, en wat, wegens radikale verskille in die uitspraak, nie uitvoerbaar was nie. Hyself het aan een van uw Kommissielede, by die aanvang van die tweede beweging, op grond van sy ervaring, aan die hand gegee 'n skrifbeeld van Afrikaans te soek wat soveel as mogelijk verband moes bewaar met die Nederlandse stam-taal" (Steyn 1987:216). (Sou ook S.J. du Toit tot inkeer gekom het oor Afrikaans?)

Preller het so sterk gevoel oor die gebruik van die imperfektum in Afrikaans, dat hy selfs gesê het dat hy sonder die imperfektum "geen kans sien om Afrikaans te skryf nie" (Steyn 1987:216). Op die stelling dat die gebruik van die imperfektum, die kloof tussen spreek- en skryftaal sal vergroot, antwoord die Preller-verslag as volg: "Ons is 't nie daarmee eens nie, want ons is lang nie oortuig dat die skryftaal van 'n volk sy spreektaal noodwendig op die voet hoef te volg, of in die werkelikheid van enige van die groot wêreldtale dit so volg nie, Waarom, - so vra ons, - dan huis in Afrikaans, en waarom met oopsig tot so 'n elementêre en onmisbare werkwoordvorm as die onvol. verl. tyd?" (Steyn 1987:217). Op 28 September 1928 is te Kaapstad, die verslag van Preller om die imperfektum in Afrikaans te behou (herstel?) afgekeur, tydens die algemene jaarvergadering van die Akademie. Preller wat sedert die stigting van die Akademie 'n lid was, het sy bedanking ingedien, en skryf Steyn (1987:220): "Met dié Akademiesbesluit het die imperfektum final die stryd verloor."

Met sy bedanking was Preller nou buite die direkte bouproses van Afrikaans. Deur sy eie beweging omgeloop. Teen die tyd was die grofste beslissings ten opsigte van Afrikaans ook al geneem. Die taal het op eie bene begin staan. So het ons gedink, maar in werkelikheid sou die nuwe taal bloot sy greep op Nederlands verruil vir 'n greep op Engels.

Interessant was wel dat Preller gemeen het dat Standaardafrikaans vyftig jaar te vroeg gekom het, en dat ons absoluut oorhaastig was met die invoer van 'n nuwe taalstandaard. Indien dit sou moes gebeur het, sou ons van die nuwe standaard (dus teen 1975) maar weinig gesien het, indien enigsins. Die behoefte aan 'n nuwe standaard sou soos in die geval van Noorweë bly toeneem het tot en met die Tweede Wêreldoorlog waarna die eie-taal-behoefte sou begin gaan het. Europese dialeksprekers het ook sedert die Tweede Wêreldoorlog massaal na die standaardtaal oorgestap. 'n Proses wat in Suid-Afrika waarskynlik nie anders sou verloop het nie. Bowendien was die Afrikaner teen 1975 al sterk verstedelik, met 'n sterk elite, en daarby was hy toe ook al goed geskoold.⁹²

⁹²Vroeg hierdie eeu sou ons van die Paarl nog Pêrel kon maak, Stellenbosch Stellenbos, Waterval-Boven Waterval-Bo, Yzerspruit Ysterspruit, Bloemfontein Blomfontein, Vereeniging Vereniging, universiteit universiteit, Christen Kristen, ensovoorts. Hierdie moontlikheid is vandag nul, soos die moontlikheid om die hele Nederlandse spelling vandag te probeer verafrikaans het, ook nul sou gewees het.

Nederlandse Kritiek

Interessant was ook die kritiek vanuit Nederland in verband met die Afrikaanse taalbeweging. Vanuit Nederland was die beweging ten gunste van Afrikaans aanvanklik nie ernstig opgeneem nie, en was steeds gehoop op taaleenheid tussen Afrikaners, Vlaminge en Nederlanders. So skryf De Vooys (1931:161): "In de loop van de negentiende eeuw scheen het, dat het Nederlands een toekomst zou hebben in Zuid-Afrika. De Nederlandse kolonisten aan de Kaap waren hun taal trouw gebleven. Ook toen de kolonie aan de Engelsen afgestaan werd, en op de scholen slechts Engels onderwezen werd, toonde zich een groot deel van de kolonisten gehecht aan de taal van de vaderen. In de Boerenrepublieken, tengevolge van de "grote trek" ontstaan, werd dan ook het Nederlands de regeringstaal. Dit officiële Nederlands, het "Hoog-Hollands", was in stand gehouden door kerk en school: de Statenbijbel behoorde tot de geregelde en geliefde lektuur van de Boeren. Onderwijzers, uit Holland ontboden, predikanten die in Nederland gestudeerd hadden, en Hollandse immigranten verleenden steun aan het Nederlands, dat in boeken en dagbladen gedrukt en verbreed werd."

Die partikularistiese denkstroom in Vlaandere en Suid-Afrika was op die Nederlandse taalkongresse dikwels ter sprake. Gedurende die 23ste taalkongres te Antwerpen in 1896 het Fredericq wat 'n vurige voorstander van die behoud van taaleenheid tussen Vlaandere, Nederland en Suid-Afrika was, die Nederlandse taalbeweging in Suid-Afrika aangemoedig met die volgende waarskuwing aan die partikulariste: "De zoogezagde 'Afrikaansche taal', waar velen mee dweepen, kan u slechts leiden tot den afgrond der geestelike afzondering en der onmacht tegenover Engeland" (Antonissen 1975:2103).

Die aanvaarding van Standaardafricaans as kultuurtaal vir die Afrikaner was vir die Nederlander en Vlaming 'n verrassing. Dit blyk duidelik uit die volgende sitaat: "Van hoger hand en van Nederlandse zijde werd deze "kombuistaal" geminacht, en in geen geval als een ernstige mededinger van het Nederlands beschouwd. Het was dan ook in deze periode niet te voorzien dat dit Afrikaans eens de volledige overwinning zou behalen" (De Vooys 1931:161). Die onverwagte, die ongewone, die irrasionele het dus waar geword.

Die Naam van ons Taal.

Die naam van 'n taal is ook van belang. Die term Nederlands is betreklik resent. Die volkstaal was in die Middeleeue en tot die 17de eeu Duits genoem. Van der Plank (1985:118) skryf dat die 'volkstaal' gedurende die Middeleeue in Vlaandere as 'Dietsch' bekend gestaan het, in Brabant as 'Duutsch' en later in Holland 'Duitsch' genoem is. Die onderskeiding 'Nederlandsch duitsch' (Nederduits) en 'Overlandsch duitsch' (Hoogduits) is in Duitsland gemaak om 'n duideliker onderskeid te maak tussen die twee soorte Duits wat intussen al verder van mekaar begin afwyk het. Volgens Vercoullie (1925:45) het Diets tydens die Middeleeue, uit vier hoofgroepes bestaan, naamlik: Vlaams, Brabants, Zeeus, en Hollands. Die woord *Diets* is 'n afleiding van die Middelnederlandse *Died*, wat volk beteken. *Diets* het dus volkstaal beteken teenoor die geleerde taal Latyn (Vercoullie 1925: 44). Tot en met vandag noem die Engelstaliges die taal van die Nederlande "Dutch" (Diets). Die woord 'Nederlandsch' verskyn die eerste keer in boekvorm in Antwerpen in 1514, maar 'Duits' bly dan ook tot diep in die 17de eeu, die naam van die taal in beide die Nederlande. Volgens Van Loey (1945:41) het die benaming Nederduits tot aan die begin

van die negentiende eeu sterk met die benaming Nederlands gekompeteer, omdat dit in die benaming van die Hervormde kerk voorgekom het, sedert 1578, maar ook omdat dit 'n gepaste benaming was om die taal van Duits te onderskei - Nederduits teenoor Hoogduits. Met die politieke skeiding tussen Noord- en Suid-Nederland, word die term 'Vlaemsch' sedert 1567, en 'Brabantsch' sedert 1579 in Suid-Nederland gebruik as naam vir die taal (Vercoullie 1925:5). Sedert 1610 word die term 'Hollandsch' ook gebruik vir die taal van die Noorde. Na die hereniging van die Noord- en Suid-Nederlande in 1814 word die term 'Nederlandsch' opnuut en ook vir die eerste keer 'n amptelike benaming. Na die politieke breuk in 1830 word in die Suide weer dikwels van 'Vlaams' of 'Nederduits' gepraat.

Die term *Vlaams* saai groot verwarring. Amptelik heet die taal van Nederland en Vlaandere Nederlands. Die term *Vlaams* kan een van vier dinge beteken. Eerstens kan *Vlaams* dui op die ou kultuurtaal van die Graafskap van Vlaandere (Frans-Vlaandere, Wes- en Oos-Vlaandere en Zeeus-Vlaandere), met 'n uitstraling oor die hele Nederlandse taalgebied. Ten tweede kan dit dui op 'n versamelterm vir al die Nederlandse dialektes wat vandag in Vlaandere gebruik word. Ten derde kan die term *Vlaams* vandag ook verwys na die dialektes wat in Wes- en Oos-Vlaandere gepraat word, in teenstelling tot Brabants, Antwerps en Limburgs in die ander provinsies. Ten vierde kan die term gewoon gebruik word as sinoniem vir Nederlands in Vlaandere. **Daar bestaan geen Vlaamse taal nie**, bedoelende 'n selfstandige kultuurtaal.

Die gebruik van die twee terme vir presies dieselfde taal, het ongetwyfeld skeidend gewerk. Veral buitelanders (ook vele Afrikaners) meen vandag nog steeds, dat Nederland en Vlaandere elk oor 'n eie taal beskik, wat dus onjuis is.

Sedert 1830 was die term *Vlaams* in Vlaandere nogal populêr, en is dit afwisselend gebruik saam met die term *Nederlands* as naam vir die taal in Vlaandere. Eers so laat as 10 Desember 1973 is per dekreet besluit dat die taal wat deur die Nederlandse kultuurgemeenskappe in België gebruik word, voortaan "Nederlands" of die "Nederlandse taal" sal heet, en dat in bestaande wette die term "Vlaams" of "Vlaamse taal" vervang sal word met die terme "Nederlands" of die "Nederlandse taal" (Belgisch Staatsblad, 10 April 1974, p. 5038). Hierdie besluit is nooit deur die partikulariste verwelkom nie, en volgens Geerts (1989:531) gaan daar vanuit hierdie denkriktiging, vandag stemme op vir die terugtrekking van die dekreet, en 'n afkondiging dat in Vlaandere *Vlaams* gepraat word. Waar vandag soms selfs in formele taalgebruik verwys word na *Vlaams*, word gewoon Nederlands bedoel.

Gedurende die vorige eeu was die Afrikaner se taal Nederlands, en het hy homself as Nederlandssprekende Afrikaner gesien, soos uit talle tekste voor 1925 blyk⁹³. Toe het die Afrikaner Nederlands as sy eie-goed, en sy kulturele erfenis beskou. Op 1 Maart 1880 byvoorbeeld, toe 'n ene dr. Morkel met 'n toespraak op Stellenbosch Engels begin praat het, het die gehoor hom doodgeskreeu met krete soos: "Hollandsch! Hollandsch!", en "Spreek Hollandsch!", en "Hij kan net mooi Hollandsch praat!" en "Spreek Hollandsch; 't gaan te dol, veel te dol zoo, wij zijn alle Afrikaanders hier" (Steyn 1987:25). In *Ons Land* van 13 November 1903

⁹³Gedurende die sewentiende en agtiende eeu het Afrikaner sy taal ook Nederduijs genoem, Duijts of Duijtse tale en het hy hom as Duitsman gesien. Die term Duitsen Bijbel het dan ook na die Statebybel verwys (terme uit Belcher 1987).

reageer 'n ontstoke briefskrywer oor die gebruik van Engels tydens die jubileum viering van die NG gemeente Stellenbosch, voor die Kweekskoolgebou: "In deze taal werden drie redevoeringen uitgesproken, en onder de sprekers bevonden zich drie volbloed Hollandsche Afrikaanders, die men beschouwt als verdedigers van de Hollandsche taal-belangen...Toespraken in het Engelsch, voor de kweekplaats van onze Hollandsche predikanten, dat is toch geen bevordering onzer Hollandsche taal; éérder een diepe vernedering voor ons als Afrikaanders" (Zietsman 1992:86).

Die term 'Afrikaanssprekende Afrikaner' wat vandag as skering en inslag beskou word, is in werklikheid betreklik resent. Selfs op die grootste dag van Standaardafrikaans, naamlik 8 Mei 1925, het dr. Malan op dié historiese sitting van die Volksraad en die Senaat onder andere gesê: "Dit is 'n groot gebeurtenis in die gedagtes van die Hollandssprekendes in S.A. omdat, as hierdie wet gepasseer word. Afrikaans tot sy eer kom en gekroon word. Daar is vir die Hollandssprekendes in S.A. eintlik maar net een taal wat in die volste sin van die woord hulle eie taal is, en dit is die Afrikaanse taal. Dit is met die Hollandssprekende Afrikanerdom gebore...." (Pienaar 1943:368). Toe het Hollandssprekendes Afrikaans gepraat.

Die naam van 'n taal is van belang. Met die benaming van 'n bepaalde variëteit word deur die sprekers van die betrokke variëteit 'n duidelike sinjaal aan die buitewêreld gesein. Om hierdie rede beskik talle dialektes nie eens oor 'n naam nie, omdat hulle niks besonders wil sinjaleer nie. Die Brasiliane en Amerikaners het gedurende die twintigerjare van dié eeu, liefs name aan hul tale probeer gee wat van die name in die stamlande moes afwyk. Die sukses van die naam *Vlaams* word duidelik oral ervaar. Selfs ander Europeërs verkeer onder die indruk dat 'Vlaams' en 'Nederlands' twee tale is, want die name in die volksmond sê so. Die benaming van 'n variëteit is dus 'n instrument wat 'n eie identiteit moet help weerspieël, en wat selfs kan help om afstand te skep tussen twee variëteite van dieselfde taal. Talle Afrikaners het vroeg die eeu nie altyd geweet of die naam van hul moedertaal nou Nederlands, Hollands of Afrikaans is nie.⁹⁴ Die naam vir ons taal 'Afrikaans' moes duidelik iets simboliseer, al was die taal in wese nog Nederlands.

⁹⁴Hierdie gedagte was op 27 April 1994 nog in Suid-Afrika lewendig. Die *Sarie* van 8 Junie 1994 skryf oor die verkiesingsgebeure, dat daar 'n vrou van 102 was wat vir die eerste keer gaan stem het. 'n Joernalis wou by haar weet watter taal sy praat. Alles is probeer: Afrikaans, Engels, Xhosa, Zoeloe. Maar sonder reaksie. Tot een van haar kleinkinders in haar oor skree: "Ouma, die mense wil weet watter taal praat ouma", en haar duidelike antwoord: "Ik praat Hollands."

REDES WAAROM AFRIKAANS AS STANDAARDTAAL VERRYS HET

Op 8 Mei 1925 het die Volksraad en die Senaat in 'n gesamentlike sitting 'n voorstel goedgekeur dat Afrikaans naas Nederlands ook die medium van wette, wetsontwerpe en offisiële dokumente van die Parlement sou kon wees (Steyn 1980:193). Vir vele Afrikaners was dit 'n heuglike dag. In werklikheid was dit rampspoedig vir ons moedertaal, want die woord 'gelykstelling' in die wet, is deur die voorstanders van Standaardafrikaans gelees as 'vervanging'⁹⁵. In die praktyk is 8 Mei 1925 beskou as 'n groenlig vir die uitboendering van Nederlands: Die Parlement uit, die land uit. 8 Mei 1925 is dus beskou as die amptelike goedkeuring vir die verdwering van ons moedertaal. Afrikaners het begin om 'n groot taal, Nederlands, hul eie taal en kulturele erfgoed, by hul eie huis uit te skop, en dit te vervang met 'n kleintjie. Afrikaans het homself amptelik begin isoleer. Dit in weerwil van 'n magtige Engels in opmars,⁹⁶ wat Afrikaans voortaan net verder op alle terreine sou bedreig. Tot en met 1925 was Nederlands net so deel van die Afrikaner as wat dit deel van die Nederlander en Vlaming was. Na 1925 is Nederlands (wat vir meer as 95% Afrikaans is), verwerp as andermansgoed. Waarom?

Binne 'n paar dekades het dit wat as 'patios' beskou is, beminlike moedertaal geword, en wat sierlike moedertaal was, het 'n vreemde taal geword, 'n andermanstaal. So 'n aardverskuiwing, in so 'n kort periode moet 'n duidelike oorsaak hê. So kla 'n luisteraar oor die eerste Afrikaans op radio, gedurende 1937 in *The Star*, dat hy tydens sy jeug opgemerk het dat "our native and coloured servants" 'n dialek gebesig het wat hy gedink het ongrammatiese Nederlands was, "due possibly to their lack of education and poor articulation." Vele jare daarna was hy egter geskok om blankes van Hollandse afkoms met mekaar in die "dialect" te hoor praat. "Nevertheless this Afrikaans has been adopted by those who don't want it. I don't want it, and I refuse to have it forced upon me through the medium of radio when I am enjoying a good English programme" (Steyn 1987:114).

Wanneer 'n mens die werke lees wat die 'ontstaansgeskiedenis' van Afrikaans behandel, val twee dinge duidelik op: Ten eerste is dit duidelik dat emosie en romantiek sterk met die Afrikaanse gedagte verweef was, en ten tweede het die pleitbesorgers van die Afrikaanse taalgedagte 'n enorme gebrek aan argumente vir hul standpunt gehad. Die koms van Afrikaans as kultuurtaal, moet veral in die opkoms van nasionalisme gesoek word.

Nasionalisme

Oor die 'ontstaan' van Afrikaans is werklik al omvattend navorsing gedoen. Die kern van hierdie navorsing het rond taalkontak gewentel, wat die oorsaak sou moes wees vir die 'totstandkoming'

⁹⁵Pienaar (1943:368) se interpretasie van die wet was as volg: ""Het woord ,Hollandse' in artikel honderd-zeven-entig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten." Dit het met ander woorde beteken: Afrikaans word verklaar tot offisiële landstaal van Suid-Afrika naas Engels". Hoe 'n mens ook die wet lees, dit wat Pienaar daarin gelees het staan nie daar nie.

⁹⁶Pienaar (1943:368) skryf dat daar met die aanvaarding van Afrikaans as amptelike taal, tydens die gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat, 'n merkwaardige "broederlike eenstemmigheid" geheers het tussen die Afrikaners en Engelstalige verteenwoordigers. So 'n verbroedering kan seker verwag word wanneer 'n opponent sien hoe sy teenstander sy eie posisie verswak!

van Afrikaans. Die invloed van vreemde tale, welke tale dan ook, op die 'ontstaan' van Afrikaans, is egter maar 'n klein deel van die waarheid.⁹⁷

Die feit dat Nederlands vereenvoudig is, en soveel van sy fleksievorme verloor het, sit vir 'n groot stuk in die swak sosio-ekonomiese posisie, waaronder die Afrikaners gekneld gegaan het. Nog 'n studieterrein wat tot dusver deur navorsers links laat lê is, is die gelykmakende effek van dialekte (dialect levelling) in kontak met mekaar, waar kenmerke wat nie in die ander dialekte voorgekom het nie verwerp is, en kenmerke wat wel in ander dialekte voorgekom het behou is.

Die ontstaan van Afrikaans, of die rede vir die ontstaan van Afrikaans (standaardtaal) lê nie in die sewentiende of agtiende eeu nie, soos wat talle wetenskappers beweer, maar lê veel eerder in die laat negentiende- en vroeë twintigste eeu. Die swak sosio-ekonomiese posisie, 'dialect levelling', en die invloed van ander tale op Nederlands, het egter bloot aanleiding gegee tot die vorming van nuwe omgangsvariëteite. Standaardafrikaans het nie ontstaan weens die teenwoordigheid van 'n reeds gevormde omgangsvariëteit nie, anders sou van die ander variëteite in Suid-Afrika, ook Standaardtale geword het. Die ontstaan van hierdie omgangsvariëteite het in sekere opsigte nie veel verskil van die manier waarop talle dialekte oral ter wêreld (veral die Nuwe Wêrld) ontstaan het nie. Die belangrikste oorsaak vir die ontstaan van Standaardafrikaans moet op die affektiewe terrein gesoek word.

Wat steek hierin?

Taalverskille is aangegee as die oorsaak waarom Afrikaans gestandaardiseer moes word. Die kloof tussen die omgangstaal en die geskrewe taal was so groot dat daar teen die einde van die vorige eeu, sprake was van twee tale. Is Kaapse-Afrikaans en Standaardafrikaans een of twee tale? Davids (1994:50) meen dat Standaardafrikaans so na aan Nederlands staan, dat dit vir die sprekers van Kaapse Afrikaans eintlik 'n vreemde taal is. Tot aan die einde van die sewentigerjare was daar Afrikaanse taalkundiges wat die variëteit wat deur die Kleurlinggemeenskap gebruik word, nie as Afrikaans beskou het nie (Stoops 1995:6). Vandaag egter word die twee variëteite as een taal beskou. Tog kan 'n mens oor die verskille tussen die twee variëteite, 'n boek skryf wat selfs dikker kan wees as enige van die werke wat die verskille tussen Afrikaans en Nederlands uitwys.⁹⁸ Die begeerte om so 'n studie te doen is klein, want welke doel sal dit dien. Daar bestaan ook geen behoefte om die twee variëteite uit mekaar te dryf nie, intendeel, 'n onverdeelde Afrikaans is tog sterker as 'n 'Kaaps' en 'n 'Afrikaans'. Nogtans het daar in Suid-Afrika 'n behoefte bestaan om die verskille tussen Afrikaans en Nederlands uit te wys. Dit blyk dan dat daar eers 'n behoefte moet ontstaan, en as die behoefte goed ontwikkel het, word daar na bewyse (taalverskille) gesoek, en nie andersom nie.

Indien daar gedurende die sewentiende eeu al 'n betreklik eenvormige 'Afrikaans' was soos sommige wetenskappers beweer, dan was die Afrikaner al vir tweehonderd jaar, tot en met die einde van die negentiende eeu, hoogs tevrede daarmee om 'Afrikaans' te praat en Nederlands te skryf. Presies dus, soos wat elke streektaalgebruiker in Vlaandere en Nederland vandag nog met

⁹⁷Was die taalkontak later met die swart volkere nie ook besonder intensief nie? Nietemin word die bydra van hierdie tale op die 'ontwikkeling' van Afrikaans, as minimaal beskou.

⁹⁸Daar moet ook ingedagte gehou word dat die niestandaardvariëteite die afgelope 50 jaar sterk beweeg het in die rigting van Standaardafrikaans, en was die diversiteit vroeër veel groter.

so 'n situasie tevreden is. Teen die einde van die negentiende eeu, maar veral die begin van die twintigste eeu, het daar skielik 'n behoeftte ontstaan (alleen by die sprekers van Oosgrensaafrikaans) om Afrikaans (Oosgrensaafrikaans) van Nederlands te skei en is naarstiglik na taalverskille begin soek. 'n Eue lange absolute tevredenheid het dus op 'n bepaalde tydstip, in 'n absolute ontevredenheid omgeswaai.

Duidelik is dit dat twee taalvariëteite nie van mekaar hoef te verskil, om 'n standaardisering van een hiervan te regverdig nie, daar moet 'n 'behoefte' wees. As argument vir die standaardisering van een van die variëteite, word egter nooit na die 'behoefte' verwys nie, omdat dit nie tasbaar is nie. Bewysemateriaal vir taalskeiding word dan uit die linguistiek opgediep. Dat die standaardisering van 'n taal nik te doen het met verskille of ooreenkoms tussen taalvariëteite nie, blyk duidelik uit die volgende aanhaling van Ryan e.a. (1982:3): "Standardization is a characteristic of the social treatment of a variety, not a property of the language variant itself." Afrikaans moes dus tot stand kom, bloot op grond van 'n sosiale behoeft!

Die sogenaamde 'totstandkoming' van Afrikaans, hang nou saam met nasionalisme. Dit is immers een van die simbole (ander belangrike simbole is 'n eie vlag en eie volkslied) wat nasionalisme aangevuur het. Dat nasionalisme 'n groot rol in Afrikaans gespeel het blyk duidelik uit die volgende: "Die beweging ten gunste van Afrikaans het nooit los van die groot nasionale oplewing onder Afrikaners gestaan nie; dit was maar een van die uitingsvorme daarvan" (Scholtz 1980:9). Zietsman (1992:7) skryf dat die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875) en *Die Afrikaanse Patriot* (1876) die voorloper was van die samevloeiing van Afrikaans en Afrikanernasionalisme. Ponelis (1992:72) skryf dat die belangrikste sosiale dryfkrag agter die waardering en die daaropvolgende kultivering van Afrikaans, Afrikanernasionalisme was. Volgens Van der Merwe (1968) was dit noodsaaklik om Afrikaans tot standaardtaal te verhef, omdat alleen die nasionalisties gedrewe Afrikaans en nie Nederlands nie, in staat sou wees om verengeling te keer.

Gedurende 1891 Skryf S.J. du Toit: "Hoe eerder Afrikaans as offisiële taal erkend word...hoe voordeleger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit." Hy skryf ook verder: "Sodra ons 'n eie letterkunde het, waarin sig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg ver 'n eie beskawing. Mar solank as ons by Holland ter mark moet gaan ver geestesprodukte en alles daar moet gaan leen, praat ons verniet van 'n eie nasionaliteit" (Pienaar 1943:175). Afrikaans moes die olie wees op die nasionalisme-vuur. Volgens S.J. du Toit sou ons dus nooit onself kon wees indien ons na Nederland moes bly opkyk vir ons kultuurvoeding nie.⁹⁹

Smith (1914:27) skryf dat geen "selfrespekterende volk" sal toelaat dat sy beskaafde spreektaal 'n "minderwaardige kombuis-posisie" inneem nie. Die Afrikaner het vroeg die eeu nogal moeite gehad met kombuisbeelde, waarskynlik vanweë die armoede onder Afrikaners. Die illusie is geskep dat die Afrikaner 'n onwaardige volk sou wees indien sy kultuurtaal Nederlands sou moes bly. Van der Merwe (1968:240) skryf ook in hierdie verband: "Elke volk of nasie wat die naam "volk" waardig is, het 'n eie taal, wat die oorsprong van sodanige taal nou ookal is." Ook het De Waal tydens 'n voorlesing gesê: "Die Afrikaanse taalbeweging is niets minder dan een ontwaking

⁹⁹In die praktyk egter het ons Nederland natuurlik gewoon ingeruil vir Engeland en Amerika.

bij ons volk tot een gevoel van eigenwaarde en tot die roeping om een waardiger plaats in te nemen in die wereldbeschaving" (Pienaar 1943:310-311). Die waardigheidswessie is dus vooropgestel. Talle volkere deel egter 'n enkele kultuurtaal, soos ons ook 'n kultuurtaal met die Nederlanders, Vlaminge en Surinamers gedeel het. Dit het met waardigheid of onwaardigheid niks te doen nie. Dit sou moes inhoud dat ook een van die Duitstalige volkere of Engelstalige volkere meer of minder waardig sou wees as 'n taalvennoot. Die gedagtegoed van 'waardige volk', asof ons onwaardig sou wees met ons oorgeërfde Nederlandse kultuurtaal, was egter 'n belangrike blaasbalk by die nasionalisme-vuur.

Die Afrikaner-elite, die geskoolde Afrikaner, die mense met die verstand in die land, het gewaarsku dat die standaardisering van Afrikaans, en die gepaardgaande afdrywing van Nederlands, rampsspoedig sou wees vir ons taal. Dit is in die wind geslaan. By die keuse tussen Nederlands en Afrikaans het 'n vorige premier van Suid-Afrika, D.F. Malan, gemeen dat geen volk sy taal kies op advies van deskundiges nie, maar word 'n volk se taal gebore op die bodem van die volkshart en volksgeskiedenis (Zietsman 1992:102). Teen die einde van die vorige eeu was sommige Afrikaners volgens Nienaber & Nienaber (1970:20) "besiel" met 'n "sterk geloof" en 'n "groot liefde" vir Afrikaans, en is hul strewe gesien as 'n opstand of 'n kettery teen gevestigde houdings en oortuigings. Die besluit om Afrikaans tot kultuurtaal van die Afrikaner uit te bou, stoel op emosie en nasionalisme. Die realiteit, naamlik dat die taal van ons voorouers ook ons taal is, en die feit dat ons by die afskeuring van Nederlands, die krag van Nederlands as 'n eenheidstaal verdeel en ontkrag het, is gewoon misgekyk. Die besluit om Afrikaans van Nederlands los te skeur, was 'n emosioneel en irrasioneel besluit, waar ons deur gevoelens gestuur is, in plaas van rasionele gesonde verstand.

Taalnasionalisme Elders

Volgens Van der Plank (1971:139) kan die simboliese waarde van 'n eie taal, op 'n subtiese manier tot uiting kom. Hy verwys na die spellingsverskille wat daar vroeër tussen Noord- en Suid-Nederland bestaan het, waar die spellingsverskil 'iets' moes simboliseer. Ook noem hy dat na die tweede wêreldoorlog in Luxemburg probeer is om vir Luxemburgs, 'n Franse spelling in te voer, om afstand van Duits te probeer skep, maar dit was sonder sukses. Slowaaks het ook volgens hom hul eie karakter sterker probeer benadruk, dus weg van Tsjeggies af, deur 'n spellingswysiging. Om die kontras in godsdiens duideliker na vore te stoot, waar twee godsdiensgroepes één taal gebruik, word ook in dieselfde taal soms meer alfabette ingevoer. Dit het in Serwo-Kroaties gebeur, die Serwiërs gebruik die Cyrilliese-, die Kroate die Latynse- en die Moslems die Arabiese alfabet, van een en dieselfde taal. Die verskille tussen die drie 'tale' was onlangs nog so klein soos die verskil tussen die Nederlands van Nederland en die van Vlaandere, maar tans word in Kroasië alle Serwiese woorde verban, die Serwiërs beskou die dialek van Belgrado as hul taalmodel, en die Moslems gebruik soveel moontlik Turkse en Arabiese woorde (Burger 1994¹:223).

In Roemenië is die Cyrilliese alfabet in 1860 vervang deur die Latynse alfabet, maar in Moldawië (ook Roemeenssprekend) is die hervorming teegehou deur die Russe. Van der Plank (1971:140) kom tot die konklusie dat die indruk bestaan dat indien *nasionalistiese aspirasies* in 'n deel van 'n groep ontwikkel, sal die groep 'n onderskeid probeer maak in die taal as simbool. In dergelike gevalle word gestreef na die ontwikkeling van 'n dialek of 'n variëteit daarvan, wat gepraat word deur hierdie nasionalisties gemobiliseerde groep. Hierdie dialek of taalvariëteit word dan verhef tot

onafhanklike kultuur- en skryftaal, of word daar 'n onderskeid gemaak in die spelwyse, of word die alfabet gewysig van die tot dusver gemeenskaplike taal.

Henze (Cooper 1989:144) noem ook dat die Sowjetunie so ver moontlik gepoog het om 'n Turkse samehorigheidsgevoel in die suide van die land te voorkom deur in die Turksverwante tale soveel moontlik verskille in te bring ten opsigte van die spelling, grammatika, en woordeskat.

Uit die bogemelde gevalle is dit duidelik dat taal as voertuig kan dien vir die bereiking van bepaalde doelwitte. Met Afrikaans as standaardtaal wou die Afrikaner iets bereik. Die taal moes tot iets dienstig wees.

Die rol van Purisme in Identiteitsvorming

Nasionalisme gaan nou gepaard met purisme. Hierdie strewe na suiwerheid was 'n kenmerkende verskynsel by die sprekers van Oosgrensafrikaans, en het dit nooit los van nasionalisme gestaan nie. Die begrippe Afrikaans, nasionalisme en suiwerheid was in werklikheid onskeibare begrippe. Die begrip suiwerheid is uiterlig abstrak en word dikwels bloot op persepsie gebou. Talle mense reken dat whiskey 'n 'suiwer' drank is. Maar die alkohol inhoud is ongeveer 40%, en die res? Diesel is tog veel suiwerder as whiskey! Waar een hondeteler sy bulterriër as suiwer geteel sien, sal iemand anders wat die ras nie ken nie, die hond as 'n straatbrak beskou. Suiwer is nie altyd suiwer nie. Dis suiwer wanneer dit as iets edels ge-etiketteer word. Wanneer 'n taal suiwer is en wanneer nie, is bloot persepsie. Objektief beskou, is Afrikaans gewoon geradbraakte Nederlands, met 'n aantal Maleise, Hottentotse en Engelse woorde daarin - 'n onsuiwere taal. Maar dit is presies nie hoe die Afrikaner sy taal beskou nie.

In die *Patriot* van 15 Maart 1876 staan: "Ons taal is nes ons nasie, een vermenging. Ons het Hollanse, Franse, Engelse, Duitse en andere woorde wat tot een geheel geworre is. So as die nasie is so is die taal" (Nienaber 1974¹:35). Die 15 Augustus 1876 uitgawe van die *Patriot* staan in skrille kontras met die Maart uitgawe: "Dis dan oek so goed as seker dat ons taal die suiwerste tak is wat uit die Germaanse stam gegroeи het. Terwyl die ander takke uitgebaster het." (Nienaber 1974¹:113). Ook skryf S.J. du Toit gedurende 1897 in sy *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*: "(I)nderdaad di suiwerste Germaanse taal wat nou bestaan" (Loubser 1980:iv). Afrikaans wat 'n 'vermengde taal' was, is dus ook as die 'suiwerste Germaanse taal' beskou! Kan 'n vermenging suiwer wees? Oor taalsuiwerheid skryf Carstens (1989:239): "Hierdie strewe is egter niks anders as 'n *ideaal* nie; dis *kwalik realiseerbaar* in enige gegewe taal, want geen taal kan in 'n lugleegte bestaan en so aan beïnvloeding van buite ontsnap nie."

Suiwerheid in taal kan nie gemeet word, op dieselfde manier waarop ons die suiwerheid van een ons goud bepaal nie. Die totstandkoming van Afrikaans¹⁰⁰ was nou verbonde aan die strewe na suiwerheid (vergelyk die studie i.v.m. purisme in Thomas 1991:118). Sedert 1652 was die Afrikaner nooit besorgd oor suiwerheid in sy taal nie. Dit het saamgeloop met die opkoms van nasionalisme. Thomas (1991:39) noem dat suiwerheid gesien kan word as: "An aesthetic notation closely associated with such values as 'wholeness', 'oneness', 'homogeneity', 'pristineness', 'correctness'", maar skryf hy: "there is one aesthetic principle which dwarfs all others - nationalism. The nationals aesthetic is primarily concerned with defining what are the characteristic features of

¹⁰⁰en dus ook die totstandkoming van nasionalisme.

the national culture. This is accomplished by stressing those elements which distinguish the national culture from other cultures and minimizing or ignoring their common features." Die gevoel van edelheid en uniekheid wat met Afrikaans en nasionalisme gebloeï het, was om identiteitsvorming aan te help. Hierdie bewuswording van 'n eie identiteit was dan ook teen Nederlands gemik. Hieroor skryf Thomas (1991:182): "There is no question that purism is often directly responsible for the differentiation between two closely related languages and between two codes of the same diasystem."

Die uniekheid van Afrikaans is massaal oorbeklemtoon, so oorbeklemtoon dat selfs vandag Afrikaanse taalkundiges onuitputlik energie steek in die uitwysing van die 'verskille' tussen Afrikaans en Nederlands. Ooreenkomste word kragdadig doodgeswyg of geïgnoreer, en omdat die Nederlandse taal soveel verskeidenheid toon in vorm en klankleer, word soms na 'verskille' verwys wat ook maar tussen die Nederlandse variëteite bestaan. Waar Afrikaans in elk geval van Standaardnederlands afwyk, toon Afrikaans talle ooreenkomste met die ander dialektes. Ook hierdie ooreenkomste word brutaal doodgeswyg. Thomas (1991:55) skryf dat 'n suiweringsveldtog dikwels teen 'n nou verwante taal gevoer word: "This is particularly true of closely related languages, where a cogent argument could be advanced for their amalgamation (e.g. Czech and Slovak, Serbian and Croatian, Nynorsk and Dano-Norwegian, Urdu and Hindi, the Katharevousa Dimotiki varieties of Greek) or for the promotion of the dominant language for another speech community (Spanish for Catalan, Serbo-Croatian for Slovene, Dutch for Friesian)."

Oor die nasionalisme-purisme bondgenootskap skryf Thomas (1991:136): "Nationalism and purism tend to co-occur, co-vary in intensity, and react to influences from the same source...We can anticipate, therefore at times of heightened national consciousness a tendency towards maximal differentiation between languages and between varieties of a single language. Alternatively, we can expect those opposed to nationalism to deny the existence, or at least to play down the importance, of these *differentiae*." Die 'behoefte' na die soeke na taalverskille tussen 'Afrikaans' en Nederlands, of die skepping van die verskille waar dit nie bestaan het nie, het vir 'n groot stuk geskuil in purisme en nasionalisme. Standaardafrikaans kan gesien word as 'n produk (oorsaak?) van verhoogde nasionalisme.

Nasionalisme in Perspektief

Daar moet ingedagte gehou word dat sonder nasionalisme ook geen enkele taalbeweging ooit 'n roering sal kan maak nie. Duidelik is dat die Nederlandse taalbeweging in Suid-Afrika ook 'n nasionale gevoel onder die publiek, as onontbeerlik beskou het. Dit blyk duidelik uit die woorde van prof. de Vos in 'n brosjure in 1891: "Wij beschouwen 't niet alleen ons onvervreemdbaard regt, maar ook onzen heiligen pligt te ijveren voor de belangen der Hollandsche taal in dit land; wij doen zulks omdat er zeer veel van afhangt voor onze nationaliteit, onze kerk, en geheel de toekomst van Zuid Afrika" (De Villiers 1936:150). In *Ons Land* skryf De Vos op 5 November 1892 dat God ons volk, veral soos omvat deur die Hollandse kerke, oor 'n tydperk van twee eeue vir 'n besondere werk in hierdie wêrelddeel voorberei het: "Daarom vooral is 't dat ik zoo hoogen prijs stel op ons nationaliteitsgevoel en de taal van onze kerk en ons volk. Deze dingen zijn met elkander samengeweven" (Zietsman 1992:11). Daarby was die doel van die Zuid-Afrikaanse

Taalbond, die "bevordering van de kennis der Volkstaal⁽¹⁰¹⁾ en aankweking van een ontwikkeld nationaliteitsgevoel" (Zietsman 1992:11). 'n Predikant het in 1905 gesê: "Wij zijn Britsche onderdanen, maar willen niet een worden met het Britsche volk. Wij blijven Afrikaners" (Steyn¹ 1987:81). *De Volkstem* het op 25 Julie 1906 berig dat J. Smuts tydens 'n vergadering te Christiana, Afrikaners opgeroep het om trots te wees op hul taal en nasionaliteit: "Ik hoor dat sommige Afrikaanse ouders hier hun kinders niet eens Hollands willen laten leren! ...Broeders, hoe is dat mogelijk?...Laten we toch onze nationaliteit hoog houden (Zietsman 1992:176). Aldus die Smuts van 1906. Verder moet ingedagte gehou word dat die nasionalisme wat met die eeuwisseling in Suid-Afrika gewoed het, nie eiesoortig aan Suid-Afrika was nie. In Europa en Amerika het in dié tyd, dieselfde wind gewaai.

Dit is interessant om in die verband ook kennis daarvan te neem dat 'n prominente Afrikanernasionalis, genl. J.B.M. Hertzog, voorstander was van Nederlands as kultuurtaal vir die Afrikaner. Vir Hertzog was nasionalisme met Nederlands gepaard, nie vreemd nie. Iets waarmee Langenhoven hom nie kon vereenselwig nie (vergelyk Steyn 1989:217-225). Dit is verder ook interessant dat nog 'n groot Afrikanernasionalis, *Onze Jan Hofmeyr*, net soos Hertzog ook 'n voorstander van die Nederlandse kultuurtaal, die Kleurlinggemeenskap as bondgenoot beskou het (Steyn 1980:448-9). So haal *Die Burger* van 14 Oktober 1921 genl. Hertzog aan, waar hy oor die Kleurlinggemeenskap skryf: "Hy is deel van ons...Die Kleurling het sy stem in die Kaapprovincie en dit kan hom nie ontneem word nie...Ons kan die stemreg van die Kleurlinge nie weerhou nie. Ons wil hulle eerlik behandel en hulle as ons vriende beskou." (Steyn 1980:449). Die 'Afrikaanse' Afrikanernasionalis wou nie alleen 'n wig tussen hom en die Nederlanders inslaan nie, maar ook 'n wig tussen hom en die Kleurlinggemaanskap.

Nasionalisme volgens Fasold (1984:3) is taal, saam met kultuur, godsdienst, en geskiedenis, 'n belangrike komponent van nasionalisme. Verder noem hy ook dat veeltaligheid in 'n land nasionalisme in die betrokke land, teenwerk. Indien so 'n land sy nasieskap wil versterk moet hy óf één nasionale taal uitkies tussen die gebruikte tale in die land, óf so 'n staat moet probeer om nasionalisme te ontwikkel op ander terreine dan taal. Nasionalisme en taal hoef nie sinonieme te wees nie. Die nasionalistiese stryd tussen Serwiërs en Kroate en Moslems in die Balkan het nikks met taal te doen nie, alhoewel die groepe probeer om deur middel van verskillende alfabette taal wel in die stryd te sleep. Met die Amerikaans burgeroorlog, was taal nie 'n simbool van nasionalisme nie. So ook dien taal in Noord-Ierland nie as simbool van nasionalisme nie. In die oorloë tussen Noord- en Suid Korea, en tussen Noord- en Suid Viëtnam, het taal nie gedien as simbool van nasionalisme nie, en ook nie by die twee Chinas nie.

Uit bogenoemde gedeelte blyk dit dat Afrikaans of Nederlands as simbool van nasionalisme sou kon dien. Die Vlaminge het Standaardnederlands as simbool van nasionalisme kon gebruik en die Quebekkers Standaardfrans. Is op Standaardafrikaans besluit om nasionalisme te help aanvuur, of het 'n verhoogde nasionalisme geleid tot Standaaraafrikaans? Hoe dan ook, 'n aantal faktore sou immers teenwoordig moes gewees het, wat 'n rol moes gespeel het, want die eie-taalgedagte wat

¹⁰¹Die begrip "Volkstaal" is gekies omdat daar nog nie besluit kon word of daar vir Hollands geveg sou word of Afrikaans-Hollands nie. Die Taalbond het egter in die praktyk, vanaf die stigting daarvan, voorspraak gemaak vir die Nederlandse taal alleen.

in talle lande misluk het, sou huis in Suid-Afrika geluk het. Van die meewekende faktore kry vervolgens aandag.

Outonomie en Eie Identiteit

Wanneer 'n persoon of instansie of volk hom in 'n stryd wil gaan dompel, doen hy dit teen 'n vyandiggesinde party. 'n Neutrale party word links gelaat en 'n teen 'n bondgenoot (of selfs potensiële bondgenoot) word nooit 'n stryd aangeknoop nie. Dit sou immers onwys wees. Die grootste bedreiging vir die Afrikaner en sy taal was die Engelse taal en kultuur. Die Afrikaner moes Engels dus die stryd aangesê het, maar hy het nie. Hy het 'n bondgenoot, Nederlands, angevat, en dit die opponent in sy taalstryd gemaak.

Wanneer 'n mens ons taalgeschiedenis vergelyk met die van Vlaandere en Quebec, dan blyk dit dat ons 'taalstryd' in Suid-Afrika, geen taalstryd was soos die Vlaminge en Quebekkers dit gevoer het nie. Die Vlaminge en Quebekkers het 'n vreemde taal die stryd gaan aansê, wat hul eie tale en kultuur bedreig het. Ons 'taalstryd' was hoofsaaklik 'n stryd tussen twee taalvariëteite van die Afrikaner: die omgangstaal en die kultuurtaal. Sou mens dit werklik 'n taalstryd kon noem? Sou 'n mens dit nie veel eerder as 'n patetiese binnegeveg kon beskou nie? Nienaber & Nienaber (1970:40) meen dat die hoofstryd van Afrikaans nie teen Engels was nie, maar teen Nederlands. Langenhoven meen ook dat 'n groot deel van sy stryd, nie teen Engels was nie, maar teen Nederlands (Steyn 1993²:120). Pienaar (1943:131) noem die stryd van Afrikaans teen Nederlands as 'n stormloop teen "die ou orde", en die handhawers van Nederlands in Suid-Afrika het hy die "manne van die ou garde" genoem (p.233); of "alle kerkvaste Afrikaners van die ou stempel" (p.351); of ook die "verroeste remskoene" (p.365); en die erkenning van Afrikaans as amptelike taal het hy "Die Finale Oorwinning" genoem (p.361); en laastens was sy insiens, "die taalstryd dan na vyftig jaar eindelik iets van die verlede", toe Afrikaans amptelike erkenning verkry het (p.370). Die sogenaamde 'oorwinning', was 'n oorwinning oor Nederlands. Sy boek getiteld *Die Triomf van Afrikaans*, was dus 'n triomf oor Nederlands! Waarom die vyandigheid? Ds. S.J. du Toit het immers in 1891 nog geskryf :"Afrikaans het sig dan oek nooit vyandig getoon teen Hollands ni" (Pienaar 1943:174), maar nou blyk dit dat Nederlands die Afrikaner se grootste vyand geword het, en nie Engels nie.¹⁰²

Ponelis (1992:80) skryf dat een van die "grootste veldslae" die stryd was tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van 'n Afrikaanse standaardtaal in Suid-Afrika. Waarom sou die Afrikaner met 'n byna oordrewe veldtog teen sy eie elite-variëteit uitvaar, en dit dan ook nog as 'n triomf beskou, met die smoring daarvan? Kan die geweldige oorwinning werklik as 'n oorwinning beskou word? Nederlands was immers 'n variëteit wat ons nog nooit, op geen enkel oomblik ooit, bedreig het nie, maar deel van ons was! Die verhouding tussen kultuurtaal en dialek is in Europa immers 'n harmonieuze verhouding.¹⁰³ Dit is 'n venootskap, 'n bondgenootskap. Willemyns (1976:781) skryf dat die begrip moedertaal vir die Vlaming die aktiewe beheersing van twee variëteite impliseer. Prof. W.J. Viljoen het op Wellington gedurende 1906 gesê dat in alle

¹⁰²Die *Patriot* het dan ook in 1881 nog "oorlog" teen die Engelse taal verklaar (Steyn 1987:38,46), en nie teen Nederlands nie.

¹⁰³Ook in Suid-Afrika was dit vroeër nie anders nie. So kla iemand uit Worcester vroeg hierdie eeu: "Zoo heeft men dan, ten behoeve van de Afrikaansche Taal Vereeniging, een plotselingen inval gemaakt op onze stille samenleving, die tot hertoe meestal tevreden was met haar gewone Hollandsche schrijftaal" (Pienaar 1943:306).

beskaafde lande, daar 'n gewone spreektaal, asook 'n 'beschaafde vorm' van die taal bestaan, en dat dit by ons immers nie anders hoef te wees nie (Pienaar 1943:281). Waarom was dit by ons anders?

Volgens Cooper (1989:144) sal separatiste 'n verskil in taal probeer skep, al bestaan daar geen verskil nie. Outonomie hou afskeiding in, 'n strewe na selfstandigheid. Hierdie strewe na selfstandigheid kan sy neerslag vind in taal. Talle lande wat onafhanklikheid in die verlede verwerf het (Swede, Noorweë, Finland, Vlaandere, Hongarye, ensovoorts), het nuwe taalnorme ingevoer, of probeer om dit te doen. Volgens Ryan e.a. (1982:3) speel twee aspekte 'n belangrike rol as beweegrede tot die standaardisering van 'n taal, naamlik *outonomie* en *historiese agtergrond*.¹⁰⁴ Outonomie speel volgens Ryan e.a. 'n belangrike rol waar twee taalvariëteite baie dieselfde is, en 'n poging dan aangewend word deur een van die twee variëteite om meer onafhanklikheid. 'n Oplossing vir hierdie variëteit is dan standaardisasie hiervan.

Amerika is 'n voorbeeld van waar die strewe na outonomie duidelike neerslag in die taal gevind het. Die Amerikaanse taalbeweging is gekenmerk deur 'n openlike argumentering - die nuwe land, moet ook 'n nuwe taal kry. In Suid-Afrika was hierdie argument nooit so openlik gevoer nie, maar die strewe van die Afrikaner na outonomie was waarskynlik veel intenser as in Amerika.

Die Afrikaner het sy vryheid altyd hoog op prys gestel. Toe die Engelse die Kaap beset het, het hy daar weggetrek die binneland in, met die Engelse nimmereindigend agterna. Die Afrikaner het na die Anglo-Boereoorlog gevoel dat hy sy lank gesogte en duur gekogte vryheid finaal verloor het. Die idee van 'n eie taal het weer op psigologiese wyse 'n gevoel van vryheid by die Afrikaner geskep. Verslaan deur die Britte, en gevange binne die Britse Ryk, het die Afrikaner opnieu "vry gevoel" met die gedagte van 'n eie taal. Die gedagte van "eie taal" het 'n gevoel van vertroosting en hoop gebring. Al was die "eie taal" eintlik maar steeds Nederlands, dit het ten minste 'n kosmetiese operasie ondergaan en het 'n nuwe naam gekry. In hierdie verband haal *Die Burger* van 9 Mei 1925, die toespraak van D.F. Malan aan tydens die gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat op 8 Mei 1925: "Die erkenning van die Afrikaanse taal en die kroning daarvan deur die hoogste wetgewende liggeme in die land is die simbool van die erkenning van die volk, die erkenning van sy status en vryheid. As hierdie wet op die wetboek geplaas word, dan sal die Hollandssprekende gedeelte van die Suidafrikaanse volk vir die eerste maal voel dat hy ten volle erken word en in sy eie land ten volle vry en tuis is" (Pienaar 1943:368,9). Met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal, skryf Pienaar (1943:369): "So was aan die Afrikanerdom dan uiteindelik sy regmatige besit van staatsweë toegesê, 'n besit wat hom so lank wederregtelik onhou was - *die eersgeboortereg van 'n nasie*." Verder meen Pienaar (1943:365), ook op dieselfde trant dat die Afrikaner, noudat hy sy "ontbeerde eersgeboortereg verkry het, nou dat die Afrikaner eindelik, ja eindelik, nie meer 'n vreemdeling in sy eie land is nie", hy nou "baas in sy eie huis" is. Hierdie stellings duï daarop dat die eie-taalgedagte simbool gestaan het vir vryheid en selfstandigheid.

Daar moet ingedagte gehou word dat die strewe na outonomie besonder sterk was, na die vernedering van die Anglo-Boereoorlog, asook die Rebelleie van 1914. Nie die Quebekkers of die

¹⁰⁴Historiese agtergrond het ek elders bespreek. Taalfoute of taalafwykings gemaak deur die voorgeslagte, dien eerder as 'n 'bewys' waarom taalstandaardisering moet plaasvind, en is dit nie 'n oorsaak waarom taalstandaardisering plaasvind nie.

Vlaminge was aan so 'n vernedering onderworpe nie. As gevolg hiervan was die begeerte tot waardigheid en eerherstel veel groter as by die Quebekkers en die Vlaminge, en die drang na outonomie, wat eerherstel sou inhoud, dus ook veel sterker. Verder moet daar in hierdie verband ook ingedadte gehou word dat die Afrikaner vroeg die eeu, nog meer bevange gevoel het as ooit tevore. Die Afrikaner kon voorheen een van twee dinge doen om sy identiteit te beskerm. Hy kon gewoon wegtrek, of hy kon na sy roer gryp. Met die rebellie van 1914 is vir die laaste keer onsuksesvol na die wapen gegryp. Daar moes 'n ander uitweg gesoek word. Die uitweg is gevind in 'n eie taal. Na 1914 sou Afrikaans ongekende steun begin geniet. In die noordelik republieke is Engels nie so hard aangevoel is as 'n bedreiging vir die identiteit van die Afrikaner nie, want hy was 'baas in eie huis'. Omdat die Afrikaner hom so sterk bevange gevoel het in die Unie van Suid-Afrika moes dus 'n indringender beroep op nasionalistiese gevoelens gemaak word, ter behoud van 'n eie identiteit. Steyn (1987:9) skryf :"Die bedreiging van identiteit lei dan tot georganiseerde aktiwiteite om die identiteit te red of te versterk. Die twee belangrikste bedreigings is (1) taalassimilasie, die proses waardeur 'n bevolking sy eie taal laat vaar en lede van 'n ander taalgemeenskap word, en (2) ras-assimilasie." Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika moes Boer en Brit versoen word, wat gewoon assimilasie beteken het. Die kreëering van 'n nuwe taalstandaard moet dus as 'n belangrike reddingsaksie gesien word, teen die assimilasieproses. Alhoewel Nederlands dieselfde funksie sou vervul het, is aangevoel dat Afrikaans die nasionalisme vuur hewiger sou laat brand, wat op 'n groter reddingspoging sou moes uitloop. Steyn (1987:12) skryf immers: "Taal was een van die kragtigste bronne van nasionalisme in Europa. Wie die taal praat, hoort tot die volk; ander staan daar buite. Die taal was dus 'n aanduiding van solidariteit met of afstand van ander." Hierdie solidariteit sou kragtiger met Afrikaans as met Nederlands getoon kon word, is geglo.

Fasold (1984:247) skryf, dat dit 'n fout sal wees as mense dink dat taal alleen die funksie van kommunikasie dien. Hy noem ook dat 'n nasionale taal meer is as bloot die taal van die regering of die taal van opvoeding. Dit is die simbool van die mense se identiteit as burgers van 'n bepaalde nasie. In hierdie verband noem Garvin en Mathiot (1956) dat 'n nasionale taal of 'n saambindende funksie, of 'n skeidende funksie vervul. Menslike aktiwiteite bepaal dan ook dat 'n nasionale taal 'n deelnemende funksie kan vervul. Die deelnemende funksie verwys dan na deelname aan kulturele ontwikkelinge in ander lande, wetenskap, tegnologie, handelsbetrekkinge, diplomacie, ensovoorts. Die skeidende funksie van 'n nasionale taal, wil die bepaalde volk duidelik skei en afsluit, van alle ander volkere.

Die sosiale funksie van taal, waar dit skeidend werk, staan in noue verband met die behoefté aan outonomie. Volgens Van der Plank (1985:48) word deur 'n taalverskil sosiale afstand geskep of beklemtoon, en deur 'n taalooreenkoms die sosiale verskille verklein. Thomas (1991:53) skryf ook oor die sosiale funksies van taal, wat hy die solidariteitsfunksie en die skeidende funksie van taal noem. By die skeidende funksie word die taal as instrument aangewend om 'n bepaalde groep sprekers te skei en te isoleer van alle ander groepe. Deur middel van Nederlands sou die Afrikaner die solidariteitsfunksie van taal benut het, dus die behoud van 'n groter groep, met taal as saambindende faktor. Met Afrikaans is die skeidende funksie gekies - skeiding is 'n poging tot selfstandigheid, tot outonomie.¹⁰⁵

¹⁰⁵Dit dui natuurlik nie op 'n verbetering nie. 'n Man en vrou wat hulle in die eg verbind staan as 'n span sterker omdat hulle kundigheid, talent en kapitaal saamvoeg. Beide boet outonomie in tot voordeel van beide.

Die voorstanders van Afrikaans as kultuurtaal, het die voorstanders van Nederlands as kultuurtaal daarvan beskuldig dat hulle die Afrikaner wil "herskep in Hollanders" (Pienaar 1943:307). Ook Smith (1914:26) skryf dat ons nie Nederlanders wou wees nie, maar dat "ons onsself wil wees." Ons sou onsself word deur middel van Standaardafrikaans, en was ons voorheen nie onsself nie. Dit sou egter moes beteken dat indien meer as een volk 'n bepaalde kultuurtaal deel, sommige van hierdie volkere nie hulself kan wees nie. Die feit dat ons onsself wou wees deur middel van 'n eie taal, duï op die geweldige behoefté aan 'n eie identiteit. Die soek na 'n eie identiteit moet gesien word as rede vir die oordrewe manier waarop die Afrikaner van sy eie elite-variëteit ontslae geraak het. Die ontwikkeling van 'n eie identiteit stoel op outonomie.

Die strewe na outonomie, na selfstandigheid, 'n eie identiteit en onafhanklikheid moet as 'n belangrike mede-faktor beskou word vir die volledige vervanging van Nederlands met Afrikaans as kultuurtaal. Gevange binne die Britse ryk, wou die Afrikaner nie in 'n taalstyd teen Engels na die Anglo-Boereoorlog, weer gaan verloor nie, en het hy 'n maklike opponent gaan soek: Nederlands, wat hom met die oorwinning hiervan, selfstandig sou laat voel het.¹⁰⁶

Geen Stedelike Bevolking en Klein Elite

Die Afrikaner-elite het sterk weerstand gebied teen die opkoms van Afrikaans, en was vurige voorstanders van Nederlands as taal vir die Afrikaner. 'n Sterk stedelike sentrum, bestaande uit Afrikaners het nie bestaan nie, en daarbenewens was die Afrikaner-elite in getal te klein in vergelyking met die res van die Afrikanerbevolking. Zietsman (1992:83) skryf dat die opbloei van die Nederlandse taal in die Kaapprovincie gedurende die na-oorlogse jare onder die ontwikkelde Afrikaners voorgekom het, en skryf hy dat 'n aansienlike groep onder die Afrikaner-elite nie 'kon' of 'wou' insien dat hul toekomstige taal Afrikaans sou wees nie. Hierdie elite het goed besef dat die Afrikaner hom gaan isoleer en verarm op kulturele en taalkundige gebied, want hulle was goed geskoold, het hulle deur hul verstand laat lei en nie deur emosie nie. Dit is nie die elite, die breinkrag in die land wat afskeuring van Nederlands bepleit het nie. Die afskeidingsbeweging het sy aanhang onder die laaggeskooldes deel van ons bevolking gehad. Dit was die laaggeskooldes wat maar nie 'kon' of 'wou' insien dat Nederlands ook hul moedertaal is nie, en maar nie 'kon' of 'wou' insien dat hulle eerder op die skoolbanke hoort nie.

Die partikularistiese beweging in Vlaandere was onsuksesvol, omdat Vlaadere oor 'n sterk stedelike bevolking beskik het. Vandag, in Vlaandere, is dit die elite wat taaleenheid met Nederland voorstaan, terwyl die laaggeskooldes taalskeiding met Nederland bepleit.

Daarbenewens is die Vlaamse bevolking vandag goed geskoold, die elite sterk gevestig, en die droom van 'n eie Vlaamse taal slegs by weiniges nog lewendig. Hieroor skryf Van der Plank

¹⁰⁶Daar is min dinge wat 'n groep mense so kan verenig as 'n gesamentlike stryd teen 'n gemeenskaplike vyand, maar dan moet daar 'n goeie kans wees dat die vyand oorwin kan word. Dit is ook om die rede dat 'n derde taalstryd, waarvan daar al dekades lank gepraat word, nie van die grond af kom nie, omdat ons nie nog so 'n maklike taalvyand kan vind nie. Die eerste taalbeweging het Engels as vyand gehad, die beweging het doodgeloop. Met die tweede taalbeweging het ons 'n triomfantelike oorwinning oor 'n opgedroomde vyand behaal. Kom die derde taalbeweging nie van die grond af nie, omdat dit ook moontlik sal doodloop soos die eerste beweging, of omdat ons al te ver verengels het, en Engels geen vyand meer kan wees nie.

(1985:110): "Natuurlijk zouden ook die Vlamingen een eigen standaardtaal kunnen ontwikkelen, maar dat is onrealistische theorie (geworden)."

Die Transvaalse republiek was betreklik suksesvol. Pretoria was besig om 'n Nederlandstalige sentrum te word, omdat honderde Nederlanders in die onderwys en staatsdiens aangestel is. Hierdie Nederlandstalige stadsentrum sou 'n kragbron kon geword het, wat 'n taalstraal oor 'n groot gebied in die noorde van die land sou kon laat val het. So 'n Nederlandstalige sentrum sou 'n leidende rol kon gespeel het in die taalstryd teen Engels, weens sy internasionale status en sy groot kultuurskat. Hierdie Nederlandstalige sentrum is egter met die Anglo-Boereoorlog verwoes. Die Afrikaners van die vorige eeu en die begin van die huidige eeu, was plattelandse mense, hoofsaaklik boere wat verspreid oor die land gewoon het. Die Afrikaners was toe geen stedelinge nie. Uit veral die behandelde gedeelte oor Noorweë is dit duidelik dat die stedelinge, die elite van die land, nie van die gevestigde kultuurtaal afstand wil doen nie. Dit is die plattelanders, wat 'n eie taalgedagte voorstaan. In hierdie verband skryf Nienaber (1934:16): "Die Afrikaanse taal is dan daar gebore waar die Afrikaanse volk gebore is - op die platteland." In Switserland, Luxemburg en België brand die eie-taalgedagte vandag op 'n lae pitjie, omdat 'n groot deel van die inwoners van hierdie lande, hooggeskoolde stedelinge is met 'n sterk gevestigde elite.

Omdat die Afrikaner-elite te klein in getal was, en 'n sterk stedelike Afrikanerbevolking afwesig was, kan dit as 'n belangrike rede (waarskynlik die belangrikste) beskou word vir die invoering van die nuwe kultuurtaal, in die plek van 'n gevestigde kultuurtaal. Dieselfde strominge in Amerika, Vlaandere en Noorweë kon deur die gevestigde orde, die elite in die betrokke lande, onder bedwang gehou word.

Lae Skoling

'n Goeie voorbeeld van drastiese taalhervorming binne 'n armoedige laaggeskoolde gemeenskap, is die geval in Turkye. Gedurende 1922 het Turkye op soek gegaan na 'n nuwe identiteit. Hierdie identiteit sou dan ook taal aanwend as simbool van 'n nuut gevonde identiteit. Turkye het nie net Persiese en Arabiese leenwoorde met Europese leenwoorde vervang nie, maar die ganse Arabiese alfabet is verwerp ten gunste van die Latynse alfabet. Volgens Bourhis (1984:6) het die drastiese verandering van 'n antieke Ottomaanse taal na moderne Turks ook 'n vereenvoudiging ingesluit van die grammatika en woordeskat, om sodoende aan die vereistes van 'n moderne taal te voldoen. Teen 1929 was die nuwe taal as geïmplementeerd beskou en is die gebruik van die Arabiese alfabet afgeskaf. Gallagher (Bourhis 1984:6) noem dat hierdie radikale verandering vergemaklik was, deur die feit dat in 1927 maar sowat 10% van die bevolking geletterd was. Hierdie drastiese taalhervorming sou onmoontlik gewees het, indien die Turke destyds goed geskoold en welgesteld was.

In die Nederlandse taalgebied is gevind dat mense met lae opvoeding, graag die spelling van hul taal vereenvoudig wil sien. In teenstelling daarmee wil mense wat hoër geskoold is, spelling behou soos dit is en skrik 'n moeiliker spelwyse hulle nie af nie (Geerts e.a. 1988:73). Trouens hoër geskoolde mense sien 'n oorvereenvoudigde spelling dikwels as 'n vervlakkning van die taal. Indien die Afrikaner die spelwyse van die *Patriot* aanvaar het, sou die spelwyse vandag vir die Afrikaanssprekende nie vreemd gewees het nie. Sou die Afrikaner volledig by die Nederlandse spelling gebly het, sou dit vandag óók nie vreemd gewees het nie. Het die Afrikaner by die

Nederlandse spelling gehou en vandag 'n Afrikaanse spelling probeer invoer, sou dit tot weerstand gelei het. Die rede hiervoor is dat die Afrikaner vandag goed geskool is, in vergelyking met die twintigerjare, en verder speel nasionalisme wêreldwyd nie dieselfde rol as vroeg hierdie eeu nie. Voorts beskik die Afrikaner vandag oor die stedelike bevolking wat hy vroeg die eeu nie gehad het nie.

Die Afrikaner was tot en met die eerste helfte van die twintigste eeu laag geskoold. So skryf Bosman (1962:133) dat minstens 50% van die Nederlandse koloniste analfabete was, gedurende die Van Riebeeckse tyd, en twyfel Bosman of die situasie tot en met Tulbach enigsins verbeter het. Uit onderwysstatistiek blyk dat slegs 11,24% van die leerlinge in staatsondersteunde skole gedurende 1908 in standerd hoër as standerd vier was (Zietsman 1992:83). Die volgende tabel gee 'n duidelike beeld van die onderwyssituasie, uitgedruk in persentasie:

Grade	St.3	St.4	St.5	St.6	St.7
1901	47,32	9,98	6,89	3,46	1,74
1908	44,19	10,25	7,63	4,56	2,84

1,12 (SGE Report 1908 in Zietsman 1992:83).

Volgens Zietsman (1992:83) is daar volgens die inspeksieverslae, gedurende dié tyd, soms eers in standerd 4 met formele onderrig in Nederlands begin, en het die oorgrote meerderheid Afrikaners dus nooit werklike onderwys in die taal ontvang nie, aangesien slegs 'n fraksie Afrikanerkinders by skoolhoër en matriek uitgekom het. Selfs prominente Afrikanerleiers, tydens die eeuwenteling, het dikwels bitter weinig, indien enige formele skoling geniet (vergelyk De Villiers 1936:220).

Die toestand van die onderwys in Suid-Afrika was voor die twintigste eeu benard. In verband met die onderwyssituasie in Transvaal teen 1890, skryf Mansvelt in sy eerste jaarverslag gedurende 1891 die volgende oor die kwaliteit van sommige onderwysers: "Personen, die nauwelijks hun eigen naam behoorlijk kunnen schrijven; die in hun brieven aan het Departement van Onderwijs in namen als Pretoria, Witfontein, Potchefstroom enz. en in de namen der maanden twee of meer spelfouten maken; die eenvoudige sommen, welke een verstandige boer wel uit het hoofd kan uitrekenen, niet eens schriftelik kunnen oplossen; die getallen van 6 of 7 cijfers niet zonder fouten kunnen oopschrijven of uitspreken, die geen werkwoord van een zelfstandig naamwoord kunnen onderscheiden...." (Mansvelt 1902:48). Onder beheer van Mansvelt het Nederlandstalige onderwys teen die einde van die negentiende eeu in Transvaal in populariteit sterk toegeneem. Daar was tot voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog reeds 300 Nederlandse onderwysers in Transvaal (De Villiers 1936:212). Mansvelt (1902:36) skryf dat in die sewe jaar tyd voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog die gemiddelde leerlingtal van 7,932 tot 15,512 in 1898 gestyg het. Die getal leerlinge het met die kom van elke onderwyser toegeneem, maar skryf hy dat daar steeds 'n tekort aan onderwysers was. Voor die uitbreek van die oorlog was daar nog poste vir 40 tot 50 onderwysers.

Daar was tale vooraanstaande Afrikaners wat in die krag van onderwys geglo het om die Nederlandse taalgebruik te verbeter as buffer teen Engels, is bekend. So getuig dr. Van Oordt, die redakteur van die Zuid-Afrikaan voor hoofregter J.H. De Villiers gedurende 1879: De Villiers: "Men heeft mij verteld dat de Vrijstaatse boeren over het algemeen veel beter ontwikkeld zijn dan de Hollandsche boeren der oostelike provinsie... Waaraan schrijft gij zulks toe?" Van Oordt: "Omdat zij (Vrystaat) een stelsel van onderwijs hebben, waarbij het Hollandsch verplichtend is....

Er is een tal van menschen, die denken dat het Hollandsch gedoemd is om binnekort te verdwijnen, en dat het er daarom weinig toe doet, of die taal onder de boeren in stand wordt gehouden, maar mijne ondervinding heeft tot andere resultaten geleid" (De Villiers 1936:108).

Op 1 Mei 1890 laat Mansvelt Nederlandstaliges buite beskouing en laat hy hom uit oor 'Afrikaans' in *De Zuid-Afrikaan*. Hy skryf dat die gebruikers van selfs die 'beste Afrikaans' minder as één jaar skoolopleiding ontvang het: Dit is "de taal die men bijv. te Stellenbosch niet alleen op openbare vergaderingen, maar ook in den omgang nog hoort van mannen, die mij zelf verzekerd hebben, dat zij in hun jeugd niet meer dan twaalf maanden onderwijs genoten hebben van den een of anderen weggelopen matroos of soldaat. Deze taal nu, hoezeer ook in vele opzichten van de Nederlandsche schrijftaal afwijkende, is in haren zinsbouw, zoowel als woordenschat, zuiver Hollandsch en volstrekt niet van buigingsvormen ontbloot" (De Villiers 1936:128).

Maar Mansvelt het ook nog 'n soort Afrikaans onderskei; naamlik, Kombuis-Hollands: "Dit is de taal die bijna alle buigingsvormen, vooral bij de werkwoorden verwaarloost." Hierdie taal word volgens Mansvelt gebruik deur persone wat slegs enkele maande gebrekkige onderwys geniet het. Nogtans beskou Mansvelt dit as 'n verrassing dat Kombuis-Hollandstaliges, ondanks die feit dat die Kaap toe al vir byna 'n eeu onder Engels bestuur was en skoolopleiding vir die Afrikaner pateties was, dié mense "nog zulk een betrekkelijk zuiver Hollandsch spreken" (De Villiers 1936:129).

Dit blyk duidelik uit die woorde van Mansvelt dat onderwys die sleutel tot sukses was op taalgebied. Geen mens kan sy moedertaal korrek gebruik sonder dat hy daarin onderwys word nie en dit geld ook vir vandag. Verder is dit belangrik om daarop te let dat Mansvelt hierdie twee soorte Afrikaans, wat bloot gebrekkige Nederlands was, steeds as suiwer Nederlands beskou het. Vir Mansvelt was goeie taalgebruik gefundeerd op behoorlike skoling. 'n Onopgevoede volk sou eenvoudig nooit 'n elite-groep kon vestig nie, en hierdie elite sou volgens Mansvelt Nederlandstalig wees. Die patetiese situasie waarin die onderwys verkeer het blyk duidelik uit 'n artikel van ds. A. Moorrees in *Ons Tijdschrift* gedurende 1896 in die Kaapkolonie: "Geen enkel vak, dikwijs niet eens de Hollandsche Grammatica, wordt door middel van 't Hollandsch onderwezen. Zelfs de geschiedenis van zijn eigen land wordt den jongen Afrikaner in een voor hem vreemde taal verhaald. In vele scholen wordt er aan de moedertaal van het kind niet meer tijd besteed dan aan 't Latijn" (De Villiers 1936:167).

'n Groot voordeel met die oorwinning van Afrikaans oor Nederlands, was dat groot invloed uitgeoefen kon word op die gebied van onderwys, veral nadat verpligte onderwys werklikheid begin word het. Volgens Fasold (1984:252) het 'n regering van 'n bepaalde land 'n belangrike stuk gereedskap in die hand, naamlik onderwys. 'n Nasionale taal kan op bevel van die regering aan kinders geleer word, as vak of as medium van onderrig, nuwe woorde kan aangeleer word, die spellingswysigings kan maklik geleer word ens. Ook kan kinders selfs op skool verbied word om 'n bepaalde taal te praat. Hierdie instrument onderwys was uiterst suksesvol vir Afrikaans, maar dit sou ewe suksesvol kon gewees het vir Nederlands.

Swak Sosio-Ekonomiese Toestand

Bernstein het in sy navorsing in Brittanje gevind dat kinders uit die lae sosio-ekonomiese klasse geneig is om 'n beperkte taalkode te gebruik, teenoor die ryker taalkode van kinders uit die middelklasse. Volgens Bernstein is die kulturele en sosiale agterstand van kinders in die lae sosio-ekonomiese klasse onder meer toe te skryf aan hul gebrekke kode van taalgebruik. Hierdie kinders presteer dan ook nie op akademiese en kulturele gebied nie, vergeleke met middelklaskinders (Prinsloo 1984:140). Uit die werk van Bortoni-Ricardo (1985) is dit ook duidelik dat persone uit die lae sosio-ekonomiese vlakke van die Brasiliaanse samelewing, probleme ervaar met die vervoeging van die werkwoord. Hoe armer en laer geskoold die Brasiliaan, hoe meer afgewater die vervoeging van die werkwoord asook ander grammatale vereenvoudiginge. Die opvoedingsproses hou dan in dat die ergste afwykings eers deur middel van addisionele skoling bygebring word (Bortoni-Ricardo 1985).

Kyk 'n mens na die uitlatinge van Mansvelt teen die einde van die vorige eeu, dan blyk dit duidelik dat die Afrikaners wat die laagste geskoold was, ook die fleksievorme van veral die werkwoord die meeste verwaarloos het. Diegene met minder as een jaar skoolopleiding en volgens Mansvelt, suwer Hollands gepraat het, se taal was "volstrekt niet van buigingsvormen ontbloot" (De Villiers 1936:128). Kombuis-Hollandstaliges, mense dus wat minder as 'n paar maande skoolopleiding geniet het, het volgens Mansvelt ook nog 'n suwer Hollands gepraat, maar hul taal het "bijna alle buigingsvormen, vooral bij de werkwoorden verwaarloost" (De Villiers 1936:129).

Die Afrikaner het lank onder armoede en lae skoling gebuk gegaan. Hierdie swak sosio-ekonomiese toestand het heelwat bygedra tot die swak kodegebruik van Nederlands. Die feit dat Nederlands vereenvoudig in Suid-Afrika geraak het, is waarskynlik meer te wyte aan die swak sosio-ekonomiese toestande wat die Afrikaner gedurende die sewentiende tot die veertigerjare van die twintigste eeu beleef het, as die vermenging van verskillende volke en tale aan die Kaap, wat deur talle navorsers aangegee word as die oorsaak vir die totstandkoming van Afrikaans.

Die swak sosio-ekonomiese toestand opsigself het egter nie gelei tot die standaardisering van Afrikaans nie. Die sprekers van Kaapse-Afrikaans was ten minste in soortgelyke omstandighede, of selfs in 'n swakker sosio-ekonomiese posisie as die sprekers van Oosgrensaafrikaans, maar die behoefte om die spreektaal te standaardiseer het nie by die sprekers van Kaapse-Afrikaans bestaan nie. Die feit dat 'n verkawelde Nederlands (Afrikaans) ontstaan het,¹⁰⁷ het dus opsigself nie gelei tot die invoering van Standaardaafrikaans nie, anders sou die sprekers van Kaapse-Afrikaans, die sprekers van Oosgrensaafrikaans voor gewees het.

Lae skoling en armoede het ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel by die invoering van Standaardaafrikaans. Ongeskooldheid beteken 'n gebrek aan kennis, insig en versiendheid, en 'n blindelingse geloof aan dit wat deur leiers verkoop word. Laaggeskooldheid beteken dat 'n nuwe standaard maklik ingevoer kan word, omdat 'n geskoolde elite nie teëstribbel nie. Aan die Afrikaner is voorgehou dat Afrikaans besonder 'maklik' is, en Nederlands 'moeilik', en dit val goed op die ore van laaggeskoolde mense, wat alle komplekshede so ver moontlik sku, selfs al word op hoor-sê verneem dat iets moontlik kompleks mag wees. Daarbenewens was laaggeskooldheid en die swak sosio-ekonomiese situasie ook 'n vrugbare teelaarde vir nasionalisme.

¹⁰⁷of die ontstaan van 'n kloof tussen die omgangstaal en die geskrewe taal.

Romantiek

Die volgende gebeurtenis soos aangedui deur Van der Horst (1979:28) het hom in Suid-Afrika afgespeel: "De schrijftaal raakt omstreeks 1870 haar eerste plaats kwijt aan het spreken. De schrijftaal is dan niet langer de zuiverste en hoogste verschijningsvorm van taal maar degradeert tot die meer of minder gebrekkige weergawe van gesproken taal. Die degradatie heeft grote gevolgen voor die schrijftaal en het schrijven." Van der Horst het egter nie Suid-Afrika en die behoefté om die spreektaal op skrif te wil sit, in gedagte gehad nie, maar 'n internasionale situasie. Hierdie romantisering van die gesproke taal was teen die einde van die negentiende eeu kenmerkend in talle lande. Weliswaar het die romantisering met die gesproke taal nie opsigself daartoe geleid dat Afrikaans gestandaardiseer is nie, maar dit het 'n vrugbare teelaarde geskep vir die propagering van 'n eie taal gedagte. Hierdie internasionale verskynsel is in Suid-Afrika voorgehou as 'n unieke Suid-Afrikaanse situasie, en omdat die Afrikaner boonop laaggeskoold was, is hy hiervoor gevallen.

Oor die verloop van die Nederlandse taalgeskiedenis, skryf Suffeleers (1979:212) dat ons gemeenskaplike erfgoed deur die afgelope eeue as gevolg van verskillende maatskaplike en kulturele faktore geleid het tot verskille in taalgebruik; hierdie taalverskille word in die negentiende eeu geïntensifiseerd deur die romantiese verheerliking van 'de eigen taal', (of eie dialek) of sogenaamde 'zuivere volkstaal'. Hierdie romantisering van 'ons eie volkstaal', wat ook in Nederland en Vlaandere gewoed het, is deur die voorstanders van Afrikaans in Suid-Afrika goed benut om voorspraak te maak vir 'n eie kultuurtaal. Was hierdie wêreldwye verskynsel afwesig rond die eeuwisseling, sou Standaardaafrikaans waarskynlik nooit die lig gesien het nie.

DIE TWEE LESSE

Uit die sukses van die Vlaamse- en Quebecse taalbewegings en die faal van die Duitse taalbeweging in Amerika, kan veral twee lesse getrek word. Die Vlaminge en die Quebeckers het eerstens by die verwante standaardtale gehou, wat ook standaard in ander lande was, en ten tweede is afgestap van die personaliteitsprinsiepe na die territoriteitsprinsiepe ten opsigte van tweetaligheid in België en Kanada. Hierdie twee lesse kan ons van digterby bekyk.

Standaardtaal en Dialek

Taalvariëteite in Diglossie

Die behoud van Nederlands in Suid-Afrika sou waarskynlik beteken het dat daar vandag 'n diglossie-situasie tussen Nederlands en die verwante dialekte in die land sou geheers het. 'n Diglossie-situasie word deur Ponelis (1992:80, 82) as ongewens beskou, alhoewel die niestandaardvariëteite vandag in 'n diglossie-verhouding met Standaardafrikaans verkeer (Ponelis 1992:80). Die taalproblematiek van die Afrikaanstalige kultuurgemeenskap in Suid-Afrika sou nie komplekser gewees het met Nederlands as kultuurtaal nie. So 'n diglossie-verhouding tussen 'n standaardtaal en ander variëteite is nie ongewoon nie. Ferguson (1971) bied nogal heelwat stof tot nadenke. Volgens Ferguson kom daar in vele taalgemeenskappe twee variëteite van dieselfde taal voor, wat onder verskillende omstandighede gebruik word. In die geval van diglossie bestaan die twee variëteite langs mekaar, regdeur die betrokke taalgemeenskap, en het elke variëteit 'n duidelik afgebakende rol te speel. Hy gebruik vier voorbeelde van waar so 'n diglossie-situasie bestaan, naamlik die Arabiestalige lande, Griekeland, Duitstalige Switserland en Haïti. In elk van die gebiede word 'n verhewe variëteit (H=hoog) en 'n omgangstaal (L=laag) gebruik. Volgens Ferguson is een van die belangrikste kenmerke van diglossie, die spesialisasie van funksie vir die H- en L variëteite. In 'n bepaalde situasie sal alleen H van toepassing wees, en in ander situasies weer alleen L. Ter illustrasie word 'n lys van moontlike situasies gegee, met 'n aanduiding van welke variëteit normaalweg gebruik sal word:

Situasie	H	L
Aanbieding van 'n kerkdiens	✓	
Instruksies aan arbeiders, bediendes en klerke		✓
Persoonlike brief	✓	
Politieke toesprake en taalgebruik in Parlement	✓	
Lesing aan 'n universiteit	✓	
Gesprek met familie, vriende en kollegas		✓
Nuusuitsending	✓	
Radio vervolgverhaal		✓
Nuus in koerante	✓	
Onderskrifte van politieke spotprente		✓
Digkuns	✓	
Volksliteratuur		✓

Ferguson onderskei dan ook 'n aantal tipiese kenmerke van diglossie, hier kortliks saamgevat.

Funksie

Die belangrikheid om die korrekte variëteit in die juiste situasie te gebruik is van groot belang, want 'n vreemdeling wat alleen die L variëteit vlot en akkuraat aanleer, en dit dan in formele situasies sou gebruik, sou 'n bespotting uitmaak. Daarteenoor sal iemand wat alleen die H variëteit gebruik in 'n informele situasie, byvoorbeeld tydens die doen van inkopies, eweneens bespotlik wees. Dit is presies soos wat Afrikaans (L) en Nederlands (H) in Suid-Afrika gebruik was.

Prestige

Binne hierdie taalgemeenskappe word die H variëteit veel hoër gewaardeer dan die L variëteit. Hierdie superioriteit van die H variëteit is soms so groot dat sprekers van die taalgemeenskap die bestaan van die L variëteit ontken (vele Afrikaners het in die vorige eeu en die begin van die huidige eeu ontken dat hulle Afrikaans praat). Volgens Ferguson mag sprekers van sê Arabies, selfs tydens 'n informele gesprek (in L dus), noem dat sis-en-so nie Arabies ken nie. Die bedoeling sou dan wees, dat sis-en-so nie die H variëteit ken nie, alhoewel die persoon vloeiend mag wees in die L variëteit. Wanneer 'n vreemdeling 'n opgevoede Arabier sou vra, om te help met die aanleer van Arabies, sal die Arabier die H variëteit gebruik in die leerproses, en selfs daarop aandring dat dit die enigste korrekte taalvorm is. Opgevoede H variëteit gebruikers gee dikwels voor dat hulle nooit die L variëteit gebruik nie, ten spye van die feit dat hulle dit in informele gesprekke doen. So sal opgevoede sprekers van Haïti-Kreools of Arabies, ontken dat hulle ooit die L variëteit gebruik, en ook voorgee dat L nie bestaan nie. Word dan aan so 'n opgevoede H gebruiker gevra, welke variëteit dan teenoor kinders of arbeiders gebruik word, kom 'n huiwerende verontskuldigde antwoord: 'O, maar hulle sal dit (die H vorm, wat dit ook genoem word) nie verstaan nie'.

Binne die taalgemeenskap, waar selfs die persepsie bestaan dat H tog nie so verhewe en superieur is nie, bestaan nogtans die geloof dat H mooier klink, meer logies is, beter geskik is om belangrike gedagtes oor te dra, ensovoorts. Hierdie houding bestaan selfs onder taalgebruikers wat die H vorm kwalik kan gebruik.

Literêre Erfenis

In elk van die taalgemeenskappe waar diglossie voorkom, is daar 'n geskrewe literatuur in H, wat hoë respek binne die gemeenskap geniet. Alhoewel die literatuur in die verre verlede tot stand gekom het in 'n bepaalde gebied (soos in die geval van Arabies), beskou alle Arabiestaliges uit ander gebiede, hierdie ou literatuur as hul literêre erfenis. Dieselfde gebeur ook vandag waar in 'n ander taalgemeenskap, die H vorm 'n standaardtaal is (vir Haïti Kreools is dit Frankryk, vir Switserduits is dit Duitsland, en vir Afrikaans was dit Nederlands), en word die daargeskepte literatuur, ook beskou as behorende tot die diglossiegemeenskap. Dit beteken gewoon dat vir die Haïtiaan alles wat in Frans tot stand kom as deel van sy literêre erfenis beskou word. Dieselfde geld vir die Duitstalige Switser en dieselfde het gegeld vir die Afrikaner. Tans beskou die Afrikaanstalige alle literatuur in die Nederlandse taalgebied geskep, nie as literêre erfgoed nie, maar as andermansgoed.

Verwerwing

In diaglossiegemeenskappe gebruik volwassenes L, wanneer hulle met kinders praat en kinders gebruik L in hul onderlinge kommunikasie. Die gevolg is dat L aan kinders geleer word, en word dit deur die gemeenskap gesien as die normale manier waarop kinders hul moedertaal aanleer. Die

H vorm word wel soms deur kinders gebruik, maar die werklike aanleer van H word gedoen deur middel van formele onderwys. Volgens Ferguson behaal nie almal dieselfde vlotheid in H as in L nie.

Standaardisering.

Binne diglossiegemeenskappe, is daar 'n sterk tradisie vir die grammatale bestudering van die H vorm van die taal. Daar bestaan grammatale handboeke, woerdeboeke, riglyne vir uitspraak, styl ensovoorts. Daar is dus 'n vasgestelde norm vir uitspraak, grammatale, en woordeskataloog wat variasie alleen in 'n beperkte mate toelaat. Die spelling is goed gevestig en vertoon min variasie.

Hierteenoor bestaan deskriptiewe en normatiewe riglyne vir die L vorm nie, of byna nie, of is dit betreklik resent.

Stabiliteit

Mens sou kon dink dat diglossie onstabiliteit aandui, en dat dit daarop dui dat 'n stabiele situasie aan die ontwikkel is. Maar volgens Ferguson is dit nie noodwendig die geval nie. Diglossie kan vir eeue lank, en selfs vir meer as duisend jaar, binne 'n taalgemeenskap bestaan.

Grammatika

Een van die treffendste verskille tussen H en L is die grammatale struktuur. H beskik oor grammatale kategorieë, wat in L nie voorkom nie, en het 'n verbuigingsisteem van die naamwoorde en werkwoorde wat in L vereenvoudig is, of geheel afwesig is in L. Verder noem hy ook dat in elk van die diglossietale daar opmerklike verskille voorkom in die woord-orde gebruik, en gebruik van bepaalde partikels. Dit is derhalwe veilig om te sê dat daar **altyd** uitgebreide verskille bestaan tussen die grammatale strukture van H en L, in diglossiegemeenskappe.

Leksikon

Algemeen gesproke word die grootste gros van woordeskataloog van H en L gedeel, met natuurlik variasies in vorm en met verskille in betekenis. In H kom daar natuurlik tegniese terme, en aangeleerde uitdrukings in die leksikon voor, wat in L nie voorkom nie. Aan die ander kant beskik L oor populêre uitdrukings, en die name van huishoudelike voorwerpe, wat in die leksikon van H nie voorkom nie. Maar 'n verrassende kenmerk van diglossie is die voorkoms van gepaarde items, een H en een L, wat verwys na gemeenskaplike konsepte, wat dikwels in H en L voorkom. Die betekenis van die items is dan ook min of meer dieselfde, en dui onmiddellik by gebruik aan, dat H of L die bedoeling van die gebruiker is. Voorbeeld hiervan in Nederlands-Afrikaans sou wees vlees (L = vleis), soep (L = sop), ezels (L = donkie), hoofd (L = kop), gij of u (L = jy), ensovoorts.

Fonologie

Ook op fonologiese gebied bestaan daar soms duidelike verskille tussen H en L. Die fonologiese verskille tussen H en L mag heel klein wees, soos in byvoorbeeld Grieks, of groter verskil toon soos in byvoorbeeld Arabies of Haïti Kreools, of daar mag drastiese verskille wees, soos in Switserduits.

Ten slotte gee Ferguson dan ook 'n definisie van diglossie: "Diglossia is a relatively stable language situation in which, in addition to the primary dialects of the language (which may include

a standard or regional standards), there is a very divergent, highly codified (often grammatically more complex) superposed variety, the vehicle of a large and respected body of written literature, either of an earlier period or in another speech community, which is learned largely by formal education and is used for most written and formal spoken purposes but is not used by any sector of the community for ordinary conversation" (Ferguson 1971:16).

Volgens Ferguson word die verskynsel van diglossie nie deur die gemeenskap as 'n probleem ervaar nie, maar word dit as gewoon aanvaar, totdat bepaalde neigings in die gemeenskap voorkom. Hierdie neigings meen hy is:

1. 'n Neiging tot groter geletterdheid (ekonomiese-, ideologiese-, of ander redes).
2. Groter behoefte aan breër kommunikasie tussen verskillende regionale en sosiale segmente van die gemeenskap (byvoorbeeld, ekonomiese-, administratiewe-, militêre-, of ideologiese redes).
3. 'n Behoefte aan 'n volledige standaard 'nasionale' taal, as 'n bydrae tot outonomie of soewereiniteit.

Kom bogenoemde neigings in 'n gemeenskap voor, sal die leiers binne die gemeenskap probeer om steun te soek vir die aanvaarding van of H of L as standaard, of dikwels 'n soort gemengde variëteit, tussen H en L, as standaard. Die voorstanders van H, argumenteer volgens Ferguson dat H aanvaar moet word, omdat dit die gemeenskap verbind met 'n glorieryke verlede. Verder verbind dit die betrokke gemeenskap met 'n internasionale gemeenskap. Daarbenewens is H ook 'n natuurlike saambindende faktor, terwyl L 'n skeidende faktor is. Verder wys die voorstanders van H ook op die superioriteit van H; dat dit mooier klink; meer logies is, ensovoorts. Daarteenoor skryf Ferguson, argumenteer die voorstanders van L, dat die variëteit digterby die werklike denke en gevoelens van die gewone mens staan. Dit vergemaklik die opvoedingsproses, omdat 'n mens reeds die basiese kennis van die taal gedurende die vroeë kinderjare opgedoen het. Verder meen die voorstanders van L dat dit 'n meer effektiewe kommunikasie-instrument op alle vlakke is.

Om H as standaardtaal te vestig in die diglossie-gemeenskap, sal volgens Ferguson (1971:20) sukses hê, as dit reeds dien as 'n standaardtaal in 'n ander taalgemeenskap, en die behoud van taaleenheid, asook 'n nietalige band met daardie land vir die diglossiegemeenskap belangrik is. Anders sal H gewoon wegvaag, en sal L of 'n mengvorm tussen L en H, die nuwe standaard word. Dit is onder andere die geval met Grieks (L = Dhimotikí en H = Katharévousa). Katharévousa word nie ook in 'n ander land as standaardtaal gebruik nie, en is daar geen nodigheid gesien om aan die klassieke taal vas te hou nie. Volgens die opvatting van Ferguson sou Nederlands in Suid-Afrika dus suksesvol kon wees, omdat Nederlands as 'n standaardtaal ook in gebruik is in Vlaandere, Suriname en Nederland. Taalwil en ook die begeerte tot nietalige bande, sou egter die bepalende faktore gewees het. Met die opkoms van nasionalisme wou ons huis ons outonomie vestig, wat taalskeiding moes inhoud, al was die kloof tussen die variëteite hoe groot of klein, dit was nie ter sake nie.

In Switserland, skryf Russ (1990:366) word die hoë variëteit, *Schrifdeutsch*, in geskrewe kommunikasie en formele mondelinge kommunikasie gebruik, en die lae variëteit, *Schwyzerdütsch*, in alle informele mondelinge kommunikasie en soms selfs vir skriftelike gebruik.

Die term Switsersduits is in werklikheid 'n kollektiewe naam vir 'n aantal individuele variëteite. Russ (1990: 366) het die gebruik van taal in Duitstalig Switserland, as volg saamgevat:

GESPROKE TAAL	GESKREWE TAAL
Gesprek	Switserduits
Plaaslike TV-nuus	Switserduits
Nasionale TV-nuus	STD
Debatte in Parlement	STD
Onderrigmedium	STD
	Skrif by politieke spotprente
	Advertensies
	Plaaslike en nasionale pers
	Briewe
	Literatuur
	Switserduits
	STD (en Swduits)
	STD
	STD
	STD

Switserduits = Dialek

STD = Standaardduits

Volgens Russ (1990: 366) is die gebruik van dialek in Duitstalig Switserland besig om toe te neem. Dit is in teenstelling met wat in die res van die Duitse taalgebied gebeur, waar die dialek massaal opgegee word ten gunste van die standaardtaal, met uitsondering van Beiere en Luxemburg. Volgens Rowley (1990: 417) word in Beiere, dialek met trots gebruik, en selfs al word die standaardtaal gebruik, word 'n eie aksent sterk beklemtoon. In Beiere en in Switserland word vandag op televisie en die radio dikwels 'n eie unieke aksent gebruik. Die gebruik van aksent om 'n eie kleur aan die gesproke taal van 'n land te gee is nie uniek nie. Dit gebeur in verskillende tale dat die taalsentrum nie noodwendig op die voet gevolg word nie, maar hou dit nie taalskeuring in nie. Dat dit vir Duitstalige Switsers enorm veel beteken om deel van die Duitse taalgebied te kan uitmaak, blyk duidelik uit 'n simposium van Moderne Switserse Literatuur in 1985 waar Gsteigner (1985: 10) gewys het op die belang van die groot Duitse lezerspubliek, literêre kritici, uitgewereye, radio en televisie, vir die Switserse oueurs. Hierdie groot Duitse mark vorm 'n belangrike ondersteunende en motiverende element in die literêre en finansiële sukses van die Switserse skrywer (Gsteigner 1985: 10).

Fasold (1984: 75) gee 'n interessante verklaring op die terrein van taalnasionalisme. Hy noem dat: "A few nationalities are willing to allow another language to be used for High purposes, while a lower language serves the nationalist function." As voorbeeld gee noem hy die Duitstalige Switsers. Die dialektes dien die nasionalisme-funksie, terwyl Standaardduits gehandhaaf word as 'Hoë dialek'. Die selfde verskynsel kom ook in die Duitse deelstaat Beiere voor, waar 'n besonderse trots en waardering geheg word aan die dialek. Wat die Switserse geval interessant maak, is dat volgens Fasold (1984: 75) daar eie grammatika-boeke vir die gemeenskappe bestaan, en word die dialek as skooltaal gebruik.

Alhoewel Luxemburg 'n eie taal het, staan Luxemburgs in 'n diglossie-verhouding teenoor Duits en Frans. Luxemburgs dien die belangrike funksie van simboolwaarde. Dit is die taal van intieme kommunikasie, maar word selde as instrument gebruik in formele situasies. Alhoewel Luxemburg anders dan Switserland en Beiere, 'n eie taal het, bedoelende volledige kultuurtaal, dien dit hoofsaaklik die simboliese doel.

Dit is duidelik dat as Duitstalig Switserland en Luxemburg, wat beide hoogspresterende gemeenskappe huisves en 'n diglossie-situasie as normaal aanvaar, die Afrikaner dit ewe goed sou

kon doen.¹⁰⁸ 'n Diglottiese toestand tussen Afrikaans (L) en Nederlands (H) in Suid Afrika word deur sommige taalkundiges as ongewens beskou. Ongewens omdat dit tot onderprestasie van leerlinge en studente sou lei? As Switsers, Luxemburgers en Vlaminge nie onderpresteer nie, waarom sou Afrikaners onderpresteer! Volgens Ferguson word die opvoedingsproses vergemaklik, by die standaardisering van L, omdat die basiese kennis van die taal gedurende die vroeë kinderjare opgedoen is. Maar as L oor 'n klein hoeveelheid sprekers beskik, is die opvoedingsproses nie vergemaklik nie, veral as L dan in kompetisie met 'n ander dominante taal staan. Al is al so 'n kind se studiemateriaal in sy moedertaal beskikbaar, en al was die oordra van kennis in die 'moedertaal' ook hoe suksesvol. As sy moedertaal hom buite die skoolsituasie nie van diens is nie, moet hy ieder geval die dominante daal daar en dan so gou moontlik leer bemeester.

Sommige klein omgangstale het geen keuse as om gestandaardiseer te word nie, soos in die geval van Grieks. Die beste oplossing vir die digting van die kloof tussen omgangstaal en geskrewe taal in Griekeland is standaardisasie van die omgangstaal. Nederlands was egter as 'n standaardtaal (H) nie net in Suid Afrika gebruik nie, maar ook in drie ander lande. In hierdie oopsig is met die standaardisering van L (Afrikaans) die opvoedingsproses vir die Afrikaner verswak. 'n Skat aan die Nederlandse kulturele rykdom dra nie meer by tot die opvoeding van die Afrikaner nie.

Standaardtaal-Dialekverhouding


Talle van die dialektes in Vlaandere en Nederland staan ook in 'n diglossie-verhouding met Standaardnederlands. Volgens Ferguson (1971) is daar nie sprake van diglossie, wanneer H ook gebruik word in informele situasies nie. Hoe dan ook, die evolusie van dialektiese-, versus standaardtaalgebruik in Nederland en Vlaandere bied ons heelwat stof tot nadenke.

'n Dialek behoort meestal tot die volkstaal, die gewone gesproke omgangstaal van die gewone volk, wat sterk met gevoelswaarde en emosie gelaai is (Van der Merwe 1970:120). Dus wat Afrikaans tot en met 1925 was en tot en met vandag sou gewees het.

Die gebruik van die dialek versus die standaardtaal die afgelope eeu, het drasties verander. Van der Plank (1985:107) het aan die hand van 'n skets aangedui hoe die standaardtaal tussen 1880 en 1980 veld gewen het ten koste van die dialek. Hy onderskei vier taaldomeine wat hy in vier segmente indeel:

- a: Die familie en vriende kring.
- b: Die woongemeenskap (dorp of wyk).
- c: Die werkgemeenskap.
- d: Formele kontakte en kontakte met onbekendes.

¹⁰⁸Hierdie hoogsgeskoolde, welgestelde, viermiljoentellende Duitstalige Switserse bevolking sou 'n eie taalstandaard kon invoer, wat veel meer suksesvol sou kon wees as Standaardafrikaans vir die Afrikaner. Die Switser woon verder in 'n eentalige gebied: 'n ideale taaltoestand. Die Switser raak egter nie ontslae van 'kunsmatige' of 'moeilike' Duits deur dit te vervang met 'n eie kultuurtaal nie, omdat hy die konsekwensies van so 'n stap goed insien.



In segmente a, b en c was die dialek teen die einde van die vorige eeu dominant. Die standaardtaal het op 'n eeu tyd drasties veld gewen in hierdie domeine, ten koste van die dialek.

Die Oorstapproses

Vlaminge en Nederlanders het nie sommer hulle dialek eensklaps kwyt geraak nie, dit is 'n proses wat eeue geduur het en steeds voortduur. Daarby het talle dialeksprekers 'n diepgewortelde liefde vir hul taal gekoester. So skryf Lafeber (1963:76) dat die dialeksprekers van Gouda, 'n mede-boorling wat Standaardnederlands probeer praat het, nog vroeg hierdie eeu die volgende toegeslinger het: "Nauω praat jē moers taal maar en auω jē statuiswòòrdē maar vòò jē."

Van der Plank skryf die standaardtaal voor die negentiende eeu vernaamlik skryftaal was, en die aantal mense wat die standaardtaal as omgangstaal kon beheers, uiters gering was (Van der Plank 1985:100). Ook skryf Van der Plank (1985:103) dat tussen 1860 en 1890 in Nederland die grondslag gelê is vir die ondergang van die dialek, as gevolg van maatskaplike en tegnologiese veranderinge. Op skool het die kinders die standaardtaal aangeleer, maar kon dit steeds nie praat nie. Ouers wat hul kinders die standaardtaal wou leer, het volgens Van der Plank ook nie altyd geweet hoe die reëls van die standaardtaal in mekaar steek nie, en het hulle hul kinders maar geleer, volgens wat hulle geglo het die standaardtaal was. Dikwels het die kinders nadat hulle die standaardtaal aangeleer het, (wat hulle dan ook vir standaardtaal aangesien het), weer die dialek as tweede taal aangeleer, omdat dit die taal was wat in hul omgewing gebruik is (Van der Plank 1985:104). In Vlaandere het die vak Nederlands eers na die eerste wêreldoorlog 'n substansiële deel van die leerplan begin uitmaak van die middelbare onderwys (Van der Plank 1985:100).

Van der Plank skryf dat die dialek sterk opgegee is gedurende die huidige eeu, massaal na die tweede wêrldoorlog (Van der Plank 1985:104). Lafeber (1963:77) skryf dat die dialek van Gouda sedert 1900, maar veral na 1914, al meer moes terugstaan vir Nederlands. Die stryd tussen die twee amptelike tale van Noorweë, het na die tweede wêreldoorlog sleg afgeloop vir die plattelandse Nynorsk, waar massaal gekies is vir die elitêre Bokmål. In Suid-Afrika het ons nie die dialek opgegee nie, ons het 'n dialek aanvaar en die standaardtaal opgegee. Hierdie proses het ook gedurende die sestigerjare van die vorige eeu begin, maar die standaardtaal is vernamelik gedurende die huidige eeu opgegee. Die Afrikaanse Bybel het in 1933 gekom, die Afrikaanse

Psalmboek gedurende 1937, en die Afrikaanse Gesangeboek eers gedurende 1944 (Nienaber & Nienaber 1970:71). Dit sou dus nie fout wees om te sê dat die standaardtaal massaal opgegee is na die tweede wêreldoorlog nie: 'n Evolusie presies in die teenoorgestelde rigting as in die Nederlande, gedurende presies dieselfde tyd.

Die dialek was oorspronklik 'n selfstandige taal, wat outonom en los van die standaardtaal, sy eie reëls ten opsigte van verbuiging en uitspraak gehad het: "Streektaalgebruikers waren zich er scherp van bewust hoe deze regels toegepast dienden te worden. Het is echter in de jongste tyd opgevallen dat de jongere generaties minder op de hoogte zijn van de eigenheid van hun taal", waarby woordeskat en struktuurkenmerke insluit word. "Vooral jonge streektaligen (er)kennen niet langer het autonome taalsysteem van het dialect als norm, maar nemen het standaardtaalsysteem als oriëntatiepunt" (Van der Plank 1985:112).

In Suid-Afrika het die voorstanders van die Afrikaanse taalgedagte gemeen dat dit onmoontlik sou wees om Standaardnederlands te kon bemeester, en vir hierdie inspanning het hulle nie kans gesien nie. Die Vlaminge en Nederlanders het wel vir die inspanning kans gesien. Dit was buitendien nie nodig om in korte tyd die standaardtaal totaal te bemeester nie. Ten opsigte van die gebruik van die standaardtaal en dialek in die Nederlande, wys Van der Plank (1985:112) op die volgende: "(S)treektaalgebruikers blijken hun informele en eerste taal niet in haar geheel af te stoten en over te stappen op de standaardtaal, maar laten haar langzaamaan met die taal versmelten." Frender e.a. (Van der Plank 1985:112) het bereken dat in die geval van die Groningse dialek, ongeveer één vyfde van die woordeskat per generasie verlore gaan, ten gunste van die standaardtaal. Die oorname van die standaardtaal is in werklikheid 'n ewigdurende proses, omdat die leidende taalsentrum sy vitaliteit behou, deur 'n eie evolusie. Intussen kan ook weer 'n nuwe sentrum die plek van die vorige inneem.

Die proses van die standaardtaaloornname was in Suid-Afrika geen uitsondering op Nederland en Vlaandere nie. Eers is dialek geleer en daarna die kultuurtaal. So skryf ds. H.C. de Wet op 13 Januarie 1882 dat hy die 'Zuid-Afrikaansch dialect' by sy moeder geleer het en daarna Nederlands (Zietsman 1992:9).

Status van die dialek

Entjes (1977:153) het in Sauwerd gevind dat die gebruik van Gronings minder gewens of gesik geag word, deur die gemeenskap. Van die ondervraagdes het 79% gemeen dat tydens raadsvergaderinge, Nederlands gepraat moes word. Ook wil 79% hê dat Nederlands gebruik moet word by die aansoek om 'n betrekking. In die skool moet volgens 86% van die ondervraagdes, tydens die lesse slegs Nederlands gepraat word deur die onderwyser. 'n Predikant moet volgens 88% in Nederlands preek. Iemand wat op 'n begrafnis praat, moet dit vir 88% in Nederlands doen, terwyl 79% van die ondervraagdes, voel dat voordragte en lesings slegs in Nederlands moet geskied.

Entjes (1977:153) het ook gevind dat telkens tussen 60 tot 70% van die ondervraagdes, gemeen het dat dit nie nodig is vir 'n burgemeester, predikant, arts, verpleegster, onderwyser, kleuterleidster, polisieman of 'n munisipale amptenaar, wat in die gebied woon en werk, om Gronings te kan praat nie. Meer as 50% het gevind dat 'n posbode, haarkapper, vakman, hotelier, of 'n

handelaar Gronings moet kan praat. Oor die toekoms toon dan ook weinig ondervraagdes optimisme vir die dialek. So vind 66% dat die jeug die dialek verleer, en veroordeel veral die ouer generasie dit die hardste. Vir die hoë-status beroepe is Nederlands, die hoë-statustaal, 'n vereiste, en identifiseer die jeug dan ook die sterkste met hierdie hoë-statustaal, met nadelige konsekwensies vir die dialek.

In hierdie verband noem Schönfeld (1990:128) dat Laagduits na 1945 heelwat status en belangrikheid ingeboet het. Die verandering het die sterkste onder kinders voorgekom. Schönfeld noem dat selfs in die platteland gedurende 1945 byna alle kinders in die Pomeranian distrik, dialeksprekend was. In 1962 egter praat alleen 20-26% nog Laagduits, 65-75% verstaan dit en 38-46% het dit nog tuis gehoor.

Die *NRC Handelsblad* van 30 Maart 1993¹⁰⁹ word vermeld dat 'n Friese Neerlandicus P. Breuker in sy proefskrif *Noarmaspekten fan it hjoeddeiske Frysk* (Normaspecten van het hedendaagse Fries), aangedui het dat Fries geen egte taal is nie, maar ook geen dialek nie. Hy vind dat dit iets tussen in is. Die taal is wel genormeer, maar weinig mense gebruik dit as skryftaal. Daarby is die dominante taal in Friesland, nie Fries nie, maar Nederlands. Daarby het hy ook gevind dat Fries veral in die informele situasies gebruik word en Nederlands in die formele situasies. Dan het Fries ook nog 'n lae sosiale status. Die gebruik van Fries as standaardtaal verskil dus nie veel van die gebruik van ander Nederlandse dialekte nie. Ook Hoppenbrouwers (1990) bevestig dat in Friesland, die Friese jeug en die professionele Friese Nederlands as taal kies, en die ouer en meer landelike persone Fries. De Vries e.a. (1994:232) skryf dat in 'n ondersoek teen die eind jare sewentig in Friesland, onder twaalfjariges en ouer, gevind is dat byna iedereen (94%) Fries verstaan, maar dat slegs 10% dit kan skryf.

Die goedgeskoolde Vlaming het ongetwyfeld hoë waardering vir die Nederlandse standaardtaal: "Het staat evenzeer vast dat in sociaal hogere kringen, in intellectueel meer ontwikkelde families enz. de waardering voor het AN veel groter is" (Willemyns 1976:788). Geerts e.a. (1977:117) het in hul studie oor taalhouding onder Vlaminge, gevind dat 'n afwysende houding teenoor die dialek groter word, namate die sosiale klasse hoër styg.

Diegene wat eerste die standaardtaal aanneem is die in die hoëre stande. Stedelinge doen eerder afstand van hul dialek as die plattelanders, en die jeug eerder as die oueres (De Vries e.a. 1994:172). Omdat hoér geskooldes eerder die standaardtaal aanvaar, het die dialek veral gedurende hierdie eeu drasties terrein verloor as gevolg van verbeterde onderwys, veral na die instelling van skoolplig. In die universiteitstad Leuven praat vandag sowat 20% van die bevolking (ouer persone) hoofsaaklik dialek, terwyl 20% (jeugdiges) hoofsaaklik die standaardtaal praat; die res gebruik beide, maar hoe hoér die opleidingsvlak hoe minder word die dialek gebruik (De Vries e.a. 1994:176).

Daar bestaan vandag nog, veral onder die ouer mense 'n sterk gevoel vir die behoud en beskerming van hul dialek (Entjes 1977). Daarbenewens word daar vandag weer 'n sterk belangstelling in dialekte waargeneem (Berns 1993:201). In Nederland maak streeksradio-senders nog van dialek

¹⁰⁹Geneem uit *De Talen* 1993 (6); 240.

gebruik tydens uitsendings. 'n Ondersoek het aangetoon dat in Drenthe nog 15% van die sendtyd aan dialek afgestaan word, en in 45% van die sendtyd die dialek en die standaardtaal afwisselend gebruik of gemeng word. In Groningen was die syfer 5% en 33% respektiewelik; vir Radio Oost 1% en 4% respektiewelik en vir Radio Gelderland 2% en 1% respektiewelik (Daan 1993:8-9). Nietemin delf die dialek die onderspit. Vandag leer in Nederland nog maar ongeveer 'n kwart van alle ouers, dialek aan hul kinders (Van der Plank 1985:105). Ten spyte van die terygdrywing van die dialek, is in die hele Nederlandse taalgebied, slegs die Randstadomgewing dialekvry (De Vries e.a. 1994:171). Ook die onderwys is nie dialekvry nie. In Vlaandere word die dialek veral gedurende die pre-primêre en primêre onderwys gebruik as medium van onderrig, maar soos wat die kind ontwikkel word toenemend oorgeskakel na die standaardtaal.

Oor die huidige posisie van die dialek, skryf Van der Plank (1985:105) die volgende: "Het dialekt wordt een ouderwets gereedschap waarvan men de herkomst en de gebruikswijze niet meer kent. Het mag te prunk staan, waar het vroeger werd veracht. In de carnavalstijd en in het toneelstuk op de dorpsavond wordt het afgestoft. Maar het gebruik ervan in het dagelijks leven en met name in het openbare leven verdwijnt."

Opmerking

Die taalverskeidenheid in die Nederlandse taalgebied is groot. So staan die Nederlandse woord *kus* in Holland bekend as *zoen*, in Groningen, Drenthe en die Achterhoek as *smok*, alleen in Groningen 'n *doetje*, in Friesland 'n *tuutsje*, in Nederlands Brabant en Limburg 'n *mondje*, 'n *mundje* of 'n *muulke*, en in Wes-Vlaandere 'n *pieper* (De Vries e.a. 1994:171). Die kloof tussen die dialek en die standaardtaal is soms eweneens groot. In Vlaandere het ek al dikwels kinders en jongmense hoor sê dat hulle alleen die standaardtaal ken, en die dialek wat hulle ouers of grootouers praat nie verstaan nie, of nie goed verstaan nie.

Die uitstoting van die dialek, ten gunste van die standaardtaal is betreklik resent. Die Nederlandse variëteite in Suid-Afrika sou dus dieselfde weg opgegaan het, as wat gedurende hierdie eeu in Europa gebeur het. Was taalnasionalisme in Suid Afrika anders aangepak, sou die omgangstaal Afrikaans net soos in Europa, na die tweede Wêreldoorlog, plek moes maak vir die kultuurtaal Nederlands, met natuurlik 'n eie aksent en kleur, soos in die gevalle van Luxemburg, Switserland, Vlaandere, Amerika, Brasilië, die Spaanstalige lande ensovoorts.

Vir die dialekspreker is die dialek en die standaardtaal sy moedertaal (moedertale). Daar is nie altyd 'n duidelike skeidslyn tussen die dialek en die standaardtaal nie, omdat beide mekaar in 'n groot mate oorvleuel.

Eentalige Gebiede

Talle aspekte rondom die territorietsprinsiepe ten opsigte van meertaligheid, het in die reeds behandelde gedeelte aan bod gekom, en haal ek hier enkele bykomende kwessies op.

Daar is talle Afrikaners wat meen dat ons nie moet 'laer trek' nie, omdat dit Afrikaans meer skade sal berokken. Hulle redeneer dat Engels nie nodig het om allerlei maatreëls te tref om die taal te beskerm nie, en dat Afrikaans dit daarom ook nie moet doen nie. Die suksesvolheid van Engels in Suid-Afrika word as model vir Afrikaans voorgehou. Engels egter sit in 'n ander posisie. Dit is 'n prestige-taal. Die 300 jarige oorheersing van die wêrelde deur Brittanje, opgevolg deur die

supermoondheid Amerika, het daarvoor gesorg dat Engels 'n hoë prestige-waarde verwerf het. Engels hoef op geen manier hoegeenaamd beskerm te word nie, en die taal sal steeds floreer. Het Afrikaans dieselfde prestige as Engels geniet, sou die taal geen beskerming nodig gehad het nie, maar selfs met Nederlands in Suid-Afrika sou ons die prestige van Engels nie kon ewenaar nie. Engels het as internasionale taal prestige-waarde wat geen ander taal geniet nie. As ons ons taal wil sien oorleef, sal hy konstitusioneel en institusioneel¹¹⁰ beskerm moet word, en dit kan alleen gedoen word in gebiede waar die Afrikaners 'n groot meerderheid van die bevolking uitmaak, binne 'n afgebakende gebied.

Die woord 'eentalige gebied' is 'n netelige begrip. Nadat die Afrikaner vir veertig jaar elke dag in die beskuldigde bank moes staan en hoor dat dit wat hy doen verkeerd is, is hy vandag verward. Rigting weet of ken hy nie. 'n Eentalige gebied beteken vir talle Afrikaners gewoon 'apartheid', en hoe hulle nou met die begrip moet omspring is 'n duister saak. Tog is dit juis wat Vlaandere en Quebec veral gedurende die sestiger- en sewentigerjare afgedwing het. Die verskil is natuurlik dat Vlaandere en Quebec slegs taalskeiding, wat taalredding ingehou het, tot stand gebring het, en ras links laat lê het (voordeel was dat hulle nie ook met 'n wesenlike rasseprobleem gesit het nie). Wanneer 'n mens vandag in Suid-Afrika 'n eentalige gebied propageer, word dit as konserwatiewe party-politiek aangevoel. Die linksdenkendes het daar geen gevoel voor nie, en dit is juis die ramp vir ons taal. In Vlaandere ondersteun alle politieke denkrigtings die beskerming van Nederlands in eentalige Vlaandere, en het die met linkse of regse party-politiek weinig te doen.

Gedurende die begin negentigerjare is Afrikaans uit die politiek bevry. Van toe af kon dit net beter gaan met Afrikaans, en sou Afrikaans nou van krag tot krag kon gaan na sy 'bevryding'. So is deur talle akademici beweer. Gedurende die midde negentigerjare het die 'bevryding' sy gevolge begin toon. Afrikaans boek agteruitgang op talle terreine, en nie die verwagte vooruitgang nie. Die agteruitgang word nou weereens aan die politieke gevolge van apartheid toegedig. Dit is 'n misopvatting. As Afrikaans en die apartheidspolitiek so één was, moes Afrikaans tydens die apartheidsera gekwyn het en nou tot bloei gekom het. Dit het nie gebeur nie. Tydens die apartheidsera het Afrikaans gebloeい en kwyn hy nou.¹¹¹

Dat die stigma-fenomeen geen rol in die agteruitgang van Afrikaans speel nie, kan ook nie ontken word nie. Nietemin word die rol wat die Apartheidstigma in die neergang van Afrikaans speel, 'n

¹¹⁰Institutionele ondersteuning, is die beskerming wat 'n taal geniet, deur middel van talle instellinge op nasionale, regionale of gemeenskapsvlakte, dit wil sê: regeringsinstellinge, kerke, kulturele organisasies, werkgewers, radio, televisie, ensovoorts (Appel & Muysken 1987:37).

¹¹¹In hierdie verband het Bryssinck redelik onlangs nog 'n aanval geloods op Afrikaanse intellektuele wat skaam kry om hul taal te gebruik, vanweë die Apartheidstigma wat glo daaraan sou kleef. Hy meen: "Zij zien aan het Afrikaans een odium kleven: dat van de vermaleidje Apartheid. Het Afrikaans is een taal waaraan schuld kleeft! Hierover schamen zij zich! Behoren dus de Duitsers het Duits te schuwen, omdat het de taal van Hitler en zijn regime was? Moet Solzjenitsyn het Russisch mijden, omdat het de taal van het communisme is? In Zuid-Afrika geloven sommigen inderdaad, dat het opgeven van het Afrikaans als taal, zeker als ambtelijke taal, de prijs is, die moet betaald worden voor al het onheil, dat de Afrikaners aan de gekleurde bevolkingsgroepen van hun land hebben aangedaan. Wat een monumentale onzin. Geen taal toch is de taal van een regime. De taal is het instrument van mensen, die samen wellicht één maatschappelijke en culturele groep, vaak een heel volk, vormen. Niet van een politiek systeem. Als een taal met een politiek systeem moeten kunnen vereenzelvigd worden, zou zeker het Engels, bij uitstek de taal van het imperialisme en van het kolonialisme, moeten verdwijnen" (Swanepoel 1992:158).

bietjie oordryf. (Ongelukkig dien Afrikaans tans as handige instrument in die hande van nie-Afrikaanstalige politici.) Duits het na die Tweede Wêreldoorlog ook deur diep water gegaan, veel dieper as waardeur Afrikaans gegaan het. Maar as gevolg van die bestaan van eentalige Duitssprekende gebiede kon Duits binne hierdie gebiede die stigma-aanval afweer. Dieselfde situasie was in meertalige Amerika nie moontlik nie. Die ondergaan van Duits in Amerika kan natuurlik ook daar, nie volledig aan die stigmakapstok gehang word nie. Ongestigmatiseerde Frans in Louisiana, in die VSA het die selfde pad as gestigmatiseerde Duits in Pennsilvanië geloop. Wat verder daarop dui dat stigma nie die enigste sondaar is wat Afrikaans tot sink bring nie, is die Quebecse voorbeeld. In Kanada kry Frans dieselfde stiefbehandeling as Afrikaans en daar is Frans nie deur dieselfde "politieke moeilikhede" as Afrikaans nie. Wat dus met Afrikaans gebeur is gewoon natuurlik vir 'n lae-prestige-taal in mededinging met 'n hoë-prestige-taal. Die stigma-rede is minder geldig as wat algemeen geglo word. Vandag het die Duitse taal hoë prestigewaarde, as gevolg van die Duitse ekonomiese welvaart. Omdat die Afrikaner nie eentalige gebiede het waar sy taal konstitusioneel beskerm kan word nie, kan hy nie prestige-waarde opbou nie.

Buiten die stigma-rede, word daar tans na talle redes gesoek vir die agteruitgang van Afrikaans. Die onderwys word gekritiseer (vergelyk Combrink 1992:269), die pers kry kritiek op hul taalgebruik, sommige taalpuriste word aangeval, "swak" taalgebruik word gesien as die groot sondebok wat die mooiheid in Afrikaans aantas. Al die beskuldiginge is maar 'n klein waarheid. Die groot waarheid is dat Afrikaans status ontbreek. Indien Afrikaans 'n prestigetaal was, sou "swak" taalgebruik; swak spelling, swak onderwys, nie sy gang as populêre taal kon dooddruk nie. Dit sou dan ook nie nodig gewees het om beskermingsmaatreëls vir die taal te tref nie. Die hoë-statustaal Engels kan maar swak aangebied word op skool, swak gespel word, swak gepraat word, die taal bly gewild.

Die afgelope eeu het die Afrikaner talle van sy intellektuele verloor, wat later teen die Afrikaner gedraai het. Aan hierdie proses is nog nie 'n halt toegeroep nie, en in ons huidige meertalige situasie, bly ons intellektuele toenemend na Engels oorloop, en kan daar geen halt aan die proses toegeroep word nie. Die presterende groep in die Suid-Afrikaanse meertalige situasie bly Engels, en word hierdie presteerders voortdurend aangevul vanuit Afrikanerbronne. Twee pole staan dan skerp uit, naamlik: welgestelde Engelstaliges teenoor armer Afrikaners. Die verlies van Afrikanerintellektuele kan nooit goed gemaak word nie. Die gevolg is dat daar 'n stigma gekoppel word aan die onderpresterende Afrikaanstalige groep. Indien eentalige gebiede nie tot stand kom nie, gaan die Afrikaner al sy intellektuele op termyn onherroeplik verloor. Binne 'n eentalige gebied word alle inwoners onder konstitusionele en maatskaplike druk geplaas om die taal van die gebied te gebruik. Stigmatisering kan dan nie meer voorkom nie, omdat ryk en arm, presteerders en onderpresteerders, in so 'n gebied dieselfde taal praat, en konstitusionele en institusionele taalkoesterung tot sy volle reg kom.

In 'n veertalige opset wen die prestige-taal nie net sprekers uit eie land nie, maar ook die immigrant sluit aan by die ekonomies presterende groep. 'n Immigrant identifiseer hom eerder met presteerders as nie-presteerders, omdat hyself wil presteer. Gedurende 1979 was in Transvaal 93.3% van die immigrante-kinders op Engelsmedium skole, 1.8% op Afrikaansmediumskole en 4.7% op parallelmediumskole (Prinsloo 1984:117). Van die bykans halfmiljoen immigrante wat die land tussen 1961 en 1978 binnegekom het, kon Afrikaans nie 5% aantrek nie (vergelyk die syfers

in Steyn 1980:249). Die verskynsel dat immigrante na Suid Afrika Engels verkie, is nie ongewoon nie. Van der Plank (1985:162) wys daarop dat die Joodse gemeenskap in die tweetalige Praag, Duitstalig was toe Boheme nog 'n Oostenrykse provinsie was en nie Tsjeggies nie, maar eers Tsjeggies begin aangeleer het, toe Tsjeggoslowakye tot stand gekom het, en Duits daar verdwyn het. In Antwerpen was die Jode Franstalig, maar toe Frans sy regte daar verloor het, het die Jode Nederlandstalig geword. In Quebec het byna alle immigrante Engels as huistaal aangeneem, voordat Quebec 'n eentalige provinsie geword het. Nou word immigrante-kinders in Quebec gedwing om na Franstalige skole te gaan (vergelyk Willemyns 1991, asook Mallea 1989). In Suid-Afrika het byna alle Indiërs Engels as huistaal aangeneem.

Taalvryheid

Toe die staat België in 1830 tot stand gekom het, het die grondwet taalvryheid gewaarborg. In die praktyk egter, het 'taalvryheid' beteken dat alleen Frans gebruik is in die administrasie en ook die openbare lewe in die algemeen. Ook het Franstaliges voorkeur geniet by aanstellings in die staatsdiens (Van de Craen & Willemyns 1988:47). In Suid-Afrika geld die beginsel van 'taalvryheid', wat in 1830 in België gegeld het tans. Die staat is vry om die taal van sy keuse te gebruik in sy kommunikasie met die bevolking. Waar Frans die bevorregte taal in die staatsdiens was en Nederlands voortdurend verkalwe het, doen Engels in Suid-Afrika presies dieselfde met Afrikaans. Nederlands in Suid-Afrika het sy eentalige gebiede verloor. In plaas daarvan dat Suid-Afrika 'n federale staatsvorm in 1910 gekry het, met verskanste taalregte in eentalige gebiede, het ons 'n tweetalige unitêre staat geskep, met geen taalwaarborge nie. *De Volkstem* van 4 Maart 1905 berig dat Botha en Smuts hulle beywer het vir die totstandkoming van 'n Suid-Afrika waar Nederlands en Engels gelyke regte sou hê, en het hulle Kanada as model voorgehou, waar Frans en Engels gelykberegtigde tale was (Zietsman 1992:162). Die gevolge van 'gelykberegtiging' in Kanada is bekend. In Natal was die gevoel vir afskeiding van die Unie besonder sterk gedurend 1932, waar die aksie veral teen Afrikaans gerig was en as rede genoeg beskou is vir afskeiding (vergelyk Steyn 1987:83). So het *The Natal Mercury* op 31 Oktober 1932 berig: "(W)e are not going to have their language thrust upon us here in Natal any more than we want to see English thrust upon the people of the Free State..." (Steyn 1987:84).

In die VSA het nog altyd¹¹² sogenaamde taalvryheid geheers. Die gevolg daarvan was dat onder andere Duits en Frans so te sê van die toneel af verdwyn het. Glazer (1966:358) skryf: "(I)mmigrants to the United States were allowed a remarkable degree of cultural freedom. There were no established religions, there was rarely any great restraint on private schooling, there was usually no control of publications, and cultural and social organizations of the greatest variety could do what they wished....(W)hen compared with many other countries, the United States has put relatively few restrictions on the public and private use of foreign languages. And yet, as so many language loyalists sadly noted, their languages shrivelled in the air of freedom, while they had apparently flourished under adversity in Europe" (Glazer 1966:361). Europa bestaan uit eentalige blokke, waar die tale behoorlik gekoester kan word. Waar hierdie institusionele beskerming binne Europa nie bestaan nie, soos die Nederlandse dialekte in die noorde van Frankryk, gebeur presies wat met die onbeskermde minderheidstale binne die VSA gebeur het. Nederlandse dialekte in Frans-Vlaandere ervaar vandag sy laaste stuiptrekkings. Steyn (1995¹:41) noem die verdwyning van Nederlands in Frans-Vlaandere, asook Duits in Elsas-Lotharinge, 'n

¹¹²Uitgesonderd die resente pogings in sommige State, om Engels die amptelike taal te maak.

"veelseggende voorbeeld", waar hierdie sprekers binne die grense val van vyandigesinde lande, terwyl hulle direk grens aan taalgebiede waar hulle in werklikheid deel van uitmaak. Dit is inderdaad veelseggend vir ons taalsituasie in Suid-Afrika, want net soos in Frans-Vlaandere en Elsas-Lotharinge waai die wind vir Afrikaans nie van agter nie.

In verband met taalvryheid in die VSA skryf Kloss: "Immigrant minorities were never forbidden to organize and maintain their own communities, organizations, schools, or publications. In fact it is only in relatively recent years that most state education departments have thought to require instruction in English in all private schools purporting to function within the compulsory education laws" (Fishman 1966:30).¹¹³

Fishman (1966:30) skryf: "Just as there is hardly any ethnic foundation to American nationalism, so there is no special language awareness in the use of English. The English language - as a symbol, as a supreme good- does not figure prominently in the scheme of values, loyalties, and traditions by which Americans define themselves as 'American'. English is spoken because it is the accepted medium of communication rather than because it is beautiful, divine, or indivisible from American traditions. Americans have no particular regard for English, no particular pride in English as an exquisite instrument, no particular concern for its purity, subtlety, or correctness." Die Amerikaners is geen uitsondering nie. Die inwoners van eentalige gemeenskappe, soos die Franse in Frankryk, Duitsers in Duitsland, het dikwels geen 'spesiale gevoel' vir taal nie. Dit is vir hulle gewoon die beskikbare kommunikasie-instrument. Hierdie voordeel het die Afrikaner nie. Hy moet nou staat maak op taalpatriotisme en taaltrots ter behoud van sy taal.¹¹⁴ Omdat elke mens uniek is, is nie alle Afrikaners begaan oor taalpatriotisme nie. Talle mense wil net gewoon kommunikeer, en in welke taal dit plaasvind is van minder belang. Die meeste mense wil graag opwaarts beweeg op die sosiale leer. Die keuse val dan ook op 'n taal wat die beste by hierdie behoeft pas - in Suid-Afrika is dit Engels. Dit is gewoon die gevvaar van veeltaligheid op 'n enkele stuk grondgebied.

Oor die posisie van Afrikaans as amptelike taal, en die moontlike verlies hiervan skryf Lina Spies in die *Beeld Kalender* van 14 Augustus 1990: "Laat niemand hom hierdeur 'n rat voor die oë draai nie. Geen taal ter wêreld het amptelike status verwerf, dit daarna verloor en toe 'n bloeitydperk ingegaan nie. Al wat met 'n taal in dergelike omstandighede kan gebeur, is dat dit hom doodbloei" (Zietsman 1992:212). Afrikaans is 'n amptelike taal op papier, word konstitusioneel erken, maar ook konstitusioneel en institusioneel ondergrawe en begrawe op alle terreine. Geen enkele klousule in die grondwet, reël die taalgebruik by die staatsbestuur, staatsonderneming, semi-staatsonderneming, werkgewers, op verbruikersprodukte, ensovoorts nie. Dit straal van vryhede en regte, en is in die sin waardeloos.¹¹⁵ Op 22 Augustus 1878 is in België 'n taalwet aangeneem,

¹¹³Kloss het dit vroeg in die veertiger jare geskryf.

¹¹⁴'n Probleem met patriotisme, is dat dit nie altyd ewe sterk met die verloop van die geskiedenis woed nie. Dit is 'n verskynsel wat op 'n bepaalde tyd verdwyn, en dan weer opbloei. Tydens die verdwynperiode mag die taal, bevolkingsamestelling of kultuur, drastiese veranderinge ondergaan in 'n multikulturele gemeenskap.

¹¹⁵Die volgende 'waardevolste' artikels is in die huidige oorgangsgrondwet ingebou: Die Grondwet (wet 200 van 1993) stel in die aanhef dat alle burgers in staat moet wees om hul fundamentele regte en vryhede te geniet en uit te oefen. Die grondwetgewende beginsel XI bepaal verder dat die verskeidenheid van taal en kultuur erken en beskerm moet word en die omstandighede ter bevordering daarvan aangemoedig moet word. Die Grondwet bepaal ook: art. 31: Elke persoon het die reg om die taal van sy of haar keuse te gebruik.

wat die taalgebruik in die staatsbestuur sou bepaal, daarin is bepaal dat "berichten en mededelingen die uitgaan van overheidsdiensten in het Vlaamse land in het Nederlands of in het Nederlands en Frans moeten gesteld worden" (Lindemans e.a. 1981:11). Duidelik is dit dat met die Suid-Afrikaanse grondwetlike bepalings van 1994 ons nie staan waar Vlaandere in 1878 gestaan het nie. Die Suid-Afrikaanse owerheid is vry om 'n taal te gebruik wat hom pas - die prestigetaal. Hierdie taal geniet dan ongekende institusionele onderskraging vanuit owerheidsweë: Dit geniet voorkeur in die onderwys, staatspers, radio, televisie, as Parlementstaal, perskonferensietaal, staatsbestuurs en administratiewe taal, ensovoorts.

Die Waarde van Konstitusionele Ondersteuning

Van der Plank (1985:96) skryf dat tussen 1560 en 1660 die Nederduitse skryftaal oral in die noorde van Duitsland vervang is met Hoogduits, waardeur die definitiewe ontwikkeling na 'n moderne Nederduitse standaardtaal tot stop gebring is. Talle Hoogduitse predikante is gedurende die tyd in die noorde van Duitsland aangestel, en was daar verset uitveral die plattelandse gemeenskappe omdat hulle Hoogduits nie kon verstaan nie (Van der Plank 1985:96). Gedurende 1650 was Nederduits as administratiewe taal slegs gebruik waar Hoogduits nie goed gelees, of geskryf kon word nie. Volgens Kloeke (1950:17) het die laaste Bybels in Nederduits gedurende 1607, 1614, 1619, en 1623 verskyn, daarna het die vraag vir die produk verdwyn. In Lübeck is Nederduits tot in 1809 as geskrewe taal gebruik, maar die taal volgens Kloss (Van der Plank 1988:12), sy status as geskrewe taal verloor, en 'n geskrewe dialek geword, of eerder verdeel in verskillende dialektes. Vandag word hierdie dialektes steeds as 'n modegril in die geskrewe streekbonde letterkunde gebruik. Nederduits het as kultuurtaal verdwyn, gewoon omdat voorkeur gegee is vanuit owerheidsweë aan Hoogduits.

Walgrave (1949:154) skryf dat daar Vlaminge gedurende die vorige eeu was, wat gehoop het dat die Nederduitssprekende gemeenskap van Noordduitsland, hulle van Hoogduits sou losmaak, en by die Dietse taalgebied sou aansluit. Combecher (1970:81) noem dat sommige Duitsers 'Vlaams' as 'n boeredialek beskou, wat nie veel van die Noordduitse plattelandsdialektes verskil nie. Talle Duitsers sien Nederlands as 'n soort 'plattdeutsch', omdat Nederlandse woorde, vorme en klanke hulle daaraan herinner (Combecher 1970:81). As gevolg van die noue ooreenkoms tussen die Nederduitse variëteite, was daar ook 'n Aldietse beweging wat gehoop het op 'n enkele Nederduitse taal wat van Duinkerke sou strek tot Königsberg in die Ooste (vergelyk die studie van Simons 1980).

Die verbintenis tussen Noord-Frankryk, Nederland, Vlaandere en die noorde van Duitsland het 'n droom gebly. Die staatkundige grens word ook taalgrens. Waar in Noord-Duitsland aanvanklik verset was teen die Hoogduitse standaardtaal, en dit nie altyd oral begryp is nie, is hierdie standaardtaal vandag die aanvaarde kultuurtaal van die hele Duitse taalgebied. Dit was slegs

art. 8(2): Elke persoon is gelyk voor die reg en daar mag teen niemand onbillik gediskrimineer word op grond van sy taal, hetself direk of indirek, nie.

art. 32: Elke persoon het die reg op onderwys in die taal van sy of haar keuse, **waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.**

art. 3(2): Regte met betrekking tot taal en die status van tale wat by die inwerkingtreding van hierdie Grondwet bestaan, **word nie ingekort nie.**

art. 3(3) en (6) bepaal dat iedereen op nasionale en provinsialevlak met die owerheid mag kommunikeer in die amptelike taal van sy of haar keuse, **waar dit uitvoerbaar is.**

bereikbaar deur 'n volgehou konstitusionele en institusionele ondersteuning binne 'n afgebakende territorium.

Glazer (1966:362) skryf dat die erkenning van 'n taal deur die regering enorm veel beteken vir die sprekers van 'n minderheidstaal. Ondersteuning dus in die staatspers, in die howe, skole, ensovoorts. Dit gee die taal status in die oë van sy gebruikers. Hierdie staatsondersteuning meen Glazer het veel meer impak as selfs die energiekste aksies van taalliefhebbers. Dit laat die vraag dan ontstaan wat die werklike waarde is, van organisasies wat Afrikaans bevorder, veral op die langer termyn. En vir hoe lank sal met 'n Afrikaanse taalkampanje volgehou moet word, of volgehou kan word, om taalbehoud te verseker.

In die Nuwe Wêreld lande het amptelike taal 'n enorme bydrae gelewer tot die vestiging van die spesifieke taal in die lande. Alhoewel in Spanje 'n paar tale gebruik word, naamlik Katalaans, Kastiliaans, Baskies en Galisies, het alleen Kastiliaans in die nuwe wêreld gedy omdat dit die amptelike taal daar was. In Britse Eilande word Engels, Skots, Wallies en Iers gesprok, maar alleen Engels was op die Nuwe Wêreld afgeseer met die gevolg dat net Engels vandag in die Nuwe Wêreld gesprok word. In België is 60% van die bevolking Nederlandssprekend, maar omdat Frans die amptelike taal van die land gedurende die vorige eeu was, het die Belgiese kolonie Zaïre vandag Frans as amptelike taal en nie ook Nederlands nie. Duits en Afrikaans in Namibië, hoe sterk die tale dan ook tans staan, sal oor 50 jaar in 'n bejammerenswaardige posisie sit, bloot omdat konstitusionele ondersteuning ontbreek.

Taalgrens

Tussen Duitsland en Nederland was nooit 'n taalgrens gewees nie. Die totstandkomming van 'n politieke grens, het egter ook die vorming van 'n taalgrens gestimuleer. Gebiede wat vandag in Duitsland val, en eerder deel van die Nederlandse taalgebied moes wees, het vir Nederlands verlore gegaan (vergelyk die studie van Van der Plank 1988). Was die grens tussen Duitsland en Nederland verder oos as die huidige grens, dan het heelwat meer Duitsers vandag Nederlands as kultuurtaal gebruik. Was die grens meer na wes as die huidige grens, dan het heelwat Nederlanders vandag Duits as kultuurtaal gebruik.

Cajot (1977) het aangetoon hoe die staatsgrense tussen België en Nederland die taal in die provinsies Limburg beïnvloed. Hy het onder andere aangetoon hoe woorde Nederlands-Limburg binnedring, maar nie tot Belgies-Limburg deurdring nie. Ook het hy aangetoon dat woorde wat Belgies-Limburg binnedring, weer nie Nederlands-Limburg binnedring nie. Wat die Nederlands-Duitse staatsgrense betref, skryf Hagen & Giesbers dat die politieke grense in toenemende mate taalgrense word, waar aan beide kante van die grens taalhouding en taalgebruik begin verskil. Die dialek is geen lingua franca meer, waar dit deur die politieke grens verdeel is nie, en is die dialek kontinuum nie meer 'n kommunikasie-kontinuum nie (Hagen & Giesbers 1988:33).

Kloss (1966:207) skryf dat een van die redes waarom minderheidstale in Amerika stand kon hou, die bestaan was van taaleilande. Hoe groter so 'n eiland, hoe groter is die kans om assimilasie teen te werk. Hy onderskei twee funksionele soort taaleilande:

- i. Eilande wat groot genoeg is, en genoegsame isolasie bied, sodat die taal outomaties, en sonder enige doelbewuste poging gehandhaaf kan word.

ii. Kleiner eilande wat dreig om deur die omliggende meerderheidstaal verswelg te word, en waar doelbewuste taalhandhawingsaksies onderneem moet word.

Die vereiste aantal inwoners in 'n taaleiland, om te kwalifiseer vir die eerste kategorie, het verander. Voor die kom van moderne massa-kommunikasie en vervoer, kon veel kleiner eilande genoegsame beskerming gebied teen oorspoeling van die meerderheidstaal (Kloss 1966:207).

Steyn (1980:15) skryf, hoe groter die taaleiland, hoe groter was die vermoë om in die VSA assimilasie met Engels teen te werk. Hierdie eilande het ten minste beskerming gebied. In gebiede waar geen taaleilande was nie, het anderstaliges veel vinniger verengels. Sou binne hierdie taaleilande ook konstitusionele beskerming gebied gewees het sou die tale daar kon gedy het. Die hoofrede waarom die Keltiese tale in Wallis, Skotland en Ierland terrein verloor het, is die afwesigheid van 'n eentalige gebied, en die afwesigheid van waardevolle bronne in die hande van die Keltiestalige gemeenskappe.

Volgens Camartin benodig 'n taal 'n afgebakende geografiese gebied, wat respekteer moet word. Almal wat in die betrokke gebied kom woon, moet die betrokke taal aanleer. Verder moet die taal se ekonomiese basis beskerm word. Dit is onmoontlik om 'n taal te handhaaf sonder 'n redelike ekonomie in so 'n gebied. Dan moet die taal sterk verteenwoordig wees in verskeie domeine van die kultuurlewe, soos skool, kerk, media, politiek gemeenskapslewe, ensovoorts (Camartin 1985:73). As hieraan voldoen is, is 'n vurige nasionalisme minder nodig om die taal te beskerm.

Die Engelstaliges in Suid Afrika wat Afrikaans as taal aangeneem het is die wat in Afrikaanse taalgebiede gaan woon het. Afrikaanstaliges wat verengels het, is diegene wat in Engelstalige gebiede gaan woon het. Volgens Steyn (1980:178) het duisende Afrikaners verengels. Dit blyk ook duidelik uit die volgende berig uit die *Transvaler* van 26 Oktober 1942, waar ds. W. Nicol aangehaal is, wat op 24 Oktober 1942, tydens die 21-jarige viering van die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg gesê het: "As ons terugdink ...aan die jare van 1900 tot 1921, en ons vra waar is die jong Afrikaners wat Johannesburg in daardie jare opgelewer het, dan moet ons erken dat hulle vir ons verdwyn het. Ek het 25 jaar lank in Johannesburg gesoek na daardie kinders. Met 'n paar uitsonderings is hulle vir ons verlore. Hulle wil niks met ons te doen hê nie. In Bloemfontein staan 'n monument vir die 26,000 vroue en kinders wat in die Engelse Oorlog verlore is. Ons behoort hier 'n monument op te rig vir die 50,000 kinders wat hier in Johannesburg in daardie tyd verlore gegaan het. Dis 'n tragedie, die diefstal van 'n mensegeslag" (Steyn 1980:179). Hierdie kinders het almal verengels. Die ramp is veel groter as die 26,000 vroue en kinders wat in die Anglo-Boereoorlog gesterf het, want die 50,000 verlore kinders (en die tienduisende daarna, of is dit honderduisende?) was eens deel van die Afrikaanse taalgemeenskap, terwyl hulle tans deel uitmaak van die aanslag **op** die Afrikaanse taalgemeenskap.

Reeds teen ongeveer 1850 was Engels so populêr dat sommige Afrikaners, hoewel hul Engels swak was, voorgegee het dat hulle hul eie taal nie ken nie, sodanig so dat dit sommige Engelstaliges verbaas het (Van der Merwe 1968:76). Volgens Steyn (1980:179) was die faktore wat aanleiding gegee het tot die verengelingsproses, gedurende die vorige eeu en vroeg hierdie eeu, die volgende: Ten eerste was die Afrikaner arm, ten tweede was hy laag geskoold, ten derde het hy in diens getree van Engelse werkgewers, en laastens het hy sy kinders na Engelse skole

gestuur. Waarom Engels in die platteland nie vastrapplek kon kry was te dank aan die feit dat hul kontak met die Engelstalige gering was. Met die kom van die radio in 1936 het die Afrikaner al meer blootstelling aan Engels gekry, maar veral sedert die kom van die televisie in 1975, het Engels in elke Afrikaanstalige huis binnegekom. Die kontak met Engelstaliges het bly toeneem. Die eentalige gebiede wat die Afrikaner gehad het word opgeruim omdat dit nooit konstitusioneel vasgelê en beskerm is nie.

Steyn (1980:373-374) het aangetoon dat 'n gesentraliseerde federale staatsbestel vir Suid-Afrika noodlottig sal wees vir Afrikaans, en dat 'n konfederasie met 'n groot mate van desentralisering die beste uitkoms vir Afrikaans sou wees, omdat daar in laasgenoemde stelsel beheer uitgeoefen sou kon word op immigrasie en ekonomiese beplanning. Ons het in 1994 die gevreesde gesentraliseerde staatsbestel gekry, en is daar van alleenbeheer deur die Afrikaanstalige op taalgebied in geen enkele streek van die land sprake nie.

Verspreidwonendheid

Steyn (1984:5) skryf dat 'n taal se posisie nadelig beïnvloed kan word, indien sy sprekers yl verspreid woon tussen lede van ander taalgemeenskappe in. Clyne (Appel & Muysken 1987:35) het aangetoon dat Maltese wat na Australië geimmigreer het, hul taal die vinnigste verloor het in state waar weinig volksgenote voorgekom het. In die state waar meer volksgenote voorgekom het, was die taalverskuiwing ten gunste van Engels stadiger. Hoe meer gekonsentreerd 'n taalgroep in 'n bepaalde area voorkom hoe stadiger sal hulle hul taal verloor. Dit is om hierdie rede dat die toepassing van die territoriteitsbeginsel soveel sukses gebring het vir die taalbewegings wat in Vlaandere en Quebec gevoer is. Lieberson (Appel & Muysken 1987:36) het gevind dat in Kanada Frans veld verloor het in provinsies waar weinig Franstaliges gewoon het. In gebiede waar Franssprekendes gekonsentreerd is, is Frans lewenskragtig. Li (Appel & Muysken 1987:36) het in Amerika gevind dat Chinese wat in 'Chinatowns' gewoon het, stadiger verengels het as die Chinese wat nie in 'Chinatowns' gewoon het nie. Minder as dertig persent van die derde generasie Chinese wat in 'Chinatowns' gewoon het, het Engels as hul huistaal aanvaar, teenoor 50% van die derde generasie Chinese wat buite 'Chinatowns' gewoon het.

'n Nasleep van verspreidwonendheid, is dat vermenging voorkom. Huwelike tussen Afrikaans- en Engelstaliges loop uit op 'n wins vir Engels (vergelyk Steyn 1980). Oor gemengde huwelike skryf Appel & Muysken (1987:35): "In these marriages, the most prestigious language generally has the best chance to survive as the language of the home, and hence as the first language of the child." Hierdie taal en kulturele vermenging is 'n bate vir die prestige-taal, maar rampspoedig op termyn vir Afrikaans, iets wat in 'n eentalige gemeenskap beperk word.

Alhoewel die sieletal van die Afrikaners 'n paar miljoen tel, woon hierdie mense verspreid oor Suidelike Afrika. Hierdie verspreidwonendheid beteken gewoon dat Afrikaans hom in 'n verswelgingsposisie bevind, wat nadelige konsekwensies inhoud vir die taal. In hierdie verband dui Steyn (1995:41,44) dan ook op die voordeel van 'n "zusammenhängendes Sprachgebiet", om die nadelige uitwerking van 'n demografiese verswelging teë te werk. So 'n gebied het ons nie.

Die Beheer van Waardevolle Bronne

Daar is tale Afrikaners wat glo dat Afrikaans tot nou toe gehandhaaf kon word hoofsaaklik as gevolg van 'n groter gevoel van nasionalisme onder Afrikaners. Hier steek seker iets in, maar die grootste rede waarom Afrikaans so goed gedoen het tot en met die tagtigerjare, was omdat waardevolle bronne in die hande van Afrikaners was (op politieke en kulturele gebied). Die Afrikaners en nie-Afrikaners het die Afrikaner as 'in beheer' beskou. Dit het Afrikaans laat bloei. Was waardevolle ekonomiese bronne ook in die hande van die Afrikaner, sou Afrikaans nog beter presteer het. Alle waardevolle bronne is tans buite Afrikanerbeheer, en dit sal die gevolge hiervan 'n verwoestende uitwerking op Afrikaans tot gevolg hê. Dit sal slegs binne 'n eentalige gebied tot sy volle reg herstel kan word.

Vlaandere en Quebec kon die dominerende tale eers goed teenstaan, nadat waardevolle bronne, hoofsaaklik ekonomiese bronne, maar ook politieke en kulturele bronne, in eksklusiewe beheer geplaas is van die meerderheid inwoners van die gebiede. In 'n meertalige gebied, sal die taalgroep met die gewaardeerde bronne onder sy beheer, die taalleiding neem. 'n Taalstryd is dus 'n stryd om gewaardeerde bronne; bronne wat die gemeenskap as waardevol aanvoel (vergelyk die studies van Hellar 1991 in hierdie verband).

Volgens Willemyns (1991:288) sal daar eers ingrypende taalverandering in 'n land kom, wanneer daar 'n ekonomiese ommeswai plaasvind in die spesifieke gebied, en die ekonomiese krag na daardie gebied verskuif. 'n Proses wat hom in Vlaandere afgespeel het. 'n Proses wat hom in 'n meertalige Suid-Afrika volgens die personaliteitsprinsiepe (of taalvrye opset) nie sal kan afspeel nie, omdat eentalige gebiede nie bestaan nie.

Opmerking

Of 'n eentalige gebied, haalbaar is in die huidige politieke situasie, is bloot bespiegeling. Die verkryging van so 'n gebied is egter van groot belang vir die behoud van die identiteit van die Afrikaner. Die Afrikaner hou immers op om te bestaan, sodra hy van sy taal afgestap het. Steyn (1995¹:54) wys ook daarop dat so 'n gebied mense sal lok wat andersins gewoon emigreer na die buitenland. Hy skryf verder: "'n Volkstaat kan die soort gevolge hê wat moeilik gemeet kan word in syfers en statistieke: 'n nuwe hoop op die toekoms en kreatiwiteit wat in die plek kan kom van negatiwiteit en bitterheid. 'n Volkstaat kan 'n groot klomp skeppende aktiwiteite tot gevolg hê onder mense wat deur politieke aanstellings en regstellende aksie gedwing is tot vervreemding, onsekerheid, demoraliserende werkloosheid of minderwaardige poste. Dit kan ook 'n alternatief bied vir diegene wat anders hulle toevlug kan neem tot geweld'" (Steyn 1995¹:55).

Die toepassing van die territoriale prinsiepe, het vir Vlaandere en Quebec gunstige gevolge ingehou. Dit is immers beproefde resepte, wat vir Afrikaans ook positiewe gevolge kan inhou. In die afwesigheid van eentalige gebiede, sal ons koerante, tydskrifte, klubs, vereniginge, kerke, skole, universiteite, ensovoorts, al meer en meer tweetalig word met die verdringing van Afrikaans. Al meer stemme sal opgaan ten gunste van Engels. Al hoe meer mense sal taalbeplanning en die beskerming van Afrikaans as onsinng, duur, onuitvoerbaar, onprakties beskou. Die voorstanders vir die beskerming van Afrikaans sal toenemend beskou word as dom, kortsigtig, agterlik, outyds en konserwatief.

As ons in Suid-Afrika nie bereid is om die Vlaamse en Quebecse suksesresepte te beproef nie, sal Afrikaans, selfs met Nederlands in die hand, dit doodeenvoudig nie haal nie. Oor die sukses van die Vlaamse beweging skryf Van der Elst: "De omvorming van de unitaire staat tot een federale staat was in onze visie een noodzakelijke voorwaarde om onze taal, onze kultuur, ons volksbestaan veilig te stellen en aan het Vlaamse volk zelfbewustzijn, nationaal bewustzijn, een eigen politieke gestalte te geven" (Van Overstraeten 1984:370).

TAAL EN KULTURELE BEDREIGING

Op 13 Mei 1876 het hoofregter J.H. De Villiers voorspel dat die toekomstige taal van Suid-Afrika Engels sal wees, maar skryf A. De Villiers (1936:97) oor hierdie voorspelling wat nie verwesenlik is nie, dat as "daar 'n tyd moet aanbreek wanneer die Afrikanervolk 'n volkome eenheid met die Engelse gaan vorm, is dit moontlik dat dit nog verwesenlik kan word, tensy die Engelse hul eie taal en tradisies prysgee, iets wat egter nie in die aard van die Engelsman steek nie." Tans is ons midde in hierdie tyd waar daar volkome eenheid tussen Afrikaans- en Engelstaliges bereik is.

"Ons" en "hulle" bestaan nie meer nie. Twee kultuurgemeenskappe het dus een geword, en een kultuurgemeenskap met twee tale deug nie. Een van die twee tale sal sy relevansie noodwendig moet verloor, bloot omdat dit oorbodig sal wees. Die feit dat talle Afrikaanstaliges op televisie, in advertensies en films onderling met mekaar Engels praat,¹¹⁶ val nie meer op nie; dit word deur die Afrikaanstalige kultuurgemeenskap as normaal aanvaar. Wat op televisie verskyn, is model vir die kyker, en moet aanvaar word dat as Afrikaners met mekaar op televisie in Engels kommunikeer, dit 'n duidelike sinjaal aan die Afrikaanse kyker is: praat onderling met mekaar Engels, al is dit hoe vrotsig, dit is 'in' en normaal.

Tans staan die Afrikaner weer waar hy 'n eeu gelede gestaan het. Gedurende 1905 het Jan Hofmeyr tydens 'n ACVV-kongres gesê dat Afrikaners wat Engels onder mekaar praat, en in Engels aan mekaar geskryf het, die taalgebed oortree het. Die 'I don't speak Dutch-Afrikaanders' wat nie meer Nederlands wou praat nie, het hy as siek mense beskou. Hierdie siekes se huisgodsdienste en gebede was in Engels. Van hul eie geskiedenis en hul land se aardrykskunde het hulle bitter weinig geweet, maar hulle kon die troonbestygings en sterfdae van 'n lang reeks Engelse konings en die name van die vernaamste Engelse stede en Graafskappe opnoem. Hierdie 'taal en geschiedenislooze Afrikaanders', volgens Hofmeyr, was geestelike gebreklike, bejammerenswaardige, ongelukkige mense: "Zij weten niet wat nationale trots is. Zij trekken geen genot uit zelfs de schitterendste bladzijde der vaderlandsche geschiedenis. Hun eigen volk haat hen soms - ten onrechte. Het volk dat zij nabootsen veracht hen meestal" (Zietsman 1992:110).

So skryf De Vos (1906:17) oor die na-oorlogse Engelsliefde: "Alles wat 't kind in de school hoort is Engels; zijn eigen taal komt hoegenaamd niet in aanmerking. Voor het arme kind betekent het dus: al wat waard is om geleerd te worden is het Engels; als een mens geleerd wil worden, dan moet hij alleen Engels leeren; de Engelsen zijn de slimme mensen, van wie wij alles moeten leren en die wij in alles moeten navolgen, mijn taal komt er minder op aan; als ik die maar zo ten naasten bij kan lezen en schrijven, is dit voldoende." De Vos skryf dat die liefde onder Afrikaners, en hul bediendes, gedurende die tyd vir Engels oorweldigend was. Al is die taal ook hoe krom en skeef gebruik "Engels moet 't zijn" (De Vos 1906:35).

Die Tweetaligheid van die Afrikaanstalige

Sir Ian Hamilton, wat in die eerste en tweede vryheidsoorloë teen die Boere geveg het en groot respek vir die boere gehad het, het by geleenheid die Boere gekomplementeer en aan die Engelse publiek gevra om die Afrikaner goed te behandel. Volgens hom sou die Boere en Engelse met mekaar ondertrou en sal die huwelike manne soos Roosevelt oplewer. Hulle sal aanvanklik

¹¹⁶en dikwels in die platste moontlike denkbare Engels, solank dit maar Engels is.

tweetalig wees, maar mettertyd sal die Engelse Bybel, die Engelse rolprent en die BBC, Afrikaans op die agtergrond dring (Steyn 1980:236).

Die waarskynlikheid dat die Afrikaner nou in die tweede fase van taalverskuiwing staan, is goed. Die eerste fase is 'n eentalige persoon. Die tweede fase 'n tweetalige persoon en die derde fase 'n eentalige persoon (eentalig in die oorgenome taal). Gedurende die sestigerjare, was nagenoeg alle plattelanders, uitgesonderd die in Natal, eentalig Afrikaans. Hieroor skryf Van der Merwe (1968:244): "In Suid Afrika het ons enersyds wel baie 'suiwer' Afrikaanssprekende streke, maar andersyds ook baie 'suiwer' Engelssprekende kolle. Maar die Afrikaner is besig om die Engelse kolle in te perk en in sekere mate op te ruim." Die sterk eentaligheid van die Afrikaner gedurende die sestigerjare blyk ook duidelik uit die volgende: naamlik dat "dat die Engelssprekende alhoemeer dubbetalig word terwyl die Afrikaanssprekende neig om enkeltalig te word" (Van der Merwe 1968:254). Die eerste staatspresident van die Republiek van Suid Afrika, het ook gedurende die sestigerjare by geleenheid gesê, dat die Engelstalige Suid Afrikaners mettertyd sal insien dat Afrikaans die belangrikste taal van die land sal word. Wanneer 'n mens die sestigerjare met die negentigerjare vergelyk, is daar 'n groot verskil. Die gemiddelde Afrikaner is tans meer tweetalig as ooit voorheen. Die Afrikaanse taalbeweging, relatief tot die Quebecse en Vlaamse bewegings sit vandag in 'n cul-de sac. Die drome van die sestigerjare vir Afrikaans lê aan skerwe. Die taaldrome in Vlaandere en Quebec staan in bloei. Die Afrikaner bevind hom duidelik vandag nie in die eerste fase van taalverskuiwing nie.

Fasold (1984:216) noem dat tweetaligheid in 'n maatskappy nie daarop duï dat taalverskuiwing plaasvind nie, maar tweetaligheid is 'n belangrike voorwaarde vir taalverskuiwing. Ook skryf Fasold (1984:217): "The language of a monolingual community is virtually certain to be maintained as long as the monolingualism persists." Aangesien daar tweetalige gemeenskappe bestaan wat al eeue lank tweetalig is, sonder dat taalverskuiwing plaasvind moet daar volgens Fasold bepaalde faktore aanwesig wees, om hierdie verskuiwing te inisieer.

Die faktore wat taalverskuiwing inisieer is volgens Fasold die volgende:

- *Migrasie*; 'n Klein groep sprekers verhuis na 'n gebied waar hulle 'n sterk minderheid uitmaak, en neem hulle die taal oor van die meerderheid. Andersins verhuis 'n groot groep mense na 'n gebied waar hulle die oorspronklike taal, nou 'n minderheidstaal verdring.
- *Industrialisasie*; asook ander ekonomiese veranderinge.
- *Skooltaal* en ander vorme van regeringsdruk.
- *Verstedeliking*.
- *Hoër prestige* by die taal waarheen taalverskuiwing plaasvind (begunstigde taal).
- 'n *Krimpende populasie* by die taal wat sprekers verloor, as gevolg van taalverskuiwing.

Welke van hierdie faktore of kombinasie van faktore aanwesig moet wees om taalverskuiwing te inisieer, is volgens Fasold moeilik om uit te maak, maar skryf hy dat die meeste aandag deur navorsers bestee word aan gevalle waar 'n klein taalgroep met 'n lae status, verskuif na 'n groter taalgroep met 'n hoër status.

Fasold skryf verder: "Language shift will occur only if, and to the extent that, a community desires to give up its identity as an identifiable sociocultural group in favor of an identity as a part of some

other community. Very often the other community is the larger social group which controls a society where the first group is a minority." Die Afrikaner bevind hom tans huis in hierdie posisie.

'n Teken volgens (Fasold 1984:240) dat taalverskuiwing in 'n tweetalige gemeenskap, nie aan die ontwikkel is nie, is wanneer nog 'n onderskeid getref kan word tussen 'ons' en 'hulle'. Vroeër was die 'ons-hulle' verhouding tussen Afrikaans en Engelssprekendes sterk ontwikkel. So sterk dat 'n Groot Trek plaasgevind het, so sterk dat 'n Anglo-Boereoorlog plaas gevind het. Tot twintig jaar gelede het 'n mens nog Afrikaners hoor verwys na optredes of gebruikte wat 'tipies Engels' was. Dit is so te sê vandag verdwene.

Alhoewel tweetaligheid 'n voorvereiste is vir taalverskuiwing, kan tweetalige gemeenskappe eue lank bestaan. Skotland was eue lank tweetalig voordat Engels die oorhand oor die Keltiese variëteite behaal het (Leitner 1992:191). Ook in Spanje het eue lank tweetaligheid geheers, voordat Latynse variëteite die Keltiese variëteite verdring het (Penny 1991:6). Maar 'n teken van taalverskuiwing volgens Fasold (1984:240) is die beweging van een taal na domeine wat vroeër alleen gereserveerd was vir die ou taal. Dit kan die duidelikste geïllustreer word deur Afrikaans en Engels as twee pole op 'n kontinuum te beskou, waar die pole dan ook die domeine van die taal verteenwoordig. Indien Afrikaans nie daarin slaag om Engelse domeine te verower nie, terwyl Engels daarin slaag om talle Afrikaanse domeine binne te dring, is taalverskuiwing dus, volgens die definisie van Fasold, in beweging. Afrikaans kon die sakewêreld nooit suksesvol penetreer nie, en waar dit suksesvol was, is Afrikaans besig om hierdie domeine te verloor. Daarby was domeine waar nasionalisme en patriotisme prominent was, die domeine van Afrikaans. Dit is die geval nie meer nie. Konserwatiewe politieke partye gebruik nou ook Engels, omdat hulle glo Engelse ondersteuners het. Die konserwatiewe pers kry al meer Engelstalige dekking. Verder is Afrikaans lank nie meer die taal 'van die veld' nie, dit word ook die domein van Engels.

Volgens Fasold (1984:241) vertoon taalverskuiwing in sy laaste fase die volgende kenmerke:

- Die uitgaande taal wat as gevolg van taalverskuiwing sprekers verloor, word as inferieur beskou, teenoor die inkomende taal wat aangeneem word.
- 'n Wanbalans in oornname van leenwoorde, waar die uitgaande taal alleen woorde van die inkomende taal oorneem, terwyl die inkomende taal min of geen woorde van die uitgaande taal oorneem nie.
- Indien die godsdiens van die een groep met die ander groep kontrasteer, sal taalverskuiwing so te sê afgehandel wees, wanneer die sprekers van die uitgaande taal hul godsdiensverrigtinge in die nuwe taal verrig.
- Taalverskuiwing sal in sy finale fase wees, wanneer tweetalige ouers alleen die inkomende taal aan hulle kinders oordra.

As dit wat Fasold skryf waar is, staan talle Afrikaners tans in die laaste fase van taalverskuiwing. Selfs die bastion godsdiens, val vir Afrikaans. Die rationele manier van godsdiensbeoefening van die Afrikaner, verloor al meer terrein ten gunste van die Amerikaans ingevoerde (tweetalig, of Engelstalig) emosionele manier van godsdiensbeoefening. Die Angel-Saksiese kultuur dien as absolute model vir die Afrikaner. Die Vlaamse-, Nederlandse- en Duitse kulture is vir alle praktiese doeleindes vir die Afrikaner 'n geslote boek. Ons kultuur is volledig Angel-Saksies. Ons

ete en drinke,¹¹⁷ ons groetgewoontes, ons sportsoorte, ons Kerskultuur, kortom: ons hele leefwyse is volledig uit Brittanie of Amerika ingevoer en eie gemaak. In Vlaandere, Nederland en Duitsland hoor mens selfs op radio en televisie negatiewe en afkeurende aanmerkings oor die Amerikaanse maatskappy¹¹⁸. In Suid-Afrika is so iets absoluut ondenkbaar, want Amerika is ons mentor. Die internasionale nuusitems wat op die Suid-Afrikaanse radio en televisie aangebied word, is hoofsaaklik Angel-Saksies. Selfs onbenullige gebeurtenisse in die Angel-Saksiese lande geniet in die Afrikaanse nuusuitsendings behoorlike dekking. In iedere Afrikaanse gesins- en vrouetydskrif lees 'n mens talle artikels waar Suid-Afrikaners (let wel nie meer Afrikaners nie) of Suid-Afrika vergelyk word met slegs Angel-Saksiese lande. Sinne soos: "Amerikaanse navorsers het gevind dat..."; of "Britse speurders het ontdek dat...."; of Suid-Afrikaanse egskeidingsyfer/ rentekoerse/ hartaanvalle/ misdaadsyfer, ensovoorts is hoër/ laer as die Amerikaanse/ Britse/ Australiese/ Kanadese gemiddelde", ensovoorts. Die opinies, bevindings en ontdekking wat in Vlaandere, Nederland en Duitsland gemaak word, word nooit vermeld nie.

Die meeste Afrikaners ken so te se geen name van Vlaamse en Nederlandse stede nie, vergeet maar wat die ligging daarvan betref. Selfs Brussel (die hoofstad van België, die hoofstad van die Europese Unie, deur die gemiddelde Afrikaner boonop as Brussels uitgespreek, volgens Engelse model) is vir talle Afrikaners 'iewers op die planeet', maar stede in die Engelstalige wêreld is vir die gemiddelde Afrikaner net so bekend as Suid-Afrikaanse stede.¹¹⁹ Ook die kultuur, gewoontes en gebruik van ons taalgenote in Europa is vir die Afrikaner 'n geslote boek.¹²⁰¹²¹

Die totstandkoming van die Europese Unie en alle gebeure hierrondom word ons geskets deur die oë van die Britte. Hoe die Vlaminge, Nederlanders en Duitsers die Europese Unie sien, bly ons 'n geslote boek. Kortom: die stamlande van die Afrikaner is vir hom 'vreemde lande' en die Angel-Saksiese lande is vir hom 'bekende lande'. Engels het die 'groot vriend' van die Afrikaner geword (Ponelis 1984:39). 'n Engelse geleerde, professor Barnouw, het by geleentheid die volgende oor die Afrikaanse leefwyse te sê gehad: "Their outlook on life, their conceptions of the world abroad, their methods of government and business administration, their ideas of sportsmanship, even their manners and forms of social intercourse, bear the trade-mark: Made in England" (Basson e.a. in Carstens 1989:242). Die hartseer is egter, dat die gemiddelde Afrikaner hier niks van snap nie,

¹¹⁷In ons tweede tuisdorp, Tervuren, woon 'n aantal Engelstaliges wat in Brussel werk. 'n Groot kettingwinkel in Tervuren het dit daarom nodig geag om 'n rakkie (1 meter breed) in te rig, onder die opskrif 'Engelse voedingsware'. Die opskrif kon ewe goed gelui het 'Suid-Afrikaanse voedingsware', want hierdie 'Britse ware' is in al ons winkels in Suid-Afrika te koop.

¹¹⁸Dikwels word tydens joernaalprogramme die vrees uitgespreek vir 'Amerikaanse toestande' in Europa. Onder 'Amerikaanse toestande' word dan talle dinge verstaan, soos: onderwys, regsspraak, eisgierigheid, geweld, verkieeskampanjes, ensovoorts, soos dit in Amerika bedryf word.

¹¹⁹So vra Jo van Eetvelde onlangs op reis deur Suid-Afrika, by 'n hotel aan die ontvangsdame om vir hom 'n telefoonoproep na Brussel te maak. Na veel gesnuffel in die foonboek vra sy hom: "In welke land lê dit meneer?" Nodeloos om te sê, hierdie dame het waarskynlik geweet waar Londen, Washington, New York, Perth, ensovoorts, is.

¹²⁰So vra 'n predikant ('n professionele Afrikaanse kultuurdraer met vele jare studie agter die blad) my onlangs, welke taal in België gepraat word. Dieselfde predikant, weet waarskynlik besonder goed welke taal in Australië, Nieu-Seeland en Kanada gepraat word.

¹²¹Die gemiddelde Afrikaanstalige kan 'n redelike uitleg gee van hoe die Britse koningshuis daar uitsien. En die Nederlandse en Belgiese koningshuise dan? Die gemiddelde Afrikaanstalige weet nie eens van die bestaan daarvan nie, laat staan nog uitleg gee.

omdat sy blootstelling aan sy stamlande eintlik nul is. Hy kan dus nie sy eie kultuur met die van sy stamlande of ander lande vergelyk nie. Ook vertoef die gemiddelde Afrikaner selde in een van sy stamlande, dis geen hoogtepunt op sy reisplan nie. Sy hoogtepunte is Angel-Saksië.

Die Afrikaner betaal 'n prys vir sy tweetaligheid. Volgens Botha (1989:151) werk dit taalverskuiwing in die hand, maar ook taalbeïnvloeding. Hierdie invloed van Engels op Afrikaans hou volgens Botha direk verband met die enorme kulturele invloed van Angel-Saksiese lande op die Afrikaanstalige gemeenskap. Tot onlangs toe nog, het die syfer: 1,000,000,000, in Afrikaans bekend gestaan as 'n *miljard* (Nederlandse model), later het 'n mens al meer *duisend miljoen* gehoor (Engelse model) en vandag hoor 'n mens dikwels *biljoen* (Amerikaanse model).

Christophersen (Lamy 1979:24) skryf dat niemand 'n taal behoorlik kan ken, sonder dat so 'n persoon hom in 'n groot mate moet gaan assosieer met die sprekers van daardie groep nie. Dit hou in dat 'n Afrikaanstalige, wanneer hy Engels wil leer, hy nie net bloot die taal leer nie, maar hom ook, gewild of ongewild, moet assosieer en inleef in die Engelse kultuur, gewoontes en gebruik. Lambert (Lamy 1979:26) meen dat hoe beter 'n persoon 'n ander taal leer bemeester, hoe meer sal so 'n persoon ook ontdek dat hy lid kan word van hierdie nuwe taal- en kulturele groep, en kan so 'n persoon dit des te makliker vind om by hierdie nuwe taal- en kulturele groepering in te skakel. Dit is presies die dilemma waarin die tweetalige Afrikaner hom bevind. Hoe beter sy Engels, hoe makliker kan hy van groep verander, en hoe tuiser sal hy voel in Engelse kringe. Hieroor skryf Brown (1986:33): "Second language learning in some respects involves the acquisition of a second identity....Second language learning is often second culture learning." Kultuur is diep in die menslike wese ingegrawe, maar taal - die instrument waarmee lede van die kultuurgroep kommunikeer - is die mees sigbare en beskikbare uitdrukking van daardie kultuur (Brown 1986:34).

Omdat taalverskuiwing so stadig plaasvind, word dit nie opgemerk nie. So merk Appel & Muysken (1987:42) op dat dit soms gebeur dat "a whole minority group is in the process of shifting from one language to the other, and differences between individuals are not noticed." Hiervan is baie taalkundiges ernstig bewus, en probeer hulle die Afrikaanse publiek daarvan oortuig dat hulle 'wakker' moet skrik. Die probleem is dat die publiek nie besef dat verandering op taalgebied plaasvind nie, en dus nie wakker kan word nie. Daarby is die verskuiwing van 'n lae-statustaal na 'n prestigetaal nie 'n abnormale verskynsel nie, en is dit des te moeiliker om die Afrikaner daarvan te oortuig dat iets abnormaals plaasvind. Oproepe van taalkundiges (verwys Combrink 1992:274) dat die Afrikaanse publiek hul oë moet oopmaak en die gevær sien, het nie altyd trefkrag nie. Die Afrikaner het nie iets waaraan hy homself kan meet, om te bepaal of 'n totale taalverskuiwing van die hele groep plaasvind nie. Indien Nederlands ook in Suid Afrika kultuurtaal was, sou die Afrikaner maklik tendense kon sien omdat hy die verskillende kulture en taalvariëteite voortdurend, relatief tot mekaar sou kon opweeg.

Die Afrikaner Hoef Niks te Vrees Nie?

Dikwels word die vraag deur Afrikaners gevra of ons nie te pessimisties oor Afrikaans is nie. Die Zoeloes en Tswanas is nie besorgd oor hul taal nie, waarom is die Afrikaner so besorgd oor Afrikaans. Die Zoeloes en Tswanas het geen rede om bedreig te voel deur Engels nie. Dit gaan hier oor 'n kultuurverskil. Clyne (Appel & Muysken 1987:36) het aangetoon dat immigrante na

Australië op verskillende maniere verengels het. Die Noordeuropeërs verengels vinnig, die Suideuropeërs stadiger. Hoe meer suidelik die geografiese ligging van die emigrasieland, hoe langsamer die verengelsingsproses van hierdie immigrant in Australië. Hierdie verengelsingsproses het alles met kultuurooreenkoms of kultuurverskil te make. Hoe groter die kulturele kloof is wat oorbrug moet word, hoe moeiliker sal die vreemde taal eie gemaak word. Die kultuur van die Noerdeuropeërs verskil nie drasties van die Angel-Saksiese kultuur nie. Die kultuurverskil tussen die van die Suideuropeërs en die Angel-Saksiese is groter, en hoe verder suid die emigrasieland, hoe groter die verskil, en hoe moeiliker die taalassimilasieproses in Australië.¹²² Dit hou in dat 'n Tswana binne een of twee generasies (ongeveer) 'n Zoeloe in hart en siel sal kan word, maar om Engels te wil probeer word is 'n proses wat oor generasies strek, indien ooit volledig haalbaar. Selfs al word 'n Tswana volledig Engelstalig, sal hy in 'n groot mate Tswana bly. Die Afrikaner wat Engelstalig word, is geen Afrikaner meer nie. Die probleem van die Afrikaner is dat hy veral sedert die kom van televisie, één geword het met die Engelstaliges in Suid-Afrika. Tweetalige televisie, tweetalige televisieprogramme, tweetalige radio, tweetalige politieke byeenkomste, tweetalige klubs, ensovoorts, het die kloof tussen 'ons' en 'hulle' verwyder.¹²³

Brown (1986:34) skryf in hierdie verband, hoe groter die sosiale afstand tussen twee kulture, hoe moeiliker sal dit wees om die taal van die vreemde kultuur aan te leer. Hoe kleiner die sosiale afstand dan tussen die kulture, hoe makliker kan die ander taal van die ander kultuurgroep aangeleer word.¹²⁴ Cooper (1989:166) skryf ook dat kulture mekaar beïnvloed, en hierdie invloed neerslag vind in die taal. Tweetaliges dien as "agents of language change, introduce elements from one of their languages into another, influencing those monolingual speakers of the second language with whom they are in contact." Hierdie proses van gelykmaking (of eerder absorpsie van die Afrikaner) het in Suid-Afrika ver gevorder.¹²⁵ Appel & Muysken (1987:41) skryf aansluitend hierby, dat taalverandering in 'n land oor 'n lange periode plaasvind. Taal A word nie summier deur taal B vervang nie, maar word die tale al meer afwisselend gebruik binne die selfde sosiale konteks. Na 'n periode van afwisselende gebruik sal slegs B kategorieën gebruik word.

Amerikaanse Kultuur

¹²²Dit is dus ook om hierdie rede dat Skandinawiërs, Duitsers en Nederlanders vinnig in Angel-Saksiese lande verengels. Dit hou dus in dat Italianers vinniger in Latyns Amerika sal verspaans (verportugees) as Noerdeuropeërs.

¹²³Hoe lank sal dit nog neem voordat *Huisgenoot* en *You*, om koste te bespaar, 'n enkele tweetalige blad word (dieselfde geld vir die Afrikaanse en Engelstalige uitgawes van *Finansies & Tegniek* asook *Farmers' Weekly*); en hoe lank sal dit daarna neem voordat in hierdie blaale net af en toe nog 'n artikel in eie taal geplaas gaan word; en hoe lank gaan dit neem voordat die hierdie blaale uitsluitlik Engelstalig gaan wees?

¹²⁴'Sosiale afstand' verwys volgens Brown (1986:39) dan na die kognitiewe en affektiewe ooreenkomste tussen twee kulture, waarmee 'n individu in aanraking kom. 'Afstand' word gewoon in 'n abstrakte sin gebruik, om die verskille tussen twee kulture aan te duif. Oppervlakkig gesien, het die Amerikaners op kulturele gebied, meer ooreenkomste met, sê die Kanadese, as met die Chinese.

¹²⁵Om spanning tussen Boer en Brit te probeer voorkom, is na die Anglo-Boereoorlog gevoel dat die twee 'rasse' moes assimileer. Hierdie assimilasie was geen 50/50 proses van gee en neem nie. Die Afrikaner is op kulturele vlak tans byna volkome in die Angel-Saksiese kultuur opgeneem. Die helde en heldinne in ons Afrikaanse populêre tydskrifte word toenemend Engelstalige akteurs, programmaanbieders of nuuslesers: Mense met wie die Afrikaanstalige hom volkome kan identifiseer.

Een van die grootste bedreigings van Afrikaans is die Amerikaanse massakultuur. Sommige televisieprogramme word so spoedig moontlik nadat dit in die VSA gebeeldsend is, in SA vertoon. Die manier waarop programme aangebied word, die manier waarop geadverteer word, die manier waarop die nuus aangebied word, kortom: die ganse televisie-aanbieding word alles op Amerikaanse voorbeeld geskoei. Die gevolg is dat almal in Suid Afrika die "Amerikaanse droom" as model probeer navolg. Sonder dat Afrikaanssprekendes dit merk, veramerikaans hulle. Die gevaar skuil daarin dat as die Afrikaner eers op kulturele gebied ten volle veramerikaans het, taalverskuiwing ten gunste van Amerikaans nie meer gekeer gaan word nie, aangesien Afrikaans geen funksie meer sal hê nie. Davies (1954:24) noem in die geval van Wallis: "The opponents of Welsh language and culture are to be found among the Welsh themselves, very often men and women who are native Welsh-speakers, but who have been so anglicized as to become opposed to the interests of their own section of the people." Vir die Afrikaner in Suid Afrika is dit nie anders nie. Hy tref reeds moeilik 'n onderskeid tussen sy eie en die Amerikaanse kultuur, en ondermy hy sy eie belang sonder dat dit besef word. Waar daar nog verskille bestaan tussen 'Afrikaanse' en 'Engelse' gewoontes en gebruik, moet die Afrikaanse gewoontes en gebruik so snel moontlik weggewerk word, ten gunste van die Engelse manier van doen. Mense wat aan tipiese Afrikaanse gewoontes en gebruik vashou, word as outyds, konserwatief en agterlik bestempel. Die gevolg is dat Amerika huidjie en muidjie ingesluk word, wat weer konsekwensies op taalgebied inhoud. Hang die Afrikaanstalige Amerikaans aan, word hy gesien as liberaal, vrydenkend, intellektueel en professioneel. As gevolg van dié persepsie kry vele Afrikaanstaliges vandag skaam om Afrikaans te praat, en voel hulle Afrikaans eerder as 'n remskoen aan, in die bestyging van die sosiale leer.

Daarby staan Engels ook as direkte taalmodel vir die Afrikaner. Engelse neologismes wek by die Afrikaner 'n brandende begeerte om dit na te boots. Indien die neologisme nie wortel en tak oorgeneem word nie, word 'n Afrikaanse ekwivalent daarvan geskep, sodat ten minste by die Amerikaanse idioom behou kan word. Woorde soos haai, baai, ID, Feb (Februarie), mod (modern), ad (advertensie), ensovoorts word in 'n Amerikaanse sinsverband oorgeneem. Die jongste gril is die titel vir 'n vrou. Die Amerikaners 'ms' 'n vrou, waarop ons geen antwoord ken nie, nou 'me' (of 'mê') ons agterna.¹²⁶ Nederlands het geen begeerte om dié Amerikaanse gril na te loop nie. Hier word 'n vrou as 'mevrou' aangespreek ongeag haar huwelikstatus, en soms as mv afgekort in die geskrewe taal.

Ons het *petrol* gaan haal by Engels, waar die Europeërs praat van *benzine*.¹²⁷ Ons gebruik ghries waar die Nederlanders *vet* gebruik¹²⁸ (Ek het *gries* al in Nederland gehoor, maar dan op 'Afrikaans' uitgespreek, terwyl die Afrikaner die woord op Engels uitspreek¹²⁹). In Afrikaans was 'n kuiken vroeër 'n baba-hoendertjie. Vandag gebruik ons die woord ook volgens Engelse model in *braai-kuiken*. Ons sou die Nederlandse model *kip* kon gebruik het: *braai-kip* (Nederlands:

¹²⁶Ek sou graag die meervoud hiervan wou sien, maar eers sal ons moet wag op die Amerikaners. Bedink die Amerikaners 'n meervoud, het ons dit ook nodig. Vind hulle 'n meervoud onnodig, so ons ook.

¹²⁷Hier word nie *benseen* of *benzeen* bedoel nie.

¹²⁸Ons het ons waens ook vroeër vet gesmeer om dit mobieler te maak, en sê ons vandag nog dat iemand moet vet smeer (of vet gee) as daar vinniger gery moet word.

¹²⁹Trouwens die handelsmerke wat in Suid-Afrika en in Vlaandere en Nederland bekend is, word in Nederland en Vlaandere op 'Afrikaans' uitgespreek, terwyl die Afrikaner dieselfde name op Engels uitspreek.

braadkip), maar die Engelse model interesseer ons meer.¹³⁰ Toe Engels die behoefté gevoel het om *Beijing* in te voer in die plek van *Peking*, het Afrikaans nie gehuiwer om te volg nie. Nederlands het die behoefté nie aangevoel nie, en het *Peking Peking* gebly. Die ding wat 'n trein trek word in Nederlands 'n *lokomotief* genoem, en die bestuurder daarvan 'n *masjinis (machinist)*. Dit was in Afrikaans ook so, maar toe van stoom oorgeskakel is na elektrisiteit as kragbron, het Engels gevoel dat daar nie langer van *lokomotiewe* gesprok kan word nie. Afrikaans was hier hartlik eens mee, met die gevolg dat ons 'n paar lompe Engelse vertalings probeer invoer het, wat nie inslag vind nie.¹³¹ Ons het tot onlangs toe nog aan ons gaste gevra of ons vir hulle koffie kan *set*, vandag *maak* ons liefs koffie, want die Engelse *maak* dit. Toe ons ons tydsaanduiding verander het, deur *sewe uur saans* aan te duif met: *19h00*, is by ons 'n *h* ingevoer.¹³² Ons is daarmee gepaai dat dit internasionale gebruik is. Nederlands het nie so internasional gaan voel nie en 'n *u* gebruik. Meestal word dan gewoon geskryf *19 uur*, of *19u00*, of *19.00 u*. Ons enigste taalmodel is Engels. Waar Nederlands ook nog woorde uit Frans oorneem, het ons geen tweede keuse nie. Die Afrikaner sou ook na Nederlands kon opkyk. Hy stel nie belang nie.

'n Gevolg van die klakkelose oorklanking van Amerikaanse televisie-reeks, hou nie net die gevaar in van kulturele gelykmaking nie, maar die taal wat nou as model vir die kykerspubliek dien, trap in die suiwere voetspore van Engels. Hierdie vertaalde Engels word as model deur die Afrikaanstalige gemeenskap nagevolg. Afrikaans word bloot vertaalde Engels. Nie net ons woordeskaf nie, maar ook die sinsbou, wordwoord virwoord pasgemaak op die Amerikaanse sinsbou, intonasie en gedragspatroon. 'n Mens hoef nie veel Nederlands te lees om tot die besef te kom dat Afrikaans veel makliker in Engels vertaal kan word, as Nederlands nie.¹³³ (Wat het die 'goeie' bane beteken waarin Afrikaans geleei moes word: 'n leiding na Engels?)

In Afrikaans vind daar tans 'n groot semantiese verskuiwing plaas. Ons woorde verkry die presiese betekenis van Engelse ekwivalente. Beskik Engels verder oor woorde en uitdrukkinge waar daar nie 'n direkte ekwivalent voor in Afrikaans bestaan nie, word naarstiglik na so 'n ekwivalent gesoek. Is dit nie summier opdienbaar nie, voel ons dit as 'n groot gemis aan. So verloor die uitdrukking: *dit spyt my*, al meer veld ten gunste van: *ek is jammer (I am sorry)*.¹³⁴ Die woorde *jammer* gaan kry dan die presiese betekenis van *sorry*, wat hy in Nederlands nie het nie. Ons

¹³⁰Die woorde *kip* is nie onbekend in Afrikaans nie. Ons kinders praat van *kippies* en as ons die diere roep, word *kip-kip* gebruik.

¹³¹Om van kragbron te verander is geen drastiese skuif nie. Toe stoom deur diesel vervang is, het lokomotiewe ook lokomotiewe gebly. Selfs by drastieser omwentelinge is 'n bestaande woorde behou vir 'n nuwe gebruiksaartikel. Gedurende die middeleeue is onder *geweer* verstaan: *byle*, *spiese*, *lanse*, ensovoorts. Toe perde vervang is deur motorvoertuie is in Nederlands besluit om die nuwe rygoed ook te *ry*. Dit het in Engels en Duits nie gebeur nie. Daar het dit *fahren* en *to drive* geword. Gelukkig dat Afrikaans van Nederlands gaan skei het nadat ons motors met perde vervang het, anders sou ons dit waarskynlik vandag *gedryf* het volgens Engelse model.

¹³²Met die gevolg dat 'n mens soms in die spreektaal die rariteit hoor: *negentienhonderd uur*.

¹³³Die taalskeidings tussen Afrikaans en Nederlands het in werklikheid verreikende gevolge gehad vir Afrikaans, wat al in 1925 sigbaar was. So skryf 'n predikant in *Die Burger* van 9 Maart 1925: "Om van die taal van onze voorvaders, de grondleggers van ons volksplanting, op wie we met recht trots mogen zijn, sielik afscheid te nemen, als van een sterpende vriend of bloedverwant, is inderdaad aandoenlik....Niet alleen gaan we ons losseuren van die fijne Nederlandse beschaving en rijke letterkunde, maar we gaan hier een verbasterd Afrikaans scheppen. Toen ik jong was sprak men hier zuiverder Afrikaans dan nu. Toen was het Afrikaans nog op Nederlandse leest geschoeid; nu meestendeels, of altans grotendeels, op Engelse...." (Pienaar 1943:364).

¹³⁴Die woorde *spytig* ken ons nie meer nie.

woord *skoon* het die presiese betekenis van *clean* gekry, terwyl dit tot onlangs toe ook nog *mooi* beteken het (*schoonspruit*, *beeldskoon*, *skoonheid*), soos steeds in Nederlands. Die woord *asseblief* het die presiese betekenis van *please* gaan kry, terwyl dit in Nederlands beteken: soos dit u behaag (als het u belieft).¹³⁵ Die betekenis en gebruik van ons Afrikaanse woord *wonder*, staan veel nader aan die Engelse betekenis en gebruik van die woord *wonder*, as aan die Nederlandse woord (bv. 'Ek *wonder* wat hy gaan doen', is direk uit Engels vertaal en kan nie in Nederlands gesê word nie). Ons Afrikaanse woord *enige* staan wat sy betekenis en sinsaanwending betref veel nader aan Engels (*any*) as aan Nederlands (bv. 'Jy kan kies tussen enige twee', kan nie in Nederlands gesê word nie). Ons Afrikaanse woord *besigheid* is gewoon 'n ekwivalent van *business*, wat dit in Nederlands nie is nie. Die omvang van 'n semantiese verskuiwing na Engels is waarskynlik veel groter as wat algemeen vermoed word.

Deur die indra, van Angel-Saksië, in ons sitkamers word die Nederlands-Duitse kulture vir ons al hoe vreemder. 'n Ontwikkeling wat skadelik is vir Afrikaans op kulturele gebied, is volgens Steyn (1980:422), die vervreemding tussen Afrikaans- en Nederlandssprekendes. Odendaal (1984:208) skryf dat dit 'n mens tref dat die Amerikaner steeds met nuwe pittige woorde en segswyses na vore kom, en dat ons in Afrikaans so 'n gebrek daaraan het: "(E)n as ons nog iets pleeg, is dit vertaalde Engels." Dit is veral sigbaar onder die gegoede Afrikaner, omdat hy nog meer in die skadu van Engels leef. Beluister 'n mens die Afrikaans van laaggeskoolde werkers in die Boland, staan 'n mens stom oor die kleurryke, pikante bewerking van die taal. Hierdie mense se taal is alleen pittig omdat hulle nie so midde in die Engelse taalstraal staan nie.

Ponelis (1984:39) skryf dat twee belangrike gevolge vir die Afrikaanssprekende se tweetaligheid is taalverskuiwing ten gunste van Engels en taalbeïnvloeding deur Engels. Hy skryf verder: "Uit 'n mens se eie ervaring kan jy die name van menige onbekende en ook beroemde noem wat die Afrikaanse kraal verlaat het vir die Engelse haard" (Ponelis 1984:39). Hierdie taalverskuiwing is inderdaad 'n simptoom van 'n diepgaande waardeverskuiwing, omdat die taalgebruiker deur sy taal deel word van instellinge waarin die ethos van sy groep tot uiting kom: deur taal skakel iemand in by 'n bepaalde skool, kerk, of 'n beweging (soos die voortrekkers of die Scouts, die Rapportryers of die Pretoria Club) (Ponelis 1984:40). Verder skryf Ponelis (1984:40) dat die magnetisme van die Engelse instellings en die ganse Engelse kultuur onloënbaar is; hulle word plaaslik en internasionaal gevoed deur 'n hoogs ontwikkelde en welgestelde gemeenskap, met die bron van die aantrekkingskrag in Shakespeare, Keats, Hollywood, die Bee Gees, Wall Street, die pendeltuig, ensovoorts. Die Vlaamse en Nederlandse kulturele voedingsbron bestaan vir die Afrikaner nie meer nie, en is hy des te armer.

In meertalige Suid-Afrika sal taalverskuiwing ten gunste van Engels moeilik teengewerk kan word, en taalverskuiwing ten gunste van Engels word duidelik aangetoon deur die studies van Webb (1992). Fasold (1984:241) skryf dat indien vervoer en kommunikasie verbeter met die sentrums van die kultuur wat met die inkomende taal geassosieer word, sal dit taalverskuiwing aanhelp. Hierin speel die radio sedert 1937 en televisie sedert 1975, 'n enorme rol, meer nog omdat ons televisie tweetalig (Engelstalig) is. Talle Afrikaners lees ook Engels. Volgens die All Media and

¹³⁵Wanneer 'n Nederlandstalige (ook Duitstalige of Franstalige) iets aan iemand anders oorhandig, word tydens die oorhandiging deur die gewer daarvan ook gesê: alstublieft (of alsjeblieft). Dit kan nie in Engels nie, en daarom ook nie in Afrikaans nie.

Products Survey gedurende 1982, het die *Citizen* 98,000 Afrikaanssprekende lezers gehad (Steyn 1984:20). 'n Groot Afrikaner intellektueel, G. van N. Viljoen, het in 1981 gesê dat Engels vir baie Afrikaners nie alleen meer die taal van breër kommunikasie is nie, maar ook die taal van intieme kommunikasie (Steyn 1984:24). Is Afrikaans redbaar?

Sosiale Magsverskil

Steyn (1984:21) skryf dat Afrikaanstaliges in openbare plekke Afrikaans moet praat, omdat dit die markwaarde van die taal verhoog. Dit klop, maar taal as verbruiksartikel deur die mens, moet ook in sy sosiale omgang met ander mense bestudeer word. Waarom praat Afrikaners Engels in 'n winkel of met 'n vreemdeling. Waarom praat Afrikaners met mekaar Engels wanneer daar in 'n geselskap van vyf persone, vier Afrikaanstalig is en een Engelstalige is, terwyl die Engelstalige boonop Afrikaans verstaan, of selfs kan praat? Hierdie Afrikaners stel nie daarin belang om die markwaarde van Afrikaans te verhoog nie. Waarom nie?

In 'n meertalige land moet elke individu besluit onder welke omstandighede hy 'n bepaalde taal gaan gebruik. In Suid Afrika voel die gemiddelde Afrikaner, dat wanneer hy by 'n winkel instap, hy in sy taal bedien moet word. Daar word ook van 'n winkelier verwag dat hy die taal sal praat van sy klant. Hierdie optrede word as taaletiket beskou (deur die sprekers van die taal met die laer status). Die "etiket" bestaan nie vir die sprekers van die prestige-taal nie. Die taal met die hoër statuswaarde dwing alle mag af.

Volgens Van der Plank (1985:51) neem die eentalige persoon oor die algemeen 'n sterker posisie in op die sosiale leer. Dit is waarom hy eentalig kan bly. Tweetaliges neem op die sosiale leer dan 'n swakker posisie in, en is dit ook die rede waarom hulle tweetalig is. Die tweetalige móét die hoë statustaal aanleer, hy het geen keuse nie. Die taal van die eentaliges is dan ook die taal met die hoér status, hulle ag dit nie nodig om 'n ander taal aan te leer nie. Volgens Van der Plank beskou tweetaliges die oorskakeling na die hoér statustaal¹³⁶, as 'n gebaar van *hoflikheid*, waar die eentaliges die oorskakeling na hul taal sien as in daad van *vanselfsprekendheid*. Wat die een dus as 'n guns sien, sien die ander as 'n plig. Afrikaners sê graag dat hulle na Engels oorskakel om hoflikheidsredes, wat klop, maar hulle doen dit omdat Afrikaans 'n laer status het as Engels. Net so sal die sprekers van Standaardafrikaans verwag dat die sprekers van ander vorme van Afrikaans, na Standaardafrikaans oorskakel. Hierdie oorskakeling van tweetaliges na die taal (dominante taal) van die eentalige, vind ook plaas in ander tweetalige gebiede plaas (Van der Plank 1985:45), en kan die verskynsel volgens Van der Plank dan gesien word as 'n *algemene taalgedragsnorm*.

Die tweetalige word dan volgens Van der Plank ook gedemotiveer deur die feit dat hulle besef dat hul taal minder keusemoontlikhede bied. Hulle sien en voel dit elke dag. Die tweetaliges is veel meer daarvan bewus as die eentalige sprekers van die dominante taal, dat daar 'n magsongelykheid bestaan, waar keuses afgedwing word. Die eentalige spreker eis die mag op. Indien die tweetalige weier om na die taal van die eentalige oor te skakel, sal die eentalige die aksie as 'n daad van aggressie of afstandskepping sien, waar die tweetalige persoon dan verplig sal wees om oor te skakel na die taal van die eentalige: Die tweetalige word immers deur die eentalige gespreksgenoot voor 'n ultimatum gestel: "òf overschakelen, òf kontakt afbreken" (Van der Plank 1985:51).

¹³⁶Of die standaardtaal, as die tweede taal 'n dialek is.

Afrikaners voel dikwels dat indien hulle aan die Engelstalige toon hou goed hulle Engels as tweede taal hanteer, dit die Engelstalige sal laat skuldig voel daaroor dat hy nie ook tweetalig is nie. So het die ATKV (Steyn 1980:439) aanbeveel dat: "As die man of vrou wat u aanspreek, nie Afrikaans kan praat nie, praat dan die taal (Engels) wat die persoon praat. As u natuurlik en beskaaf optree, sal die persoon voel dat daar 'n gebrek by hom/haar is." Omdat tale statusse het, waarvolgens mag afgedwing word, sal die spreker van die lae prestigetaal nooit 'n skuldgevoel by die spreker van die dominante taal kan veroorsaak nie. So sal 'n persoon wat Venda praat, nie daarin slaag om 'n Afrikaner te oortuig dat hy aan 'n gebrek ly, indien die Afrikaner nie ook Venda magtig is nie. Daarby kan die Afrikaner 'alles' probeer om aan die Engelstalige te toon dat hy aan 'n gebrek ly, omdat hy nie Afrikaans magtig is nie, maar die Engelstalige sal daar niks van snap nie. Hy ly aan geen gebrek nie. Hy praat gewoon 'n hoë statustaaltjie, wat dus in die dominante posisie verkeer.

Dit gebeur ook dikwels (altyd) dat die spreker van 'n lae statustaaltjie, sy taal nie sal gebruik indien hy in gesprek tree met 'n spreker van die hoë statustaaltjie, selfs al weet hy ook dat die spreker van die hoë statustaaltjie vlot tweetalig is (Van der Plank 1985:40). Afrikaners sal met Engelstaliges Engels praat, al wil die Engelstalige ook hoe graag Afrikaans praat. Selfs al praat die Engelstalige Afrikaans, slaan die Afrikaner nie ook oor na sy eie taal nie, maar hou hy by Engels. Hierdie verskynsel is dus normaal. Die Afrikaner beskik nie oor die sosiale magsposisie om sy taal af te dwing nie. Hierdie toestand kan wel verander, soos wat Nederlands in Brussel van 'n lae statustaaltjie na 'n hoëstatustaaltjie beweeg het. In Brussel was dit nog 'n aantal jare gelede ongebruik om in die hoër sosiale kringe Nederlands te gebruik. Tans word die statustaaltjie met trots en selfs arrogansie gebruik (vergelyk De Vriendt & Willemyns 1987:227). Die rede waarom Nederlands 'n statustaaltjie in Brussel geword het was die resultaat van 'n afgedwingde eentalige Vlaandere, en die daaropvolgende ekonomiese prestasie van eentalige Vlaandere. 'n Voordeel wat die Afrikaner in die huidige Suid-Afrikaanse opset nie kan benut nie.

Die prestigebeeld van 'n taal in 'n meertalige land speel 'n enorme belangrike rol in die handhawing van die taal. Willemyns (1991:279) skets die taalkontak as volg: "(T)he assimilation of members of linguistic community A to linguistic community B, are generally motivated by a want for upward social mobility. The shift, thus, always occurs from a less prestigious to a more prestigious community and taking over the language of the latter is one of the most noticeable signs of claiming affiliation and assimilation. The language of the target group, therefore, is to be considered **the prestige language**." Thomas (1991:53) skryf dat indien 'n taal, as hy 'n bolwerk wil vorm teen die dominansie van 'n ander taal, die taal prestige moet hê in die oë van sy eie sprekers: "The less its prestige, the greater the danger of linguistic domination."

Faktore wat 'n Rol Speel by Taalprestige

Volgens Willemyns (1989:122) word in meertalige lande, die verhouding tussen taalgroepe en tale bepaal "door de prestigegekarakter van de talen in kwestie en zijn het uiteraard de sprekers en verdedigers van de minder prestigieuze taal die er belang bij hebben het prestige van hun taal te verhogen. Het prestige van een taal wordt niet door intrinsiek linguïstische eigenschappen gepaald, maar door extralinguïstische factoren en kan dus veranderen wanneer deze externe factoren veranderen...." Die prestigegekarakter van 'n taal word dus in hoofsaak bepaal deur die mate waarin die taalgroep waardevolle bronne (op politieke, maar veral ekonomiese gebied) beheer.

Wanneer so 'n taalgroep binne 'n bepaalde gebied ekonomies presteer, lei dit nie alleen tot groter welvaart nie, maar ontwikkel ook 'n gevoel van selfbewussyn onder die sprekers in die gebied. Hierdie selfbewussynsgevoel kan maklik in selfgenoegsaamheid en arrogansie oorslaan, wat 'n superioriteitsgevoel wek, ten opsigte van die inwoners (of tale) van omliggende gebiede (Willemyns 1989:123). In 'n land met twee of meer tale, waar die een taal, prestige-waarde het omdat dit gebruik word deur die meer welvarende taalgroep, kom ook verskillende taalpersepsies voor. Hieroor skryf Willemyns (1989:123): "Sprekers van die meer prestigieuze taal vindن het aanleren van die andere ta(a)l(en) meestal oninteressant en nutteloos en het aantal tweetaligen in hun rangen is daarom veelal zeer beperkt. Sprekers van die minder prestigieuze taal, daarentegen, zijn overwegend in groten getallen tweetalig." Verder noem Willemyns ook dat die houding van dié tweetaliges ten opsigte van tweetaligheid dikwels negatief is, omdat die tweetalige besef dat hy gedomineer word, en dat tweetaligheid aan hom opgedring word. Gevoelens van frustrasie is dus sterk aanwesig. Die tweetalige besef dat hy geen ander keuse het, as om die prestigetaal aan te leer nie.

Ook vermeld Van der Plank (1985:16) dat na aanleiding van talle ondersoeke, die volgende eienskappe aan taal toegedig word:

<u>Hoë Statustaal (of ook standaardtaal)</u>	<u>Lae Statustaal (of ook dialek)</u>
leierskap	betroubaarheid
arrogansie	eerlikheid
intelligensie	vriendelikheid
ambisie	aanspreeklikheid
selfbewustheid	oulikheid
snobisme	goedaardigheid
rykdom	vrygewigheid
erns	humor

Volgens Van der Plank word bogemelde kwaliteite van 'n spreker wat die hoë statustaal gebruik, hoog gewaardeer, die eienskappe is voorwaardes vir maatskaplike *sukses en mag*. Die sprekers van 'n lae statustaal val weer in 'n ander kategorie, naamlik die van *geselligheid*. Ook noem Van der Plank dat die sprekers van die hoër variëteit hulle eie taalgenote as *gesellig* sien, terwyl die sprekers van 'n lae taalvariëteit hulle medetaalgenote se *integriteit* hoér waardeer. Die Afrikaner koppel homself graag aan die begrippe *integriteit* en *geselligheid*, wat 'n natuurlike verskynsel is by die sprekers van 'n lae-statustaal. Dit is ook waarom die *Stigting vir Afrikaans* die taal as 'vriendelike' taal wil propageer, want dit is 'n weerspieëeling van gasvryheid. Vriendelikheid en gasvryheid voorkom egter nie dat taalverskuiwing ten gunste van die hoë statusvariëteit plaasvind nie, en ook haal dit nie sprekers van ander tale oor om die vriendelike en gasvrye taal aan te leer nie. Iemand leer 'n vreemde taal slegs aan omdat dit vir dié persoon bepaalde voordele inhoud, ongeag of die sprekers van die begeerde taal vriendelik of onvriendelik is.

Die belangrikste faktor wat status vir 'n taal bring, is ekonomiese welvaart van die sprekers van die taal. Appel & Muysken (1987:33) skryf: "Economic status is a prominent factor in nearly all studies on language maintenance and shift. Where groups of minority languages speakers have a

relatively low economic status, there is a strong tendency to shift towards the majority language....Immigrants who want to get ahead in society place a high value on speaking the majority language." Hierdie welvaart kan slegs behoorlik uitgebou word, binne 'n eentalige gebied, so nie sal alle eer steeds na die Engelstalige elite vloeи. 'n Opgeboude voorsprong deur 'n bepaalde groep in 'n gemeenskap word dikwels behou, ook omdat hierdie groep steeds gevoed word uit die ander groepe. Die kenmerke waarvan Van der Plank praat, naamlik: leierskap, arrogansie, intelligensie, ambisie, selfbewustheid, snobisme, rykdom en erns sal gewoon deel van die Engelse kultuurgroep bly, binne 'n meertalige en multikulturele samelewing. Hierdie proses kan in 'n multikulturele opset nie omgekeer word nie, omdat die Afrikaner nie as 'n groep die geleentheid kry om te presteer nie. Die huidige presterende Afrikaner presteer binne die dampkring van die Engelse kultuurgemeenskap, en bly dit voed.

Tans kyk die Afrikaner toe hy sy taalgenote verengels, soos wat die Quebekker en die Vlaming hul vervreemding sien gebeur het, en hy bly by kyk.

DIE VERHOUDING TUSSEN NEDERLANDS- EN AFRIKAANSTALIGES

Historiese Agtergrond

Een van die belangrikste verenigings wat die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika bevorder het, is die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) wat reeds in 1881 opgerig is, en nog steeds bestaan. Hierdie vereniging is opgerig na die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog wat groot simpatie vir die Transvalers in Nederland wakker gemaak het, en is in die lewe geroep om "binnen de perken, door de internationale verhoudingen aangewezen, door alle wettige middelen de belangen onzer stamgenooten, niet alleen in Transvaal, maar in geheel Zuid-Afrika, te blijven behartigen..." (De Villiers 1936:205). Die vereniging het gevoel dat die beste manier waarop die Transvaalse boere gehelp kon word, die instandhouding van die Nederlands taal en Nederlandse onderwys was (Zietsman 1992:116). Die vereniging het ook gehelp met die uitstuur van Nederlandstalige onderwysers, en Nederlandstalige skoolboeke, asook die inrigting van biblioteke in Transvaal, waaronder die Staatsdiensbibliotheek in Pretoria (Zietsman 1992:116). Gedurende 1896 het die NZAV die "Taalfonds tot behoud en bevordering van het Hollandsch als Volkstaal in de Boeren-Republieken van Zuid-Afrika" gestig "om in de eerstvolgende jaren den strijd lichter te maken, die door de volkstaal der Boeren en hun nationale eigenaardigheden tegen Britsche invloeden gevoerd moet worden" (Zietsman 1992:116-117).

Gedurende 1901 het die Christelijk Nationaal Boeren-Comité, 'n enorme bydrae gelewer om die oorlogsnoed onder die Boere te verlig. Die Nederlanders het hart en niere met die Afrikaners verbonde gevoel: "De roem van ons broedervolk werd onze roem, hun strijd werd onze strijd, en hun lijden werd ons lijden" (Zietsman 1992:118). Die Nederlandse verbondenheid met die Afrikaner was so groot dat De Jong, as hoofredakteur van *Neerlandia* in Desember 1901 skryf dat die Anglo-Boereoorlog nie om goud gegaan het nie, maar om die Nederlandse taal, want "het is een rassenstrijd, een taalstrijd. Het gaat om de Engelsche en de Nederlandsche taal, om het even of die Afrikaansch heet of Hollandsch" (Zietsman 1992:119).

Nog 'n organisasie wat gestig is om die Nederlandse taal in Suid-Afrika te bestendig, was 'Het Algemeen Nederlandsch Verbond (ANV). Die ANV-bestuur in Nederland het gedurende 1902, saam met die NZAV en Nederlandse onderwysinrigtings, 'n veldtog geloods om boeke vir Suid-Afrika in te samel. Hierdie Boeken-Commissie het tussen 1903 en 1906 nagenoeg 80, 000 boeke na Suid-Afrika versend, wat onder Afrikaner-leiers, predikante, onderwysers, skole, debats-, vroue-, en ander vereniginge uitgedeel is, waar dikwels biblioteke of leeskringe gevvestig is (Zietsman 1992:120). Tagtigduisend boeke was tydens die eeuwending 'n groot aantal, toe die ganse boekebesit van die Staatsdiensbibliotheek in Pretoria maar gedurende 1897 slegs 4,759 Nederlandstalig was, 4,711 Engelstalig en 3 Afrikaanstalig (Zietsman 1992:121).

Daarbenewens was Afrikaners ook dikwels op Nederlandse taalkongresse verteenwoordig gewees, rond die eeu-wisseling. Ook het talle Vlaminge en Nederlanders noue band met hul stamgenote in Suid-Afrika gekoester. Generals Botha, De la Rey en De Wet is in Vlaandere warm ontvang gedurende 1902, waar heelwat geld ingesamel is vir die Nederlandse onderwys in Suid-Afrika (Antonissen 1975).

Tydens die Anglo-Boereoorlog was die verhoudinge tussen Nederland/Vlaandere en die twee Boere republieke op 'n hoogtepunt gewees. Paul Kruger is tydens die oorlog in Vlaandere en

Nederland as 'n held ontvang. Voor en na die oorlog het ook vele Nederlanders na die ZAR geïmmigreer. Tydens Louis Botha se besoek aan Rotterdam op 22 September 1902 berig *Ons Land* dat hy die nadruk skerp op die taalverwantskap laat val het, en het hy dit ten sterkste waardeer om onder 'n volk te verkeer, wat nie alleen deur bande met bloed aan syne verbind is nie, maar ook saamgebind is "door één taal, die Hollandse taal, die boven alle andere talen gaan" (Zietsman 1992:125). Aldus die Botha van 1902.¹³⁷

Vlaandere het rond 1930 'n groot aantrekingskrag gehad vir Afrikaanse digters en letterkundiges. Totius, D.F. Malherbe, G. Dekker, C.M. van den Heever, W.J. du Pl. Erlank, Uys Krige, Abel Coetzee, C.S. en P.J. Nienaber e.a. "vertoeft graag voor langere tijd te midden van de Vlaamse stamgenoten" (Antonissen 1975:2107). Ook is erelidmaatskap van die Koninklike Vlaamse Akademie, onder ander ook toegeken aan N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman, en is talle doktoraat studies deur Afrikaners in Vlaandere en Nederland voltooi. Die taal en kulturele bande met Vlaandere en Nederland was, en is vir talle Afrikaners tot vandag toe enorm belangrik. Ook die oueur Ernst van Heerden, "onderstreept herhaaldelik die rijkdom der Vlaamse cultuur in verleden en heden als integraal deel van de naaste geestesgoederen van de Afrikaner" (Antonissen 1975:2109). Die Vlaamse boek was ook in Suid-Afrika gelees. Antonissen (1975:2109) skryf dat sommige Vlaamse oueurs, soos P. van Ostaijen, W. Elsschot, G. Walschap, M. Gijsen en L.P. Boon "hebben in Zuid-Afrika een zeer ruim en bestendig lezerspubliek gevonden."

Nederland was 'n trekpleister vir Afrikanerstudente. Tot vlak voor die Tweede Wêreldoorlog was die vereniging van Afrikaanse studente in Amsterdam byvoorbeeld nog een van die grootste en welvarendste studenteverenigings in die stad (Links e.a. 1991:184).

Veral sedert die kom van Verwoerd, 'n gebore Nederlandse, het die verhouding tussen Suid Afrika en die Nederlande drasties agteruitgegaan. Die vrees by die Nederlanders was groot dat hulle ook as 'mederassiste' gesien sou kon word en dit wou hulle teen alle koste vermy. Alle kulturele bande is verbreek. Vir die eerste keer was die Nederlande besonder dankbaar daarvoor dat Afrikaans tot stand gekom het. Veral in Nederland het 'n oordrewe sterk gevoel van afkeer teenoor die Afrikaanstalige ontstaan. Waar die bande tussen Afrikaner en Nederlander aan die begin van die eeu "onbreekbaar" was, wou Nederland nou so ver moontlik af wegkom van sy verbintenis met die Afrikaner. Die afstand moes so groot moontlik gemaak word. 'n Liefdesverhouding het in 'n haatverhouding verander. In die Nederlandstalig en Afrikaanstalige pers is dikwels moeite gedoen om negatiewe en geniepsige beriggewing oor mekaar te publiseer.

Die kulturele boikot teen Suid-Afrika deur Nederland, België en Brittanje was van soortgelyke aard. Die Afrikaner was egter nooit besonder ongelukkig oor die Britse boikot nie, maar veral die Nederlandse/Vlaamse boikot kon hy nie verwerk nie. Ten spyte van die Britse boikot het die Afrikaner veel nouer met die Britte verbonde gevoel as met sy stamlande. Maar helaas, kan die Afrikaner die outobiografie van sy liefelingpolitikus, Maggie Thatcher, nie in sy eie moedertaal

¹³⁷Genl. Botha sou later voor die samewerking met die Unioniste, aan sir Percy Fitzpatrick en J. Smuts, gesê het: "How can there be any equality between our beloved taal, which is our language, but the language of a small country, and the English language, which is the greatest in the world, and spoken everywhere? How can there be equality? I know what I am doing, but it is for the good of the rest of South Africa...Vandag slag ek my liewe moedertaal" (Steyn 1980:448).

geniet nie, maar alleen in die van hare. Ons sou selfs dié werk in ons moedertaal kon geniet het, want die Nederlandstalige werk, *Mijn jaren in Downing street 10*, is volop in Vlaamse en Nederlandse boekwinkels en biblioteke beskikbaar.

Die Afrikaner doen vandag heelwat moeite om nie-Afrikaanstaliges daarvan te oortuig dat politiek en taal los van mekaar staan, en dat die vorige bedreve politiek nie teen die Afrikaanse taal gehou moet word nie. In dieselfde asem egter, is die Afrikaner boos op die Nederlandse/Vlaming, as gevolg van die taal en kulturele boikot, en het die Afrikaner dit teen die Nederlandse taal.

Brinkman en Uys het 'n boek uitgegee, waar 'n aantal taalverskille tussen Nederlandse en Afrikaanse geskets word. Op die buiteblad van die boek word reeds 'n paar woorde geplaas om die voornemende koper se aandag te trek. Die paar woorde op die buiteblad sê reeds iets van die verhouding tussen Nederlander en Afrikaner. Van die woorde is:

leeus= leeuwen
reg= recht
swael= zwaluw
sê= zeggen
oor= over
apartheid= afscheiden, gescheidenheid

Hiervolgens bestaan die woord apartheid nie in Nederlands nie. Nederlanders wil nie hê hy moet in hul taal bestaan nie. Dit terwyl die Nederlandse woord apartheid seker die mees bekende leenwoord in ander tale uit moderne Nederlands is. Feit is, die Nederlanders wil duidelik afstand hou, hoe groter hoe beter. Al is meer as die helfte van die Afrikaanstaliges, nie wit nie, bly die Nederlandse vrees enorm groot dat hul taal verwant mag wees aan gestigmatiseerde Afrikaans.

Hoe troebel die verhoudinge geraak het, kan 'n mens duidelik aanvoel tydens 'n besoek aan die ambassade van België tydens die vroeë 90erjare, waar verseg is om met die Afrikaanssprekende publiek Afrikaans of Nederlands te praat.¹³⁸ Gedurende 1993 het 'n groep Nederlandse sakemanne Suid Afrika besoek en is hulle deur hulle ambassade in Pretoria versoek om alleen Engels te praat. Nederland het dus nog in 1993 gesit met die nagmerrie-vrees, dat "iemand" miskien sal agterkom dat Afrikaans en Nederlands in wese dieselfde taal is.

Vandag brand die kulturele verhouding tussen die Afrikaner enersyds en die Vlaming en Nederlander andersyds, op 'n lae pitjie. Afrikaans het 'n geskiedenis van maar slegs één eeu, en beskou hy die byna 10 eeue Nederlandse geskiedenis, as nie behorende tot hom nie (Paardekoper 1987:200).

Ons Verbondenheid

Die vyandige gevoel tussen die Afrikaner en die Nederlander is nie vreemd nie (sien geskiedenis van die Suid Nederlande). Talle Vlaming is net so vyandiggesind teenoor die Nederlanders¹³⁹ as

¹³⁸Ek was self al by beide die ambassades van België in Kaapstad en in Johannesburg en is altyd in Engels aangespreek, alhoewel ek slegs Afrikaans gepraat het. Tog het hulle my ten volle verstaan in Afrikaans, (hoe dan anders!) maar in Engels geantwoord. Verder is vrae oor kulturele verhoudinge en ooreenkoms ontwykend beantwoord, asof so iets nie bestaan het nie, en ook nie kon bestaan nie.

¹³⁹'n Mens hoor in Vlaandere talle aanmerkings in die verband.

wat talle Afrikaners voel jeens die Nederlanders. Vir talle Vlaminge egter is daar geen sprake van kwade gevoelens tussen die twee lande nie, maar 'n hegte band. In Suid-Afrika is daar ook talle Afrikaners wat 'n binding met Nederland en Vlaandere aanvoel. Ten spyte van kwade en broederlike gevoelens deel Nederland en Vlaandere amptelik één taal, waar, die Afrikaner ook by behoort. Ons het ook reg op Nederlands. In die Vlaamse koerant *De Standaard* van 16 Maart 1992 lui 'n opskrif: "Nederland heeft niet het alleenrecht op een eigen taal." Inderdaad, die Afrikaner en die Vlaming vorm in werklikheid ook deel van die Nederlandse taalgebied en het ons almal reg op die taal. Dit sou beteken dat ons bydrae tot die taal erken moet word, en dat ons in die voordele wil deel van één groot gemeenskaplike taal.

Nienaber & Nienaber (1941:22) skryf dat daar gedurende die vroeë veertigerjare van die huidige eeu, 'n kentering gekom het in die kultuurlewe van die Afrikaner, en meer hy: "Al meer stemme gaan op vir 'n nouer aansluiting by die Nederlandse geestesgoedere. Nederlands is nie meer 'n gevvaar vir Afrikaans nie, is ook geen teenstander meer nie. Nou sien ons weer die noue verwantskap tussen die twee kultuurvorme. En meer, noudat Afrikaans gevvaar loop om 'n idioom, 'n afglans van Engels te word, soek ons weer steun by die eertydse verjaagde Nederlands. Dit kan help om ons taal suwer te hou deur 'n verskerping van ons taalgevoel. Nederlands kry die waarde van 'n taal wat vriendelik kan help." Hierdie uitspraak van Nienaber & Nienaber gedurende 1941 is veileggend, want dit was 'n duidelike erkenning dat Afrikaans op sy eentjie, nie opgewasse was teen Engels nie (en nooit sal wees nie).

Selfs hierdie groot voorstanders van die Afrikaanse kultuurtaal, Nienaber & Nienaber (1941:23), skryf: "Ons vorm deel van die kulturele Dietsland, is kragtens ons gemeenskaplike taal en kultuur 'n lid van die Driebond Nederlands - Vlaams - Afrikaans, en omrede ons lidmaatskap het ons voorregte wat ons moet geniet en gebruik van maak; maar daarteenoor het ons ook verpligtinge wat ons moet betrags en nakom." Hierdie "gemeenskaplike taal" sinspeel op die sinonimiteit van Afrikaans, Nederlands en Vlaams, wat duidelik 'n positiewe sinjaal sein, al bestaan daar geen Vlaamse taal nie. Ook die *Patriot* van 15 Junie 1876 (Nienaber 1974¹:83) skryf die volgende oor die verskille tussen Afrikaans en Nederlands: "Die Hollanse taal is in Holland self weer verbasend veranderd van die ou'e Hollans, terwyl ons taal in Afrika oek veranderinge ondergaan het; tog is dit 'n sekere waarheid, dat ons in verskeie gevalle nader by die oud Hollans geblewe het dan die Hollanders. Dit sal ons duidelik worre as ons Hollanse boeke wat 100 en 150 jaar gelede gedruk is, vergelyk met boeke van onse tyd." Hierdie 'sekere waarheid' waarvan die *Patriot* skryf, dui presies daarop dat Afrikaans nie los van Nederlands hoof te staan nie, omdat dit deel daarvan is.

Ook het De Villiers in 1936 die hoop uitgespreek dat, aangesien die Afrikaner nou sy eie taal het, kan die Afrikaner weer groter nut haal uit die verwante Nederlandse kultuurtaal met sy onuitputlike ryke letterkunde. Die teenoorgestelde het egter gebeur, naamlik dat die Afrikaner in sy strewe na outonomie, hy homself so ver moontlik van Nederlands af probeer wegstoot het. Die gevolg hiervan is dat Afrikaans skade ly, en die hartseer hiervan is dat die Afrikaner dit nie besef nie.

Ook pleit Nienaber & Nienaber (1941:40) vir 'n nouer samewerking tussen Afrikaans en Nederlands: "Die verkryging van aansluiting is waarlik noodsaaklik, omdat ons moet waak teen dié verarming en isolasie wat veragting opwek. Dit vra net 'n bietjie goeie wil om Nederlands met

gemak en genot te lees. Dan volg liefderyke oorgawe. En eers dan kom daar die seënryke bevrugting en die blywende waardering, nes by alle ideële waardes, nes in die geval van ons lesery van Engelse romans."

Oor die blinde wegstoting van Nederlands deur die Afrikaner, skryf Nienaber & Nienaber (1941:40): "So toon die Afrikaner sy eie dwaasheid om hom nie sy volle Dietse erforsie toe te eien en so sy eie swak posisie te versterk nie." Volgens Nienaber en Nienaber (1941:40) gebruik die Engelssprekende Suid-Afrikaner sy taal en kulturele erfenis ten volle, maar is die Afrikaner egter blind vir sy taal en kulturele erfenis.

Hierdie blindheid van die Afrikaner het in die sewentigerjare voortgewoed. Op 't Hof (1970:156) skryf: "Soos u almal weet, is daar 'n baie groot tekort aan wetenskaplike handboeke in Afrikaans en die Afrikaanssprekende student, dosent en navorsing het deur die jare hoe langer, hoe meer sy toevlug geneem tot die Engelse en Amerikaanse handboek. Te weinig word besef wat 'n rykdom van wetenskaplike publikasies in die Nederlandse taal, oorspronklik sowel as vertaal, in Nederland en Vlaandere gepubliseer word." Daarby het Op 't Hof ook deur middel van statistiek die omvang getoon, van die boeke wat per jaar in Nederland en Vlaandere die lig sien, tot groot nut vir die Afrikaner. Hierdie en soortgelyke aanbevelings en waarskuwings het tot dusver op niks anders as dowe ore gevallen nie. Die rede vir ons optrede het een van twee oorsake: óf die Afrikaner is reeds so ver verengels dat hy geen verwantskap meer met sy stamlande en stamtale aanvoel nie, óf hy is nog steeds geblinddoek deur die chauvinistiese, romantiese, sentimentele eie-taal-gedagte, dat hy nie rasioneel kan of wil dink nie, en dus verkieks om geblinddoek te bly.

Ook Le Roux wys op die belang van Nederlands vir die Afrikaner. Hy skryf dat Nederlands vir ons onmisbaar is: "Trouens, die Afrikaner wat nie ook Nederlands lees nie, die se Afrikaans is arm" (Le Roux 1965:250). As gevolg van die uitstekende tweetaligheid van die meeste Afrikaners, is daar heelwat Afrikaners wat byna uitsluitlik Engels lees. Hierdie mense se Afrikaans is die armste, en skokkend genoeg is hierdie groep aan die groei, bloot omdat Afrikaans min te lese bied en Nederlands as kultuurbron afgeskryf is.

Verstaanbaarheid

'n Mens hoor dikwels Afrikaners Engels praat met Nederlandstaliges. Vir hulle is Nederlands net so vreemd as Russies. Feit is egter dat blootstelling 'n enorme rol speel. Die Afrikaner sal omdat hy nooit aan Nederlands blootgestel word nie, daar verstaansprobleme mee kan hê. Wanneer 'n Limburger in die Randstad kom verstaan hy die omgangstaal daar perfek. Kom 'n Rotterdamer in Limburg verstaan hy die omgangstaal daar nie. Beide is egter Nederlanders, en beide word blootgestel aan Randstadnederlands wat die standaardtaal is. Die Rotterdamer sal eers 'n maand of wat in Limburg moet gaan woon voordat hy die omgangstaal daar goed sal verstaan.¹⁴⁰ Omdat

¹⁴⁰Hierdie taalproblematiek in Nederland en Vlaandere kan ek illustreer aan die hand van die volgende voorbeeld. Ek en my vrou het tydens 'n ski-vakansie gedurende Februarie 1993 in Frankryk tuisgegaan in 'n hotel wat hoofsaaklik Nederlandstalige toeriste ontvang. Tydens die vakansie was daar Vlaminge en Nederlanders tuis waar ek 'n Nederlander teenoor 'n Wes-Vlaming in 'n gesprek min of meer hoor sê het: "Mevrou ek en jy staan hier met mekaar en praat albei Nederlands. Jy verstaan my ten volle, maar ek verstaan jou hoegenaamd nie, hoe is dit tog moontlik, ons gebruik tog albei slegs Nederlandse woorde!" Ek het die grootste moeite gehad om die Wes-Vlaming te verstaan, maar die Nederlander kon ek begryp asof ek met 'n Afrikaanstalige praat. Dit gebeur alles omdat nie ek

die Afrikaner nie aan Nederlands blootgestel word nie, mag hy uiteraard verstaansprobleme daarmee hê. Hierdie probleem kan slegs opgelos word wanneer Nederlands ook op die Afrikaanse radio en televisie gebruik word. Onlangs is in Suid-Afrika begin met die uitsending van Nederlandse en Vlaamse televisie-reekse, maar alles word ongelukkig oorgeklank. Dit is ongelukkig so dat dié reekse veel moeiliker te volg is as dokumentêre reekse, of kinderprogramme, of aktualiteitsprogramme. In hierdie televisie-dramas word vinnig gesprek, en die taal sterk dialekties gekleur, maar onderbetiteling is 'n veel beter antwoord, as oorklanking. Die Nederlands wat op die Nederlandse en Vlaamse televisie-dramas gebruik word is nie altyd vir almal ewe verstaanbaar nie. Van Haver (1989) noem dat sy eie gesinslede en vriende soms kla dat hulle selfs Randstadnederlands nie altyd goed volg nie.

Dit gebeur soms dat taal A en taal B nou aan mekaar verwant mag wees, en dat die sprekers van A die sprekers van B goed verstaan, maar die sprekers van B die sprekers van A nie verstaan nie. Dit het egter ook iets met ekstralinguistiese persepsies te make (Hockett 1958:326). Dit hou in dat een groep 'n ander bloot nie kan verstaan nie, omdat hulle 'n negatiewe persepsie van die betrokke groep, of kwade gevoelens jeens die groep het. Wolf (Van Hout & Münstermann 1981:109) het 'n studie gedoen in Nigerië oor twee stamme wat duidelike verwante dialekte gesprek het. Lede van die dominerende stam het voorgegee dat hulle die sprekers van die ander stam nie verstaan nie. Die lede van die ondergeskikte stam (op sosiale en ekonomiese gebied) het dan weer te kenne gegee dat hulle lede van die dominerende stam goed verstaan. Linguistiese verskille speel hier geen rol nie.

Wanneer die sprekers van twee nou verwante variëteite met mekaar in aanraking kom, is dit volgens Hockett normaal dat die sprekers eers aan mekaar se taalgebruik gewoond moet raak, voordat hulle mekaar onderling goed sal begryp. Volgens Hockett (1958:326) is daar gemeenskappe in Wes-Afrika wat 'n dag of twee in kontak met mekaar moet wees om mekaar goed te kan volg. Twee taalgemeenskappe wat dan ver uitmekaar lê mag dan 'n week nodig hê om mekaar goed te begryp. Hiervolgens praat Hockett dan van 'n 'twee-dag' dialek of 'n 'een-week' dialek. Volgens die definisie van Hockett sou 'n mens Afrikaans as 'n 'twee-week-dialek' beskou, omdat dit myns insiens die tydperk is waarbinne 'n redelike gangbare onderlinge verstaanbaarheid tussen Standaardafrikaans en Standaardnederlands verwerf word.

Stankiewicz merk op: "The ability to understand speakers of different speech communities depends to a large extent on training in code-switching and on individual talent, and it correlates more closely with lexical similarity than with structural correspondences between linguistic systems" (Goossens 1977:14). Karam (Baetens Beardsmore 1986:97) het aangetoon dat die leksikale ooreenkoms belangriker is, as ander linguistiese ooreenkoms by die bepaling van onderlinge verstaanbaarheid tussen twee variëteite. Hy het verder ook bepaal dat fonologiese en grammaticale ooreenkoms belangrik is, in die sin dat dit die blootstellingstyd verkort wat 'n spreker nodig het om 'n verwante variëteit te leer verstaan. Cooper (1989:63) noem ook dat waar 'n persoon 'n vreemde taal moet aanleer, dit makliker is om 'n taal aan te leer wat so na moontlik aan die moedertaal is: "There is presumably less to learn when a new language is structurally similar to a language already known." Cooper noem dat dit die rede is waarom Swahili so gou

of die Nederlander ooit aan Wesvlaams blootgestel word nie. Die Wes-Vlaming word daarenteen, elke dag deur middel van die radio en televisie aan Standaardnederlands blootgestel en verstaan dit dus ten volle.

versprei kon word, omdat dit so goed ooreengekom het met ander tale of dialekte rond die taalgebied. Die graad van verskil of ooreenkoms tussen twee taalvariëteit, hang volgens Ryan e.a. (1982:5) in werklikheid af van die persepsies en houdings van die persone in kontak met die betrokke variëteite. Die verskille wat daar dus tussen Afrikaans en Nederlands bestaan, het dus meer te doen met persepsies en houdings van die sprekers, as wat dit met werklike taalverskille te doen het.

Op 10 Maart 1992 pleit prof. E. Botha tydens 'n paneelbespreking, wat handel oor 'n taalbeleid vir Suid Afrika, dat meertaligheid 'n bate is vir elke individu, want "zoveel talen als ik kan, zoveel maal is (ben) ik man" het sy op 'Nederlands' gesê. Alhoewel sy Nederlandse woorde gebruik het, het sy nie die Nederlandse taal bedoel nie, want selfs die universiteit waaraan sy toe verbonde was, Unisa, die grootste in die land, bied nie Nederlands as vak aan nie. Indien Nederlands 'n 'ander taal' was, dan sou dit die eerste taal kon wees vir die Afrikaner om aan te leer, want hy sou sonder moeite tweetalig Nederlands-Afrikaans kon wees. Tog gebeur dit nie. Op skool en universiteit word 'n groot aantal tale aangebied, maar hierdie heel-maklikste-ander-taal-op-aarde, word nie aangebied nie. Die rede is seer sekerlik nie die 'geweldige verskil' tussen die twee tale nie.

Prof. Links het op die internasionale colloquium te Brussel gedurende 1991 gesê, dat die Nederlandse voorgeskrewe boek so 'n inspirasie vir leerlinge was dat talle studente aan die Universiteit van Weskaapland, Nederlands as hoofvak gekies het (Links e.a. 1991:184). Duidelik was hierdie studente verras deur die enorme ooreenkoms wat daar tussen Afrikaans en Nederlands bestaan. Hulle sou dit nie geweet het indien hulle nie op skool blootstelling aan Nederlands gekry het nie. Indien hierdie karige blootstelling op skool opgevoer kan word na 'n behoorlike blootstelling, beginnende vanaf reeds die eerste skooljaar, sal die begrip en liefde vir die Nederlandse taal des te sterker word, tot voordeel van die ganse Afrikaanstalige gemeenskap. Hoe groter die blootstelling, hoe grondiger sal die ooreenkomste tussen die twee variëteite tot die bewussyn van elke Afrikaanstalige deurdring.

Afrikaanse taalkundiges spandeer heelwat energie aan die 'ontdekking' en beklemtoning van *verskille* tussen Afrikaans en Nederlands. Die 'ontdekking' van *ooreenkomste* word nie ondersoek nie, asof daar gevrees word dat indien ons te veel navorsing hieroor sou doen, iemand dalk mag ontdek dat Afrikaans en Nederlands een en dieselfde taal is, en vir die gevolge van so 'n ontdekking word gevrees. Die ooreenkomste tussen Afrikaanse en Nederlandse kultuurtale is en bly enorm groot. Van der Merwe (1970:92) skryf dat 'n mens getref word deur die groot ooreenkoms in woordeskatalog, betekenis en sinsaanwending, wanneer vanuit Nederlands in Afrikaans vertaal moet word, "ten spyte van die verskil in spelling" ('n kunsmatige geskepte verskil). De Villiers het in 1956 'n boekie geskryf in 'opdrag' van die Raad van die SA Akademie. Die "opdrag" soos hy dit noem, was om "nadruk" te lê op die punte waar die Nederlandse taalstruktur van Afrikaans afwyk. Met die 1961 uitgawe van die opdragwerk skryf De Villiers egter in sy voorwoord: "Hierdie derde druk van die oorspronklike werk is heelwat gewysig omdat ek tot die oortuiging gekom het dat die samehorigheid van Nederlands en Afrikaans beklemtoon moet word, eerder as die verskille" (De Villiers 1961). Volgens De Villiers bestaan Afrikaans uit 99% van die woordeskatalog van Nederlands. 'n Taal wat so 'n groot persentasie van die woordeskatalog van 'n ander taal in hom het, sal moeilik sy bestaansreg kan verdedig.

Tot so onlangs as 1970 skryf Op 't Hof (1970:156) die volgende: "Dit is nogal eienaardig dat Nederlands deur so baie Afrikaners vir 'n totaal vreemde en moeilik verstaanbare taal aangesien word. 'n Half-eeu gelede was dit nog een van die amptelike tale van ons land, en vir Afrikaners die skooltaal en kerktaal. Baie Afrikaners van my geslag kan nog as hulle die moeite wil doen Nederlands grammatikaal korrek praat." Hierdie aanhaling toon hoeveel persepsie, taalwil en taalhouding, daar in taal verskuil sit. As iemand 'n bepaalde taal of variëteit nie wil verstaan nie, dan verstaan hy hom gewoon nie. As iemand 'n bepaalde variëteit graag wil verstaan, maar hy verstaan daar geen snars van nie, dan 'verstaan' hy die taal of variëteit nogtans. Volgens Van der Merwe (1968) was daar gedurende die vorige eeu Afrikaners wat voorgegee het dat hulle hul eie taal nie verstaan nie, maar Engels ken, al het hulle maar 'n paar Engelse woorde geken. Dieselfde tendens kom ook voor onder arbeiders in die Boland, wat voorgee dat hulle Engels ken, maar dit nie ken nie.¹⁴¹ As iemand dan ook beweer dat 'n bepaalde taal moeilik is, dan is dit so, of as 'n bepaalde taal lelik is, of mooi, dan is dit so. Hoe irrasioneel dit ook mag klink, taalpersepsie word gevorm deur ekstra-linguistiese kenmerke, en het met die taal self niks te maak nie. As ons Nederlands vir onsself wil terugneem, sal ons mede-Afrikaners moet oortuig van die voordele en nut van die taal. Nederlands sal dan outomaties maklik, mooi, ensovoorts word.

Gesproke Nederlands is soms moeilik te volg vir die Afrikaner, wanneer hy die eerste keer 'n Vlaming of 'n Nederlander hoor praat. Die klankverskille val dan skerp op, maar soos De Villiers (1961:13) met reg ook skryf, val die verskille al minder op hoe langer 'n gemiddelde Afrikaner met 'n gemiddelde Vlaming of Nederlander in aanraking kom. Ek het met die skrywe van hierdie werk al vier jaar in Vlaandere gewoon, en dit het my opgeval dat hoe langer ek hier gewoon het, hoe irrelevanter het ek die taalverskil tussen Afrikaans en Nederlands ervaar. 'n Nederlandstalige wat Suid Afrika die eerste keer besoek, merk 'n duidelike verskil tussen die Weskaapse dialek en Standaardafrikaans. Sinne soos 'ek weet nie', 'kom ons loop', en 'kom hier na toe', teenoor 'êk wietie', 'ko's loep', en 'ko' hientoe' ens., is vir 'n vreemdeling twee tale. Vir 'n Afrikaner val die verskille eintlik nie op nie, want hy hoor dit dikwels. Omdat die Afrikaner nooit (so goed as nooit) Nederlands hoor nie, ervaar hy dit maklik as iets totaal vreemds, 'nie behorende tot my taal nie'.

Dat die Afrikaner armer is met die uitboendering van Nederlands blyk duidelik uit die werk van Webb (1992:12) waar hy skryf dat die verlies van enige taal of kultuur 'n verskraling meebring van die natuurlike rykdom wat geleë is in kulturele en linguistiese diversiteit. Hy skryf verder: "Kulturele en linguistiese diversiteit verleen kleur aan die lewe en maak die lewe interessant. Dis 'n basiese teenmiddel vir die eenvormigheid wat modernisering meegebring het. Daarby is dit ook stimulerend" (Webb 1992:12). Maar skryf Webb ook dat daar 'n nadeel is aan die verlies van 'n taal, omdat "die verlies van enige taal of kultuur 'n verskraling meebring van die natuurlike rykdom wat geleë is in kulturele en linguistiese diversiteit." Nog 'n nadeel is die verlies van alle kultuurskeppinge wat in 'n bepaalde taal tot stand gekom het, soos letterkunde, die filosofie en wetenskaplike prestasies. Daarby geld ook: "Indien hierdie taalvervreemding meebring dat koerante ontoeganklik raak, gaan die bronre verlore waaruit insig verkry kan word in die manier van dink en doen, in die lewenspatrone van die gemeenskap, in die hele kultuur van daardie

¹⁴¹Tydens die 1991 sensusopname, merk 'n vriend van my in die Boland, dat al sy plaaswerkers op die sensusvorm aangetoon het dat hulle Engels magtig is. Aangesien hulle weinig skoolopleiding gehad het en hy dit betwyfel het, begin hy met die werkers Engels praat, wat hulle nie kon begryp nie.

gemeenskap. As 'n taal verlore gaan, verloor die mensdom iets van sy eie verlede, en is dit moeiliker vir hom om te verstaan waarom sake is soos hulle is" (Webb 1992:13).

Dit waарoor Webb dit hier gehad het, is die verlies vir die Suid Afrikaanse samelewing indien Afrikaans sou ondergaan. Maar dit is egter presies die verlies wat die Afrikaner ly, nadat hy Nederlands deur sy vingers laat gly het. Die ryk linguistiese- en kulturele hulpbron wat in Nederland en Vlaandere bloei, is ons tans gewoon kwyt, en kan die Afrikaner nie verstaan waarom dinge is soos hulle is nie.

Onverbondenheid?

Daar is Afrikaanse taalkundiges, onder andere Muller (1984:232), wat meen dat Afrikaans se redding daarin lê dat die taal as 'n Afrikataal beskou moet word, en nie 'n Europese taal nie. Van Rensburg (1992:188) skryf dat indien die Europeesheid van die huidige standaardvorm van Afrikaans 'n bietjie getemper word, die vrymoedige gebruik van die taal bevorder sal word. Engels Frans en Portugees is in Afrika besonder populêre tale. 'n Soortgelyke tempering hiervan, in 'n poging om hierdie tale selfs nog populêrder te maak, sou vir die tale egter meer onheil as enige heil inhou. Waarom sal Afrikaans by so 'n tempering baat vind? Dit is die status van Engels, Frans en Portugees wat sprekers lok, en het met 'n Euro- of Afrosentrisiteit niks te make nie. Die helfte van die Afrikaanstaliges is van nie-Europese afkoms, en bevind Afrikaans hom in elk geval in 'n veel meer Afrosentriese as Eurosentriese omgewing, vergeleke met Engels in Suid-Afrika.

Die totstandkoming van 'n kultuurtaal is 'n ondemokratiese proses. Verteenwoordigers van verskillende variëteite kom nie rond 'n tafel bymekaar en besluit dan hoeveel bestanddele uit elke variëteit deel sal uitmaak van die kultuurtaal nie. Dit word duidelik gestel deur Van Loey (1945:18): "Een gemeenschappelijke taal heeft steeds tot grondslag één bepaald dialect. Zodra een zekere streek het overwicht krijgt over de naburige streken in economisch, politiek of cultureel opzicht, dan ook verwerft de taal van die streek een zodanig prestige dat ze buiten de grenzen uitstraalt en boven de naburige of verder afgelegen streektalen heen ook gebruikt wordt." Die leidende party by die vorming van 'n kultuurtaal is die elite en geen ander groepering nie. Ons het Nederlands in Suid-Afrika reeds 'n knou toegedien deur 'n Afrikaans om 'n tafel te probeer bou, in plaas daarvan om die natuurlike evolusie vol te hou deur die oorname van die Hollandse elite-dialek. Ten minste was die bouproses toe deur nasionalisme aangevuur, wat die bousel staande laat bly het. 'n Herbouery of aanbouery, in 'n rigting weg 'n elite-variëteit, in die afwesigheid van nasionalisme is 'n dood-loop-staat.

Van der Elst (1994:33) skryf oor die noue verbintenis en verwantskap wat tussen Nederlands en Afrikaans bestaan: "De lexicale schatplichtigheid van het Afrikaans aan het Nederlands is onbetwistbaar, hoewel er in de sociolinguïstiek tendensen bestaan om dié schatplichtigheid te ontkennen en de ontwikkeling van het Afrikaans veeleer toe te schrijven aan een creoliseringsproces. Dat is zeker slechts een deel van de waarheid rondom de ontwikkeling van het Afrikaans en niet de volle waarheid." Die verbintenis tussen Afrikaans en Nederlands is veel groter as wat algemeen geglo en gepropageer word. Taalkundiges soos Theo du Plessis en Webb (Deprez 1992) wil Afrikaans selfs red deur sy verbintenis met Nederlands so ver moontlik te verbreek - wat glo 'n Afrosentriese taalontwikkeling inhou. Terwyl oorspoelende Engels in Suid-

Afrika, massaal kan hande-vashou met die Angel-Saksiese wêreld,¹⁴² moet Afrikaans los waar hy nog greep op het in die Dietse wêreld. Nietemin is daar talle taalkundiges wat op ondubbelsoinnige wyse die band met Vlaandere en Nederland wil aanhaal. Die Afrikaner het seker net soveel reg op ondersteuning as wat die Engelstaliges in Suid-Afrika dit het. Internasionale taalkundiges is immers al geruime tyd besig om taalprogramme vir die verengeling van Suid-Afrika uit te werk, en is selfs die V.V.O. hiermee gemoeid (Senekal 1984:225).

¹⁴²en miljoene Rand se direkte en indirekte steun uit die VSA en VK en Australië kry.

PLURISENTRISITEIT VAN TALE

Binne 'n taalgebied vind dikwels sentrumverskuiwings plaas, waar streektale mekaar awissel as leidende sentrums binne 'n bepaalde taalgebied, op grond van hul belangrikheid op ekonomiese en politieke vlak. Gedurende die 13 en 14de eeu was Vlaams¹⁴³ in die hele Nederlandse taalgebied, as leidende sentrum, die min of meer aanvaarde kultuurtaal. Hierdie rol is oorgeneem deur Brabant, en gedurende die 17de eeu het Holland die rol van kultuurtaal by Brabant oorgeneem (Van der Plank 1971:64). Van der Plank noem ook dat in Italië Florance 'n dominerende rol gespeel het tot die 14de eeu, toe Italiaans 'n Toskaanse karakter begin kry het. In Frankryk het Normandies en Pikardies die rol van kultuurtaal gespeel voor die 12de eeu, voordat die dialek van Parys stadigaan die oorhand begin kry het.

In taalgebiede waar die geografiese uitgestrektheid groot is, word die taaldiversiteit ook groter. Dit is opmerklik in die Engelse-, Franse-, Spaanse-, en Portugese taalgebiede. Die kwessie van taalsentrums word dan ook aktueler. So is Parys nie meer die enigste leidende taalsentrum in die Franse taalgebied nie. In die Portugese taalgebied, was Lissabon tot onlangs nog die leidende taalsentrum, maar hierdie rol is grootliks oorgeneem deur Rio de Janeiro. Waar Londen nog vir 'n raps meer dan 'n eeu gelede, die onbetwiste taalsentrum van die Engelse taalgebied was, is hy nie vandag meer die enigste taalmodel nie. Nuwe sentrums het in lande soos Amerika en Australië verrys. Leitner (1992:208) skryf dat die invloed van Australiese Engels in die Suid-Ooste van Asië as 'n belangrike alternatief beskou word naas die Britse en Amerikaanse taalstandarde. Menken (1965:iv) noem ook in hierdie verband dat Amerikaanse Engels as 'n dialek gesien kan word van Britse Engels gedurende die vorige eeu, maar dat Britse Engels vandag as 'n dialek van Amerikaans gesien kan word. Vandag druk Amerika 'n swaar stempel af op die Engelse taalgebied. Hieroor skryf Leitner (1992:210) dat Amerikaanse invloed aanvanklik onbeduidend was, maar neem dit drasties toe: "The impact of American English is likely to be very powerful indeed and to minimize British English influences."

'n Plurisentriese taal akkommodeer verskillende norme, binne 'n enkele taalgebied (Clyne 1992:1). Clyne (1992:1) skryf verder: "Pluricentric languages are both unifiers and dividers of people. They unify people through the use of the language and separate them through the development of national norms and indices and linguistic variables with which the speakers identify." Deur nuwe norme word nuwe grense getrek, om aan te dui, wie tot welke groep behoort. Plurisentrisiteit hou nie taalskeuring in nie, alhoewel dit sou kon lei tot taalskeuring.

Hierdie kragte wat vandag met mekaar meeding binne 'n bepaalde taalgebied, is dus normaal. Binne die Nederlandse taalgebied het Wesvlaams lank geveg om sy hegemoniteit, verkieslik oor die hele Nederlandse taalgebied, so nie dan ten minste in Wes- en Oos-Vlaandere. Die poging het misluk. Fries het ook groot drome gehad, waarvan weinig tereg gekom het. Ook vandag bestaan daar binne die Nederlandse taalgebied plurisentriese kragte. Vir die gemiddelde Vlaming is die Randstad nie die enigste leidende model nie, maar identifiseer hy hom ook sterk met BRT-Nederlands. Geerts (1992) is huiwerig om te bevestig of Nederlands 'n plurisentriese taal is, al dan nie (waarskynlik omdat hy nie die Vlaamse taalpartikulariste wind in die seile wil gee nie - deur

¹⁴³Die taal van die Graafskap van Vlaandere: Frans-Vlaandere, Wes- en Oos-Vlaandere en Zeeus-Vlaandere.

plurisentriseiteit te erken nie). Afrikaans behoort nie meer tot die Nederlandse taalgebied nie.¹⁴⁴ Sou Afrikaans steeds tot die Nederlandse taalgebied behoort het, was die Nederlandse taal ongetwyfeld plurisentries, soos alle groot tale van die wêreld.

Die rede waarom Afrikaans nie tot die Nederlandse taalgebied behoort nie, is nie die 'groot' taalverskil nie, maar die feit dat die Afrikaner in 1925 besluit het om 'n eie koers in te slaan (Geerts 1992:72). Afrikaans sou ook 'n leidende sentrum binne die Nederlandse taalgebied kon uitmaak, maar die weg van isolasie wat Afrikaans ingeslaan het (Wendt in Geerts 1992:72), diskwalifiseer hom.

Die leiersrol wat 'n taalsentrum speel hang veel af van die ekonomiese welvaart van daardie sentrum. Die Afrikaner presteer nie op ekonomiese gebied nie (en kan ook nie, solank hy in 'n meertalige opset onder Engels gebuk staan nie). Die ekonomies presterende streek in die Nederlandse taalgebied is steeds Holland (of meer bepaald die Randstad), en sal Holland die leidende taalsentrum bly, totdat 'n ander streek op ekonomiese gebied beter sou begin presteer. Afrikaans het dus geen ander opsie nie, as om in die taallig van Holland te staan soos al die ander Nederlandse streektale dit doen. Al sou ons Afrikanersiele 100 miljoen getel het, sou dit onwys gewees het om taaleenheid met Nederland en Vlaandere te verbreek het, en verbroke te wil probeer hou.

¹⁴⁴ Alhoewel Geerts noem dat daar taalkundiges is wat meen dat Afrikaans tog by die Nederlandse taalgebied hoort. Ek het al by twee professore verbonde aan die *Vrije Universiteit Brussel* moes verneem, sonder dat ek hulle om 'n opinie gevra het, dat hulle Afrikaans beskou as behorende tot die Nederlandse taalgebied.

DIE GEVOLGE VAN DIE AFSKRYWING VAN NEDERLANDS

Gedurende 1925 moes ons kies tussen Afrikaans en Nederlands, nie beide soos wat die wetgewer bepaal het nie. Ons moes kies watter taal ons die beste beskerming teen die Engelse oorspoeling sou bied, en dan die ander een verwerp. Ons het gekies. Was dit die juiste besluit? Sou ons nie veel meer gebaat het by die behoud van Nederlands as kultuurtaal vir die Afrikaner nie? Dit sal blyk by die behandeling van die volgende domeine, dat Standaardafrikaans as volledige vervanger van Standaardnederlands, ons nie soveel heil gebring het, as waar ons op gehoop het nie.

Nasionale Kommunikasie-Instrument.

Afrikaans is tot 'n suksesvolle kommunikasie-instrument uitgebou. Nederlands sou egter ewe goed as kommunikasie-instrument kon dien, indien dieselfde inspanning wat aan Afrikaans bestee was, veral op die gebied van onderwys, ook aan Nederlands bestee sou gewees het. Op hierdie gebied sou ons met Nederlands as kultuurtaal waarskynlik nie beter of swakker gevaaar het, as met Afrikaans nie.

Internasionale Kommunikasie-Instrument.

Afrikaans as kommunikasie-instrument met Nederland, Vlaandere en Suriname, is vandag beroerd. Dit sou veel vlotter gewees het indien Nederlands as kultuurtaal behoue sou gebly het vir die Afrikaner. Die internasionale kommunikasie-probleem moet egter vir 'n groot stuk voor die voete van die politici gelê word. Aan die ander kant sou, selfs deur politiek vertroebel, Nederlands 'n veel effektiewer-kommunikasie-instrument gewees het, as Afrikaans.

Het ons by Nederlands gehou, sou die massamedia gebruik kon maak van internasionale Nederlandstalige joernaliste en sportkommentators, by verslaggewing in die pers, radio en televisie. Tans is Nederlandstalige korrespondente wêreldwyd beskikbaar, maar die Afrikaner geniet saam met sy Engelstalige landgenote die diens van internasionale Engelstalige kommentators en joernaliste. Ons kan met 'n minimum inspanning hertoetree tot hierdie internasionale kommunikasie-net.

Isolasie-Instrument

As die bedoeling van Afrikaans was om die Afrikaner van die wêreld te isoleer, dan het die taal in sy doel geslaag. Die tol was egter te hoog, en moes die isolasie deurbreek word. Die deurbreking het ingehou, die aangryping van die Angel-Saksiese taal en kultuur. Dit is egter ironies dat Afrikaans juis tot stand gekom het as buffer teen die verengelsingsproses. Smith (1914:27) skryf in hierdie verband, dat "die beste wapen om die verengeling van ons volk te beveg is buiten alle twyfel die erkenning van ons eie Afrikaanse taal." Ook Pienaar (1943:233) skryf: "Daar was net een doeltreffende middel wat op die duur bestand sou blyk teen die magtige Engels. Dit was die lewende landstaal van die Boerevolk - Afrikaans." Die Afrikaner het dus met die standaardisering van Afrikaans, en die verdrywing van Nederlands, juis iets bereik wat hy ten alle koste wou vermy het, want Engels klop vandag harder aan die deur as ooit.

Ons kon nadat ons die gevolge van isolasie besef het, ons band met Nederlands aangehaal het. Ons het nie. De Villiers (1936) het gedurende die dertigerjare gepleit vir 'n toenadering tussen Afrikaans en Nederlands, maar besef dat die Afrikaner reeds met blindheid geslaan was: "Afrika vir die Afrikaners, en Afrikaans is ons taal, en al wat in 'n ander taal gestel is behoort nie aan ons

nie".¹⁴⁵ Al was hierdie ander taal nou ook ons tweede moedertaal Nederlands. Ook Nienaber & Nienaber (1941:22) het dit betreur dat die Afrikaner sy Nederlandse erfposie verwaarloos en vergeet: "Nederlands wou ons nie meer lees nie - dis dan te moeilik. Die geskrifte wat in Nederlands in ons land geskryf is, het ons nie meer erken nie - ons het mos Afrikaans en voel ons ryk in ons armoede, wys in ons onkunde en te vernaam vir die skone in die Nederlandse taal, letterkunde, kuns en kultuur. Ons het genoeg en gryp na die Engelse boemeltrein-romans." Ons kan die isolasie-band vandag nog knip en ons taalband met Vlaandere en Nederland heropneem.

Taal as Identiteitsimbool

Afrikaans het uitstekend daarin geslaag om 'n eie identiteitsgevoel te skep. Maar met 'n eie unieke aksent (wat logies sou wees) sou dieselfde sukses met Nederlands behaal kon word. Die Iere, Skotte, Kanadese en Amerikaners gebruik ook Engels, en het hulle hulself nog nooit as Engelse beskou nie, en sit ook nie met identiteitsprobleme nie. Dieselfde geld vir die Switsers, Oostenrykers, Belge, Quebekkers, Meksikane, ensovoorts. Deur middel van Afrikaans wou ons werk aan ons identiteit. Deur middel van Afrikaans kon ons nou fier 'bewys' dat ons 'n inheemse volk van Afrika is. Uniek. 'n Eie identiteit. Maar waar staan ons vandag met dié identiteit. Toe ons ons nog as Nederlandstaliges beskou het, was ons identiteit vir ons so waardevol, dat ons bereid was om 'n Groot Trek aan te pak; om die wapen op te neem in 'n Anglo-Boereoorlog. Met Afrikaans moes die nuwe unieke identiteit unieker geword het! Dit het nie!

Musiek

In Vlaandere alleen word soveel Nederlandstalige musiek geproduseer,¹⁴⁶ dat byna alle liedjies na ongeveer drie maande op die weeklikse Vlaamse top tien musiekprogramme, wat op radio en televisie aangebied word, deur nuwes vervang is.¹⁴⁷ In Suid Afrika sal ons beswaarlik 'n sesmaandelikse Afrikaanse top twee musiekprogram kan aanbied. Dit is ook in hierdie verband kommerwekkend dat die grootste gros musiekmakers in Vlaandere tieners en twintigers is, terwyl die grootste gros musiekmakers in Afrikaans nie in hierdie ouderdomsgroep val nie. Verder is popgroep in Afrikaans so goed as afwesig. Wat Afrikaanse musiek betref, kan ons die Afrikaanse jeug nie eers 'n bietjie oorrompel nie. Was Nederlands vandag aanvaarde kultuurtaal in Suid-Afrika gewees, sou ons ook die weelde kon beleef van 'n top tien musiekprogram. Ons kan dit vandag nog geniet, die oomblik as Afrikaans en Nederlands weer sinonieme word, soos dit was en soos dit hoort.¹⁴⁸

Letterkunde

Met die volledige afskrywing van Nederlands het ons die wêreld vir die Afrikaner klein gemaak. Die volgende statistiek ten opsigte van die aantal boektitels per jaar, spreek vanself: (nuwe titels plus herdrukke)

¹⁴⁵Selfs Nederlandstalige prosa en poësie, deur Afrikaners geskep, is deur die Afrikaner verwerp as andermansgoed.

¹⁴⁶Interessant is ook dat sommige liedjies in dialek gesing word, waarvan sommiges nogal betreklik goed presteer.

¹⁴⁷Die weeklikse 'treffersparade' sluit in: Op televisie 'n top 50 (Nederlands sowel as anderstalige musiek) asook 'n Nederlandstalige top 15; op radio 'n top 30 (Nederlands en anderstalige musiek), asook 'n Vlaamse top 10.

¹⁴⁸Ons sit wat ligte Afrikaanse musiek betref, vandag eintlik met leë hande. Danksy die waardevolle inset van Nederlanders soos Korsten en Keuzenkamp, is ons ligte Afrikaanse musiek uit sy ellendigste armoede gelig.

Tydperk	Afrikaans ¹⁴⁹	Nederlands in Vlaandere ¹⁵⁰	Nederlands in Nederland ¹⁵¹	Totaal Nederlandstalig
1983	2,172	2,654	10,509	13,163
1984	2,669	2,889	11,609	14,498
1985	2,298	2,714	11,089	13,803
1986	2,386	2,625	11,744	14,369
1987	1,743	2,858	11,761	14,619
1988	2,061	3,049	12,762	15,811
1989	3,404	3,141	13,686	16,827
1990	2,627	3,027	12,416	15,443
1991	2,432	3,528	14,067	17,595
1992	1,581*	3,956	13,885	17,841
1993	1,519*	3,666	14,391	18,057

*- Slegs nuwe boektitelproduksie, aantal herdrukke nie beskikbaar nie.

Tans word ongeveer 18,000 Nederlandstalige boektitels per jaar op die mark gebring, wat gewoon deur die Afrikaner geïgnoreer word. Ons lewer in Afrikaans geen 15% van dit wat ons taalgenote in Europa op die mark bring nie.¹⁵² Met Nederlands in Suid-Afrika kon ons met hierdie skat, per jaar 20,000 boektitels in ons boekwinkels en in ons biblioteke gestop het.

Dit kan steeds gedoen word, tot groot voordeel van die hele Afrikaanstalige gemeenskap. Dit sou onwys wees indien ons ons langer van hierdie bronne wil weerhou. Die mees gelese tydskrif in die wêreld, *Reader's Digest*, versprei maandeliks 28 miljoen eksemplare. Dit word deur 100 miljoen mense gelees, in 162 verskillende lande. Een van hierdie lande is Suid-Afrika, waar die tydskrif die tweede grootste oplaag het (Fourie 1994), maar dis alleen in Engels verkrygbaar. In Vlaandere en Nederland is presies dieselfde tydskrif oral in Nederlands beskikbaar. Hierdie tydskrif kon in Suid-Afrika ook in Nederlands beskikbaar gewees het! Dit is nie. Afrikaans is waarskynlik te klein om dit die moeite werd te maak, nou wend ons ons maar tot Engels.

Paardekoper (1987:200-201) skryf: "Als ik een Zuidafrikaanse boekhandel binnenga, schrik ik. Je ziet bijna niks als Engelse Boeken; alleen bij zorgvuldig nader toezien vind je ook nog een klein hoekje met een paar Afrikaanse titels. Dat is niks minder als een noodtoestand. Was de helft Afrikaans en de helft Engels, dan zou ik niet verbaasd staan over de afwezigheid van Nederlandse boeken, maar nu is het alarmerend. Ik weet het: die stand van zaken weerspiegelt de onkunde inzake Nederlands bij de grote meerderheid van de Afrikaners... Waarom ook zou die geen aandacht vragen voor alles wat in het Nederlands gedrukt is, en wat gelijksoortige Engelse werken in de boekhandel kan vervangen, zoals encyklopedieën, standaardwerken over geschiedenis, archeologie, kunstgeschiedenis, biologie, wiskunde, scheikunde, natuurkunde enz. enz.?" Ons is al

¹⁴⁹Bron: Die Staatsdiensbibliotheek, Posbus 397, Pretoria.

¹⁵⁰Bron: VBVB, Hof ter Schriecklaan 17, B-2600 Berchem (Antwerpen).

¹⁵¹Bron: Stichting Speurwerk, Documentatiecentrum speurwerk / fic, Herengracht 330, 1016 CE, Amsterdam

¹⁵²So kla 'n student teenoor Gijsen (1994:12) dat hy slegs Engels lees, omdat daar niks interessants in Afrikaans geskryf word nie.

so gewoond aan noodtoestande, dat ons van hierdie noodtoestand waarskynlik nie eens bewus is nie.

Gedurende 1937 skryf Geijl: "Wat de positie van het Afrikaans betreft, er is verbazende vooruitgang. Maar tevens zijn er zwakheden, waarvoor veel Afrikaners blind zijn - dat is de ergste zwakheid van alle" (Van Hees en Puchinger in Steyn 1984:24). Hierdie blindheid van die Afrikaner, is die grootste bedreiging vir die voortbestaan van sy taal. 'n Blinde weet nie wat hy misanneer hy blind is nie. Omdat ons in 'n Angel-Saksiese wêreld leef, besef ons nie dat ons blind is nie, blind vir die hulp wat ons kan put uit die Nederlandse taal, blind vir die feit dat Nederlands ook ewe goed ons moedertaal kan wees, eintlik ons moedertaal is. Nederland sal ongetwyfeld herontdek moet word, soos wat Spaarwater dit in *Die Burger* van 25 November 1993 stel: "'n Ongelooflike byvrydende ondervinding is om te ontdek hoe Afrikaans die ganse formidabele Nederlandse letterkunde vir ons oopmaak. Met Afrikaans kan ons alles lees van Joost van den Vondel tot Godfried Bomans. Met 'n bietjie moeite by Vondel, maar met byna geen probleme by die moderne skrywers nie."¹⁵³ Die begeerte om hierdie ontdekking te doen, is by die Afrikaner nog bitter klein. Dit het die Afrikaner 50 jaar geneem om te ontdek dat Afrikaans (slegs Afrikaans) sy taal is (1975-1925), hopelik sal dit hom nie 50 jaar neem om te ontdek dat hy 'n valse ontdekking gedoen het nie. Met 21 miljoen Nederlanders en Vlaminge, plus 6 miljoen Afrikaners bevind ons onsself in 'n veel groter mark, nie net vir ons skrywers en musikante nie, maar vir ieder en elke Afrikaans- en Nederlandstalige individu. Nelde (1988:113) skryf dat Suid-Afrika 'n belangrike mark kan word vir die Nederlandse uitgewersbedryf.

J. du P. Scholtz skryf: "Die waarde van 'n kultuurtaal word bereken, feitlik uitsluitlik bereken, op grond van wat in blywende waarde in boek en tydskrif verskyn. Dis hier veral waar die vrees vir die hede en toekoms 'n mens soms om die hart slaan. Is ons Engelstalige landgenote ons nie op baie - miskien die meeste - gebiede ver voor nie? Waar is byvoorbeeld, ons groot werke oor ons boukuns, Kaapse meubels en silwer, oor ons diere, voëls, en visse, oor ons bome, plante, en blomme? Is dit ons werklike erns met Afrikaans as volwaardige gebruikstaal? En lê ons hele toekoms, ons dieper reg tot voortbestaan as Afrikaners, nie daarin opgesluit nie?" (Steyn 1984:18). Die probleem met Afrikaans is dat ons wil, maar ons kan nie. Afrikaans is te klein. Ons Engelstalige landgenote skryf aan 'n lesserspubliek wat letterlik honderde miljoene tel. Ons het skrywers wat graag hierdie werke sou wou skryf wat ons Engelse taalgenote tans skryf, maar wie gaan dit koop? Het ons by Nederlanders as kultuurtaal gehou, het ons nou ten minste 21 miljoen goedgeskoold, welgestelde ekstra kopers gehad.

Die bestelgids van die grootste Afrikaanse boekeklub (*Leserskring*) vir die eerste kwartaal van 1995, bevat 'n lys van 271 boeke, waarvan 124 Afrikaanstalig is en 57 Engelstalig (dus 'n derde in 'n vreemde taal¹⁵⁴). 'n Gelykaardige gids in België, die *ECI Clubgids*, bevat vir die eerste kwartaal van 1995 in totaal 501 Nederlandstalige boek (slegs Nederlands). Wanneer mens 'n openbare biblioteek in Suid-Afrika binnestap, op soek na iets oor 'n spesifieke onderwerp, moet jy een ding

¹⁵³Waarom sou die Afrikaner geen oog hê vir die klassieke Hollands skrywers nie, terwyl klassieke Engelse skrywers soos Shakespeare onontbeerlik is in die opvoeding van elke Afrikaanstalige kind? Is dit omdat die Engelse taal en kultuурgoedere al kwasi-eiegoed is?

¹⁵⁴Of is Engels geen vreemde taal nie, Nederlanders wel? Die tekort aan Afrikaanse boekery word immers aangevul met Engelse boekery; in 'n taal dus wat veronderstel is om die Afrikaanse taal te bedreig?

weet: die kans dat jy iets in jou moedertaal Afrikaans gaan vind, is klein. Wanneer ek 'n openbare biblioteek in Vlaandere of Nederland binnestap, is alleen 'n rak, of twee drie, gereserveer vir anderstalige boeke (Duits, Engels, Frans), die res van die boeke is in my moedertaal Nederlands. Wanneer 'n mens 'n boekwinkel (of boeke-afdeling in 'n kettingwinkel) binnestap in Vlaandere en Nederland, is die boekery dikwels uitsluitlik in Nederlands. Wanneer 'n mens dieselfde in Suid-Afrika doen, selfs in gebiede waar hoofsaaklik Afrikaanstaliges woon, is die boekery byna volledig Engelstalig. Ons karige boeke-aanbod laat duidelik sien dat ons met die afskrywing van Nederlands, ons ons in die armoede gaan dompel het. Wanneer 'n Afrikaanse skrywer vandaag sy hand op papier sit, moet hy een ding goed besef, hy skryf vir 'n baie klein mark. Die begeerte om in Engels te skryf word dan brandend groter, al is so 'n persoon ook hoe lief vir sy moedertaal. Met 27 miljoen in plaas van 6 miljoen sou die Afrikaner veel eerder sy hand op papier geslaan het in sy moedertaal, as wat tans die geval is.

Afrikaans is Klein

Afrikaans is gewoon 'n te klein taal vir die moderne wêrld waarin ons leef. Was Afrikaans familieosoos soos Grieks en Hebreus, dan het ons geen keuse gehad nie, maar dit is die geval nie. Ons kan eenvoudig nie met 6 miljoen Afrikaners in die massa media-mark probeer meeding teen 350 miljoen Engelstaliges nie, al glo sommiges nog ons kan. Spaarwater stel dit treffend in *Die Burger* van 25 November 1993: "Afrikaans staan voor probleme wat nie deur selfingenomendheid oor die taal of 'n verwaande geloof in die taal se veerkrachtig opgelos sal word nie. Afrikaans is klein, en het 'n hou van isolasie weg. As pedagoë en akademici sy verwantskap met Nederlands verwaarloos, verwaarloos hulle ook Afrikaans."

Getalle is van kardinale belang. Paardekoper (1987:198) skryf dat 'n redding vir Afrikaans ook daarin lê dat die Afrikaner meer kinders moet kry om hom getalsterker te maak,¹⁵⁵ maar met Afrikaans in die Nederlandse stal, is ons meteen getalryker. Oor die grootte van 'n taal meen Schumann: "(T)he more cohesive and the larger a group is the less likely it will need to seek out opportunities to use another language" (Baetens Beardsmore 1986:162).

Mens hoor dikwels dat mede-Afrikaners sê dat Afrikaans groter is as Deens of as Noors, en dat Afrikaans nie so 'n klein taaltjie is nie. Dit is misleidend. Die helfte van ons Afrikaners is arm en koop (laat staan skep of help skep) nooit, of selde 'n Afrikaanse boek, musiek of tydskrif nie. Die Skandinawiërs daarenteen, geniet van die hoogste per capita inkomste ter wêrld. Verder is Deens, Noors en Sweeds onderling verstaanbaar, en geniet die Skandinawiërs onderling veral mekaar se televisie-programme, maar koop ook mekaar se boeke en tydskrifte. Alhoewel die tale klein is, is hulle groot, omdat hulle mekaar onderling steun en hul sprekers 'n hoë welvaartspeil het, en boonop word hulle nie met Engels op hul grondgebied bedreig nie.

Volgens Janssens (1993) is Nederlands op grond van getalle, met sy 21 miljoen sprekers ongeveer die 35ste grootste taal in die wêrld. Neem hy egter in ag wat in die taal tot stand kom, naamlik; koerante, boekproduksie, opleidingsniveau, wetenskaplike publikasies, sendtyd op radio en televisie, dan kom Nederlands op die 12de plek te staan, op die wêreldranglys. Indien die Afrikaner by Nederlands gehou het, was ons deelgenote aan 'n betreklike groot taal, en Nederlands in 'n sterker posisie.

¹⁵⁵Makliker gesê as gedaan, want aanwas korreleer met ekonomiese welvaart.

Paardekoper (1987:196) skryf aan die Afrikaner: "Bij de uitbreiding van de taal- en kultuurgemeenschap is de belangrijkste wegwijzer de bekende spreuk: 'Je vangt meer vliegen met honing als met azijn.' Je moet als gemeenschap bemind zijn bij de andere partij en daarbij ook vriendelijk te werk gaan. Zwaaien met de (overigens onmisbare) boeken: spraakkunst en woordenboek, heeft in de meeste gevallen niet zoveel sukses. Aanziend groter is de aantrekkingsskracht van prachtige romans, knappe gedichten, boeiende en frisse liedjes in een taal; daarnaast ontalige dingen als mooie schilderijen en beelden, architectonisch schitterende gebouwen, intrigerende films.⁽¹⁵⁶⁾ Kortom: kulturprodukten op een zo zeer mogelijk peil." Dit het Afrikaans nie. Hy sou met sy kulturproduktes indruk kon maak, indien hy by die Nederlandse standaardtaal ingeskakel gebly het.

'n Mens kan jou kind so goed moontlik 'n liefde vir sy moedertaal aanleer. Maar deur middel van veral die televisie, en veral sodra die kind begin skool gaan, kom hy in aanraking met 'n ander taal waarvan die prestige groter is as sy moedertaal. Hoe kleiner so 'n taal, hoe meer sal die kind en student gedwing word om van die meerderheidstaal gebruik te maak, en hoe sterker sal die tekortkominge van sy eie taal op kulturele gebied uitstaan. Oor 'n klein taal skryf Appel & Muysken (1987:35) dat die aantal sprekers van 'n taal belangrik is: "The absolute number of speakers of a certain language becomes important when it decreases. Such a development implies decreasing usefulness of the language in question, which in turn will give rise to language shift away from the minority language." Vir die Afrikaner beteken dit gewoon die verskil tussen 6 en 27 miljoen taalgebruikers. Hoe meer mense Engels as huistaal aanvaar des te sneller vind die taalverskuwingsproses ten gunste van Engels plaas.

Taal op Gebruiksaanwysings

By die meeste ingevoerde artikels soos televisies, radio's, video's, ensovoorts, word die gebruiksaanwysings in talle tale gedruk, onder andere ook Nederlands. Afrikaans pryk in sy afwesigheid, omdat hy te klein is om daar te wees. Die Afrikaner volg die instruksies in 'n ander manstaal: Engels, omdat hy nooit aan Nederlands blootgestel is nie. Het ons by Nederlands gehou, het ons moedertaal vandag waarde gehad.

Nederlandse Taalmodel

Die afwesigheid van Nederlands as taalmodel vir die Afrikaner, hou tans gewoon in dat die Afrikaner sy taal uit Engels vertaal. In Vlaandere word gepraat van 'n *Ontvangerij*, waar die Afrikaner *Ontvanger van Inkomste* gebruik op basis van *Receiver of Revenue*. In Afrikaans is ons veronderstel om *aartappelskyfies* te gebruik in plaas van *chips*, of *slaptjips*, maar in Vlaandere word die woord *frietens*¹⁵⁷ gebruik. So gebruik ons *Poskantoor* (*Post Office*) waar in Vlaandere vroeër in die formele situasies, *Posterijen* gebruik is, maar vandag uitsluitlik van *De Post* gepraat word in alle situasies. Ons praat van 'n *Munisipaliteit* (*Municipality*) waar die Vlaminge en Nederlanders van 'n *Gemeente* praat. Ons gebruik 'n *skottelgoedwasser* (*dischwasher*), waar in Vlaandere 'n *vaatwas* of ook 'n *afwasmachine* gebruik word (as ons 'n *vadoek* (*vaatdoek*) kan gebruik, kan ons seer sekerlik ook 'n *vaatwasser* of 'n *vaatwas* gebruik!). Ons gebruik

¹⁵⁶Ontalige dinge sal slegs effek hê binne 'n eentalige gebied, anders kan ontalige dinge ook met ander tale en kulture vereenselwig word.

¹⁵⁷friet = braai.

wasgoedpennetjies (*pegs/pins*), waar in Vlaandere *wasknijpers* gebruik word. Ons praat van 'n *droogskoonmakery* (*dry cleaner*), waar in Vlaandere gepraat word van 'n *droogkuis*¹⁵⁸, en in Nederland van 'n *stomerij*. Ons praat van *spoedwalle* (*speedwabbels*) waar ons die pragtige Nederlandse woord *drempels* kon gebruik het. Verder praat ons van 'n *U-draai* (*U-turn*), *bottel* (*bottle*), *enjin* (*engin*), *waaierband* (*fanbelt*), *vonkprop* (*sparkplug*), en *ratkas* (*gearbox*), waar die Nederlandstalige praat van 'n *rechtsomkeer*, *fles*, *motor*, *drijfriem*, *bougie* en *versnellingsbak*. Waar ons iemand op Afrikaans op informele wyse *baai* (*bye*), *koebaai* (*good bye*) of *OK baai*, word in Nederlands op informele wyse, met *dag*, *dáaag*, *tot siens*, *tot straks*, *tot so*, *tot kijk*, *tot later*, ensovoorts, gegroet. 'n Nederlandstalige het nie *guts* nie, maar *durf*. Die Nederlandstalige hou nie 'n *partie* (*party*) nie, maar 'n *feestje*, andersins word *gefuifien*. Nederlandstalige studente vra mekaar nie om *notes* nie maar om *notities*. Die populêre Afrikaanse studentewoord *swôt* het ek in vier jaar nooit gehoor nie, wel *studeer*. In plaas van *straps* gebruik die Nederlandstalige *beugels*, en in plaas van *foam* (dikkerige wit verpakkingsmateriaal), word die pragtige woord *piepschuim* gebruik. Waar ons 'n *poskaart* (*postcard*) gebruik, gebruik Nederlandstaliges 'n *ansichtkaart* of 'n *briefkaart*. Ons is nie so kreatief met Afrikaans as wat ons dink nie, ons vertaal gewoon uit Engels.

Radio en Televisie

Afrikaans kan nie alleen die mas opkom teen Engels nie. Afrikaans moet tans alle televisie en radio programme vertaal, of self skep. Indien ons by Nederlands as kultuurtaal gehou het, kon ons programme direk uit Nederland, Vlaandere of Suriname gebruik het. Die geluk is dat Afrikaans nog nie so ver van Nederlands af ontwikkel het as wat menige voorstanders van Afrikaans graag sou wou gehad het nie, en kan Nederlandstalige produksies Afrikaans steeds met vrug aanvul. In Nederland en Vlaandere word talle Nederlandstalige TV kanale bedryf (BRTN 1, BRTN 2, VTM, VT4, Ka2, NL 1, NL 2, NL 3, en RTL 4). Ons kan uit al hierdie produksies genoeg haal om ten minste 50% tot 75% van die tyd op 'n Afrikaans-Nederlandse televisiekanaal in Suid Afrika te vul. Nederlandstalige produksies hoef nie oorgeklank te word te word nie. As ek die Nederlands op die televisie en radio kan volg, kan elke ander Afrikaanssprekende dit ook doen. Veral kinder- en aktualiteitsprogramme word in klokheldere Nederlands (Afrikaans) gebeeldsend, en hoef dit nie eens onderbetitel te word nie. Televisie-dramas sal egter onderbetitel moet word, omdat veral dié produksies dikwels sterk dialekties gekleur word, en daar vinnig gepraat word.

In Nederland word vyf nasionale radiosenders bedryf, naamlik: Radio 1, Radio 2, Radio 3, Radio 4, en Radio 5, met daarbenewens ook nog 'n aantal handels- en streeksenders. In Vlaandere word ook vyf nasionale nette bedryf: Radio 1, Radio 2, Radio 3, Studio Brussel en Radio Donna, asook 'n aantal streeksenders. In Suid-Afrika kan ons darem één nasionale Afrikaanstalige sender geniet. Hierdie sender (Afrikaans stereo) voorsien wel in 'n groot behoefté, maar dit is 'n ernstige sender. Ons jeug is nie ernstig nie (die erns kom later), en val die sender nie in hul smaak nie. Dit is 'n groot jammerte dat ons geen populêre Afrikaanstalige handelsender het nie. Een van die redes is waarskynlik ook omdat ons gewoon nie genoeg musiek in Afrikaans het om so 'n sender te bedryf nie. Die gevolge hiervan gaan op termyn 'n rampspoedige uitwerking op die jeug hê: die draers van ons taal. Ons handelsenders is tweetalig,¹⁵⁹ en in die jongste tyd beteken tweetaligheid vir alle praktiese doeleindes, eentalig Engels. So het in 1985 onder blanke Afrikaanssprekende st-9

¹⁵⁸kuis = suiwer, skoon, mooi (kuis en ingetoë).

¹⁵⁹Wat beteken dat kulturele gelykmaking en kulturele oordrag in die hand gewerk word.

skoliere in Pretoria, 5% na die Afrikaanse sender geluister, 38% na Radio 5 en 53% na Radio 702 (Webb 1992:55). Niemand kan daaraan twyfel nie, dat ons senders in Suid-Afrika met vrug gebruik kan maak van programme wat in Vlaandere en Nederland gegenereer word. Sou ons nie ook 'n Nederlandstalige sender kon oprig, gemik op die jeug nie? 'n Soortgelyke sender, *Radio Cidade* in Lissabon maak van Brasiliaanse Portugees gebruik en is besonder populêr onder die Portugese jeug.

Rolprente

Omdat Afrikaans maar deur slegs 5,8 miljoen mense as moedertaal gebruik word, is die vervaardiging van rolprente tans 'n dooie saak. Die Afrikaanse rolprentbedryf kan as dood gesertifiseer word (Fourie 1994).¹⁶⁰ In Vlaandere en Nederland beleef dié bedryf ook 'n krisis, maar word daar steeds rolprente vervaardig. Dit is vanselfsprekend dat 'n Nederlandse taalgebied met 15 miljoen Nederlanders, 6 miljoen Vlaminge en 6 miljoen Afrikaners die rolprentbedryf beter staande kan hou, as twee of drie geskeide blokke. Die geheel is immers groter as die som van die dele. Met Afrikaans is ons klein, met Nederlands is ons iets.

Politieke stigma

Indien ons by Nederlands as kultuurtaal gehou het, sou ons taal in Suid Afrika veel moeiliker gestigmatiser kon word. Politiek en taal sou losser van mekaar gestaan het, omdat Nederlands net soos Engels internasionale tale is. Verder sou die taal nie so maklik deur 'n bepaalde ideologie gekaap kon word nie. Linkse en regse groepe in die land sou die taal gebruik het soos wat linkse en regse groepe in Nederland en Vlaandere dit doen. Tans word Afrikaans weer deur links-liberales gekaap, en bring hulle Afrikaans dieselfde skade toe as wat regs-konserwatiewes dit tussen die dertiger en sestigerjare gedoen het. Het ons by Nederlands as standaardtaal gehou, was alle kapingspogings deur wie ook al uitgesluit. Niemand is immers daarin geïnteresseerd om Engels te demokratiseer nie, en het ons by die Nederlandse kultuurtaal gebly, sou ook niemand daarin geïnteresseerd gewees het om dit te demokratiseer nie. Verder sou Nederlands 'n tuiste kon bied vir die konserwatiewe- sowel as die liberale jeug, waar die liberale jeug tans met bekwame spoed by Engels aansluiting soek, en vind. Daaroor word Afrikaans in 'n verkrampte hoek gestamp en Engels in 'n verligte.

Tydskrifte, Vaktydskrifte en Nuusblaarie

Wat populêre gesinstydskrifte betref, is Afrikaans in 'n gesonde posisie, en sou daar nie 'n noemenswaardige verskil gewees het met Nederlands as kultuurtaal nie. Die meeste vaktydskrifte in Suid Afrika is egter tweetalig of Engelstalig. Die tweetalige tydskrifte kan vir alle praktiese doeleindes egter as Engelstalig deurgaan. Ons het nie tydskrifte in Afrikaans, van naam, wat onderwerpe dek soos, honde, katte, huisbou, tuinmaak, fotografie, psigologie, ingenieurswese, babaversorging, die bruid, ouerskap, ensovoorts, nie. In Nederlands verskyn op die gebied van vaktydskrifte, letterlik duisende titels,¹⁶¹ terwyl ons in Afrikaans so te sê met leë hande sit. Ons kon hierin aandeel gehad het, ons kan steeds.

¹⁶⁰In Suid-Afrika word nog rolprente vervaardig, deur Afrikaners, oor Afrikaners, vir Afrikaners, maar met Engels as voertaal.

¹⁶¹Tans ongeveer 4,000 titels (Vanvelthoven 1991:184).

In Afrikaans is geen enkele internasionale nuusblad verkrybaar nie. As 'n mens in Suid Afrika internasionale nuus wil lees, moet 'n mens dit in Engels doen. Dit sou nie nodig gewees het indien ons by Nederlands as kultuurtaal gehou het nie. Die *Algemeen Dagblad* is geprys vir onder andere 23 lande, maar nie vir Suid Afrika nie. *De Volkskrant* vir 16 lande, *de Telegraaf* vir 21 lande, die *NRC Handelsblad* vir 6 lande, maar nie vir Suid Afrika nie.

Rekenaar

In Afrikaans is slegs 'n paar tuisgeskepte rekenaarprogramme beskikbaar. In Nederlands is standaard-programmatuur soos Windows, Word Perfect, MS-Word, Lotus-123, Excel, ensovoorts alles volledig in dié taal beskikbaar. In Suid-Afrika is gemelde programmatuur alles slegs in Engels beskikbaar. Ons kon gedeel het in hierdie Nederlandse voordeel, ons kan steeds.

Onderwys

Op onderwysgebied sou veel meer handboeke in Nederlands gewees het, waar veral 'n tekort is op die gebied van tersi re onderwys. Elke student sou veel meer materiaal in sy moedertaal kon verwerk het, as wat tans die geval is met Afrikaans as kultuurtaal. Vandag word daar volgens Janssens (1993) by 246 universiteite oor die w relde Nederlands as vak aangebied. By 53 van die universiteite word Nederlands as hoofvak aangebied, en by die res as byvak. Het ons by Nederlands as standaardtaal gehou, sou daar meer as 246 kampusse gewees het waar Nederlands aangebied sou gewees het, en sou dit ook vir Nederlandici, studente, sakelui, navorsers, ensovoorts, binne en buite Suid Afrika, interessante studie-, loopbaan- en navorsingsmoontlikhede kon bied.

Stand

Die klein landjie met die klein volkie: Nederland het deur die ekonomiese kragprestasie¹⁶² van sy inwoners, van sy land 'n w relmmoondheid gemaak. Het ons by Nederlands gehou, kon ons direk geput het uit hierdie kennis en kundigheid, wat die batewaarde van ons taal (ekstralinguistiese faktore) hoog kon gehou het. Nederlands in Suid Afrika sou sterker gestaan het, as wat Afrikaans vandag staan, omdat Nederlands 'n handelstaal sou wees, wat Afrikaans kwalik is of was. Nederlands het verder internasionale status, Afrikaans nie. Die amptelike taal van Namibi  sou sonder twyfel die internasionale statustaaf Nederlands gewees het, omdat Nederlands nie so gerieflik as Afrikaans gestigmatiseer sou kon word nie.

Taal as Venster op die W relde

Links het op die internasjonale colloquium te Brussel gedurende 1991 gesê dat Nederlands vir ons waardevol is: "Behalwe sy argivale waarde is dit 'n medium waartoe ons toegang kry tot Europa. Nederlands is vir ons 'n venster op Europa, Nederlands is vir ons 'n venster op die w relde as u wil" (Links e.a. 1991:44). Hoe jammer dat hierdie venster vir die oorgrote meerderheid Afrikaners nie bestaan nie. Met Nederlands in omloop in Suid Afrika sou die Afrikaner twee vensters op die w relde kon h : 'n Nederlandse (Europese), en ook 'n Angel-Saksiese. Nou sit die Afrikaner met 'n enkele Angel-Saksiese uitkyk op die w relde. Dit besef hy nouliks.¹⁶³

¹⁶²Rotterdam is nie verniet die grootste hawe ter w relde nie.

¹⁶³Ek het al by talle Afrikaners in die buitenland gehoor, en dit self ervaar, dat 'n mens eers besef hoe Angel-Saksies die Afrikaner is, wanneer 'n mens 'n tyd lank in Europa vervoef.

Standaardtaal

'n Standaardtaal is koud. Omdat dit meestal die taal van formele kommunikasie is, verloor dit sy sappigheid en warm uitdrukkingsvermoë. Omdat Afrikaans nou standaardtaal is, en nie meer dialek nie, is hy koud. Het ons by Nederlands as standaardtaal gehou kon ons die koue in die standaardtaal gehou het, en Afrikaans warm gehou het. Die mooiste Afrikaans in Suidelike Afrika is die Afrikaans soos hy nog in die dialektes bestaan. Dis sappige, kleurryke, klankryke en pittige knuffelvariëteite. Vandag propageer die Stigting vir Afrikaans die gebruik van 'n lekker loslit Afrikaans. Hierdie loslittigheid het ons nog vroeg hierdie eeu gehad, maar toe wou ons die loslittigheid inruil vir 'n standaardtaal. In hierdie verband skryf Kruger (1959:128) dat die strewē na eenvormigheid ook sy gevare meegebring het, want Afrikaans is vandag (1958) nie meer so fris as wat dit eens was nie: "(O)ordrewe purisme en die sug na standaardisasie het die skryftaal tot grote hoogte laat verstar in 'n soort boekerigheid en ouderwetsheid wat nie veel minder doods is as die versteende woud van die Nederlandse grammatika waaruit Afrikaans vyftig jaar gelede verlos moes word nie." Het ons maar by die versteende woud gehou!

Suiweringskade

Afrikaans het met sy suiweringspoging heelwat skade vir sy sprekers gebring, iets wat met Nederlands minder moontlik sou gewees het nie. Met hierdie oordrewe suiwing het die Afrikaner alle 'vreemde elemente' probeer buite hou, deur middel van 'suiwer Afrikaans'. Persone wat nie in hierdie 'suiwer' groep ingepas het nie, kon wat die puriste betref maar liefs 'n ander taal gaan praat het. Die gevolg is dat die jeug en die 'juppies' die styllose, maar suiwer taal maklik verruil vir 'n taal wat hom tot groot verskeidenheid van style en variasies leen - Engels, wat van uiters linkse tot uiters regse ideologieë kan akkommodeer. Waarom bestaan die begrip "Alternatiewe Afrikaans"? Waarom bestaan daar geen Alternatiewe Engels nie? Engels kan dus Engels wees, maar Afrikaans nie altyd Afrikaans nie. Afrikaans moet aan 'n lang rits ekstralinguistiese vereistes voldoen om Afrikaans te kan wees, anders is Afrikaans gewoon iets 'anders'. Die skade wat oordrewe purisme vir Afrikaans bring het, word veral duidelik wanneer Afrikaanse musiek met Nederlandse musiek vergelyk word. 'n Afrikaanse lied moet iewers tussen Sarie Marais en opera val, anders is dit gewoon geen Afrikaanse musiek nie, al word Afrikaanse woorde in die lied gebruik. Sulke 'Afrikaanse' musiek noem ons liefs "Alternatiewe Afrikaanse musiek". In Vlaandere en Nederland is die genre-verskeidenheid enorm groot, en alle style en soorte is populêr. Verder is daar in die Nederlande proporsioneel, veel meer musiekkunstenaars in vergelyking met Suid Afrika, omdat kunstenaars vry is om hul skeppinge op 'n oorspronklike manier aan te bied, sonder om deur negatiewe kritiek gesink te word. In Afrikaans is geen musiekkunstenaar vry nie, met die gevolg dat weinig kunstenaars in Afrikaans sing.

Diglottiese taaltoestand

Sou die gebruik van Nederlands as kultuurtaal 'n problematieser diglottiese toestand veroorsaak het, as Standaardafrikaans? Waarskynlik nie, want daar moet in gedagte gehou word dat die omgangstaal van veral die gegoede Afrikaners teen die einde van die vorige eeu as tussen Afrikaans en Nederlands beskou kan word (De Villiers 1936:85). Daarbenewens kan Patriotaafrikaans ook as tussen Afrikaans en Nederlands bestempel word. Om dan van hierdie "tussenvariëteite" na ḥ Standaardnederlands ḥ Standaardafrikaans te moes oortap sou om 't ewe gewees het. Die Hollandssprekendes in Suid-Afrika was in 'n proses om die Nederlandse kultuurtaal baas te raak, gewoon omdat hulle Nederlands as hul taal beskou het. Ook sou

Nederlands vir tweedetaalsprekers en niestandaardsprekers waarskynlik nie erger probleme geskep het nie. Daar moet in gedagte gehou word, dat dit huis die sprekers van die meer 'vernederlandste' variëteit¹⁶⁴ was wat van Nederlands wou afstap, die mins morrendes was die ander variëteite.

Interessant was dat Van Riebeeck reeds in 1656 kon skryf oor die inboorlinge in die omgewing van die Fort, dat hulle "die duytsche tale al redelyk fray beginnen te spreken, *insonderheyt de jonge kinderen*" (Van der Merwe 1968:22). Verder skryf Van der Merwe (1968:22) in die verband dat "(a)lle getuienis" daarop wys "dat die Hottentotte merendeels binne 50 jaar Hollands kon praat." (dus ± 1700) In die volgende 300 jaar sou Nederlands maar net van krag tot krag gaan het. 'n Gebrek aan 'n aktiewe beheersing van die kultuurvariëteit hou nie afstandskepping daarvan in nie. Talle sprekers van Niestandaardafrikaans kan Standaardafrikaans nie vlot beheers nie, maar beskou hulle hul moedertaal steeds as Afrikaans, die standaardvariëteit wat hulle graag op skool wil leer. Die taalproblematiek sou dus nie komplekser gewees het met Nederlands as kultuurtaal nie.

Wanneer 'n vreemdeling 'n betrokke taal wil aanleer, leer hy die standaardvariëteit aan, al verskil dit van die gespreekte variëteit in 'n bepaalde gebied. 'n Franstalige Belg leer Standaardnederlands, al word talle dialektes in Vlaandere gepraat. Die aanleerdeur sal egter moet bepaal in hoeverre hy die betrokke taalgemeenskap wil penetreer. Indien hy nie erg het daaraan om in die betrokke taalgemeenskap opgeneem te word nie, sal hy ook wat sy spreektaal betref hou by die standaardtaal. Wil hy werklik in die betrokke taalgemeenskap opgeneem word, sal hy die gespreekte variëteit ook moet aanleer. Tweedetaalsprekers sou dus ook in Suid-Afrika die kultuurvariëteit op skool geleer het en dan self moes bepaal, afhangende van die gebied waarin so 'n persoon woon (Bo-Kaap, Namakwaland, Vrystaat, Bolandse platteland, ensovoorts), in hoeverre hy/sy die gespreekte variëteit ook wil aanleer.¹⁶⁵ Dit is ook in die Engelse taalgebied nie vreemd nie. 'n Aanleerdeur van Standaardengels moet ook 'n ander gespreekte standaard aanleer, afhangende daarvan of die persoon hom/haar in die noorde van Skotland bevind, of in die suide van Engeland of die suide van Amerika.

Dit is egter te betwyfel of daar vandag 'n weselike diglottiese verhouding sou bestaan het, tussen die taal van die groep mense wat vandag Standaardafrikaans praat, en Standaardnederlands. Die mate waarin daar 'n betreklik eenvormige spreektaal onder hierdie groep behaal is, oor so 'n groot uitgestrekte geografiese gebied, wys hoe sterk die rol van die onderwys, radio en televisie is, by die verbreiding van die standaardtaal. Daarbenewens is die kloof tussen Standaardnederlands en Standaardafrikaans so klein, dat wanneer 'n Afrikaanstalige 'n medetaalgenoot Nederlands hoor praat (veral met Vlaamse Nederlands as model), die toehoorder dit nie as Nederlands wil aanvaar nie. Nederlands sou in ieder geval 'n begeerenswaardiger taal gewees het as Afrikaans onder

¹⁶⁴Volgens Davids (1994:50) is Standaardafrikaans so vernederland dat dit vir die sprekers van Kaapse Afrikaans byna 'n vreemde taal is.

¹⁶⁵Ek het self in Vlaandere ervaar, dat 'n mens gedwing word om 'n keuse te maak. Voer 'n mens 'n gesprek met 'n dialekspreker, word by die standaardtaal gehou, maar sluit nog 'n dialekspreker by die gesprek aan, word langssamerhand na die dialek oorgeskakel, totdat 'n mens later byna nie meer die gesprek kan volg nie. Om dan deel van die gesprek te kan bly moet 'n mens ook iets van die dialek oorneem. Nie net luistervaardigheid nie, maar ook spreekvaardigheid daarin moet opgeskerp word. 'n Ander keuse is om nie die dialek na te praat nie, maar alleen die kultuurtaal. Hiervolgens bly die hele kultuurtaal, soos op televisie, radio, boeke en koerante volledig toeganklik, maar 'n informele gebabbel met die buurtbewoners prakties 'n geslote boek (tensy 'n mens van aangesig tot aangesig met 'n enkele individu in gesprek tree).

tweedetaalsprekers sowel as niestandaardsprekers, omdat Nederlands 'n instrument is wat meer waarde bied as Afrikaans (toegang tot 'n groter kultuurskat) en 'n wyer venster op die wêreld bied.

Geld

Om 'n standaardtaal te ontwikkel kos hande vol geld, en het die Afrikaner reeds groot geld gekos. Alleen die navorsing, geld en energie wat aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) spandeer is, het miljoene gekos. Die opstel van die woerdeboek, wat volgens Ponelis (1992:81) nie binne die volgende 50 jaar voltooi sal wees nie, kos tans ongeveer een miljoen Rand per jaar.¹⁶⁶ Dit is verkwiste geld. Hierdie geld en energie kon ons beter gebruik het by die uitbouing van die Woerdeboek der Nederlandse Taal. Die Woordenboek der Nederlandse Taal (WNT) wat in 1882 begin is, sal volgens De Vries e.a. (1994:137) teen 1998 voltooi wees, wat dan alleen woorde van 1500 tot en met 1921 sal dek. Hierdie woerdeboek sal dan volgens De Vries e.a. (1994:137) die grootste woerdeboek ter wêrelde wees, bestaande uit 40 boekdele, wat langs mekaar 'n drie meter lange ry vorm en in totaal uit 44,000 bladsye sal bestaan. Die Afrikaner kon deel gehad het aan dié prestasie. Trouens ons was daar deel van, maar die eerste deel van die twaalfde volume van die WNT wat gedurende 1931 gedruk is, het nie meer in Suid-Afrika verskyn nie. Vorige uitgawes is ook deur Suid Afrika goedgekeur en uitgegee. Ons kon tipiese Afrikaans woorde bloot aan dié woerdeboek toegevoeg het, met veel minder koste, en veel groter nut. Indien die begeerte vir 'n eie woerdeboek dan so groot was kon ons 'n eie woerdeboek van 'n volume of twee saamgestel het, op die wyse wat Vlaandere en Suriname dit gedoen het.

In die plek van die huidige Handwoerdeboek van die Afrikaanse Taal kon ons gehou het by die 'Dikke Van Dale' of amptelik die *Van Dale, Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* wat tans uit drie boekdele bestaan met 240,000 woorde. Die samestellers van die woerdeboek sou waarskynlik sonder probleme, ook nog tipies Afrikaanse woorde daarin kon opneem. Trouens aanvanklik is in dié woerdeboek ook Afrikaanse woorde opgeneem, maar is dit sedert die 1961 uitgawe weggelaat.

Die Afrikaanse taalstryder, J.H.H. de Waal het immers gedurende 1925 gesê: "Die hele Nederlandse woordeskat is tot beskikking van Afrikaans. Die Afrikaner mag hier 'n agtervoegsel of lettertjie van 'n Nederlandse woord afkap en die uitspraak effe verander, maar die woorde is dadelik tuis in Afrikaans" (Steyn 1987:207). Duidelik is daar 'n groot kloof tussen 1925 en 1995. Afgesien van die miljoene Rand wat die Afrikaanse standaardisering, ons uit die sak gejaag het, is die grootste koste element nie in terme van geld berekenbaar nie. Dit is die skade wat ons op kulturele gebied ly, omdat die bietjie literatuur, musiek, radio- en televisie programme, ensovoorts, wat ons in Afrikaans produseer, lig weeg, teenoor dit wat Vlaandere, Nederland en Suriname gesamentlik produseer. Het ons by Nederlands gehou, dan was ons taalbate vandag veel meer werd.

¹⁶⁶Volgens 'n persoonlike navraag by die WAT.

SLOTOPMERKINGE

'n Fyn mistieke eenheidsband
verbind Oranje, Nederland
en Afrika, deur alles heen.
Hoe ver die golwe ons sal omspoel,
die diepe hart sal altyd voel—
ons is verborge-een.

Totius - 'Verborge-een':

Dit is duidelik dat Afrikaans nie meer of minder uniek is as enige van die ander Nederlandse dialektes nie. Die ander Nederlandse dialektes sou net so goed ook tale kon wees, en inderdaad is hulle ook tale, maar dan gewoon streektale van Nederlands. Afrikaans het nie ontstaan as gevolg van unieke omstandighede in die land nie, maar was die vervanging van Nederlands met Afrikaans as kultuurtaal, hoofsaaklik 'n uiting van nasionalisme in die aanwesigheid van 'n aantal ander faktore. In al die Nuwe Wêreld lande was die taalsituasie na die vestiging van die nuwe koloniste benard, maar deur die eeu het die taal van die Nuwe Wêreldland gegroeи na die model van die taal in die stamland, of het 'n na-mekaar-toe-groeiing plaasgevind tussen die tale van die nuwe- en die ou wêreldlande. Ook in Suid Afrika het die Afrikaner deur die eeu sy taal voortdurend op standaard probeer bring met die Nederlandse standaardtaal. Hierdie proses van vernederlandsing is egter vroeg hierdie eeu verongeluk met die grype na 'n taalinstrument wat ons nie nodig gehad het nie, en die verwering van 'n waardevolle taalinstrument. Nederlandse was vir die Afrikaner tot voor 1925, 'n uiters waardevolle en onmisbare taalinstrument, maar is daarna as waardeloos verworp. Die huidige kloof tussen die twee standaardtale moet vir 'n groot deel as 'n doelbewuste geskepte verskil gesien word.

Die skepping van disharmonie tussen die verskillende variëteite van die Afrikaner, was geen oplossing vir ons taalproblematiek nie. Die volledige afskrywing van die Afrikaner se elite-variëteit was onwys. Maar almal maak foute, en ons gaan in die toekoms nog baie foute maak. 'n Fout is egter 'n groter fout as die fout nie goedgemaak word nie, maar as fout gelaat word. Dit is deur middel van foute dat elke mens en elke volk leer. Daar is geen ander leerproses nie, en kan ons eers weet dat 'n fout 'n fout was, die oomblik as ons omkyk. 'n Foutlose indiwidu / maatskappy kan nooit bestaan nie. Sommige foute kan ons vergoeilik, ander nooit. Die Duitsers kan nie die Jode tot lewe roep nie, maar ons fout met Nederlands kan ons goedmaak. Ons kan Nederlands loop haal waar ons hom gelos het. Ons het die reg om aanspraak te maak op ons erfgoed, waar ons erfreg op het. Trouens, Paardekoper (1987:200) betreur die feit dat die Nederlandse letterkunde tot voor 1925 die gemeenskaplike erfdeel van die Vlaminge, Nederlanders en Afrikaners was, waarna die Afrikaner sy erfdeel afgeskryf het. Grawe ons nie ons eie taal- en kulturele graf met 'n Afrikaans, Vlaams, Surinaams, Hollands, Fries, ensovoorts, by die opbreking van die Nederlandse eenheidstaal nie?

Oral in die wêreld tuimel klein tale (vergelyk ook Uhlenbeck 1993). Krauss (1992:7) bereken dat 90% van die ongeveer 6,000 tot 6,500 tale wat daar tans in die wêreld gepraat word, binne die volgende eeu gaan uitsterf: ongeveer twaalf tale per jaar. Dit is nie die groot tale wat eerste in die stof byt nie, dit is die kleinstes. Die grotes staan agter in die ry. Tale wat nou nog nie klein voorkom nie, sal dit vinnig voorkant toe word. Afrikaans gaan vinniger tussen die kleintjies raak as wat menige van ons dink. Deur Nederlands se hand te vat, voorkom ons dat Afrikaans en Nederlands plotseling tussen die kleintjies land. Die vraag is nou, hoe lank wil ons nog wag voordat ons die aanknopings met Nederlands gaan maak? Wag ons totdat Afrikaans voor in die ry staan, is welke reddingsaksie dan ook, te laat. Krauss (1992:7) skryf dat veral Engels die groot vernietiger is, van ander tale. Hy skryf dat uit ongeveer 170 lande, 45 hiervan Engels as amptelike taal het, 30 hiervan Frans as amptelike taal het, 20 lande Spaans en 20 lande Arabies as amptelike taal het, en 6 lande Portugees as amptelike taal het. Hierdie tale het die wind betreklik goed in die seile. Volgens Krauss is tale wat as bedreig beskou kan word, die tale waar ouers begin het om die taal nie meer aan hul kinders oor te dra nie. Dit vind reeds in Afrikaans plaas, en is Afrikaans volgens die definisie van Krauss 'n bedreigde taal. Uhlenbeck (1993:23) skryf dat Nederlands volgens die definisie van Krauss ongetwyfeld 'n veilige taal is, maar waarsku hy dat Nederlandstaliges nie te oorgerus moet wees nie.

Wanneer handelsbedrywe deur konkurrensie gewurg word, is daar net een uitweg: amalgameer! Twee bedrywe wat hul kundigheid en kapitaal saamvoeg kan die konkurrensiestryd weer met nuwe ywer aanpak. Hulle vorm één gedugter koncurrent. Het hierdie amalgamasie nie plaasgevind nie, het beide bedrywe verdwyn. Is die tyd nie ryp dat Afrikaans en Nederlands moet begin werk aan 'n amalgamasieplan nie? Die Skandinawiese tale het 'n orgaan op die been gebring en is een van die hoofdoelwitte die bevordering van onderlinge samewerking en verstaanbaarheid tussen die tale (Haugen 1987:78). Dit is vir Afrikaans en Nederlands 'n moet. Haugen (1987:80) noem ook dat die Swede die minste begeerte toon vir samewerking, want hulle neem die 'groot broer' houding in. Die Afrikaner moet daarom besef dat in 'n sameweringsaksie met die Nederlanders en die Vlaminge, ons die 'klein broertjie' gaan wees.

Die talle konferensies en byeenkomste waar Afrikaners, Vlaminge, Surinamers en Nederlanders koppe bymekaar sit oor Afrikaans en Nederlands is ongetwyfeld 'n wonderlike gebeurtenis wat hopelik tot veel nouer samewerking gaan lei. Uiters bemoedigend was die besluit van die Nederlandse Taalunie geneem, gedurende April 1994, om die bevordering van Afrikaans indirek te ondersteun, deur prys uit te loof aan studente wat in Nederlands presteer. Die volgende is aangevoer: "Een stevige positie van het Afrikaans heeft onmiskenbaar ook effect op de positie van het Nederlands" (Nederlandse taalunie 18 April 1994). Dit is andersom ewe geldig - 'n stewige posisie van Nederlands in Suid-Afrika het onmiskenbaar 'n effek op die posisie van Afrikaans. Deur bemiddeling van die Nederlandse Taalunie word daar per jaar ongeveer 400 onderwysers tussen Vlaandere en Nederland uitgewissel. Kan Suid-Afrika nie ook by die program inskakel nie?

Die moontlikheid van 'n taalamalgamasie is nie onhaalbaar nie. Talle van ons tipiese Afrikaanse taalverskynsels kom latent in Nederlands voor.¹⁶⁷ soos die sinkopee van intervokaliiese konsonante in die spreektaal (die sinkopee van die intervokaliiese *d*, dring selfs tot die formele taal deur). Verder word die presens soms gebruik waar 'n mens die imperfektum verwag het (bekend as die

¹⁶⁷Verwys ook na die taalfoute wat Nederlandstaliges maak, elders in die werk

historiese presens, bv. '*Toen komt hij....*', i.p.v. *Toen kwam hij....*'). Dan verkawel die infinitief ook, bv. '*Hij moet kom*', i.p.v. '*Hij moet komen*'. Bowendien neem nuwe substantiewe (ontlenings en neologismes) in waarskynlik alle gevalle die *de-genus* aan en nie die *het-genus* nie. Ook by die persoonsvorm, word nuwe werkwoorde, en ook adjektiewe en substantiewe wat as werkwoorde ingespan word, nie vervoeg nie, maar as swak-werkwoorde hanteer. Verder word in informele registers meer gebruik gemaak van die perfektum (*Ik heb gewerkt*) as die imperfektum (*Ik werkte*).¹⁶⁸ Dit is dan ook om hierdie rede dat die voorstanders van Afrikaans met soveel ywer die imperfektum uit Afrikaans gedryf het.

Ek meen dat die tyd is vir 'n behoorlike rasionele gesprekvoering rond die gebruiksmoontlikhede van Nederlands vir die Afrikaanstalige. Ons het in die verlede werklik moeite gedoen daarmee om Nederlands en Afrikaans aktief van mekaar te probeer verwyder. Dit het vir ons geen voordeel ingehou nie. Die voordeel sal kom wanneer ons die teenoorgestelde rigting gaan werk. Die kern van ons ondersoeke kan eerder gaan wentel rond die benutting en aanwendingsmoontlikhede van Nederlands, as om op die taalverskille te wil gaan konsentreer. **Taalwil** bepaal immers die verhouding tussen variëteite en **nie die taalverskille nie**. Daar bestaan soos wat De Villiers (1961:13) ook tereg skryf, veel meer ooreenkoms tussen Afrikaans en Nederlands as verskille, maar in die bespreking van die twee tale, kry die verskille soveel aandag, dat mens maklik 'n verkeerde indruk kry, tensy 'n mens bewus bly van die groot mate van ooreenkoms. Geerts (1989:531) skets diegene wat al die variëteite in Vlaandere en Nederland onder die eenheidstaal Nederlands groepeer as volg: "Zij zien meer de eenheid dan de verscheidenheid, meer de overeenkomsten dan de tegenstellingen." Met verskille gaan ons nêrens kom nie, met ooreenkoms wel!

Ons taalredding lê deels daarin dat ons 'n langtermynplan opstel (wat korpus- en statusbeplanning betref), met taaleenheid (tussen die Nederlandse en Afrikaanse variëteite) as die uiteindelike doel. Nederlands kan nou reeds as vak op skool ingevoer word, en myns insiens ook as voertaal. As ons by 'n uitruiskema van onderwysers wil aansluit het ons geen opsie nie. Daar was 'n tyd, skryf Steyn (1995:10), dat Afrikaanse gehore uitgebars het van die lag wanneer die moontlikheid geopper is dat Afrikaans op skool gebruik sou kon word as medium van onderrig. Daar sal dus weer vandag gelag word oor dit wat vroeër die eeu alledaags was. Dit is geen onhaalbare ideaal nie.

Onderlinge verstaanbaarheid is tans die grootste prioriteit. Deur middel van die radio en televisie kan heelwat gedoen kan word om die verstaanbaarheid van Nederlands op te skerp. 'n Ondertekening van die Nederlandse Taalunie-verdrag is geen opsie nie, dit is 'n vereiste. Wat kan ons verloor deur 'n Afrikaans-Nederlandse binding? Eendrag hou immers mag in. Eendrag beteken dat ons hande moet vat met ons taalgenote; dat ons Nederlandstalige televisieprogramme, koerante, boeke, tydskrifte, musiek, nuuslesers, radio programme, programmaanbieders, as vak op skool, ensovoorts, her moet toelaat in ons land. Wag ons nog vyftig of honderd jaar, sal 'n Afrikaans-Nederlandse binding onmoontlik wees. Ongelukkig voel ons steeds, soos Nienaber & Nienaber (1941:22) dit gedurende die veertigerjare gestel het, ryk in ons armoede, wys in ons dwaasheid, deur die skone in die Nederlandse taal, letterkunde, kuns en kultuur, as andermansgoed te wil beskou. Tans beskou die Afrikaner die Engelse taal en kultuур goedere as

¹⁶⁸My dank aan prof. Willemyns wat my aandag op hierdie aspek gevëstig het.

kwasi-eiegoed, en Nederlandse taal en kultuурgoedere as andermansgoed! Moes dit nie veel eerder andersom gewees het nie? Steyn (1991:256) het in die begin van die negentigerjare daarop gewys dat dit tyd geword het om met ons bondgenote in ons taalfamilie te begin saamwerk, omdat ons daaruit alleen voordeel kan haal.

Lê 'n gedeelte van die oplossing van die Afrikaner se taalprobleme nie ook in die manier waarop Vlaandere sy taalprobleme opgelos het nie? Hieroor skryf Suffeleers: "De moeilijkheden die de Vlamingen ondervinden bij het gebruiken van de Nederlandse standaardtaal zijn in eerste instantie een gevolg van linguïstische discontinuïteit. Daarom dienen alle inspanningen om de taal te verzorgen erop gericht te zijn, Vlaanderen uit zijn taal-isolement te halen en in de Nederlandse taalgemeenschap te integreren. Integratie, door interactie en communicatie, is immers het sleutelwoord voor de oplossing van onze taalproblemen" (Suffeleers 1979:217).

Lê 'n groot stuk heil nie ook vir ons opgesluit in die volgende sitaat nie? Willemyns (1971:12) skryf: "**Wat de ontwikkeling van onze gemeenschappelijke moedertaal betreft, wij Zuidnederlanders hebben een paar eeuwen achterstand op onze Noorderburen. Een ambitieus en dynamisch volk zou, op het moment dat deze achterstand wordt gekonstateerd, zich haasten om de kloof zo snel mogelijk te dichten, om zo vlug mogelijk aansluiting te zoeken om, m.a.w. de onrechtvaardigheid weer weg te werken die ons door de geschiedenis werd aangedaan in die zin dat wij gedeeltelijk onze eigen moedertaal verleerden.**" Al is daar steeds 'n taalverskil tussen Noord- en Suid-Nederland, is die verskil nie belangrik nie, want "de overeenkomst is enorm veel groter en overtuigender" (Rombouts 1991:17). Dit kan tog by ons ook so wees!

Ons taal- en kulturele ooreenkoms is 'n enorme bate wat ons vandag gewoon ignoreer, met verlies van onsself. Hierdie bewustheid van 'n verbondenheid sal ons moet opskerp. Afrikaans is steeds maklik verstaanbaar vir die Nederlandstalige, veral in sy geskrewe vorm (Geerts 1992:72). Nogtans is die Nederlandstalige se oog nie op die Afrikaanse spelling ingeoefen nie, en is dit te betwyfel of die huidige Afrikaanse boek ooit 'n dawerende sukses in Nederland en Vlaandere kan word (Die Nederlandstalige het verder 'n enorme keuse aan boeke, tydskrifte en koerante in eie taal, wat hom nie gedwonge sal laat voel om met 'n Afrikaans spelling te gaan worstel nie). Buitendien herinner Afrikaans die gemiddelde Nederlandstalige aan kindertaal en is dit moontlik dat Nederlandstaliges dan ook die teksinhoud minder ernstig mag opvat. Die moeilike leesbaarheid sal eers werklik opgelos word indien Afrikaans en Nederlands 'n eenvormig ortografie kan uitwerk.¹⁶⁹ Vir die Afrikaner is Nederlands onmisbaar, omdat die aantal boeke, musiek, radio en televisieprogramme in Afrikaans uiters skraps is. 'n Inspanning sal ongetwyfeld gelewer moet word, om beide kultuurbronne vir mekaar oop te maak, wat kulturele rykdom inhoud vir ons almal.

Ons het immers Afrikaanse musiek wat goed behoort te vaar in Vlaandere en Nederland. Jammer genoeg is Nederlandstalige musiek vir die Afrikaner tans nog so onwelkom, terwyl Engelstalige musiek uit alle lande, absoluut oorwelkom is. Musiek kan ons kulturele wêrelde vir mekaar oopmaak. Op die Vlaamse top vyftien musiekprogram, *Tien om te Zien*,¹⁷⁰ wat weekliks op

¹⁶⁹Dit is nie onhaalbaar nie. Die beweging ten gunste van 'n progressiewe spelling in Nederlands, neig na Afrikaans.

¹⁷⁰Tien plate word gespeel, alleen stygers. Plate wat op die gewildheidsleer daal, word nie gespeel nie.

televisie gebeeldsend word, word letterlik elke week nuwe Vlaamse liedjies vrygestel - 'n skat waaruit ons voordeel kan haal, en wat vir ons beskikbaar is.

Kits Nieuwenkamp (1992:52) skryf dat Nederland en Vlaandere 'n mark in Suid-Afrika het, as gevolg van die taalooreenkoms, en meen hy dat Afrikaners en Nederlandstaliges, blootstelling aan mekaar se tale moet kry deur 'n verpligte boek gedurende die sekondêre skooljaar, asook lesse in die tale (Afrikaans vir Nederlandstaliges, en Nederlands vir Afrikaanstaliges). In die *Beeld* van 16 Januarie 1995, staan dat Nederlandse toeriste om twee redes na Suid-Afrika kom: die taal en die natuurskoon. Volgens die artikel voel die Nederlanders 'n verbondenheid met Suid-Afrika aan as gevolg van die taalooreenkoms. Nederlandse toeriste wil daarom ook hul reislektuur in Afrikaans of Nederlands sien, in plaas van in Engels. Ons het dus reeds 'n goeie begin gemaak in die vorming van 'n taalvennootskap met Nederlands, iets waaraan ons moet bly bou.

Die Gewese Nederlandse premier, Lubbers, het op 23 Oktober 1990 na samesprekings tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse afgevaardigdes in Den Haag in 'n toespraak gesê: "Ik moet hier [...] bekennen dat wij de hele dag genieten van het feit dat we eigenlijk in dezelfde taal elkaar kunnen aanspreken. President De Klerk en ik hadden dezelfde ervaring dat het een enkel ogenblik wel eens lastig is, omdat je tegen je eigen delegatie werkelijk niets vertrouwelijks kan zeggen, omdat alles onmiddellijk genoteerd wordt" (Steyn 1993:257). Sê dit nie veel nie? Afrikaners en Nederlanders praat in 1990 'eigenlijk dezelfde taal'!

Steyn (1980:90) skryf: "Die geskiedenis leer dat 'n taalbeweging nie kan slaag sonder 'n stryd aan die politieke, ekonomiese en kulturele 'front' nie. Die ekonomiese stryd is om die bevolking op te hef en te verhoed dat hulle om ekonomiese redes 'n voordeeliger taal aanneem. Die politieke stryd is nodig vir die verkryging van amptelike gelykberegtigheid en die kulturele vir die verwerwing van 'n kulturele aantrekingskrag." Wat hierdie fronte betref staan Afrikaans voor 'n groot uitdaging. 'n Ekonomiese front kan slegs tot sy reg kom binne 'n eentalige gebied. Op die politieke front is Afrikaans aan sy eie genade oorgelaat. Die Afrikaanse taal is nie in die hande van die Afrikaanstalige gemeenskap nie, maar in die hande van nie-Afrikaanstalige politici. Verder is Afrikaans te klein, om op die kulturele 'front' 'n behoorlike verdedigingslinie te vorm. Maar dit is 'n front waaraan heelwat gedoen kan word deur middel van Nederlands, wat ook ons taal is. 'n Breytenbach, Opperman, Eybers, Leipoldt en Brink alleen, sal nie help om die wa deur te drif te kry nie. Ons het werke in ons moedertaal nodig op verskillende terreine, die regswese, mediese-wetenskap, kuns, ingenieurswese, teologie en talle ander wetenskappe, waaruit ons elite kan put. In hierdie verband skryf Steyn (1980:394): "Die groot letterkunde vorm egter vir die intellektuele leiers 'n rede om hul taal te behou en hierdie leiers kan deur hul skryfwerk die taalhouding, taalgetrouwheid en taalgedrag van die taalgemeenskap beïnvloed.....Die letterkunde het ook, naas die insigte in die werklikheid wat dit op eiesoortige wyse vir lesers gee, 'n meer algemene kulturele funksie, naamlik die bydrae daarvan tot die vitaliteit en vernuwing van taalgebruik self. Die beste literatuur werk sanerend in die lewe van 'n taal."

Maar nie net die elite nie, elke gewone mens wil wanneer hy iets wil nalees oor toerisme, sterrekunde, geskiedenis, kookkuns, hoe om 'n trui te brei, 'n stoel te restoureer, met sukses kanaries te teel, ensovoorts, dit in sy moedertaal doen. Afrikaans alleen, is te klein om aan hierdie behoeftte te voldoen. Uitgesonderd die roman, vind die gemiddelde Afrikaanse leser hom op 'n

literêre braakveld. Hierdie braakveld kan alleen 'n groen weiveld word deur 'n Nederlands-Afrikaanse binding.

By die propagering van eenheidstaal is dit nie nodig dat elke streek die sentrum letter vir letter moet napraat nie. Talle Kapenaars het geen begeerte om Transvaals te praat nie, maar dit hou steeds nie taalbreuk in nie. 'n Mens hoor dikwels dat sommige Vlaminge boos word wanneer Hollands op hulle afgeforseer word: "moeten wij dan in alles de Hollanders napraten en naäpen?" Moet Vlaminge woorde oorneem soos onder andere *kantoor*, *ham* en *ui*, of moet gehou word by *bureel*, *hesp* en *ajuin*? Waarom kan Vlaminge nie ook eie woorde gebruik nie? Moet die eenheid in taal nie ook binne die verskeidenheid opgevat word nie? Ons behoort almal tot die Nederlandse taalgebied en behoort alle streektale by te dra tot die uitbouing van die taal, ten einde die taal meer status en 'n groter gebruiksfunksie te gee. Elke streek moet huis sy unieke kenmerke behou. Dit is huis prettig vir 'n Transvaler om na 'Swartlands' of 'Namakwalands' te luister. Hoe meer 'n mens die Nederlandse variëteite hoor, hoe groter word die prag daarvan. Afrikaans sou vandag 'n arm taal gewees het, indien 'Kaaps', 'Namakwalands', of 'Swartlands' nie bestaan het nie. Net so is Afrikaans en Nederlands sonder mekaar vandag arm. Die rykdom van ons taal lê huis in sy verskille en in sy kleurrykheid.

Alhoewel ons kleurryke omgangstale mog hê, moet ons wat die kultuurtaal betref, gaan staan in die lig van die leidende taalsentrum, en hierdie sentrum is tans die Randstad. Taaleenheid binne taalverskeidenheid is haalbaar, soos uit die volgende sitaat blyk: "Het word dus hoog tyd, dat sommige taalkundigen uiteindelik gaan inzien dat ze een utopie nastreven als ze van onze taal een soort eenheidsworst willen maken. In elke andere kultuurtaal is er trouwens ook een zekere verscheidenheid in die eenheid, waarom zou dat bij ons niet mogen?" (*De Standaard* van 16 Maart 1992). Wanneer taalkundiges beweer dat 'n suiwer eenvormige taal nagestreef moet word, omdat die taal dan meer toeganklik sou wees, en dan in meer funksies aangewend sou kon word, maak 'n denkfout. Hoe meer variasies 'n taal kan hanteer, hoe ryker is hy en hoe toegankliker is hy vir alle ideologieë, denkrigtings, beroepe, streke, godsdiensgroeperinge, ensovoorts. De Vooys (1931:179) het al in die dertigerjare geskryf: "Eenheid behoeft niet te ontaarden in eenvormigheid." Daan 1993:8) skryf dat 'n uniforme gesproke Nederlandse standaardtaal 'n onding is en tans ewe min as vroeër realiseerbaar is.

Ongelukkig is daar talle Afrikaners wat glo dat Nederlands hopeloos te veel Engels skaamtelos oorneem. Afrikaners wat egter dink dat Nederlands sterk deur Engels beïnvloed word, en Afrikaans minder, maak 'n denkfout. In die formele en informele situasies kom in Nederlands ewe veel Engelse woorde voor. In Afrikaans is dit egter anders gesteld. In formele situasies, word Engelse woorde doelbewus vermy, maar in informele situasies word Afrikaans met Engels deurspek. Carstens (1989:246) skryf: "Die direkte gebruik van Engelse woorde en uitdrukings in Afrikaanse sinne in die plek van goeie en bestaande Afrikaanse woorde en uitdrukings kom so talryk voor dat baie Afrikaanssprekendes dit bykans as normaal aanvaar." Verder het Engels in groot invloed op die sinstruktuur van Afrikaans, waar Nederlands alleen Engelse woorde opneem, en die sinstruktuur ongeskonke bly. Die Afrikaner neem die Nederlander kwalik omdat hy te veel Engelse woorde oorneem, bloot omdat die Afrikaner 'n stryd teen Engels voer. Die Nederlander voel nie deur Engels bedreig nie, omdat hy in 'n eentalige gebied leef. Ook neem Vlaminge die

Nederlanders kwalik dat hulle Franse woorde oorneem (De Vries e.a. 1994:194), bloot omdat die Vlaminge voortdurend in stryd met die Franse taal was.

Ek hoop dat ek u op genoeg feite en sitate onthaal het, om u duidelik te maak dat veral die Vlaming en die Afrikaner tot vroeg hierdie eeu in presies dieselfde taalboot gevaaar het. Ek hoop dat ek u duidelik kon aantoon dat Afrikaans by Nederlands hoort. Ek aanvaar gewoon nie dat ek met 'n 'ander taal' te doen het, nadat ek binne 'n paar weke blootstelling, vlot met die sprekers van die 'ander taal' in die 'ander land' kon kommunikeer sonder enige taalopleiding nie. Ek aanvaar nie dat Nederlands 'n 'ander taal' is nie, en dat Nederlandstalige kultuurgoedere nie ook aan my behoort nie. Dit is die taal,¹⁷¹ waarin ons voorgeslagte onse Almagtige Skepper om genade en behoeding gesmeek het; die taal waarin hulle in die sweet van hul aanskyn die aarde bewerk het; die taal waarin hulle hartstogtelik bemin en getreur het; die taal waarin hulle oorloë gewen en verloor het. Dit is ook óns taal, ons moedertaal. Ons het óók reg daarop. Ons is deel daarvan.

¹⁷¹Standaardtaal in die formele situasies en 'n kleurryke verskeidenheid omgangsvariëteite in die informele situasies.

'N OMMESIENJIE

Van Haver (1989:24) vertel die volgende triestige taalverhaal, met 'n gelukkiger einde, wat ek graag hervertel:

"Vele jaren geleden leefden er eens twee broers, Noorderman en Zuiderman. In hún jeugd konden ze goed met elkaar opschieten en ze overlegden hoe ze samen hun vaderlijk erfgebied het best konden beheren. Maar zoals zo vaak gebeurt, legden raadgevers de kiem van de tweedracht in hu hart en ze begonnen tegen elkaar strijd te voeren. Ten slotte kwamen ze tot een vergelijk: ze verdeelden het land onder elkaar en elk van beiden moest nu maar voor zichzelf zorgen. Noorderman deed het uitstekend; hij veroverde zeeën en verre gebieden buitenlands en werd rijk. Zuiderman had minder geluk; hij werd in zijn eigen huis door vreemde indringers gewangen gezet en verkomerde.

Jaren later heeft Noorderman nog gemeend Zuiderman even in bescherming te kunnen nemen, maar na al die tijd waren ze zo van elkaar verwreemd en elk zo anders geworden, leek het, dat samenwonen en samenwerken onmogelijk was. Toch zag Noorderman met lede ogen aan dat Zuiderman om den brode in het huwelijk trad met een verre, anderstalige verwante, die hem echter als een onmondige huisslaaf behandelde.

Jo verloren de broeders elkaar haast helemaal uit het oog: ze beseften op de duur niet meer dat ze familie van elkaar waren. Van anderen hoorde Noorderman wel dat het af en toe rommelde in het huishouden van Zuiderman, die meer en meer op zijn rechten begon te staan; het scheen zelfs dat er sprake was van een scheiding van tafel en bed.

Niettemin was Noorderman een beetje verwonderd, toen hij op 'n dag een briefje ontving waarin Zuiderman hem meedeelde dat hij oude familiepapieren had bewaard en hem vroeg of het niet mogelijk was die samen eens te bekijken. Nou, dacht Noorderman, zolang het zakelijk blijft.

Soms zitten ze nu weer met zijn tweeën te overleggen. Broer durven ze elkaar nog niet te noemen. Misschien komt dat nog wel.

Ten spyte van die gelukkiger einde, bly die verhaaltjie triestig. Triestig omdat 'n belangrike karakter nie daarin meespeel nie - Afrikanerman. Afrikanerman het dieselfde hardkoppigheid en dwarstrekkerigheid geërf as sy broers, en sy eie avontuurlike weg ingeslaan. Afrikanerman het al byna vergeet dat hy nog familie iewers het, en sy familie het ook al byna vergeet dat hy bestaan. Miskien herontdek die familie mekaar nog! Hulle het mekaar so dringend nodig, maar tog ignoreer hulle mekaar. Dit tot nadeel van ons almal.

BIBLIOGRAFIE

- Antonissen, R. (1975). Zuid-Afrika - Vlaanderen. Encyclopedie van de Vlaamse Beweging, M-Z. Tielt : Lannoo, 2101-2112.
- Appel, R. en Muysken, P. (1987). Language Contact and Bilingualism. London : Edward Arnold.
- Arndt, K.J.R. (1980). The German Language Press of the Americas. München : K.G. Saur.
- Baetens Beardsmore, H. (1986). Bilingualism: Basic Principles. Clevedon : Multilingual Matters.
- Baxter, A.N. (1992). Portuguese as a Pluricentric Language. M. Clyne (ed.), Pluricentric Languages, Differing Norms in Different Nations. Berlin : Mouton de Gruyter, 11-43.
- Beelen, S., De Poorter, L., Haeyaert, P. & Vandenbroeke, C. (1993). Geschiedenis van de Vlaamse Ontvoogding. Deurne : Uitgeverij MIM.
- Belcher, R. (1987). Afrikaans en Kommunikasie oor die Kleurgrens. H. du Plessis en T. du Plessis (Reds.), Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle. Pretoria : HAUM, 17-34.
- Berns, J.B. (1993). Dialecte, Bedreigd en Gered. De Talen, jaargang 109(6), 201-206.
- Billen, R. (1974). A.B.N.-Invloed op het St.-Truidens. G. Geerts (red.), Aspekten van het Nederlands in Vlaanderen. Leuven : Acco, 134-138.
- Bortoni-Ricardo, S.M. (1985). The Urbanization of Rural Dialect Speakers, A Sociolinguistic Study in Brazil. Cambridge : Cambridge University Press.
- Boshoff, S.P.E. (1959). Die Wonder van die Ontstaan van Afrikaans. M.S. du Buisson (red.), Die Wonder van Afrikaans. Johannesburg : Voortrekkerspers, 25-35.
- Bosman, D.B. (1962). Oor die Ontstaan van Afrikaans. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.
- Botha, T.J.R. (1976). Vlaandere op die Drumpel van Taalewewig. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1875-1975 Studies oor die Afrikaanse Taal. Johannesburg : Perskor-Uitgewery, 1-13.
- Botha, T.J.R. (1989). Afrikaans Sedert die Negentiende Eeu. T.J.R. Botha (red.), Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria : Academia, 127-154.
- Bourhis, R.Y. (1982). Language Policies and Language Attitudes: Le Monde de la Francophonie. E.B. Ryan & H. Giles (eds.), Attitude Towards Language Variation, Social and Applied Contexts. London : Edward Arnold, 34-62.
- Bourhis, R.Y. (1984). Conflict and Language Planning in Quebec. Clevedon : Multilingual Matters.
- Brinkman, H.J. & Uys, J.Z. (ongedateerd). Afrikaans in kort bestek. Amsterdam : Uitgeverij Bekking.
- Brown, H.D. (1986). Learning a Second Culture. J.M. Valdes (ed.), Culture Bound, Bridging the Cultural Gap in Language Teaching. Cambridge : Cambridge University Press, 33-48.
- Burger, P. (1994). In Vlaanderen Vlaams! Onze Taal, jaargang 63 (1), 12-14.
- Burger, P. (1994¹). Oiropa pitschn. Onze Taal, jaargang 63 (10), 223-225.

- Cajot, J. (1977). De Rijksgrens tussen beide Limburgen als Taalgrens. Taal en Tongval, jaargang 29, 37-49.
- Camartin, I. (1985). Romanche, A Minor Literature: Limitations and Perspectives. J.L.Flood (ed.), Modern Swiss Literature: Unity and Diversity. London : Oswald Wolff, 71-78.
- Carstens, W.A.M. (1989). Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria : Academia.
- Changuion, A.N.E. (1844). De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld. Kaapstad : Richert Pike.
- Clyne, M. (1992). Pluricentric Languages, Differing Norms in Different Nations. Berlin : Mouton de Gruyter.
- Combecher, H. (1970) Het Nederlands Taalgebied in Duitse Schoolboeken. Ons Erfdeel, jaargang 14 (1), 81-86.
- Combrink, J. (1992). Afrikaans en Ander Tale in 'n Nuwe Staatkundige Bedeling in Suid-Afrika Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jaargang 32 (4), 265-276.
- Cooper, R.L. (1989). Language Planning and Social Change. Cambridge : Cambridge University Press.
- Couvreur, W. (1971). Een Nederlandse brief van Jan des Roches aan Frans Mols en Jan Grangé. Taal en Tongval, jaargang 23, 68-76.
- Daan, J. (1991). Zijn er na 1992 nog Streektalen? Ons Erfdeel, jaargang 34 (4), 563-570.
- Daan, J. (1992). Wat is een dialect. Taal en Tongval, jaargang 44, 156-187.
- Daan, J. (1993). Nog eens; weg standaardtaal. Onze Taal, jaargang 62 (1), 8-9.
- d'Anglejan, A. (1984). Language Planning in Quebec: An historical overview and future trends. R.Y Bourhis (ed.), Conflict and Language Planning in Quebec. Clevedon : Multilingual Matters, 29-52.
- Daoust, D. (1984). Francization and Terminology Change in Quebec Business Firms. R.Y Bourhis (ed.), Conflict and Language Planning in Quebec. Clevedon : Multilingual Matters, 81-113.
- Davids, A. (1994). The Contribution of the Slaves to the Genesis of Afrikaans. Taal en Identiteit: Afrikaans & Nederlands. Voordragte gehou in die Pieterskerk, Leiden 23-24 Junie 1992 onder beskerming van die Afrika studiecentrum. Byeengebring en ingelei deur Vernon February. Tafelberg-Uitgewers : Kaapstad, 39-53.
- Davies, R.E. (1954). Bilingualism in Wales, with Special Reference to Second Language Teaching - and Some Account of the Language Position in Éire and Belgium. Cape Town : Juta & Comp. Ltd.
- Debrabandere, F. (1971). Westvlaams en Algemeen Nederlands. Taal en Tongval, jaargang 23, 88-93.
- De Groot, K. (1991). De Brazilianen: Geschiedenis van 1889 tot nu. Muiderberg : Dick Coutinho.
- De Jonghe, A. (1967). De Taalpolitiek van Koning Willem I in de Zuidelijke Nederlanden (1814-1830). Sint-Andries- bij-Brugge : Uitgeverij J. Darthet.
- Deprez, K. (1992). De Scheve Toren van Babel. De Nieuwe Maand, jaargang 38 (8), 26-32.
- De Villiers, A. (1936). Die Hollandse Taalbeweging in Suid Afrika. Kaapstad : Nasionale Pers.

- De Villiers, M. (1961). Afrikaans en Nederlands. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- De Vooys, C.G.N. (1931). Geschiedenis van de Nederlandse Taal, in hootrekken geschetst. Den Haag : J.B. Wolters' uitgevers-maatschappij.
- De Vooys, C.G.N. (1970). Geschiedenis van de Nederlandse taal. Groningen : Wolters-Noordhoff.
- De Vos, P.J.G. (1906). De Afrikaander en zijn Taal. Kaapstad : Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.
- De Vriendt, S & Willemyns, R. (1987). Sociolinguistic Aspects, Linguistic Research on Brussels. E. Witte & H. Baetens Beardsmore (eds.), The Interdisciplinary Study of Urban Bilingualism in Brussels. Clevedon : Multilingual Matters Ltd., 195-231.
- De Vries, J.W., Willemyns, R. & Burger, P. (1994). Het Verhaal van een Taal, Negen Eeuwen Nederlands. Amsterdam : Prometheus.
- Duvoskeldt, E. (1994). Nederlandstalige en Afrikaanstalige Media: Aruba, Frans-Vlaanderen, Indonesië, Namibië, Nederland, Nederlandse Antillen, Suriname, Vlaanderen, Zuid-Afrika: 2de Internationale Colloquium Nederlands in de Wereld, Brussel, 24-26 Maart 1994. Brussel: Vlaamse Raad.
- Eickhoff, J. (1971). German in Wisconsin. G.G. Gilbert (ed.), The German Language in America; A Symposium. Austin : University of Texas Press, 43-57.
- Emmerman, R. (1970). Antwoord aan Dr. R. Willemyns. t.o.v. A.B.N.in Zuid-Nederland: een kwassie van taalpolitiek. Ons Erfdeel, jaargang 14 (3), 156-157.
- Emmerman, R. (1974). Is de Algemene Vlaamse Woordenschat Werkelijk zo Klein? G. Geerts (red.), Aspekten van het Nederlands in Vlaanderen. Leuven : Acco, 74-81.
- Entjes, H. (1963). Streektaal en Streekliteratuur. Taal en Tongval, jaargang 15, 36-44.
- Entjes, H. (1977). Nederlands en Gronings in Sauwerd. Taal en Tongval, jaargang 29, 142-155.
- Essed-Fruin, E. (1990). Het Nederlands in Suriname. Ons Erfdeel, jaargang 33 (1), 53-61.
- Fasold, R. (1984). The Sociolinguistics of Society. Oxford : Basil Blackwell.
- Ferguson, C.A. (1971). Language Structure and Language Use. Stanford : Stanford University Press.
- Ferrier, J.M. (1985). De Surinamers. Muiderberg : Dick Coutinho.
- Fishman, J.A. (1966). Language Loyalty in the United States. London : Mouton & Co.
- Fourie, P. (1994). Nederlandstalige en Afrikaanstalige Media: Aruba, Frans-Vlaanderen, Indonesië, Namibië, Nederland, Nederlandse Antillen, Suriname, Vlaanderen, Zuid-Afrika: 2de Internationale Colloquium Nederlands in de Wereld, Brussel, 24-26 Maart 1994. Brussel: Vlaamse Raad.
- Francis, W.N. (1983). Dialectology An Introduction. London: Longman.
- Garvin, P.L. & Mathiot, M. (1956). The Urbanisation of the Guarani Language: a Problem in Language and Culture. A.F.C. Wallace (ed.), Man and Cultures; selected papers of the 5th. International Congress of Anthropological and Ethnological Sciences. Philadelphia : University of Pennsylvania Press, 783-790.

- Geerts, G., Nootens, J. & Van den Broeck, J. (1977). Opinies van Vlamingen over Dialekt en Standaardtaal. Taal en Tongval, jaargang 29, 98-140.
- Geerts, G. e.a. (1988) Rapport van de werkgroep ad hoc spelling. Nederlandse Taalunie, voorzetteren 20.
- Geerts, G. (1989). In Vlaanderen Vlaams? Ons Erfdeel jaargang 32 (4), 525-533.
- Geerts, G. (1992). Is Dutch a Plurisentric Language? M. Clyne (ed.), Pluricentric Languages. Differing Norms in Different Nations. Berlin : Mouton de Gruyter, 71-92.
- Gijzen, J. (1994). Het Afrikaans in het 'Nieuwe' Zuid-Afrika. Nederlands van Nu, jaargang 42 (1), 12-13.
- Gilbert, G.G. (1981). French and German: a Comparative Study. C.A. Ferguson & S.B. Heath (eds.), Language in the USA, Cambridge : Cambridge University Press, 257-272.
- Glazer, N. (1966). The process and problems of language maintainence: an integrative review. J.A. Fishman (ed.), Language Loyalty in the United States. London : Mouton & Co, 358-368.
- Goossens, J. (1968). Wat zijn Nederlandse Dialecten. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Goossens, J. (1977). Inleiding tot de Nederlandse Dialectologie. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Gsteigner, M. (1985). Individuality, Interrelations and Self-images in Swiss Literature. J.L. Flood (ed.), Modern Swiss Literature; Unity and Diversity. London : Oswald Wolff, 7-24.
- Hagen, A.M. & Giesbers, H. (1988). Dutch Sociolinguistic Dialect Studies. International Journal of the Sociology of Language 73, 29-44.
- Hallaråker, P. (1983). Norwegian Nynorsk, An Introduction for Foreign Students. Bergen : Universitetsforlaget.
- Haugen, E. (1972). The Ecology of Language. Stanford : Stanford University Press.
- Haugen, E. (1987). Blessings of Babel, Bilingualism and Language Planning. New York : Mouton de Gruyter.
- Heeroma, K. (1963). Strategie van de Oostnederlandse Volkstaal. Taal en Tongval, jaargang 15, 143-173.
- Hellar, M. (1991). The Politics of Codeswitching: Processes and Consequences of Ethnic Mobilization. E.S.F. Scientific Networks, Papers for the Workshop on Impact and Consequences: Broader Considerations, Brussels : European Science Foundation Network on Codeswitching, 53-78.
- Hermans, W.F. (1979). Houten Leeuwen en Leeuwen van Goud. Amsterdam : De Bezige Bij.
- Hockett, C.F. (1958). A Course in Modern Linguistics. New York : Macmillan Publishing Co.
- Hoppenbrouwers, C. (1990) Het Regiolect, van Dialect tot Algemeen Nederlands. Dick Countinho, Muiderberg.
- Hoppenbrouwers, C. & G. (1988). De featurefrequentiemethode en de classificatie van Nederlandse dialecten. Tabu 18, 51-92.
- Janssens, G. (1993). Nederlands aan universiteiten in het buitenland. Nederlands van Nu 41 (3), 70-71.

- Joy, R.J. (1972). Languages in Conflict: The Canadian Experience. Toronto : McClelland and Stewart Ltd.
- Joy, R.J. (1992). Canada's Official Languages: The progress of bilingualism. Toronto : University of Toronto press.
- Kannemeyer, J.C. (ongedateerd). Die Afrikaanse Bewegings. Pretoria : Academia.
- Kits Nieuwenkamp, J.L.M. (1992). Herstel Banden met Zuid-Afrika. Neerlandia 96 (2), 55.
- Kloeke, G.G. (1950). Herkomst en Groei van het Afrikaans. Leiden : Universitaire Pers Leiden.
- Kloss, H. (1966). German-American Language Maintenance Efforts. J.A. Fishman (ed.), Language Loyalty in the United States. London : Mouton & Co., 206-252.
- Kloss, H. (1971). German Pedagogy and the Survival of German in America: Discussion. G.G. Gilbert (ed.), The German Language in America; A Symposium. Austin : University of Texas Press, 164-178.
- Kloss, H. (1977). The American Bilingual Tradition. Rowley : Newbury House Publishers.
- Krauss, M. (1992). The World's Languages in Crises. Language Journal of the Linguistic Society of America, volume 68, 4-10.
- Kruger, J.J. (1959). Afrikaans in Koerante en Tydskrifte. M.S. du Buisson (red.), Die Wonder van Afrikaans, Johannesburg : Voortrekkerspers, 121-132.
- Kurath, H. (1972). Studies in Area Linguistics. Bloomington : Indiana University Press.
- Lafeber, A.P.M. (1963). Dialect van Gouda. Taal & Tongval, jaargang 15, 68-88.
- Lamy, P. (1979). Language and Ethnolinguistic Identity: The Bilingualism Question. International Journal of the Sociology of Language, 20, 23-36.
- Lebrun, N. & Baetens Beardsmore, H. (1993). Trilingual Education in the Grand Duchy of Luxembourg. H. Baetens Beardsmore, (ed.), European Models of Bilingual Education. Clevedon : Multilingual Matters Ltd, 101-120.
- Le Roux, J.J. (1921). Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders. Amsterdan : S.L. van Looy.
- Le Roux, T.H. (1965). Afrikaanse Taalstudies. Pretoria : J.L. van Schaik.
- Leitner, G. (1992). English as a Pluricentric Language. M. Clyne (ed.), Pluricentric Languages, Differing Norms in Different Nations. Berlin : Mouton de Gruyter, 179-237.
- Lindemans, L., Renard, R., Vandervelde, J. & Vandezande, R. (1981). De Taalwetgeving in België. Leuven : Davidsfonds.
- Links, T.H., Du Plessis, T. & Schuring G.K. (1991). Het Verslagboek: Nederlands in de Wereld. Een Internationaal Colloquium Brussel, 11 en 12 oktober 1991. Brussel : Vlaamse Raad.
- Lombard, J. (1991). Het Verslagboek: Nederlands in de Wereld. Een Internationaal Colloquium Brussel, 11 en 12 oktober 1991. Brussel : Vlaamse Raad.
- Loubser, J.E. (1980). Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal en Fergelijkende Taalkunde fan Afrikaans en Engels: Faksimilee-uitgawe. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

- Mallea, J.R. (1989). Schooling in a Plural Canada. Clevedon : Multilingual Matters Ltd.
- Mansvelt, N. (1902). Het Onderwijs in Zuid-Afrika vooral met Betrekking tot de Nederlandsche Taal. Amsterdam : J.H. de Bussy.
- Mencken, H.L. (1965). The American Language: An inquiry into the development of English in the United States. New York : Alfred A. Knopf.
- Muller, P. (1984). Wat van die Toekoms. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms, Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery, 229-234.
- Nelde, P.H. (1988). Dutch as a Language in Contact. International Journal of the Sociology of Language 73, 111-119.
- Newton, G. (1990). Central Franconian. C.V.J. Russ (ed.), The Dialects of Modern German. London : Routledge, 136-209.
- Nienaber, G.S. (1934). Oor die Afrikaanse Taal - 'n Bydrae oor sy Ontwikkeling. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.
- Nienaber, G.S. (1974¹). Die Afrikaanse Patriot: 'n Faksimilee-weergawe van die eerste jaargang 1876. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- Nienaber, G.S. & Nienaber, P.J. (1941). Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. Pretoria : J.L. Van Schaik.
- Nienaber, G.S. & Nienaber, P.J. (1970). Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal. Pretoria : J.L. van Schaik.
- Nienaber, P.J. (1959). Die Geboorte van die Afrikaanse Gedagte: 'n Wonder. M.S. du Buisson (red.), Die Wonder van Afrikaans. Johannesburg : Voortrekkerspers, 36-47.
- Nienaber, P.J. (1959¹). Die Segegang van die Afrikaanse Boek. M.S. du Buisson (red.), Die Wonder van Afrikaans. Johannesburg : Voortrekkerspers, 191-210.
- Nienaber, P.J. (1974). Notules van die Genootskap van Regte Afrikaners 1875-1878. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- Odendaal, F.F. (1984). Die Toekoms van Afrikaans. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms. Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery, 195-221.
- Odendaal, F.F. (1989). Afrikaanse Foniek. T.J.R. Botha (red.), Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria : Academia, 155-187.
- Op 't Hof, J.J.P. (1970). Die Stand van die Nederlandstalige Boek in Suid-Afrika: Tentoonstelling by die Staatsdiensbiblioek. Ons Erfdeel, jaargang 14 (1), 156-157.
- Paardekoper, P.C. (1987). Afrikaanse Taalpolitiek. H. du Plessis en T. du Plessis (eds.), Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle. Pretoria : HAUM, 195-202.
- Pée, W. (1971). Het Nederlands in Frankrijk. Taal en Tongval, jaargang 23, 60.
- Penny, R. (1991). A History of the Spanish Language. Cambridge : Cambridge University Press.
- Picard, L. (1963). Evolutie van de Vlaamse Beweging van 1795 tot 1950, De Oorsprong van de Verfransing. Antwerpen : Standaard-Boekhandel.

- Pienaar, E.C. (1943). Die Triomf van Afrikaans: Historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geleidelike erkenning van ons taal. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Ponelis, F.A. (1984). Afrikaans binne meertalige verband. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms, Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery, 30-42.
- Ponelis, F.A. (1989). Die Aard en Bestudering van die Afrikaanse Taal. T.J.R. Botha (red.), Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria : Academia, 9-37.
- Ponelis, F.A. (1992). Standaardafrkaans in oorgang. V.N. Webb (red.), Afrikaans ná Apartheid. Pretoria : J.L. van Schaik, 69-90.
- Ponelis, F. (1993). The Development of Afrikaans. Frankfurt am Main : Peter Lang.
- Posthumus, M.J. (1968). Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal sedert 1925. H.J.J.M. van der Merwe (red.), Afrikaans; sy aard en ontwikkeling. Pretoria : J.L. van Schaik, 92-97.
- Posthumus, M.J. (1976). Die Beskouing van Afrikaans: 'n Belewenis. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1875-1975 Studies oor die Afrikaanse Taal. Johannesburg : Perskor-Uitgewery, 1-13.
- Prinsloo, K.P. (1984). Taalbeplanning vir Suid-Afrika. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms, Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery, 137-153.
- Raidt, E.H. (1989). Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans. T.J.R. Botha (red.), Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria : Academia, 96-126.
- Raidt, E.H. (1992). Taalvariasie in Negentiende-Eeuse Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jaargang 32(4), 240-256.
- Rombouts, H. (1990). Vloeiend Vlaams. Bloemendaal : Aramith Uitgevers.
- Rowley, A.R. (1990). North Bavarian. C.V.J. Russ (ed.), The Dialects of Modern German. London : Routledge, 417- 437.
- Russ, C.V.J. (1990). The Dialects of Modern German. London : Routledge.
- Ryan, E.B. & Giles, H. (1982). Attitudes Towards Language Variation, Social and Applied Contexts. London : Edward Arnold.
- Scholtz, J. DU P. (1980). Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad : Tafelberg uitgewers.
- Schönenfeld, H. (1990). East Low German. C.V.J. Russ (ed.), The Dialects of Modern German. London : Routledge, 91-135.
- Seifert, L.W.J. (1971). The word Geography of Pennsylvania German: Extent and Causes. G.G. Gilbert (ed.), The German Language in America; A Symposium. Austin : University of Texas Press, 14-42.
- Senekal, J.H. (1984). Afrikaans: 'n Toekomsblik. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms. Pretoria : Opvoedkundige Uitgewery, 212-228.
- Simons, L. (1980). Van Duinkerke tot Königsberg, Geschiedenis van de Aldietsche Beweging. Brugge : Uitgeverij Orion.

- Smeyers, J. & Van den Broeck, J. (1979). Jan Baptist Chrysostomus Verlooy: Verhandeling op d' Onacht der Moederlyke Tael in de Nederlanden (1788). Den Haag : Martinus Nijhoff.
- Smith, J.J. (1914). Belgie en Suid-Afrika. Ons Moedertaal, deel 1 (2), 25-27.
- Smuts, J. (ongedateerd). Vroeë Afrikaans, veral na aanleiding van Trigardt se dagboek. Kaapstad : Nasou Beperk.
- Spaarwater, P. (1993). 'Buitevrou' kan Afrikaans word. Die Burger, p10.
- Steyn, J.C. (1980). Tuiste in eie taal; Die behoud en bestaan van Afrikaans. Kaapstad : Tafelberg uitgewers.
- Steyn, J.C. (1984). Die Oorlewing van Afrikaans. K.P. Prinsloo & M.C.J. van Rensburg (eds.), Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms. Pretoria : Opvoedkundige Uitgery, 3-29.
- Steyn¹, J.C. (1987). Afrikanernasionalisme en Afrikaans. H. du Plessis en T. du Plessis (eds.), Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle. Pretoria : HAUM, 73-96.
- Steyn, J.C. (1987). Trouwe Afrikaners, Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- Steyn, J.C. (1989). Die Taalstryd rondom Langenhoven, J.H. Malan en *Het Zuid-Westen* in 1910 en 1911. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeschiedenis, jaargang 3 (3), 217-225.
- Steyn, J.C. (1989¹). 'n Paar aantekeninge oor Afrikaanse koerante se grammatische probleme in die 'owergangstijdperk' tot omstreeks 1917. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, jaargang 7 (1), 20-29.
- Steyn, J.C. (1993). Reaksies uit die Afrikaanse en Nederlandse Taalgemeenskappe op Bedreigings vir hulle tale. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, jaargang 33 (4), 251-259.
- Steyn, J.C. (1993¹) Taalideologie en Taalbeleid in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis - Oorwegings in die Ampstaaldebat? Acta Academica, Supplement 1, 1-107.
- Steyn, J.C. (1993²). Taalstryd, konsiliarie en rebellie - Langenhoven se eerste jare in die politiek. Acta Academica, jaargang 25 (2 & 3), 114-136.
- Steyn, J.C. (1995). Die Behoud van Afrikaans as Universiteits- en Wetenskapstaal. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, supplement 24, 3-24.
- Steyn J.C. (1995¹). Taalpolitiese Kwessies by die Oorweging van 'n Volkstaat. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, supplement 24, 25-72.
- Stoops, Y. (1995). Taalzorg Vroeger en Nu; een Vlaams-Afrikaanse Vergelyking. ZAM magazine, jaargang 18 (104), 6-9.
- Suffeleers, T.J. (1979). Taalversorging in Vlaanderen, Een Opiniegeschiedenis. Brugge : Uitgeverij Orion.
- Swanepoel, P. (1992). Taal, Emosies, en die Toekoms van Afrikaans. V.N. Webb (red.), Afrikaans ná Apartheid. Pretoria : J.L. van Schaik, 119-163.
- Thomas, G. (1991). Linguistic Purism. London : Longman.
- Todd, L. & Hancock I., (1986). International English Usage. London : Croom Helm.

- Uhlenbeck, E.M. (1993). De Dreiging van Snelle Taalsterfte, Een sinds kort onderkend mondial probleem. Ons Erfdeel, jaargang 36 (1), 23-31.
- Valdman, A. (1988). Diglossia and Language Conflict in Haïti. International Journal of the Sociology of Language 71, 67-80
- Van de Craen, P. & Willemyns, R. (1988). The standardization of Dutch in Flanders. International Journal of the Sociology of Language 73, 45-64.
- Van den Broeck, W. (1980). Brief aan Boudewijn. Antwerpen : Elsevier Mateau.
- Van der Elst, J. (1994). Het Nederlands onder Druk in Zuid-Afrika? Nederlands van Nu, jaargang 42 (2), 33-35.
- Van der Horst, J.M. (1979). Van Organisme naar Mechanisme; 1870. M. Gerritsen (red.), Taalverandering in Nederlandse Dialekten, Honderd jaar dialektvragenlijsten: 1879-1979. Muiderberg : Dick Coutinho, 21- 35.
- Van der Horst, J.M. (1989). Woordenboek van het Surinaams-Nederlands. Ons Erfdeel, jaargang 32 (4), 627-628.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (1968). Afrikaans; sy aard en ontwikkeling. Pretoria : J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (1970). Herkoms en Ontwikkeling van Afrikaans. Johannesburg : Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Van der Plas, M. (1990). Mijnheer Gezelle; Biografie van 'n priester-dichter (1830-1899). Tielt : Lannoo.
- Van der Plank, P.H. (1971). Taalassimilatie van Europese Taalminderheden; Een Inventariserende en Hypothesevormende Studie naar Assimilatieverschijnselen onder Europese Taalgroepen. Rotterdam : Bronder Offset.
- Van der Plank, P.H. (1985). Taalsociologie, een inleiding tot de rol van taal in het maatschappelijk verkeer. Muiderberg : Dick Coutinho.
- Van der Plank, P.H. (1988). Growth and Decline of the Dutch Standard Language Across the State Borders. International Journal of the Sociology of Language 73, 9-28.
- Van Haver, J. (1989). Noorderman & Zuiderman, Het taalverdriet van Vlaanderen. Tielt : Lannoo.
- Van Hout, R. & Münstermann, H. (1981). Linguïstische Afstand, Dialect en Attitude. Gramma, jaargang 5 (2), 101- 123.
- Van Loey, A. (1945). Algemeen Beschaafd Nederlands in Vlaams-België. Brussel : U.L.B. Office de Publicité.
- Van Overstraeten, T. (1984). Op de Barrikaden, Het verhaal van de Vlaamse Natie in wording. Tielt : Lannoo.
- Van Rensburg, C. (1992). Die Demokratisering van Afrikaans. V.N. Webb (red.), Afrikaans ná Apartheid. Pretoria : J.L. van Schaik, 181-200.
- Van Sint-Jan, R. (1930). Het West-Vlaamsch van Guido Gezelle. Antwerpen : De Sikkel.

- Van Velthoven, H. (1987). Historical Aspects The Progress of Language Shift in Brussels: Historical Background and Mechanisms. E. Witte & H. Baetens Beardsmore (eds.), The Interdisciplinary Study of Urban Bilingualism in Brussels. Clevedon : Multilingual Matters Ltd., 15-46.
- Van Wel, F.J. (1975). Suriname, Balans van een Kwart Eeuw Opbouwerk. Den Haag : Kabinet voor Surinaamse en Nederlands-Antilliaanse Zaken.
- Van Wel, F.J. & Vervoorn, A.J. (ongedateerd). Het Nederlands in Suriname. Den Haag : Uitgave Kabinet voor Surinaamse en Nederlands-Antilliaanse Zaken.
- Veering, J. (1974). Het Zuidnederlandse Taaleigen voor het Noordnederlandse Taalgevoel. G. Geerts (red.), Aspekten van het Nederlands in Vlaanderen. Leuven : Acco, 182-188.
- Venter, H. (1959). Die Taalhelde as Draers van die Wonder van Afrikaans. M.S. du Buisson (red.), Die Wonder van Afrikaans, Johannesburg : Voortrekkerspers, 11-24.
- Vercoullie, J. (1925). De Taal der Vlamingen. Brugge : De Centrale Boekhandel.
- Walgrave, V. (1949). Onze Vlaamse Volksbeweging. Tielt : Lannoo.
- Webb, V.N. (1992). Afrikaans ná Apartheid. Pretoria : J.L. van Schaik.
- Whatley, E. (1981). Language among Black Americans. C.A. Ferguson & S.B. Heath (eds.), Language in the USA, Cambridge : Cambridge University Press, 92-110.
- Willemyns, R. (1971). A.B.N. in Zuid-Nederland: een kwestie van taalpolitiek. Ons Erfdeel, jaargang 14 (2), 5-17.
- Willemyns, R. (1976). Facetten van de Evolutie van de Standaardtaal in Zuid-Nederland. Nieuw Vlaams Tijdschrift, jaargang 29 (10), 781-790.
- Willemyns, R. (1989). Quebec en Vlaanderen: Overeenkomsten en Verschillen. Verslagen en Mededelingen van de Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde, aflevering 1, 106-131.
- Willemyns, R. (1991). Over de Efficiëntie van Taalwetgeving. Bedenkingen bij Recente Gegevens i.v.m. de Situatie in Québec. Verslagen en Mededelingen van de Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde, aflevering 2-3, 274-291.
- Winnen, G. (1974). Over de Taaltoestand te Tienen en de A.B.N.-Invloed op het Tiens. G. Geerts (red.), Aspekten van het Nederlands in Vlaanderen. Leuven : Acco, 125-133.
- Wittke, C. (1980). The Tradition of War and the Darkest Hour of the German Language-Press in the United States. J.R. Arndt, The German Language Press of the Americas. München : K.G. Saur, 731-776.
- Zietsman, P.H. (1992). Die Taal is Gans die Volk, woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.